

DIE SOGENAAMDE POST-BEHAVORIALISTIESE REWOLUSIE: 'N
OPLOSSING VIR DIE KRISIS IN DIE AMERIKAANSE STAATSLER?

P.J.J.S. Potgieter MA, UDB.

Proefskrif voorgelê ter nakoming van die vereistes vir
die graad *Doctor Philosophiae* in die Staatsleer aan die
Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër On-
derwys.

Promotor: Prof. dr. C.P. van der Walt

Hulppromotor: Prof. dr. M. Elaine Botha

*Opgedra aan Ina,
Pieter en Francine*

I N H O U D S O P G A W E

HOOFSTUK 1: INLEIDING

1. Die krisis in die Amerikaanse Staatsleer	1
2. Die post-behavioralistiese rewolusie	6
Aantekeninge	15

HOOFSTUK 2: DIE BEHAVIORALISTIESE STAATSLEER

1. Inleiding	17
2. Historiese ontwikkeling	22
3. Behavioralistiese politieke teorieë	27
3.1 Die groepteorie	28
3.2 Die nuwe demokratiese teorie	33
3.3 Die pluralistiese opvatting van politieke mag	39
3.4 Die wysgerige onderbou van die behavioralistiese teorieë	43
4. Wetenskapsteoretiese paradigma van die behaviorisme	47
4.1 Selfkonsepsie van die behaviorisme	48
4.1.1 Die formulering van wetmatighede	49
4.1.2 Politieke gedrag as ontledingseenheid	49
4.1.3 Waardevryheid	51
4.1.4 Die "wetenskaplike metode"	53
4.2 Wetenskapsfilosofiese wortels van die behaviorisme	59
4.2.1 Die positivisme	59
4.2.2 Die logiese positivisme	62

4.3 Die behavioralisme en die logiese positivismes	69
5. Die politieke paradigma van die behavioralisme	77
5.1 Filosofiese grondslag	78
5.2 Belangegroep in konflik	80
6. Samevatting en evaluering	85
Aantekeninge	95

HOOFSTUK 3: KRISIS IN WETenskap EN SAMELEWING

1. Inleiding	101
2. Sosiale en politieke onrus	103
3. Die wetenskaplike sanksionering van die <i>status quo</i>	107
3.1 Die "wetenskaplike wêreldbeskouing"	108
3.2 Wetenskaplikheid as ideologie	111
4. Die ontmaskering van die intrinsiek-ideologiese karakter van die positivistiese wetenskap	116
4.1 Die fenomenologie	117
4.2 Die neo-Marxisme	123
4.3 Rewolusie in die wetenskapsleer	129
4.4 Die krisis in die sosiale wetenskappe	138
5. Die post-behavioralistiese rewolusie in die Staatsleer	141
5.1 Onthulling van die feit-waarde-digotomie: die anti-behavioralisme	142
5.2 Onthulling van die politieke dienstigheid van die Staatsleer	146
5.2.1 Die <i>Caucus</i> se doellings	149

5.2.2 Die oogmerke verwesenlik?	156
6. Die rewolusie voortgesit	163
Aantekeninge	165
HOOFSTUK 4: WETENSKAPSTEORETIESE KRITIEK TEEN DIE BEHAVIORALISME	
1. Inleiding	171
2. Kritiek vanuit die perspektief van die Historiese Skool	174
2.1 Gunnell oor die deduktiewe verklaringsmodel	175
2.1.1 Die behavioralisme en die deduktiewe verkla= ringsmodel	176
2.1.2 'n Universele verklaringsmodel is onmoontlik	180
2.1.3 Die deduktiewe verklaringsmodel is foutief	183
2.1.4 Samevatting	188
2.2 Spragens oor die "objectivist paradigm"	191
2.2.1 Die "objectivist paradigm"	193
2.2.2 Die invloed van die "objectivist paradigm"	199
2.2.3 Spragens se kritiek teen die objektivisme	200
2.2.4 Samevatting	205
2.3 Die kritiek in perspektief	207
3. Kritiek vanuit die perspektief van die fenomenologie	209
3.1 Die metodologiese eenheid van die wetenskap	210
3.2 Die armoede van sintuiglike waarneming	214
3.3 Objektiviteit in die wetenskap	217
3.4 Samevatting	223

4. Die kritiek in perspektief	224
Aantekeninge	231

HOOFSTUK 5: KRITIEK TEEN DIE POLITIEKE FILOSOFIE VAN DIE BEHAVIORALISME

1. Inleiding	234
2. Die "klassieke" liberaliste se kritiek	236
2.1 "Die pluralisme-ideologie is konserwatief"	237
2.2 "Die pluralisme-ideologie is ondemokraties"	241
2.2.1 Elitisme pleks van algemene deelname	242
2.2.2 Die stelsel as doel op sigself	245
2.2.3 Ekwilibrium - in wie se belang?	246
2.2.4 Samevatting	247
2.3 Theodore Lowi	249
2.3.1 Belangegroep-liberalisme	249
2.3.2 Die bederwende uitwerking van belangegroep-liberalisme	252
2.3.3 Kritiek teen die pluralisme-ideologie	254
2.4 Samevatting	257
3. Die <i>Berkeley School</i> se kritiek teen die Amerikaanse politieke tradisie	259
3.1 Die "Lockean liberal society"	261
3.1.1 Baskin se weergawe van die wysgerige grond van die pluralisme	261
3.1.2 Kritiek teen die pluralisme-ideologie	265
3.1.3 Samevatting	268

3.2 Die tegnologiese samelewing	269
3.2.1 Die "techno-scientific culture"	270
3.2.2 Tegnokratiese dominansie	271
3.2.3 Samevatting	274
4. Marxistiese kritiek teen die Amerikaanse politieke stelsel	275
4.1 Reid en Yanarella se sogenaamde post-moderne kritiek	277
4.2 Wetenskap as ideologie van dominansie	282
4.3 Samevatting	286
5. Die kritiek in perspektief	287
Aantekeninge	291
HOOFSTUK 6: RESULTAAT VAN DIE KRITIEK: DIE BEHAVIORALISME FAAL AS WETENSKAP VAN DIE POLITIEK	
1. Inleiding	295
2. Die behavioralisme lewer 'n skewe beeld van die politieke werklikheid	297
2.1 Die groepteorie	297
2.2 Die nuwe demokratiese teorie	304
2.3 Politieke mag	310
2.3.1 Mag as sleutelkonsep	310
2.3.2 Kritiek teen die besluitnemingsmodel	314
2.4 Samevatting	319
3. Die behavioralisme as apologet van die bestaande orde	323

3.1 Konserwatiewe vooroordeel	324
3.2 Oorsake van konserwatiewe vooroordeel	330
3.2.1 Trivialiteit en irrelevansie	330
3.2.2 Waardevryheid	333
3.3 Samevatting	338
4. Die kritiek in perspektief	339
Aantekeninge	341

HOOFSTUK 7: KONTOERE VAN DIE "NUWE" STAATSLEER

1. Inleiding	344
2. Metodologiese alternatiewe	345
2.1 Gedrag as basiese ontledingseenheid	346
2.1.1 "Human needs" in plaas van politieke gedrag	347
2.1.2 Politieke gedrag wyer gedefinieer	352
2.1.3 Evaluering	358
2.2 Alternatiewe vir die behavioralistiese metode	359
2.2.1 Die kontekstuele benadering	360
2.2.2 Die fenomenologiese metode	362
2.2.3 Evaluering	369
2.3 Waardebepaalde pleks van waardevrye wetenskap	370
2.3.1 Die wetenskap as menslike onderneming	371
2.3.2 Die deskriptiewe funksie van norme	375
2.3.3 Evaluering	383
2.4 Samevatting	384
3. 'n Nuwe politieke filosofie	385

3.1 Theodore Lowi se alternatief	387
3.1.1 Juridiese demokrasie	387
3.1.2 Republikeinse konstitusionalisme	389
3.2 Die Marxistiese alternatief vir die pluralisme- ideologie	391
3.2.1 Deelnemende demokrasie	392
3.2.2 'n Rewolusionêre veranderingstrategie	394
3.3 Samevatting	397
4. Die kritiese rol van die Staatsleer	399
4.1 Die eksperimentele toetsing van die bestaande werklikheid	403
4.1.1 Denke as 'n vorm van handeling	404
4.1.2 Samevatting	407
4.2 'n Onafhanklike en radikale Staatsleer	408
4.2.1 Die politisering van die Staatsleer	409
4.2.2 'n Radikale Staatsleer	410
4.2.3 Samevatting	411
4.3 Evaluering	412
5. Die alternatiewe in perspektief	416
Aantekeninge	422

HOOFSTUK 8: SAMEVATTING EN EVALUERING

1. Historiese perspektief op die post-behavioralis- tiese rewolusie	426
2. Kernaspekte van die rewolusie	433

2.1 Die wese van die politiek	434
2.2 Metodologie	437
2.2.1 Politieke gedrag gereduseer tot sintuiglik waarneembare gedrag	437
2.2.2 Die verlogisering van die wetenskap	439
2.2.3 Waardevrye wetenskap	441
2.3 Politieke filosofie	447
2.4 Die kritiese rol van die Staatsleer	453
3. Betekenis	457
BIBLIOGRAFIE	464

"Die Christen is steurend vir die heersende magte omdat hy elders is en hulle nooit seker van hom is nie. Om dieselfde rede verontrus hy die rewolusionêres; hulle weet dat hy nooit heeltemal met hulle is nie. Die Christen is 'n slegte konserwatief en 'n onseker rewolusionêr" - M. Merleau-Ponty.

Hoofstuk 1

INLEIDING

1. Die krisis van die Amerikaanse Staatsleer

Sedert sy totstandkoming as 'n afsonderlike dissipline in die vorige eeu is die Amerikaanse Staatsleer¹⁾ nog altyd gekenmerk deur verskille oor sy aard, omvang en verhouding tot ander dissiplines. Gedurende die afgelope twee dekades het die verskille egter ernstiger afmetings aangeneem. Ontwikkelinge in die Staatsleer sedert 1959 dui oortuigend daarop dat die situasie sedertdien versleg het. Die term *identiteitskrisis* word dikwels in verband met die huidige stand van sake in die Staatsleer gebruik. Verskillende simptome van hierdie identiteitskrisis kan aangetoon word. Die eerste is die groot omvang van die literatuur van polemiese aard wat oor die metodologie van die dissipline gepubliseer word. 'n Tweede is die groot mate van verwarring oor basiese uitgangspunte wat uit die polemieke na vore tree. 'n Derde simptome is die onvermoë van die dissipline om die werklik belangrike kontemporêre Amerikaanse politieke vraagstukke te verstaan en te verklaar. 'n Vierde is die blote feit van die bestaan van 'n sogenaamde post-behavioralistiese rewolusie wat poog om die dissipline op 'n totaal ander grondslag te herbou. Gesamentlik getuig hierdie simptome van 'n ernstige krisis-toestand. Die vraag is egter: wat is die oorsaak daarvan?

Die antwoord op dié vraag is geen eenvoudige saak nie. In die algemeen kan beweer word dat die wyse waarop die Amerikaanse Staatsleer homself as *wetenskap* definieer, vir die krisis verantwoordelik is. Hierdie algemene stelling moet egter gekwalifiseer word. Ter verwesenliking van die ideaal om "wetenskaplik" te wees, het die Amerikaanse Staatsleer homself meer en meer gemodelleer op die wetenskapsbeskouing van die positivisties-empiristiese wetenskapstradisie, wat teen die helfte van hierdie eeu die algemeen aanvaarde wetenskapsbeskouing in die Engel-Saksiese wêreld was en tans nog tot 'n hoë mate is. Die idee van "a science of politics" in die sin van die positivistiese opvatting van wetenskap is sedert die Tweede Wêreldoorlog baie wyd in die geledere van die Amerikaanse politiekoloë aanvaar. Vir die Staatsleer as dissipline was hierdie ontwikkeling, wat gewoonlik as die sogenaamde behavioralistiese²⁾ rewolusie aangedui word, nie sonder voordele nie. Dit het inderdaad geweldig bygedra tot die verfyning van die dissipline se instrumente van ondersoek en tot die ontwikkeling van 'n sterk reflektiewe bewussyn van die dissipline. Op die lang duur het dit die Staatsleer egter voor ernstige dilemmas te staan gebring.

Die positivistiese epistemologie grondliggend aan die dissipline het daarop uitgeloop dat daar 'n wetenskaplike skisofrenie in die dissipline ontwikkel het. Op grond van die feit-waarde-digotomie, so kenmerkend van die positivistiese epistemologie, is die dissipline verdeel in 'n sogenaamde empiriese en 'n sogenaamde normatiewe deel. Daar is naamlik besluit om op te hou om oor die politieke werklikheid te dink in terme van spekulatiewe denke, wat na bewering die kenmerk van die klassieke politieke teorieë was. Werklike politieke

verskynsels sou empiries en sistematies ondersoek moes word ten einde wetenskaplik geldige hipoteses te formuleer en wetenskaplike te ontdek. Vir dié ondersoek sou niks minder as die beproefde metodes van die natuurwetenskap aanvaarbaar wees nie. So sou empiriese politieke teorieë tot stand gebring kon word; so sou 'n ware wetenskap van die politiek moontlik wees. In hierdie konteks is die klassieke politieke teorie irrelevant; dit verdedig bepaalde politieke waardestelsels, maar bied geen verklaring van die politieke werklikheid soos dit *is* nie. Dit het dus hoogstens waarde as geskiedenis van politieke idees.

Hierdie skeiding van wat *is* en wat *behoort*, wat Reid (1972, p.366) noem "the alienation of 'reason' and 'commitment'", het ernstige komplikasies in al die vertakkinge van die dissipline tot gevolg gehad. Dit het veroorsaak dat die Staatsleer selde indien ooit 'n bevrydende woord kon spreek ten opsigte van 'n knellende politieke vraagstuk. Boonop het dit 'n verskraalde, soms erg verminkte beeld van die politieke werklikheid tot stand gebring, onder andere omdat hy homself willens en wetens beperk tot slegs die sintuiglik waarneembare aspekte van die politieke werklikheid. Die positivisme en empirisme hier het noodwendig uitgeloop op die sanksionering van die bestaande orde, waardeur die kritiese dimensie van die dissipline uitgeskakel en die weg na noodsaaklike verandering effektief versper is.

Die dilemma van die behavioralistiese Staatsleer is verder vergroot deur ontwikkelinge op die gebied van die wetenskapsfilosofie. Daar is naamlik nuwe perspektiewe op die aard en struktuur van die wetenskap ontwikkel wat die belangrikste

uitgangspunte van die wetenskapsbeskouing waarop die behavioralistiese Staatsleer homself gekonstitueer het, ernstig onder verdenking plaas. Dit het die behavioralistiese Staatsleer in die posisie gedwing om òf 'n stel epistemologiese uitgangspunte te verdedig wat hoogs omstrede geword het, òf self 'n herwaarderling van sy epistemologiese uitgangspunte te maak, waardeur sy intellektuele identiteit wesenlik verander sou word. Daarom kan die toestand in die Amerikaanse Staatsleer met reg 'n identiteitskrisis genoem word.

Daar kan ten minste twee soorte reaksies op die krisis van die Amerikaanse Staatsleer onderskei word. Aanvanklik, gelyktydig met die ontwikkeling van die behaviorisme, was daar 'n groep politikoloë onder leiding van neo-klassieke denkers soos Leo Strauss, Eric Voegelin en John Hallowell, wat hulle teen die behaviorisme verset het, hoofsaaklik op metodologiese gronde. Hul reaksie kan getipeer word as anti-behavioralisties omdat hulle die idee van 'n wetenskap van die politiek verwerp het. Later, sedert die tweede helfte van die sestigerjare en op grond van die nuwere wetenskapsfilosofie, het daar 'n tweede reaksie teen die behaviorisme ontwikkel wat mettertyd bekend geword het as die sogenaamde post-behavioralistiese rewolusie. Benewens wetenskapsfilosofiese kritiek teen die behaviorisme, gegrond op die insigte van die nuwere wetenskapskole, het die post-behavioraliste hulle kritiek teen die behaviorisme ook verbind aan 'n kritiek op die Amerikaanse liberalisme.

Dit is die oogmerk van hierdie studie om dié tweede reaksie teen die behavioralisme te beskryf en te probeer bepaal of dit inderdaad 'n oplossing bied vir die krisis van die Amerikaanse Staatsleer.

Vanselfsprekend is dit 'n uiters belangrike probleemkompleks. Dit raak die diepste gronde van die Staatsleer: sy selfkomsessie as wetenskap, sy filosofiese vooronderstellings en sy metodologie. Daarom is dit nie net die moeite werd nie, maar ter wille van die Staatsleer self is dit noodsaaklik om die kritiek van die post-behavioraliste te ondersoek en om te bepaal of dít wat hulle as alternatief aanbied, enigsins kan bydra tot 'n opheldering van die verwarring in die Amerikaanse Staatsleer.

Wat die post-behavioraliste te sê het, is egter ook vir die Staatsleer in Suid-Afrika van belang. Ook hier het die behavioralisme belangrike invloed verwerf; gevolglik is kritiek teen die grondslae daarvan meteen ook ter sake vir die Staatsleer in Suid-Afrika. Daarbenewens is dit seker nie onwaarskynlik nie dat die post-behavioralistiese Staatsleer in die nabye toekoms ook sy verskyning in Suid-Afrika sal maak. Die ideologiese klimaat wat daarvoor nodig is, bestaan klaarblyklik reeds in Suid-Afrika in die vorm van die swartmag, swart teologie, linkse liberalisme en neo-Marxisme - denkrigtings wat in allerlei kombinasies 'n beduidende mag in die Suid-Afrikaanse samelewing aan't word is.

Verder is dit ook 'n feit dat die post-behavioralistse kritiek teen die behavioralisme, maar daarmee ook teen die wetenskapbeskouing van die logiese positivisme wat daaraan ten grondslag lê, op sommige punte verwantskap toon met kritiek wat in Suid-Afrika, en spesifiek aan die Potchefstroomse Universiteit, teen dié wetenskapbeskouing ontwikkel is. Hier word veral verwys na die erkenning van die rol van vooronderstellingen in die wetenskap en die kwessie van die verwerping van neutrale of waarde-vrye wetenskap. Vanuit die perspektief van die Christelike wetenskapsbeoefening is daar dus vanselfsprekend groot belangstelling in sowel die kritiek wat die post-behavioralistse ontwikkel het as in die oplossing wat hulle aanbied.

2. Die post-behavioralistiese rewolusie

Tydens die jaarvergadering van die *American Political Science Association* in 1969 het David Easton, destydse president van dié vereniging, 'n ontwikkeling in die Amerikaanse Staatsleer aangekondig wat hy gekarakteriseer het as die "post-behavioral revolution" (Easton, 1969, p.1051). Volgens hom het die verset gespruit uit 'n diep gevoelde ontevredenheid met die leidende rigting in die Staatsleer wat die dissipline wou verander in 'n eksakte wetenskap volgens die model en grondslag van die metodologie van die natuurwetenskappe. Sedertdien word die term "post-behavioralisme" baie algemeen in die literatuur gebruik om na hierdie versetbeweging of rewolusie te verwys.

Die rewolusie kan teruggevoer word na ongeveer 1965 toe Bay (1965) begin het om die weg te baan deur 'n nuwe ontledingsraamwerk vir die Staatsleer voor te stel, naamlik "human needs", in plaas van politieke gedrag. Daarmee is die hele grondslag van die Staatsleer as gedragswetenskap in die geving geplaas. Dit was egter Lapalombara (1966) wat die koers van die verset vir die eerste keer duidelik geartikuleer het toe hy die behavioralisme op politiek-ideologiese gronde aangeval het. Hy het naamlik 'n studie van ideologie gemaak en aangetoon hoe die sogenaamde wetenskaplike en neutrale Amerikaanse Staatsleer baie duidelik deur bepaalde politieke en selfs ideologiese standpunte bepaal word (Lapalombara, 1966, p.5-16). In 1967 is op hierdie basis voortgebou toe die eerste omvattende kritiek op die politieke grondslae van die behavioralisme gepubliseer is. McCoy en Playford (1967) het naamlik 'n versamelwerk uitgegee wat die politieke filosofie waarop die behavioralisme volgens hulle berus, ontleed en gekritiseer het. Die skrywers wat bydraes tot die werk gelewer het, het almal standpunte ingeneem wat dit duidelik maak dat hulle nie langer bereid was om die Staatsleer te beoefen binne die kaders van daardie politieke filosofie nie.

In September 1967, tydens die jaarvergadering van die *American Political Science Association*, het die verset teen die behavioralisme vir die eerste keer organisatoriese beslag gekry toe die *Caucus for a New Political Science* gestig is. Vir 'n hele paar jaar het die *Caucus* 'n uiters belangrike rol gespeel in die vormgewing van die nuwe beweging.

'n Opname wat in 1971/72 onder die politikoloë van die state Arizona, Montana, Nevada, Colorado, Idaho, New Mexico, Utah en Wyoming gemaak is, het aan die lig gebring dat twintig persent van die politikoloë positief georiënteer was ten opsigte van die post-behavioralisme, terwyl slegs veertig persent beslis gekant was daarteen (Baker e.a., 1972, p.271). Soortgelyke opnames vir ander streke van die Verenigde State kon nie opgespoor word nie. Indien die bogenoemde opname egter as simptome van 'n tendens in die hele Verenigde State aanvaar word, is dit duidelik dat die post-behavioralistiese rewolusie binne die kort bestek van vyf jaar taamlik groot steun onder Amerikaanse politikoloë verwerf het.

Wat ook al die kwantitatiewe aanhang van die beweging, feit is dat dit die meriete van die behavioralistiese Staatsleer ernstig bevraagteken het deur die filosofiese en wetenskaps-teoretiese gronde daarvan te kritiseer. Die *Caucus* het die Amerikaanse Staatsleer in al sy fasette - sy politieke verbinde, sy metodologie, sy onderrigmetodes en sy rol in die samelewing - onder die soeklig gebring op 'n wyse en skaal wat tot op daardie stadium ongeken was in die dissipline. Soos Lowi (1973, p.45) dit stel: "... the Caucus as an organization raised in the most fundamental way the whole question of what a learned society is all about, what its relations are and should be to the intellectual and cultural life of a nation, and what its ultimate impact is and should be on the society at large." En saam met die kritiek het hulle ook alternatiewe aangebied wat bedoel is om 'n antwoord te bied op die krisis waarin die Amerikaanse Staatsleer verkeer.

Wat hierdie kritiek is en of dit inderdaad 'n antwoord bied op die krisis van die Amerikaanse Staatsleer, vorm die eintlike oogmerk van hierdie studie.

Hoewel daar rekening gehou moet word met die uiteenlopende aard van die post-behavioralists se kritiek, kan die besware van die post-behavioralistiese kritici in twee hoofaanklagte saamgevat word:

- * Die behavioralisme het as wetenskap misluk - in die sin dat dit politiek irrelevant is (dit sê niks van die knellende politieke vraagstukke van die Verenigde State en die wêreld nie), en dat dit 'n onvolledige en skewe beeld van die politieke werklikheid skep.
- * Ten spyte van sy aanspraak op waardevryheid en ideologiese neutraliteit tree die behavioralisme op as apologet van die bestaande sosiaal-politieke orde, dit wil sê die Amerikaanse belangegroep-liberalisme. Die dimensie van kritiek ontbreek geheel en al by die behavioralistiese Staatsleer. Pleks van die bestaande politieke stelsel krities te beoordeel en na alternatiewe te soek, sanksioneer dit eenvoudig die *status quo*.

Die eerste beskuldiging handel oor die onvermoë van die behavioralisme om die politieke werklikheid reg te verstaan, en die tweede oor die funksie wat die behavioralisme as wetenskap van die politiek ten opsigte van die politiek vervul. Die post-behavioralistiese kritici is daarvan oortuig dat die behavioralistiese Staatsleer in albei gevalle misluk het.

Dié bevinding berus op die beskouing dat die behavioralisme die resultaat is van die beoefening van die Staatsleer binne 'n bepaalde paradigma.³⁾ Hierdie paradigma het twee fasette wat op 'n baie intieme wyse aan mekaar verbind is. Die een faset is 'n bepaalde politieke filosofie, 'n beskouing van hoe die politieke gemeenskap behoort te lyk; dit is die pluralistiese liberalisme. Die ander faset is 'n bepaalde wetenskapsbeskouing wat vir die Staatsleer bepaal wat legitieme probleme is en met watter metodes die pluralistiese politieke werklikheid beskryf en verklaar moet word. Saam vorm die twee fasette die "dominant normative paradigm" (Melanson, 1973, p.49) van die Amerikaanse Staatsleer, deur Somjee (1971, p.462) nader aangedui as die "pluralist-behavioralist paradigm".⁴⁾

Hierdie beskouing van die post-behavioralste kom dus daarop neer dat die behavioralisme nie bloot net 'n bepaalde metodologiese benadering is nie. Vas aan die metodologie, sê die kritici, sit 'n bepaalde politieke filosofie. Die twee fasette versterk mekaar wedersyds. Die metodologie wat deur die paradigma voorgeskryf word, is deur en deur empiristies; dit is alleen maar geïnteresseerd in die empiriese stand van sake. Wat egter nie besef word nie, is dít: terwyl die gegewe politieke werklikheid beskryf word, word die politieke filosofie waarvan die gegewe 'n resultaat is, onderskryf. Die gegewe word positief gewaardeer; die *beskrywing* van die empiriese stand van sake word uiteindelik die *voorskryf* van die filosofie van die empiriese stand van sake (Somjee, 1971, p.464). Die politieke filosofie van die bestaande orde word dus versterk deur dié metodologie. Die ander kant van die saak is egter ook waar. Vanweë die versterkende, ondersteu-

nende rol van die metodologie het die politieke filosofie direkte belang by die behoud en ontwikkeling van die empiristiese metodologie.

Die post-behavioralisme moet verstaan word as kritiek teen hierdie twee fasette van die behavioralistiese paradigma. Die politiek-filosofiese faset van die paradigma is vir hulle onaanvaarbaar omdat dit ondemokraties is. Die metodologiese faset is vir hulle onhoudbaar omdat dit 'n skewe beeld van die politieke werklikheid oplewer en omdat dit so vas is aan die filosofie van die bestaande orde dat dit geen kritiese funksie kan vervul nie. Daar kan dus met Wilson (1971, p.3) saamgestem word dat die intellektuele aanslag teen die behaviorisme 'n "two-pronged attack" is. Dit is tegelyk kritiek teen die wetenskap van die behavioriste en teen die politieke maatskappy wat deur die wetenskap bestudeer word. Dit is dus wetenskapskritiek en maatskappykritiek gelyktydig.

Die post-behavioraliste het egter nie net by kritiek gebly nie. Kritiek alleen is nie genoeg nie, want so glo hulle, daardeur bly die visie op die politieke werklikheid begrens deur die kontoere van die behaviorisme self, wat uiteindelik neerkom op 'n stilswyende aanvaarding daarvan. Daar moes ook daadwerklik gesoek word na alternatiewe vir die behavioralistiese metodologie en die pluralistiese politieke filosofie.

Die doel van hierdie studie is drieërlei. In die eerste plek wil dit die hooftrekke van die krisis in die Amerikaanse Staatsleer skets. Dit sal gedoen word deur die behavioralistiese Staatsleer te ontleed met aanduiding van die belangrikste gebreke daarin wat die krisis veroorsaak. As verdere be-

ligting van die krisis sal die wetenskapsfilosofiese en wetenskapshistoriese agtergrond van die behavioralisme geskets word om aan te toon dat dit deel vorm van 'n bepaalde wetenskapstradisie. Die tweede oogmerk is om die post-behavioralistiese verset teen die behavioralisme te ontleed. Nadat die wetenskapsteoretiese en politiek-filosofiese kritiek in twee afsonderlike hoofstukke behandel is, sal die resultaat van die kritiek, in die vorm van die beskuldiging dat die behavioralistiese Staatsleer as wetenskap van die politiek faal, behandel word. Die kritiek van die post-behavioraliste berus natuurlik op hulle eie beskouings van wat die Staatsleer se uitgangspunte en oogmerke behoort te wees. Die post-behavioralistiese alternatiewe is dus reeds geïmpliseer in die kritiek. Ter wille van 'n duidelike beeld van die post-behavioraliste se visie op "a post-behavioral science of politics" is besluit om die belangrikste aspekte van die alternatiewe in 'n afsonderlike hoofstuk te behandel. Die derde oogmerk van hierdie studie is die beantwoording van die vraag in hoeverre die post-behavioralistiese kritiek en alternatiewe 'n oplossing bied vir die krisis in die Amerikaanse Staatsleer. Vanselfsprekend sal hierdie vraag in die laaste hoofstuk aan die orde gestel word.

Die post-behavioraliste se visie op die onhoudbaarheid van die behavioralisme en gevolglik ook die alternatiewe wat hulle aanbied, is sterk uiteenlopend van aard. Wat politieke filosofie betref, wissel hulle standpunte tussen die klassieke demokratiese en 'n duidelik herkenbare neo-Marxistiese maatskappybeskouing. Wat epistemologie en metodologie betref, is standpunte uit elk van die kontemporêre wetenskapskole herkenbaar. Wat die verhouding tussen die Staatsleer en die

samelewing betref, wissel die standpunte van 'n onafhanklike maar kritiese rol van die Staatsleer ten opsigte van die samelewing tot volledige dienstigheid van die Staatsleer aan die samelewing. Daar kan dus moeilik veralgemeen word oor die post-behavioralistiese standpunte. Enige poging om die post-behavioralistiese rewolusie in een enkele denkmodel in te forseer, moet noodwendig uitloop op 'n karikatuur van hierdie interessante verskynsel in die kontemporêre Amerikaanse Staatsleer.

Hierdie wysgerige verskeidenheid wat deur die post-behavioralisme gehuisves word, is so goed as moontlik verreken. In die geval van die kritiek teen die behavioralistiese epistemologiese grondslae is die hoofbenadering dié vanuit die wetenskap-filosofiese skole waaruit die kritici opereer. In ander gevalle is die benadering tematies, met aanduiding van die wysgerige standpunte waarop die kritici hulleself stel. Daar moet egter dadelik bygevoeg word dat nie al die wysgerige strominge wat in die geledere van die post-behavioralistiese onderskeibaar is, behandel kon word nie. Daar is gepoog om 'n kompromis te bewerkstellig tussen 'n oorsigtelike behandeling van die post-behavioralistiese rewolusie en fyn analise van enkele temas wat deur die post-behavioralistiese aangesny word. Met die oog daarop is slegs die belangrikste - in 'n kwalitatiewe sowel as kwantitatiewe sin - standpunte en wysgerige strominge uitgesoek. Hierdie benadering het dit onvermydelik gemaak dat sommige standpunte uitgelig en ander slegs genoem of selfs heeltemal verswyg is. Daar word egter vertrou dat die verhelderende effek wat dit op die geheelbeeld van die post-behavioralistiese rewolusie sal hê, sal vergoed vir die onvolledigheid wat daardeur veroorsaak word.

Aangesien daar nog baie weinig sekondêre bronne oor die post-behavioralistiese rewolusie bestaan, is daar, wat die post-behavioraliste se kritiek en alternatiewe betref, uitsluitlik van primêre bronne gebruik gemaak. Daar is gepoog om die post-behavioraliste wie se standpunte behandel is, so duidelik as moontlik te laat spreek. Dit verklaar tot 'n belangrike mate die styl wat in Hoofstukke 4-7 gevolg is.

Ten slotte moet beklemtoon word dat dit in hierdie studie gaan om die post-behavioraliste se standpunte ten opsigte van die behavioralistiese Staatsleer en dat die bedoeling nie is om teenoor beide 'n breed uitgewerkte "eie" visie op te stel nie. Tog moet bepaal word watter bydrae die post-behavioraliste gelewer het tot 'n oplossing van die krisis in die Amerikaanse Staatsleer. Daarom is dit onvermydelik om evaluerend vanuit 'n eie standpunt te werk te gaan. Hierdie eie siening van die belangrikste sake wat in die kontrovers tussen die behavioraliste en die post-behavioraliste aangesny word, sal in die loop van die ontledings so integraal en funksioneel as moontlik ingevleg word. In die algemeen kan gestel word dat die "eie" siening wesenlik niks nuuts is nie; dit is bedoel om in die tradisie van die Reformatoriese denke te staan. Daarmee word bedoel daardie steeds groeiende wetenskapstradisie wat poog om hoe gebrekkig en voorlopig ook al, die werklikheid te verstaan in die lig van wat God aangaande Homself en die geskape werklikheid in die Bybel openbaar. Nuut is dit slegs in die sin dat, sover vasgestel kon word, die jongste ontwikkelinge in die Amerikaanse Staatsleer nog nie vanuit daardie perspektief bekyk is nie.

A A N T E K E N I N G E

1. Vir die Amerikaanse term "political science" is daar nie 'n Afrikaanse ekwivalent wat met dieselfde gemak, ook in sy verboë vorme, gebruik kan word nie. Dit kan wel vertaal word met "politieke wetenskap", maar dit het 'n te geforseerde vertaling geblyk om konsekwent deur die hele studie te gebruik. Dit lewer byvoorbeeld 'n lomp uitdrukking soos: "Amerikaanse politieke wetenskaplikes" as vertaling vir: "American political scientists". Die Vastelandse term "politikologie" is 'n beter vertaling, maar ook die konsekwente gebruik daarvan is nie sonder probleme nie. Gevolglik is besluit om te bly by die Afrikaanse term "Staatsleer" met dien verstande dat daar onder verstaan word die moderne inhoud van die dissipline en nie die klassieke "Staatsleer" waarin die staatsverband en sy formele strukture die enigste studieobjek vorm nie. Die term "Staatsleer" word dus, met uitskakeling van die historiese betekenis en onder die volle besef van die woord se onvermoë om die moderne inhoud van die dissipline presies weer te gee, gebruik as ekwivalent van die Amerikaanse "political science" sowel as vir die dissipline in die algemeen. Die term "political scientists" is vertaal met "politikoloë" omdat "Staatsleer" geen paslike verbuigingsmoontlikhede het nie.

2. Die term "behavioralisme" moet onderskei word van "behaviorisme", wat gebruik word om 'n rigting in die Psigologie aan te dui wat tans geassosieer met die B.F. Skinner en

vroeër deur J.B. Watson uitgewerk is. Verder moet besef word dat die behavioralisme baie wyer as net die Staatsleer strek. Dit is naamlik bedoel as 'n interdisiplinêre wetenskap wat rondom *gedrag* 'n wetenskap wil opbou wat ten opsigte van die mens en die maatskappy dieselfde betroubare kennis oplewer as die natuurwetenskappe ten opsigte van die fisiese werklikheid. Politieke gedrag is maar 'n faset van hierdie gedragswetenskap. Gerieflikheidshalwe, maar ook omdat die assosiasie baie algemeen voorkom, word die term "behavioralisme", tensy dit anders blyk, gebruik vir die politieke deel van die behavioralistiese wetenskap. Die term "behavioralistiese Staatsleer" word as 'n alternatief gebruik.

3. Daarmee word bedoel dat die Staatsleer beoefen word binne die raamwerk van 'n bepaalde stel vooronderstellings waardeur die agenda sowel as die resultate van die Staatsleer tot 'n groot mate bepaal word. Die sogenaamde paradigma-benadering tot die behavioralisme is baie algemeen onder post-behavioralste. Vergelyk byvoorbeeld Wolin (1968, p.149); Somjee (1971, p.462); Reid (1972, p.339); Melanson (1973, p.49) en Spragens (1973, p.ix).

4. Hierdie wedersydse verband tussen die politieke filosofie en metodologie van die behavioralisme word deur Wolin (1968, p.151-152) duidelik gestel: "One of the most striking characteristics among the numerous (behavioral) studies ... is their acceptance of the prevailing political paradigm as the frame of reference and as the source of research problems ... they suggest that political behavioralism, like normal science, proceeds by an understanding of the world defined by the dominant paradigm."

Hoofstuk 2

DIE BEHAVIORALISTIESE STAATSLER

1. Inleiding

Hoewel hierdie studie nie oor die behavioralistiese Staatsleer as sodanig handel nie, is dit tog noodsaaklik om vooraf 'n duidelike uiteensetting daarvan te gee, al is dit net van die hoofsaake. As voorwerp van die post-behavioralistiese kritiek moet daar geen twyfel wees oor presies wat gekritiseer word nie. Die kritiek en alternatiewe van die post-behavioralistiese sal deur so 'n uiteensetting ook in beter perspektief geplaas word. Die belangrikste is egter dat 'n uiteensetting van die behavioralistiese noodsaaklik is omdat dit (die behavioralistiese) ten nouste in verband staan met die krisis van die Amerikaanse Staatsleer. Dit is juis die basiese uitgangspunte van die behavioralistiese wat verantwoordelik is vir baie van die anomalieë waarmee die kontemporêre Amerikaanse Staatsleer worstel en die probleme wat 'n groot mate van onrus dwarsdeur die dissipline veroorsaak. Vir die beantwoording van die vraag of die post-behavioralistiese 'n oplossing bied vir die krisis van die Amerikaanse Staatsleer, is 'n duidelike uiteensetting van die behavioralistiese Staatsleer en die aanduiding van die belangrikste gebreke daarvan dus noodsaaklik.

Behavioralistiese self, soos ook die meeste skrywers oor die behavioralistiese, beskou die behavioralistiese bloot as 'n metodologie, dit wil sê 'n bepaalde epistemologiese benadering tot die studieveld van die Staatsleer. Dahl (1961A) praat van "the behavioral approach", Eulau (1963) noem dit "the behavioral

persuasion" en Toburen (1974, p.58) karakteriseer dit as 'n "orientation". In elk van hierdie gevalle word die behavioralisme slegs as 'n metodologiese aanpak verklaar. (Vgl. ook Eksteen, 1973; Kirkpatrick, 1962 en Truman, 1955.) 'n Deeglike studie van die kultuurhistoriese en filosofiese grondslae van die behavioralisme het Crick (1960) egter tot die gevolgtrekking gebring dat die saak nie so eenvoudig is nie. Hy toon naamlik aan dat die behavioralisme nie in die eerste plek verstaan moet word as 'n bepaalde metodologie nie, maar as 'n neerslag, in die wetenskap, van 'n bepaalde politieke filosofie (Crick, 1960, p.xv). 'n Deeglike studie van die ontstaansgeskiedenis van die Amerikaanse Staatsleer het Crick (1960, p.227) tot die gevolgtrekking gebring dat die vestiging en regverdiging van 'n bepaalde politieke filosofie van die begin af 'n deurslaggewende faktor in die Amerikaanse Staatsleer was en dat dié oogmerk voortleef in die sogenaamde "American Science of politics". Hierdie waardevolle insig van Crick illustreer duidelik dat dit onvoldoende is om die behavioralisme bloot as 'n metodologiese benadering te verstaan. Die behavioralisme het beslis ook 'n politiek-filosofiese kant wat 'n inherente deel daarvan uitmaak, al is dit dan net by implikasie. Euben (1970, p.38) merk tereg op: "... the assumptions of American political science have an important but until recently largely ignored political dimension which is crucial to lay bare." Die twee fasette saam vorm wat in die kontemporêre wetenskapsfilosofie bekend staan as 'n *paradigma*.

Die term *paradigma* word veral verbind aan die opvattinge van die wetenskapsfilosoof, Thomas Kuhn, wat teenoor die ewolusionêre of kumulatiewe teorie van wetenskapsontwikkeling die rewolusionêre teorie geponeer het. Aanvanklik het hy die term

paradigma (later genoem dissiplinêre matrys) gebruik om daar= die ontologiese en kenteoretiese raamwerk aan te dui waarbinne 'n bepaalde gemeenskap van wetenskaplikes op 'n bepaalde tyd= stip "normale" wetenskap beoefen. Soos Kuhn (1964, p.x) dit stel: 'n paradigma is "... universally recognised scientific achievements that for a time provide model problems and solu= tions to a community of practitioners". Die paradigma verskaf 'n grondslag vir konsensus oor basiese uitgangspunte, waardeur die verbintenisse en lojaliteite van die lede van daardie ge= meenskap gekonsolideer word. Die paradigma lei die wetenskap= like gemeenskap in sy bepaling van wat as legitieme wetenskap= like probleemstellings beskou kan word, en die gemeenskap is op sy beurt verplig om die probleme wat deur die paradigma ge= stel word, op te los (Kuhn, 1964, p.24-27). Later het Kuhn egter die betekenis van die term paradigma vereng, sodat dit slegs die "exemplars" van die dissiplinêre matrys dek. Hier= die betekenisvernouing word vollediger bespreek in aantekening 9 van Hoofstuk 3.

As 'n bepaalde paradigma eers eenmaal deur 'n wetenskaplike gemeenskap aanvaar is (die aanvaarding berus volgens Kuhn nie slegs op rasionele grond nie), kan dit op allerlei maniere afgedwing word. 'n Toestand van "normale" wetenskap bestaan as die lede van die gemeenskap voortgaan met die oplossing van die probleemstellings wat deur die paradigma voorsien word. Die basiese uitgangspunte van die paradigma self word nie be= vraagteken nie. Gaandeweg ontstaan daar egter anomalieë wat nie in terme van die paradigma gehanteer kan word nie (Kuhn 1964, p.52-53).

As die anomalieë so 'n omvang bereik dat dit 'n krisistoestand in die wetenskaplike gemeenskap veroorsaak, word daar gewoonlik begin soek na 'n nuwe paradigma wat die feite beter akkommodeer as die bestaande paradigma. Die oorgang van een paradigma na 'n ander (die sg. "paradigm switch") noem Kuhn 'n wetenskaplike rewolusie.

Die behavioralisme voldoen op treffende wyse aan die vereistes wat Kuhn aan 'n geslaagde paradigma stel. Die teoretiese kern van die behavioralisme is die analitiese pluralisme, dit is empiriese teorieë in verband met die pluralistiese werklikheid. Hierdie teorieë is die resultaat van die aanwending van 'n bepaalde ("behavioralistiese") metodologie. Maar omdat hierdie metodologie empiristies is, en omdat die empiriese politieke werklikheid in die Verenigde State die neerslag van 'n bepaalde politieke filosofie is, naamlik die pluralisme of die belangegroep-liberalisme, is die analitiese pluralisme ook die uitdrukking van die politieke filosofie. Meeste, indien nie al die probleme nie wat die behavioralistiese Staatsleer as probleme hanteer, is slegs probleme omdat die heersende politieke filosofie dit as probleme ervaar. Soos in 'n toestand van "normale" wetenskap verklaar die behavioralisme die werklikheid in terme van die heersende politieke filosofie, dit is die pluralisme. Wilson (1971, p.14) merk tereg op: "... there is a close interrelation between the reality of American politics, the ideology of pluralism and the 'behavioral' theory of interest group politics such that each aspect reinforces the others..." Ook Baskin (1971, p.vii) onderskei wat hy noem "three faces of pluralism", naamlik die ideologie, die praktyk en die analitiese teorie en toon aan dat daar 'n fundamentele eenheid tussen die drie op te merk is. Hy vat hierdie beskou-

ing saam deur op te merk: "In sum, analytic pluralism arches in opposite directions to bridge both practice and ideology while representing itself as a science" (Baskin, 1971, p.167-168).

In hierdie sin kan die behavioralisme as 'n paradigma in die Staatsleer beskou word en bestaan daar regverdiging voor om dit nader te omskryf as die behavioralisties-pluralistiese paradigma.

Verder is dit duidelik dat die behavioralisme die mate van aanvaarding binne die gemeenskap van Amerikaanse politikoloë verwerf het wat Kuhn vereis van 'n suksesvolle paradigma. Dit het 'n dominerende posisie in Staatsleerdepartemente dwarsoor die Verenigde State bereik. 'n Nuwe geslag studente, gevorm in die hantering van die behavioralistiese metodes en behavioralistiese handboeke, het die "behavioral approach" vir byna drie dekades aangebied as die enigste geldige benadering tot hul studieveld, terwyl empiriese teorieë van die behavioralisme die studie van die klassieke politieke filosofieë byna volledig verdring het.

In die behandeling van die behavioralistiese Staatsleer sal nou eers aandag geskenk word aan die belangrikste behavioralistiese politieke teorieë en daarna sal ondersoek ingestel word na die twee belangrikste filosofiese peilers waarop hierdie teorieë berus, naamlik die empiristiese epistemologie en die pluralistiese politieke filosofie. Maar eers is 'n kort oorsig van die historiese ontwikkeling van die behavioralisme nodig.

2. Historiese ontwikkeling¹⁾

Hoewel die oorsprong van die behavioralisme tot die dertigerjare van hierdie eeu teruggevoer kan word (Gunnell, 1973, p.200), was dit nie voor 1950 nie dat dit ontwikkel het tot 'n duidelike alternatief vir die sogenaamde tradisionele Staatsleer, wat vanuit Europa na die Verenigde State oorgedra is. Daarby is die behavioralisme 'n spesifiek Amerikaanse verskynsel. Die invloed van die behavioralisme het egter nie tot die Verenigde State beperk gebly nie. Bloot vanweë die kwantitatiewe afmetings van die Amerikaanse Staatsleer het die behavioralisme na bykans elke wêrelddeel deurgewerk.

Die behavioralisme kan nie uit ontwikkelinge in die Staatsleer alleen begryp word nie. Dit vorm deel van 'n breër beweging binne die sosiale wetenskappe. Die politieke behavioralisme of die behavioralistiese Staatsleer is naamlik deel van die sogenaamde "behavioral sciences" wat interdisiplinêr rondom die konsep *menslike gedrag* ontwikkel het.

Oor die oorsprong van die term "behavioral sciences" deel Easton (1962, p.13-14) mee dat daar by geleentheid in die Verenigde State deur 'n Senaatskomitee ondersoek ingestel is na die wenslikheid van 'n nasionale wetenskapsbeleid. Die verteenwoordigers van die sosiale wetenskappe het vanselfsprekend hard probeer om hulle dissiplines ook ingesluit te kry in die bestek van die voorgestelde wetgewing. Ten einde hul dissiplines onder die dekking van die wetgewing in te kry, is die term "behavioral sciences" geskep, "... to refer to all living systems of behavior, biological as well as social, an underlying idea being that it would serve to identify those aspects

of the social sciences that might come under the aegis of a foundation devoted to the support of hard science" (Easton, 1962, p.13-14). Die oorsprong van die term staan dus direk in verband met die ideaal om binne die raamwerk van die sosiale wetenskappe 'n dissipline tot stand te bring wat, deur gebruik te maak van die metode van die natuurwetenskappe, aanspraak kan maak op dieselfde mate van wetenskaplikheid as die sogenaamde "hard science". Die ontleding van menslike gedrag, so is geglo, sou die enigste grondslag vir so 'n onderneming kon wees. Kort hierna het die Ford-stigting tot stand gekom, en in sy soeke na 'n geskikte naam vir die afdeling wat belas sou wees met die sosiale wetenskappe, is besluit om dit die *Behavioral Sciences Division* te noem. Hierdie voorbeeld is deur ander instansies gevolg, sodat die term "behavioral sciences" spoedig algemene aanvaarding geniet het.

UITGANGSPUNT

Die basiese uitgangspunt van die "behavioral sciences" is dat die mens 'n eenheid is en dat hy nooit begryp sal kan word as daar voortgegaan word om sy gedrag in kompartemente te bestudeer nie. Daarom is dit nodig om al die sosiale wetenskappe in een dissipline saam te trek, sodat menslike gedrag in sy omvattendheid en in sy samehang bestudeer kan word. Easton (1962, p.16) verduidelik dié gedagte so: "The key idea behind this approach has been the conviction that there are certain fundamental units of analysis relating to human behavior out of which generalizations can be formed and that these generalizations might provide a common base on which the specialized sciences of man in society can be built. In place of some mechanical combinations of the social sciences, this substituted an underlying basic science of behavior". Op hierdie uitgangspunt is die hoop gebou dat dit moontlik is om een al-

gemene teorie oor die samelewing te ontwikkel. 'n Vereiste vir so 'n algemene teorie is dat daar 'n gemeenskaplike ontledingseenheid gevind moet word - die basiese partikel waaruit alle menslike gedrag bestaan en wat in alle vorme van gedragsuiting voorkom.

'n Hele paar sulke ontledingseenhede is met verloop van tyd reeds voorgestel en in gedragsnavorsing gebruik. Parsons in die Sosiologie het byvoorbeeld, na analogie van Max Weber, handeling ("action") geneem as sy basiese ontledingseenheid. Andere het weer besluitneming ("decision"), of keuse ("choice"), of funksies ("functions"), of stelsels ("systems") as ontledingseenhede gebruik.

* Die vraag is egter: wat beteken hierdie ontwikkelinge konkreet vir die Staatsleer?

Vergeleke met ander vakwetenskappe het die behavioralisme relatief laat na die Staatsleer deurgebreek, in ieder geval eers ná die Tweede Wêreldoorlog.

Die ontstaan daarvan word in die literatuur konsekwent verklaar as 'n reaksie teen die sogenaamde tradisionele Staatsleer.²⁾ Enersyds het daar verzet gekom teen die feit dat die dissipline homself uitsluitlik besig gehou het met die studie van formele staatlike strukture (bv. die Duitse "Staatslehre" en die Engelse "government") en teen die feit dat die hele dinamiese politieke proses, wat binne en buite die strukture plaasvind, nooit aan bod kom nie. As alternatief is die begrip *politieke gedrag* na die sentrum van die dissipline se belangstelling verskuif. Andersyds is daar gesoek na metodes waarmee die

materie van die dissipline met groter presiesheid gehanteer kon word. "Spekulatiewe denke" deur middel van wysgerige, historiese en jûrïdiese metodes moes plek maak vir "wetenskaplike" metodes om sodoende betroubare kennis oor die politieke werklikheid te verwerf, waardeur voorspelling van gebeure later moontlik sou word (Toburen, 1974, p.56).

Die eerste aanduidings van verandering in die Staatsleer was reeds in 1908 merkbaar. In daardie jaar is twee boeke gepubliseer wat albei gereageer het teen wat genoem is die formalisme en die legalisme van die destydse Staatsleer.³⁾ In 1925 het die toenmalige president van die *American Political Science Association*, Charles Merriam, 'n duidelike aanduiding gegee van die behavioralistiese rigting waarin die Staatsleer syns insiens moes beweeg: "Some day we may take another angle of approach than the formal, as other sciences do, and begin to look at political behavior as one of the essential objects of inquiry" (Merriam, 1926, p.7). Gedurende die volgende dekade het daar onder leiding van Merriam aan die Universiteit van Chicago die kern ontstaan van 'n beweging wat spoedig as die "behavioral approach" bekend geword het. Politikoloë soos Harold Lasswell, V.O. Key, David Truman, Herbert Simon en Gabriel Almond, wat later leiersfigure in die beweging geword het, was almal studente van Merriam.

'n Paar kragtige stimuli het die verdere ontwikkeling van die nuwe beweging bevoordeel. Die eerste was die aankoms in die Verenigde State van 'n aantal Europese geleerdes (hoofsaaklik vlugteling van die Nazi-bewind) wat in hulle wetenskaplike denke onder invloed van Max Weber se idee van waardevrÿe wetenskap was. Vir die ontwikkeling van die behaviorisme was dit

van wesenlike belang (Dahl, 1961A, p.70). Die tweede stimulerende faktor was die Tweede Wêreldoorlog, wat die vermoë van die tradisionele Staatsleer om die politieke werklikheid te begryp, duidelik geïllustreer het. Vanuit 'n bepaalde wetenskapsbeskouing gesien, is dit die taak van die wetenskap om te verklaar én te voorspel. Die vermoë van die tradisionele Staatsleer om die Tweede Wêreldoorlog te voorspel, was vir baie politikoloë 'n demonstrasie van die mislukking van die tradisionele Staatsleer. Terselfdertyd was dit 'n kragtige stimulus om 'n beter wetenskaplike greep op die politiek te kry. 'n Derde en selfs belangriker faktor as die eerste twee was die *Social Science Research Council*, wat deur middel van sy *Committee on Political Behavior* 'n direkte en uiters betekenisvolle rol gespeel het om die nuwe benadering tot die studie van die politiek gevestig te kry en uit te bou (Dahl, 1961A, p.72). 'n Vierde faktor was die snelle groei van metodes en tegnieke waarmee die politieke voorkeure en gesindhede van kiesers bepaal kon word, die sogenaamde "survey methods". 'n Vyfde en laaste faktor was die invloed van die groot filantropiese stigtings van veral Ford, Carnegie en Rockefeller, wat geld voorsien het vir die navorsing wat deur die nuwe benadering vereis is.

Al hierdie faktore het saamgewerk om die behavioralistiese benadering in die Staatsleer, wat begin is as 'n verset teen die beperkings van die tradisionele Staatsleer, teen die jare vyftig 'n invloedryke beweging in die Amerikaanse Staatsleer te maak. Teen 1961 kon Dahl rapporteer dat die protes teen die tradisionele Staatsleer geslaagd was en dat die behavioralisme opgeneem is in die hele vakgebied (Dahl, 1961A, p.85). Trouens, daar kan met reg beweer word dat die behavioralisme,

ten minste in 'n kwantitatiewe sin, die Amerikaanse Staatsleer geword het. Teen die einde van die sestigerdekade kon byna al die leidende figure in die vakgebied as behavioraliste geklassifiseer word, of hulle het sterk simpatieë met die behavioralistiese benadering gehad. Daar is natuurlik uitsonderings, maar in die geheel gesien, het die behaviorisme 'n dominerende posisie in die vakgebied bereik.

Die behaviorisme is moeilik definieerbaar. Selfs behaviorisme is dit nie met mekaar eens oor wat presies daarunder verstaan moet word nie. 'n Groot standpuntverskeidenheid en selfs kontradiksie word binne die behaviorisme aangetref (Easton, 1962, p.4-6; Kirkpatrick, 1962, p.11-12). Soos in die geval van die meeste intellektuele bewegings is die maatstawwe vir lidmaatskap baie vaag en ongepresiseerd. Dit is eerder 'n geval van gemeenskaplike uitgangspunte en ideale as van lidmaatskap van 'n beweging. Op so 'n basis is dit selfs nie altyd moontlik om "harde" behavioriste te onderskei van simpatiseerders en meelopers nie. Tog word 'n bepaalde teoretiese visie op die Amerikaanse samelewing aanvaar as die kenmerkende van die behaviorisme. Vervolgens word enkele nuances van hierdie teoretiese visie in besonderhede bespreek.

3. Behavioralistiese politieke teorieë

Die groepsbenadering of groepteorie van die Amerikaanse politieke samelewing kan beskou word as die teoretiese kern van die behaviorisme. Wilson (1971, p.5) merk tereg op: "...behavioral analysis is epitomized in 'analytic pluralism' or the 'group approach' to the study of politics". Eksponente van die groepsbenadering is onder andere Bentley (1935),

Truman (1951), Dahl (1961), Rose (1967), Polsby (1963) en Schumpeter (1950). Dit wil natuurlik nie sê dat alle behavioraliste die groepsbenadering aanhang nie. Die sisteemteorie van David Easton is 'n interessante uitsondering, maar selfs die sisteemteorie vertoon 'n mate van verwantskap met die groepteorie. Feit is egter dat die meeste behavioraliste die Amerikaanse politieke samelewing vanuit die groepteorie verklaar.

3.1 Die groepteorie

Die groepteorie of groepsbenadering tot die studie van die politiek is sekerlik een van die belangrikste teoretiese benaderings van die behavioralisme. Bentley het so ver gegaan om te verklaar: "... when the groups are adequately stated, everything is stated" (Bentley, 1935, p.208). En sedert ongeveer 1950 is doelbewuste pogings aangewend om die hele Staatsleer te reduceer tot die studie van groepe (Nicholls, 1974, p.24). Die groepteorie is mettertyd so algemeen deur die behavioraliste aanvaar dat die behavioralisme dikwels met die groepteorie gelyk gestel is, wat uit die aard van die saak nie heeltemal korrek is nie.

Die oorsprong van die groepsbenadering in die Amerikaanse Staatsleer lê eintlik in die vroeg-twintigste-eeuse joernalistiek wat dit sy taak gemaak het om die belangegroepe wat die regering agter die skerms gemanipuleer het, aan die kaak te stel. Later is die rol van belangegroepe sinies aanvaar, omdat dit as 'n realistiese stand van sake beskou is. Teen omstreeks die helfte van die dertiger-dekade is dit vir die eerste keer deur Bentley aanvaar as die normale kanale waar=

deur die individu se belange by die regering behartig kan word.

Bentley wou graag wegkom van die formele juridiese en institusionele aspekte van die studie van die politiek om sodoende te konsentreer op die magte wat, volgens hom, die werklike politiek bepaal. Nie formele strukture of wetgewing of wetgewende liggame nie, maar handeling ("action") was vir hom die wese van die politiek. Maar dan handeling in groepe. Doelbewuste handelinge van mense in groepe was vir hom die wese van die politiek. Groepe is die beliggaming van 'n aantal eenderse belange, en die enigste wyse om te bepaal wat die belange van 'n groep presies is, is om te kyk hoe daardie groep homself in die politieke proses gedra. Want groepe tree altyd op ter bevordering van bepaalde belange (Bentley, 1935, p.207).

Die groep se aktiwiteit van belangebehartiging is volgens Bentley 'n oneindige proses wat sigself voortdurend hernieu. En net soos dit in die Fisika onmoontlik is om te praat van 'n krag sonder om minstens te impliseer dat daar 'n objek is waarop die krag uitgeoefen word, sê Bentley, so is die aktiwiteit van 'n groep betekenisloos sonder objekte waarteen daar gehandel word, dit is ander groepe. Aktiwiteit, d.i. belangebehartiging deur een groep, sal noodwendig lei tot teenaktiwiteit deur ander groepe, want dit is natuurlik dat die belange van een groep sal bots met die belange van 'n ander. Dit bring die verskynsel van belangekonflik na vore. Konflik is die wesenlike kenmerk van die aktiwiteit van groepe (Bentley, 1935, p.213).

Bentley stel dus die politieke lewe in die Verenigde State voor as 'n groot aantal groepe wat elkeen probeer om 'n spesifieke belang te bevorder. Die politieke proses is dan die reëling of skikking van die botsende belange wat hulle self in groepsantagonismes manifesteer.

Dit was egter eers die volgende geslag politikoloë, meesal studente van Bentley, wat die groepsbenadering tot analitiese instrument in die Staatsleer ontwikkel het. Vanaf 'n blote hipotese by Bentley is dit deur politikoloë soos David Truman, Pendleton Herring en Earl Latham tot 'n volwaardige teorie ontwikkel (Wilson, 1971, p.16). Ongelukkig kan hier nie ingegaan word op die ontwikkeling wat die groepteorie deurloop het nie. Dit is 'n omvattende studie op sigself.⁴⁾ Die belangrikste is egter dat die begrip *groep* beter gepresiseer is, dat die toekenning van waardes ("allocation of values") aanvaar is as die sin van die konflik, en dat daar groter duidelikheid verkry is oor die rol wat die regering in die politieke proses speel. Slegs laasgenoemde is vir ons van besondere belang.

Indien die politieke proses, soos Bentley beweer het, uit die konflik tussen groepe bestaan, wat is dan die rol van die regering? Nie al die eksponente van die groepteorie het dieselfde antwoord op hierdie vraag verskaf nie. Sommiges sien die regering bloot as 'n instrument vir die registrasie en uitvoering van besluite wat reeds in groepkonflikte geneem is, dit wil sê as 'n blote weerspieëling van die ewilbrium wat tussen die verskillende groepe bereik is (Latham, 1952, p.391). Andere beskou die regering as 'n groep op sy eie wat in eie belang aan die politieke proses deelneem. In ieder geval word die regering nie gesien as 'n onafhanklike instansie nie, maar

as 'n funksie van die groepkonflik.

Dit is slegs die regering se taak om die skikking van die groepsbelange te vergemaklik. As die politiek gesien word as 'n oneindige proses van belangekonflik, moet daar iets of iemand wees wat die proses van tyd tot tyd onderbreek deur gesaghebbende besluite te neem oor die kwessies waarom die konflik plaasvind. Elke groep oefen die maksimum druk tot sy beskikking uit ten einde sy oogmerke te bereik, en die regering probeer om 'n tydelike balans of ewililibrium tussen die botsende magte te bewerkstellig deur gesaghebbende besluite te neem waarin iets, maar nie alles nie, van die groepe se oogmerke verwesenlik word. Sulke besluite van die regering bring stabiliteit in die politieke gemeenskap (Latham, 1952, p.389).

Daar is dus bepaalde spelreëls in die groepkonflik en die regering is die gesaghebbende vertolker en toepasser daarvan. So bly die regering in die politieke proses beperk tot die rol van skeidsregter in die groepkonflik.

Die belangrikste spelreël is die stabiliteit van die stelsel as geheel. Wilson (1971, p.21-22) merktereg op: "Stability is viewed by the group theorists as an interest of all groups, although they will obviously differ on the question of where they wish the balance to be stabilized. However, stability as such is seen as such a potent interest that groups will accept a decision unfavorable to them, and thus play by the rules, on the assurance that the process will remain a process, so that no decision is ultimately final, and a more favorable outcome is possible" (Latham, 1952, p.391).

Hierdie siening van die regering se rol beteken dat die formele aspekte van regering, byvoorbeeld die konstitusie en regerings=liggame, eerder neweprodukte van die groepkonflik is as oorspronklike en selfstandige strukturele faktore in die politieke proses. Hulle kan hoogstens deel vorm van die spelreëls vir die nimmereindigende belangebotsings.

Die groepteorie kan in die volgende vier punte of stellings saamgevat word (vgl. ook Parenti, 1970, p.112 en Wilson, 1971, p.6):

- * Belange, soos verteenwoordig in groepe, is die basiese element van die politiek. Alle politieke belange is potensieel groepsbelange.
- * Die politieke proses kan verklaar word as die konflik tussen belangegroepe. Interaksie tussen groepe bestaan altyd uit konflik.
- * Alle groepe se mag is nie ewe groot nie, maar geen groep kan 'n magsmonopolie hê nie en geen groep se mag is so gering dat dit nie politieke invloed kan hê nie.
- * Die funksie van die regering is om die ekwilibrium, wat deur die botsende groepe bereik is, te stabiliseer en om die groepe by die reëls van die spel te hou.

Op grond van die groepteorie het behavioraliste ook 'n nuwe teorie oor demokrasie ontwikkel.

3.2 Die nuwe demokratiese teorie

Na aanleiding van empiriese studies oor die opinies en stemgedrag van kiesers het behavioraliste tot nuwe insigte gekom oor die aard en funksionering van demokratiese gemeenskappe. Die behavioraliste het naamlik tot die gevolgtrekking gekom dat 'n stabiele demokratiese gemeenskap tog in die Verenigde State bestaan ten spyte van die voorkoms van toestande en gesindhede aldaar wat onversoenbaar met die klassieke demokratiese teorie is. Hulle vind dit op grond van empiriese studies nodig om die klassieke demokratiese teorie aan te pas en in ooreenstemming te bring met die praktiese toestande in moderne demokratiese samelewings.

Hoewel daar, soos Dahl (1966, p.305) tereg opmerk, nooit 'n enkele "klassieke" demokratiese teorie ontwikkel het nie en daar groot verskille tussen die beskouings van die grondleggers van die sogenaamde klassieke demokratiese teorie was, word dit tog algemeen in die literatuur aanvaar dat daar 'n aantal uitgangspunte of proposisies is wat die kern van die "klassieke" teorie uitmaak. Trouens, dit het in die literatuur algemeen geword om 'n soort kern van die "klassieke" teorie te distilleer. (Vgl. Pennock, 1950, p.9-20; Ricci, 1970, p.243-244 en Wilson, 1971, p.154-155.)

Die basis van die "klassieke" demokratiese teorie is 'n bepaalde mensbeskouing. Dit is 'n mensbeskouing wat as atomisties of individualisties beskryf kan word. Elke individu staan onder die gesag van die natuurreg, wat redelik kenbaar is en wat self rasioneel is. Die insluiting van alle mense onder die gesag van die natuurreg verseker dat alle mense deel

het aan 'n sekere minimum vlak van rasionaliteit. Met rasionaliteit word bedoel die vermoë van die mens om verantwoorde=like besluite te neem oor die verwesenliking van sy eie ideale. Die universele gelding van die rasionaliteit beteken dat alle mense as gelykes kan deelneem aan die bepaling van maatreëls wat hulle lewens reguleer. Hierdie gelyke deelname aan die besluitnemingsproses is nie net belangrik omdat dit die morele gelykheid van individue erken nie, maar ook omdat elke individu daardeur die geleentheid kry om sy eie regte te beskerm teen skending daarvan deur ander.

Die "klassieke" demokratiese teorie - in behavioralistiese terme is dit 'n ideologie, want die term *teorie* word geres=veer vir veralgemenings wat langs die weg van empiriese studie bereik is - berus dan op een fundamentele uitgangspunt, en dit is dat vryheid en gelykheid (twee basiese menseregte volgens die natuurreg) vir die individu bereikbaar is deur intensiewe deelname aan die politieke proses. Hierdie teorie word gewoon=lik tot by die Grieke teruggespoor, maar die eksplisiete formu=lering daarvan word toegeskryf aan agtiende- en negentiende=eeuse filosowe soos John Locke, Jean Jacques Rousseau en die Engelse utilitariste, Jeremy Bentham en John Stuart Mill. Hulle het deurgaans die algemene deelname van burgers aan die politieke proses as van kardinale belang geag. Slegs deur self deel te neem aan die politiek, sê Mill, kan die individu sy persoonlike vryheid verseker. Hy kan persoonlik daarvoor sorg dat sy belange in berekening gebring word. Verder is po=litieke aktiwiteit essensieel vir die ontwikkeling van die in=dividu se hoedanighede as morele wese en as burger (Mill, 1861, p.43-44, 52-55).

Die "klassieke" demokratiese teorie visualiseer dus 'n goed ingeligte, aktiewe en verdraagsame burger. So 'n burger vertoon 'n verantwoordelike en buigsame persoonlikheidsstruktuur wat die najaag van eie belange aan bande lê, frustrasie kan verwerk en 'n hoë vlak van politieke deelname verseker. Vry algemene deelname van die burgers aan die politiek is noodsaaklik omdat 'n breë meningspektrum sal sorg dat die regte beslissings geneem word. Dit veronderstel weer 'n hoë vlak van kennis by die burger, asook 'n bereidwilligheid om rasioneel te dink en om besluite op grond van beginsels te neem (Berelson, 1952, p.313-320).

In die Verenigde State het empiriese studies oor die gesindhede en stemgedrag van Amerikaanse burgers egter aan die lig gebring dat dit te betwyfel is of daar in die praktyk van die Amerikaanse politiek aan hierdie vereistes voldoen word. Verkiezingsstudies toon byvoorbeeld dat groot dele van die bevolking nie goed ingelig is nie, dat hulle apaties staan teenoor die politieke proses en dat hulle politieke opvattinge en ideale koester wat alles behalwe demokraties genoem kan word.⁵⁾

Die behavioraliste se interpretasie van hierdie "ondemokratiese" gedragsspatrone by groot dele van die bevolking is die volgende: Teen die agtergrond van die vereistes wat die "klassieke" demokratiese teorie stel, sou mens uit die bevindings wat deur middel van die sogenaamde "participation studies" verkry is, kon aflei dat die Amerikaanse politieke stelsel gekenmerk sal word deur 'n groot mate van politieke onstabielheid, wat egter klaarblyklik nie die geval is nie. Die hoë persentasie onaktiewe, oningeligte en onverdraagsame burgers bring die demokratiese proses oënskynlik nie van stryk nie.

In terme van die "klassieke" teorie is dit 'n teenstrydige situasie. Hoe kan dit verklaar word? Hoe is dit moontlik dat, ten spyte van die algemene voorkoms van apatie, die demokratiese instellings tog nog redelik goed werk? Waarom gebeur dit nie dat die hoë persentasie "less virtuous citizens" die demokratiese proses verongeluk nie?

Die antwoord, sê die behavioraliste, lê daarin dat sommige van die veronderstellings van die "klassieke" teorie òf verkeerd is òf minstens onvolledig is (Wilson, 1971, p.113). Die belangrikste rede hiervoor sou wees dat die "klassieke" teorie nie empiries genoeg was nie. 'n Toereikende teorie oor die demokrasie vereis dat 'n nuwe stel voorwaardes en uitgangspunte uitgewerk word wat klop met die empiriese situasie. Hierdie hersiening van die "klassieke" demokratiese teorie is veral onderneem deur Joseph Schumpeter, Robert Dahl, Giovanni Sartori, William Kornhauser, Henry Mayo, John Plamenatz en Louis Hartz.⁶⁾

Die hersiening van die "klassieke" teorie kom hoofsaaklik daarop neer dat die vereiste vir algemene deelname van die burgers aan die politieke proses laat vaar word en selfs omgekeer word sodat onaktiwiteit en apatie by groot dele van die bevolking as wenslik en in belang van stabiliteit geag word. Hierdie hersiening berus op die empiriese gegewe dat diegene wat onaktief is, skynbaar nie 'n bepalende invloed op die gang van die politieke proses het nie, "... since they neither make erratic contributions by participating ignorantly nor make unreasonable and undemocratic demands" (McClosky, 1964, p.365). Die apatiese deel van die bevolking word uitgekanselleer deur dié deel wat wel geïnteresseerd is en wel aktief deelneem.

Die ondemokratiese gedeelte van die bevolking kan gerus ondemokratiese denkkeelde huldig - dit is hulle goeie reg. Solank hulle net nie in die demokratiese proses inmeng nie. Die demokratiese proses is veilig solank diegene wat ondemokratiese idees het, dit net nie uitdruk in konkrete politieke handeling nie (Prothro en Grigg, 1960, p.293-294; McClosky, 1964, p.376). Die nie-deelnemers hoef maar net lippediens aan die demokrasie te bewys, terwyl 'n meer gesofistikeerde begrip van die demokrasie nodig is vir die aktiewe deelnemers, wat die eintlike draers van die demokratiese ideaal is.

Die antwoord op die vraag hoe die demokrasie dan kan voortbestaan sonder dat dit aan die vereistes van die "klassieke" teorie voldoen, hou dus 'n fokusverskuiwing in, en wel 'n verskuiwing van die individuele burger na die stelsel as geheel. Hoewel die lede van die politieke gemeenskap nie almal aan die vereistes voldoen nie, beantwoord die stelsel as geheel tog daaraan. Die tekortkoming van die "klassieke" teorie lê na bewering in sy fokus op die individuele burger en sy verwaarloosing van wat Berelson e.a. (1954, p.312) noem "... the collective properties that reside in the electorate as a whole, and in the political and social system in which it functions". Die konsensus tussen die individue wat deur die "klassieke" teorie vereis word, maar wat in 'n heterogene gemeenskap soos dié van die Verenigde State nie moontlik is nie, word nou in die stelsel as geheel gesoek deurdat al die groepe ooreenkom om te hou by die spelreëls waarvolgens die magspel gespeel word (Wilson, 1971, p.120).

Indien hierdie standpunt aanvaar word, is dit logies om af te lei dat dit wenslik is dat groot gedeeltes van die bevolking apaties bly en nie betrokke raak in die politieke proses nie. Hulle moet dan ook nie aangemoedig word of gemobiliseer word vir deelname nie. Tog moet hulle die potensiaal behou om deel te neem, sodat diegene wat wel deelneem, nie nalaat om dié wat dit nie doen nie, se belange in ag te neem.

✓ Samevattend: die sogenaamde nuwe demokratiese teorie aanvaar dit as 'n empiriese feit dat groot dele van die bevolking oningeligte, ongeïnteresseerde en onverdraagsame burgers is. Indien hulle politiek onaktief gehou word, het die demokrasie niks om te vrees nie. Hulle gebrek aan belangstelling en deelname word gebalanseer deur 'n genoegsame aantal burgers wat wel die nodige demokratiese kwaliteite besit. Die resultaat is 'n matige belangstelling en 'n matige deelname wat bevorderlik is vir geleidelike veranderinge. Die potensieel negatiewe gesindhede van die nie-deelnemers word nie in die politieke spel geplaas nie omdat hulle nie aan die politieke proses deelneem nie. Dit is dus in belang van die stabiliteit van die stelsel dat dié magte uit die spel gehou word. So word die stelsel in stand gehou deur 'n fyn balans tussen magte wat op 'n makro-skaal opereer en nie meer deur die kwaliteite en deelname van elke individu afsonderlik nie (Almond en Verba, 1963, p.339-341).

'n Tweede teorie wat uit die groepsbenadering spruit, is die pluralistiese opvatting van politieke mag.

3.3 Die pluralistiese opvatting van politieke mag⁷⁾

Hoewel mag 'n konsep is wat reeds jare lank op verskillende wyses gebruik is, word dit deur die behavioraliste uitsluitlik verbind aan die groepteorie. Die verbintenis is van so 'n aard dat die groepe die instrumente of kanale vorm vir die aanwending van politieke mag. Dit is geen teorie in die sin wat die behavioraliste gewoonlik van 'n teorie praat nie. Eerder is dit modelle van of benaderings tot die konsep politieke mag. Daar bestaan uit die aard van die saak verskeie sulke modelle.

Die aanvaarding van mag as die wese van die politieke proses kan teruggevoer word na Thomas Hobbes, of selfs verder terug na Machiavelli. In kontemporêre sin word die werke van George Catlin, Charles Merriam en later Harold Lasswell egter geneem as die begin van die wetenskaplike beskouing van die aard en rol van politieke mag. Die sienswyse dat belangegroep die draers of geleiers van politieke mag is, het reeds in Truman se werk *The governmental process* (1951) na vore gekom, maar dit is vir die eerste keer eksplisiet uitgewerk deur Latham (1952).

Om mag te neem as sentrale konsep van die Staatsleer is een saak; om egter 'n duidelik omlýnde konsep van mag te ontwikkel wat met die alledaagse kenmerke van mag ooreenstem en tegelyk ook aanvaarbaar is as analitiese instrument, was vir die behavioraliste 'n moeisame taak.⁸⁾ Eindelik is daar twee modelle van politieke mag ontwikkel, naamlik die sogenaamde "reputational approach", ook genoem die piramidale of elitistiese model, en die pluralistiese benadering of besluitne-

mingsmodel.

Die vroeë studies oor magspatrone en magsverhoudings in die samelewing is veral deur sosioloë gedoen. In navolging van Hunger (1953) het hulle hoofsaaklik probeer om die mees invloedryke persone in die betrokke gemeenskap te identifiseer deur by lede van die gemeenskap vas te stel wie hulle meen die invloedrykste is. Dié metode het berus op die navorser se aanvaarding dat diegene met die reputasie dat hulle die invloedrykste is, inderdaad die invloedrykste persone in die gemeenskap is. Daarom word hierdie benadering die "reputational approach" genoem. Om verstaanbare redes het dié studies 'n sterk tendens getoon om 'n piramidale patroon van gesag bloot te lê, met bo-aan 'n klein maar sterk groepie wat beheer het oor al die belangrike sake, en wat hulle mag uitoefen via 'n groot aantal ondergeskiktes, wat op hulle beurt die besluite verder na onder deurgee vir uitvoering. Daarby kom dat die klein groepie bo-aan die piramide terselfdertyd ook die rykes is en diegene wat die ekonomie beheer. Die benaming elitistiese model is dan ook selfverklarend: die mag is in die hande van 'n elite-groep, dit is gewoonlik die rykes en die bevoorregtes van die gemeenskap.

Sommige politikoloë het sterk beswaar gehad teen die elitistiese model van politieke mag.⁹⁾ Veral twee besware is geopper. Die eerste is dat dit as konsep nie politieke mag presies kan identifiseer nie, omdat die metode wat gebruik word, die resultaat van die ondersoek reeds tot 'n groot mate vooraf bepaal: "... it takes the reputation for power as the measure for real power" (Wilson, 1971, p.238). Die belangrikste beswaar van die pluraliste is egter gemik teen die basiese pre-

misse van die elitistiese model: dat daar in elke gemeenskap 'n geordende sisteem van mag is, 'n magstruktuur wat 'n integrale deel en 'n spieëlbeeld van die betrokke gemeenskap se sosiale stratifikasie is. Hierdie premisse is deur die pluraliste verwerp, omdat dit 'n monolitiese en statiese beeld van die gemeenskap voorhou wat nie in ooreenstemming is met die pluraliste se opvatting van die gemeenskap nie (Polsby, 1962, p.478-479).

Dit het egter nie net by kritiek gebly nie. 'n Alternatief is uitgewerk waarin die klem geplaas word op die identifisering, lokalisering en meting van politieke mag deur belangrike politieke besluitnemingsprosesse te ontleed. Dahl se werk *Who governs?* (1961), waarin hy 'n studie maak van die magsverhoudinge in New Haven, het die riglyne neergelê van wat later bekend geword het as die besluitnemingsmodel van politieke mag en wat direk met die analitiese pluralisme geassosieer word.

As egte behavioraliste is die pluraliste geïnteresseerd in die empiries waarneembare aspekte van politieke mag. Daarom gaan die besluitnemingsmodel van die veronderstelling uit dat die enigste geleentheid waar mag waarneembaar is en dus vatbaar met die wetenskaplike metode, situasies is waar mag konkreet gebruik word om besluite te neem. In enige konfliktsituasie sal daardie persone wat oor die politieke mag beskik en vir wie die saak belangrik is, na vore kom en hulle invloed laat geld deur aan die besluitneming deel te neem. Mag kan dus gelokaliseer word deur belangrike besluitnemingsituasies noukeurig te ondersoek, en die uitoefening van mag kan gemeet word deur vas te stel wie aan 'n bepaalde besluit deelneem en wie daar voorstelle inisieer of veto. Slegs op hierdie wyse is mag

waarneembaar en tot 'n sekere mate meetbaar (Dahl, 1961, p.300-305).

Die pluraliste is nie geïnteresseerd in die "reputedly power=ful" nie; mag beteken vir hulle deelname aan besluitneming (Lasswell en Kaplan, 1950, p.75) en dit kan slegs ontleed word deur 'n aantal konkrete besluite waarin mag daadwerklik uitgeoefen is, sorgvuldig te ontleed (Dahl, 1952, p.466). Die werkwyse van die besluitnemingsmodel kan soos volg opgesom word:

- * Eers word 'n aantal belangrike besluite¹⁰⁾ uitgesoek wat bestudeer gaan word.
- * Dan word die persone geïdentifiseer wat 'n aktiewe deel in die besluitnemingsproses het.
- * Daarna word probeer om 'n volledige beeld te kry van hierdie persone se werklike gedrag terwyl die besluitneming aan die gang was.
- * Ten slotte word die resultaat van die spesifieke besluitnemingsproses ontleed in terme van die werklike rolle wat die betrokke persone daarin gespeel het.


Die groepteorie, die nuwe demokratiese teorie en die pluralistiese modelle van politieke mag vorm saam die teoretiese kern van die behavioralisme. Op sigself bied hierdie drie teorieë egter nog geen voldoende verklaring van die behavioralisme nie. Laasgenoemde kan alleen verstaan word indien die wysgerige ontderbou van hierdie teorieë onderken word. Dit moet eenvoudig aanvaar word dat die politieke teorieë wat hierbo bespreek is, nie in die lug hang nie, maar gedra word deur 'n bepaalde teo=

reties-wysgerige onderbou.

3.4 Die wysgerige onderbou van die behavioralistiese teorieë

Volgens die vooronderstellingsteorie van wetenskap,¹¹⁾ wat skrywer in 'n algemene sin onderskryf, is die behavioralistiese politieke teorieë nie moontlik sonder bepaalde ontologiese, antropologiese, politiek-filosofiese en epistemologiese veronderstellings nie. Die bogenoemde drie politieke teorieë is naamlik die resultaat van die verstaan van die politieke werklikheid in die lig van bepaalde opvattinge in verband met die werklikheid in die algemeen en die mens, menslike kennis en die politieke werklikheid in die besonder. Saam vorm hierdie veronderstellings die komponente van wat genoem kan word die behavioralistiese paradigma. Gerieflikheidshalwe kan hulle saamgetrek word in twee kategorieë, naamlik die epistemologiese (w.o. veral die metodologiese) en die politiek-filosofiese.

Daar moet in verband met die behaviorisme tussen vier faktore onderskei word wat op 'n spesifieke manier met mekaar in verband staan: die konkrete politieke praktyk in die Verenigde State wat tot 'n groot mate gevorm is deur die pluralisme-filosofie, die epistemologiese en politiek-filosofiese veronderstellings wat as't ware die bril vorm waarmee die behavioraliste na die politieke werklikheid kyk en die politieke teorieë wat die resultaat van laasgenoemde is. Die verhouding tussen die vier faktore kan verduidelik word aan die hand van 'n eenvoudige skets:



A stel die pluralisme-filosofie voor, B die politieke praktyk wat daardeur gevorm is, C_1 en C_2 onderskeidelik die epistemologiese en politiek-filosofiese komponente van die behavioralistiese paradigma en D die behavioralistiese politieke teorieë wat hierbo bespreek is. Duidelikheidshalwe kan daar 'n vyfde bygevoeg word, naamlik E, die breë werklikheidsbeskouing waarbinne die behavioralistiese paradigma funksioneer. Die soliede lyne stel die faktore en verhoudings voor wat deur die behaviorisme verreken word, en die stippellyne stel die faktore en verhoudings voor wat klaarblyklik nie verstaan, of in ieder geval nie erken word nie.

Behavioraliste aanvaar en maak daarop aanspraak as 'n kenmerk van hulle wetenskap dat die behavioralistiese politieke teorieë (D) suiwer empiriese teorieë is. Hulle glo dat die "wetenskaplike" metodes wat hulle gebruik, daarvoor verantwoordelik is dat alle subjektiewe, ideologiese en metafisiese faktore uit die wetenskapsproses uitgeskakel word. So 'n beskouing berus klaarblyklik op 'n bepaalde opvatting van kennis en wetenskap, want dit aanvaar dat dit moontlik en wenslik is om

suiwer objektiewe kennis aangaande die politieke werklikheid te verkry. Hierdie epistemologie kan in die algemeen as positivisties en empiristies getipeer word. Dit behoort tot die wese van die positivisties-empiristiese epistemologie dat aanvaar word dat die aanwending van sogenaamde positiewe en empiriese metodes (C₁) tot gevolg sal hê dat alle veronderstellings in verband met die wêreld, die mens en die politiek (C₂) uitgeskakel kan en moet word ten einde 'n "waardevrye" verklaring (D) van die empiriese stand van sake (B) te gee.

Wat die behavioraliste blykbaar nie beseef nie, is dat die aanwending van 'n positivisties-empiristiese metodologie in die Staatsleer politiek-filosofiese implikasies het. 'n Positivisties-empiristiese metodologie se (implisiete) positiewe waardering vir die empiriese stand van sake is daarvoor verantwoordelik dat die politieke filosofie wat aan die empiriese stand van sake ten grondslag lê, by implikasie aanvaar word. Vir 'n empiristiese wetenskap soos die behavioralisme is dit onvermydelik. As die politieke praktyk onkrities en "waardevry" aanvaar word as die observasionele data van die wetenskap, word die onderliggende politieke filosofie (A) van hierdie politieke praktyk wat as data diens doen (B), by implikasie ook aanvaar. Dit beteken, eenvoudig gestel, dat die behavioralistiese politieke teorieë nie so suiwer empiries is as wat die behavioraliste graag wil aanvaar nie, maar dat dié teorieë - as gevolg van 'n bepaalde metodologie - onlosmaaklik verbind is aan die filosofie van die bestaande orde, dit is die pluralisme-filosofie.

Die gevolgtrekking kan dus gemaak word dat, hoewel nie alle behavioraliste die pluralisme-filosofie as teoretiese uitgangspunt in hulle wetenskapsbeoefening (C₂) aanvaar nie (maar dit inderdaad metodologies probeer uitskakel), aanvaar hulle dit tog indirek en implisiet in die sin dat dit toevallig die politieke filosofie van die bestaande politieke stelsel in die Verenigde State is. Terwyl die pluralisme-filosofie by die voordeur uitgejaag word, is dit onvermydelik dat dit weer by die agterdeur ingebring word.

Daar is egter nie net hierdie metodologiese verband tussen die behavioralisme en die pluralisme-filosofie nie. Eersgenoemde het ook 'n intrinsiek-ideologiese karakter. Die behavioralistiese paradigma (C₁ en C₂) kan teruggevoer word na 'n breër werklikheidsbeskouing wat as "wetenskaplik" aangedien en wat gekenmerk word deur 'n materialistiese en meganistiese visie op die werklikheid. Tussen hierdie werklikheidsbeskouing (E) en die pluralisme-filosofie (A) is daar 'n duidelike verband. Die pluralisme-filosofie is naamlik die uitdrukking, op die gebied van die politiek, van hierdie meganistiese werklikheidsbeskouing. Die pluralisme-filosofie is in die hele opset dus nie 'n toevallige faktor nie; dit is die realisering op politieke gebied van 'n werklikheidsbeskouing wat ook die "moeder" van die behavioralistiese paradigma is. As die meganistiese werklikheidsbeskouing (E) dan die "bril" is waardeur die politieke werklikheid (B) betrag word - maar dit (E) is terselfdertyd ook die wysgerige grondslag van die politieke werklikheid - dan is dit onvermydelik dat die meganistiese werklikheidsbeskouing en die pluralisme-filosofie implisiet in die behavioralistiese politieke teorieë aanwesig sal wees. Die behavioralisme moet dus beskou word as 'n huwelik tussen die

positivisties-empiristiese wetenskapsbeskouing en die werklikheidsbeskouing wat daaraan ten grondslag lê en die pluralismefilosofie, wat enersyds van die politieke praktyk afkomstig is, maar andersyds ook deur die meganistiese werklikheidsbeskouing geïnspireer word. Dat die behavioralisme jare lank slegs in terme van sy wetenskapsteoretiese uitgangspunte as 'n blote metodologiese benadering tot die studie van die politiek begryp is, moet daaruit verklaar word dat die Amerikaanse politieke filosofie so algemeen aanvaar is dat daar selfs onder politikoloë min of geen dispuut oor was nie. Die politieke paradigma van die behavioralisme is so wyd aanvaar dat selfs die feit van die bestaan daarvan nie eens begryp is nie en die teoretiese aktiwiteit van die dissipline hoofsaaklik toegespits is op die wetenskapsteoretiese aspek van die paradigma in die vorm van die verfyning van navorsingsmetodes en tegnieke. Reid (1972, p.346) merk in hierdie verband tereg op: "American political science has not been characterized by works seeking either to justify or to controvert the political order. Rather, the political order has been 'accepted', and distinctive American 'political theory' has tended to be concerned with means and methodology." Ten einde hierdie wysgerige onderbou van die behavioralisme beter te begryp, is dit noodsaaklik om dié twee peilers nou verder te ondersoek.

4. Wetenskapsteoretiese paradigma van die behavioralisme

Die behavioralisme werk met 'n bepaalde opvatting van die aard van die Staatsleer as wetenskap van die politiek, wat op sy beurt weer berus op 'n bepaalde wetenskapsbeskouing.

4.1 Selfkonsepsie van die behavioralisme

Die behavioralisme se groot ideaal is om van die Staatsleer 'n wetenskap te maak volgens die model van die natuurwetenskappe. Easton (1962, p.9) wys byvoorbeeld daarop dat, ten spyte van die verskillende nuanserings wat binne die behavioralisme aanwesig is, daar een gemeenskaplike fokuspunt is, naamlik "... a science of politics modelled after the methodological assumptions of the natural sciences". Hierdie wetenskapsideaal kom vry algemeen voor onder behavioraliste (Jackson, 1972, p.402; Kirkpatrick, 1962, p.2). Dit vorm trouens die teoretiese kern van die behavioralisme. Soos Eksteen (1973, p.14) dit stel: "... the Behavioral approach has sought to foster the self-conscious 'scientific' orientation to the study of politics."¹²) Die behavioralisme was aanvanklik 'n opstand teen die "onwetenskaplike" wyse waarop die Staatsleer tradisioneel beoefen is. Laasgenoemde is volgens Kirkpatrick (1962, p.10) gekenmerk deur blote feiteversameling ten opsigte van politieke instellings. Van veralgemenings wat kon lei tot die formulering van wetmatighede, was daar weinig sprake. Daar is min of geen gebruik gemaak van gekwantifiseerde data en statistiese metodes; allerlei subjektiewe waarde-oordele het die interpretasie van die feite verdraai en daar is glad nie kennis geneem van ontwikkelinge in ander menswetenskappe soos die Psigologie en die Sosiologie nie. Kortom, die tradisionele Staatsleer is beskou as 'n "... sloppy, impressionistic, crudely empirical and prejudiced science" (Kirkpatrick, 1962, p.10). Hierteenoor was dit die ideaal van die behavioraliste om van die Staatsleer 'n egte wetenskap te maak.

Konkreet hou die ideaal van wetenskaplikheid vir die behavioralistes vier dinge in: die formulering van wetmatighede in die vorm van teorieë oor die politieke werklikheid, die gebruik van 'n stabiele ontledingseenheid, die idee van waardevryheid en die aanwending van betroubare metodes, dit is dié metodes wat deur die natuurwetenskap as betroubaar bewys is.

4.1.1 Die formulering van wetmatighede

Die behavioralistes is oortuig dat die sosiale werklikheid, soos die fisiese werklikheid, onderhewig is aan wetmatighede wat deur middel van wetenskaplike metodes begryp en in die vorm van teorieë uitgedruk kan word. Daarom sou dit ook vir die Staatsleer moontlik wees om die wetmatighede wat die politieke gedrag van mense beheers, te ontdek en te formuleer (Polsby e.a., 1963, p.vii). Easton (1962, p.7) spreek byvoorbeeld die oortuiging uit dat "There are discoverable uniformities in political behavior. These can be expressed in generalizations with explanatory and predictive value".

4.1.2 Politieke gedrag as ontledingseenheid

Ten einde vir die Staatsleer geldige teorieë te formuleer, was dit noodsaaklik dat stabiele ontledingseenhede gevind moes word wat in die navorsingsproses dieselfde funksie kon vervul as molekules, atome en selle in die natuurwetenskappe (Eksteen, 1973, p.8). Hiervoor is die begrip *gedrag* van kardinale belang. Gedrag is volgens die behavioralistes die enigste aspek van die politieke werklikheid wat eksak meetbaar is. Eers wanneer die mens buite die grense van sy subjektiwiteit tree en handel (bv. om te stem in 'n verkiesing), is dit moontlik om

die mens wetenskaplik te begryp. Eers wanneer hy handelinge onderneem wat wetenskaplik meetbaar is, kan 'n wetenskaplike studie van sy gedrag onderneem word. So word politieke gedrag, of dit nou individuele of groepsgedrag is, die hoofokus van die behavioralisme. (Vgl. Eksteen, 1973, p.27-30.) Politieke gedrag, en nie metafisiese begrippe soos *staat* en *soewereiniteit* nie, is vir die behavioraliste die studieterrein van die Staatsleer.

Die politieke gedrag van die individuele mens is die sentrale uitgangspunt van die behavioralisme (Eulan, 1963, p.14). Dit beteken egter nie dat die behavioralistiese Staatsleer beperk is tot die studie van die politieke gedrag van individue nie. Trouens, die meeste behavioraliste is nie geïnteresseerd in die politieke gedrag van die individu as sodanig nie. Die politieke gedrag van groepe, organisasies, gemeenskappe, massabewegings of nasies is die onderwerp van die oorgrote deel van die behavioraliste se navorsing. Deurgaans word egter veronderstel dat die politieke gedrag van groepe, mense of organisasies slegs begryp kan word in terme van die gedrag van die individue wat die molekulêre eenhede van die groep of organisasie uitmaak. Soos Eulan (1963, p.15) dit stel: "... from the behavioral perspective, these collectivities exist and behave the way they do only insofar as the people composing them act in a certain way".

Hoewel politieke gedrag die hoofstudieterrein van die behavioralisme vorm, was dit nodig dat dit verder opgebreek word in kleiner eenhede wat kan dien as boustene vir 'n algemene teorie van die politiek. Merriam en sy navolgers aan die Chicago School het *mag* ("power") geneem as ontledingseenheid. Hulle

het ook die *groepkonsep* ("group approach") geïnisieer. Herbert Simon het weer die konsep *besluitneming* ("decision making") aan die dissipline bekend gestel. Dit was die begin van 'n belangrike nuwe studieveld in die Staatsleer. Die *stemgedrag* van kiesers het 'n ander belangrike fokuspunt van die dissipline geword. (Vgl. Berelson e.a., 1954.) Karl Deutsch het op sy beurt probeer om 'n teoretiese benadering te bou rondom die konsep *informasie* (Deutsch, 1953). David Easton het die *stelselkonsep* vir die Staatsleer ontwikkel (Easton, 1965). Al hierdie kategorieë is ontwikkel as instrument vir die studie van politieke gedrag.

Nie die formele struktuur van politieke instellings nie, maar vrae soos hoe en waarom mense politieke handeling verrig, hoe politieke instellings funksioneer, hoe die dinamiese prosesse binne 'n politieke stelsel verloop, presies hoe besluitnemingsprosesse verloop, het nou die studieveld van die Staatsleer geword. En al hierdie vrae sentreer rondom die kernvraag oor die aard van politieke gedrag.

4.1.3 Waardevryheid

Die behavioralisme streef daarna om 'n objektiewe, waardeevrye wetenskap te wees. Eintlik is so 'n stelling tautologies, want volgens die behavioralistiese wetenskapsbeskouing hoort dit tot die aard van wetenskap dat dit objektief en neutraal is.

Die idee van 'n waardeevrye Staatsleer berus op die feit-waardedigotomie wat in die sosiale wetenskappe bekendheid verwerf het deur die denke van Max Weber en sedertdien baie wye aanvaarding geniet in positivistiese kringe. Die digotomie is deur die behavioraliste aanvaar as basiese metodologiese uit-

gangspunt. Sowel Van Dyke (1960, p.9) as Easton (1962, p.7) poneer die fundamentele onderskeid tussen feite en waarde-oordele. Feite en waarde-oordele is van verskillende logiese ordes. Feite is stellings in verband met empiriese stande van sake. Waarde-oordele is uitdrukkings van persoonlike voorkeur. Deur middel van feite word waarhede in verband met die empiriese werklikheid gemaak wat berus op waarneming. Waarde-oordele gee uitdrukking aan wat iemand meen behoort te wees (Van Dyke, 1960, p.9).

Feite en waarde-oordele is onherleibaar tot mekaar. Geen waarde-oordeel kan dus logies afgelei word van 'n stel feite nie (Frohock, 1974, p.5). (Hierdie stelling berus op 'n reël van die deduktiewe logika dat niks in 'n gevolgtrekking teenwoordig mag wees wat nie aanwesig is in die premis waarvandaan die gevolgtrekking gemaak is nie. Wat behoort te wees, kan dus nie afgelei word van wat *is* nie. Volgens die behavioraliste het wetenskap slegs te doen met feite. Waarde-oordele val buite die bestek van die wetenskap. Soos Van Dyke (1960, p.192) dit stel: "*Science and scientific* then, are words that relate to only one kind of knowledge, i.e., to knowledge of what is observable, and not to any other kinds of knowledge that may exist. They do not relate to alleged knowledge of the normative - knowledge of what ought to be." Waardes kan natuurlik die onderwerp van navorsing wees, en die behavioraliste ontken hoegenaamd nie dat waardes 'n belangrike rol in die politieke proses speel nie (Kalleberg, 1960, p.166), maar die navorser moet en kan metodologies neutraal bly.

Nie alle behavioraliste is egter bereid om so 'n radikale skeiding van feite en waarde-oordele te onderskryf nie. Eksteen (1973, p.23-26) wys tereg daarop dat daar in dié verband by die behavioralisme twee skole voorkom: diegene wat 'n totale skeiding voorstaan, en diegene wat erken dat waardegebondenheid onvermydelik is, byvoorbeeld Dahl en Easton, (Vgl. Easton, 1953, p.223; Dahl, 1969, p.341 en Dahl en Lindblom, 1953, p.16.)

Wat die ideaal van waarde-vryheid betref, moet daar dus rekening gehou word met verskillende nuanserings in die behavioralisme.

4.1.4 Die "wetenskaplike metode"

Volgens behavioralistiese oortuiging kan die ideaal van 'n wetenskap van die politiek slegs bereik word deur gebruik te maak van wat hulle aanvaar as "die wetenskaplike metode". Soos Jackson (1972, p.406) dit stel: "According to the behavioral understanding of science, scientific theory is achieved by the scientific method". Die vraag is nou: wat word bedoel met "the scientific method"?

Daar is werklik geen gebrek aan literatuur oor die metodologiese aspek van die behaviorisme nie. Verwysings na en verduidelikings van terme soos "the scientific method", "the conduct of inquiry", "assumptions and methods of empirical science", "modern scientific approaches" en "the theory and method of political science" word dikwels aangetref. Die meeste werke wat bedoel is as 'n inleiding tot die Staatsleer, bevat 'n hoofstuk of afdeling oor wat beskou word as 'n aanvaarbare

en gangbare metodologie.

Dit is ondenkbaar dat alle behavioraliste presies dieselfde kan verstaan onder die term "wetenskaplike metode". Daar moet ruimte gelaat word vir verskille. Baie behavioraliste werk selfs nie met 'n gepresiseerde model van "die wetenskaplike metode" nie. Tog is daar 'n basiese model of kern wat deur die meeste behavioraliste aanvaar word. Van Dyke (1960) se weergawe van die model kan hier as voorbeeld dien. (Vgl. ook Eulau, 1969; Kaplan, 1964; Meehan, 1965 en Meehan, 1971.) Hy het naamlik probeer om 'n rasionaal vir wetenskaplike werksaamheid uit te werk. Hy noem dit: "a philosophy of science applicable to political science" (Van Dyke, 1960, p.vii) en bied dit aan as 'n werkwyse wat nagevolg behoort te word.

Die doel van die Staatsleer, sê hy, is om veralgemenings in verband met politieke gedrag te ontwikkel. Hierdie veralgemenings word nader gespesifiseer: "... to advance hypotheses about relationships, to discover uniformities or regularities or laws, and to suggest theories, the higher the level of generalization, the better" (Van Dyke, 1960, p.159). As sulke veralgemenings enige aanspraak op wetenskaplikheid wil maak, moet dit verifieerbaar wees (p.159). Met verifikasie bedoel Van Dyke dat 'n stelling of proposisie deur deskundiges op daardie spesifieke gebied getoets moet word deur die noodsaaklike verband tussen die proposisie en die relevante feite te bevestig - die sogenaamde "correspondence of the statement to experience". Dit beteken dat daar empiries te werk gegaan moet word: "... if scientific knowledge is to be verifiable, science must be empirical; that is, scientific statements must be descriptive of the empirical world" (p.192).

Die vertrekpunt is dus om die politieke wêreld sintuiglik waar te neem. Deur middel van waarneming word feite in verband met die politieke werklikheid verkry (p.56-60). Deur feite te klassifiseer word konsepte gevorm (p.61-70), en van die konsepte af word daar veralgemeen. Veralgemening is die beweging vanaf 'n stelling wat vir een waargenome verskynsel waar is na 'n stelling wat vir meer verskynsels van dieselfde klas waar is (p.73). Hiervoor moet van induksie sowel as deduksie gebruik gemaak word, want hoewel induksie onontbeerlik is vir die waarneming van die politieke werklikheid, kan induksie alleen nie die mate van sekerheid verskaf wat deur wetenskap vereis word nie: "... inductive propositions cannot be certain. Until all possible instances of an inductive generalization have been examined, certainty is a logical impossibility" (p.192). Al die implikasies van 'n gegewe proposisie (dit is sekerheid) is slegs deur middel van deduksie bepaalbaar (p.184). Sodoende word veralgemenings van verskillende ordes of vlakke van algemeenheid bereik, byvoorbeeld proposisies, postulate, premisse, hipoteses, teorieë en wette. Al hierdie terme verteenwoordig slegs die verskillende vorms of vlakke van algemeenheid waarop kennis uitgedruk kan word. Daar moet natuurlik, sê Van Dyke (p.159), daarna gestreef word om die hoogs moontlike vlak van veralgemening te bereik, maar sodra daar 'n kontradiksie ontstaan tussen die ideaal van 'n hoë vlak van veralgemening en die eis van betroubaarheid of sekerheid, moet die voorkeur aan laasgenoemde gegee word (p.159).

Die kenmerkende van die beskouing van Van Dyke is dus dat veralgemenings, op watter vlak van veralgemening ook al, verifieerbaar moet wees. En verifikasie word in terme van sintuig-

like waarneming gedefinieer. Van Dyke vat sy standpunt saam deur op te merk: "So far as empirical statements are concerned, the principal point of the positivist is that they be either verified or verifiable through observation - through the use of one or another of the senses. They are supposed to be descriptive of reality" (p.9).

Indien stellings verifieerbaar moet wees, lui die argument verder, moet die metodes waarmee dit bereik word, betroubaar wees. Dit beteken dat 'n bepaalde metode, as dit deur verskillende vakmanne aangewend word, nie verskillende resultate moet oplewer nie. Die eis van betroubaarheid en verifieerbaarheid is dus die direkte aanleiding tot die gebruik van kwantitatiewe metodes.¹³⁾

Met die oog op noukeurige waarneming van die gesindhede, motiewe en gedrag van groot getalle mense is verskillende meningsopnametegniese ontwikkel, byvoorbeeld die sogenaamde "probability sample survey". Hierdie metode van bestudering van die openbare mening en van die stemgedrag van kiesers het baie populêr geword en daar bestaan reeds 'n enorme aantal van dié studies. Vir die berging en prosessering van die groot hoeveelhede data wat op die manier versamel is, is databanke gestig. Die elektroniese rekenaar het inderdaad 'n daaglikse gebruiksartikel vir die Amerikaanse politikoloog geword.

Vir die analise van data is verskeie metodes ontwikkel (vgl. Eulau, 1963, p.31-35):

- * statistiese analise van gekwantifiseerde data;
- * inhoudsanalise ("content analysis") van dokumente;
- * skaalanalise ("scale analysis") vir die ordening van diskrete handeling;
- * faktor-analise ("factor analysis") vir die bepaling van die komponente van 'n aantal verwante besluite;
- * sosiometriese tegnieke vir die studie van groepeien=
skappe soos gesag, moreel en samebinding.

Verskillende teoretiese modelle is ontwikkel om die formule=
ring van wetmatighede te vergemaklik, byvoorbeeld die spele=
teorie ("games theory") in verband met konfliktsituasies. Ook
word gebruik gemaak van simulاسie met behulp van die rekenaar
en van eksperimente met klein groepies mense in "social science
laboratories" (Kirkpatrick, 1962, p.23).

Die tegniese aard van hierdie metodes het Eulau (1963, p.31)
genoop om op te merk dat die behavioralistiese rewolusie in
die Staatsleer hoofsaaklik 'n tegnologiese rewolusie is. 'n
Groot deel van die behavioralistiese literatuur is dan ook on=
verstaanbaar sonder 'n deeglike kennis van statisties-matema=
tiese ontledingstegnieke.

Dit is dus duidelik dat die term "wetenskaplike metode" deur
die behaviorisme in natuurwetenskaplike, of nader nog, mate=
maties-fisikalistiese terme opgevat word. In 'n poging om
meer "wetenskaplik" te wees, het die behavioraliste hulle toe=
vlug tot die metodes van die natuurwetenskap geneem. Kirkpa=
trick (1962, p.14) merk tereg op: "Many, if not most, of the
specific techniques of political behavior (d.i. die behavio=

ralitiese Staatsleer) were borrowed from the natural sciences in an effort to be more 'scientific' and in the hope that similar methods would lead to similar successes". Die term "wetenskaplike metode" het dus in die behavioralisme die betekenis van empiries georiënteer, kwantitatief, soveel as moontlik eksperimenteel, eksak en metodies presies. In die praktyk moet dit noodwendig die effek hê dat slegs sintuiglik waarneembare verskynsels in die greep kom en dat sintuiglik onwaarneembare verskynsels nie in aanmerking kom as feite waarop wetenskaplike stellings gebou kan word nie. Maar hoewel die behavioralisme 'n hoë premie plaas op die doelbewuste aanwending en verfyning van empiriese metodes, en ofskoon daar inderdaad baie behavioraliste was en nog steeds is wat in 'n soort metodiededrywery verval het, moet dit beklemtoon word dat die behavioralisme tog baie meer wil wees as die blote inbring van sogenaamde wetenskaplike metodes in die Staatsleer. Metode moet slegs die instrument wees vir teorievorming, wat die essensie van wetenskap is. Ake (1972, p.113) stel dié punt baie duidelik: "We must count and measure, but counting and measuring is not itself science; counting and measuring should be done in the context of a well articulated theory". Ook Kirkpatrick (1962, p.23-24) lê klem daarop dat die behavioralisme nie gelyk gestel moet word aan sy metodes en tegnieke nie. Metodes, sê hy, is net die gereedskap waarmee 'n greep op politieke gedrag gekry word sodat dit verklaar kan word deur middel van teorieë.

Dit vereis geen besondere insig om te beseef dat hierdie selfkonsepsie van die behavioralisme op 'n bepaalde wetenskapsbeskouing berus nie. Die opvatting dat wetenskap essensieel te make sou hê met die ontdekking van natuurwette wat in die vorm

van teorieë geformuleer moet word, die idee dat betroubare teorieë alleen bereik kan word deur middel van veralgemenings wat gebaseer is op die empiriese waarneming van 'n basiese ontledingseenheid, die idee van waarde-vryheid, ens., is alles resultate van 'n bepaalde wysgerige visie op kennis en op wetenskap. Die vraag is net: watter wetenskapsbeskouing is dit wat hier ter sprake is?

4.2 Wetenskapsfilosofiese wortels van die behavioralisme

Uit die selfbeeld van die behavioralisme wat hierbo kortliks geskets is, is dit duidelik dat die behavioralisme baie direk verbind is aan die positivistiese en empiristiese wetenskaps-tradisies. Verskillende teoretici beklemtoon hierdie feit. Miller (1972, p.796) merk tereg op: "It is generally recognized that the 'behavioral revolution' brought into ascendancy an approach to political inquiry whose epistemological roots lie in positivism and ultimately, in classical British empiricism". Ook Mackenzie (1972, p.226) hou die positivisme verantwoordelik vir die behavioralisme se beklemtoning van die sintuiglik waarneembare en die verwerping van alles wat agter die waarneembare lê.

4.2.1 Die positivisme

Die term "positivisme" is 'n verkorte vorm van die benaming "positiewe filosofie" wat afkomstig is van die Franse filosoof Auguste Comte. Die positivisme kan kortweg beskryf word as 'n bepaalde normatiewe benadering tot kennis en die wetenskap. Comte gebruik die term "positief" om te verwys na die *werklike* in teenstelling met die *denkbeeldige*, na dit wat gekenmerk

word deur *sekerheid* in teenstelling met dit wat *onbeslis* is, na dit wat *eksak* is in teenstelling met dit wat *vaag* is, na dit wat *absoluut* is in teenstelling met dit wat *relatief* is (Comte, 1956, p.82 en verder). Op hierdie basis onderskei hy tussen wetenskap en metafisika. Wetenskap het volgens hom alleen te doen met die feitlike, die eksakte, die bruikbare en die absolute. Die positivisme wil die gerigtheid van die denke op die metafisiese beëindig deur hom te beperk tot die werklike en die feitlike. Dit is egter belangrik om daarop te let dat Comte nie 'n *ontologiese* onderskeid tref tussen die feitlike en die nie-feitlike nie. Enigiets wat die objek van rigoristiese wetenskaplike ondersoek kan wees, word aanvaar as feitlik. Dit beteken dat die domein van die wetenskap *metodologies*, en nie *ontologies* nie, bepaal word. Wat tot die domein van die wetenskap behoort, word bepaal deur die vraag of dit in die greep van die wetenskaplike metode gekry kan word. Die vraag is dus: wat is hierdie metodologie?

Kolakowski (1968, p.3-9) onderskei vier basiese kriteria vir wetenskap by die positivisme. Die eerste noem hy die reël van *fenomenalisme*. Dit beteken dat daar geen ander werklikheid bestaan as dié verskynsels wat singtuiglik waarneembaar is nie: "there is no real difference between 'essence' and 'phenomenon'". Waarneembare verskynsels is nie maar die manifestasie van 'n werklikheid wat agter die verskynsels sit maar nie andersins kenbaar is nie; die waarneembare werklikheid is die enigste werklikheid. Die tweede noem hy die reël van *nominalisme*. Daarmee word bedoel dat die abstraksies of konsepte wat die mens vorm om die werklikheid mee te verstaan, geen aanspraak op 'n selfstandige bestaan het nie, maar blote menslike skeppings (instrumente) is waarmee die waargenome werk-

likheid georden word. Daar bestaan dus nie iets soos *universalia* nie. Voortspruitend uit die fenomenalisme bestaan daar byvoorbeeld nie iets soos die universele begrip "sirkel", waarvan elke individuele sirkel maar net 'n verskyningsvorm is nie. Die begrip "sirkel" is bloot 'n konsep, 'n naam, wat geen onafhanklike kognitiewe funksie het in die sin dat "... via its abstractions, it opens access to empirically inaccessible domains of reality." Die derde reël is die *ontkenning dat waarde-oordele en normatiewe stellings enige wetenskaplike waarde het*. Die waargenome werklikheid, glo die positiviste, bevat nie kwaliteite soos "goed" en "sleg" of "mooi" en "lelik". Daar is ook niks in die logika van die waargenome werklikheid wat 'n bepaalde waarde-oordeel kan ondersteun nie. Dit wil egter nie sê dat die mens nie waarde-oordele mag maak nie; die punt is net dat waarde-oordele nie op wetenskaplike gronde gemaak kan word nie. Die enigste grond vir waarde-oordele is die mens se subjektiewe en arbitrêre keuses. Die vierde reël van die positivisme is die geloof in die *eenheid van die wetenskaplike metode*. Dit kom daarop neer dat aanvaar word dat die metodes vir die verkryging van geldige kennis wesenlik dieselfde is op alle kennisgebiede. Die verskille wat daar nog tussen die wetenskappe is, is te wyte aan die verskillende historiese stadia waarin hulle verkeer; maar uiteindelik, wanneer die metodes wat deur die Fisika ontwikkel is, algemeen aanvaar en toegepas word, sal ál die kennisgebiede gereduseer word tot een enkele wetenskap.

Dit is dus duidelik dat die positivisme 'n afkeer het in alles wat "metafisies" is en as wetenskaplik akkrediteer slegs daar die kenaktiwiteit wat gebaseer is op sintuiglike waarneming. Om daardie rede karakteriseer Kolakowski (1968, p.9) die posi-

tivisme as "... an observational position entirely free of metaphysical assumptions."

Die twintigste-eeuse vorm van die positivismes staan bekend as die logiese positivismes.

4.2.2 Die logiese positivismes

Vir baie jare het die logiese positivismes 'n dominerende posisie in die Westerse wetenskapsbeoefening beklee. Dit het omstreeks die begin van hierdie eeu begin toe daar in die Westerse wetenskapswêreld ingrypende veranderings ingetree het wat Toulmin (1971, p.54) die "Formalist Revolution" noem en wat hoofsaaklik 'n poging was om die wetenskap te bevry van die historiese en spekulatiewe aanhangsels wat na bewering die vorming van ware en betroubare kennis in die wêreld gery het. Hiermee is 'n era in die wetenskapsbeoefening ingelui wat gekenmerk is deur 'n statiese, a-historiese, abstrakte en in baie gevalle matematiese wêreldbeeld en wetenskapsprosedures (Botha, 1976, p.53). Teen die vyftigerjare het die positivismes in sy verskillende gedaantes nie net die filosofie van die natuurwetenskappe nie maar ook die filosofie van die sosiale wetenskappe oorheers (Toulmin, 1971, p.54). Toulmin stel dit so: "Whatever its origins, the effects of this early 20th-century 'modernism' were clear enough. All the way across the field, from logic and mathematics to the human sciences and the fine arts, the essential tasks of intellectual and artistic activity were redefined in static, structural, a-historic, non-representational, and wherever possible mathematical terms" (Toulmin, 1971, p.54).


Die logiese positivisme word veral geassosieer met die sogenaamde Weense Kring.¹⁴⁾ Dit is 'n informele groep wetenskapsfilosowe wat sedert die eerste dekade van hierdie eeu probeer het om, in die algemene positivistiese tradisie, 'n nuwe wetenskapsmodel te ontwikkel wat reg laat geskied aan die vir hulle sentrale betekenis van die wiskunde, die teoretiese fisika en die logika vir die wetenskap. Die ou positivisme het wel, deur middel van sy empirisme, die moontlikheid geskep vir "tasbare sekerheid", maar vir die abstrakte sekerheid van die wiskunde en die logika het dit nog geen waardering gehad nie. Die logiese positiviste was oortuig dat die menslike verstand toegerus is met 'n objektiewe logiese funksie wat, as dit normaal funksioneer, altyd op dieselfde wyse funksioneer. Sonder om sintuiglike waarneming as sodanig prys te gee, het die logiese positiviste die primaat daarvan prysgegee deur sintuiglike waarneming in te bou in 'n nuwe skema, waarin dit onder leiding van die logiese funksie staan. Vandaar benaminge soos *logiese positivisme* en *logiese empirisme*.¹⁵⁾

Enkele van die leerstellings van die logiese positivisme wat vir die sosiale wetenskappe van besondere belang is, sal nou kortliks aandag geniet.

Om die wetenskapsbeskouing van die logiese positivisme te begryp, is dit noodsaaklik om vooraf die aandag te vestig op die onderskeid wat gemaak word tussen die sogenaamde "context of discovery" en die sogenaamde "context of justification" van die wetenskap.

Die "context of discovery" het te doen met die historiese, sosiologiese en psigologiese faktore en prosesse van die werklike ontdekking van teorieë, dit wil sê hoe die wetenskaplike proses werklik in die praktyk plaasvind. Daarin is die logiese positiviste nie geïnteresseerd nie. Waarin hulle wel belangstel is die "context of justification", dit is die logiese struktuur en logiese regverdiging van wetenskaplike teorieë. Die doel van die logiese positivisme is om bestaande wetenskaplike teorieë te ontleed, "... clarifying their logico-mathematical structure as well as their empirical confirmation (or disconfirmation) (Feigl, 1970, p.13). Hulle wil die logiese struktuur van 'n teorie of wetenskaplike uitspraak reconstrueer ten einde te bepaal of dit voldoen aan die kriteria vir wetenskap. Of soos Kisiel en Johnson (1974, p.142) dit stel: Hulle oogmerk is "... an analytic clarification of their conceptual-axiomatic structure and empirical base". Dit gaan dus vir die logiese positivisme in die eerste plek om die bepaling van die wetenskaplike houdbaarheid of meriete van teorieë deur die logiese struktuur daarvan te toets aan bepaalde kriteria.

Die wetenskapsmodel van die logiese positivisme maak 'n skerp onderskeid tussen feite en teorieë. 'n Eenvoudige skets, wat natuurlik 'n oorvereenvoudiging is, illustreer die logiese struktuur van 'n wetenskaplike teorie volgens hierdie beskouing duidelik.¹⁶⁾



Die skets toon aan dat daar twee vlakke is: die empiriese en die teoretiese, die feitmatige en die wetmatige. Vandaar die karakterisering van hierdie wetenskapsbeskouing as die "two-tier view of science" (Scheffler, 1975, p.47).

'n Teorie bestaan uit 'n geïntegreerde stel postulate wat op hulle beurt weer op 'n aantal teoretiese stellings berus wat logies aan mekaar verbind is. Hierdie postulate bevat wetmatige veralgemenings, dit is stellings wat wetmatige relasies tussen verskillende soorte gebeure konstateer. Enige stel postulate is egter slegs 'n netwerk van simbole en hulle betekenis is suiwer formeel. Die postulaatnetwerk dryf dus as't ware bokant die vlak van die empiriese feite.

Die postulate en teoretiese stellings is op sigself sonder enige empiriese inhoud: hulle is suiwer sintakties van aard. Eers wanneer hulle verbind word aan die empiriese werklikheid, verkry hulle empiriese betekenis. Om wetenskaplik betekenis=

vol te wees, *moet* alle stellings empiries verifieerbaar wees. Daar moet dus 'n sprong gemaak word van teorie na feit. Presies hoe die sprong plaasvind, was vir die logiese positiviste self 'n bron van baie meningsverskille. Twee hoofbenaderings het in die verband ontwikkel: die fenomenalistiese benadering van Carnap, wie se beskouing bekend staan as die ooreenstemmingsteorie van waarheid ("correspondence theory of truth") en die fisikalistiese benadering van Neurath, bekend as die samehangteorie van die waarheid ("coherence theory of truth"). Ten spyte van die verskille oor presies hoe teoretiese stellings geverifieer kan word, was die lede van die Weense Kring dit tog eens dat sulke stellings konklusief geverifieer kan word, en dat die verifikasie die enigste maatstaf is om te bepaal of 'n stelling betekenisvol of betekenisloos is (Suppe, 1974, p.17). Hierdie verifikasie kom daarop neer dat die verband tussen enige ware teoretiese stelling en sy relevante stel waarnemings- of protokolstellings¹⁷⁾ een van logiese ekwivalensie moet wees. Alle waarde-oordele is in terme van hierdie kriterium betekenisloos omdat dit nie geverifieer kan word nie. Waarde-oordele val dus buite die bestek van die wetenskap.¹⁸⁾

Die onderskeid tussen feit en teorie en tussen empiriese en teoretiese konsepte maak dit noodsaaklik dat die logiese positivisme ook onderskei tussen waarnemingstaal ("observational language") en teoretiese taal ("theoretical language"). Waarnemingstaal is in alle opsigte duidelik, want dit verwys na objektief waarneembare eienskappe van die relasies tussen voorwerpe en is onbesoedeld deur teoretiese veronderstellings. Waarnemingstaal word gebruik om protokolstellinge te maak. Dit bestaan uit terme wat direkte meetbaarheid van voorwerpe

en gebeure impliseer, byvoorbeeld massa, temperatuur, ens. Teoretiese taal is meer abstrak. Dit bestaan uit terme wat slegs gedeeltelik verstaanbaar is en dan slegs deur middel van postulate, definisies, ens.

Nou verwant aan die skeiding van feit en teorie is die instrumentalistiese teorie van teorieë en die operasionalistiese definisie van konsepte (Gunnell, 1975, p.8-9).

Die fundamentele onderskeid tussen die "given factual data of the real world" wat uitgedruk word in waarnemingstaal, en die teoretiese konstruksies wat ontwerp word as instrumente waarmee die "real world" georden, verklaar en voorspel kan word, lei tot 'n instrumentalistiese beskouing van teorieë. Dit beteken dat teorieë as blote instrumente beskou word waarmee relasies tussen feite ontdek kan word. Teorieë word dus nie beskou as ware konsepsies van die werklikheid nie (Gunnell, 1975, p.24). 'n Teorie is slegs 'n konseptuele lens waardeur die feite bekyk word - "... an artifact to be judged by its 'heuristic' value", dit is sy bruikbaarheid as analitiese instrument. Daarom word teorieë nie teen mekaar opgeweeg in die sin dat die een as foutief ten opsigte van die ander uitgewys word nie. Elkeen belig die feite op sy eie wyse.

Aangesien feite egter die finale toetssteen vir die geldigheid van 'n teorie is, moet alle konsepte wat in teoretiese verband gebruik word, operasioneel gedefinieer word. Operasionalisme of operasionele analise beteken dat die betekenis van 'n term bepaal word deur die operasionele kriteria van 'n term se toepassing. Die betekenis of definisie van 'n term moet uitgedruk word as ekwivalente van 'n bepaalde stel operasies of

handelswyses. Die term "harder as" kan byvoorbeeld operasioneel gedefinieer word deur die reël dat een stuk metaal (x) harder as 'n ander stuk metaal (y) sal wees, indien die operasie/handeling van 'n skerp punt van x oor y se oppervlakte te trek, resulteer in 'n krapmerk op die oppervlakte van y.

Al hierdie kenteoretiese uitgangspunte (die belangstelling in die logiese struktuur van wetenskap, die skeiding van teorie en feit, die skeiding tussen feite en waarde-oordele en die beginsel van verifikasie) word verenig deur die ideaal om betroubare en finale kennis te bekom en deur die veronderstelling dat een verenigde wetenskap met een enkele, universeel toepasbare metodologie, uitgedruk in een enkele wetenskaplike taal, wel moontlik is op die basis wat verskaf word deur die wiskunde, die logika en die fisika.

Die essensie van die positivistiese wetenskapsbeskouing, veral soos weergegee deur die logiese positivisme, is dus geleë in die twee komponente, empiriese feite en logiese analise. Die uitgangspunt is dat wetenskaplike kennis slegs moontlik is op die basis van direkte waarneming van die onmiddellik gegewe. Die empiriese feite wat so verkry is, moet dan onderwerp word aan logiese analise. Op dié wyse, so word geglo, is dit moontlik om alle vooroordele wat tussen die waarnemer en die objek mag inkom, uit te skakel. Die feite word as't ware toegelaat om self aan die woord te kom en die waarnemer lê hom neer by wat die feite sê, al beteken dit ook die omverwerping van sy hipotese. Die empiriese grondslag van die wetenskap is daarvoor verantwoordelik dat die wetenskap ideologie-vry is.

Wat die positivistie egter skynbaar nie begryp nie, maar wat tog byna voor-die-hand-liggend is, is dat hierdie wetenskaps=beskouing self op bepaalde "metafisiese" veronderstellings berus. 'n Wetenskap wat daarop uit is om onveranderlike natuurwette te ontdek en wat uitgaan van die veronderstelling dat die werklikheid slegs wetenskaplik kenbaar is langs die weg van formeel-logiese analise van empiriese data wat deur middel van direkte waarneming verkry is, opereer baie beslis met 'n bepaalde wêreldbeeld. Dit beskou naamlik die werklikheid as 'n "ontological and meta-methodological homogeneity" (Almond en Genco, 1977, p.489) en as 'n "closed physical system" (Almond en Genco, 1977, p.491). Slegs 'n wêreld wat homogeen is in die sin dat dit in matematies-fisiese terme opgevat word en wat volkome voorspelbaar is omdat dit onderhewig is aan vaste wette, is kenbaar op die wyse wat die positivistiese wetenskap definieer.

Daar sal later (in Hoofstuk 3) breedvoeriger op hierdie saak ingegaan moet word aangesien dit die kern vorm van wat genoem kan word die ideologie van die bestaande orde. Wat egter beklemtoon moet word, is die feit dat hierdie wêreldbeeld van die positivistiese ook die wêreldbeeld is waarmee die behavioralistiese opereer.

4.3 Die behavioralistiese en die logiese positivistiese

Hierbo is die stelling gemaak dat die behavioralistiese direk verbind is aan die positivistiese-empiristiese tradisie in die wetenskap. Daaroor bestaan daar geen twyfel nie. Die vraag is egter of die behavioralistiese ook direk met die logiese positivistiese in verband gebring kan word.

Rudner (1972) en Landau (1972) ontken dat daar 'n noodsaaklike verband tussen die behavioralisme en die logiese positivisme bestaan. As respons op Miller (1972, p.796), stel Rudner (1972, p.841) die standpunt dat die behavioralisme inderdaad logies onafhanklik is van 'n groot aantal metodologiese skole, die positivisme ingesluit. Volgens hom is die metodologiese kern van die behavioralisme dat *gedrag* aanvaar word as die kriterium vir hipoteses oor die politieke werklikheid. Dit stel geen vereiste vir 'n bepaalde metodologie nie. So gesien, sê hy, kan hy nie begryp waarom die behavioralisme nie ver=soenbaar kan wees met *enige* van die epistemologiese skole nie, die positivisme en die historisme ingesluit (Rudner, 1972, p.845).

Ook Landau (1972) betwyfel die verband tussen die behaviora= lisme en die logiese positivisme, maar op ander gronde as Rudner. Hy beweer naamlik dat die behavioralisme eerder aan die empirisme van die vorige eeu verbind moet word; dit het verreweg nog nie die teoretiese gesofistikeerdheid bereik wat eie is aan die logiese positivisme nie. Soos hy dit stel: "... the bulk of behavioral research has exemplified a 'bare= foot empiricism'. It was only recently, with the advent of mathematics into political science, that one observes a move= ment toward formal modes of explanation. Unless numbers are equated with logical positivism, the line between it and be= havioral research becomes rather tenuous" (Landau, 1972, p.846).

Enige verklaring van die wetenskapsfilosofiese gronde van die behavioralisme moet rekening hou met die feit dat die behavio= ralisme oor 'n hele paar dekades ontwikkel het en dat daar dus

met die nodige historiese perspektief na die wetenskapsfilosofiese gronde van die behavioralisme gekyk moet word. Die vroeë behavioraliste (byvoorbeeld Merriam en Lasswell) was inderdaad "barefoot empiricists" en hulle het tans nog baie dissiplens in die vorm van blote dataversamelaars. Van Dyke (1960, p.196) merk byvoorbeeld op dat daar onder behavioralisme nog 'n sterk tendens is, "... simply to gather facts - and to write and teach facts - for the sake of the facts", en dat dit een van die belangrikste struikelblokke in die ontwikkeling van die Staatsleer as wetenskap is. Vanaf die vyftigerjare het sommige behavioraliste (byvoorbeeld Easton) egter begin om die behavioralisme daadwerklik in die rigting van teorievorming te stuur. Die aandrang op teorievorming as die wese van die dissipline se wetenskaplike werksaamheid, wat veral deur Easton geïnisieer is en sedertdien kenmerkend geword het van die selfbeeld van die behavioralistiese Staatsleer, verteenwoordig beslis 'n ontwikkeling van wat Kalleberg (1960, p.136) noem "outmoded positivism" en Landau (1972, p.846) bestempel as "barefoot empiricism", na 'n meer gesofistikeerde metodologie. En hierdie meer gesofistikeerde metodologie moet beslis met die logiese positivisme in verband gebring word.

Hierbo is aangetoon dat die behavioralisme se groot ideaal van die begin af was om 'n wetenskap te ontwikkel op die model van die natuurwetenskappe: "a science of politics modelled after the methodological assumptions of the natural sciences" (Easton, 1962, p.9). Om vas te stel wat die wetenskapsmodel van die natuurwetenskap presies is, het die behavioraliste hulle egter nie tot die natuurwetenskap gewend nie. Gunnell (1975, p.18-19) wys tereg daarop dat behavioraliste se kennis

van die natuurwetenskaplike wetenskapsproses baie oppervlak= kig is en dat weinig van die sogenaamde invloed van die natuurwetenskap op die Staatsleer werklik bewys kan word. Wat in werklikheid gebeur het, is dat die behavioraliste die logiese positivisme se weergawe van die model van die natuurwetenskap as gesaghebbend aanvaar het sonder om dié weergawe self krities te ondersoek. Die behavioraliste het sonder meer aanvaar dat die wetenskapsmodel van die logiese positivisme 'n akkurate en betroubare weergawe van die natuurwetenskap is (Gunnell, 1975, p.20).

Geen literatuur is gevind waarin 'n erkende behavioralis die logiese positivisme krities oorweeg teenoor ander wetenskaps= beskouings nie. Die logiese positivisme is aanvaar en voorgeskryf as enigste weg waarlangs die probleme (van "onwetenskaplikheid") van die Staatsleer opgelos kan word.

By die meeste behavioraliste is die invloed van die logiese positivisme redelik maklik aan te toon:

- * Truman (1965, p.871) se definisie van wetenskap is 'n byna woordelikse weergawe van Nagel (1961, p.4, 13) se opvatting;
- * Isaak (1969, p.viii) erken die invloed op hom van die werk van "the philosophers of science." By nadere ondersoek blyk dit dat hy verwys na figure soos Feigl, Hempel en Nagel;
- * Van Dyke (1960) wil graag aan sy mede-politikoloë 'n "conduct of inquiry" voorskryf wat hulle behoort te

volg om die Staatsleer as wetenskap te ontwikkel.
Sonder om sy keuse enigsins te regverdig, bied hy die
logiese positivisme se model aan;

- * Ake (1972) waag 'n antwoord op die vraag of die Staatsleer 'n wetenskap is in dié sin dat dit politieke verskynsels voorspel en toetsbare wetmatighede ontdek. Sy antwoord is positief - indien die regte (d.i. logiese empiristiese) metodologie gebruik word. In hierdie verband verwys hy spesifiek na Hempel en Openheim se opvatting van wetenskap;
- * Kaplan se werk *The conduct of inquiry* (1964) wat deur baie behavioraliste as die "Bybel" van die sosiale wetenskappe aanvaar is (Wasby, 1970, p.33), is 'n kwalik bedekte verdediging van die logiese positivisme en die toepasbaarheid daarvan op die sosiale wetenskappe;
- * Brecht se werk *Political theory* (1959) is eenvoudig 'n herbeklemtoning en toepassing van leerstellings van die logiese positivisme op die gebied van die Staatsleer.

Die onderliggende veronderstelling van al die bogenoemde werke word goed saamgevat deur Meehan (1965, p.v). Hy verklaar naamlik: "... the work done in the theory of inquiry, particularly by logicians and philosophers of science, (d.i. die logiese positiviste) was of enormous significance for political science, and indeed for all the social sciences." En dié belangrikheid, sê hy, lê daarin dat "every empirical inquiry, every effort to formulate explanations of empirical phenomena, every effort to construct empirical or social

theory, necessarily involves reference to the existing body of scientific knowledge or to the logic of scientific inquiry." Deurgaans bedoel hy met "the logic of scientific inquiry" die logiese positivisme.

Verskillende leerstellings van die logiese positivisme het die behavioralisme grondig beïnvloed: die skeiding tussen teorie en feite, die leerstuk van die logiese simmetrie van die sosiale en die natuurwetenskappe, die deduktiewe model van verklaring, die instrumentalistiese opvatting van teorieë, die feit-waarde-digotomie, ens. By wyse van illustrasie kan kortliks gelet word op die invloed van die deduktiewe model.

Die deduktiewe wetenskapsmodel is maklik herkenbaar in die werke van die meeste behavioraliste wat probeer om die metodologiese grondslae van die behavioralisme te verduidelik. Hulle verduideliking van wat met die wetenskaplike metode en met die idee van die eenheid van die wetenskap bedoel word, word gewoonlik gebaseer op 'n bepaalde weergawe van die deduktiewe model. Soos Gunnell (1975, p.22) dit stel: "There is nothing more central to the behavioralist image of science, or more frequently alluded to than the idea that scientific explanation must be subsumed under generalizations and laws which possess predictive capabilities (i.e. the deductive model). In the discipline of political science, this has become an unquestioned dogma."

Soms word die beroep op die deduktiewe model slegs in vae terme gedoen, soos dat die Staatsleer te make het met "discoverable uniformities in political behavior" wat uitgedruk kan word in "generalizations or theories with explanatory and

predictive value" (Easton, 1965, p.7) of dat *verklaring* beskryf kan word as "simply the subsuming of a particular event or class of events ... under a more general law or hypothesis" (Dahl, 1963A, p.75). Soms is die beroep op die deduktiewe model egter heel ondubbelsinnig. So verklaar Easton (1965, p.9): "... in its ideal and most powerful form, a general theory achieves maximal value when it constitutes a deductive system of thought so that from a limited number of postulates, as assumptions and axioms, a whole body of empirically valid generalizations might be deduced in descending order of specificity." Simon (1966, p.16) is oortuig dat "... we could state a relatively simple set of invariant rules or 'laws' that would enable us to predict political behavior ... at time t on the basis of information gathered prior to time t." Riker en Ordeshook (1973, p.xi) meen dat die deduktiewe fase vir die Staatsleer aangebreek het. Met "positive political theory" bedoel hulle "theory of an axiomatic deductive type."

Dit is dus duidelik dat die deduktiewe model van verklaring die grondslag vorm in die wetenskapsbeskouing van die behavioralisme. Die invloed van ander leerstukke van die logiese positivisme sou op dieselfde wyse aangetoon kon word. Die saak is egter so duidelik dat verdere bewysvoering, in die konteks van die oogmerke van hierdie hoofstuk, nie nodig geag word nie. Die invloed van die logiese positivisme, in die algemeen gesien, spreek in ieder geval duidelik uit die uiteensetting van die metodologiese uitgangspunte van die behavioralisme hierbo. Die belangrike is egter dat die verband tussen die behavioralisme en die logiese positivisme nie toevallig en oppervlakkig is nie. Onderliggend aan die behavioralisme is 'n wetenskapsbeskouing wat slegs verklaar kan word

indien dit in verband gebring word met die logiese positivisme. Gunnell (1975, p.10) merk tereg op dat die behaviorisme en die logiese positivisme "conceptually complementary" is en dat daar boonop ook 'n sterk historiese verband tussen hulle is. Dit is eenvoudig 'n feit dat veral die kontemporêre behaviorisme homself definieer in terme van die logiese positivisme. Daar moet egter dadelik toegegee word dat hierdie verbintenis eerder implisiet as eksplisiet is. Behavioraliste het eenvoudig die wetenskapsmodel van die logiese positivisme aanvaar sonder om die relevansie daarvan vir die Staatsleer omvattend en indringend te ondersoek. In 'n poging om "wetenskaplik" te wees, is die logiese positivisme se model van wetenskap, wat na bewering 'n weergawe is van die model van die natuurwetenskap, as gesaghebbend aanvaar (Gunnell, 1975, p.3).

Die invloed van die logiese positivisme moet egter ook nie oorskat word nie. Alles dui daarop dat die behavioraliste met 'n baie eenvoudige weergawe van die logiese positivisme werk, wat dit dikwels moeilik onderskeibaar maak van die ou positivisme. Daarbenewens moet ook aanvaar word dat nie alle behavioraliste die logiese positivisme aanvaar het en dit in hulle werkwyse geïntegreer het nie. Hoewel die behaviorisme dus baie duidelik die stempel van die logiese positivisme dra, is die algemene positivisties-empiristiese wetenskapsbeskouing beslis nie irrelevant nie. Baie van die kritiek van die post-behavioraliste is dan ook nie gemik teen die logiese positivisme in die besonder nie, maar eerder teen die positivisties-empiristiese wetenskapstradisie waarin die behaviorisme staan.

Samevattend kan dus gekonstateer word dat die behavioralisme opereer met die positivisties-empiristiese wetenskapsbeskouing en dat die kontemporêre behavioralisme veral direk in verband met die logiese positivisme gebring kan word. Een van die konsekwensies van Hierdie situasie is dat die "ideologiese bagasie" van die positivistiese wetenskapsbeskouing daarmee saam in die Staatsleer ingedra word. So word die "wissenschaftliche Weltanschauung" (Neurath, 1973, p.299) die "bril" waarmee die behavioralisme na die politieke werklikheid kyk. Hierdie wêreldbeskouing het egter, heeltemal buite die Staatsleer om, uitdrukking gevind in die pluralisme-filosofie, wat op sy beurt weer die politieke praktyk help vorm het.

Hoe sien hierdie pluralisme-filosofie in hoofsaak daaruit?

5. Die politieke paradigma van die behavioralisme

Die vroegste formulerings van die Amerikaanse pluralisme kan teruggevoer word na John Adams en James Madison. Hoewel die twee grootliks van mekaar verskil het ten opsigte van agtergrond en omstandighede, het hulle 'n aantal samehangende perspektiewe ontwikkel wat deur die jare die kern van die Amerikaanse politieke filosofie geword en dit gebly het. Kenmerkend van dié perspektiewe is 'n teenkanting teen die idee van 'n duidelike gedefinieerde publieke oogmerk of belang waardeur die Amerikaanse samelewing gerig en gelei word. Ten einde die noodsaak van orde te versoen met die ideaal van individuele vryheid, is hulle ten gunste van wat genoem word 'n "nondirective political order" (Baskin, 1971, p.54). Daarmee word bedoel 'n politieke samelewing wat in stand gehou word deur sy eie interne dinamika en nie deur 'n bepaalde norm of

waardesisteem wat as publieke belang aan die politieke gemeenskap opgedring word nie. Die hele Amerikaanse konstitusie is 'n poging om so 'n "nondirective order" tot stand te bring.

5.1 Filosofiese grondslag

Die Amerikaanse pluralisme vorm deel van 'n algemeen Westerse politieke tradisie wat, soos Baskin (1971, p.2) dit stel, gekarakteriseer kan word as 'n "... resistance to the monistic claim that homogenization of human experience and centralization of power alone provide the conditions necessary to meet man's need for order and justice". Dit behoort tot die essensie van die pluralisme dat die vryheid van die individu nie deur sentralisasie van politieke mag nie, maar wel deur verdeling en verspreiding van mag ten beste gewaarborg kan word (Nicholls, 1974, p.5).

Die pluralisme-filosofie berus op 'n individualistiese mensbeskouing. Dit beteken dat die mens beskou word as 'n vrye, outonome individu wat in sigself volkome en selfgenoegsaam is. Die mens is die besitter van en beskikker oor sy eie persoon en hy het reg op alles wat nodig is vir sy selfbevrediging, byvoorbeeld vryheid en eiendom (McPherson, 1962, p.3). Baskin (1961, p.55) noem dit "possessive individualism".

Die vraag vir die pluraliste is egter: hoe is 'n politieke orde (wat noodsaaklik is om chaos te voorkom) moontlik in die lig van so 'n mensbeskouing? 'n Spontane politieke orde is nie moontlik nie; die individu word aangedryf deur sy eie belange, wat eerder tot konflik lei as tot 'n harmoniese politieke orde. Eiebelang by die individu staan in die weg van

bereidwilligheid om sy eie oogmerke te beperk ter wille van 'n harmoniese politieke orde. Dit beteken dat indien daar 'n politieke orde moet wees, dit doelbewus tot stand gebring moet word. Vanself sal dit nooit gebeur nie (Baskin, 1971, p.57). Die probleem is egter dat enige opgelegde orde 'n ingrype op en beperking van die vryheid van die botsende magte beteken, wat onaanvaarbaar is in terme van die individualistiese mensbeskouing. Om 'n politieke orde tot stand te bring, beteken dat 'n gemeenskaplike oogmerk, 'n standaard waarvolgens individue verplig kan word om hulle eie oogmerke te beperk, geskep moet word. Die daarstelling van so 'n standaard is egter direk in botsing met die ideaal van 'n vrye, outonome individu (Baskin, 1971, p.58). Daar moet dus na 'n ander uitweg gesoek word.

Die pluralisme vind die antwoord op hierdie vraagstuk in die beginsels van Newton se meganika. Die konsep van "balans in spanning" verskaf die grondslag vir 'n politieke orde sonder 'n opgelegde gemeenskapsoogmerk. Omdat die mens natuurlik is, so word geredeneer, is die wette wat die natuur reguleer, ook van toepassing op menslike verhoudings. Die spanning wat ontstaan uit die konflik tussen entiteite, konstitueer 'n onpartydige orde.

Toegepas op die politieke samelewing beteken dit dat 'n politieke orde tot stand gebring kan word deur die individue se regmatige behartiging van sy eie belange aan te wend om die belange van mededingende individue in bedwang te hou. Die politieke orde word dus gekonstitueer deur die inherente belangenkonflik van 'n gemeenskap en nie deur 'n eksterne mag soos die regering nie. In hierdie sin is die politieke orde

onpartydig of "nondirective": "interests are contained procedurally rather than by coercion or by moral instruction..." (Baskin, 1971, p.59). So 'n politieke orde reguleer die aktiwiteite van die individu sonder om inbreuk te maak op die geelyke regte en vryhede van individue. Op dié wyse word 'n outomatiese en outo-dinamiese politieke stelsel tot stand gebring.

Sowel John Adams as James Madison het hierdie beginsel aangewend ter oplossing van die probleem van die versoening van vryheid en orde en sedertdien het dit die beginsel van die Amerikaanse politieke stelsel geword (Baskin, 1971, p.60-72).

5.2 Belangegroepes in konflik

In die praktyk beteken dié beginsel dat daar in die politieke gemeenskap nie 'n enkele gesagsbron is nie, maar 'n groot aantal wat elkeen gesag voer oor 'n bepaalde faset van die samelewing. Magsverspreiding en nie magskonsentrasie nie, is die beste waarborg vir die individu se vryheid. Hierdie vertroue in die verspreiding van gesag is in die geskiedenis van die politieke denke niks nuuts nie; dit was lank reeds deel van die Whig-tradisie in Engeland wat teruggevoer kan word na Thomas - ja, selfs verder, tot by Aristoteles. Wat wel nuut en eie aan die pluralisme is, is die wyse waarop die gesagsverspreiding moet plaasvind, naamlik deur middel van die natuurlike groepe in die samelewing. Tussen die individu en die staat moet daar 'n groot aantal samelewingsgroepe (religies, ekonomies, kultureel, ens.) wees wat die belange van die individu teenoor die staat beskerm. Maar dan moet die groepe beskou word as persone met 'n eie bestaanswyse en ka-

rakter. In 'n groep word die belange van 'n bepaalde groep individue verteenwoordig, byvoorbeeld ekonomiese, kulturele of verbruikersbelange. So word aan die individu groter deelname gegee aan die besluitneming oor sake waarby hy direk belang het en waarvan hy iets weet. En hy word verteenwoordig deur leiers wat deskundiges op 'n bepaalde gebied is en wat beskik oor kollektiewe bedingingsmag. Individuele vryheid word verder gewaarborg deurdat 'n groot deel van die besluitneming in die hande van die individu self kom en die regering se besluitnemingsterrein dienoreenkomstig verklein word (Wilson, 1971, p.63). Die funksie van die regering is bloot die regulering van die mededinging tussen die groepe. Om die konflik tussen die groepe te besleg, moet die staat net die raamwerk van regsinstellings verskaf waarbinne die beslegting kan plaasvind.

Die basiese uitgangspunte van die pluralisme-filosofie kan met 'n paar eenvoudige stellings weergegee word:

- * Die mens is 'n outonome morele entiteit met 'n onvervreembare reg om sy persoonlikheid, vermoëns en ideale te realiseer volgens sy eie vrye keuse.
- * Dit is onvermydelik dat die belange van individue sal bots.
- * Die konflik tussen die belange van die individue kan die beste gehanteer word deur belangegroepes omdat hulle oor direkte mag oor 'n faset van die samelewing beskik en terselfdertyd ook deelneem aan die beheer oor die regering.

- * Alle belange wat polities relevant is, kan deur een of ander belangegroep verteenwoordig word sodat die groepe gesamentlik die hele spektrum van belange verteenwoordig.
- * Die groepe is homogeen sodat die lede van dieselfde groep dieselfde belange deel.
- * Die assosiasie van die individue binne die groepe is kollektief of aggregeer sodat die individu nie sy outonomie binne die groepsverband verloor nie.
- * Die politieke prosesse in 'n gemeenskap is niks anders nie as die konflik tussen die belangegroepe.
- * Die vryheid van die individu word in die konflik tussen die belangegroepe gewaarborg, want besluite is altyd voorlopig en kan later weer aan die orde kom.
- * Die vryheid van die groepe is gewaarborg, want die balans van die stelsel hang juis af van almal se vrye deelname aan die konflik.
- * Die regering het geen ander funksie nie as dienslewering aan en balansering van die individue se belange soos verteenwoordig deur die groepe. Die groepe ding met mekaar mee en die regering tree op as skeidsreger, "... determining a policy which represents an equilibrium in which no interest is destroyed and none is completely successful" (Wilson, 1971, p.64).
- * Regeringsbeleid is 'n kwessie van die balansering van belange eerder as die bepaling van een of ander objektiewe nasionale belang wat bo dié van die individue uitgaan. Die enigste belang wat werklik vir almal voor-

delig is, is die stabiele voortbestaan van die stelsel, sodat die proses kan voortgaan.

'n Kontemporêre verdediger van die pluralisme-filosofie, Robert Dahl, het die basiese uitgangspunte van die behavioralisme soos volg saamgevat:

"Instead of a single center of sovereign power there must be multiple centers of power, none of which is or can be wholly sovereign. Because one center of power is set against another, power itself will be tamed, civilized, controlled, and limited to decent human purposes, while coercion, the most evil form of power, will be reduced to a minimum. Because even minorities are provided with the opportunities to veto solutions they strongly object to, the consent of all will be won in the long run. Because constant negotiations among different centers of power are necessary in order to make decisions, citizens and leaders will perfect the conflicts, and not merely to the benefit of one partisan, but to the mutual benefit of all the parties to the conflict" (Dahl, 1967, p.24).

Die pluralisme of belangegroep-liberalisme berus dus op dieselfde grondslag as die individualistiese liberalisme: die staat is 'n noodsaaklike ewel wie se mag ter wille van die individu se vryheid voortdurend in bedwang gehou moet word. Die ideaal is dieselfde as dié van Locke se liberalisme, maar die metode om die ideaal te bereik verskil grootliks van die eenvoudige, individualistiese benadering van Locke. Tussen individu en staat word daar magstrukture (d.i. belangegroepe) tot stand gebring wat die belange van die individu bevorder en terselfdertyd die staatsgesag beperk. Net soos die klas=

sieke kapitalisme visualiseer die pluralisme 'n outomatiese samelewing: die samelewing onderhou homself deur sy eie interne magte vrylik te laat bots. En die politieke gemeenskap as sodanig het geen bo-individuele openbare belang behalwe die stabiele voortbestaan van die stelsel nie.

Met verloop van tyd het die pluralisme die politieke filosofie van die Verenigde State geword. Die opstellers van die grondwet het die beginsels daarvan in die grondwet ingebou: federalisme, die verdeling van die staatsmagte, politieke desentralisasie en politiekvoering deur middel van "lobbying". Daarna het 'n proses begin waarin 'n groot aantal belangegroepes tot stand gekom het en waarin direkte gesag aan hierdie groepe oorgedra is ten opsigte van die lewensterrein waarop elkeen beweeg. Die gesagsgebied van die regering is dienoreenkomstig verminder. Die struktuur van die Amerikaanse samelewing is dus hoe langer hoe meer gemodelleer volgens die vereistes van die pluralisme-filosofie (Baskin, 1971, p.26-50; Gittlin, 1967, p.124; Lowi, 1969, p.101-190).

Hierdie politieke filosofie speel 'n belangrike, hoewel indirekte, rol in die behavioralistiese konsepsie van die politieke werklikheid. Op grond van empiriese studies van die politieke samelewing kom behavioralistes tot die gevolgtrekking dat die Amerikaanse politieke samelewing pluralisties is. Die vraag of dit so behoort te wees, val egter formeel buite die raamwerk van wetenskaplike vraagstelling. Gevolglik is die feit dat dit pluralisties is die enigste wetenskaplik relevante faktor. Hierdie feitlikheid is egter die resultaat van 'n bepaalde politieke filosofie; vanaf die tyd van die totstandkoming van die Verenigde State is die Amerikaanse sa-

melewning gemodelleer volgens die filosofie van die pluralisme of belangegroep-liberalisme. Deur die feitlikheid tot norm te verhef, word die filosofie van die feitlike situasie by implikasie as norm aanvaar. Die ooreenstemming tussen die terme waarin die teorie gedefinieer word en die terme waarmee die pluralisme-filosofie opereer, is so opvallend dat dit moeilik is om te aanvaar dat daar by die teorie nie 'n implisiete aanvaarding van die basiese uitgangspunte van die filosofie is nie.

6. Samevatting en evaluering

Samevattend kan die behavioralisme gekarakteriseer word as 'n doelbewuste poging om, uit verset teen wat beskou is as spekulatiewe denke, die Staatsleer te verander in 'n egte wetenskap in die natuurwetenskaplike sin van die woord. Ten spyte van al die meningsverskil en stryd wat met die opkoms van hierdie benadering tot die studie van die Staatsleer gepaard gegaan het, het die behavioralisme teen die begin van die ses-tigerdekade 'n dominerende posisie in die dissipline bereik. Die visie op die Amerikaanse politiek wat deur die behavioralisme ontwikkel is, is die resultaat van twee stelde veronderstellings wat aangedui is as komponente van die behavioralistiese paradigma.

Die wetenskapsbeskouing waarmee die behavioralisme opereer, val baie duidelik in die positivistiese tradisie. Daar is ook aangetoon dat die kontemporêre behavioralisme homself in terme van die logiese positivisme definieer. Hierdie opvatting van wetenskap word gekenmerk deur:

- * Die opvatting dat wetenskap essensieel die ontdekking is van die wette (in die natuurwetenskaplike sin van die woord) wat die werklikheid beheers;
- * die opvatting dat die sosiale wetenskappe verstaan moet word as egte natuurwetenskappe, "differing in degree and not in kind from the well-established natural sciences" (Bernstein, 1976, p.xiv);
- * die deduktiewe model van wetenskaplike verklaring, wat beteken dat 'n verskynsel verklaar kan word deur deduktief te demonstreer dat dit deel vorm van 'n sisteem van wetmatighede;
- * die verifikasieteorie van waarheid, wat vereis dat alle wetenskaplike stellings empiries verifieerbaar moet wees;
- * die skeiding van feite en teorieë, wat daarop uitloop dat teorieë beskou word as blote instrumente waarmee die empiriese werklikheid (die sg. "real world") verstaan kan word;
- * die uitdrukking van die waargenome werklikheid in terme van eksakte, gekwantifiseerde taal;
- * die aanvaarding dat wetenskap wat op hierdie wyse beoefen word, alle metafisiese faktore uit die wetenskapsproses uitskakel om sodoende 'n suiwer empiriese en objektiewe resultaat te lewer.

Die resultaat van die aanwending van hierdie wetenskapsbeskouing in die Staatsleer sou wees dat die Staatsleer dit as sy hoofoogmerk aanvaar het om, op die basis van politieke gedrag as basiese ontledingseenheid, geldige teorieë oor die politieke

werklikheid te ontwikkel. Die metodes wat vir hierdie taak geskik geag word, is deur en deur empiristies: politieke gedrag moet direk waargeneem word. Alle stellings oor die politiek moet empiries verifieerbaar wees. Behavioraliste het dan ook baie tyd en energie bestee aan die ontwikkeling en verfyning van metodes waarmee die verskillende vorme van politieke gedrag waargeneem kan word. Vanaf die waargenome gedrag moet daar dan deur middel van verskillende vorme van veralgemening beweeg word na die formulering van die wetmatighede van politieke gedrag. Die eindresultaat sou polities neutraal wees, want die "wetenskaplike metode" is daarvoor verantwoordelik dat alle persoonlike voorkeure en ideologiese faktore uit die wetenskapsproses uitgeskakel word. Die behavioralistiese politieke teorieë word dus aangebied as 'n objektiewe weergawe van die empiriese stand van sake in die politieke werklikheid.

Die selfkonsepsie van die behavioralisme in terme van die logiese positivisme en die mate van welslae waarmee die Staatsleer op daardie grondslag gekonstitueer is, het die dissipline egter voor ernstige dilemmas te staan gebring.

Die behavioraliste sit nog in die verleentheid met hul ideaal van ontdekking en formulering van die wette wat die politieke werklikheid beheers. Hulle het naamlik nog nie daarin geslaag, om sulke algemene wetmatighede te ontdek nie. Dit het Ake (1972, p.112) laat verklaar: "... to recognize the role of law in scientific explanations is to recognize the insignificant value of the bulk of contemporary political science." Die teorie wat die naaste aan so 'n algemene wetmatigheid gekom het, is die sisteemteorie. In die geheel gesien, moes be-

havioraliste tot dusver met heelwat minder tevrede wees, naamlik met veralgemenings op 'n laer vlak. In terme van die behaviorisme se eie wetenskapsopvatting werp dit 'n ernstige refleksie op die status van die behavioralistiese Staatsleer as wetenskap - 'n situasie wat deur baie behavioraliste begryp word en wat aanleiding gegee het tot 'n lewendige debat oor die wetenskaplike status van die Staatsleer (vgl. Ake, 1972; Jackson, 1972). Die dilemma word dan sō verklaar dat die Staatsleer nog maar enkele jare op sy huidige grondslag beoefen word en dat baie meer tyd nodig is om die wetenskaplike gesofistikeerdheid en dieselfde vlak van teorievorming as die natuurwetenskappe te bereik.

As hierdie probleem van die ontwikkelingsvlak by die behavioralistiese Staatsleer buite rekening gelaat word, kan daar nogtans drie terreine aangetoon word waarop die behaviorisme ernstige probleme oplewer: ① die aanvaarding van gedrag as fokuspunt van die dissipline, ② die matematies-fisikalistiese benadering tot die politieke werklikheid en die idee van waardeevryheid. ③

Die aanvaarding van politieke gedrag as basiese ontledingseenheid en daarom as teoretiese fokuspunt van die dissipline verwaarloos en ontken die strukturele dimensie van die politieke werklikheid. Gedrag as menslike handeling is genormeerd, dit wil onder andere sê dat gedrag binne 'n bepaalde samelewingskring bepaal word deur die struktuur van daardie samelewingskring. Elke samelewingskring, ook die staat, het 'n bepaalde struktuur waardeur die wesenlike aard of individualiteit van daardie samelewingskring vasgelê en gewaarborg word. Gedrag binne so 'n samelewingskring word op fundamentele wyse deur

die struktuur van die samelewingskring bepaal - in die geval van die staat deur sy juridiese bestemmingsfunksie soos dit gegrond is op die monopolistiese gebruik van die swaardmag (Dooyeweerd, 1957, bd.3, p.434). Politieke gedrag is buite hierdie strukturele raamwerk nie te verstaan nie. Eksteen (1973, p.32) wys tereg daarop dat "Knowledge of the structure of the components of any human organization is essential and the normative individuality of the components must be considered, retained and displayed in all their societal relations." Die studie van politieke gedrag as sodanig, dit wil sê los van die individualiteitstruktuur van die staat, kan vergelyk word met die studie van die gedrag van 'n fisiese voorwerp, byvoorbeeld 'n projektiel in beweging, sonder om die beweging te verbind aan die strukturele eienskappe van die projektiel self. Eksteen (1973, p.32) merk tereg op dat die inherente strukturele beginsels van die staat of politieke gemeenskap nie langs empiriese weg alleen te ontdek is nie en ook nie met behulp van behavioralistiese tegniese geverifieer kan word nie.

Die aanvaarding van 'n vrywel oewerlose en ongenormeerde begrip van politieke gedrag as fokuspunt van die dissipline is gewis een van die belangrikste redes waarom die behaviorisme 'n verdraaide en onvolledige beeld van die politieke werklikheid tot stand bring.

Die veronderstelling dat die verskynsels van die politieke werklikheid op dieselfde wyse as fisiese verskynsels bestudeer kan word, veroorsaak eweneens ernstige probleme vir die Staatsleer. Onderliggend aan die behavioralistiese metodologie is 'n fisikalistiese, meganistiese wêreldbeskouing, wat

teruggevoer kan word tot die 17e eeuse wetenskaplikes soos Bacon, Hobbes, Descartes en Newton, en wat deur Spragens (1973, p.22) getipeer word as "the objectivist paradigm". Deur hierdie objektivistiese wêreldbeskouing word die hele werklikheid gereduseer tot een enkele vlak of aspek, naamlik die sintuiglik waarneembare. So word 'n poli-dimensionele werklikheid tot 'n mono-dimensionaliteit herlei. Hierdie naturalisties-fisikalistiese benadering tot die sosiale werklikheid vorm die grondslag van die behavioralistiese metodologie. Saam met die kousale of deduktiewe model van verklaring, gekoppel aan die kwantifikasie van data uit die sintuiglik waarneembare politieke werklikheid, lei dit tot 'n verwronge beeld van die politieke werklikheid. Die politieke aspek van die werklikheid is tog nie herleibaar tot nie-politieke aspekte nie. Die sosiale sy van die werklikheid kan dan ook nie uitgedruk word in blote matematies-fisiese terme sonder dat die sosiale werklikheid self verkrag word nie. Aspekte van die politieke werklikheid is sekerlik meetbaar, maar om meetbare, dit is sintuiglik waarneembare en kwantifiseerbare, politieke gedrag as vertrekpunt te neem, kom daarop neer dat belangrike aspekte van die politieke werklikheid by voorbaat uitgeskakel word as wetenskaplik irrelevant.

'n Derde probleemveld van die behaviorisme is sy idee van waardevryheid. Behavioraliste is naamlik vas oortuig van die behavioralistiese metode as waarborg vir die uitskakeling van alle metafisiese faktore uit die wetenskapsproses. Hulle beseef egter nie dat dit in die praktyk van wetenskapsbeoefening totaal onmoontlik is om die rol van religieuse en politieke vooronderstellings uit te skakel nie. Die behavioralistiese navorser word gelei deur wat Sibley (1967, p.54) noem "an un-

behaviorally derived set of primary value judgements" in verband met die aard van die verskynsel wat hy ondersoek. Alle kennis van politieke verskynsels impliseer veronderstellinge oor die aard van politieke verskynsels in die algemeen en van die wêreld waarin dit voorkom.

Die opvatting dat geen wetenskapsbeoefening waardevry kan wees nie en dat allerlei soorte vooronderstellings 'n deurslaggewende rol in die wetenskapsproses speel, is gedurende die afgelope aantal jare uit verskillende rigtings so oortuigend gedemonstreer (byvoorbeeld deur Polanyi en Kuhn) dat die behavioralistes tans met die waardevryheidsidee erg in die verleentheid sit. Nietemin het die idee van waardevryheid, wat onder andere gebaseer is op die skeiding tussen feite en waarde-oordele, ernstige reperkussies vir die Staatsleer gehad. Dit het naamlik die dissipline in twee verdeel en wel in 'n sogenaamde empiriese en 'n sogenaamde normatiewe deel, met die implikasie dat die empiriese deel die eintlike wetenskap van die politiek is. Op die wyse is normatiewe beligting van die politiek natuurlik onmoontlik gemaak. Die behavioralistiese Staatsleer het homself doelbewus weerhou van enige uitspraak oor hoe 'n bepaalde aspek van die politieke werklikheid behoort te lyk; dit wou slegs verklarings bied vir empiriese stande van sake. Dat die skeiding tussen feit en norm 'n valse skeiding is en dat die ideaal van waardevryheid 'n onbereikbare ideaal is, blyk uit die feit dat die behaviorisme, sy metodologie ten spyte, self die apologet van 'n bepaalde politieke waardestelsel geword het. Dit bring ons by die tweede komponent van die behavioralistiese paradigma, naamlik die pluralisme-filosofie. Die essensie van hierdie politieke filosofie is die beskouing dat die politieke gemeenskap nie

gerig moet word deur 'n bepaalde openbare belang of ideologie nie; dit moet beskou word as 'n outomatiese en outo-dinamiese stelsel wat in stand gehou word deur die vrye konflik tussen belangegroepes. Die opvatting van die staat as politieke gemeenskap van owerheid en onderdane waarin die owerheid op grond van een of ander openbare belang gesaghebbende besluite neem ten behoeve van die hele gemeenskap, word vervang met die opvatting dat die politieke gemeenskap primêr bestaan uit belangegroepes wat met mekaar meeding om voordele vir hulle lede. Die politiek word dus gereduseer tot (materiële?) belangebartiging en die regering se gesaghebbende posisie as owerheid word vervang met die rol van 'n soort skeidsregter wie se taak dit is om te sorg dat die konflik tussen die belangegroepes, wat die wese van die politiek vorm, volgens die vasgestelde reëls plaasvind. Hierdie opvatting van wat Lowi (1969, p.18) "the automatic society" noem, kan teruggevoer word na dieselfde wêreldbeeld wat die ontologiese basis van die positivistiese wetenskapsbeskouing vorm. Dit is die wêreldbeeld wat na analogie van Newton se meganika die werklikheid, maar ook die samelewing, beskou as 'n dinamiese ewilbrium wat in stand gehou word deur die spanning wat deur homself gegenereer word. Hierdie wêreld is onderhewig aan vaste wette en om daardie rede volkome voorspelbaar.

Hierdie wêreldbeeld en die politieke filosofie wat daarop gebaseer is, is natuurlik aanvegbaar uit verskillende kante. Dit sal geen doel dien om dit hier uitvoerig te probeer weerlê nie. Enkele opmerkings oor twee aspekte daarvan is egter noodsaaklik omdat dit die meriete van die behavioralisme as wetenskap van die politiek direk raak. Die eerste aspek, waarna hierbo reeds verwys is, is die pluralisme-filosofie se

ontkenning van die gestruktureerdheid van die menslike samelewing en die politieke gemeenskap in die besonder. Nie alleen word die samelewing in meganistiese terme opgevat nie; die pluralisme-filosofie is wesenlik 'n ontkenning van die verskeidenheid en individuele eiesoortigheid van die samelewingskringe. Alle menslike aktiwiteite word saamgetrek in een enkele stelsel waarin alle lewensuitinge in die vorm van belange uiteindelik op die terrein van die politiek tereg kom. Uit reaksie teen die institusionele benadering van die klassieke Staatsleer gaan dit die ander uiterste op deur die strukturele en institusionele aspekte van die politieke werklikheid te ontken en die politieke werklikheid te reduceer tot sy dinamiese prosesse. Dit raak werklik 'n geval van "politics without states".

Die tweede aspek is die betekenisvernouing van die politiek wat in die pluralisme-filosofie geïmpliseer is. Die definisie van die politiek in terme van belangekonflik is inderdaad 'n enorme verskraling van die betekenis van die begrip "politiek". Die verskraling word van twee kante af bewerkstellig. In die eerste plek gaan dit in belangekonflik om die behartiging van *privaat* belange en in die tweede plek beperk dit die politiek tot die *konflik* tussen belange. Daarteenoor moet gestel word dat die normatiewe individualiteitstruktuur van die staat vereis dat dit in die politiek juis nie moet gaan om die *private* nie, maar om die *publieke* sy van die politieke gemeenskap. Daar moet egter teen gewaarsku word om nie die publieke karakter van die politiek in universalistiese terme op te vat nie. Dit gaan in die politiek nie, soos die klassieke Griekse opvatting dit wou hê, om die totaliteit van die polis se publieke lewe nie. Die politiek sluit ook nie *alle* publieke

handeling in, soos Arendt (1958, p.57) beweer nie. Die politiek, as aktiwiteit in staatlike verband, is *juridies* gekwalifiseer; die politiek bestaan wesenlik in die aktiwiteit rondom die instandhouding en ontwikkeling van die staat as 'n publieke *regsgemeenskap*. Die politiek is daardie aktiwiteit wat gerig is op die primêre funksie van die politieke gemeenskap, naamlik die reëling van 'n *publieke* orde. Belangekonflik is in hierdie aktiwiteit soms onvermydelik, maar dit is nie 'n noodsaaklike kenmerk van die politiek nie.

In die geheel kan die behavioralisme dus beskou word as 'n huwelik tussen die positivistiese wetenskapsbeskouing en die pluralistiese politieke filosofie wat moontlik gemaak is deur 'n werklikheidsbeskouing wat die samelewing sowel as die wetenskap in meganistiese, fisikalistiese en deterministiese terme opvat. In plaas van politieke neutraal te wees, is 'n inherent-ideologiese vooroordeel duidelik waarneembaar en wel 'n vooroordeel ten gunste van die bestaande politiek-ekonomiese bestel. Die rede vir hierdie vooroordeel is eenvoudig: die politieke praktyk in die Verenigde State is die resultaat van 'n bepaalde politieke paradigma en die behavioralisme probeer die politieke praktyk verstaan vanuit dieselfde paradigma

Van die begin af was daar politikoloë wat hulle teen die behavioralisme verset het. Gedurende die sestigerjare en parallel met die sosiaal-politieke ontwrigting van die Amerikaanse samelewing het daar egter 'n bepaalde soort reaksie teen die behavioralisme ontwikkel wat bekend geword het as die post-behavioralistiese rewolusie. Die presiese aard van hierdie rewolusie sal in die volgende hoofstukke sistematies ondersoek word. Eers is dit egter noodsaaklik om die wetenskapshisto-

riese agtergrond te skets waarteen die standpunt van die post-behavioralisme verstaan moet word.

A A N T E K E N I N G E

1. Vir 'n vollediger beeld van die historiese ontwikkeling van die behavioralisme kan die volgende werke geraadpleeg word: Crick (1960); Dahl (1961A); Easton (1962); Eksteen (1973); Eulau e.a. (1965); Kirkpatrick (1962); Toburen (1974) en Truman (1965).
2. Vir 'n uiteensetting van die metodologie van die sogenaamde tradisionele Staatsleer, kyk Barnard (1973, p.12-86); Easton (1968, p.282-298); Voegelin (1952) en Kirkpatrick (1962, p.6-8).
3. Graham Wallas se *Human nature in politics* (1908) en Arthur Bentley se *The process of government* (1908).
4. Die volgende werke kan in hierdie verband geraadpleeg word: Latham (1952); Nicholls (1974, p.21-26); Rothman (1960) en Wilson (1971, p.18-22).
5. Vgl. Wilson (1971, p.105-112) vir 'n vollediger bespreking van hierdie bevindings. Die behavioralistiese literatuur wat

veral hier ter sprake is, is die volgende: Almond en Verba (1973); Berelson e.a. (1954); Lipset (1960) en Prothro en Grigg (1960).

6. Enkele werke waarin die genoemde outeurs 'n hersiening van die "klassieke" demokratiese teorie onderneem, is die volgende: Dahl (1956); Dahl (1967); Hartz (1960); Kornhauser (1959); Mayo (1960); Plamenatz (1958); Sartori (1962) en Schumpeter (1950).

7. Die term "politieke mag" word gebruik met die volle besef van die belangrike prinsipiële kwessies wat daarin opgesluit lê (bv. die noodsaaklike onderskeid tussen mag en gesag) en dat dit uiters moeilik is om politieke mag van ander magsvorme te onderskei. Die term word hier egter gebruik in die sin wat die behavioraliste dit bedoel, naamlik dat politieke mag die beste, hoewel nie bevredigend nie, van ander magsvorme onderskei kan word deur die eienskap van dwang. Soos Wilson dit stel: "... it is not easy, if even possible, to distinguish 'political' power from other forms of control ... At best, the political relationship, being specified in terms of power, differs ultimately in the ultimacy of power, that is, in the scope and degree of penalties which it can impose, including coercion and loss of life. Thus, it seems to be a part of the inner rationale of conceiving of politics in terms of power that the distinctive political quality is conceived to be coercion or, in the extreme, violence. Even in these terms power is not confined to government; one can find parallel uses and abuses of power, including violence, in other organizations as well" (Wilson, 1971, p.200).

8. Vgl. Wilson (1971, p.213-233) vir 'n verduideliking van hierdie soeke na 'n bevredigende konsep van politieke mag.

9. Die volgende werke kan geraadpleeg word in verband met die kritiek teen die elitistiese model: Dahl (1958); Polsby (1962); Polsby (1963) en Wolfinger (1960).

10. Polsby (1963, p.96) se maatstaf vir die bepaling van die belangrikheid van besluite bestaan uit vier vrae:

- "1. How many people are affected by outcomes?
2. How many different kinds of community resources are distributed by outcomes?
3. How much in amount of resources are distributed by outcomes?
4. How drastically present community resource distributions are altered by outcomes?"

Let daarop dat die maatstaf uitsluitlik ingestel is op die bepaling van belangrikheid in terme van materiële faktore.

11. Daarmee word bedoel dat die kenner nie as onbetrokke toeskouer na die werklikheid kyk nie, maar dat hy met sy hele persoon betrokke is by die kenaksie, dit wil sê dat sy persoonlike veronderstellings 'n deurslaggewende rol speel in die wyse waarop hy die werklikheid ervaar. Polanyi se idee van "personal knowledge" gee baie duidelik uitdrukking aan hierdie gedagte.

12. Vir 'n noukeurige dokumentasie van die ontwikkeling van die idee van 'n "wetenskaplike" Staatsleer, vgl. Crick (1960).

13. Oor die metodes en tegnieke van die behavioralisme is daar baie gepubliseer. Die volgende werke kan vir verdere studie oor die onderwerp geraadpleeg word: Alker e.a. (1973); Brewer en Hall (1972); Dahl (1976); Isaak (1969); Jodaitis (1974); Meehan (1965); Payne (1973); Rapoport (1974); Roseman

(1966); Sargent en Zant (1970); Shively (1974) en Tufte (1974).

14. Gedurende 1907 het die wiskundige Hans Hahn, die ekonoom Otto Neurath en die fisikus Phillip Frank (al drie later prominente lede van die Weense Kring) 'n informele groep gevorm met die oog op diskussies oor die wetenskapsfilosofie. In dié diskussies het hulle gebruik gemaak van die "nuwe positivisme" van Poincaré en van die empirisme van Ernst Mach. In hul pogings om die twee te versoen, het hulle reeds die belangrikste uitgangspunte van die logiese positivisme geformuleer (Encyclopedia of philosophy, 1972, bd.5, p.52). In 1922 is Moritz Schlick, op aandrang van hierdie groep, in Wene aangestel as professor in wetenskapsfilosofie. Schlick het spoedig die leier geword van 'n gespreksgroep wat bekend geraak het as die Wiener Kreis (Weense Kring). Ander lede van die Kring was onder meer: Otto Neurath, Friedrich Waismann, Edgar Zilsel, Felix Kaufmann, Herbert Feigl, Victor Kraft, Phillip Frank en Hans Hahn. In 1926 is Rudolph Carnap ook in Wene aangestel as dosent in die filosofie. Van daardie jaar af was ook hy 'n sleutelfiguur in die Kring se aktiwiteite. Ludwig Wittgenstein en Karl Popper was nie lede van die Kring nie, dog het gereelde kontak met lede van die Kring gehad. Veral Wittgenstein se *Tractatus Logico-philosophicus* (1922) het 'n belangrike invloed op die Kring gehad (Encyclopedia of philosophy, 1972, bd.5, p.52).

15. Onthou moet word dat die logiese positivisme self 'n ontwikkeling beleef het waarin verskillende nuanse-veranderings aangebring is aan die basiese wetenskapsmodel. 'n Latere ontwikkeling staan byvoorbeeld bekend as die logiese empirisme. Die onderskeid tussen die logiese positivisme en die logiese

empirisme is vir die doeleindes van hierdie hoofstuk egter nie belangrik nie. Gunnell (1975, p.3) merk in hierdie verband tereg op: "... the continuities between logical positivism and logical empiricism are greater than the discontinuities and the leading figures in both schools have often been the same individuals". In wat volg, sal daar gepoog word om by die verskille en nuanses verby te stuur en om slegs die hooftrekke van die logiese positivisme se wetenskapsbeskouing uit die verf te laat kom.

Vir 'n volledige weergawe van die ontwikkeling van die logiese positivisme, kyk Suppe (1974, p.16-53) en Rudner (1972, p.832-840). Hempel (1970, p.146) gee 'n lys van werke wat na sy mening die belangrikste fases in die ontwikkeling van die logiese positivisme aandui.

16. Vir die doeleindes van hierdie weergawe is gebruik gemaak van Feigl (1970, p.4-10); Rudner (1972, p.834) en Suppe (1974, p.16).

17. Met die term "protokolstellings" word bedoel die stellings wat behoort tot die basiese protokol of die direkte weergawe van 'n navorser se waarnemings. Dit is dus stellings wat in geen opsig besoedel is met teoretiese of subjektiewe uitgangspunte nie.

18. Onthou moet word dat die logiese positivisme, ten minste gedeeltelik, verklaar kan word as reaksie teen die spekulatiewe denke van die Duitse idealisme en laasgenoemde se vyandigheid teenoor wetenskap (Passmore, 1967, p.53; Scriven, 1969, p.195; Suppe, 1974, p.6-7). Een van die hoof-oogmerke van die logiese positivisme is die onderskeid tussen wetenskaplike en wat hulle noem "metafisiese stellings", tussen

wetenskaplik betekenisvolle en wetenskaplik betekenislose stellings.

Op grond van hierdie onderskeid word verskeie gevestigde wetenskappe, byvoorbeeld die Filosofie, die Estetika en die Etiek as onwetenskaplik of pseudo-wetenskaplik beskou. Dié wetenskappe is volgens hulle gebaseer op betekenislose stellings - betekenisloos in terme van die logies-fisikalistiese denkwyse. (Vgl. Jangham, 1970, p.7.)

Hoofstuk 3

KRISIS IN WETENSKAP EN SAMELEWING

1. Inleiding

Die sogenaamde post-behavioralistiese rewolusie moet verklaar word uit 'n krisis wat gedurende die sestigerjare gelyktydig in die Amerikaanse samelewing en in die wetenskap ontwikkel het. Enersyds het daar belangrike verskuiwings in die politieke gesindhede van Amerikaners plaasgevind, waardeur die heersende politieke filosofie ernstig in die gedrang gekom het en wat uitgeloop het op 'n omvangryke politiek-maatskaplike krisis. Andersyds het daar veranderings op die gebied van die wetenskapsfilosofie plaasgevind wat die sosiale wetenskappe in die Verenigde State in 'n ernstige krisis laat beland het. Die opkoms van nuwe wetenskapsbeskouings het naamlik die grondslae van die positivisme, waarop ook die sosiale wetenskappe in die Verenigde State gebou is, wyd en diep bevraagteken. Albei hierdie krisisse het vir die Staatsleer direkte implikasies gehad. Soos in die vorige hoofstuk aangetoon, is die Amerikaanse politieke filosofie ook die politieke wêreldbeeld waarmee die behavioralistiese Staatsleer opereer en die positivisme is die wetenskapsbeskouing in terme waarvan die behavioralistiese Staatsleer homself definieer. Die twee krisisse word dus as't ware saamgetrek in die behavioralistiese Staatsleer. En die post-behavioraliste se verzet moet dan verstaan word as deel van 'n groter verzet teen die positivisme en veral teen die sanksionering van die bestaande orde deur die positivistiese wetenskap.

Hierdie siening van die ontstaan van die sogenaamde post-behavioralisme word ondersteun deur skrywers wat die jongste ontwikkelinge in die sosiale wetenskappe probeer verklaar. Gouldner (1970) verklaar byvoorbeeld die krisis in die Sosiologie op 'n soortgelyke wyse. En Toulmin (1971, p.53-54) lê 'n duidelike verband tussen die jongste ontwikkeling in die vakwetenskappe aan die een kant en die wendinge in die wetenskapsleer en breër samelewingsveranderinge aan die ander kant. In aansluiting by Toulmin som Botha (1976, p.33) die saak soos volg op: "Globaal is dit dus moontlik om saam met Toulmin 'n duidelike relasie te soek en te vind tussen die wendinge in die wetenskapsleer, die wendinge binne die onderskeie vakwetenskappe self en die breër samelewingsveranderinge waarbinne die wetenskaplike veranderinge hulle voltrek het en steeds voltrek."

Voordat die post-behavioraliste se kritiek teen en alternatiewe vir die behavioralistiese Staatsleer in die volgende hoofstukke behandel word, is dit ter wille van die nodige historiese perspektief noodsaaklik om nou eers ondersoek in te stel na die historiese agtergronde van die post-behavioralistiese rewolusie. Eers sal die sosiale en politieke onrus geskets word wat uit die verwerping van die heersende Amerikaanse politieke filosofie spruit. Daarna sal aangetoon word hoe dat die positivistiese wetenskap verantwoordelik is vir die sanksionering van die filosofie van die bestaande orde en hoe daar vanuit verskillende oorde verset teen dié sanksionering ontwikkel het. Ten slotte sal dan meer in besonderhede ingegaan word op die post-behavioralistiese rewolusie as vergestaltung in die Staatsleer van hierdie verset.

2. Sosiale en politieke onrus

Sedert die onafhanklikheidsverklaring in 1776, en miskien selfs vroeër, het daar in die Verenigde State 'n politieke filosofie ontstaan wat mettertyd deur die grootste gedeelte van die Amerikaanse nasie aanvaar is. Na hierdie politieke filosofie word in die literatuur dikwels as 'n ideologie verwys. Molnar (1971, p.23) praat byvoorbeeld van "... the ideology (of democracy, progress, pursuit of happiness, missionary zeal) that later became *the* American ideology, shared by the entire nation". Ver van die wanpraktyke en korrupsie van 'n verrotte Europese kultuur wou die nuwe nasie 'n ideale politieke gemeenskap tot stand bring met die rede as hoogste gesag. Die beginsels van die nuwe politieke bestel is ontleen aan die Engelse filosoof, John Locke, en dit is belangrik in die Amerikaanse grondwet, wat beskou is as 'n outentieke positivering van die Natuurreg. Die Verenigde State is beskou as die verwesenliking van die "good society".

Die basiese uitgangspunte van die Amerikaanse politieke stelsel, wat Molnar (1971, p.32) karakteriseer as "Lockean Liberalism", is aangevul deur enkele ander ondersteunende elemente:

- * 'n Vaste geloof in die goeie. Molnar (1971, p.32) karakteriseer die Amerikaanse samelewing as "A society in which the manifestations of evil have been carefully buried and sublimated in the social behavior of people, as in their consciousness..." Dit besorg aan die Amerikaanse politieke ideologie sy optimistiese trek. Morgenthau (1962, p.34) noem dit "the American

myth of a golden age" waarin 'n toestand voorsien word waarin die wêreld en die V.S.A. in 'n staat van geluk en vrede sal verkeer. Die huidige nie-so-goue-tydperk is slegs 'n aaklige anomalie wat so gou as moontlik opgeklar moet word.

- * Die "melting pot"-idee wat glo dat die groot verskeidenheid immigrante saamgesmelt kan word tot een nasie wat saam glo aan en werk vir dieselfde politieke ideale.
- * Die geloof dat die V.S.A. 'n rewolusionêre land is omdat dit 'n demokratiese samelewing sonder diskriminasie deur middel van rewolusie tot stand gebring het. Daar word dikwels beweer dat die Amerikaanse samelewing in 'n permanente staat van rewolusie verkeer (Molnar, 1971, p.27).
- * Van vroeg in hierdie eeu af is die pluralisme-idee bygevoeg as belangrike komponent van die ideologie (Wilson, 1971, p.44).¹⁾ Baie nou verbonde daaraan is die idee van elite-regering ("the theory of democratic elitism") wat berus op die oortuiging dat massademonstrasie gevaarlik is en dat rasionele en verantwoordelike elites die demokrasie moet beskerm teen die bedreiging van massapolitiek (Petras, 1967, p.84).
- * 'n Messiaanse roepingsbewustheid wat glo dat die Verenigde State die model is vir die individuele nasies en dat sy federale stelsel ook die model is vir 'n ordelike wêreldgemeenskap. Die V.S.A. het die heilige taak om die mensdom te lei na waar hy nog altyd wou wees, maar nie kon kom nie vanweë korrupte regerings.

Soos John Adams dit gestel het: "... our pure, virtuous, public-spirited, federative republic will ... govern the globe and introduce the perfection of man" (Aangehaal deur Molnar, 1971, p.26).

Hierdie uitgangspunte en ideale het in die ampstermyne van presidente Kennedy en Johnson uitdrukking gevind in die idee van die "Great Society".²⁾ Gedurende die sestigerjare het die Amerikaanse politieke filosofie egter toenemend onder druk gekom. Rasse-onluste, die oorlog in Viëtnam, grootskaalse ekonomiese probleme en die toename van misdaad en geweld het by baie Amerikaners die idee laat posvat dat die "Great Society" maar net 'n utopiese droom was. Wydverspreide openbare geweldpleging, massabetogings en studente-onluste het aan die lig gebring dat daar probleme in die Amerikaanse samelewing aanwesig is wat, ondanks 'n vloedgolf materiële voorspoed en wetenskaplike ontwikkeling, onopgelos bly. Oppervlakkig gesien het die ontevredenheid gedraai rondom enkele duidelik omlynde probleme: die Verenigde State se deelname aan die Viëtnamese oorlog, die rassevraagstuk, die probleem van armoede en die toename van misdaad. Meer fundamenteel het dit egter gegaan om niks minder nie as die meriete van die basiese uitgangspunte van die Amerikaanse samelewing. Die meriete van hierdie uitgangspunte, dit wil sê die "publieke filosofie" van die Verenigde State, is ernstig bevraagteken.

'n Sterk stroom kritiek teen die Amerikaanse samelewingstelsel het sy verskyning in die literatuur gemaak. Die "Great Society" is uitgebeeld as 'n "violence colony" (Raskin, 1970). Die ongelyke en onregverdige wyse waarop die politieke mag in die land verdeel word op grond van die groepteorie van politieke

mag en die elitistiese beskouing van demokrasie sowel as die korrupte wyse waarop mag gebruik word, is bevraagteken en veroordeel. Die militêr-tegnologiese dominansie van die samelewing is blootgelê (Perry, 1968). Die immoraliteit van die Amerikaanse buitelandse beleid is geïllustreer aan die hand van die Viëtnamese oorlog. Die vervreemding van die mens onder die druk van die post-industriële materialistiese maatskappy is blootgelê. Marcuse (1964) het die Amerikaanse samelewing byvoorbeeld gekarakteriseer as eendimensioneel en totalitêr-repressief. Dit is dus nie verbasend nie dat die sestigerdekade in die Verenigde State die tyd van die "Great Disorder" genoem word. By 'n belangrike deel van die bevolking, veral die intellektueles, het die opvatting van 'n massale mislukking van die Amerikaanse samelewingstelsel posgevat.

'n Belangrike kenmerk van die verzet teen die politieke filosofie van die bestaande orde was dat die wetenskap uitgewys is as 'n medepligtige van wat die kritici beskou het as die magte van onderdrukking. Die besef het posgevat dat wat tot dusver aangebied is as objektiewe wetenskaplike kennis, in der waarheid 'n vermomde ideologie is. Vir dekades is daar geglo dat empiriese kennis van hoe die samelewing funksioneer, outomaties sou lei tot die oplossing van maatskaplike probleme. Nou is ontdek dat die empiriese wetenskap van die samelewing uitgelewer is aan die ideologie van die bestaande orde, sodat dit self in die weg staan van noodsaaklike veranderinge. Net toe daar aanvaar is dat die stryd vir 'n "wetenskaplike" sosiale wetenskap gewen is, het die intrinsieke ideologiese aard van die wetenskap aan alle kante na vore getree (Botha, 1978, p.25). Daar is besef dat "... the thinking exhibited in these disciplines gave a false legitimacy to the social technical

control and manipulation that was infecting all aspects of human life" (Bernstein, 1976, p.xi). Die krisis in die Amerikaanse samelewing is direk in verband gebring met die positivistiese wetenskap se sanksionering van die bestaande orde.

Vir die sosiale wetenskappe in die algemeen was dit 'n insig van buitengewoon groot belang. Maar aangesien die begrip (die wetenskaplike sanksionering van die bestaande orde) besonder problematies is, is dit noodsaaklik om dit verder te presiseer en om die hooflyne te skets van die ontmaskering van die positivistiese wetenskap se sanksionering van die bestaande orde, soos dit uit verskillende oorde bewerkstellig is.

3. Die wetenskaplike sanksionering van die *status quo*

Soos in die vorige hoofstuk aangetoon, is die hoofogmerke van die positivistiese wetenskapsideaal die uitskakeling van alle metafisiese vooronderstellings uit die wetenskapsproses en die tot stand bring van suiwer objektiewe wetenskap, wat essensieel bestaan uit die ontdekking van die onveranderlike relasies tussen fenomene. Volgens dié beskouing is dit moontlik om denke en wetenskap heeltemal te vrywaar teen lewens- en wêreldbeskoulike vooronderstellings, en wel deur die wetenskap te bou op waargenome feite alleen. Die wetenskap het as vertrekpunt "an absolute observational standpoint"; ontologie kan heeltemal geneutraliseer word (Kolakowski, 1968, p.197).

Dat die positivisme in werklikheid nie so objektief is nie, spreek byna vanself. Dit is vir geen wetenskap - ook nie vir 'n wetenskap wat homself slegs op waargenome feite wil vestig nie - moontlik om alle vooronderstellings in verband met die

mens en sy wêreld uit te skakel uit die wetenskapsproses nie. Die positivistiese wetenskapsbeskouing is dan ook op die mees fundamentele wyse beïnvloed deur 'n bepaalde wêreldbeskouing.

3.1 Die "wetenskaplike wêreldbeskouing"

Reeds in die embryo-stadium van die positivisme, naamlik in die wetenskapsbeskouing van Auguste Comte, is die aanwesigheid van 'n bepaalde lewens- en wêreldbeskouing met sterk ideologiese inslag duidelik sigbaar. En dit is hierdie selfde lewens- en wêreldbeskouing, wat Comte met minagting as "metafisika" verwerp, wat die positivisme deur die jare heen gemotiveer en gerig het en wat later by die logiese positiviste as die "wissenschaftliche Weltanschauung" (Neurath, 1973, p.229) na vore getree het. Dieselfde beskuldiging van ideologiese geladenheid kan uiteraard ook ten opsigte van sy voorgestelde universalistiese mensheidsreligie waargemaak word. Soos in Hoofstuk 2 aangetoon, grond Comte sy wetenskapsbeskouing op die onderskeid tussen twee domeine, naamlik dié van die positiewe of feitlike en dié van die nie-feitlike of metafisiese. Wat Comte blykbaar nie begryp het nie, is dat dit self 'n metafisiese standpunt is; dit het self geen positiewe of feitlike of empiriese basis nie. Dieselfde geld vir die sogenaamde drie-stadia wet van wetenskaplike ontwikkeling. 'n Normatiewe konsep van die wetenskap word via 'n geskiedenisfilosofie in sy wetenskapsbeskouing ingedra (Habermas, 1972, p.80).

Van Riessen (1949, p.25-27) wys tereg daarop dat Comte se wetenskapsbeskouing gegrond is in 'n deur en deur deterministiese wêreldbeskouing. Agter sy beskouing dat die wetenskap bestaan uit die opsporing van die onveranderlike wette van

die werklikheid, sit die geloof dat die werklikheid (Comte noem dit die "natuurlike orde") bestaan uit eksakte entiteite wat onderhewig is aan onveranderlike wette, dit wil sê getermineerd is. By die afwesigheid van die erkenning van God as skepper en onderhouer van die werklikheid, word die wetmatigheid van die werklikheid self in absolute terme opgevat. En die sosiale werklikheid is aanvaar as deel van die "natuurlike orde" (Evans-Pritchard, 1970, p.6). Daar is implisiet aanvaar dat menslike gedrag, net soos natuurlike verskynsels, onderhewig is aan deterministiese wette (Kolakowski, 1968, p.303). Die "natuurlike orde" waarvan Comte praat, kan alleen verstaan word in die lig van die 17e-eeuse intellektuele rewolusie. Hierdie rewolusie bestaan daarin dat die Middeleeuse, hoofsaaklik Aristoteliese, wêreldbeeld vervang is met 'n meganistiese wêreldbeeld, gegrond op die beskouinge van Galileo, Keppler en Newton (Olson, 1971, p.2).

Die wêreldbeeld van die Westerse beskawing was tot op daardie stadium sterk religieus bepaald. En in die denke oor die sosiale werklikheid het die mens se verhouding tot sy medemens voorop gestaan. Die samelewing is beskou as 'n *gemeenskap*, dit wil sê die mens se medemenslike verhoudings is beklemtoon; in sommige gevalle is dit primêr gestel teenoor die individuele aspek van die mens. Die nuwe astronomie, fisika en meganika het hierdie wêreldbeeld en bypassende samelewingsbeskouing egter ingrypend verander. Atomistiese individualisme het in die plek gekom van die tradisionele beskouing van die mens as gemeenskapswese. Dit is moontlik gemaak deur die Newtoniaanse wêreldbeeld - "the world of quantity; of reified geometry" (Olson, 1971, p.301). Sedertdien is die sosiale wetenskappe dan ook deur die nuwe teorieë oor die fisiese werklik-

heid gestimuleer om die sosiale werklikheid in fisikalistiese terme te verstaan as 'n soort "sosiale fisika". Habermas (1973, p.73) som die situasie raak op: "Die neue Physik hat eine philosophische Deutung, die Natur und Gesellschaft komplementar zu den Naturwissenschaften interpretiert, sie hat das mechanistische Weltbild des 17. Jahrhunderts sozusagen induziert". Vir Comte was die Sosiologie byvoorbeeld "physique sociale", dit wil sê die soeke, net soos in die geval van fisiese verskynsels, na die onveranderlike relasies tussen sosiale verskynsels. Ook in die Sosiologie gaan dit vir hom om vaste, onveranderlike wette, asof die verskynsels waarmee die Sosiologie te doen het, net so eksak soos fisiese entiteite is (Van Riessen, 1949, p.18). 'n Goeie voorbeeld hiervan op die gebied van die Staatsleer is Thomas Hobbes, wat alle sosiale gedrag as die beweging van liggame ("bodies") verstaan het (Hobbes, 1839, I, p.401). Die meganistiese, deterministiese wêreldbeskouing het ook die grondslag van die sosiale wetenskappe geword. Hierdie wêreldbeskouing is deur Otto Neurath uiteengesit in 'n geskrif wat in 1929 gepubliseer is onder die titel *Wissenschaftliche Weltauffassung: der Wiener Kreis*.³⁾

In die begin van hierdie werk wys Neurath (1973, p.299) daarop dat dit in 1929 vir die eerste keer vir hom en die ander lede van die Weense Kring duidelik geword het dat hulle met 'n bepaalde wêreldbeskouing opereer en dat dié wêreldbeskouing op 'n kollektiewe wyse deur die lede van die Kring ontwikkel word. Hierdie wêreldbeskouing het hy getipeer as "the scientific conception of the world". Dit word onder andere daardeur gekenmerk dat sy opvatting van die werklikheid empiries en positivisties is. Slegs dít wat op een of ander wyse sintuiglik

waarneembaar is, is werklik: "For us, something is 'real' through being incorporated into the total structure of experience" (Neurath, 1973, p.308). Niks wat nie waargeneem kan word, word as deel van die werklikheid beskou nie. En hierdie werklikheid is volkome kenbaar: "... everything is accessible to man... The scientific world conception knows no unsolvable riddle" (Neurath, 1973, p.306). Dit is dus duidelik dat, hoewel die positivistiese wetenskapsbeskouing trag om 'n wetenskap vry van metafisiese vooronderstellings tot stand te bring ("science free of metaphysics"), dit in die praktyk onmoontlik blyk te wees. Die positivistiese wetenskap gaan uit van die veronderstellings dat die wêreld 'n meganistiese, deterministiese en sintuiglik waarneembare universum is en dat hierdie universum wetenskaplik kenbaar is deur middel van logiese analise wat op sintuiglike waarneming berus. Hierdie uitgangspunt is self 'n "metafisiese vooronderstelling" in terme van die positivistiese wetenskapsbeskouing.

Nou verwant aan die "wetenskaplike wêreldbeeld" van die positivisme is die positivistiese opvatting van die rol wat die wetenskap in die samelewing moet speel.

3.2 Wetenskaplikheid as ideologie

Die wetenskap en wetenskaplikheid word deur die positivisme beskou as 'n soort verlosser en emansipeerder van die mensdom. Die waarheid van die wetenskap, so word geglo, kan die mens verlos van sy probleme en hom lei tot immer groter hoogtes van ontwikkeling. Die wetenskap verskaf volgens Neurath (1973, p.305) die gereedskap vir die "conscious re-shaping of life" en vir die "rational transformation of the social and economic

order". Die samelewing moet "wetenskaplik" gereorganiseer word. In die praktyk van die daaglikse lewe het hierdie ideaal van wetenskaplike rasionaliteit groot invloed verwerf. Met 'n beroep op wetenskaplikheid word voorstelle aanvaar of verwerp, planne goedgekeur of afgekeur en handeling veroordeel of aangeprys. Wetenskaplike rasionaliteit het 'n norm vir die daaglikse lewe geword (Koningsveld, 1977, p.201).

Wetenskaplikheid word beskou as 'n maatskaplike noodsaaklikheid. Wil mens armoede, siekte, uitbuiting, besoedeling en honger bestry, moet die wetenskap die wapen wees. Die wetenskaplike aanpak word aanvaar as die beste vir almal. Alle alternatiewe, byvoorbeeld die wat uit 'n neo-Marxistiese hoek kom, word dogmaties van die tafel gegee. Sonder om die beperkinge van die wetenskaplike waarheid te besef, word die wetenskap aanvaar as enigste weg na 'n volmaakte samelewing. So word die wetenskap mettertyd tot ideologie verhef (Koningsveld, 1977, p.203).

Die ironiese is egter dat die positivisme, met sy idee van neutraliteit en waardevryheid, eerder in die pad staan van die bereiking van 'n beter samelewing. Die afwesigheid van enige kritiese funksie in die positivistiese wetenskap verskaf die wetenskaplike grond vir die sanksionering van die bestaande orde (Koningsveld, 1977, p.203). Dit blyk veral duidelik op die terrein van die politiek. Die wetenskap en tegniek het hoe langer hoe meer instrumente van politieke beheer geword. Die moderne wetenskap met sy onversadigbare behoefte aan finansiële ondersteuning is op die mees intieme wyse ingeskakel by die belange van die heersende politieke magte (Olson, 1971, p.304). Marcuse (1969, p.24-25) het hierdie toedrag van sake

treffend geskets: "Science today is in a position of power that almost immediately translates pure scientific achievement into political and military weapons of global use and effectiveness. The fact that the organization and control of whole populations, in peace as well as in war, have become, in a strict sense, a *scientific* control and organization (from the most ordinary household gadgets to the highly sophisticated methods in public opinion formation, publicity, and propaganda) inexorably unites scientific research and experiment with the powers and plans of the economic, political and military establishment". Dit is natuurlik dat politieke maghebbers hulle mag met tegniese opgeleide deskundiges sal deel, want die moderne politieke problematiek laat geen ander alternatief nie. So word meer en meer besluite oor die samelewing deur die tegnokrate geneem, "whose principal values are efficiency and order, rather than spontaneity and variety, and who judge the successes and failures of social institutions in impersonal, objective, and quantitative rather than in human and qualitative terms" (Olson, 1971, p.307). Hierdie deskundiges is vir die politieke maghebbers "veilig", want op grond van hulle wetenskapsbeskouing weier hulle om vrae te vra oor die legitimiteit van die politieke mag in wie se diens hulle staan. Trouens, die positivistiese wetenskap is die enigste soort wetenskap wat in 'n totalitêre samelewing aanvaarbaar is. Deur hulle onkritiese diensbaarheid aan die magte van die bestaande orde word dié orde wetenskaplik gesanksioneer.

Naas die sanksionering van die bestaande orde wat uit die empirisme en kritiekloosheid van die positivistiese wetenskap spruit, is daar egter ook 'n ander rede vir die intieme verband tussen die positivistiese wetenskap en die bestaande orde. Dit is die feit dat die positivistiese wetenskapsbeskouing en die bestaande orde uit dieselfde lewens- en wêreldbeskoulike wortel spruit. Kolakowski (1968, p.196) merk in hierdie verband tereg op dat die logiese positivisme - en dit is sekerlik waar vir die positivisme in die algemeen - die produk is van 'n spesifieke ideologie, naamlik die tegnokratiese ideologie. Hierdie ideologie, onder die skyn van 'n anti-ideologiese, wetenskaplike wêreldbeskouing, is ook die leidende motief van die tegnokratiese kultuur, dit wil sê die kultuur waarin tegniese doeltreffendheid die hoogste waarde is. Dieselfde werklikheidsbeskouing wat die intellektuele bron van die bestaande politiek-ekonomiese orde is, naamlik die scientisme (wat Kolakowski die tegnokratiese ideologie noem), is ook die wysgerige grond van die positivistiese wetenskapsbeskouing. Die wetenskaplike sanksionering van die bestaande orde is dus nie net 'n metodologiese kwessie nie; die positivistiese wetenskap het 'n intrinsiek-ideologiese karakter waardeur dit simpatiek gestem word tot en beweeg word om in diens te staan van die bestaande tegnologiese samelewingsfilosofie.

In die Verenigde State het daar gedurende die sestigerdekade 'n besonder intieme verhouding tussen die regering en die wetenskap, wat in die algemeen as positivisties getipeer kan word, ontstaan. Voorheen het akademië as individue aan die politieke proses deelgeneem en wetenskaplikes het slegs op indirekte wyse invloed gehad op die vorming van nasionale beleid.

Onder die persoonlike inisiatief van president Kennedy het 'n baie direkter verhouding tussen die wetenskap en die politiek tot stand gekom, "one of direct service which blurred the separate identity of the two institutions" (Bom, 1976, p.1).

In die verkiesingskampanje van 1960 het akademië hulle self georganiseer as "Scholars for Nixon" en as die "Committee of Arts, Letters and Sciences for Kennedy" en in die 1964-kampanje as "Scientists and Engineers for Johnson". Op hierdie wyse het hulle hul akademiese prestige aangewend om die akademiese gemeenskap solied teen die kandidatuur van Goldwater te beïnvloed. Nadat Kennedy tot die presidentskap verkies is, is sosiale wetenskaplikes op groot skaal by beleidsbeplanning en administrasie betrek. Akademië het so 'n belangrike deel van die presidensiële regeringsapparaat geword soos partyleiers 'n belangrike deel van die Kongres is. Bom (1976, p.4) meld in hierdie verband dat baie professore aan die groot Amerikaanse universiteite begin het om voorkeur te verleen aan die navorsingsbehoefte van die regering bō die opvoedkundige behoeftes van hulle studente - 'n tendens wat aangehelp is deur verhoogde persoonlike kontak tussen professore en politici en deur die toekenning van navorsingsprojekte deur die regering aan die leidende sosiale wetenskaplikes. Bom (1976, p.4) tipeer die situasie raak as 'n "akademokrasie", dit wil sê as 'n verwetenskapliking van die demokrasie. Die onderliggende idee daarvan was om beleidsvorming op 'n "wetenskaplike" grondslag te plaas. Die resultaat was die fusie van die wetenskap en die politiek op so 'n skaal dat die wetenskap volledig diensbaar gemaak is aan die belange en die prioriteite van die Kennedy-administrasie en later van die Johnson-administrasie.

Dit is dus duidelik dat die positivisme, ten spyte van sy ideaal om metafisiese vooronderstellings uit die wetenskaps=proses uit te skakel, in werklikheid nie so objektief is soos hy self voorgee om te wees nie. In terme van die positivisme se eie wetenskapsbeskouing is daar beslis sprake van "ideologiese bagasie", waardeur die positivistiese wetenskap die dienaar van die bestaande orde word. Teen hierdie diensbaarheid onder die skyn van waardevryheid en neutraliteit het daar etlike dekades gelede reeds op allerlei fronte verzet begin ontwikkel en daar is pogings aangewend om die intrinsiek-ideologiese aard van die positivistiese wetenskap te ontmasker.

4. Die ontmaskering van die intrinsiek-ideologiese karakter van die positivistiese wetenskap

Die 19e-eeuse geestesbeweging wat bekend staan as die Romantiek kan beskou word as die eerste vorm van verzet teen pogings om natuurwetenskaplike metodes oor die hele spektrum van die menslike lewe aan te wend (Olson, 1971, p.301). Die Romantiek se verzet teen die scientisme het geduur tot aan die einde van die 19e eeu, toe 'n nuwe soort verzet in die vorm van die ekspressionisme en surrealisme in die kuns en die fenomenologie en eksistensialisme in die filosofie sy verskyning gemaak het. Terwyl die verzet gedurende die 19e en vroeg-20e eeu beperk was tot klein intellektuele elites, het dit sedert die derde dekade van hierdie eeu in omvang toegeneem. Teen die sestigerjare van hierdie eeu het dit so 'n omvang en intensiteit bereik dat die posisie van die scientisme ernstig in die gedrang gekom het.

Olson (1971, p.305) merk tereg op dat die erosie van menslike individualiteit en die manipulasie van die mens wat in die scientisme opgesluit lê, 'n wye verskeidenheid reaksies ontlok het wat strek van elemente van die Romantiek tot radikale aktivisme en die totale verwerping van die samelewing deur die hippiekultuur. Ten einde die post-behavioralistiese rewolusie, wat beskou moet word as deel van die verzet teen die positivistiese wetenskap se sanksionering van die bestaande orde, te begryp, is dit noodsaaklik om nou eers, al is dit kortliks en kursories, aandag te skenk aan die protes wat daar vanuit die filosofie en die wetenskapsleer teen die positivistiese wetenskap ontwikkel het. Wat die filosofie betref, sal gelet word op die fenomenologie en die neo-Marxisme, terwyl die Historiese Skool behandel sal word in verband met die rewolusie in die wetenskapsleer.

4.1 Die fenomenologie

Die fenomenologie het sedert die begin van hierdie eeu as reaksie teen die positivismen en dié se degradering van menslike individualiteit en ervaring van die wêreld waarin hy leef, ontstaan.

Die term *fenomenologie* is onder die mees ongedefinieerde terme in die moderne filosofie, en onder die vlag van die fenomenologie word 'n verstommende verskeidenheid standpunte aange-tref. Wat die werklikheidsvisie van die fenomenologie betref, is Husserl, die grondlegger van die fenomenologie, se *Lebenswelt*-konsep van besondere belang.

Die *Lebenswelt*-konsep gaan uit van die veronderstelling dat die werklikheid nie 'n kant-en-klaar geordende, outodinamiese wêreld is nie, maar dat die werklikheid gekonstitueer word in en deur die mens se ervaring of belewing. Dit is 'n geval van: wat beleef word, is werklik en wat werklik is, is beleefbaar. Daarom kan daar ook nie een enkele wêreld wees nie. Alfred Schutz (1962) praat van "multiple realities". Die wêreld bestaan uit 'n groot aantal subwêrelde wat gevorm word deur verskillende ordes van ervaring. So is daar byvoorbeeld die wêreld van die individu, die speelwêreld van die kind, die wêreld van die waansinnige, ens. Schutz (1962, p.207) noem dit "finite provinces of meaning"; elkeen het sy eie visie op die werklikheid en styl van denke wat vir die ander teenstrydig, fiktief en onwerklik lyk. Van al die "multiple realities" is die werklikheid van elke dag se bestaan, die *Lebenswelt* of leefwêreld, die belangrikste met die oog op die sosiale wetenskappe. Dit is die argê-tipe van die werklikheid, en ál die ander kan as aanpassings of modifikasies van die *Lebenswelt* beskou word (Jung, 1971, p.541). Dit is dus duidelik dat die werklikheidsbeskouing van die fenomenologie grootliks verskil van die meganistiese en deterministiese wêreldbeeld van die positivisme. Hierdie werklikheidsbeskouing speel, soos te verwagte, ook 'n belangrike rol in die wetenskapsbeskouing van die fenomenologie.

Die fenomenologie wil wees wat sy naam sê: *logos* van die *fenomenon*. Die werklikheid moet bestudeer word soos dit sigself aan die bewussyn aanbied (Van de Hulst en Van Peursen, 1953, p.34-35).

Om die metodologie van die fenomenologie te begryp, is dit nodig om daarop te wys dat Husserl, na analogie van Kant se onderskeid tussen die werklike voorwerp (die sg. "Ding an sich") en die fenomeen (dit is die voorwerp soos dit sintuiglik waargeneem word) onderskei tussen twee werklikhede: die natuurlike, materiële werklikheid wat deur middel van natuurwetenskaplike metodes gemeet en bereken kan word en die "sphere of meaning", dit is die werklikheid soos die mens dit beleef (Van der Hoeven, 1965, p.23). Husserl aanvaar die eerste as vanselfsprekend en is nie verder daarin geïnteresseerd nie. Vir die fenomenologie is slegs die tweede, die "sphere of meaning" van belang; dit soek na die betekenis ("meaning") van menslike handeling. Die fenomenologie is dus eerder geïnteresseerd in die *waarom* van menslike gedrag as in die *hoe* (logiese struktuur) daarvan.

Die vraag is egter: wat bedoel Husserl met die begrip *betekenis* ("meaning"); en verder: hoe word die betekenis van iets bepaal? Hierdie vrae raak die essensie van die fenomenologie.

Husserl was daarvan oortuig dat menslike handeling nie meganiese prosesse is nie, maar *bewuste*, beleefde handeling. Hy karakteriseer dit met die term *intensionaliteit*: elke handeling word daardeur gekenmerk dat dit iets in die oog het, intensie het; dit *beteken* iets (Van der Hoeven, 1965, p.22). 'n Mens kan byvoorbeeld 'n voorwerp soos 'n huis bewonder vir sy skoonheid, sy ontwerp beoordeel, dit bewoon, dit liefhê, dit afbrand, ens. In al hierdie verskillende handeling het die huis *betekenis*; hierdie betekenis kan nie vernietig word

nie, al word die huis self vernietig. Dit is in hierdie betekenis van menslike handeling wat die fenomenologie geïnteresseerd is.

In die fenomenologie speel die *Lebenswelt*-konsep 'n sentrale rol. Eenvoudig gestel, kom dit daarop neer dat alle kennis tuele kennis voortspruit uit en gebaseer is op die ervaring of belewing van die *Lebenswelt*. Enige bewuste daad van kennisvorming veronderstel iets wat dié kennisvorming vooraf gaan, dit is die ervaring van die *Lebenswelt*. Die gevoelsdimensie van die mens se belewing van die werklikheid speel 'n uiters belangrike rol in hoe hy die werklikheid waarneem en interpreteer. Mens dink nie in 'n vakuum nie; denke vind altyd plaas met verwysing na iets wat mens reeds naïef ken.

Hoewel die fenomenologie uit reaksie teen die positivisme ontwikkel het, is daar tog gemeenskaplike grond tussen hulle, byvoorbeeld die ideaal van 'n rigoristiese, eksakte wetenskap (Van der Hoeven, 1965, p.18) en die onvoorwaardelike respek vir "positive data experience" (Biemel, 1974, p.210). Dit is juis hierdie primaat van die empiriese werklikheid, uitgedruk in die fenomenologie se strydkreet "Zu den Sachen selbst", wat Husserl laat verklaar het dat die fenomenoloog die ware positiviste is (Biemel, 1974, p.210). Daarom word die fenomenologie soms gekarakteriseer as radikale empirisme. Dit erken die afhanklikheid van alle denke van "directly lived experience".

rience". Die fenomenologie verstaan egter onder waarneming nie dieselfde as die positivistie nie. Vir die positivistie is waarneming die sintuiglike registrasie van stande van sake in 'n kant-en-klaar geordende wêreld. Vir die fenomenologie is waarneming baie meer as net sintuiglike waarneming. Ook nie-sintuiglike vorme van waarneming, byvoorbeeld intuïtiewe kennis word nie net aanvaar nie, maar as onontbeerlik beskou (Biemel, 1974, p.210-211).

Die fenomenologie en die positivistie het dus dieselfde wetenskapsideaal; die verskil kom egter by die *metode* waarmee die werklikheid begryp moet word. Die fenomenologie is daarvan oortuig dat die metodes wat gebaseer is op die filosofie van die natuurwetenskap, die "meaning structures" van die sosiale werklikheid geweld aandoen. Die fenomenologie ontken nóg die idee van objektiwiteit, nóg die moontlikheid van betroubare sosiale wetenskappe. Hy verwerp wel wat genoem word die *scientisme*, dit is die wetenskapsbeskouing wat glo dat die enigste geldige wetenskaplike metodes dié is van die natuurwetenskappe wat gebaseer is op sintuiglike waarneming. Die fenomenologie wil die werklikheid ervaar sonder die voorafver-eiste van 'n opgelegde metodologie.

Dit is dus duidelik dat die metodologie van die fenomenologie en dié van die positivistie radikaal van mekaar verskil. Veral twee punte van verskil moet beklemtoon word. Die eerste is dat, terwyl die positivistie slegs in die "positiewe feite" geïnteresseerd is, dit wil sê in die sintuiglik waarneembare stande van sake, is die fenomenologie daarvan oortuig dat die werklikheid nie met sintuiglike waarneming alleen in die greep gekry kan word nie. Die tweede is dat, terwyl die positivistie

voorgee dat die wetenskaplike as 'n "pure visitor" 'n meganiese en outodinamiese werklikheid objektief kan waarneem ten einde die wette te ontdek waarvolgens dit funksioneer, stel die fenomenologie die kennende subjek in 'n sentrale posisie in die kenproses. Die kenner is vir die fenomenologie geen onbetrokke toeskouer nie; hy is met sy hele ervaringswêreld, sy prekonseptuele kennis en sy vooronderstellings betrokke by die kenaksie. Die betekenis van iets, byvoorbeeld 'n bepaalde menslike handeling, kan eers begryp word in 'n wisselwerking tussen die fenomeen en die mens wat dink, voel, glo, verbeel, ens.

Van wetenskaplike objektiwiteit in die sin wat die positivisme dit bedoel, kan daar vir die fenomenologie dus geen sprake wees nie.

Die fenomenologie van Husserl het 'n belangrike ontwikkelingsfase bereik toe dit verbind is aan die eksistensialisme om die eksistensialistiese fenomenologie te vorm. Die figure wat gewoonlik daarmee geassosieer word, is Heidegger, Sartre, Merleau-Ponty en Ricoeur. Jung (1971, p.538) wys daarop dat die terme fenomenologie en eksistensialistiese fenomenologie sedertdien meer en meer sinoniem geword het.

Die eksistensialistiese fenomenologie is wesenlik 'n verbinding van die fenomenologiese metode aan die eksistensialistiese mensbeskouing (Ricoeur, 1967, p.212). Die eksistensialisme beklemtoon dat die mens nie klaar en af is nie, maar wel voortdurend in wording, op weg na iets anders. Die mens word beskou as 'n projek wat oneindig voortgaan, wat deur sy handelinge voortdurend vorm gee aan dit wat hy graag wil

wees.⁴⁾ Met die fenomenologiese metode kan hierdie wordende, veranderende en groeiende mens begryp word. Die eksistensialistiese fenomenologie probeer dus om die betekenis van die mens se in-die-wêreld-wees te verstaan deur die betekenis van sy konkrete bestaan in en belewing van die *Lebenswelt* noukeurig te beskryf en te verklaar volgens die fenomenologiese metode (Jung, 1973, p.135).

Die fenomenologie, en later die eksistensialistiese fenomenologie, het dus probeer aantoon dat die positivistiese neutraliteitspostulaat 'n mite is. Dit het by implikasie beteken dat die positivistiese wetenskap "ideologies" gelade is, ten spyte van sy aansprake op waardevryheid. Die fenomenoloog het egter nie pertinent op hierdie implikasie ingegaan en die betekenis daarvan uitgestippel nie. Die neo-Marxiste het dit hulle taak gemaak om die ideologiese geladenheid van die positivisme bloot te lê.

4.2 Die neo-Marxisme

Die term *neo-Marxisme* is 'n sambreelterm wat in die literatuur vir 'n groot verskeidenheid nuanseringe in die na-oorlogse denke gebruik word. Hieronder sou ingesluit kon word:

- * die sogenaamde *teologie van die rewolusie*, dit wil sê die denkkeelde van Bloch, Shaul, Moltmann, e.a.;
- * die links-radikale politieke groeperinge in Europa en die Verenigde State wat as die *New Left* bekend staan;
- * die rewolusionêre opvattinge wat tot uitdrukking kom in die denke van die Suid-Amerikaanse bevrydingsbewe-

gings, byvoorbeeld dié van Fidel Castro, Ché Guevara en Camillio Torres;

- 2 die nuwere opvattinge met betrekking tot die sosialisme wat die afgelope dekades in Afrika ontwikkel het.

Vir die doeleindes van hierdie hoofstuk moet die klem egter val op die denkbeelde van die *Frankfurter Institut für Sozialforschung*, ook genoem die *Frankfurter Schule*. Die sosioloë wat met hierdie instituut geassosieer word, het nie net maatskappykritiek gelewer nie, maar ook wetenskapskritiek.⁵⁾ Die bestaande samelewingsorde is nie net op filosofiese gronde gekritiseer en verwerp nie; dit is ook verklaar as die produk van 'n bepaalde wetenskapspraktyk. Wetenskap en samelewing is, volgens hulle, vanweë die volledige verwetenskapliking van die produksieproses, sodanig met mekaar verweef in die moderne tegnologiese bestel dat kritiek op maatskappy en wetenskap nie net 'n formele eis is nie, maar ook 'n praktiese noodsaaklikheid. Anders as die ander neo-Marxistiese groeperings is die neo-Marxisme van die *Frankfurter Schule* dus maatskappykritiek en wetenskapskritiek tegelyk (Esterhuyse, 1971, p.12). Vir die ontmaskering van die ideologiese geladenheid van die positivisme is die werk van die *Frankfurter Schule* dus van kardinale belang.

Die Frankfurters het die aandag daarop gevestig dat die sosiale werklikheid iets anders en iets meer behoort te wees as die empiriese werklikheid. Omdat iets "is", beteken dit nog nie dat dit noodwendig so "behoort" te wees nie. Die gewone stand van sake kan nooit normatief wees nie. Die feit dat die positivistiese sosiologie dit nie raaksien nie, word

daaraan toegeskryf dat daar metodologies en ontologies skei-
 ding gemaak word tussen waarneming en waardering, tussen feit
 en waarde en tussen denke en handeling. Die aanwending van
 die positiewe metode loop volgens die *Frankfurter Schule* slegs
 uit op 'n verdubbeling van die werklikheid. In die begrippe
 waarmee die empiriese werklikheid bloot feitlik beskryf word,
 word eintlik 'n erkenning van die aanvaarbaarheid van die be-
 staande orde ingebou. Sodoende word 'n tweede, dit is die
 "faktiese", werklikheid naas die eintlike of ware werklikheid
 tot stand gebring (Institut für Sozialforschung, 1956, p.63).
 Dit beteken dat die positivistiese sosiologie deur die hante-
 ring van 'n bepaalde metodologie die sanksionering van die be-
 staande orde in die hand werk. Die wetenskap het dus sy kri-
 tiese funksie verloor. Teen hierdie agtergrond moet die
 Frankfurters se pogings dan gesien word om 'n sogenaamde kri-
 tiese sosiologie tot stand te bring. (Vgl. ook Horkheimer,
 1937.)

In aansluiting by die vroeë geskrifte van Marx, dit wil sê
 sy geskrifte wat vóór die verskyning van die *Kommunistiese*
manifestes (1848) geskryf is en waarin hy na bewering 'n groter
 humanistiese bewoënheid openbaar as in sy latere geskrifte,
 het die *Frankfurter Schule* probeer om 'n nuwe teorie oor die
 samelewing te ontwikkel. Die ortodokse Marxisme is in belang-
 rike opsigte as onhoudbaar beskou. Die geskiedenis van hon-
 derd jaar het bewys dat die deterministiese geskiedenisbeskou-
 ing van Marx foutief is. Die rewolusie en arbeidersparadys
 wat volgens Marx histories noodwendig en aanstaande sou wees,
 het nie gekom nie. Daarbenewens is besef dat die aard van
 die maatskappy wat die empiriese grond van die ortodokse
 Marxisme was, radikaal verander het. Die koms van die post-

industriële maatskappy het heel nuwe eise aan die Marxistiese uitgangspunte gestel: Die *Frankfurter Schule* se denkbeelde sou dus 'n sterk aangepaste Marxisme wees. Die determinisme van Marx is byvoorbeeld vervang met die toekenning van 'n belangrike rol aan die rewolusionêre bewussyn en wil van die mens.

Die beskouinge van Marcuse kan as illustrasie van die neo-Marxistiese maatskappy- en wetenskapskritiek dien.

Marcuse se maatskappykritiek kom basies daarop neer dat die huidige samelewingsorde ontmenslik is.⁶⁾ Hy kom tot die slotsom dat die moderne tegnologiese samelewing daardeur gekenmerk word dat dit in 'n totale sin onderdrukkend is, dat dit egaliserend of gelykmakend is en dat dit geslote of eendimensioneel is.

- * Die samelewing is onderdrukkend in die sin dat dit deur middel van die wetenskap en tegniek volledige beheer oor die mens gekry het. Die tegnologiese maatskappy gaan van die veronderstelling uit dat beheer oor mense hand-aan-hand gaan met die mate waarin hulle materiële behoeftes bevredig kan word. Deur behoeftes by die mens te skep en dit dan ook te bevredig, kan die mens gemanipuleer word. Binne die tegnologiese samelewingstelsel word die wetenskap en tegniek gebruik om mense se behoeftes te bevredig; die welvaart wat daaruit voortspruit en die behoeftebevrediging wat daardeur moontlik gemaak word, funksioneer as instrumente van sosiale beheer. Mense kan wel kry

wat hulle verlang, maar vanweë hulle inlywing in die stelsel, begeer hulle presies wat die stelsel wil hê hulle op daardie stadium moet begeer.

Dit beteken dat die mens nie deur persone uitgebuit word, soos Marx van die kapitaliste beweer het nie, maar deur die stelsel self omdat hy, vanweë die uitgebreidheid en ingewikkeldheid van die stelsel, net geen beheer meer daaroor het nie. Die mens leef nie meer nie; hy word deur die stelsel geleef.

- * As stelsel onderdruk en domineer die samelewing nie net nie; deur middel van 'n proses van inlywing skakel dit ook alle moontlike opposisie teen die bestaande orde uit. Mense is so volledig ingelyf by die stelsel, hulle is in so 'n absolute sin afhanklik van die stelsel dat alle teenstellinge wat tot die bewuswording van die onderdrukking kan lei, toegesluit bly. Dit is daarom dat die arbeiders nie meer as draers van die rewolusie in die moderne tegnologiese maatskappy kan figureer nie. Kritiek en verzet teen die stelsel kan alleen kom van diegene wat nog nie volledig by die stelsel ingelyf is nie.

- * Die onderdrukkende en egaliserende eienskappe van die tegnologiese sisteem kulmineer in eendimensionaliteit of geslotenheid, dit wil sê die moontlikhede om na 'n ander, kwalitatief meer bevredigende menswees te beweeg, is effektief geblokkeer. Die spanning tussen hoe daar in feite geleef word en hoe daar geleef behoort te word, kan nie deurbreek word nie. Dit is egter nie net die samelewing wat eendimensioneel is nie; die vergestaltung van die onderdrukking en domi-

nansie is so effektief dat dit ook die menslike bewussyn raak. Dit beteken dat 'n verandering in die strukture waarin die mens leef, slegs moontlik word nadat daar 'n bewussynsverandering by die mens plaasgevind het.

Dit is duidelik dat Marcuse, anders as Marx, negatief ingestel is teenoor wetenskap en tegniek - altans in hulle huidige gestalte. Volgens Marx sou die mens en die samelewing verander kon word binne die tegnologiese sisteem deur slegs die eiendoms- en produksieverhoudinge te verander. Vir Marcuse kan die wetenskap en tegniek nie losgemaak word van die gebruik wat daarvan gemaak word nie. Wetenskap en tegniek is nie neutraal nie; albei is polities betrokke. Wetenskaplike beheersing van die natuur is korrelaat met die wetenskaplike beheer van die mens. Die allesoorheersende denktrant in die tegnologiese samelewing is dié van wetenskaplike beheersing van alle moontlikhede. Hierdie denktrant het hom so volledig gevestig in die politieke, kulturele en sosiale bestel dat nie net dinge nie, maar ook die mens beheers word. Maatskappy en wetenskap konstitueer hulleself in toenemende mate deur middel van mekaar. Die positivistiese wetenskap is dus slegs die teoretiese uitdrukking van die eendimensionele of geslote maatskappy.

Hierdie denkrigting sou ook by ander lede van die *Frankfurter Schule*, byvoorbeeld Jürgen Habermas, aangetoon kon word.⁷⁾

Genoeg is egter gesê om die aard van die verset van die neo-Marxiste teen die positivistiese wetenskap te illustreer. Hulle verbind naamlik die dominansie van die mens deur die moderne tegnologiese samelewing direk aan die rol wat die weten=

skap en die tegniek speel. Die mening het posgevat dat die wetenskap in die huidige tegnologiese bestel sy politieke neutraliteit verloor het en dat daar 'n versmelting van wetenskaplike rasionaliteit en onderdrukking en van tegniek en dominansie plaasgevind het. In die heerskappysisteen funksioneer wetenskap en tegniek as ideologie (Habermas, 1973, p.79). Die idee van die objektiwiteit van die wetenskap word dus nie soseer op wetenskapsteoretiese gronde bevraagteken nie, maar veral vanuit maatskappykritiese oorweginge verwerp.

Hoewel vanuit 'n ander wysgerige perspektief, kom die neo-Marxiste tot dieselfde gevolgtrekking met betrekking tot die positivistiese wetenskap as die fenomenologie, naamlik dat die mens se vryheid en individualiteit onder die diktatuur van die wetenskap en tegniek ernstig aangetas word. Pleks van objektief te wees, laat die wetenskap hom gebruik as handlangers van die bestaande orde ten einde sy beheersing van die mens te vestig en te bestendig. Hierdie, hoofsaaklik vanuit die filosofie gerigte, kritiek teen die positivisme is egter die afgelope ongeveer drie dekades aangevul vanuit die wetenskapsleer.

4.3 Rewolusie in die wetenskapsleer

Die afgelope dekade word gekenmerk deur 'n duidelike wending in die wetenskapsfilosofie. Daar het naamlik 'n verset, wat soms ook 'n rewolusie genoem word (Botha, 1976, p.19), ontwikkel teen die positivisties-empiristiese wetenskapsfilosofie. Die verset is veral gemik teen die 20e-eeuse variant van die positivisme, bekend as die logiese positivisme of neo-positivisme. Ihara (1972, p.64) wys tereg daarop dat die verset

teen die logiese positivisme nie met een enkele skool in die wetenskapsfilosofie geassosieer moet word nie, want die stemme van verzet kom uit verskillende wysgerige rigtings. Die verzet word egter gewoonlik in die eerste plek verbind aan die sogenaamde "new philosophy of science" of die Historiese Skool in die wetenskapsfilosofie, wat sedert ongeveer 1966 duidelik na vore getree het.

Die sogenaamde Historiese Skool in die kontemporêre wetenskapsfilosofie word veral geassosieer met vier hooffigure, naamlik Stephen Toulmin, Norwood Hanson, Paul Feyerabend en Thomas Kuhn. Die naam "Historiese Skool" spruit daaruit dat die nuwe benadering tot die wetenskapsfilosofie, teenoor die logiese positivisme se beklemtoning van die logiese struktuur van wetenskaplike teorieë, die lig baie skerp op die geskiedenis van die wetenskap laat val het (Kisiel en Johnson, 1974, p.146). Teenoor die a-historiese, statiese, strukturele en formeel-logiese benadering tot die wetenskap deur die logiese positivisme het die Historiese Skool die klem laat val op die konkrete en die historiese aspekte van wetenskap in 'n poging om die dinamiek van verandering in die wetenskap te begryp (Toulmin, 1971, p.53). Die logiese positivisme se onderskeid tussen die "context of discovery" en die "context of justification" is verwerp as 'n onhoudbare skeiding van die historiese en die logiese dimensies van die wetenskap, met 'n gevaardgaande onderwaarding van die historiese dimensie. Botha (1976, p.30) wys tereg daarop dat hierdie oorgang van die analise van *logiese strukture* van die wetenskap tot die analise van wetenskaplike *ontwikkelinge* die belangrikste kenmerk en wending van die kontemporêre wetenskapsleer is en dat dit 'n direkte aanval verteenwoordig op die wetenskapsbeskou-

ing van die logiese positivisme.

Hoewel die oorsprong van die Historiese Skool gewoonlik teruggevoer word tot die publikasie van Toulmin se *Philosophy of science* in 1953 (Botha, 1976, p.23), word verwante denkbearde reeds vroeër, byvoorbeeld in die werke van Polanyi en Collingwood aangetref. Trouens, Polanyi se *Personal knowledge* (1958) word as deel van die nuwe wetenskapsfilosofie beskou, waarskynlik onder meer vanweë Kuhn (1962, p.44) se erkenning van Polanyi se begrip "tacit knowledge".

Ten spyte daarvan dat die lede van die Historiese Skool uit verskillende wysgerige tradisies kom, as gevolg waarvan elk sy eie benadering tot en visie op die wetenskapsfilosofie van die logiese positivisme het, is dit tog moontlik om enkele algemene kenmerke van die nuwe wetenskapsfilosofie aan te toon. Kisiel en Johnson (1974, p.147) sien die kenmerkende van die nuwe wetenskapsfilosofie in wat hulle noem "... the view that all of science is directed by historically determined global presuppositions ... which operate at a level deeper, more tacit and more comprehensive than that upon which theorems are determined by axioms". Hierdie vooronderstellings word deur die verskillende figure net verskillend genoem ("paradigms", "ideals of natural order", "standards of rationality and intelligibility", "fundamental patterns of expectations", "high-level background theories", ens.) maar die bepalende rol daarvan ten opsigte van wetenskap bly dieselfde. In alle wetenskaplike teorieë speel vooronderstellings 'n deurslaggewende rol.

Hierdie algemene karakterisering van die wetenskapsfilosofie van die Historiese Skool word deur Kisiel en Johnson (1974, p.147) gereduseer tot drie uitgangspunte:

- * Die "presupposition theory of meaning", wat beteken dat die betekenis van alle wetenskaplike terme, of dit nou waarnemingsterme of teoretiese terme is, bepaal word deur die wetenskaplike se stel veronderstellings of paradigma;
- * die "presupposition theory of problems", waarvolgens die gebied van die wetenskap (die vrae wat as geldige wetenskaplike vrae aanvaar word sowel as die tipe antwoorde wat as antwoorde aanvaarbaar is) deur die paradigma bepaal word; en
- * die "presupposition theory of the relevance of facts to theory", waarvolgens selfs dit wat as feite aanvaar word, in die konteks van 'n bepaalde teorie deur die paradigma of vooronderstellings bepaal word.

Die gesamentlike resultaat van hierdie drie uitgangspunte is dat wetenskaplike lewens- en wêreldbeskouing, of metafisika, soos die positiviste dit graag noem, erken is as behorende tot die *wese* van wetenskap en dus nie 'n vreemde en ongewenste faktor wat uitgeskakel moet en kan word nie. Die standpunte van die Historiese Skool dui daarop dat die leidende of bepalende faktor in wetenskapsbeoefening, naamlik die vooronderstellings van die wetenskaplike, veranderlik is van een konteks na die ander en dat dié leidende faktor in die finale instansie arbitrêr is omdat dit geen absolute sekerheidsbasis in die rede of die ervaring het nie. 'n Blik op die wyse waar-

op enkele van die hooffigure van die Historiese Skool die ver= set teen die positivisme aangepak het, illustreer die verskei= denheid van standpunte wat in die Historiese Skool saamgetrek is.

Polanyi se werke *Personal knowledge* (1958) en *The tacit dimen= sion* (1966) is seker een van die skerpste ontmaskerings van die valsheid van die probleem van die skeiding van feite en waardes, van feit en teorie en van subjek en objek. Sy standpunt kom daarop neer dat alle kennis 'n persoonlike element of "tacit dimension" het waarvan die kenner bewus is, maar wat nie bewysbaar is nie. Tog lê dit ten grondslag aan alle eksplisiete kennis. Dit beteken dat wetenskap nie suiwer met feite te make het nie, en dat subjektiewe faktore voluit in die kenproses betrokke is. Die kenproses is dus 'n een= heid in die sin dat die kenner as mens met persoonlike oor= tuigings nie daaruit geskakel kan word nie.

Toulmin (1961) was daarvan oortuig dat die logiese positi= viste se vlug na die skuilings van formalisme, uit vrees vir die dilemmas van historiese relativisme, 'n hoogs eensydige beeld van die menslike denke teken. Hy het dit sy taak ge= maak om 'n alternatief te ontwikkel wat erkenning verleen aan die historiese relatiwiteit en kontekstuele bepaaldheid van die menslike denke sonder om, soos Collingwood, in relativis= me te verval (Kisiel en Johnson, 1974, p.151). En die wese van hierdie alternatief is die insig dat wetenskap nie for= meel logiese berekening ("calculus") van waargenome feite is nie, maar wel die *interpretasie* van waarneming, deur wat waar= geneem is in verband te bring met "conceptions of natural order", dit is voorwetenskaplike denkpatrone wat bepaal wat

aanvaarbaar is en wat nie (Kisiel en Johnson, 1974, p.151).

Kuhn se werk *The structure of scientific revolutions* (1962) het 'n merkwaardige invloed gehad in die hele kentering in die wetenskapsleer. Dit het een van die belangrikste middele geword waardeur die uitgangspunte van die logiese positivisme ondermyn is.

Die term *paradigma*, wat deur Toulmin gebruik is om die beginsels of vooronderstellings aan te dui wat as die "bril" dien waardeur die wetenskaplike na die werklikheid kyk (Toulmin, 1961, p.81), is deur Kuhn verder ontwikkel. Dit het trouens die kernbegrip van sy teorie oor wetenskaplike ontwikkeling geword. Kuhn se teorie van die rewolusionêre wetenskapsontwikkeling is as sodanig nie hier ter sake nie. Die lig wat die teorie op die aard van wetenskap werp, is wel.⁸⁾ Kuhn kom naamlik op grond van studie van die werklike geskiedenis van die wetenskap tot die gevolgtrekking dat 'n wetenskaplike gemeenskap gerig word deur 'n bepaalde paradigma. Deur opleiding, tradisie en verskillende ander faktore word die lede van 'n bepaalde wetenskaplike gemeenskap ingelyf in 'n bepaalde denktradisie of paradigma. Die paradigma is die betrokke wetenskaplike gemeenskap se historiese perspektief, sy visie op die werklikheid, sy allesomvattende stel oortuigings en "commitments". Dit is as't ware die reël vir wetenskaplike ondersoek wat vir die bepaalde wetenskaplike gemeenskap geld. Dit bepaal watter vrae as geldige wetenskaplike vrae kwalifiseer en watter tipe antwoorde as antwoorde aanvaarbaar is; dit verskaf die kriteria vir die evaluering van data en hipoteses en dit sluit selfs 'n bepaalde teorie in wat deur die wetenskaplike gemeenskap as waar aanvaar word. Kuhn (1964,

p.x) definieer 'n paradigma as "... universally recognized scientific achievements that for a time provide model problems and solutions to a community of practitioners".⁹⁾ Die paradigma lei die wetenskaplike gemeenskap in die keuse van probleme en verskaf die denkraamwerk waarbinne die antwoorde gevind moet word.

Die wetenskaplike gemeenskap, aan die ander kant, se taak is om die probleme op te los wat deur die paradigma gestel word, en wetenskaplike vooruitgang beteken om die ideale van die paradigma te verwesenlik. Die aanvaarding van die paradigma deur die lede van die wetenskaplike gemeenskap stel hulle in staat om, sonder onderlinge konflik oor basiese uitgangspunte, voort te gaan met die ondersoek van die probleme wat deur die paradigma gesuggereer is op 'n wyse wat deur die paradigma vereis word. Dit noem Kuhn *normale* wetenskap. Die wetenskaplike gemeenskap het as't ware 'n ingeboude meganisme waarmee lede van die gemeenskap binne die spelreëls van die paradigma gehou word. Ontdekkings en uitvindings wat die paradigma bevraagteken, word onderdruk en wetenskaplikes wat afwykende standpunte huldig, se werk word geïgnoreer en hulle word uit die gemeenskap uitgedruk.

Mettertyd ontstaan daar egter probleme wat nie in terme van die paradigma opgelos kan word nie. Sodra hierdie probleme of anomalieë krisisafmetings bereik, word daar gesoek na 'n ander paradigma. Die ou wetenskaplike maatstawwe en die kennis wat op grond daarvan tot stand gebring is, word ter syde gestel en 'n nuwe stel maatstawwe word in die plek daarvan aanvaar. So 'n wetenskap het dan 'n rewolusie beleef en keer na die omwenteling weer terug tot die normale gang van *normale* wetenskap.

skap.

Die proses waardeur 'n wetenskaplike in sy denke van een paradigma na 'n ander oorsakel, word 'n "bekering" genoem en word deur Kuhn geïllustreer aan die hand van die bekende beeld van 'n "Gestalt switch" in die Psigologie. Daarvolgens kan twee beelde in dieselfde figuur herken word deur net op verskillende wyses na die figuur te kyk. So kan 'n wetenskaplike slegs een paradigma op 'n keer aanhang. Sodra dieselfde feite vanuit 'n ander paradigma bekyk word, kan dieselfde "beeld" weer net op die manier van die tweede paradigma gesien word. Volgens Kuhn bestaan daar geen trans-paradigmatiese maatstaf vir die keuse tussen twee paradigmas (byvoorbeeld die ooreenstemming daarvan met empiriese data) nie. Waarneming van die empiriese data word self deur die paradigma bepaal. Die keuse tussen twee paradigmas is finalitêr 'n "geloofskeuse".

Vir die doel van hierdie hoofstuk is Kuhn se teorie in verband met wetenskaplike ontwikkeling belangrik omdat dit op 'n besondere wyse, naamlik deur middel van die geskiedenis van die wetenskap, die idee van die teorie- en waardegeladenheid van feite en die vooronderstellingsteorie van wetenskap belig. Op dié wyse lewer dit 'n belangrike bydrae tot die bestryding van die positivistiese neutraliteitspostulaat en tot die ontmaskering van die waardegeladenheid van die positivistiese wetenskap. Kuhn se teorie is egter nie sonder probleme nie - 'n feit wat bewys word deur die hewige polemieke wat op die publikasie van sy boek *The structure of scientific revolutions* (1962) gevolg het.

Samevattend kan gekonstateer word dat die onhoudbaarheid van die positivistiese neutraliteitspostulaat effektief deur die nuwere wetenskapskole weerlê is. Daarbenewens het die drie groot wysgerige tradisies van die 20e eeu, naamlik die fenomenologie, die eksistensialisme en die neo-Marxisme, op 'n breë front verenig in hulle verset teen die positivistiese wetenskap se sanksionering van die bestaande orde. Dit is die moeite werd om Reid en Yanarella (1974, p.109-110) op hierdie punt volledig aan te haal.

Hulle skryf: "... something like a convergence of contemporary philosophy seems to have emerged. Phenomenology (Husserl), existentialism (Heidegger), Neo-Marxism (Habermas), and hermeneutic philosophy (H.G. Gadamer) have all generated a critique of what we have called 'instrumental reason'. Each has based its reflective critique on an attempt to recover the ancient truth that thinking and action (praxis) are in some sense an intended unity and hence all are speculative reconstructions of the relationship of knowledge and life, thinking and action. Whether the source of the contemporary crisis is conceptualized as 'objectivism' (Husserl), 'technicity' (Heidegger), or 'instrumental reason' (Habermas), the essential point is that the modern industrial world has severed theory from the practice of life. A convergence has thus emerged in the sense that all these viewpoints depict the modern identification of knowledge and/or reason with the products of strict science as the crux of the crisis".

Die impak van hierdie wendinge in die filosofie en die wetenskapsfilosofie op die sosiale wetenskappe was dat dit - saam met ander faktore natuurlik - uitgeloop het op 'n krisistoestand.

4.4 Die krisis in die sosiale wetenskappe

Cornelis (1973, p.153) toon 'n hele paar fasette van die krisis in die sosiale wetenskappe aan om te illustreer dat die wetenskaplike denke in die sosiale wetenskappe self erg problematies geword het. Die eerste faset wat hy noem is die wyse van empiriese feiteversameling wat problematies geword het. Die matematies-fisikalistiese wyse waarop dit plaasgevind het, het die metodologiese grondslae van die sosiale wetenskappe ernstig in die gedrang gebring. Die tweede is dat die tradisioneel aanvaarde idee van waardevreemdheid as 'n mite bewys is. Daardeur het 'n nuwe probleem, naamlik dié van waardebetrokkenheid na vore getree. Die derde is dat die tradisionele verhouding tussen die sosiale wetenskappe en die samelewing verander het van 'n formele onbetrokkenheid tot wat Cornelis (1973, p.153) noem "een maatschappelijke binding van het sociaal-wetenschappelijke denken". Die vierde faset van die krisis is dat die sosiale wetenskappe die maatskappykritiese rigting opgegaan het. Die bestaande wetenskap is beskou as 'n instrument in die hande van die onderdrukkers. Ten slotte wys hy daarop dat die kritiese ontwikkelinge in die sosiale wetenskappe plaasgevind het binne die kader van 'n breër kritiek teen die onderwys en die universiteit in die algemeen.

Uit hierdie paar fasette van die krisis in die sosiale wetenskappe wat Cornelis behandel, is dit duidelik dat die krisis ten diepste te make het met die probleem van vooronderstellings in die wetenskap, of soos Cornelis (1973, p.151) dit stel, met die "dubieuze status van (het) kentheoretiese uitgangspunten waarop het hele raamwerk van sociaal-wetenskap pelijk denken steunt". In hierdie verband gaan dit veral om die kwessie van waardevryheid en waardebetrokkenheid, want hoewel daar wyd uiteenlopende vorme van verzet teen die positivisme in die sosiale wetenskappe is, is daar oor een saak blykbaar 'n groot mate van eenstemmigheid: 'n ontgogeling met die mite van waardevryheid en objektiwiteit en 'n groeiende waardering vir die maatskaplike betrokkenheid van die wetenskap (Botha, 1976, p.45). Gouldner (1970) toon byvoorbeeld duidelik aan dat die krisis in die Sosiologie direk in verband staan met die pseudo-objektiwiteit en die konserwatiewe vooroordeel van die funksionalisme van Talcott Parsons, waardeur die bestaande orde wetenskaplik gesanksioneer word. Daarteenoor verg die nuwere wetenskapsbeskouings dat die wetenskap 'n radikaal-kritiese instelling teenoor die samelewing moet hê; dit moet die *status quo* krities bevraagteken.

Die verzet teen die positivisme in die sosiale wetenskappe het gedurende die sestigerjare die vorm aangeneem van die totstandkoming van 'n aantal verzetbeweings wat die grondslae van die onderskeie vakwetenskappe bevraagteken het. In die meeste gevalle het hierdie verzetbewegings die vorm aangeneem van "radical caucusses" binne die vakverenigings. So het daar in die Psigologie die *American Psychologists for Social Action* ontstaan, in die Ekonomie die *Union of Radical Economists* en in die Sosiologie die *Sociology Liberation Movement*. Dié "ra-

dical caucusses" het hulle dissiplines, hulle akademiese departemente en hulle kollegas beskuldig vanweë dié se rol in wat genoem is "the expansion of cold war-orientated research and a new alliance between the military-industrial complex and academia" (Surkin en Wolfe, 1969, p.43). En in die algemeen is regeringsinstansies, die groot korporasies, die universiteite en die akademiese verenigings verkwalik vir die mislukking van die Verenigde State se beleidsrigtings en onvermoë om sy knellende probleme op te los. Die *American Psychologists for Social Action* het byvoorbeeld oor die sosiale en psigiese gevolge van die Viëtnamese oorlog 'n reeks "teach-ins" gehou wat hulle laat saamval het met die anti-ABM-betogings op 4 Maart 1969. Die *Union for Radical Economists* het hulle veral besig gehou met kritiek teen die Amerikaanse kapitalistiese stelsel, die Amerikaanse imperialisme en die "politieke ekonomie van die ghetto." Ideologies is hierdie "caucusses" gedra deur die New Left (Gouldner, 1970, p.9-10).¹⁰⁾

Hierdie radikalistiese beweging in die sosiale wetenskappe is veral gekenmerk deur die klem wat op handeling ("action") geplaas word. Die onderskeie sosiale wetenskappe is aangemoedig, en die "radical caucusses" het die daad by die woord gevoeg, om hulle ivoortorings van onbetrokke intellektualisme en teoretisering te verlaat en as akademië handelend betrokke te raak by die oplossing van die probleme van die samelewing. Vandaar benamings soos *American Psychologists for Social Action*. Die skeiding tussen denke en doen, wat een van die digotomieë is wat jare lank deur die logiese positivisme in stand gehou is, is nou verwerp. Die nuwere wetenskapsteorieë, veral die neo-Marxistiese benaderings tot die wetenskap, het die posisie ingrypend verander. Onder invloed van Marx

se ideaal dat die wêreld nie net verklaar moet word nie, maar daadwerklik verander moet word, is die klem verskuif van denke na doen, en wel 'n doen onder leiding van 'n bepaalde ideologie.

Die Staatsleer het nie hierdie krisis vrygespring nie. Omdat die behavioralisme sterk teen die positivisme aangeleun het om vir homself 'n soort wetenskaplike respektabelheid te verseker, het die aanvalle op die positivistiese wetenskapsbeskouing ook vir die Staatsleer 'n saak van ingrypende belang geword. Toe dit teen ongeveer 1966 bekend word dat die Staatsleer as dissipline jare lank reeds betrokke is by regeringsprojekte¹¹⁾ en dus daadwerklik in diens van die bestaande politieke orde staan, het dit politikoloë gestimuleer om die ideologiese grondslae en politieke verbintenisse bloot te lê wat al die jare die basis of teoretiese raamwerk van die behavioralistiese Staatsleer gevorm het. En namate die kritici van die behavioralisme met die nuwe wetenskapsteorieë kennis gemaak het, is daar steeds meer van hierdie teorieë gebruik gemaak om die behavioralisme te beveg en om alternatiewe te probeer uitwerk. Daarmee het die sogenaamde post-behavioralistiese rewolusie begin.

5. Die post-behavioralistiese rewolusie in die Staatsleer

Die verzet wat daar gedurende die sestigerjare teen die behavioralistiese Staatsleer ontwikkel het, was nie die eerste reaksie van hierdie aard nie. Van die begin af was daar politikoloë wat die behavioralisme beveg het. Hierdie groep kritici het mettertyd, en veral om hulle van die post-behavioraliste te onderskei, bekend geword as die anti-behavioraliste.

Hulle verset teen die behavioralisme het hoofsaaklik gedraai rondom die kwessie van waardeevrye wetenskap. Hulle het naamlik betoog dat die behavioralisme se idee van waardeevryheid, wat berus op die bekende feit-waarde-digotomie, onhoudbaar is. Verder as dit het hulle egter nie gekom nie. Die logiese uitvloeisel van hierdie standpunt, naamlik die ontmaskering van die inherente ideologiese uitgangspunte van die behavioralisme, sou eers later deur die post-behavioraliste aangepak word. In daardie sin kan die anti-behavioraliste beskou word as voorlopers van die post-behavioralistiese rewolusie.

5.1 Onthulling van die feit-waarde-digotomie: die anti-behavioralisme

Die anti-behavioralisme word veral geassosieer met 'n los groepering van kritici van die behavioralisme rondom professor Leo Strauss, Hans Morgenthau, John Hallowell en Eric Voegelin. Hierdie groep kritici se standpunte word die beste weergegee in 'n publikasie onder redaksie van Storing (1962) waarin probeer word om die onhoudbaarhede en inkonsekwenthede in die werke van Harold Lasswell, Herbert Simon, die studente van stemgedrag en die groepteorie te ontmasker.

Die leidende anti-behavioraliste van wie hierbo melding gemaak is, word die "neo-classicals" genoem omdat hulle wysgerig georiënteer is aan die klassieke denke, veral aan dié van Plato. Dit beteken dat daar uitgegaan word van die bestaan van 'n universele stel norme wat die maatstaf is vir alle menslike handeling. Dié uitgangspunt vorm ook die grondslag van die natuurregseleer. (Vgl. bv. Strauss se *National Right and history* 1953.) Die idee van 'n wetenskap van die poli-

tiek word in hierdie platoniese sin verstaan as kennis waarin die normatiewe aspekte van politieke gedrag op geen wyse van die empiriese aspekte geskei kan word nie. Trouens, so 'n skeiding word vanuit die aard van wetenskap as onmoontlik geag. Daar kan eers van 'n wetenskap van die politiek sprake wees nadat die politikoloog homself deeglik vergewis het van die etiese waardes, soos uiteengesit in die klassieke politieke filosofie, veral dié van Plato en Aristoteles (Strauss, 1962, p.308-310).

Die stryd tussen die behavioraliste en die anti-behavioraliste het gedraai rondom die behavioraliste se idee van wetenskaplikheid, en in hierdie verband veral om die probleem van waarde-vryheid (Prothro, 1956, p.567). Die anti-behavioraliste was naamlik daarvan oortuig dat waarde-vryheid in die wetenskap totaal onmoontlik is en dat die normatiewe evaluering van politieke gedrag, wat deur die behaviorisme bewustelik uit die wetenskapsproses geweier word, tot die essensie van die wetenskap behoort (Strauss, 1956, p.13).

Die idee van normatiewe wetenskap, soos die platoniserende kritici van die behaviorisme dit sien, word duidelik uiteengesit deur Morgenthau (1972). Sy mensbeskouing gaan van die standpunt uit dat die mens op sigself onselfgenoegsaam is en dat hy die sin van sy bestaan en die redding uit die verknorsing waarin hy verkeer, verkry van "a point that transcends the natural limits of human existence" (Morgenthau, 1972, p.10). Op dieselfde wyse is transendente waardes ook bepalend en rigtinggewend ten opsigte van die wetenskap as menslike handeling. Empiriese feite word vir die mens se konkrete bestaansproblematiek relevant gemaak deur waardes wat buite

die wetenskap lê, dit is "a value that transcends the cognitive sphere of science itself" (Morgenthau, 1972, p.11). Die dilemma van die moderne wetenskap, sê hy, is dat hierdie band tussen feite en waardes deurgesny is. Wat die beslissende vraag in die wetenskap is, is nie wat die mens *kan* ken in terme van sy verstandelike vermoë nie, maar wat hy *wil* en *moet* ken van wat tegnies tot sy beskikking is, sodat hy sy lewensprobleme kan oplos. Die moderne wetenskap het hierdie sin-gewende funksie van die transendente norm prysgegee (Morgenthau, 1972, p.13).

Die behavioralistiese Staatsleer is vir Morgenthau 'n duidelike illustrasie van dié dilemma. 'n Groot hoeveelheid feitlike kennis word geproduseer wat, hoewel feitlik korrek, op sigself betekenisloos is. Die behaviorisme het weinig, indien enige teoretiese kennis tot stand gebring wat relevant gemaak is deur 'n transendente maatstaf. Hy konkludeer: "What remains is an enormous quantitative production in the form of ever increasing specialization that teaches us more and more about less and less" (Morgenthau, 1972, p.21). 'n Blote empiriese wetenskap, soos die behaviorisme wil wees, is vir Morgenthau dus 'n kontradiksie in terme. Dit stry teen die wese van wetenskap as 'n menslike onderneming.

In verband met die wetenskapsbeskouing van die behaviorisme het die anti-behavioraliste ook die sogenaamde metodisme van die behavioraliste gekritiseer. Morgenthau (1962, p.26-28) het byvoorbeeld die kwantitatiewe metodes en die effek daarvan op die Staatsleer probeer ontmasker. Die behavioraliste, sê hy, probeer verskynsels kwantifiseer wat, sover dit relevant is vir die Staatsleer, nie kwantifiseerbaar is nie. Ver-

der lei die beheptheid met kwantifisering tot 'n gekibbel oor die regte wyse van kwantifiseer. Die kumulatiewe effek hiervan is dat die Staatsleer al hoe meer abstrak word. Hy onttrek hom hoe langer hoe meer uit die empiriese werklikheid om hom te versteek in 'n wêreld van selfregverdigende abstraksies. Op grond van dié abstraktheid vergelyk Morgenthau (1962, p.33) die moderne Staatsleer met die moderne kuns: "Both retreat from empirical reality into a world of formal relations and abstract symbols."

Hoewel die anti-behavioraliste die behavioralisme op wetenskapsfilosofiese gronde gekritiseer het, was hulle kritiek tog baie beperk. Die hele konflik tussen die twee groepe politikoloë het gedraai rondom die probleem van die wetenskaplike status van die Staatsleer (die sogenaamde "pro-science-anti-science"-debat) met die kwessie van waardevryheid in die sentrum. 'n Egte wysgerige kritiek van die behavioralisme was dit nie. Daarvoor is die wydte van die onderliggende ken-teoretiese uitgangspunte wat aangesny is, te klein, terwyl te min wysgerige diepte gevind word in die kwessies wat wel aangesny is. Schaar en Wolin (1963, p.125) merk tereg op dat tot en met 1963 daar nog geen egte wysgerige kritiek op die behavioralisme verskyn het nie. Tien jaar later kon Gunnell (1973, p.200) rapporteer dat die situasie, op enkele uitsonderings na, nog dieselfde is. Hierdie soort kritiek en die alternatiewe wat dit behoort te vergesel, het eers gedurende die sestigerjare en in bepaalde omstandighede begin ontwikkel.

5.2 Onthulling van die politieke dienstigheid van die Staatsleer

Ten die helfte van die sestigerdekade was dit vir baie Amerikaanse politikoloë 'n voldonge feit dat die Amerikaanse Staatsleer niks te sê het oor enige van die fundamentele vraagstukke wat die samelewingskrisis ten grondslag lê nie. Daar is tot die gevolgtrekking gekom dat die vraagstukke as irrelevant beskou word. Daarbenewens het hulle die gevolgtrekking gemaak dat die Staatsleer as dissipline homself verbind het aan die filosofie van die "establishment" deur homself gewillig in diens te stel van die *Central Intelligence Agency* (CIA) en ander regeringsinstellings wat die links-radikale magte in die Verenigde State en in Asië beveg. Daar is byvoorbeeld vasgestel dat die uitvoerende direkteur sowel as die rekenmeester van die *American Political Science Association* (APSA) lede van die CIA was. 'n Groot deel van die dissipline was betrokke by wat genoem is "the training of the new mandarins of the American establishment" (Surkin en Wolfe, 1969, p.45). Die *Caucus for a New Political Science* is gestig om die dissipline van hierdie beweerde dwalinge te probeer hervorm.

In September 1967, tydens die jaarvergadering van APSA het die verset teen die behavioralisme die eerste keer organisatoriese beslag gekry toe die *Caucus for a New Political Science* gestig is. Dit het voortgespruit uit 'n vergadering wat tydens die APSA-kongres gehou is deur 'n klompie studente om hul griewe teen die tipiese vervelige en betekenislose gang van die kongres te bespreek. Na etlike informele byeenkomste is die *Caucus* gestig met 'n ledetal van ongeveer twee honderd en met die doel

om as 'n drukgroep binne APSA op te tree (Surkin en Wolfe, 1969, p.4).

Paneelbesprekings van die *Caucus* het groot belangstelling uitgelok. Sake soos die rassevraagstuk, die hiërargiese struktuur van die samelewing, die studente-onluste en die wanverdeling van kennis en inkomste is bespreek. Die welslae van die byeenkomste het getoon dat daar baie politikoloë was wat bereid was om in die rigting te beweeg wat deur die *Caucus* aangedui is. Vir 'n hele paar jaar sou die *Caucus* 'n uiters belangrike rol speel in die vormgewing van die nuwe beweging. Dit het die Staatsleer in al sy fasette - sy metodologie, sy bepaalde ideologiese verbintenisse, sy verhouding tot die samelewing en eie interne werkwyse en organisasie - in die gedrang gebring.

Skrywers oor die *Caucus for a New Political Science* toon duidelik aan dat dit gebore is in 'n radikalistiese en aktivistiese klimaat. Theodore Lowi, self stigterslid, meen dat 'n groot aantal linkse aktiviste by die stigting van die *Caucus* betrokke was en dat daar 'n New Left-oriëntasie by baie lede teenwoordig was (Lowi, 1973, p.45). Twee ander stigterslede, Marvin Surkin en Alan Wolfe, is dieselfde mening toegedaan (Surkin en Wolfe, 1970, p.3). Die *Caucus* het egter geen formele verbintenis met die New Left gehad nie. Wolfe vermeld uitdruklik dat die *Caucus* geweier het om homself direk met die New Left te assosieer. Wat in werklikheid volgens hom gebeur het, is dat die *Caucus* besluit het om nie aan te sluit by of te assosieer nie met 'n New Left-organisasie, die *National Conference for a New Politics*, wat dieselfde tyd en op dieselfde plek as die *Caucus* gestig is. Daar was lede

soos Surkin en Wolfe, wat dié weiering teleurstellend gevind het, omdat hulle die *Caucus* wou inskakel by die linkse beweging in die Verenigde State. Andere, soos Theodore Lowi en Lewis Lipsitz, het dit verwelkom, omdat hulle juis wou voorkom dat die *Caucus* ontaard in 'n politieke aksiegroep in die New Left-sin van die woord. Hierdie tweeslagtigheid maak dit uiters moeilik om die standpunte van die *Caucus* presies vas te stel. Daar moet egter geen twyfel bestaan oor die kritiese ingesteldheid van die *Caucus* nie. Selfs die lede wat nie deur New Left-gesindhede geïnspireer is nie, soos Lowi en Lipsitz, het kritiese standpunte ingeneem. So merk Lipsitz byvoorbeeld teenoor Wolfe op dat die New Left nie die enigste linkse standpunt in Amerika verteenwoordig nie: "Many of us in the Caucus were 'relating' to the left in our own ways as well as being active in the Caucus" (Lipsitz, 1971, p.540).

Die kritiese uitgangspunt van die *Caucus* spreek duidelik uit die volgende gedeelte uit sy reglement: "Whereas the APSA ... has consistently failed to study in a radically critical spirit, either the great crises of the day or the inherent weaknesses of the American political system, be it resolved that this Caucus promote a new concern in the Association for our great social crises ... Be it resolved that one of the primary concerns of the Caucus be to stimulate research in areas of political science that are of crucial importance and that have been thus far overlooked" (aangehaal deur Lowi, 1973, p.47). Hiermee is ook die hele kwessie van die *Caucus* se doelstellings of oogmerke aan die orde gestel.

5.2.1 Die *Caucus* se doelstellings

Soos hierbo reeds gestel, is dit nie maklik om presies vas te stel wat die oogmerke van die *Caucus* was nie. Daar is hoofsaaklik twee redes voor: gebrek aan primêre bronnemateriaal¹²⁾ en die verskil in standpunt wat individuele *Caucus*-lede oor die saak ingeneem het. Dit is egter wel moontlik om 'n drietal sake uit te sonder waaroor dit vir almal gegaan het. Hulle is: die kwessie van die relevansie van die dissipline, die probleem van die ideologiese verbintenisse van die behavioralistiese Staatsleer en, in die derde plek, die taak van die dissipline ten opsigte van die samelewing.

Volgens Surkin en Wolfe (1969, p.45) het dit vir die *Caucus* ten diepste gegaan om die inbring van relevansie in die dissipline. Enersyds moes APSA gekritiseer word vir sy irrelevantie ten opsigte van die groot politieke vraagstukke van die Verenigde State en andersyds moes die *Caucus* 'n eie bydrae lewer tot die relevansie van die dissipline. Die vraag is egter: wat word bedoel met die term *relevansie*?

Met *relevansie* bedoel Surkin en Wolfe (1969, p.45) "... a political science addressed to broad moral and political questions, scholarly activity in the service of truth and humanity instead of in the service of power and social status". Dit beteken dat die Staatsleer homself moet besig hou met die werklike en aktuele politieke probleme en hom nie moet verskuil in eindelose pogings om sy metodologie te verfyn of hom beperk tot sekere probleme net omdat die res nie kwantitatief bestudeerbaar sou wees nie. Hy moet hom ook nie laat betrek by die heersende magte se pogings om probleme op te los nie, omdat hy

daardeur verstrik sal raak in die maghebbers se deur eiebelang bepaalde visie op die probleme. In die lig van hierdie ver= eistes word die behavioralistiese Staatsleer sowel as die werk van APSA as openbare orgaan van die dissipline as *irrelevant* beskou.

Daar is volgens Surkin en Wolfe twee redes waarom die behavio= ristiese Staatsleer irrelevant is. Die eerste is sy empi= ristiese metodologie. Die ideaal van metodiese waardevryheid en eksaktheid bring mee dat die bevindings van die Staatsleer niksseggend en triviaal, en daarom wetenskaplik irrelevant is. Baie tyd en geld word bestee aan empiriese navorsing, net om tot gevolgtrekkings te kom wat slegs sê (weliswaar abstrak en formalisties) wat almal buitendien reeds weet. In die tweede plek word die irrelevantie veroorsaak deur die feit dat die Staatsleer homself in diens van die maghebbers gestel het en dus nie in staat is om die werklike problematiek van die same= lewing onder oë te sien nie (Surkin en Wolfe, 1965, p.55-56).

Oor wat die *Caucus* se eie bydrae kan wees tot die skepping van 'n relevante Staatsleer is die twee outeurs egter taamlik vaag. Formulerings soos "discover new political forms" en "creating radical alternatives" en "devising models of social change and strategies for political action" is die naaste wat hulle aan 'n presiese formulering kom. Dit is in ieder geval duidelik dat hulle en ook ander lede van die Caucus se opvatting van rele= vantie twee kante het. Enersyds is daar sprake van *wetenskap= like* relevansie en andersyds van *politieke* relevansie. Die eerste het te doen met die behavioralistiese metodologie en die tweede met die behavioralisme se politieke verbintnisse. Laasgenoemde sny reeds die tweede doelstelling van die *Caucus*

aan waarna hierbo verwys is, naamlik die blootlegging van die ideologiese verbintenisse van die behavioralisme.

Lowi (1973, p.46) wys daarop dat daar te midde van al die verskille in die *Caucus* een saak is waaroor die lede eensgesind was. Dit is die oortuiging dat die behavioralistiese Staatsleer nie politieke neutraal is nie, maar bepaalde ideologiese verbintenisse het. Hierdie verbintenisse word nader aangedui as die belange van die bestaande orde. Dit beteken dat, plaas van neutraal te wees, die behavioralistiese Staatsleer in sy wetenskaplike werkzaamheid sowel as in sy georganiseerde vorm (APSA) optree as apologet van die bestaande orde. Hierdie "corporate commitment" aan die belange van die bestaande orde sou indringend ondersoek en ontmasker moes word (Lowi, 1973, p.47). Surkin en Wolfe noem voorbeelde van politieke wat betrokke is by die ontwerp van teen-insurgensiestrategieë in regeringsprojekte soos *Project Camelot*, en hulle kom dan tot die gevolgtrekking dat die waardevryheid van sulke soort navorsing baie twyfelagtig is en die ideologiese funksie daarvan baie opsigtelik. "These political scientists", is hulle gevolgtrekking, "have become house ideologues - masters of knowledge in the service of the masters of power" (Surkin en Wolfe, 1969, p.56).

Die interessante is egter dat die *Caucus*-lede nie die politieke verbintenisse van die behavioralisme ontmasker met die oog op die uitskakeling van sulke verbintenisse as sodanig uit die wetenskapsproses nie. Hulle gaan uit van die veronderstelling dat dit onvermydelik is om in die Staatsleer met bepaalde politieke uitgangspunte te werk, maar dat die behavioralisme met die verkeerde uitgangspunte werk, naamlik met

die filosofie van die bestaande orde. In die plek van die ver-
 bintenis aan die filosofie van die bestaande orde vereis hulle
 bloot dat die Staatsleer 'n nuwe, links-radikale, politieke
 filosofie as vertrekpunt neem. Surkin en Wolfe (1969, p.58)
 pleit byvoorbeeld daarvoor dat die hipoteses van die New Left-
 aktiviste¹³⁾ nie geïgnoreer word nie, maar op meriete oorweeg
 word: "What is pusselling about contemporary political
 science is not that the hypotheses advanced by New Left acti-
 vists - some of whom are professionally trained political
 scientists - are refuted but that they are ignored. It (a
 radical political science) calls rather for an examination of
 the truth or falsity of those hypotheses" (Surkin en Wolfe,
 1969, p.58). Toegegee, hierdie uitspraak van Surkin en Wolfe
 is nie afdoende bewys van 'n New Left-standpunt nie, dog Reid
 en Yanarella (1974, p.108) sluit Surkin in by hulle lys van
 politikoloë wat vanuit 'n Marxistiese standpunt werk. En
 Surkin sê self dat hy in sy artikel (*Sense and non-sense in
 politics* (1970) 'n alternatief ontwikkel op die metodologie
 van die behavioralisme vanuit die eksistensialistiese fenome-
 nologie en die Marxisme (Surkin en Wolfe, 1970, p.11).

Dit is duidelik dat dit nie vir die *Caucus* so seer gaan om we-
 tenskaplike relevansie nie, ook nie om politieke relevansie
 as sodanig nie, maar oor 'n ander *soort* politieke relevansie.
 Die behavioralisme se soort politieke relevansie waardeur die
status quo onkrities aanvaar word, word net verruil vir een
 waarin die bestaande orde vanuit 'n ander politieke filosofie
 krities bevraagteken word. Dit spreek duidelik uit Surkin en
 Wolfe (1969, p.55) se stelling dat "political science is irre-
 levant if it is uncritical of society and assumes the values
 and priorities of corrupt bureaucracies, powerful elites or

unjust social practices instead of using its skills and knowledge to rectify social ills or support alternative social priorities."

'n Derde oogmerk van die *Caucus* was om 'n verandering te bewerkstellig in die rol wat die Staatsleer in die Amerikaanse samelewing speel. In plaas van om die belange van die bestaande orde te dien, moes dit meehelp tot die herstrukturering van die samelewing. Pleks van hom, onder die voorwendsel van neutraliteit, te skaar aan die kant van die gevestigde magsbelange van die bestaande orde, sou die Staatsleer 'n maatskappykritiese funksie moes vervul. Hierdie kritiese funksie beteken volgens Lipsitz (1970, p.18) dat dit noodsaaklik is dat 'n ander eenheid as *gedrag* gevind word om die politiek te verklaar. "Human needs" moet die basiese maatstaf in die Staatsleer word, want dit is die wesenlike kenmerk van die menslike lewe. Hierdie verandering in uitgangspunt bring vanselfsprekend nuwe prioriteite na vore: die tekortkominge en onderdrukkende uitwerking van die politieke strukture moet ontleed word, veral dié van die groot militêr-industriële komplekse, regsinstellings en burokrasieë. Vredesnavorsing moet hoë prioriteit geniet, veral studies oor hoe vredestrategieë prakties geïmplementeer kan word. Die nuwe prioriteite moet vergesel word van "a new burst of utopian thinking" (Lipsitz, 1970, p.18), dit wil sê kreatiewe denke wat nuwe samelewingsvorme kan ontdek.

'n Vereiste vir hierdie "kritiese" Staatsleer is volgens die *Caucus*-lede dat dit ook *radikaal* moet wees. Daarmee word bedoel dat daar, sowel met die ontleding van probleme as die aanbied van oplossings, rewolusionêr te werk gegaan moet word.

Daar moet nie volstaan word met oppervlakkige verstellings aan die gemeenskap nie. Verbeeldingryke alternatiewe moet bedink word om die bestaande samelewingsvorme te vervang. Surkin en Wolfe (1969, p.58) is op hierdie punt baie uitgesproke: "... what makes this approach revolutionary is the nature of the problems and the solutions; for a radical political science would seek not to adjust and to tinker with existing political systems in the hope of improving them, but to discover new political forms in an effort to replace them. Making extensive criticisms and creating radical alternatives is the core of a new, radical, political science" (Surkin en Wolfe, 1969, p.58). Die Staatsleer moet nie net bestudeer en analiseer nie; dit moet ook daadwerklik in die politiek optree om dít wat die resultaat van die denke is, in die praktyk te help vergestalt. Hulle dring dus aan op die politieke betrokkenheid van die politikoloog in wat hulle noem "action-research projects" (Surkin en Wolfe, 1969, p.61). Ongelukkig beredeneer hulle nie hierdie standpunt in verband met die handelingstaak van die politikoloog nie. Dit is jammer, want daardeur bly die dieper gronde van hierdie sienswyse verborge.

Dit is dus duidelik dat die *Caucus* met 'n heel ander opvatting van die rol van die Staatsleer in die samelewing werk as wat die behavioraliste bereid is om te aanvaar. Grondliggend aan die beskouing is die begeerte om die samelewing te help genees deur kritiek teen die bestaande orde en deur die eksperimentele skepping van nuwe alternatiewe. Lipsitz stel dit self baie plasties: "The political scientist then is the doctor who must seek out his patient, who must recognize the patient's unwillingness to change, and seek to make clear not only the

cure but first of all, the illness and the possibility that cure can be had. This of course is the ancient task of the intellectual: to force the recognition of ignorance and travail, and to suggest that it needn't be so" (Lipsitz, 1970, p.8).

Samevattend kom die oogmerke van die *Caucus* daarop neer dat die behavioralistiese Staatsleer op kardinale punte hervorm moet word. Die hervorming moet op so 'n wyse plaasvind dat dit vir die Staatsleer moontlik raak om 'n radikaal kritiese rol te speel ter oplossing van die groot vraagstukke van die Amerikaanse samelewing. Enersyds beteken dit die blootlegging van die inherente swakhede wat in die weg van 'n sinvolle en bevrydende rol van die Staatsleer in die samelewing staan. Andersyds beteken dit die verbeeldingryke skepping, deur ander metodes as die behavioralistiese en scientistiese, van nuwe samelewingstrukture waarin menslike vryheid en menslike behoeftes na behore vervul word. In dié proses moes die *Caucus* 'n belangrike rol speel deur APSA te infiltreer en deur middel van insurgensie beslissings af te dwing wat die dissipline in die rigting van 'n groter kritiese funksie kon laat beweeg. Daarom noem Lowi (1973, p.44) die *Caucus* 'n "organized insurgency."

Wat die *Caucus* in die oog gehad het, was dus nie die blote verwydering van die ideologiese vooroordele van die behavioralisme sodat die dissipline ideologies neutraal kan wees volgens die ideaal van objektiewe wetenskap nie. Sy hoofoogmerk is die ontmaskering en verwerping van die politieke ideologie van die behavioralisme en die vervanging daarvan met 'n ander, die links-radikale in Amerikaanse sin. Die nuwe ideologie

moet die grondslag vorm van die dissipline se pogings om 'n beter samelewing te skep. Lowi (1973, p.50) stel die kwessie van die vervanging van een ideologie deur 'n ander baie duidelik: "The main implication through all this was that there was nothing at all wrong with the fact that the APSA might have been guilty for many years of collectively encouraging individual research along lines that had important social and ideological biases. The only thing wrong was that the biases were not the ones with which the typical Caucus member had complete sympathy. The intension of the Caucus, as spelled out in the letter and spirit of its platforms, was simply to take over the Association in order to have it serve a different set of masters. The improvement would be that, under Caucus rule, the Association would serve the new masters explicitly and unashamedly rather than the old masters covertly and unconsciously." Dit is dus duidelik dat die *Caucus* slagoffer geword het van dieselfde dwaling waarvan hy APSA beskuldig: om dienstig te wees aan 'n bepaalde ideologie. Die *Caucus* wil net in diens staan van 'n ander ideologie as APSA.

Die vraag is egter nou in watter mate hierdie oogmerke verwezenlik is.

5.2.2 Die oogmerke verwesenlik?

Die enigste standpunt wat oor hierdie vraag in die literatuur aangetref word, is dat die *Caucus* misluk het. Dit word natuurlik bevestig deur die feit dat die *Caucus* teen 1973 heeltemal ontbind het (Reid en Yanarella, 1974, p.91-92; Lowi, 1973, p.54).

'n Belangrike hipotese oor die *Caucus* se mislukking word verskaf deur Lowi (1973, p.51-53). Hy onderskei twee elemente in die opstand wat deur die *Caucus* verteenwoordig word, naamlik 'n intellektuele opstand, gemik teen die lewensbeskoulike en wetenskapsteoretiese vooronderstellings waarop die Staatsleer berus, en 'n organisatoriese opstand, gerig op praktiese veranderinge aan die struktuur en werkwyse van die dissipline. Wat Lowi betref, is die intellektuele opstand beslis die belangrikste van die twee. Aan die hand van dokumente van die *Caucus* toon hy aan dat die intellektuele opstand aanvanklik die belangrikste was. Namate die riglyne vir die organisatoriese opstand duideliker geword het, het dié aspek egter die voorhand gekry. Op daardie stadium het *Caucus*-lede wat ten gunste was van die intellektuele opstand, soos hyself, uit die *Caucus* begin padgee, sodat die *Caucus* hom in 'n toenemende mate op die organisatoriese veranderinge begin toespits het.

Hoewel individuele lede van die *Caucus* voortgegaan het om hulle te beywer vir intellektuele hervorming, het die *Caucus* as organisasie volledig in die organisatoriese lyn opgegaan deur byvoorbeeld verkiesings te veg vir uitvoerende posisies in die komitees van APSA. Hierdie opgaan in die organisatoriese rigting is natuurlik versterk en aangemoedig deur die houding van APSA self. APSA se president, David Easton, het alles in sy vermoë gedoen om die *Caucus* te akkommodeer (Easton, 1969, p.1051-1061). Dit is bewerkstellig deur 'n groot aantal organisatoriese toegewings aan die *Caucus* te maak.¹⁴⁾ So het APSA daarin geslaag om 'n klimaat van deelname en verandering te skep waarin die *Caucus* bevredig gevoel het. Selde indien ooit was daar 'n direkte konfrontasie tussen APSA en die intellektuele pool van die opstand. Van beide kante is

'n intellektuele konfrontasie vermy, en die radikale karakter van die konfrontasie het verdwyn. So het dit moontlik geword om stap vir stap voorsiening te maak vir die organisatoriese besware van die *Caucus*. Lowi vat die posisie goed saam as hy sê: "The difference between the Association and the Caucus came to be nothing more than one of defining which establishment shall be served... The question of having a learned society and what is required to sustain it was quietly laid to rest" (Lowi, 1973, p.55). Die taktiek van APSA het dus grootliks bygedra tot die bevestiging van die *Caucus* as 'n blote organisatoriese rewolusie.

Die kernprobleem waar rondom die *Caucus* ontstaan het, is gevolglik vermy. Deur gebrekkige beplanning en eensydighede in die *Caucus* self is die oorspronklike oogmerke, volgens Lowi, vereensydig en volledig in 'n organisatoriese rigting gestuur. Die simpatieke houding van APSA het die ontwikkeling verder gestimuleer.

Alan Wolfe se beskouing oor die mislukking van die *Caucus* stem in hoofsaak ooreen met Lowi se siening (Wolfe, 1970, p.343-406). Ook hy toon aan dat die *Caucus* spoedig gekonformeer het deur mee te doen aan die politieke spel van APSA, deur sy ledetal sterk te laat toeneem en deur die steun van nie-radikales soos Moynihan en Janowitz te aanvaar. Wolfe beklemtoon dat dit plaasgevind het omdat die *Caucus* onnadenkend en sonder beplanning te werk gegaan het ten opsigte van sy rol: "What I am arguing in short is that the mistake the Caucus made was not in its formation *per se*, but in its unthinking formation. It is perfectly valid to engage in insurgency so long as one knows one's goals, but it is both reformist and self-defea=

ting to do so without those considerations" (Wolfe, 1970, p.400). Wolfe kom ten slotte tot die gevolgtrekking dat vanuit 'n radikale hoek gesien, dit verkærde strategie was om binne APSA te probeer werk.

Ook Reid en Yanarella (1974, p.92-94) gee toe dat die Caucus misluk het omdat dit deur die breër institusionele raamwerk van die professie geabsorbeer is. Hulle vind dit ook eensins verbasend nie; hulle glo dat dié akkommodasie-strategie 'n tipiese taktiek van die Amerikaanse belangegroep-liberalisme is. Hulle waarsku egter dat dit nie as die enigste rede vir die mislukking van die Caucus aanvaar moet word nie. Die inherente swakhede en probleme van die Caucus was, volgens hulle, 'n ewe belangrike faktor (Reid en Yanarella, 1974, p.92).

Wat laasgenoemde faktor betref, noem Reid en Yanarella drie sake. Die eerste is die uiteenlopende aard van die Caucus se lede. Daar was lede wat Easton (1969, p.1052) noem "rigorous scientists as well as dedicated classicists", daar was linkse radikales sowel as politieke konserwatiewes. Die meeste lede was ontevrede, maar daar was geen egte radikales nie. Toe aan hulle minimum voorwaardes voldoen is, het hulle terug gespring in die kraal. Die tweede faktor is die koalisie-strategie wat deur die Caucus gekies is. In plaas van 'n radikale konfrontasie met die professie, het die Caucus binne die bestaande struktuur van APSA begin meeding om invloed. Die belangrikste rede vir die mislukking van die Caucus, sê Reid en Yanarella (1974, p.93), is egter die feit dat die Caucus nie werklik na die wortels van die behavioralisme kon deurdring nie. Sy oogmerke was meer politieke en ideologies as iets

anders. Hy het bloot probeer om die ideologiese vooroordele van die dissipline bloot te lê en die onhoudbaarheid daarvan te demonstreer. Van 'n werklike diepgaande analise van en kritiek op die ontologiese en kenteoretiese fundamente van die behavioralisme was daar weinig, indien enige sprake. Geen werklik indringende wetenskapsfilosofiese kritiek is teen die behavioralisme ontwikkel nie. Soos Reid en Yanarella (1974, p.93) dit stel: "... it failed to relate dialectically its knowledge and critique of those aspects of American politics and culture which stimulated its dissent within political science to their material expressions and operation in the discipline itself." Dit beteken dat die *Caucus* nie daarin kon slaag om die verband aan te dui tussen die Amerikaanse politieke filosofie en die neerslag van dié filosofie in die behavioralistiese Staatsleer nie. Gevolglik is die post-behavioralisme afgesny van 'n "... depth-historical investigation into the major epistemological and ontological inadequacies of the political tradition of which behavioral political science is the most recent manifestation" (Reid en Yanarella, 1974, p.93).

Reid en Yanarella moet beslis in hierdie opsig gelyk gegee word. Van die vier *Caucus*-lede wie se weergawes van die *Caucus* se oogmerke hierbo bespreek is, het slegs Lowi blyke gegee dat hy die verband tussen die metodologiese en politieke fasette van die behavioralisme begryp. Die ander drie het die oogmerke van die *Caucus* slegs in politieke terme gedefinieer, dit is in terme van die ideologiese vooroordele van die behavioralisme en 'n nuwe, kritiese rol van die Staatsleer ten opsigte van die bestaande politiek-ekonomiese orde. In Hoofstuk 2 is aangetoon dat twee belangrike fasette in die para-

digma van die behavioralisme onderskei moet word, naamlik die positivisties-empiristiese metodologie en die pluralistiese politieke filosofie, en dat hulle op 'n baie direkte wyse saamhang. Hoewel daar rede is om te aanvaar dat die post-behavioralistiese rewolusie hierdie besondere aard van die behavioralisme van die begin af begryp het, is dit tog duidelik dat die *Caucus* min daarvan verstaan het en weinig daarvan gerealiseer het in sy konkrete kritiek teen die behavioralisme. Die besef dat die behavioralisme ideologies nie neutraal is nie en die ideaal om die Staatsleer aan ander politieke simpatieë te verbind, vorm die kern van die *Caucus* se werksaamheid. Wat die metodologiese oorsake van die behavioralisme se politieke filosofie is, wat die ontologiese gronde daarvan is en hoe dit konkreet gestalte kry in die behavioralistiese Staatsleer - dit was die *Caucus* nie in staat om eksplisiet te maak nie.

Die *Caucus* het dan as eerste poging tot 'n post-behavioralistiese rewolusie misluk - ook omdat dit te weinig kenteoretiese diepte gehad het en dus nie die behavioralisme na sy ware aard kon begryp en kritiseer nie.

Daar is egter ook 'n ander rede waarom die *Caucus* nie die nodige intellektuele impak op die dissipline kon hê nie en later volledig ingeskakel is by APSA se organisasiepatroon. Die rede is naamlik dat die *Caucus*, net soos APSA, met 'n totaal verkeerde opvatting van die aard van 'n wetenskaplike dissipline geopereer het. Ten spyte van die waardevryheidsidee van die behavioralisme het APSA gepolitiseer geraak op 'n skaal wat onbekend is in die geskiedenis van die Staatsleer. Met ander woorde, die Staatsleer as dissipline het, deur die organisa-

siestruktuur van APSA, betrokke geraak by die politieke proses in die Verenigde State en wel ten behoeve van die regering en die "establishment." Die Staatsleer is gesien as 'n belangegroep, wat onder andere beteken dat APSA self ook 'n soort politieke akteur is. Dié siening berus op die premis dat die individuele lede van die groep akteurs binne APSA is en dat APSA op sy beurt 'n akteur is wat ten behoeve van sy lede optree in die groter Amerikaanse politieke stelsel. Dit was ook 'n opvatting wat die *Caucus* gehuldig het (Lowi, 1973, p.56). Vandaar die ideaal dat die dissipline 'n politieke aksiegroep moet wees wat die samelewing daadwerklik probeer verander. Die verskil tussen die *Caucus* en APSA was slegs 'n kwessie van watter "establishment" gedien moet word. Daarom het die *Caucus* hoe langer hoe meer soos APSA begin lyk en optree en is hy uiteindelik deur APSA geabsorbeer, terwyl die intellektuele aspek van die rewolusie deur politiek-organisatoriese toegewings onmoontlik gemaak is.

Die mislukking van die *Caucus* se intellektuele rewolusie het dus direk voortgespruit uit 'n verkeerde visie op die vraag of die Staatsleer 'n politieke aksiegroep of 'n akademiese dissipline is. Deur die weg van eersgenoemde op te gaan, het die *Caucus*, net soos APSA, gesorg dat die intellektuele agenda van die dissipline bepaal word deur die behoeftes van sy buite-universitêre kliënte in plaas van deur die eie interne behoeftes van die dissipline as wetenskaplike onderneming. So intiem kan geen akademiese dissipline teenoor die samelewing staan nie, want dit bring hom in rat met die samelewing op 'n wyse wat direk ondermynend is vir akademiese doeleindes. Die *Caucus* het weliswaar in die praktyk nog nie in so 'n mate ingekom geraak in die samelewing soos APSA nie, omdat die

ideologie en die samelewing wat die *Caucus* wou dien, nog nie "aan bewind" was in die Verenigde State nie. Maar in beginsel het hy dieselfde verkeerde opvatting as APSA gehad van die aard van die wetenskap en die rol van die Staatsleer in die samelewing. Dat sy intellektuele oogmerke nie aan die bod gekom het nie, is in 'n sekere sin dus vanselfsprekend.

Die anti-behavioralisme het as verzet teen die behavioralisme misluk omdat dit slegs die metodologiese faset van die behavioralisme begryp het. Die *Caucus* het die ander uiterste opgegaan deur die behavioralisme byna uitsluitlik op politieke grond aan te val. Die *Caucus*, as voorhoede van die post-behavioralistiese rewolusie, kon dus ook nie die behavioralisme se ware aard begryp nie.

6. Die rewolusie voortgesit

Hoewel die *Caucus for a New Political Science* misluk het, beteken dit nie dat die hele verzet teen die behavioralisme misluk het nie. Toe daar besef is dat die *Caucus* nie die verzet effektief kan kanaliseer nie, het die voorstanders van 'n ware intellektuele rewolusie uit die *Caucus* padgegee en begin om as individue en deur middel van informele samewerking die verzet voort te sit. Voortaan sou die vorm van die post-behavioralistiese rewolusie informeel en ongekoördineerd wees. Daar het nie weer 'n organisasie soos die *Caucus* ontstaan nie, en die rewolusie kan nou slegs begryp word indien die geskrifte van die politikoloë wat in die konteks van die post-behavioralistiese rewolusie skryf in hul verskeidenheid bestudeer word. Daar bestaan geen samevattende enkel "mondstuk" van die post-behavioraliste nie.

Wat in die *Caucus* 'n struikelblok was - die gebrek aan wysgerige eenheid - het nou 'n bate geword. Elke wysgerige tradisie wat in die *Caucus* teenwoordig was, het nou begin om vanuit sy eie uitgangspunte kritiek teen die behavioralisme te ontwikkel - sommige teen die metodologiese aspek van die behavioralisme en sommige teen die politieke faset. In verskillende publikasies wat nou begin verskyn het, is die kenmerkende teoretiese en ideologiese uitgangspunte van die behavioralisme uit verskillende wysgerige hoeke gekritiseer en daar is alternatiewe aangebied. Op dié wyse het die post-behavioralisme begin om die teoretiese diepte te kry wat so opsigtelik afwesig was by die *Caucus*.

Reid en Yanarella (1974, p.97) noem 'n hele aantal wysgerige bronne waaruit gepoog is om die post-behavioralistiese rewolusie op dreef te kry, naamlik die Britse analitiese filosofie, die tradisionele liberale politieke filosofie, die nuwe wetenskapskole, die eksistensialisme, die fenomenologie in sy verskillende vorme en die kritiese Marxisme. Sommige van hierdie wysgerige tradisies se bydrae tot die post-behavioralisme was beperk tot sekere aspekte van die behavioralisme; andere, byvoorbeeld die fenomenologie en die kritiese Marxisme, se bydrae was wyer en meer algemeen. In die volgende hoofstukke sal die perspektiewe wat uit hierdie verskillende oorde op die behavioralisme ontwikkel is, bespreek en geëvalueer word. Die literatuur in hierdie verband is egter so omvangryk dat daar in ieder geval slegs aan die belangrikste bydraes aandag gegee kan word. Eers sal die wetenskapsteoretiese kritiek teen die behavioralisme behandel word omdat dit ten nouste aansluit by die kritiek van die anti-behavioraliste (Hoofstuk 4), dan sal die politiek-filosofiese kritiek behandel word

(Hoofstuk 5) en daarna sal die resultaat van die beoefening van die Staatsleer binne die behavioralistiese paradigma, soos die post-behavioraliste dit sien, aan die orde gestel word (Hoofstuk 6). Hoewel dit noodsaaklik is om saam met die behandeling van die kritiek ook na die post-behavioraliste se alternatiewe te verwys, word die alternatiewe sistematies en omvattend in 'n afsonderlike hoofstuk behandel (Hoofstuk 7). In die laaste hoofstuk (Hoofstuk 8) word die vraag of die post-behavioralistiese rewolusie 'n oplossing bied vir die krisis in die Amerikaanse Staatsleer, dan aan die orde gestel.

A A N T E K E N I N G E

1. Die pluralisme-filosofie is reeds in die vorige hoofstuk behandel.
2. Vir die geskiedenis en inhoud van die term, kyk Capp (1967). Vergelyk ook Gross (1968) vir 'n dialoog tussen president Johnson en die voorste Amerikaanse akademici oor die koers waarin die "Great Society" beweeg. President Johnson verduidelik: "The Great Society is not a slogan, it is an idea. The Great Society is a very clear and very definite objective, a very definite goal. It will be met by specific

programs, directed at concrete problems..." (aangehaal deur Capp, 1967, p.2). In sy "state of the Union address" op 12 Januarie 1966 het president Johnson die betekenis van die "Great Society" verder uitgestippel: "The Great Society leads us along three roads - growth and justice and liberation. First is growth - the national prosperity, which supports the well-being of our people and which provides the tools of our progress... The second road is justice. Justice means a man's hope should not be limited by the color of his skin... The third path is the path of liberation. It is to use our success for the fulfillment of our lives. A great nation is one which breeds a great people. A great people flower not from wealth and power, but from a society which spurs them to the fullness of their genius. That alone is a Great Society. Yet, slowly, painfully - on the edge of victory - has come the knowledge that shared prosperity is not enough. In the midst of abundance modern man walks oppressed by forces which menace and confine the quality of his life, and which individual abundance alone will not overcome... This year we must continue to improve the quality of American life." (Amptelike teks van sy toespraak, aangehaal deur Capp, 1967, p.7.)

Dit is dus duidelik dat die Amerikaanse politieke filosofie aan die Amerikaanse nasie sekere baie optimistiese politiek-ekonomiese eindpunte voorhou, tesame met 'n vaste geloof dat dit wel verwesenlikbaar is o.a. as gevolg van die geestelike en materiële hoedanighede van die Amerikaanse nasie. Indien die kernprobleme soos rassediskriminasie, misdaad en armoede aangepak word op die grondslag van die beproefde resepte van die Amerikaanse politieke tradisie, is dit net 'n kwessie van tyd (en geld!) voordat dit opgelos is.

3. Die naam van die outeur verskyn nie op die titelblad van hierdie werk nie. Die redakteurs wat die geskrifte van Neurath in 1973 in Engels heruitgegee het, Marie Neurath en Robert S. Cohen, meld dat die werk die resultaat van spanwerk is. Neurath het die skryfwerk gedoen en die ander lede van die Weense Kring het kommentaar gelewer en veranderinge voorgestel. Rudolph Carnap en Hans Hahn het die finale teks saam met Neurath geredigeer (Neurath, 1973, p.318).
4. Vir die eksistensialistiese mensbeskouing, kyk Heidegger (1962), Sartre (1956) en Ricoeur (1965).
5. Theodor Adorno, Jürgen Habermas, Max Horkheimer en Herbert Marcuse kan as die belangrikste figure van die Frankfurter Schule beskou word.
6. Marcuse se maatskappykritiek soos vervat in sy *One dimensional man* (1964) en *Eros and civilization* (1955) word hieronder vry weergegee.
7. Habermas se standpunt in hierdie verband is omvattend uiteengesit in 'n werk wat in 1968 vir die eerste maal gepubliseer is en daarna etlike herdrukke beleef het. Vgl. Habermas (1973).
8. Die sinopsis van Kuhn se teorie wat hieronder volg, word vry weergegee uit sy boek *The structure of scientific revolution* (1962).
9. Kuhn se gebruik van die term *paradigma* in die eerste uitgawe van *The structure of scientific revolutions* (1962) het ernstige bedenkinge onder wetenskapsfilosowe uitgelok. Een van die kritici het 'n lys opgestel van twee-en-twintig betekenisse wat Kuhn aan die term heg. (Vgl. Mastermann, 1970). In die "Postscript - 1969" in die tweede uitgawe van bogenoem

de werk het Kuhn toegegee dat sy gebruik van die term inderdaad verwariënd is en hy het probeer om dit verder te presiseer. Hy erken dat die term in tweërlei sin gebruik is. Enersyds dui dit die totale raamwerk van oortuigings, waardes en wetenskaplike tegnieke aan wat deur die lede van 'n bepaalde wetenskaplike gemeenskap gedeel word. Andersyds dui dit een element in daardie raamwerk aan, naamlik die probleemoplossings ("puzzle-solutions") wat in 'n toestand van normale wetenskap aangewend word as modelle of voorbeelde ("exemplars") vir die oplossing van die oorblywende probleme (Kuhn, 1970, p.175). 'n Paradigma in eersgenoemde sin bestaan dan uit 'n hele aantal paradigmas in laasgenoemde sin. Om hierdie verwarring op te hef, stel Kuhn voor dat daar, so ver dit die eerste betekenis van die term betref, eerder gepraat word van 'n dissiplinêre matrys ("disciplinary matrix") (Kuhn, 1970, p.182).

10. Die New Left is geen duidelik omlynde filosofie of ideologie nie. Dit is beslis geen suiwer Marxisme nie en kan eerder beskryf word as 'n wysgerig baie losse kritiek op die laatkapitalistiese maatskappy wat sterk op die Marxisme aanleun. Dit is eintlik 'n mengsel van verskillende ideologieë en daarin word elemente van die ou Marxisme, die anargisme, die radikalisme en die nihilisme aangetref. Die New Left in die V.S.A. het veral op drie groot sake gekonsentreer: die Viëtnamese oorlog, rassediskriminasie en die hervorming van die universiteitswese. Op grond van die tweede saak was daar dikwels sterk bande met die Black Power-beweging. En hoewel daar geen noodwendige of formeel-organisatoriese verband is tussen die New Left en kommunistiese partye nie, was daar in die V.S.A. spesifiek 'n heel sterk alliansie tussen die twee.

Vir 'n duideliker beeld van die New Left in die Verenigde State kan die volgende werke geraadpleeg word: Goode (1974); Duvenage (1973); Skolnick (1969); Rush (1972); Lothstein (1971).

Om die New Left-gesindheid van die *Sociology Liberation Movement* te illustreer, verwys Gouldner (1970, p.10) na 'n voorval tydens die 1968-vergadering van die *American Sociological Society*. Die vergadering is toegesprek deur die Minister van Gesondheid, Onderwys en Welsyn. Ná die toespraak is aan die *Sociology Liberation Movement* die geleentheid gegee om kommentaar te lewer. Een van die New Left-tydskrifte, *Viet Report*, se redakteur, Martin Nicolaus, het die volgende verklaring gegee: "The Secretary of HEW is a military officer in the domestic front of the war against the people ... the Department of which the man is head is more accurately described as the agency which watches over the inequitable distribution of preventable diseases, over the funding of domestic propaganda and indoctrination, over the preservation of a cheap and docile labor force ... This assembly (of sociologists) here tonight ... is a conclave of high and low priests, scribes, intellectual valets, and their innocent victims, engaged in the mutual affirmation of a falsehood... the profession is an outgrowth of nineteenth-century European traditionalism and conservatism, wedded to twentieth-century American corporation liberalism ... the professional eyes of the sociologist are on the people, and the professional palm of the sociologist is stretched toward the up people... he is an Uncle Tom not only for this government and ruling class but for any."

Die links-radikale oriëntasie van die uitspraak laat geen twyfel oor die ideologiese gesindhede van die *Sociology Liberation Movement* en oor sy oortuiging dat die Sosiologie die

lakei van die bestaande orde is nie.

11. 'n Voorbeeld van sulke projekte is die sogenaamde "Project Camelot", wat bedoel was om teenrewolusionêre gesindhede in Viëtnam te stimuleer as ondersteuning vir die Verenigde State se oorlogspoging. 'n Ander voorbeeld is die *Institute for Defense Analysis* waaraan die Columbia University deelgeneem het en wat een van die oorsake van die onluste op die Columbia-kampus was.

12. Geen primêre bron kon opgespoor word nie, selfs nie met behulp van tydskrifindekse nie.

13. Voorbeelde van sulke hipoteses is dat die Amerikaanse samelewing gedomineer word deur 'n magtige militêr-industriële kompleks, waardeur die vervreemding van mens en maatskappy steeds verder gevoer word; dat die inwoners van die ghetto's oor geen politieke of ekonomiese mag beskik nie; dat geleidelike of stuksgewyse hervorming van die Amerikaanse samelewing onmoontlik is vanweë 'n totalitaristiese magsgreep op die samelewing onder die vaandel van anti-kommunisme, ens.

14. APSA het byvoorbeeld afsonderlike paneelbesprekings aan die *Caucus* toegestaan, sy nuwe tydskrif "PS" tot beskikking van die *Caucus* gestel en 'n aantal hoëvlakse beleidskomitees ingestel waarop lede van die *Caucus* benoem is. Daar is ook 'n aantal konstitusionele hervormings aan APSA aangebring wat dit tot 'n groter mate gedemokratiseer het.

Hoofstuk 4

WETENSKAPSTEORETIESE KRITIEK TEEN DIE BEHAVIORALISME

1. Inleiding

In Hoofstuk 2 is aangetoon dat die behavioralisme beskou kan word as 'n paradigma met drie duidelike komponente, naamlik 'n bepaalde beeld van die politieke werklikheid wat deur middel van 'n aantal pluralistiese politieke teorieë uitgedruk word, 'n bepaalde metodologie wat die politieke werklikheid probeer verklaar in terme van sintuiglik waarneembare politieke gedrag en 'n bepaalde politieke filosofie wat as meganisties, individualisties en outodinamies gekarakteriseer is. Die post-behavioraliste het hierdie drieledige karakter van die behavioralisme goed begryp. In Hoofstuk 3 is aangetoon dat die post-behavioralisme juis van die sogenaamde anti-behavioralisme onderskei moet word op grond van die vollediger en juister begrip wat eersgenoemde van die behavioralisme openbaar. Die post-behavioralisme word daardeur gekenmerk dat sy kritiek toegespits word op die epistemologiese en politiek-filosofiese wortels van die behavioralistiese politieke teorieë. Hierdie hoofstuk wil dan die wetenskapsteoretiese kritiek in meer besonderhede ondersoek. Die kritiek teen die politiek-filosofiese grondslae van die behavioralisme sal dan in die volgende hoofstuk aan die orde gestel word.

Die eerste faset van die post-behavioralisme se kritiek kan gesien word as 'n voortbouing op die sogenaamde anti-behavioraliste se kritiek. Soos in Hoofstuk 3 aangetoon, het die laasgenoemde kritici wel die behavioralisme op wetenskapsfiloso-

fiese gronde aangeval, maar hoofsaaklik gekonsentreer op die kwessie van waardevryheid of wetenskaplike neutraliteit. Die post-behavioraliste het ook die behavioraliste se aanspraak op waardevryheid gekritiseer, maar tog veel verder gegaan. Hulle het naamlik veral gepoog om die onhoudbaarheid van die wetenskapsmodel van die behaviorisme te demonstreer, waarvan die kwessie van waardevryheid, wat berus op die metodologiese skeiding van feite en waarde-oordele, maar 'n onderdeel is. Daarby kom dat hulle kritiek gegrond is in die opvattinge van die nuwre wetenskapskole en wysgerige strominge, onder andere die Historiese Skool, die fenomenologie, die eksistensialisme en die neo-Marxisme, terwyl die anti-behavioralisme se verset teen die neutraliteitspostulaat hoofsaaklik vanuit die neo-klassieke denke kom. Hoewel die post-behavioraliste, wat hierdie faset van hulle kritiek betref, dus die werk van die anti-behavioraliste voortgesit het, strek hul kritiek tog veel wyer en dieper as dié van die anti-behavioraliste, en dit kan ongetwyfeld aangetoon word as 'n direkte resultaat van die invloed van die nuwre wetenskapsfilosofieë op die Staatsleer.

Soos in die vorige hoofstuk aangetoon, is daar nie 'n aspek van die positivistiese wetenskapsidee wat nie deur die nuwe wetenskapsfilosofie aangeraak is en waaroor nie ernstige bedenkinge geopper is nie. Dit het die behaviorisme, wat homself op die grondslag van die aangevogte wetenskapsidee geconstitueer het, voor 'n ernstige dilemma geplaas. Sy eie wetenskapsteoretiese grondslae het ernstig in die gedrang gekom. Wat voorheen as vanselfsprekend aanvaar is, is nou wyd en diep bevraagteken. Sy hele selfkonsepsie as wetenskap, waaraan met soveel toewyding gewerk is, is bevraagteken deur dit te konfronteer met die insigte wat deur die nuwe wetenskapsfilo-

sofie ontwikkel is. Ihara (1972, p.53) som die situasie goed op: "Within the philosophy of science there is a developing body of literature which offers a sustained and cogent critique of the orthodoxy of the logical empiricists, who have long held dominant sway in that discipline. To the extent that many political scientists have drawn upon logical empiricism (often indirectly) in order to legitimate a scientific 'identity', the critique of that orthodoxy cannot but pose serious questions for political science." Hierdie kritiek vorm een van die hoofkomponente van die post-behavioralisme.

Teen die agtergrond van wat hierbo gesê is van die wysgerige verskeidenheid in die verzet teen die positivisme, spreek dit vanself dat die post-behavioraliste se kritiek teen die behavioralisme se wetenskapsfilosofie nie tot een enkele gemeenskaplike wetenskapsfilosofiese visie gereduseer kan word nie. Dit is egter bykans onmoontlik om binne die bestek van hierdie hoofstuk ál die wysgerige groeperings wat in hierdie verband relevant is, tot hulle reg te laat kom. Daarom sal slegs die belangrikstes, in terme van kwaliteit en kwantiteit van kritiek, behandel word. Daar sal eers aandag gegee word aan die standpunte van die kritici wat met die Historiese Skool in verband gebring kan word. Daarna sal die post-behavioraliste wat aan die fenomenologie georiënteer is, behandel word. Die kritiek van die post-behavioraliste wat deur die neo-Marxisme geïnspireer is, is heel anders gefokus as dié van die bogenoemde twee groepe. Hulle het dit nie so seer oor die houdbaarheid van die behavioralisme se wetenskapsbeskouing as beskouing nie, maar veral oor die diensbaarheid van die behavioralistiese Staatsleer aan 'n onderdrukkende politiek-ekonomiese

stelsel. Daarom sal hierdie groep kritici se standpunt nie in hierdie hoofstuk behandel word nie. Daar sal wel in die volgende hoofstuk daaraan aandag gegee word.

Hoewel die kritiek teen die wetenskapsfilosofiese grondslae van die behavioralisme, wat hieronder behandel sal word, uit ten minste drie wysgerige agtergronde kom, is daar tog 'n gemeenskaplikheid op te merk. Daar is naamlik eenstemmigheid oor twee sake, hoewel dit uit verskillende hoeke gemotiveer word. Die eerste is dat die metodologie van die behavioralisme daarvoor verantwoordelik is dat die politieke werklikheid onvoldoende begryp word; 'n skewe en onvolledige beeld van die politieke werklikheid word geskep. Die tweede is dat die waardevryheid en objektiwiteit waarop behavioraliste op grond van dié metodologie aanspraak maak, volstrek onmoontlik is, wat beteken dat die behavioralisme self nie vry is van sogenaamde ideologiese invloede nie. Die grootste gedeelte van die kritiek, indien nie ál die kritiek teen die metodologie van die behavioralisme nie, kan in hierdie twee punte saamgetrek word. Dit kan sonder twyfel beskou word as die twee hoofbesware teen die behavioralisme se metodologie. In die behandeling van die twee groepe post-behavioraliste se kritiek sal hierdie twee sake dus besondere aandag moet ontvang.

2. Die kritiek vanuit die perspektief van die Historiese Skool

Verskeie post-behavioraliste opereer vanuit die perspektiewe van die Historiese Skool. Connolly (1967 en 1973) gebruik byvoorbeeld die insigte van Toulmin en Kuhn om aan te toon dat die wetenskaplike se vooronderstellings, wat hy 'n teoretiese

perspektief noem, 'n deurslaggewende rol speel, selfs in wat die wetenskaplike as "feite" aanvaar. Op grond van die rol van die teoretiese perspektief, wat min of meer met Kuhn se term *paradigma* gelyk gestel kan word, is Connolly (1973, p.7) daarvan oortuig dat die skeiding wat behavioraliste soos Dahl en Eulau maak tussen verklaring en evaluering ("explanation and normative appraisal"), onhoudbaar is.

Vir die ontleding van die kritiek van hierdie groep post-behavioraliste het die keuse egter geval op twee, naamlik John Gunnell en Thomas Spragens. Die rede waarom juis hulle gekies is, is dat hulle, sover vasgestel kon word, die standpunte van hierdie groep die duidelikste en volledigste geartikuleer het. Spragens is sterk beïnvloed deur Polanyi, wie se opvattinge in verband met "personal knowledge" of "tacit knowledge" 'n handige forum bied vir kritiek teen die behavioraliste se objektiwiteitsgeloof. Die posisie van Gunnell is enigszins ingewikkelder. Hoewel hy soms duidelike fenomenologiese standpunte inneem (Gunnell, 1973), het hy die behavioralisme hoofsaaklik vanuit die perspektiewe van die Historiese Skool en veral van Toulmin en Kuhn, gekritiseer (Gunnell, 1968, 1969, 1969A, 1975).

2.1 Gunnell oor die deduktiewe verklaringsmodel

Gunnell toon aan dat die meeste behavioraliste, ten spyte van 'n mate van vaagheid oor wat hulle presies bedoel, tog werk met die wetenskapsbeskouing van logiese positivisme. Hierdie wetenskapsbeskouing dui hy nader aan as die deduktiewe wetenskaps- of verklaringsmodel. Vir hom is die deduktiewe verklaringsmodel om verskillende redes onhoudbaar, maar die hoofsaak

is dat die politieke werklikheid daarmee nie voldoende begryp kan word nie.

2.1.1 Die behavioralisme en die deduktiewe verklaringsmodel

Verwysende na werke van behavioraliste soos Dahl, Easton, Eulau, Eldersveld en andere wys Gunnell (1975, p.13) daarop dat die behavioraliste allerhande slagspreuke en clichés gebruik om die ideaal van "wetenskaplikheid" te substansieer (bv. terme soos "scientific method", "scientific reasoning", "rigorous logic and rules of science", "spirit of empirical inquiry", "empirical methods of research"). Selde doen hulle egter die moeite om die betekenis van dié terme eksplisiet te maak en om duidelik te stel wat dit konkreet beteken om 'n wetenskap op die model van die natuurwetenskap te wees. Dit wil egter nie sê dat daar nie 'n bepaalde wetenskapsbeskouing aanwesig is in die behavioralisme nie. In sy soeke na 'n wetenskaplike identiteit is die Staatsleer grootliks beïnvloed deur die wetenskapsfilosofie wat sedert die begin van hierdie eeu dominant in die Engel-Saksiese wêreld is, naamlik "the doctrines of logical positivism and, more recently, those of logical empiricism" (Gunnell, 1975, p.ix).

Die behavioralisme, wat die resultaat is van die nastrewing van dié ideaal van "wetenskaplikheid", het eenvoudig aanvaar dat die logiese positivisme en die logiese empirisme (Gunnell gebruik vir die twee skole die simbool LP/E)¹⁾ gesaghebbende uitsprake lewer in verband met die metodologie van die Staatsleer. Dit is egter 'n onkritiese aanvaarding, want nooit is die basiese ontologiese en kenteoretiese uitgangspunte en die wetenskapsmodel van die LP/E krities beoordeel op grond waar=

van dit vir die Staatsleer geskik bevind kon word nie. Daar is sonder meer aanvaar dat die LP/E, wat maar 'n filosofiese rekonstruksie van die logiese samehang van die natuurwetenskap is, 'n akkurate en betroubare weergawe van die natuurwetenskap is en dat dit ook geldig is vir die Staatsleer. Die behaviorialiste was dus bereid om die Staatsleer te vestig op uitgangspunte wat hulle self nooit noukeurig en krities ondersoek het nie (Gunnell, 1975, p.x).²⁾ Hierdie wetenskapsbeskouing word deur Gunnell (1975, p.22) nader aangedui as die deduktiewe wetenskaps- of verklaringsmodel.³⁾

Gunnell (1975, p.7) gaan van die veronderstelling uit dat die deduktiewe verklaringsmodel een van die belangrikste kenmerke van die wetenskapsbeskouing van die logiese positivisme is. Met die term "deduktiewe model" bedoel hy 'n stel formeel-logiese maatstawwe waarmee bepaal word wat enige verklaring ("explanation") moet bevat om as *wetenskaplike* verklaring te geld (Gunnell, 1969, p.1237). Dit is die soeke na 'n ideaal-tipe, na 'n onafhanklike, inter-wetenskaplike standaard waaraan alle verklaring moet voldoen om as wetenskaplike verklaring aanvaar te word.

Die model word deur 'n hele aantal logiese positiviste aangehang, maar dit word ten nouste geassosieer met die werk van Hempel.⁴⁾ Hy waarsku egter dadelik dat die deduktiewe model nie verwar moet word met die hipoteties-deduktiewe metode nie. Laaggenoemde het te doen met die *proses* van formulering van hipoteses, terwyl die deduktiewe model bedoel is as 'n weergawe van die *logiese struktuur* van 'n wetenskaplike verklaring. Op hierdie punt is hy baie eksplisiet: "What must be clearly understood is that the deductive model is expressly

not intended to reflect the manner in which working scientists actually formulate their explanatory accounts ... it is offered as an explication of the logical structure and rationale ... of empirical science" (Gunnell, 1969, p.1237).

Die deduktiewe model, ook genoem die "deductive nomological pattern of explanation", is basies 'n argument ten gunste van die idee van die eenheid van die wetenskap en van wetenskaplike neutraliteit, want dit reduceer die maatstawwe vir wetenskaplike verklaring tot een enkele universeel geldige patroon. Volgens Gunnell (1969, p.1236) poneer die deduktiewe model dat alle wetenskaplike verklaring "... involves, explicitly or by implication, a subsumption of its subject matter under general regularities; that it seeks to provide a systematic understanding of empirical phenomena by showing that they fit into a nomic nexus." Meer spesifiek beteken dit dat die stelling wat 'n verskynsel of gebeurtenis verklaar (die *explanandum*), afleibaar moet wees van die premis (die *explanans*), wat as waar aanvaar word en wat minstens een stelling moet bevat wat uitdrukking gee aan 'n algemene wetmatigheid. Die betekenis van deduksie in hierdie verband, sê hy, word uitgedruk deur die *modus ponens*-reël van die formele logika wat beteken dat wette as premisse in 'n deduktiewe argument funksioneer en dat 'n konklusie uit die premisse afgelei kan word, omdat die premisse die konklusie logies impliseer. Dit is 'n geval van: as die premis waar is, is 'n logiese afleiding daaruit ook waar.

Die beginsel van die deduktiewe verklaringsmodel kan geïllustreer word aan die hand van die volgende stellings:

- * Alle insekte het ses pote (premis)
- * 'n Vlieg het ses pote
- * 'n Vlieg is 'n insek.

'n Empiriese verskynsel word verklaar deur dit in te sluit onder 'n wetmatigheid wat as waar aanvaar word. Die konklusie is logies geïmpliseer in die premis.

Die deduktiewe verklaringsmodel het volgens Gunnell (1969, p.1234) die kern geword van die moderne "handboek"-opvatting van wetenskap, en dit was onvermydelik dat die sosiale wetenskappe grootliks daardeur beïnvloed word. Hierdie invloed kan ook duidelik waargeneem word in die werke van politikoloë wat oor die metodologiese aspekte van die dissipline handel. Daar word veral dikwels verwys na die beskouinge van Hempel en Nagel. Hierdie twee logiese positivistiese werke word meermale gesitêr as onbetwisbare gesag vir die behavioralistiese opvattinge oor wetenskap in die algemeen en die struktuur van wetenskaplike verklaring in die besonder. Die heel kenmerkendste van die behaviorisme is die idee dat wetenskap vereis dat verskynsels verklaar moet word deur hulle in te sluit onder algemene wetmatighede. Dit vorm ook die kern van die deduktiewe verklaringsmodel. Nadat hy uitsprake van behavioriste soos Easton, Eldersveld, Simon, Pool en andere ontleed het, kom hy tot die gevolgtrekking dat die deduktiewe model die essensie en 'n onbetwisde dogma van die behavioralistiese wetenskapsbeskouing geword het.

Hy is egter ook daarvan oortuig dat die behaviorisme met hierdie wetenskapsmodel erg in die verleentheid sit, want al die fasette daarvan is in die jongste tyd aan felle kritiek onderwerp. Op baie punte is dit selfs oortuigend weerlê. Die kritiek teen die deduktiewe model het reeds sulke afmetings aangeneem dat behavioriste nie langer hulle aansprake op wetenskaplikheid met beroepe op dié model kan regverdig nie (Gunnell, 1975, p.xiv).

Die vraag is nou: wat is Gunnell se konkrete besware teen dié model? Sy kritiek is gebaseer op dié van twee analitiese filosowe wat met die Historiese Skool in die wetenskapsfilosofie geassosieer word, naamlik Scriven en Toulmin, en kom in hoofsaak daarop neer dat die basiese uitgangspunte van die deduktiewe verklaringsmodel dié model totaal ongeskik maak as maatstaf vir wetenskaplike verklaring. Sy argumentasie rondom die onhoudbaarheid van die deduktiewe wetenskapsmodel het 'n hele paar fasette. In die eerste plek gaan dit vir hom daarom dat 'n *universele* wetenskapsmodel, soos die deduktiewe model voorgee om te wees, vanweë die aard van die wetenskap self onmoontlik is. Daarbenewens is hy daarvan oortuig dat die deduktiewe verklaringsmodel 'n foutiewe opvatting het van hoe wetenskaplike verklaring behoort te wees en dat dit buitendien ook nie klop met die wyse waarop wetenskaplike verklaring in die praktyk plaasvind nie.

2.1.2 'n Universele verklaringsmodel is onmoontlik

Hierbo is aangetoon dat die deduktiewe verklaringsmodel 'n universele standaard wil wees waaraan alle verklaring moet voldoen om as wetenskaplike verklaring aanvaar te word. Gunnell is

daarvan oortuig dat die bestaan van so 'n universele verklaringmodel onmoontlik is. Die gronde wat hy vir hierdie stelling aanvaar, stem ooreen met Toulmin se standpunte in hierdie verband, naamlik dat wetenskaplike verklaring kontekstueel bepaal is. Dit beteken dat mens nie buite alle besondere kontekste kan gaan staan en een enkele maatstaf vind wat vir ál die kontekste presies bepaal wat as wetenskaplike verklaring geld en wat nie (Gunnell, 1975, p.118). Wat as wetenskaplike verklaring aanvaar word, sê hy, wissel nie net van vakgebied tot vakgebied nie, maar ook van konteks tot konteks binne 'n bepaalde vakgebied. Om die verklaringmodel van 'n spesifieke wetenskap te beoordeel, is dit nodig om daardie wetenskap van binne af te ken - sy verlede en hede en die aard van sy ken-teoretiese aansprake.

Teenoor die logiese positivisme se poging om deur middel van die deduktiewe model 'n enkele, universele, transkontekstuele maatstaf vir wetenskaplike verklaring daar te stel, kom hy dus, vanuit die perspektief van die Historiese Skool (veral Toulmin), met die kontekstuele benadering. Daarvolgens is wetenskaplike verklaring 'n spesie van die groter klas "verklaring". Behalwe wetenskaplike verklaring is daar dus ook ander soorte verklaring. Verklaring in die verskillende wetenskappe is op hulle beurt weer subspesies van wetenskaplike verklaring (Gunnell, 1975, p.125). Die belangrike punt wat Gunnell egter beklemtoon, is dat die oogmerk van verklaring is om te *verstaan* ("understanding"); ook dat elke wetenskap of subspesie sy eie wyse van verstaan en dus sy eie maatstawwe vir verklaring het wat die logika, die filosofie, ens. kan insluit. Verwysende na Toulmin konstateer Gunnell: "This idea of explanation may be described as a 'search for understanding'".

or intelligibility and it encompasses many modes of thought including logic, philosophy, science, and everyday life; 'explaining', in short, is a particular way of using a form of argument; it has no logical form peculiar to it" (Gunnell, 1969, p.1245). Dit beteken dat bestaande verklarings in die sosiale wetenskappe, wat nie voldoen aan die vereistes van die deduktiewe verklaringsmodel nie, nie onwetenskaplik of fundamenteel verkeerd is nie. Hulle is slegs kwalitatief verskillend en outonome soorte verklaring (Gunnell, 1969, p.1242).

Hy maak ook van Kuhn se paradigma-konsep gebruik om die kontekstuele aard van verklaring te demonstreer. Hy wys naamlik daarop dat elke wetenskaplike binne 'n bepaalde wetenskaplike gemeenskap werk en dat dit hierdie gemeenskappe is wat betekenis gee aan die konsep "verklaring". Die maatstawwe vir wetenskaplike verklaring is 'n funksie van die paradigma. Dit is altyd teen die agtergrond van 'n spesifieke gemeenskap se aanvaarde teorieë en beginsels wat die wetenskaplike aanvaarbaarheid van 'n stelling beoordeel word (Gunnell, 1969, p.1244).

Gunnell se argumentasie kom dus daarop neer dat 'n universele, transkontekstuele wetenskaplike verklaringsmodel nie moontlik is nie vanweë die paradigmatische en kontekstuele aard van die wetenskap self. Op grond daarvan glo hy dat die deduktiewe verklaringsmodel die outonomie van die verskillende wetenskappe ondermyn en dat dit 'n doelbewuste poging is om empiriese ondersoek, wat altyd kontingent is, te onderwerp aan nie-kontingente vereistes vir verklaring wat van die formele logika afkomstig is.

2.1.3 Die deduktiewe verklaringsmodel is foutief

Uit die standpunt dat 'n universele verklaringsmodel onmoontlik is, volg dit byna vanselfsprekend dat dié model, sover dit die sosiale wetenskappe raak, inherent verkeerd is. Gunnell is oortuig dat wette nie noodsaaklik is vir verklaring, soos die deduktiewe verklaringsmodel beweert nie, en dat die deduktiewe insluiting van 'n verskynsel onder 'n algemene wetmatigheid nog geen verklaring vir die verskynsel bied nie.

Die basiese uitgangspunt van die deduktiewe verklaringsmodel is dat wette of algemene wetmatighede as premisse funksioneer in wetenskaplike verklaring en dat die aanwesigheid van sulke algemene wetmatighede dus 'n vereiste vir wetenskaplike verklaring is. Gunnell toon aan dat hierdie sentrale uitgangspunt, waarop die hele deduktiewe verklaringsmodel berus, 'n groot invloed op die sosiale wetenskappe en ook op die Staatsleer gehad het. In die geloof dat die teenwoordigheid van wette in een of ander vorm 'n absolute vereiste vir wetenskaplike verklaring is, het daar by die sosiale wetenskappe 'n allesoorheersende begeerte ontwikkel om wette te formuleer (Gunnell, 1969, p.1243). In die praktyk het dit egter nie veel meer opgelewer as wat hy "pseudo-laws" noem nie. Die sosiale wetenskaplikes het *verklaring* gelyk gestel met *veralgemening*, en die resultaat is 'n aantal "abstracted summaries of empirical findings which carry no explanatory value in any commonly accepted sense of the term 'explain' (Gunnell, 1969, p.1243).

Sy beswaar teen hierdie aspek van die deduktiewe verklaringsmodel, wat hy op die standpunte van Scriven en Toulmin baseer, is dat dit gegrond is op 'n verkeerde opvatting van die rol van veralgemening en van wette in wetenskaplike verklaring. Soos Toulmin ontken hy dat wette as premisse in 'n deduktiewe argument funksioneer en dus logies 'n deel van die verklaring as sodanig uitmaak. En saam met Scriven poneer hy dat wette eerder "role-justifying grounds" of "inference tickets" is, dit is gronde vir ondersteuning van die houdbaarheid van 'n spesifieke verklaring. Anders gestel: wette vervul in verklaring nie die funksie van premisse waarvandaan daar gededuseer word nie, maar funksioneer eerder as outoriteite buite die grense van die spesifieke verklaring wat gebruik word om 'n verklaring gesaghebbend te ondersteun. Ter illustrasie beweer hy dat al die stellings wat in verband met Newton se bewegingswet geformuleer is, nie logies uit die wet afgelei is, soos die deduktiewe verklaringsmodel impliseer nie, maar wel in ooreenstemming daarmee geformuleer is sonder dat die wet self 'n logiese deel van die verklaring is. Hy vat sy standpunt in hierdie verband saam deur op te merk: "... laws do not constitute premises in deductive arguments, but they function as 'an inference-ticket' (a season ticket) which licences its possessors to move from asserting factual statements to asserting other factual statements. From this standpoint, laws operate as principles of inference ... This entails a rejection of the idea that explanation is a matter of deductive inference from laws as premises, since laws are the rules in accordance with which explanatory inferences are made" (Gunnell, 1975, p.86).

Hierdie opvatting oor die rol van wette in wetenskaplike verklaring lei hom tot die gevolgtrekking dat verklaring dikwels niks te make het met wette nie en dat die teenwoordigheid van wette hoegenaamd nie 'n vereiste vir wetenskaplike verklaring is nie (Gunnell, 1969, p.1242).

'n Tweede beswaar teen die deduktiewe verklaringsmodel wat direk uit die kwessie van die rol van wette voortspruit, het te doen met die *deduktiewe* karakter van die verklaringsmodel. Soos Toulmin, is Gunnell (1969, p.1239) oortuig dat "... it is an illusion to suppose that scientific explanation is anything as simple as deductive subsumption under a true generalization". 'n Verskynsel is nog geensins verklaar as dit onder 'n veralgemening of wet ingesluit is nie, sê hy. Hy wil nie beweer dat daar nie so iets soos deduksie in die wetenskap bestaan nie, maar sy oortuiging is dat deduksie in die sin waarin dit in die deduktiewe wetenskapsmodel ingebou is, soms op die verkeerde verklaring van 'n verskynsel uitloop en soms selfs geen verklaring hoegenaamd kan aanbied nie. Om deduksie, soos deur die formele logika verstaan, te verhef tot verklaringsbeginsel vir alle wetenskap is totaal verkeerd (Gunnell, 1975, p.92).

Hierdie standpunt word deur Gunnell vanuit twee verskillende hoeke gemotiveer. Die eerste is die kontekstuele aard van die logika; die tweede het te make met die feit dat die natuurwetenskap in werklikheid nie deduktief te werk gaan in die sin wat byvoorbeeld Hempel dit bedoel nie.

Wat die eerste betref, wys hy daarop dat die analitiese sillogisme⁵⁾ en ander kategorieë van die formele logika as maatstaf aanvaar is vir alle redenasies. Die stappe van argumentasie in die formele logika is as vereistes geproklameer vir alle vorme van argumentasie. Vir hom, soos vir Toulmin en Scriven, is dít onaanvaarbaar. Dat dit vir die logika geld, is goed en wel. Dis egter heeltemal 'n ander saak om te gaan eis dat hierdie soort argumentasie (die analitiese sillogisme) ook vir alle ander wetenskappe die maatstaf moet wees (Gunnell, 1975, p.91).

Die probleem is dat die deduktiewe verklaringsmodel die konsep *deduksie* beperk tot die formele logika se opvatting daarvan en dit dan verhef tot 'n transkontekstuele standaard. Net soos in die geval van die deduktiewe model as geheel is ook die beperkte konsep van deduksie vanuit die kontekstuele visie onaanvaarbaar. Net soos *wetenskap* in die algemeen, is ook *logika* kontekstueel bepaal. Wat as 'n *geldige* argument beskou word, is afhanklik van omstandighede. Gevolglik het die reëls van die formele logika geen gesag oor ander wetenskaplike dissiplines nie en geld dit nie noodwendig vir alle verklaringstekste nie (Gunnell, 1975, p.91).

Die argument teen deduksie gaan egter nog verder. Behalwe dat dit weens die kontekstuele aard van logika verkeerd is om die reëls van die formele logika as standaard vir logiese argumentasie in ander wetenskappe te stel, is Gunnell ook van mening dat die hele konsepsie van deduksie soos gereflekteer in die deduktiewe verklaringsmodel, foutief is. Die gronde vir die bewering is egter 'n uiters komplekse saak; fyn onderskeide is daarvoor nodig, soos byvoorbeeld tussen substansiële of

selfstandige en analitiese of toutologiese argumente. Daarom sal dit geen doel dien om dit hier breedvoerig te bespreek nie.⁶⁾ Hoofsaak is egter dat Toulmin, en Gunnell stem met hom saam, op grond van dié onderskeidings tot die gevolgtrekking kom dat nie een van die substansiële gevolgtrekkings wat in die natuurwetenskap aangetref word, van die sillogistiese tipe van die formele logika is nie. Die logiese verhouding tussen wette aan die een kant en voorspellings aan die ander kant is nie deduktief in die sin wat Hempel die term gebruik nie. As die beweging van 'n voorwerp byvoorbeeld voorspel moet word, word die voorspelling nie uit die bewegingswette *gededuseer* nie, maar in ooreenstemming daarmee verkry (Gunnell, 1975, p.92). Hy kom dus tot die gevolgtrekking dat die idee van eksakte deduksie in die natuurwetenskap 'n mite is, en hy maak die stelling dat Hempel en die ander aanhangers van die deduktiewe verklaringsmodel tot dusver nog heeltemal sonder sukses probeer het om met voorbeelde te demonstreer dat die wetenskapspraktyk met dié model ooreenstem (Gunnell, 1969, p.1238, p.1241).

Volgens hom het ons hier met 'n sirkelredenasie te doen. Hempel maak daarop aanspraak dat alle wetenskaplike verklaring basies deduktief van aard is. As hy egter met die feit gekonfronteer word dat dit in die praktyk nie die geval is nie, antwoord hy dat die geldigheid van die model nie afhanklik is van werklike verklarings van wetenskaplikes nie. Soos Gunnell (1969, p.1241) dit stel: "The peculiar and circular chain of reasoning would seem to be that only explanations subsumable under the covering-law model (i.e. the deductive model) can be classified as scientific, and consequently, by definition, the logic of scientific explanation is of this type and thus the

model necessarily illuminates 'scientific' explanations". Dit dui vir hom daarop dat die deduktiewe wetenskapsmodel nie langs empiriese weg bereik is nie, maar dat dit 'n blote filosofiese stelling is waarvan die maatstawwe nie kontroleerbaar is nie. Die deduktiewe wetenskapsmodel voldoen dus self nie aan die vereistes wat dit vir wetenskaplike verklaring stel nie.

2.1.4 Samevatting

Gunnell se betoog kom daarom neer dat die behaviorisme, in sy poging om "wetenskaplik" te wees, die logiese positivisme se wetenskapsbeskouing, waarvan die deduktiewe verklaringsmodel die essensie vorm, onkrities aanvaar het. Hy bevind dat dié model 'n verkeerde weergawe gee van wat wetenskaplike verklaring is, wat beteken dat, indien dit in die Staatsleer toegepas word, dit gewis 'n verkeerde beeld van die politieke werklikheid sal oplewer. Die gronde vir sy bevinding, wat op die wetenskapsfilosofiese insigte van veral Toulmin en Scriven berus, kan tot twee stellings gereduseer word:

- * 'n Transkontekstuele wetenskapsmodel, soos die deduktiewe verklaringsmodel voorgee om te wees, is onmoontlik vanweë die kontekstuele aard van die wetenskap self.
- * Nóg wette, nóg deduktiewe insluiting van verskynsels onder sulke wette is essensiële eienskappe van wetenskaplike verklaring, en buitendien is dit ook nie hoe verklaring in die wetenskapspraktyk daar uitsien nie.

Gesamentlik beteken hierdie twee stellings dat die deduktiewe verklaringsmodel geen empiriese basis het nie en dat dit 'n blote filosofiese konstruksie is wat geen groter aanspraak op aanvaarding het as enige ander model nie. Die houding van logiese positiviste soos Brodbeck, wat meen dat die geldigheid van die deduktiewe verklaringsmodel eintlik self-evident is en dat alle verklarings wat nie daarmee ooreenstem nie, geen wetenskaplike verklarings is nie, is derhalwe ongegrond en ietwat verwaand.

Gunnell het ongetwyfeld 'n belangrike bydrae gelewer tot die diagnose van die probleme van die behaviorisme deur dit terug te voer na die wetenskapsbeskouing van die logiese positivisme. Die twee grondprobleme van die logiese positivisme en die betekenis daarvan vir die sosiale wetenskappe is helder belig. Die eerste is die algemeen positivistiese dwaling van die verabsoluttering van die wetmatige karakter van die wetenskap en die tweede is die verlogisering van die wetenskap soos vervat in die deduktiewe verklaringsmodel.

Wat die eerste betref, moet toegegee word dat die wetenskap inderdaad te doen het met die soek na wetmatighede. Die tagelike duiding van die wet is die wese van wetenskapsbeoefening (Van Riessen, 1970, p.98). Die probleem is egter dat die positiviste én die logiese positiviste met 'n natuurwetenskaplike, kousaal-wetmatige opvatting van wette werk. Die sosiale werklikheid is ten ene male nie so kousaal-wetmatig soos die fisiese werklikheid nie. Die wetmatigheid van die sosiale werklikheid staan in direkte verband tot die mate waarin menslike handeling deur sy verantwoordelike besluitneming bepaal word. Die wette wat vir die sosiale werklikheid geld, kan

deur die mens gehoorsaam of met bepaalde gevolge verontagsaam word. In daardie sin is die sosiale werklikheid nie so wetmatig soos die fisiese werklikheid nie. Om dus alle wetenskaplike verklaring afhanklik te maak van wette wat dien as premisse waarvandaan 'n verskynsel deduktief verklaar kan word, is 'n totale oorskatting en misvatting van die wetmatige karakter van die sosiale werklikheid.

Die tweede grondprobleem van die deduktiewe verklaringsmodel is die verlogisering van wetenskaplike verklaring - 'n probleem wat baie skerp deur Gunnell belig word. Die eis dat wetenskaplike verklaring aan die reëls van die formele logika moet voldoen is beslis 'n oorspanning van die logiese funksie en voer tot die onderwerping van die werklikheid en die wetenskap aan die eise van die formele logika. Die verwringende uitwerking daarvan is duidelik: dit misken die polidimensionele aard van die werklikheid en die verskillend-gearde wetmatighede wat die werklikheid beheers, en dit voer finalitêr terug na 'n beskouing wat die wêreld visualiseer as 'n eendimensionele, matematies-fisiese, kousaal-wetmatige entiteit wat volledig kenbaar is deur middel van formeel-logiese denkprosesse. Die verabsoluttering van die logiese wette in die deduktiewe verklaringsmodel het die verdere nadeel dat dit die rol van taal in die wetenskap nie verreken nie. Taal funksioneer in die wetenskap as die medium waardeur die logiese greep op die wette van die werklikheid tot uitdrukking gebring word. Wetenskap het immers te doen met die *talige* duiding van die wet. Die aard van die taal is egter sodanig dat dit betekenis uitdruk sowel as verwys. In wetenskaplike taal moet dus, benewens die logiese kant, ook nog die kant van betekenis en verwysing verreken word. 'n Wetenskaplike stel-

ling met betrekking tot die werklikheid, waarin gepoog word om op logies-talige wyse uitdrukking te gee aan die wetmatighede van die werklikheid, is dus nie uitsluitlik gebonde aan die eise van die logika nie, maar ook aan die norme van taal. En taal is altyd kontekstueel van aard; in wetenskaplike taal spreek die historiese, kulturele, sosiologiese en psigiese konteks, naas andere, altyd 'n beslissende woord mee, sodat wetenskaplike argumentasie en verklaring onderworpe is aan méér norme as bloot net die formeel-logiese alvorens dit as wetenskaplike verklaring gekwalifiseer kan word.

In teenstelling met die baie gespesialiseerde kritiek teen wat Gunnell beskou as die kern van die logiese positivisme, is Spragens se kritiek meer gerig teen die positivisties-empiristiese wetenskapsbeskouing in die algemeen. Ook vanuit die perspektief van die Historiese Skool het hy hom veral uitgespreek teen die positivisme se idee van objektiewe wetenskap en die negatiewe effek wat dit op die Staatsleer het.

2.2 Spragens oor die "objectivist paradigm"

Spragens is oortuig dat die Amerikaanse Staatsleer in 'n toestand van "conceptual confusion" verkeer. 'n Groot hoeveelheid empiriese studies word gedoen, maar op teoretiese gebied heers daar groot verwarring. Die behavioraliste het geglo dat teorieë as't ware vanself uit die empiriese studies na vore sal tree, maar dit het nie gebeur nie. Die dissipline is oorval met 'n groot aantal middelvlak-teorieë waarvan die onderlinge verband alles behalwe duidelik is en waardeur die teoretiese landskap eerder verder verward as opgeklaar geraak het (Spragens, 1973, p.4).

Hoewel hy nie bereid is om die toestand in die Staatsleer gelyk te stel aan wat Kuhn 'n paradigmadiese *krisis* noem nie, is hy nogtans van mening dat die Staatsleer voor ernstige anomalieë te staan gekom het. Al sou mens die Staatsleer as 'n pre-paradigmadiese wetenskap beskou, sê hy, is dit tog moontlik om 'n "root paradigm" in die Staatsleer te onderskei. Hierdie embrio-paradigma bestaan daarin dat daar onderskei word tussen twee soorte politieke teorie, naamlik empiriese en normatiewe teorie. Dit is die keuse van empiriese teorie ten koste van normatiewe teorie, en die pogings om suiwer empiriese teorieë te ontwikkel, wat die dissipline in ernstige anomalieë laat beland het op gebiede soos ontwikkelingsteorie, demokratiese teorie en sisteemteorie.

Hierdie tweedeling van die Staatsleer kan (Spragens, 1973, p.viii) teruggevoer word tot 'n valse wetenskapsbeskouing en ontologie wat sy oorsprong in die 17e-eeuse wetenskaplike rewolusie het en wat hy karakteriseer as die "objectivist paradigm". Hoewel die meeste behavioraliste nie eens bewus is van die wysgerige en wetenskapsfilosofiese werk van figure soos Descartes, Laplace en Bacon, wat as die geestelike vaders van die "objectivist paradigm" beskou kan word nie, is die invloed van dié figure nietemin baie groot. Die wetenskapsbeskouing waarmee die behavioralisme werk, is 'n direkte resultaat of uitvloeisel van die wysgerige tradisie wat deur hierdie figure geskep is. Die invloed daarvan word nie maklik as sodanig herken nie, want dit kom deur middel van 'n onbewuste en stilswyende aanvaarding van dié tradisie. Die stilswyende aanvaarding van sy uitgangspunte is juis die krag van die "objectivist paradigm" (Spragens, 1973, p.10).

2.2.1 Die "objectivist paradigm"

Spragens (1973, p.18) wys daarop dat die terme "scientific", "behavioral" en "empirical" gereeld gebruik word om die behavioralistiese Staatsleer te karakteriseer. Veral die term "empirical" is baie populêr en word dikwels so gebruik dat dit die terme "scientific" en "behavioral" insluit. Hoewel daar in die algemeen groot onduidelikheid oor die term *empiries* bestaan, dra dit in die konteks van die behaviorisme 'n taamlik presiese betekenis. Eenvoudig gestel, kom dit daarop neer dat empiriese teorie die soort teorie is wat beperk is tot die gebied van "feite". Dit word vereenselwig met beskrywing van die werklikheid soos dit *is*, terwyl normatiewe teorie beskou word as voorskrywend, dit wil sê hoe die werklikheid *behoort* te wees. Hierdie onderskeid berus natuurlik op die klassieke digotomie van *is* en *behoort*. Empiriese teorie het te doen met eersgenoemde; geen stelling wat 'n uitspraak lewer oor hoe iets behoort te wees ("statements of obligation") behoort tot die gebied van die empiriese teorie nie.

Om hierdie beskouing van empiriese teorie te huldig, is vir hom egter erg problematies, want die verkryging van empiriese data is nie so 'n eenvoudige en neutrale saak soos wat voorgee word nie. Direk verbonde aan die insameling van feite is ook die interpretasie deur die waarnemer van wat as feite aanvaarbaar is. Waarneming is nie bloot 'n manier om feite oor die werklikheid in te samel nie; dit veronderstel ook sekere opvattinge oor die aard van die werklikheid en die kenbaarheid daarvan (Spragens, 1973, p.21). In die geval van die behaviorisme se opvatting van empiriese teorie is dit 'n stel voor-

onderstellings wat afkomstig is van die empiristiese tradisie in die filosofie, wat as grondslag vir politieke teorie heeltemal onaanvaarbaar is.

Die empiristiese tradisie waarvan Spragens praat, spesifiseer hy as daardie breë wysgerige tradisie wat gedurende die 17e eeu ontstaan het en wat ontwikkel het vanaf Hobbes se *De Corpore*, deur Locke se *Essay on human understanding*, tot die 20e-eeuse neo-positivisme en logiese empirisme. Die term *empirisme* bevredig hom egter nie. As aanduiding van die stel idees wat hier ter sprake is, is die term *empirisme* vir hom enersyds te breed en te algemeen en andersyds te eng. Daarom verkies hy die term *objektivisme*, wat die aard van die betrokke stel vooronderstellings oor die wetenskap vir sy gevoel beter karakteriseer. En daar hy dié stel vooronderstellings in terme van Kuhn se teorie beskou, dui hy dit nader aan as die "objectivist paradigm". Hierdie "objectivist paradigm", sê hy, regeer steeds die hele wetenskaplike wêreld. Elke universiteit in die wêreld organiseer homself in ooreenstemming daarmee, en die heerskappy daarvan word deur niks en niemand bedreig nie (Spragens, 1973, p.10). Die grondslag van hierdie wetenskapstradisie is gelê deur die 17e-eeuse intellektuele rewolusie (Spragens, 1973, p.23).

Die essensie van hierdie rewolusie, sê hy, was die afbraak en vervanging van die Aristoteliese wêreldbeeld, wat deur middel van die skolastiek vir baie eeue 'n oorheersende posisie beklee het. Dit was veral Galileo se werk in verband met beweging wat die fondament gelê het vir 'n nuwe paradigma vir die verstaan van die werklikheid. Sy werk is aangevul deur die bydraes van Bacon, Descartes, Hobbes, Locke, Newton en Harvey,

wat almal meegewerk het aan die 17e-eeuse intellektuele rewolusie.

Hoewel daar verskillende tussenhulle was, was daar 'n groot mate van eenstemmigheid oor die hoofmomente van die werklikheidsbeeld wat as plaasvervanger van die potensie-akt-model van Aristoteles na vore getree het. Aristoteles se "structurally rigid world of substances" is vervang met 'n "substantively empty homogeneous spatial cosmos" (Spragens, 1973, p.28). Die wêreld is metafisies "leeg" want die idee van *substansie*, wat die kernbegrip van Aristoteles se kosmologie was, is daaruit verwyder. Dit is homogeen in die sin dat alles herlei word tot 'n enkele eenvormige substansie (bv. Descartes se idee van *res extensa*, Hobbes se opvatting van "body" en Locke se konsep "primary qualities"). En dit is ruimtelik in die sin dat die wêreld bloot in fisies-matematiese terme verstaan word en dus as't ware eendimensioneel is (Spragens, 1973, p.38).

Hierdie eenvormige, objektiewe, matematis-fisiese wêreldbeeld het die wetenskap in drieërlei sin beïnvloed:

- * In die eerste plek het dit die betekenis van *taal* in die kenproses verander. Aristoteles se wêreld was 'n verbale, naamwoord-georiënteerde wêreld, en nie 'n matematiese wêreld nie. Definisie het 'n ontologiese betekenis gehad. 'n Noukeurige definisie was vir Aristoteles die openbaring van die *essensie* van die saak wat deur die woord aangedui word. Die logiese gevolg van die nuwe, ruimtelike wêreldbeeld was dat die werklikheid eerder numeries as verbaal opgevat

is. Die name van dinge is eerder syfers as woorde. Woorde is wel belangrik vir kommunikasie, maar hulle is ontologies nie werklik belangrik nie. Die toekenning van 'n naam dui nie meer die wese of struktuur van 'n verskynsel aan nie; dit is 'n blote arbitrêre toekenning van 'n simbool waarmee na die verskynsel verwys kan word. Die simbole van die meetkunde en die algebra het die modeltaal geword waarmee na die werklikheid verwys word. Dit is wat Spragens (1973, p.22) *nominalisme* noem.

- * In die tweede plek het die nuwe wêreldbeeld 'n radikale skeiding van feite en norme vereis. In die Aristoteliese wêreldbeeld was *is* en *behoort* één. Wat *is*, kon nie beskryf word sonder om ook te praat oor die ding of verskynsel se vervulling nie. Die aard van 'n ding se vervulling het dus normatief gefunksioneer in die beskrywing daarvan. Norme was deel van die werklikheid, verbaal sowel as kousaal. Met die geometrisering van die werklikheid is afstand gedoen van die idee van wording. Elke "stand van sake" is net so vervuld of onvervuld soos enige ander een. Geen verandering word dus beheers deur 'n norm nie (Spragens, 1973, p.29).
- * Die nuwe wêreldbeeld van die 17e eeu het in die derde plek ook uitgeloop op die idee dat ware kennis streng onpersoonlik en ondubbelsinnig noukeurig moet wees (Spragens, 1973, p.30). Dit is 'n opvatting van kennis wat ooreenstem met 'n wêreld wat onpersoonlik en presies is. Niks, nie dubbelsinnigheid of persoonlike faktore, mag toegelaat word om die klaarheid van die

objektiewe wêreld, die *res extensa*, te vertroebel nie. Voortvloeiend hieruit kom die opvatting dat alle kennis struktureel en metodologies eenders is, dus homogeen is. Kennis, soos die werklikheid wat dit beskryf, moet dus homogeen, helder en duidelik wees. Om dit te bereik, moet die kenner die ten volle deursigtige wêreld as't ware van 'n afstand af (vanaf 'n soort Archimedes-punt) bekyk. Hy moet 'n "mathematicising spectator" wees, dit is 'n onbetrokke toeskouer wat die ten volle kenbare wêreld in terme van eksakte matematiese taal beskryf.

Dit is hierdie drie resultate of implikasies van die nuwe wêreldbeeld wat Spragens (1973, p.31) die "objectivist cluster of ideas" noem. Kort saamgevat, beteken dit in die eerste plek 'n radikale filosofiese nominalisme, in die tweede plek die geloof in 'n radikale skeiding van feite en waardes, en in die derde plek die idee dat ware kennis absoluut objektief is in die sin dat dit ondubbelsinnig duidelik en volledig onafhanklik van die persoonlike uitgangspunte en vooronderstellings van die kenner is. Hierdie drie uitgangspunte is gesamentlik gegrond in 'n "fundamentally spatial ontology" (Spragens, 1973, p.23). Spragens skryf hierdie beskouing veral toe aan Laplace. Kennis, sê hy, was vir Laplace "... the exact determination of all the particular component atoms of the world in their spatiotemporal location by a mind which was a passive spectator without historical location itself" (Spragens, 1973, p.118).

Hierdie beskouing van kennis impliseer 'n hele aantal dualismes, naamlik dié tussen subjektief en objektief, tussen rede en emosie en tussen feite en waardes. Die konsepte *objektief*, *rede* en *feit* is kategorieë van kennis in verband met die nuwe, objektiewe wêreld. Hulle teenoorgesteldes - *subjektief*, *emosie* en *waardes* - is die opgaarplek vir die oorblywende verskynsels wat nie netjies in die rasioneel geordende wêreld kan inpas nie, maar waarmee ook nie sonder meer weggedoen kan word nie. Die onderliggende idee is om hierdie konsepte en die verskynsels wat dit verteenwoordig, as hulle dan nie afgeskryf kan word nie, te isoleer en sodoende te verseker dat hulle nie die helderheid van hul teenhangers besoedel nie. Die dualismes self is nou verwant aan mekaar; die een word in terme van die ander gedefinieer. So word met *objektief* bedoel om feitelik te wees, en om rasioneel te wees, is dieselfde as om objektief te wees. Aan die ander kant: om subjektief te wees, beteken om 'n mens se emosies en waardes die deurslag te laat gee. Dit verg geen epistemologiese kunstgreep om te begryp dat hierdie objektivistiese wêreldbeeld met sy verskillende dualismes die grondslag vorm van die huidige tweedeling in die Staatsleer nie, waardeur die dissipline verdeel word in empiriese en normatiewe dele, met 'n negatiewe waardering vir die normatiewe. Die verband tussen die "objektivist paradigm" en die kontemporêre Staatsleer is nie net histories nie, dit is ook logies. En dit het 'n deurdringende en 'n verwingende effek op die Staatsleer. Dat dit inderdaad die geval is, illustreer Spragens baie oortuigend.

2.2.2 Invloed van die "objectivist paradigm"

Spragens voer nie net aan dat die "objectivist paradigm" 'n bepalende effek op die Westerse denke gehad het nie. Hy substansieer hierdie stelling deur die aanwesigheid van die basiese uitgangspunte daarvan by 'n aantal filosowe aan te toon. Ten aanvang illustreer hy die gemeenskaplikhede tussen die behaviorisme van Skinner en Watson en die beskouinge van Thomas Hobbes, die eerste moderne filosoof wat die konsekwensies van die nuwe wêreldbeeld vir die sosiale werklikheid en veral vir die politiek eksplisiet gemaak het. Hy toon die ooreenkomste op verskillende vlakke of gebiede aan, naamlik die reduksie van die hele menslike werklikheid tot die vlak van die matematis-fisiese (Spragens, 1973, p.38-42), die ontkenning van die proposisionele funksie van definisies (Spragens, 1973, p.42-44) en die ontkenning van die Aristoteliese kousaliteitsidee (Spragens, 1973, p.45-49). Eersgenoemde is voldoende om die argument mee te illustreer.

Hy voer naamlik aan dat Hobbes 'n ontologiese homogeniteit gehandhaaf het; sy wêreldbeeld was eendimensioneel. Hy het Aristoteles se substansie-begrip gefisikaliseer. Die werklikheid word volgens Hobbes gekonstitueer deur een enkele substansie, wat hy "body" noem. Die werklikheid is dus die geheel van "bodies". En 'n "body" is eenvoudig daardie homogene iets wat, in matematisiese terme, ruimte beslaan (Spragens, 1973, p.26). Hy opereer met 'n "humanly empty world", dit is 'n wêreld wat ontgaan is van alle menslike substansie. Die vraag ontstaan dus: hoe verklaar hy menslike handeling in hierdie matematis-fisiese wêreld? Die antwoord is eenvoudig, sê Spragens. Hobbes herlei of reduceer alle menslike handeling

tot fisiese beweging ("bodily motion"). Die hele menslike werklikheid word in terme van die beweging van fisiese liggame uitgedruk. Hierdie verskynsel van die reduksie noem hy "conflation": "... he (i.e. Hobbes) conflated the concept of life into the concept of motion" (Spragens, 1973, p.41).

Dieselfde reduksie van die werklikheid word by die behaviorisme van Skinner en Watson aangetref. Dit word veral gedemonstreer in die behaviorisme se konsep "response". Die stimulus-respons-model is wesenlik 'n meganistiese model. Hoewel daar 'n groot aantal vorme van respons by die mens bestaan, wat nie tot een saamgesmelt kan word nie, probeer die behavioriste juis om dit te doen.

As verdere illustrasie van die invloed van die "objectivist paradigm" toon Spragens ook die voorkoms daarvan in die 20e-eeuse positivisme aan. Hy wys naamlik drie standpunte of fasette van die 20e-eeuse positivisme uit wat logiese uitvloei-sels van die 17e-eeuse objektivistiese wêreldbeeld is, te wete die soeke na 'n ideale wetenskaplike taal, die verifikasieteorie van betekenis en die gevoelsteorie van waardes. Al drie hierdie fasette van positivisme berus op die beskouing dat feite en waardes van verskillende logiese ordes, en dus wesenlik verskillend is (Spragens, 1973, p.53).

2.2.3 Spragens se kritiek teen die objektivisme

Soos uit bostaande weergawe van Spragens se visie op die wysgerige grondslae van die behavioralistiese Staatsleer afgelei kan word, het hy geen vrede met die objektivisme en die wyse waarop dit die 20e-eeuse wetenskap beïnvloed nie. Sy kritiek

teen die objektivisme is veral gebaseer op die wetenskapsbeskouing van Polanyi wat, hoewel nie formeel deel van die Historiese Skool nie, tog ten nouste daarmee geassosieer word.

Volgens hom het die objektivisme die positivisme in 'n aantal dilemmas gedompel waaruit dit nie kan kom nie (Spragens, 1973, p.61-62). Die belangrikstes is die volgende:

- * Die matematies-fisiese opvatting van die werklikheid skep as't ware 'n menslike vakuum as gevolg waarvan maatstawwe vir menslike en politieke orde ontbreek.
- * Die homogeniteit van die wêreld, soos die objektivisme dit sien, loop uit op 'n radikale nominalisme wat die definisie van komplekse entiteite (dit is verskynsels wat méér as matematies-fisies is) onmoontlik maak.
- * Die nominalisme en eendimensionaliteit van die objektivistiese wêreldbeeld lei tot die verskynsel van reduksie ("conflation"), waardeur 'n homogene weergawe van 'n heterogene werklikheid gegee word.
- * Die geloof in objektiewe feite loop uit op 'n soeke na 'n perfekte taal wat geblyk het 'n onwerklike droom te wees.
- * Dieselfde geloof is ook onderliggend aan die verifikasiebeginsel wat nie een van sy beoogde funksies kon vervul nie.
- * Die beskouing dat alle normatiewe stellings slegs betekenis het as emosionele ontladings, kan geen verklaring bied vir die feit dat baie stellings wat in dié

kategorie val, tog betekenisvol is.

Meer in die algemeen gestel, kom dit daarop neer dat die hele menslike werklikheid gereduseer word tot die vlak van die matematies-fisiese, dat die kenner as mens heeltemal uitgeskakel word uit die kenproses (wat strydig is met die aard van die kenproses), en dat die historiese geworteldheid of kontingensie van kennis deur die objektivisme misken word deur feite en norme van mekaar te skei en feite te aanvaar as die ware domein van wetenskap. Die aanvaarding van hierdie objektivistiese uitgangspunte het die sosiale wetenskappe in ernstige probleme laat beland.

Wat die Staatsleer betref, toon Spragens vier gebiede aan waarop dié probleme gemanifesteer is, naamlik die wyse waarop die behavioralistiese Staatsleer homself as wetenskap definieer, die sisteembenadering tot die politiek, die moderne demokratiese teorie en die gebied van die teorie van politieke ontwikkeling. Ter illustrasie kan slegs twee van hierdie probleemgebiede onder die loep geneem word.

Die eerste gebied waarop hy die invloed van die objektivisme op die Staatsleer aantoon, is die stelselbenadering wat deur Easton geskep is.⁷⁾ Hy stel dit egter duidelik dat die probleem wat hy hier in die oog het, nie voortspruit uit inherente swakhede van die stelselteorie self nie, maar uit 'n vakuum wat deur die objektivisme in die Staatsleer geskep is. Hoewel die stelselteorie 'n buitengewoon vrugbare benadering tot die politiek is, gee dié vakuum daartoe aanleiding dat dit misbruik word (Spragens, 1973, p.85).

Die objektivisme se weiering om aan die wetenskaplike se eie lewens- en wêreldbeskouing 'n noodsaaklike, regmatige plek in die wetenskapsproses toe te ken, kan nie die reële behoefte daarvan ongedaan maak nie. Hoewel die behavioralisme lippe=diens bewys aan die ideaal om filosofiese standpunte uit te skakel, kan hulle inderdaad nie daarin slaag nie en word die stelselteorie aangewend as 'n omvattende politieke wêreld=beeld. Wat ontwerp is as 'n hoogs bruikbare metodologiese argument, word deur sommige behavioraliste omgeskakel tot 'n soort ontologie van die politieke werklikheid. Daarvoor is die stelselteorie nie geskik nie, want dit loop uit op 'n baie nou en beperkte visie op die politieke werklikheid (Spragens, 1973, p.78). Gevolglik funksioneer Easton se stelselteorie nie slegs as 'n teorie in verband met intra-nasionale politieke prosesse nie, maar ook as 'n aanduiding van die wese van die politiek. Dit bied, hoewel slegs by implikasie, 'n antwoord op die vraag na die wese van die politiek. En dit is 'n antwoord wat groot invloed gehad het op die hele vakgebied. Dit poneer naamlik "die gesaghebbende toekenning van waardes" as die *axis mundi* van die politieke werklikheid. Dit, sê hy, vereng en verdraai die visie op die politiek. Dit skep die beeld van 'n soort "universalized pork-barrel politics in which the sole and central concern is dividing up the public coffers" - 'n beeld wat versterk en geïllustreer word deur die titel van Lasswell se boek *Politics: who gets what, when, how?* (1950). Easton se versuim om die grense van die toewysingsproses ("allocative process") aan te dui, loop onvermydelik uit op 'n Hobbes-agtige visie op die politiek as 'n oorlog van almal teen almal, wat vir Spragens 'n radikale wanvoorstelling van die werklikheid is (Spragens, 1973, p.82).

Dieselfde soort argument - dat bepaalde waarde-uitgangspunte toegelaat word om by die agterdeur in te kom terwyl die voordeur dig gehou word - word deur Spragens gebruik om die invloed van die objektivisme op die gebied van die teorie van politieke ontwikkeling aan te toon. Omdat die bepalende funksie van norme in die beskrywing van die politieke werklikheid ontken word, word die probleem van die betekenis van politieke ontwikkeling geïgnoreer en onderdruk. Maar aangesien norme en waardes op geen wyse uit die wetenskapsproses geweier kan word nie, word die eie, Amerikaanse konsep van politieke ontwikkeling implisiet as norm aanvaar. Hierdie stilswyende aanvaarding van Amerikaanse opvattinge van politieke ontwikkeling noem hy *etnosentrieme*. In verband hiermee verwys hy na die standpunte van Karl Deutsch, David Apter en John Spanier. Hulle stel as noodsaaklike voorwaarde vir politieke ontwikkeling die afbraak van die tradisionele politieke stelsel in die ontwikkelingsgebiede en die vervanging daarvan met die Westerse, veral Amerikaanse demokratiese model. Politieke ontwikkeling en (Amerikaanse) demokratiese regering word feitlik met mekaar gelyk gestel. Vir Spragens (1973, p.86) is dit 'n demonstrasie van "... a predilection of our own modern secular forms of political orientation". Hy karakteriseer dit ook as "... an ethnocentric hypostasization of the political forms of the contemporary Western world".

Behalwe hierdie indirekte invloed van die objektivisme op die gebied van die ontwikkelingsteorie toon hy ook 'n meer direkte invloed aan: Die wêreld van die objektivisme is staties; daar is geen innerlike krag wat beweging na 'n bepaalde punt toe dwing nie. Daar is geen *telos*, soos byvoorbeeld in die Aristoteliese wêreldbeeld nie. Gevolglik kan die politieke

ontwikkelingsteorie wat op die objektivisme gebaseer is, nie die dinamiese kragte wat agter politieke ontwikkeling sit, begryp nie. Dit gee aanleiding tot 'n statiese en meganistiese visie op politieke ontwikkeling, wat onder andere beteken dat alle verandering as ontwikkeling verstaan word.

Spragens (1973, p.88-91) laat blyk dat hy daarvan bewus is dat die behavioralistiese teorieë oor politieke ontwikkeling reeds skerp gekritiseer is, byvoorbeeld deur Samuel Huntington en Lucian Pye, maar hy is tog oortuig dat niemand nog daarin geslaag het om 'n houdbare teoretiese grondslag vir die ontwikkelingskonsep uit te werk nie. Enige houdbare teorie van politieke ontwikkeling sal volgens hom egter eers moontlik wees as die skeiding tussen empiriese en normatiewe teorie laat vaar word (Spragens, 1973, p.91-92).

Albei hierdie voorbeelde illustreer die invloed van die objektivisme in die Staatsleer en veral die feit dat bepaalde lewensbeskoulike uitgangspunte - gewoonlik afkomstig van die bestaande orde - hulle weg na politieke teorieë vind ten spyte daarvan dat die behavioralistiese metodologie veronderstel is om "neutrale" politieke teorieë op te lewer.

2.2.4 Samevatting

In hoofsaak kom Spragens se beskouing daarop neer dat die krisis waarin die Staatsleer verkeer, veroorsaak word deur die skeiding tussen empiriese en normatiewe teorie. Hierdie skeiding is bewerkstellig deur die objektivisme, wat op sy beurt teruggevoer kan word tot die matematis-fisiese wêreldbeeld wat in die 17e eeu ontstaan het. Die politieke teorieë

wat in ooreenstemming daarmee ontwikkel het, is soms afgeknot, soms is dit 'n verdraaide visie op die politiek en soms is dit misleidend. Soms is die ontwrigting wat dit veroorsaak gering, soms is dit van kardinale belang. In die toekoms, namate daar na hoër vlakke van teoretisering beweeg word, sal dié ontwrigting en verwarring al erger word.

Anders as Gunnell, wat die probleme van die behavioralistiese Staatsleer terugvoer na die logiese positivisme en meer bepaald die deduktiewe wetenskapsmodel, is Spragens se kritiek meer in die algemeen gerig teen die positivisties-empiristiese tradisie in die Staatsleer, wat hy nader aandui as die objektivisme. Die waardevolle van sy beskouing is dat hy uitmuntend daarin slaag om die ontologiese wortels van die positivistiese wetenskapsbeskouing bloot te lê. Die feit-waardedualisme, wat vir hom die grondprobleem van die behavioralistiese Staatsleer is, word verklaar uit die eendimensionele, kousaal-wetmatige en meganistiese wêreldbeeld wat in Hoofstuk 3 as die sogenaamde wetenskaplike wêreldbeeld aangetoon is en wat op sy beurt weer die grondslag vorm van die *scientisme* of wetenskapsideologie.

Anders as Gunnell het hy dit ook veral oor die behavioralistiese aansprake op waardevryheid. Hy toon oortuigend aan dat die politieke teorieë wat op die waardevryheidsidee en die daarmee saamhangende skeiding tussen empiriese en normatiewe teorie gebaseer is, inderdaad self met bepaalde politiek-filosofiese vooronderstellings werk. Besonder waardevol is sy insig dat die norme van die bestaande politieke orde ongemerk in die sogenaamde empiriese teorieë insluip, sodra die normale funksie van norme in die wetenskapsbeoefening geblokkeer word.

Dit verklaar waarom die behavioralistiese politieke teorieë, sonder dat dit die bedoeling is, die bestaande politieke orde in die Verenigde State sanksioneer. Dit beteken dat die idee van waardevryheid, soos die behavioraliste dit visualiseer, in beginsel onmoontlik is vanweë die normatiewe aard van wetenskap, en dat die konserwatiewe vooroordeel van die behavioralistiese politieke teorieë 'n onweerlegbare bewys daarvan is.

2.3 Die kritiek in perspektief

In paragraaf 1 hierbo is daarop gewys dat die post-behavioraliste se kritiek teen die behavioralistiese metodologie in twee hoofbesware saamgetrek kan word. Die eerste is dat die behavioralistiese metodologie onvoldoende is om die politieke werklikheid mee te begryp en dat 'n skewe en onvolledige beeld daarvan geskep word waar dit in die Staatsleer aangewend word. Die tweede is dat die waardevryheid en ideologiese neutraliteit waarop die behavioralisme aanspraak maak, volstrek onmoontlik is. Gunnell se bydrae het veral betrekking op die eerste en Spragens s'n op die tweede.

Gunnell se standpunt kom daarom neer dat die behaviorisme die deduktiewe wetenskapsmodel van die logiese positivisme aanvaar het sonder om die meriete en toepasbaarheid daarvan op die Staatsleer krities te ondersoek. Vanuit die wetenskapsfilosofiese visie van Toulmin en Scriven toon hy aan dat die model op etlike punte onhoudbaar is as 'n wetenskaplike verklaringsmodel. Hy slaag daarin om twee van die basiese dwalings van die logiese positivisme te identifiseer, naamlik sy verabsoluttering van die wetmatige karakter van die wetenskap en sy verlogisering van die wetenskap, waardeur die wetenskap

in die dwangbuis van die formele logika beland. Hy toon ook aan dat deduktiewe insluiting van 'n verskynsel onder 'n algemene wetmatigheid daardie verskynsel nog geensins verklaar nie. Dit alles beteken dat die essensie van die behavioralistiese metodologie epistemologies onhoudbaar is.

Spragens se kritiese werk is toegespits op die waardevryheids-idee en die verwringende uitwerking wat dit op die behavioralistiese politieke teorieë het. Wat sy kritiek veral waardevol maak, is die feit dat hy die sluier lig oor die werklikheidsbeskouing wat die objektivisme ten grondslag lê en dat hy met voorbeelde illustreer dat die behavioralistiese metodologie nie neutraal is nie, maar in werklikheid duidelik ideologies gelade is. Die ooreenkoms tussen wat hy die "objectivist paradigm" noem en wat in Hoofstuk 3 as die scientisme of wetenskapsideologie geïdentifiseer is, is opvallend.

Elk van hierdie twee perspektiewe op die behavioralistiese metodologie verklaar op sy eie wyse die inherente onvermoë van die behavioralistiese Staatsleer om die politiek as 'n eg menslike verskynsel te verstaan. Hierdie kwessie van die "ontmensliking" van die politiek deur die behavioralisme, dit wil sê die metodologiese reduksie van die politieke werklikheid tot die matematies-fisiese, is ook deur politikoloë uit 'n ander wysgerige tradisie, naamlik die fenomenologie, aangesny.

3. Kritiek vanuit die perspektief van die fenomenologie

Vir die doeleindes van die post-behavioralistiese kritiek is die koppeling tussen die fenomenologie en die eksistensialisme, waarna in Hoofstuk 3 verwys is, van besondere belang. Die invloed daarvan het baie beslis na die Staatsleer deurgewerk.⁸⁾ Etlike post-behavioraliste, onder wie Hwa Yol Jung, Randall Ihara, Ira Strauber en Marvin Surkin, het die behavioralisme gekritiseer vanuit 'n posisie wat as eksistensialisties-fenomenologies getipeer kan word.⁹⁾ John Gunnell se posisie is effens onseker. Hoewel hy soms duidelike fenomenologiese standpunte inneem (Gunnell, 1973), het hy die behavioralisme ook, soos hierbo aangetoon, vanuit die perspektief van die Historiese Skool gekritiseer. Vanweë die eklektiese aard van sy werk - benewens Alfred Schutz, put Gunnell ook uit Max Weber, Wittgenstein, Toulmin en Kuhn - en ter wille van duidelike kensketsing van die fenomenologies georiënteerde kritiek, is daar besluit om hier eerder te konsentreer op Jung se standpunt. Ter ondersteuning sal egter ook na Gunnell se standpunt verwys word.

Ook die fenomenologiese kritici sien die logiese positivistiese wetenskapsbeskouing as die grond van die behavioralisme se probleme. (Ihara, 1972, p.56). En hulle beskou dit as hulle taak om die kritiek wat die fenomenologiese skool teen die wetenskapsbeskouing van die logiese positivisme ontwikkel het, vir die behavioralisme eksplisiet te maak en alternatiewe voor te stel waar moontlik. Die vraag is egter: wat is hulle konkrete besware teen dié wetenskapsbeskouing en watter koers wil hulle met die alternatief uitgaan? Vanweë die omvang van die argumente in hierdie verband kan slegs enkele hoofsaake aandag

ontvang, naamlik die leerstuk van die metodologiese eenheid van die wetenskap, die aanvaarding van die primaat van sin=tuiglike waarneming en die kwessie van objektiwiteit en waar=devryheid in die wetenskap.

3.1 Die metodologiese eenheid van die wetenskap

In Hoofstuk 2 is aangetoon dat die behavioraliste se begeerte om die Staatsleer te yk op die maat van die natuurwetenskappe, op die veronderstelling berus dat die metodologie van die na=tuurwetenskappe ook geskik is vir die sosiale wetenskappe en inderdaad deur laasgenoemde gebruik behoort te word. In wyer konteks staan dié veronderstelling bekend as die leerstuk van die metodologiese eenheid van die wetenskappe ("unity of science"). Die fenomenologiese post-behavioraliste begryp hierdie aspek van die behaviorisme deeglik. Hierdie ver=onderstelling is vir hulle een van die belangrikste gronde vir die onhoudbaarheid van die behaviorisme.

Jung (1973, p.150) wys daarop dat daar sedert Galileo gepoog word om die hele werklikheid in terme van 'n matematies-fisie=se wêreldbeeld te sien. Daar het 'n abstrak-matematiese, ge=formaliseerde wyse van kyk na die werklikheid tot stand gekom, 'n *mathesis universalis*, wat mettertyd die mens se direkte kennis van die *Lebenswelt* wat die bron van alle kennis en handeling is, op die agtergrond geskuif het. Die mens is as deel van die natuurlike werklikheid beskou en hy is, soos die natuur, onderwerp aan die eise van die matematies-fisiese denkwyse. Selfs psigologiese verskynsels by die mens is be=handel soos fisiese verskynsels. Dit beteken dat menslike verskynsels gereduseer word tot die fisiese. Hierdie reduk=

sie van menslike verskynsels tot die fisiese berus op die geloof dat daar niks in die verklaring van menslike gedrag is wat in beginsel verskil van die verklaringswyse van die natuurwetenskappe nie, of wat 'n eiesoortige "logic of inquiry" vereis nie.

Hierdie leerstuk van die metodologiese simmetrie van die natuur- en sosiale wetenskappe staan bekend as die leerstuk van die eenheid van die wetenskap. Daarvolgens word dit byvoorbeeld as die taak van die Sosiologie beskou "... to discover sociological laws congruent with the laws of physics which can be utilized for prediction" (Jung, 1973, p.151). Wat die behavioralisme betref, gebruik Jung (1973, p.152-153) die voorbeelde van Anthony Downs en Herbert Simon se aandrang op "rigor" om aan te toon dat die behavioralisme eweneens met hierdie leerstuk opereer. "Rigor" is as't ware die handelsmerk van die behavioralisme, en wel 'n oorwoë poging om die metodologiese presiesheid van die natuurwetenskappe na te volg in 'n vaste geloof dat dit wenslik en moontlik is. Hierdie leerstuk tipeer hy as *fisikalisme* omdat dit die Fisika voorhou as model vir alle wetenskappe - 'n model waarmee dit moontlik sou wees om "a self-consistent system of unified science" te bou waarmee betroubare voorspellings gemaak kan word (Jung, 1973, p.151).

Jung sowel as Gunnell is van mening dat die leerstuk van die eenheid van die wetenskap foutief is. En albei kom met presies dieselfde en tipies fenomenologiese argument teen die leerstuk: daar is 'n radikale verskil tussen natuurlike en menslike fenomene; daarom is natuurlike en menslike verskynsels nie met dieselfde metodes verstaanbaar nie. Die natuur-

en sosiale wetenskappe is nie metodologies simmetries nie, maar a-simmetries. Die vraag is egter: waarom beskou hulle die menslike orde so verskillend van die natuurlike orde? Hulle antwoord demonstreer Jung en Gunnell se fenomenologiese uitgangspunt duidelik. Albei gebruik Alfred Schutz se onderskeid tussen 'n eerste en tweede orde-werklikheid om die verskil te verklaar.

Gunnell (1968, p.180-181) verduidelik die saak so: Die natuurwetenskaplike probeer die natuurlike wêreld vir homself verstaanbaar maak deur georganiseerde kennis van dié wêreld te verkry. In die proses rig hy hom direk op die objekte wat hy bestudeer: "It is up to the natural scientist and to him alone to define ... his observational field, and to determine the facts, data and events within it." Sy feite is nie vooraf geselekteer of geïnterpreteer nie. Met die sosiale wetenskaplike is dit totaal anders. Hy staan gekonfronteer met 'n tweede orde-werklikheid: "This is a world of intersubjectively shared symbols, a logically ordered world that has been preconstituted by the participants and in whose terms action is conducted and justified; and the illumination of these symbols must be the central aspect of explanation." Dit kom daarop neer dat die sosiale wetenskappe nie die objekte self bestudeer nie, maar die *betekenis* van menslike handeling soos die bewussyn dit bedoel. Die natuurlike wêreld, soos dit deur die natuurwetenskaplike ondersoek word, "beteken" nie iets vir die molekules, atome en elektrone wat bestudeer word nie. Maar die sosiale wêreld wat deur die sosiale wetenskaplike waargeneem word, is anders. Dit het 'n spesifieke betekenis vir die mense wat daarin leef. Hierdie geïnterpreteerde wêreld, die wêreld wat gekonstitueer word deur die betekenis=

gewende aksie van die mens se bewussyn, en nie die sintuiglik waarneembare wêreld nie, is die studie-objek van die sosiale wetenskappe. Dit is immers hierdie wêreld van betekenis wat menslike gedrag motiveer en inspireer en dit ten slotte ook kan verklaar. So kom Gunnell (1968, p.181) tot die gevolgtrekking dat "... the constructs of the social sciences are, so to speak, constructs of the second degree, that is, constructs of the constructs made by the actors on the social scene, whose behavior the social scientist has to observe and to explain in accordance with the rules of his science." Jung (1973, p.154-155) huldig dieselfde onderskeid.

Hierdie sienswyse kom daarop neer dat die sosiale wetenskappe verskynsels van 'n ander orde bestudeer as die natuurwetenskappe. Die onderskeid bestaan daarin dat die verskynsels van die natuurlike wêreld intensieloos en op sigself betekenisloos is, terwyl die studie-objek van die sosiale wetenskappe (menslike handeling) juis die resultaat van die intensionele, betekenisgewende aktiwiteit van die bewussyn is. As dit die geval is, as daar 'n radikale verskil is tussen die natuurlike wêreld en die wêreld van intensionele gedrag by die mens, is dit vanselfsprekend dat die metodologie van die sosiale wetenskappe radikaal van dié van die natuurwetenskappe moet verskil. Die wetenskaplike karakter van die sosiale wetenskappe kan op geen wyse gewaarborg word deur die pasklaar model van die natuurwetenskappe te aanvaar nie. Die moeisame ontwikkeling van 'n betroubare sosiale wetenskap is nie die gevolg van 'n te laat inbring van die metodologie van die natuurwetenskap nie; dis eerder te wyte aan die aard van menslike gedrag self, wat anders as natuurlike verskynsels, die greep van natuurwetenskaplike metodes ontwyk (Jung, 1973,

p.151).

Die slotsom van Jung en Gunnell se argumentasie is dus dat die metodologie van die natuurwetenskappe, vanweë die besondere aard van die sosiale wetenskappe, onvoldoende is vir laasgenoemde, en as hierdie metodologie wel aangewend word ter verklarings van menslike handeling, lei dit tot 'n skewe beeld van die sosiale werklikheid.

3.2 Die armoede van sintuiglike waarneming

Een van die basiese eienskappe van die behavioralisme is dat dit, in ooreenstemming met die uitgangspunte van sowel die positivisme as die empirisme, ingestel is op die bestudering van sintuiglik waarneembare politieke gedrag. Soos in Hoofstuk 3 aangetoon, is daar 'n sekere mate van ooreenkoms in hierdie verband tussen die positivisme en die fenomenologie. Albei stel 'n baie hoë premie op "positive data experience". Dit is egter ook waar die ooreenkoms eindig, want onder waarneming verstaan die fenomenoloë iets totaal anders as die positiviste. Waarneming is vir hulle baie meer as net sintuiglike waarneming.

Die fenomenologiese kritici se standpunt in hierdie verband is eintlik baie eenvoudig. Hulle veroordeel naamlik die fisikalistiese blik op politieke gedrag - dié visie wat alleen maar oog het vir die sintuiglik waarneembare aspek van gedrag, asof mense fisiese objekte is - wat 'n groot deel van die empiriese werklikheid van politieke gedrag doelbewus buite rekening laat en sodoende die ware aard daarvan nie kan begryp nie. Slegs 'n deel van die politieke werklikheid kan daarmee in die

greep gekry word. Sintuiglike waarneming is in orde (en noodsaaklik) vir sover as wat dit gaan, maar dit is op sigself toetaal onvoldoende as verklaringsmetode van politieke gedrag (Jung, 1971, p.551).

Die standpunt van die fenomenologiese kritici spruit direk voort uit die fenomenologie se begrip *intensionaliteit*. Dit kom daarop neer dat die *bedoelde* betekenis ("intended meaning") van 'n handeling nie begryp kan word deur net die sintuiglik waarneembare handelswyse van die akteurs wat die handeling onderneem, te bestudeer nie. Dit is volgens die kritici presies wat die behavioraliste doen: "... political behavioralism as a philosophy opts for what is externally observable or what is 'public' by rejecting the intended meaning (usually labelled as private) that the actor attaches to his action" (Jung, 1973, p.139).

Jung (1973, p.150) is van mening dat die wetenskap sedert Galileo toenemend gematematiseer geraak het; die hele werklikheid is meer en meer in terme van 'n fisikalistiese wêreldbeeld bekyk. Ook die mens word deur die wetenskap behandel asof hy 'n blote fisiese verskynsel is, as't ware gereduseer tot die fisiese. Dit is presies wat die behaviorisme met sy fokus op "overt political behavior" doen. Daarmee doen hy afstand van wat Jung (1973, p.139) noem "the relevance of the vast universe of experiential data of everyday life", bloot omdat dit subjektief en onmeetbaar is met die metodes van sintuiglike waarneming. Dit word dan as on-empiries en onwetenskaplik afgemaak. Tog is dit die bron waaruit alle handeling opkom, en as sodanig is dit die diepste verklaringsgrond van gedrag. Die armoede van sintuiglike waarneming

soos die behavioraliste dit hanteer, is dat dit die weg na 'n voller begrip van politieke gedrag versper deur self as versperring op te tree. Daarom weier die fenomenologie om te aanvaar dat die metodes en tegnieke wat ontwikkel is om natuurlike verskynsels mee te bestudeer, geskik is vir die bestudering van die intensionele struktuur van menslike gedrag (Jung, 1971, p.553).

Om die ontoereikendheid van die behavioralisme in hierdie verband te illustreer, behandel Jung (1973, p.136-138) Eulau se standpunt. Hy toon aan dat Eulau, net soos die fenomenologie, ook geïnteresseerd is in die *betekenis* van politieke gedrag. Die groot verskil tussen Eulau en die fenomenologie kom egter by die metodes wat as geskik beskou word om die betekenisstruktuur van politieke gedrag te begryp. Eulau skei die innerlike van gedrag (die subjektiewe) van die uiterlike (die objektiewe), en kies die uiterlike as die gebied van die wetenskap. As tipiese behavioralis besluit hy vooraf dat hy slegs sin tuiglik waarneembare gedrag in ag gaan neem in 'n poging om die betekenis van politieke gedrag te verstaan. Vir Jung (1973, p.138) is dit onaanvaarbaar. Hy noem dit 'n "prior methodological commitment" of 'n "a priori method", waardeur die hele ervaringswerklikheid in die keurslyf van een enkele, vooraf gekose metode ingeforseer word. Vir hom is dit niks anders as metodisme nie: "When every fact is reduced to method and when science is judged merely on *how* it does rather than *what* it does, then there is methodolatry and the birth of technical rationality, where the medium becomes the message and what is important is not *what* is done or said but *how*" (Jung, 1973, p.154).

Vir Jung as fenomenoloog is die fenomenologiese metode die vanselfsprekende alternatief vir die behavioralistiese metode. Wat presies onder die fenomenologiese metode verstaan moet word, is reeds in Hoofstuk 3 aangetoon.

3.3 Objektiwiteit in die wetenskap

Uit wat reeds gesê is van die fenomenologiese kritici se standpunte, is dit duidelik dat dit besondere implikasies het vir die behavioralistiese ideaal van objektiewe of waarde-vrye wetenskap. Laat ons nou kortliks hierdie aspek van hulle kritiek in oënskou neem.

Die behaviorisme se opvatting van 'n eksakte en objektiewe wetenskap van die politiek berus, soos in Hoofstuk 2 aangetoon, op die leerstuk van die skeiding van feite en waarde-oordele, wat so kenmerkend van die positivistiese wetenskapsbeskouing is. Volgens dié leerstuk is feite en waarde-oordele nie van dieselfde logiese orde nie. Waardes het te doen met emosies, wat op hulle beurt irrasioneel en daarom van geen waarde vir wetenskaplike kennis is nie. Waarde-oordele is volgens Hempel (1965, p.81-96) kategorieë en intrinsiek en dus nie empiries verifieerbaar nie; hulle kan nie as waar of vals bewys word nie. Waarde-oordele is dus wetenskaplik betekenisloos. Dit beteken dat waarde-oordele irrelevant is vir 'n wetenskap van die politiek omdat dit persoonlike voorkeure en oortuigings uitdruk en nie empiriese stande van sake nie. Dit is die sogenaamde "necognitivist theory of value". Feite daarenteen, is stellings in verband met empiriese stande van sake en die ware domein van die wetenskap.

Volgens die behavioralisme kan objektiwiteit in die wetenskap slegs bereik word as die *subjektiewe*, oftewel waarde-oordele, uitgeskakel word uit die feite in verband met die politieke werklikheid, wat dan deur middel van gekwantifiseerde, formeel-logiese stellings uitgedruk word. Hierdie ideaal van eksaktheid en objektiwiteit kan as een van die fondamentstene van die behavioralisme beskou word. Tegelyk is dit in konflik met die wetenskapsbeskouing van die fenomenologie. Die hele subjektivisme-objektivisme-dilemma, waarin die behavioralisme die weg van die objektivisme opgaan, word deur die fenomenologiese kritici as 'n valse dilemma beskou (Jung, 1971, p.545).

Hulle besware teen die behavioralisme se opvatting van 'n objektiewe wetenskap kom uit twee verskillende perspektiewe. Die eerste perspektief is dié van die wetenskap as 'n *menslike* aktiwiteit en die tweede is dié van die *Lebenswelt* as oorsprong van alle teoretiese denke. Hoewel hierdie perspektiewe fasette van een en dieselfde visie vorm en dus nie van mekaar geskei kan word nie, is dit om analitiese redes tog nodig om hulle afsonderlik te belig.

Jung (1973, p.160) weier om te aanvaar dat daar 'n logiese of metodologiese verskil tussen feite en waarde-oordele bestaan. Na aanleiding van die Britse analitiese filosoof, J.L. Austin, se insigte in verband met "performative utterances" kom hy tot die gevolgtrekking dat die sogenaamde "noncognitivist theory of value", wat op die logiese skeiding van feite en waarde-oordele gebaseer is, verkeerd is. Alle stellings, nie net waarde-oordele nie, sê hy, is uitdrukkings van persoonlike *houdings* ("attitudes") en houdings spruit ten diepste voort uit emosies. Alle stellings is dus *persoonlik* van aard; daar

bestaan nie iets soos onpersoonlike, abstrakte kennis nie. Dit beteken onder andere dat feite nie selfstandige "ietse" is nie. Hy vergelyk 'n feit met 'n sak: dit kan nie alleen staan nie totdat iemand iets daarin sit. En wat 'n mens daarin sit, hang saam met sy diep-persoonlike visie van die saak waarom dit gaan. Feite het nie 'n selfstandige bestaan nie; hulle is nie onafhanklik van die waarnemer nie, maar juis resultate van 'n kennende persoon se interpreterende begrype van dit wat hy waarneem. En die kennende subjek is op sy beurt weer deelnemer, nie onbetrokke waarnemer nie, van die wêreld wat hy probeer verstaan. Feite is dus geïnterpreteerde "ietse", wat direk afhanklik is van die interpreterende en evaluerende aard van die menslike bewussyn. Dit is die betekenis wat die waarnemer in die proses van waarneming gee aan dit wat hy waarneem.

Uit hierdie opvatting van die onskeibaarheid van feite en waarde-oordele is dit duidelik dat wetenskap nie beskou word as abstrakte kennis in die sin dat die wetenskaplike 'n onbetrokke toeskouer van 'n kant-en-klaar geordende wêreld is nie. Die wetenskaplike is nie 'n "... a cosmic spirit who can transcend in a single breath the vicissitudes of politics and history and indulge in the eternal secrecy of private thought" (Jung, 1971, p.562). Wetenskap is volgens hom 'n menslike aktiwiteit, wat beteken dat die mens met sy hele ervaringswêreld betrokke is by die kenaktiwiteit. Die fenomenologiese begrippe *betekenis* en *intensionaliteit* vorm die teoretiese grond van hierdie beskouing. Die intensionele aard van die bewussyn is daarvoor verantwoordelik dat in enige handeling, byvoorbeeld denke, daar 'n drieledige verhouding is tussen die persoon, die objek en die bewussyn van die persoon ten op-

sigte van die objek. *Betekenis* in die fenomenologiese sin van die woord kom eers tot stand in die ontmoeting van die drie. Dit beteken dat die kenner met sy hele menswees, sy geloof, sy ervaringskennis, sy vooronderstellings, ens. by die kenaksie betrokke is. Die wetenskaplike kan sy deel-wees van die wêreld wat hy bestudeer, nie ontwyk nie. Omdat die politoloog onlosmaaklik deel is van die politieke samelewing wat hy bestudeer, is dit onvermydelik dat sy vooronderstellings in verband met daardie politieke samelewing die vertrekpunt van sy teorievorming sal wees en dit om daardie rede grondig beïnvloed.

Daar is egter ook 'n ander fenomenologiese perspektief waaruit Jung die objektivisme van die behavioralisme bestry, naamlik die *Lebenswelt*-konsep. Vir die fenomenologie is die *Lebenswelt* die oorsprong van alle teoretiese kennis. Jung (1971, p.540) tipeer dit as "... the basic matrix of all theoretical endeavors, including political theorizing". Hierdie oorspronkelike rol van die *Lebenswelt* in die wetenskapsproses spruit uit die aard van die *Lebenswelt* self. Dit het drie belangrike kenmerke:

- * Dit is 'n *aktiewe* wêreld: dit word gekenmerk deur arbeid, dit is handeling wat berus op liggaamlike beweging.
- * Dit is 'n *sosiale* wêreld: die mens se handeling sowel as die waardes waarvolgens hy handel, word bepaal deur sy medemenslike verhoudings.
- * Dit is 'n *historiese* wêreld: die mens is nie 'n "klaar" entiteit nie; hy is altyd op weg, altyd besig

om vir homself 'n toekoms te vorm deur sy handeling.
Dit gee aan die *Lebenswelt* 'n dinamiese karakter.

In die *Lebenswelt* word die natuurlike dinge op 'n natuurlike wyse verstaan - dit is voor-teoretiese, selfs voor-logiese en prekonseptuele kennis van die alledaagse leefwêreld. Alle menslike handelinge, ook wetenskapsbeoefening, spruit voort en is gebaseer op hierdie prekonseptuele kennis. Alle objektiewe kennis, en veral objektiewe kennis in verband met die mens en die samelewing, is 'n tweedegraadse abstraksie van die kenner se oorspronklike ervaring daarvan in die *Lebenswelt*. Die geografie is byvoorbeeld 'n abstraksie van die natuurlike landskap. Die meetkundige konsepte driehoek, reguit lyn, sirkel, ens. het hulle oorspronklike teenhangers in die natuur self. So is die hele wêreld van die wetenskap gebou op die wêreld soos dit direk deur die mens ervaar word. Alle teoretiese kennis veronderstel dus wat Jung (1973, p.154) noem "the ultimate and all-encompassing system of meanings called the pretheoretical and preconceptual life-world."

Volgens hierdie beskouing is wetenskap 'n tweede-orde rekonstruksie van die *Lebenswelt* en om daardie rede nie vry van die voorwetenskaplike kennis wat die wetenskaplike van daardie wêreld het nie. Van objektiwiteit in die sin van die uitskakeling van alle persoonlike voorkeure en voorwetenskaplike oortuigings kan daar dus geen sprake wees nie. Die waardesisteme wat in die *Lebenswelt* leef, word onvermydelik ook oorgegedra op die wêreld van die wetenskap.

Jung (1973, p.155) waarsku egter dat hy nie van subjektivisme beskuldig moet word weens sy verwerping van die behavioralisme se opvatting van objektiwiteit nie. Hy wil in geen opsig die geldigheid van die ideaal van objektiwiteit in die wetenskap betwis nie. Hy wil bloot aantoon, sê hy, dat die behavioralistiese opvatting van objektiwiteit die subjektiewe aspek van wetenskap ontken. Objektiwiteit wat beskou word as die uitskakeling van die subjektiewe, is 'n skandalige opvatting, sê hy. Die objektivisme-subjektivisme-dilemma is 'n valse dilemma, net soos die skeiding tussen feite en waarde-oordele 'n valse skeiding is. Die begrip *intensionaliteit* impliseer dat subjektiwiteit en objektiwiteit momente van dieselfde verskynsel is. Die begrip subjektiwiteit verwys na die "... 'intrinsic relatedness' of our experience and actions to our awareness of them," dit wil sê na die wetenskaplike se subjektiewe beleving van die verskynsel wat bestudeer word. En die begrip objektiwiteit verwys na dit wat van buite af van die verskynsel waarneembaar is. Om objektiwiteit ten koste van subjektiwiteit te kies, is dus om bereid te wees om die verskynsel slegs gedeeltelik te ken; dit misken die rol wat subjektiwiteit in waarneming speel. Daarom moet dit wat van buite af waargeneem kan word, in verband gebring word met dit wat in verband met die verskynsel van binne af beleef word. En dit bring die hele wêreld van vooronderstellings en waarde-oordele in die spel (Jung, 1971, p.545).

Daar behoort dus, volgens Jung, geen subjektivisme-objektivisme-dualisme te bestaan nie.

3.4 Samevatting

Die fenomenologiese post-behavioraliste se kritiek teen die behavioralistiese metodologie sny albei hoofsaaklik aan wat in paragraaf 1 hierbo as die twee kernbesware van die post-behavioraliste aangetoon is. Jung, wie se standpunt in hierdie verband behandel is, lê die vinger op die belangrikste probleme van die behaviorisme se wetenskapsteoretiese mondering. Die leerstuk van die eenheid van die wetenskap, op grond waarvan die behaviorisme homself in terme van die natuurwetenskaplike metodologie definieer, is inderdaad 'n valse leerstuk, wat noodwendig uitloop op 'n reduksie van die politieke werklikheid tot die matematies-fisiese en tot die sintuiglik waarneembare. Dat daar 'n sekere mate van kontinuïteit tussen die natuur- en sosiale wetenskappe bestaan, kan nie ontken word nie. Die reduksie van menslike gedrag tot wiskundig meetbare fisiese verskynsels is egter totaal onaanvaarbaar. Dit ontken die eieaard van die mens en menslike samelewingsvorme deur dit te benader met 'n metodologiese model bestem vir die bestudering van die matematies-fisiese aspekte van die werklikheid. In daardie sin lewer dit inderdaad 'n verkeerde beeld van die politieke werklikheid.

Die kritiek teen die behaviorisme se opvatting van wetenskaplike objektiwiteit is eweneens relevant en noodsaaklik. Jung se beskouing in hierdie verband kom daarop neer dat die objektivisme van die behaviorisme op die valse onderskeid tussen feite en waarde-oordele berus. Die idee van 'n rigoristiese, formeel-logiese en gekwantifiseerde denkwysie waarin die wetenskaplike 'n anonieme epistemologiese toeskouer is, misken die aard van die wetenskap as menslike onderneming en die wetenskap

skaplike as menslike wese. Ongelukkig is Jung se standpunt in hierdie verband, soos trouens ook dié in verband met sy onderskeid tussen natuurlike en menslike fenomene, nie sonder probleme nie. Soos hieronder in paragraaf 4 aangetoon sal word, kan 'n beskouing wat wetenskaplike sekerheid in die mens self probeer begrond, die gevare van subjektivisme nie ontsnap nie. Die weerlegging van die neutraliteitspostulaat bly nietemin een van die belangrikste bydraes van die fenomenologie, ook op die gebied van die Staatsleer.

4. Die kritiek in perspektief

Hoewel dit nie moontlik is om ál die kritiek wat teen die behaviorisme se wetenskapsbeskouing en metodologie ontwikkel is te behandel nie, bied die standpunte van Gunnell, Spragens en Jung tog 'n duidelike en verteenwoordigende beeld van hierdie kritiek. Die drie kritici het op indringende wyse die belangrikste aspekte van die behavioralistiese epistemologie onder die soeklig geplaas. Te midde van 'n verskeidenheid sake wat aangesny is, kan twee hooftemas in die post-behavioralistiese kritiek onderskei word. Die eerste is die beskuldiging dat die metodologie van die behaviorisme daarvoor verantwoordelik is dat 'n onvolledige en verwronge beeld van die politieke werklikheid geskep word. Die tweede is die oortuiging dat die idee van waardevryheid onhoudbaar is en dat daar baie duidelik 'n politieke filosofie in die behaviorisme geïmpliseer is, naamlik die filosofie van die bestaande politieke orde. Oor elk van hierdie temas het die kritici wie se standpunte behandel is, 'n eie beskouing, gegrond op 'n eie benadering, ontwikkel. Ten einde 'n geheelbeeld van die wetenskapsteoretiese kritiek teen die behaviorisme te kry,

is dit noodsaaklik om die kritiek teen die twee hoof temas kortliks saam te vat en om enkele evaluerende opmerkings daaroor te maak.

Wat die eerste tema betref, is die kritici daarvan oortuig dat die positivistiese en empiristiese metodes van die behavioralisme die politieke werklikheid nie voldoende kan begryp nie. Van die verskillende standpunte wat behandel is, is dié van die fenomenologiese post-behavioraliste seker die skerpste op hierdie probleem gefokus. Jung betoog naamlik dat die behavioralisme met sy sintuiglike waarneming van owerste politieke gedrag nie kan deurdring tot die betekenisstruktuur van politieke gedrag nie. Die innerlike van politieke gedrag word gereduseer tot die uiterlike en daarmee bly 'n groot deel van die politieke werklikheid, naamlik die intensionele aspek van politieke gedrag, buite die greep van die behavioralisme. Gunnell verset hom nie teen die metodes en tegnieke van die behavioralisme nie, maar teen die wetenskapsmodel wat die metodes ten grondslag lê. Hierdie wetenskapsmodel, wat hy as die deduktiewe model aandui, is deur die behavioralisme aanvaar in 'n poging om meer wetenskaplik te wees, en onder die indruk dat dit 'n outentieke weergawe van die wetenskapsmodel van die natuurwetenskappe is. Buiten dat die deduktiewe model geen empiriese basis in die natuurwetenskappe het nie en 'n blote filosofiese konstruksie deur die logiese positivistes is, is dit nie geskik vir die sosiale wetenskappe nie. Die verabsolutering van die wetmatige karakter van die wetenskap en die formeel-logiese vereistes wat aan wetenskaplike verklaring gestel word, maak dit bykans onmoontlik om die politieke werklikheid te begryp. Ook Spragens se bydrae handel nie oor die behavioralistiese metodes as sodanig nie, maar anders as

Gunnell, wie se kritiek gerig is teen die wetenskapsmodel wat die metodes ten grondslag lê, ontmasker Spragens die werklikheidsbeskouing waarvan die wetenskapsmodel op sy beurt 'n uitvloeisel is. Hy toon aan dat daar sedert die 17e eeu 'n werklikheidsbeskouing ontwikkel het waarvolgens die wêreld in matematies-fisiese terme opgevat word en waarin die sosiale werklikheid tot die matematies-fisiese gereduseer word. Die metodologie wat op hierdie werklikheidsbeskouing gebaseer is, wat gekenmerk word deur die skeiding van feite en norme, loop onvermydelik uit op 'n verwarrende beeld van die politieke werklikheid.

Ten spyte van verskillende wysgerige benaderings is die gevolgstrekkings waartoe die drie kritici kom, dus in hoofsaak dieselfde. Elkeen toon op sy besondere wyse aan dat die metodologie van die behavioralisme die politieke werklikheid reduceer tot die matematies-fisiese. Jung noem dit "fisikalisme", en Spragens praat van "semantic conflation". Daarmee word 'n reduksieproses bedoel wat die logiese gevolg van 'n "fundamenteel ruimtelik" werklikheidsbeskouing is. Soos in Hoofstuk 2 aangetoon, verteenwoordig dit 'n growwe miskennings van die eie aard en onderlinge onherleibaarheid van die verskillende modale aspekte van die werklikheid (Dooyeweerd, 1955, bd.2, p.75). Dit moet noodwendig 'n skewer beeld van die politieke werklikheid oplewer.

Wat betref die tweede hoofteema, naamlik die onhoudbaarheid van die idee van waardevryheid, is daar groot eenstemmigheid onder die kritici: Die soort wetenskaplike objektiwiteit waarop die behavioraliste hoop en waarop hulle inderdaad aanspraak maak, is 'n mite. Gunnell motiveer die stelling vanuit sy op-

vatting van die kontekstuele aard van die wetenskap. Deur gebruik te maak van Polanyi se begrip "personal knowledge", betoog Spragens dat feite en norme onlosmaaklik aan mekaar verbind is in die sin dat norme die ordeningsmaatstawwe verskaf waarmee die empiriese werklikheid beskryf word. Veral waardevol is sy insig dat die miskennig van die beskrywende funksie van norme gewreek word in die aanvaarding van die norme van die bestaande orde. Spragens het dan ook baie duidelik aangetoon dat die behavioralistiese politieke teorieë uitgaan van en dien as sanksionering vir die politieke filosofie van die bestaande orde in die Verenigde State. Vanuit 'n fenomenologiese visie is die hele subjektivisme-objektivisme-dilemma 'n valse dilemma. As die intensionele aard van die bewussyn begryp word, sê hy, sal besef word dat wetenskaplike kennis tot stand kom uit 'n dialektiese spanning tussen die subjek en die objek. Feite kan nie net objektief wees nie; feite is geïnterpreteerde, dit wil sê betekenisdraende waarneming. Dit beteken dat die wetenskaplike geen onbetrokke toeskouer is nie, maar 'n betekenisgewende deelnemer aan die werklikheid wat bestudeer word. Dit is onvermydelik dat die waardesisteme van die *Lebenswelt* op die wetenskap oorgedra word.

Al drie die kritici toon dus aan - en dit moet as die waardevolle van hulle bydrae beskou word - dat 'n Archimedes-punt in die wetenskap nie moontlik is nie en dat die beeld van die wetenskaplike as 'n "pure visitor" onhoudbaar is vanweë die menslike aard van die wetenskap. Dit beteken egter nie dat die idee van 'n algemeen geldige wetenskap laat vaar word nie. Inteendeel, al drie besef die gevare van relativisme en subjektivisme wat opgesluit lê in so 'n visie op die wetenskap.

Hulle kritiek is nie bedoel as 'n stelling van die "anti-science"-standpunt nie. Die kern van hulle betoog is juis dat die behavioralisme se metodologie 'n betroubare wetenskap van die politiek onmoontlik maak. Tog is hulle standpunte nie sonder probleme nie. Veral die historiese relativisme onderliggend aan Gunnell se standpunt en die subjektivisme onderliggend aan die fenomenologiese standpunt van Jung moet as problematies beskou word.

Hoewel Gunnell uitdruklik ontken dat die kontekstuele benadering wetenskaplike relativisme in die hand werk, is dit 'n dilemma wat inherent aan die Historiese Skool is. Botha (1976, p.32) wys tereg daarop dat Kuhn 'n sekere relativisme ten opsigte van die finale kriteria waardeur die waarheid van 'n teorie bepaal sou kon word, nie kan ontkom nie. Die waarheid van 'n wetenskaplike teorie is beslis histories en kontekstueel bepaald, maar die teorieë verwys na die gestruktureerdheid van die werklikheid waardeur betroubare kennis moontlik gemaak word. Wanneer hierdie vaste komponent onderwaardeer word, terwyl die kontekstualiteit oorbeklemtoon word, voer dit onherroeplik tot relativisme. Wat egter in hierdie verband ook belangrik is, is dat die *aard* van die waarheid wat deur die wetenskap nagespoor word, *wetenskaplike* waarheid is en geen absolute waarheid in die konkrete lewensomspannende sin van die woord nie. As wetenskaplike waarheid is dit dus altyd begrensde en beperkte benaderinge tot die volle waarheid van die struktuur van die werklikheid.

Hoewel Jung die beskuldiging ontken, is dit te betwyfel of hy kan ontkom aan die gevare van 'n ernstige wetenskaplike relativisme. Teenoor die positivistiese opvatting van 'n onafhanklike, direk waarneembare, inherent betekenisvolle werklikheid, wat dien as vaste grond vir betroubare kennis, neem Jung as fenomenoloog die menslike bewussyn as bron van betekenis. In die wetenskapsproses is die bewussyn primêr; dit konstitueer die werklikheid.

Onder fenomenoloë self is daar 'n mate van meningsverskil oor hierdie probleem van die verhouding tussen bewussyn en wêreld. Sommige fenomenoloë, byvoorbeeld Heidegger en Sartre, huldig die standpunt dat die individuele bewussyn sy wêreld skep en daaraan betekenis verleen. Ander fenomenoloë, byvoorbeeld Merleau-Ponty, is weer van mening dat die *Lebenswelt* waarin die mens hom bevind, gestruktureerd is en betekenis het reeds *voordat* dit deur die bewussyn begryp word. Jung gaan die kant van Heidegger en Sartre op deur sterk daarop aan te dring dat geen menslike ervaring van die werklikheid as sodanig betekenisvol is nie, maar dat die mens daaraan betekenis gee. Jung (1971, p.541) se stelling dat "... reality is constituted by the meaning of our experiences", demonstreer duidelik die primaat van die bewussyn oor die werklikheid. Die werklikheid is, volgens Jung, 'n konstruksie van die bewussyn. Ook die sosiale en politieke werklikheid wat die politikoloog probeer beskryf, word inderdaad deur die bewussyn in die daaglikse lewe gekonstrueer. Dit beteken dat minstens die sosiale werklikheid nie 'n reële bestaan het nie, maar 'n funksie van die bewussyn is. Hierby moet gevoeg word dat die *Lebenswelt* vir Jung dinamies en histories is en dat daar, ooreenkomstig die kultuurverskeidenheid, verskillende weergawes van die *Lebens-*

welt is. Dit hou in dat wetenskaplike visies op die werklikheid, wat direk voortspruit uit die prekonseptuele kennis van die *Lebenswelt*, histories relatief is. Jung sou hierdie relativisme kon vermy indien hy sou toegee dat die wetenskap die grense van die verskillende leefwêreldes kan transendeer. Maar dit doen hy juis nie. Net soos die eksistensialistiese fenomenologie ontken hy die moontlikheid van so 'n transendering. Hy kritiseer byvoorbeeld Strauss se platoniserende denke, dit is die soeke agter die verskynsels na die ware werklikheid (Jung, 1969).

Hoewel daar dus waardevolle momente in Jung se kritiek teen die behavioralisme is, moet gekonkludeer word dat sy fenomenologiese alternatief die problematiek van wetenskaplike relativisme nie ontkom nie. Die hele sosiale wetenskap word daardeur op losse skroewe geplaas.

Spragens se standpunt is insgelyks nie vry van die gevaar van relativisme nie. Die waarborge wat hy teen relativisme en subjektivisme aanbied, is egter meer oortuigend as dié van Gunnell. Hy dring naamlik juis aan op die erkenning van die onontwykbare rol van die persoonlike oortuigings en vooronderstellings van die kenner in die kenproses met die oog daarop dat dit onderken en sover as moontlik getransendeer kan word met die oog op die bereiking van groter objektiwiteit. Hy verstaan wetenskaplike objektiwiteit dus in terme van 'n glykskaal waarop die vlak van objektiwiteit direk gekoppel is aan die mate waartoe die wetenskaplike bereid is om sy intellektuele verbintenisse ("commitments") te erken, dit vir homself en andere eksplisiet te maak en die uitwerking daarvan op sy wetenskaplike resultate te bereken en te transendeer. Met sy

aandrang op die erkenning en eksplisiering van die vooronderstelligings van die wetenskaplike, slaag Spragens dus beter as òf Gunnell òf Jung daarin om die probleem van relativisme te oorbrug. Maar selfs dit is nog geen voldoende waarborg nie, omdat dit teenoor die belangrike insig van die mens as 'n kennende subjek nie die feit van die genormeerdheid van die werklikheid verreken nie (Dooyeweerd, 1955, bd.2, p.55-180) - iets wat die positivisme wel begryp het, maar ook totaal oordryf het.

A A N T E K E N I N G E

1. In Hoofstuk 2 is reeds daarop gewys dat die logiese positivisme en die logiese empirisme vir ons doel nie onderskei hoef te word nie en dat besluit is om die term logiese positivisme te gebruik. Gunnell verkies om die twee te onderskei, maar gebruik tog een simbool om altwee gesamentlik aan te dui.
2. Gunnell se argumentasie gaan selfs nog verder. Hy betoog naamlik dat, behalwe die onkritiese aanvaarding van die wetenskapsbeskouing van LP/E, die behavioraliste die LP/E ook nie reg begryp nie. Hulle besef dat die LP/E maar 'n rekonstruksie deur filosowe is van die logiese samehang van wetenskaplike teorieë en dat dit nie bedoel is as 'n beskryf

wing van die *wetenskapsproses* nie. Hulle begryp dus nie dat die LP/E 'n rekonstruksie van die "logic of science" of die "context of justification" is, en nie van die "context of discovery" nie. Wat die LP/E aanbied as 'n logiese samehang van wetenskaplike teorieë, aanvaar die behavioraliste as "procedural norms for theory construction and research in science" (Gunnell, 1975, p.x). Hierdie beskuldiging - dat die behavioraliste opereer met 'n tweederangse rekonstruksie van die LP/E en dit boonop verkeerd begryp - word egter nie deur Gunnell gesubstansieer nie. Hy neutraliseer die beskuldiging eintlik deur te betoog dat sy kritiek verder teen die LP/E as sodanig gerig sal wees en nie teen die behavioraliste se opvatting daarvan nie. Wat hy dus in werklikheid doen, is om te beweer dat die LP/E as metodologiese fondament vir die Staatsleer onaanvaarbaar is, al word dit ook reg begryp deur die behavioraliste (Gunnell, 1969, p.1234).

3. Die deduktiewe verklaringsmodel is natuurlik nie die enigste aspek van die logiese positivisme wat deur Gunnell gekritiseer word nie. Ander aspekte is byvoorbeeld die sogenaamde ortodokse teorie van teorieë wat op die behavioraliste groot invloed gehad het (Gunnell, 1975, hoofstukke 5-6) en die idee van konseptuele raamwerke, byvoorbeeld by Easton (Gunnell, 1969). Aangesien die deduktiewe model volgens hom egter tot die kern van die behavioralisme behoort, word volstaan by hierdie aspek van die kritiek.

4. In sy poging om die deduktiewe verklaringsmodel te verduidelik, siteer Gunnell dan ook uitvoerig uit die werke van Hempel.

5. Dit is die denkmodel waarvolgens die konklusie reeds in die premisse aanwesig is.

6. Vergelyk daarvoor Toulmin (1958, p.136-141).

7. Easton se stelselteorie kom daarop neer dat dit vir analitiese doeleindes nuttig is om die politieke lewe as 'n stelsel van gedrag te beskou. Die politieke stelsel is dan daardie stel interaksies waardeur, of as gevolg waarvan, waardes op 'n gesaghebbende wyse vir die ganse samelewing toegewys word. Die politieke lewe ontleen sy *raison d'être* aan die skaarste van waardevolle middele en die daaruit voortspruitende noodsaaklikheid vir reëlins met die oog op die toewysing van daardie middele ten einde voortdurende konflik daaroor te vermy. 'n Stelsel is onderskeibaar van die omgewing waarin dit bestaan en dit is oop vir invloede vanuit die omgewing, wat die toestande bepaal waaronder die lede van die stelsel moet optree. Aktiwiteit binne die stelsel kan beskou word as pogings van die lede van die stelsel om spanning wat vanuit die omgewing sowel as van binne kom, te reguleer. Die vermoë van die stelsel om ten spyte van volgehoue spanning te bly voortbestaan, is 'n funksie van die aanwesigheid van informasie en ander invloede wat na die lede van die stelsel in die algemeen en die besluitnemers in die besonder terugvloei. Die stelsel besit dus die vermoë om op invloede te reageer en daarby aan te pas. (Vgl. Easton, 1953 en Easton, 1965.)

8. Vir 'n algemene oorsig oor die invloed van die eksistensialistiese fenomenologie op die sosiale wetenskappe, kyk Dallmayr (1972).

9. Hulle belangrikste publikasies is die volgende: Friedrich (1973); Jung (1967); Jung (1969); Jung (1971); Jung (1973); Ihara (1971); Ihara (1972); Strauber (1971) en Surkin (1970).

Hoofstuk 5

KRITIEK TEEN DIE POLITIEKE FILOSOFIE VAN DIE BEHAVIORALISME

1. Inleiding

In Hoofstuk 2 is aangetoon dat daar twee fasette of komponente in die behavioralistiese paradigma herken kan word, naamlik die epistemologiese en die politiek-filosofiese. In die vorige hoofstuk is die post-behavioraliste se kritiek teen eersgenoemde behandel. In die proses het dit duidelik geword dat die post-behavioralistiese kritici die behavioraliste se aansprake op waardevryheid ernstig betwyfel. Trouens, daar is aangetoon dat die kritici oortuig is dat waardevryheid in die sin wat die behavioraliste dit bedoel, in beginsel onmoontlik is en dat die behavioralisme self inderdaad 'n bepaalde filosofie verskans, naamlik die filosofie van die bestaande orde in die Verenigde State.

Die post-behavioraliste het hierdie verskansing of sanksionering van die bestaande orde goed begryp. Soos in Hoofstuk 3 aangetoon, is dit juis die onderskeidende kenmerk van die post-behavioralistiese rewolusie. Daarom is dit voor-die-handliggend dat 'n belangrike deel van hulle kritiek juis op dié aspek van die behavioralisme toegespits sal wees.

Die politieke filosofie van die behavioralisme word op verskillende wyses aangedui. Lowi (1969, p.3) noem dit die "American public philosophy", Lipsitz (1968, p.528) praat van die "American political religion" en van die "American civil re-

ligion", en Reid en Yanarella (1974, p.108) verwys daarna as die "American political reason". In die meeste gevalle word egter bloot daarna verwys as die "American ideology".¹⁾ Konkrete word daarmee egter slegs een van twee dinge bedoel: of die Amerikaanse belangegroep-liberalisme of, in Marxistiese terme, die tegnokratiese ideologie.

Dat hierdie politieke filosofie, wat dit ook al mag wees, die grondslag van die behavioralisme vorm, is vir die post-behavioraliste 'n uitgemaakte saak. In die literatuur wat hanteer is, word die saak nie breedvoerig beredeneer nie. Daar word eenvoudig aanvaar dat dit die geval is, en alle aandag word verder toegespits op die vraag na die houdbaarheid van hierdie filosofie en die invloed daarvan op die Staatsleer. Die kritici is naamlik oortuig daarvan dat dit 'n verkeerde en onbetaamlike ideologie is en dat die aanvaarding van die bepaalde ideologie deur die behavioralisme noodwendig moet uitloop op 'n skewe beeld van die politieke werklikheid en dus op 'n onnaukeurige wetenskap van die politiek.

Naas die kritiek teen die behavioralisme se metodologie gaan dit vir die post-behavioraliste ook om die meriete van die politieke filosofie waarmee die behavioraliste opereer. Hierdie hoofstuk wil spesifiek daardie aspek van die post-behavioraliste se kritiek ondersoek. Dit moet egter dadelik beklemtoon word dat die kritiek nie eenstemmig is nie. Die wysgerige verskeidenheid in die geledere van die post-behavioraliste, waarna reeds verwys is, moet ook hier verreken word. Die kritiek van drie groepe post-behavioraliste sal behandel word, en wel die sogenaamde klassieke liberaliste wat die pluralisme-ideologie aanval vanweë sy beweerde konserwatisme en onde-

mokratiese gesindhede, die Marxisties georiënteerde groep wat die Amerikaanse samelewingstelsel kritiseer vanuit die perspektiewe van die maatskappykritiese denke, en die *Berkeley School* wat 'n soort brug tussen die twee vorm.

2. Die "klassieke" liberaliste se kritiek

Hierdie groep kritici is dit eens dat die intellektuele kern van die Amerikaanse politieke stelsel die pluralisme-ideologie is. Die pluralisme is vir hulle van so 'n wesenlike belang dat hulle die hele Amerikaanse politieke tradisie in terme daarvan definieer. Lowi (1969, p.284) praat van "the pluralist paradigm" en Somjee (1971, p.462) weer van "the pluralist-behavioralist paradigm". Wilson (1971, p.14) spreek die oortuiging uit dat hierdie groep kritici aanvaar dat die behavioralisme altyd te doen het met die pluralisme-ideologie. Vir hierdie groep kritici gaan dit dus om die meriete van die pluralisme as politieke filosofie.

Die "klassieke" liberaliste is daardie groep kritici van die pluralisme-ideologie wat, op grond van die sogenaamde klassieke opvatting van die demokrasie, die pluralisme verwerp omdat dit ondemokraties is. Vanuit 'n bepaalde opvatting van hoe 'n demokratiese samelewing daar behoort uit te sien en wat ontleen is aan politieke filosowe soos Locke, Rousseau en Mill, word geargumenteer dat die pluralisme die demokratiese ideale verkrag en die politieke gemeenskap op die pad van selfvernietiging plaas. Daarby word dit afgemaak as 'n konserwatiewe ideologie wat die noodsaak van verandering in die samelewing nie kan akkommodeer nie.

Onder die post-behavioraliste is daar 'n hele aantal wat vanuit hierdie standpunt kritiseer, onder andere James Petras, Graham Duncan, Steven Lukes, Lane Davis, Maure Goldschmidt, Jack Walker, Peter Bachrach en Morton Baratz. Die persoon wat hierdie soort kritiek teen die pluralisme-ideologie die volledigste ontwikkel het, is Theodoré Lowi. Daarom sal daar, nadat eers 'n algemene oorsig van die kritiek gegee is, meer in besonderhede ingegaan word op sy standpunt.

2.1 "Die pluralisme-ideologie is konserwatief"

Die eerste beswaar van die "klassieke" liberaliste teen die pluralisme is dat dit 'n *status quo* -ideologie is. Dit aanvaar die bestaande politieke stelsel omdat dié in 'n groot mate die neerslag of resultaat van die ideologie self is en hom alleen maar vir die behoud daarvan beywer. Formeel is dit nie gekant teen verandering nie, maar in die praktyk is die enigste veranderinge wat aanvaarbaar is, slegs daardie wat nie veranderinge aan die bestaande stelsel, dit wil sê strukturele veranderinge, impliseer nie. Dit beteken egter nie dat die pluralisme-ideologie waardes huldig wat in die Amerikaanse konteks as konserwatief beskou word nie. Dit beteken eerder dat die pluralisme *enige* waardes wat op 'n gegewe tydstip dominant in die samelewing is, aanvaar en beskerm.

Die ekwilibrium-konsep is vir die kritici die primêre simptome van die konserwatisme. Die oogmerk van die ekwilibrium-konsep, sê Petras (1967, p.76-77) is die uitdrukking van die stabiliteit van die politieke stelsel. Stabiliteit kan verkry word as die botsende magsgroepe in 'n toestand van ekwilibrium of balans geplaas word. Dit, sê die kritici, lei noodwendig

tot die kontinuering van die bestaande magsverhoudings en -instellings. Die ekwilibrium-konsep is *inherent* konserwatief in die sin dat dit die bestaande magsverhoudings, wat dit ook al mag wees, wil bestendig.

Die konflik tussen belangegroepe, wat volgens die pluralisme-ideologie op 'n natuurlike wyse sal lei tot verandering, vind volgens die kritici selde indien ooit plaas. Die konflik is oppervlakkig en kan nie uitloop op strukturele veranderinge aan die stelsel as sodanig nie. Petras (1967, p.94) wys byvoorbeeld daarop dat daar wel konflik tussen die groepe plaasvind, maar dat die konflik marginaal is; dit het nie betrekking op die vervanging of verandering van die stelsel as sodanig nie. Aanvanklik lyk dit asof daar konflik rondom 'n bepaalde saak gaan plaasvind, maar sodra die mededingers hulleself geïdentifiseer het, begin daar 'n proses van akkommodasie eerder as konflik. Onder die besef dat nie een party kan wen by werklike konflik nie, word die spreekwoordelike koek so verdeel dat elkeen 'n stuk kry. Op dié wyse word konflik uitgeskakel en bly die werklike probleme van die samelewing onaangeraak, om nie eens te praat van noodsaaklike verandering nie.

Die vraag is nou: hoe verklaar die kritici hierdie konserwatisme van die pluralisme-ideologie?

Goldschmidt (1967, p.221) bring die konserwatisme van die pluralisme-ideologie histories in verband met die anti-kommunistiese reaksie in die Verenigde State ten tye van die Koue Oorlog. Hierdie reaksie, sê hy, het in Amerika die vorm aangeneem van 'n idealisering van die *status quo*. Volgens hom is

daar egter, benewens die historiese, ook 'n direkte materiële verband tussen die konserwatisme en die pluralisme. Die verband lê daarin, sê hy, dat die pluralisme gedeeltelik geïnspireer is deur die konserwatisme van die Engelse politieke filosoof, Edmund Burke (Goldschmidt, 1967, p.226).

Sy argumentasie in hierdie verband kan soos volg saamgevat word: Anders as die "klassieke" liberaliste wat weier om wat behoort te wees af te lei van wat is, aanvaar Burke dat die bestaande samelewing ideaal is. Hierdie bestaande samelewing stel hy voor as 'n organisme of stelsel waarvan die onderdele in 'n fyn balans met mekaar verkeer. Vanweë die kompleksiteit van die geheel en interafhanklikheid van die onderdele en weens die gebrekkigheid van die mens se kennis van die probleme van die samelewing, moet veranderings aan die stelsel met die grootste versigtigheid bejeën word.

Die staat is vir Burke die resultaat van die stadige, onbeplande aanpassing by veranderende omstandighede en nie van die rasonele en skeppende vermoë van sy burgers nie. Daarby is Burke se beskouing van die politieke gemeenskap elitisties: sekere individue en groepe is op grond van bepaalde faktore, byvoorbeeld erflikheid, bevoeg om te regeer. Hulle besit nie alleen die nodige insig nie, maar ook die simpatieë wat hulle geskik maak om namens die hele bevolking te regeer.

Die pluraliste, sê Goldschmidt, huldig soortgelyke standpunte. Pluraliste soos Almond en Verba is ook ten gunste van 'n politieke elite wat slegs goed kan regeer as die politieke massa relatief passief is. Berelson, maar veral Banfield, gebruik dieselfde argument as Burke ten gunste van gestadige of in-

krementele verandering aan die politieke stelsel. Ook die gedagte van ewilbrium is in beginsel reeds by Burke aanwesig (Goldschmidt, 1967, p.226-228). Goldschmidt wil dus sê dat die pluralisme inherent konserwatief is en dat dié konserwatisme veroorsaak word deur wysgerige konsepte wat afkomstig is van die bekende Engelse konserwatis, Burke. Ook Petras voer die pluralisme-ideologie se konserwatisme terug na Burke: "The equilibril view of society and its functioning 'balance' is underwritten by a strong undercurrent of Burkean conservative values: the irrational, the traditional, and custom, as bases of individual decision-making, are seen as virtues; and very gradual change through established institutions and practices approved by the political elite are cited as functional to the polity" (Petras, 1967, p.77-78).

Ongelukkig toon Goldschmidt en Petras nie die materiële verband tussen Burke se konserwatisme en die behavioralistiese ewilbrium-konsep voldoende aan nie. Hulle sê bloot dat daar 'n sekere parallel tussen die twee is. Vir die meriete van hulle standpunt is die verband met Burke egter nie deurslaggewend nie. Feit is dat die ewilbrium-konsep 'n politieke gemeenskap voorstel wat alleen maar ruimte het vir inkrementele veranderinge en wat vyandig staan teenoor veranderinge aan die stelsel as sodanig.

Volgens die kritici is die pluralisme-ideologie dus konserwatief omdat dit aanvaar dat die bestaande orde goed (d.i. demokrasies) is en dat die instandhouding daarvan die enigste taak is wat oorbly. Vir die "klassieke" liberaliste is dit 'n totaal onaanvaarbare standpunt. Vir hulle is die demokratiese ideaal nooit ten volle realiseerbaar nie - en dit word

hoegenaamd nie in die Amerikaanse politieke stelsel gerealiseer nie. Die politiek bly 'n nimmer eindigende "... process of achieving, a dynamic striving for the goals of liberty, equality, and fraternity ... an end to be sought" (Goldschmidt, 1967, p.229).

Dat die pluralisme-ideologie konserwatief is, dit wil sê die bestaande orde goedkeur en in stand hou, is een saak. Wat die tekortkominge van die bestaande orde is, dit wil sê waarom die bestaande orde nie behou moet word nie, is 'n ander saak. Die volgende stap in die "klassieke" liberaliste se verwerping van die pluralisme-ideologie is dus om die gronde vir die verwerplikheid van die bestaande orde en die ideologie van die bestaande orde aan te toon. En die hoofargument is dat dié ideologie sowel as die praktiese neerslag daarvan in die Amerikaanse politieke stelsel op selfvernietiging afstuur.

2.2 "Die pluralisme-ideologie is ondemokraties"

Die pluraliste is oortuig dat die pluralisme in die beste demokratiese tradisie is. Trouens, soos aangetoon in Hoofstuk 2 is die pluralisme juis ontwerp as meganisme ter beskerming van die individu se vryheid ten aansien van toenemende staatsgesag. Die politieke filosofie wat in die pluralisme vervat is, is egter vir die "klassieke" liberaliste totaal onaanvaardbaar, juis omdat dit volgens hulle nie demokraties is nie. Dit is nie net 'n geval van ondemokraties nie, sê die kritici. Die pluralisme-ideologie bevat selfs sterk anti-demokratiese gesindhede.

Die hoofargument van die "klassieke" liberaliste is dus dat die pluralisme-ideologie en hy implikasie ook die politieke instellings wat op grond daarvan in die Verenigde State tot stand gekom het, afwyk van wat deur die eeue aanvaar is as demokratiese ideale, prosedures en instellings. Die gronde vir hierdie bewering sal nou kortliks behandel word.

2.2.1 Elitisme pleks van algemene deelname

Duncan en Lukes (1976, p.162-163) toon aan dat, hoewel daar geen gestandaardiseerde weergawe van die "klassieke" demokratiese teorie bestaan nie, dit tog moontlik is om 'n algemene beeld te kry van wat as 'n demokratiese gemeenskap aanvaar is. Dit is naamlik 'n gemeenskap "... in which all the citizens (the people) continuously and actively participate in the various community affairs, and above all in political affairs. A democratic society, whether conceived on the Greek model, as by Rousseau, or on a national basis, as by John Stuart Mill, is pre-eminently a society marked by wide discussion and consultation, so that the whole people know the reasons for political decisions through taking part directly or indirectly in their formulation". Algemene deelname aan die politieke proses is 'n *sine qua non* vir die demokrasie.

Die individu se deelname aan die politieke proses is nie net ter wille van die beskerming van sy vryheid nie. Dit is ook 'n noodsaaklike kanaal waarlangs hy sy persoonlikheid kan ontplooi. Walker (1967, p.205) lê baie klem op hierdie funksie van politieke deelname: "The most distinctive feature, and the principal orienting value, of classic democratic theory was its emphasis on individual participation in the develop=

ment of public policy. By taking part in the affairs of his society the citizen would gain in knowledge and understanding, develop a deeper sense of social responsibility, and broaden his perspective beyond the narrow confines of his private life". Hy lê klem daarop dat dit in die "klassieke" demokratiese teorie primêr gegaan het om menslike ontwikkeling wat moontlik gemaak is deur deelname aan die politieke proses. Slegs langs so 'n weg, sê hy, is dit moontlik om te kom tot 'n sinvolle menslike gemeenskap.

Volgens die kritici word hierdie opvatting van die individuele deelname aan die politieke proses deur die pluralisme-ideologie verwerp. Laasgenoemde opereer na bewering met 'n mensbeskouing en 'n samelewingsbeeld wat dié van die "klassieke" demokrasie as onrealisties en utopisties verwerp (Walker, 1967, p.200). Die kritici vind in die pluralisme-ideologie geen besorgdheid oor die ontwikkeling en ontplooiing van die menslike persoonlikheid nie. Vir die pluralisme-ideologie is die sentrale probleem nie hoe om 'n politieke stelsel te ontwerp wat groter individuele deelname stimuleer en die morele ontwikkeling van die individu moontlik maak nie, maar eerder om 'n stelsel te ontwerp wat so stabiel as moontlik is sonder om burgerlike deelname geheel-en-al prys te gee (Walker, 1967, p.205). Die prioriteit het dus verskuif van die individu na die stelsel as sodanig.

In plaas van vertroue in die vermoë van die mens om 'n ware politieke gemeenskap tot stand te bring, neem die pluralisme-ideologie sy uitgangspunt in die swakhede van die mens, sê Walker (1967, p.201). Hulle aanvaar dat die grootste gros van die burgers onbelangstellend en onbevoeg is om die demo=

kratiese ideaal voort te dra. Daarom is dit wenslik dat daar nie massadeelname aan die politieke proses moet wees nie. Trouens, die pluraliste glo dat daar gevaar verbonde is aan massadeelname: "... mass movements are viewed as the major danger, representing irrational forces ... which threaten to disrupt a rational and free society" (Petras, 1967, p.84). Die massa sal die politieke gemeenskap verongeluk met hulle ekstremisme, en daarom is apatie by die groot massa burgers wenslik.

So 'n standpunt, sê die kritici, loop uit op die verdeling van die burgers in twee groepe: die massa onbevoegde burgers en 'n klein elite-groep wat wel 'n prys stel op die behoud van demokratiese waardes, wat aktief aan die politieke proses deelneem en bevoeg is om dit te doen (Walker, 1967, p.201). Om hierdie rede word die pluralisme-ideologie beskuldig van elitisme, wat basies ondemokraties is. Die elite tree in die politieke proses ten behoewe van al die burgers op. Dit laat aan die individu slegs 'n passiewe rol oor; hy is hoogstens die objek van die politieke aktiwiteit van die elite (Walker, 1967, p.205). Dat dit 'n radikale afwyking van die "klas-sieke" demokrasie is, is vir die kritici klaarblyklik: "The ideal of democratic participation is thus transformed into a 'noble lie' designed chiefly to insure a sense of responsibility among political leaders" (Walker, 1967, p.204).

2.2.2 Die stelsel as doel op sigself

Volgens die kritici was daar in die "klassieke" demokratiese teorie iets soos die algemene belang ("common good" of "public interest") wat bo die belange van die individue uitgegaan het. Dit het die gemeenskaplike basis verskaf waarop 'n politieke gemeenskap as gemeenskap kan funksioneer (Goldschmidt, 1967, p.223; Walker, 1967, p.202). Die pluralisme-ideologie, sê die kritici, erken nie iets soos 'n algemene belang wat as norm kan dien vir die regmatigheid van 'n politieke gemeenskap nie. Die definisie van die politiek in terme van belangebevrediging beteken dat die individu se (materiële) belange primêr is en dat daar nie iets soos 'n substantiewe openbare belang is nie. Die politieke gemeenskap vind selfverwesenliking in sy eie interne belangebotsings. Daar is geen objektiewe, bo-individuele oogmerk wat deur die politieke gemeenskap nagestreef word nie. Dit verteenwoordig volgens die kritici 'n politieke gemeenskap wat na nêrens op weg is nie. Eintlik ontken dit die hele idee van 'n politieke gemeenskap wat op gemeenskaplike ideale berus.

En as daar in die politieke gemeenskap geen substantiewe openbare belang is nie, so beweer die kritici, is die behoud en onderhoud van die bestaande politieke stelsel al wat oorbly. Soos Kariel (1969, p.93) dit stel: as daar geen eksterne maatstaf vir die politiek is nie, geen norm vir die regmatigheid van die politieke gemeenskap nie, kan daar slegs een antwoord wees op die vraag na die sin of funksie van die politieke stelsel, naamlik "selfmaintenance - which means maintenance of the relationships duly established within it".

Ook dít is vir die kritici 'n radikale en onaanvaarbare afwyking van die "klassieke" teorie. Die stelsel as sodanig het van primêre belang geword: "Society and its wants became the id to be repressed, the government and its laws the super-ego to be respected. And in the midst of this authority fixation creeps the authoritarian principle" (Petras, 1967, p.92). Die pluralisme-ideologie is dus nie net ondemokraties nie; dit is wesenlik ook anti-demokraties vanweë die outoritêre trekke wat in die stelselgerigtheid opgesluit lê.

2.2.3 Ekwilibrium - in wie se belang?

Ook die begrippe *ekwilibrium* en *balans* dra vir die kritici 'n ondemokratiese betekenis. Petras (1967, p.95) wys daarop dat wat vir een mens in die politiek na 'n balans lyk, deur 'n ander as 'n wanbalans ervaar word: "In fact, the 'balances' are so drawn as to cover up essential imbalances that exist in society among social classes, races ...". Hierdie wanbalanse of disekwilibria veroorsaak konflik in die gemeenskap, maar weens die aandrang op die stabiliteit van die stelsel word hierdie probleme geminimaliseer en onderdruk. Die balans of ewilibrium wat bereik word, is duidelik ten gunste van die gevestigde magsgroepe. Groot dele van die bevolking, die armes en die swartes, ervaar dit egter as 'n ondraaglike wanbalans (Petras, 1967, p.96). Maar vanweë die geslotenheid van die pluralisme-ideologie is die pluraliste nie in staat om hulle gebrek aan gevoeligheid vir die gemeenskap se ware behoeftes te begryp nie.

Die belangrikste argument teen die ekwilibrium-konsep is egter dat dit demokrasie met stabiliteit verwar: "The two are assumed to be synonymous: if the system is stable it also must be democratic" (Petras, 1967, p.97). Die stabilisering van die *status quo* word gelyk gestel aan demokrasie. Dit loop uit op die paradoksale toestand dat 'n samelewing met 'n minimum van demokratiese trekke voorgehou word as 'n toonbeeld van 'n demokratiese samelewing, bloot omdat dit 'n ekwilibrium vertoon.

2.2.4 Samevatting

Die "klassieke" liberaliste is dus van mening dat die pluralisme-ideologie die demokrasie in drie belangrike opsigte ondermyn. Ten eerste vervang dit die vereiste van algemene deelname aan die politieke proses met 'n hoë waardering vir politieke apatie by die massas. So 'n elitisme is wesenlik nie met die basiese uitgangspunte van die demokrasie te versoen nie, sê hulle. Ten tweede is die individuele mens se ontwikkeling as fokuspunt vervang met die stelsel as sodanig. Die politieke gemeenskap het verdwyn en 'n onpersoonlike, self-onderhoudende meganiese sisteem ("artificial polity") het die plek daarvan geneem. Ten derde is die stabiliteit en die selfbehoud van die stelsel aanvaar as verpersoonliking van die demokrasie. Daarmee is die demokrasie van sy lewenskrag ontdaan, sy utopiese visie hom ontnem en sodoende is hy ongeskik gemaak as norm vir vandag en gids vir die toekoms (Walker, 1967, p.218).

Petras (1967, p.97) vat die kritiek van die "klassieke" liberaliste goed saam: "What they have in effect done is to re-define the concept of democracy to fit the institutional demands of the present system". In terme van die "klassieke" opvatting van die demokrasie is hierdie kritiek natuurlik in hoofsaak korrek. Die pluralisme is inderdaad in verskillende opsigte 'n radikale afwyking van die demokratiese ideaal soos dit in die 17e tot 19e eeue gevisualiseer is. Die vraag is egter: op watter gronde aanvaar hulle dié opvatting as gesaghebbend? Verdiskonteer hulle die veranderings wat sedertdien in die Westerse samelewing plaasgevind het en wat is die vereistes wat dit aan die aard van die politieke gemeenskap stel?

Die kritiek van die "klassieke" liberaliste gaan egter nog verder. Benewens die beskuldiging dat die pluralisme-ideologie konserwatief en ondemokraties is, betoog die kritici verder dat dié ideologie, wanneer dit gestalte kry in 'n konkrete politieke stelsel, teenproduktief en selfvernietigend is. Dit laat die gemeenskap disintegreer en is inderdaad die oorsaak van die Amerikaanse samelewingskrisis (Lowi, 1969, p.xiii).

Aangesien Theodore Lowi hierdie argument in die besonder, maar ook die "klassieke" liberalis se kritiek baie duidelik ontwikkel het, sal daar nou voorts in meer diepte aandag gegee word aan sy bydrae tot die kritiek en ook aan die alternatiewe wat hy aanbied.²⁾

2.3 Theodore Lowi

Lowi begin sy argumentasie deur te wys op die krisis waarin die Amerikaanse samelewing verkeer. Die diepgewortelde spanning en onrus wat deur die Viëtnamese oorlog na vore gebring is en die toename van radikalisme en geweld onder swart sowel as wit Amerikaners is vir hom simptome van hierdie krisis. Anders as wat die geval tydens die depressie van die 1930's was, is die huidige krisis 'n *politieke* krisis. Die krisis van die dertigerjare kon deur die optrede van die regering opgelos word, maar in die huidige krisis is die regering self die probleem. Vandag is dit die publieke orde self wat in die gedrang is. Die staatsinstellings self is onder verdrukking. Ernstige bedenkinge het oor die doeltreffendheid en regmatigheid van al die belangrike regeringsfunksies ontstaan. Daarom sien hy dit as 'n "crisis of public authority" (1969, p.xiii).

2.3.1 Belangegroep-liberalisme

Die oorsaak van die krisis, sê Lowi, moet gesoek word in wat hy noem die belangegroep-liberalisme: "The corruption of modern democratic government began with the emergence of interest-group liberalism as a public philosophy" (1969, p.287). Die pluralisme is vir hom die intellektuele kern van hierdie publieke filosofie (1969, p.46). Verder ontleed hy dan die belangegroep-liberalisme sowel as die pluralisme-ideologie wat daaragter sit om die negatiewe resultate daarvan te illustreer.

Die hoof trekke van sy ontleding is die volgende: Die ou publieke filosofie in die Verenigde State was die kapitalisme wat gebaseer was op die ekonomiese teorie van Adam Smith. Daarvolgens sal daar 'n natuurlike harmonie in die ekonomiese lewe wees indien die ekonomiese wette toegelaat word om ongestoord hulle gang te gaan - die sg. *laissez-faire*. Toegepas op die samelewing, loop dit uit op wat Lowi die selfregulerende of "automatic society" noem (1969, p.8). Hierdie publieke filosofie was egter nie geskik vir die 20e-eeuse industriële maatskappy nie. Die groot mate van regeringsbeheer oor alle sektore van die samelewing wat deur die omstandighede vereis is, het vierkantig gebots met die kapitalisme se idee van 'n selfregulerende maatskappy. Gevolglik moes gesoek word na 'n nuwe publieke filosofie.

Die nuwe publieke filosofie het daarin bestaan dat die ekonomiese ideale van die kapitalisme verbind is aan die pluralisme.³⁾ En die aansluitingsmoontlikheid lê daarin dat die pluralisme en die kapitalisme albei die ideaal van 'n outomatiese samelewing het; dit word slegs op verskillende wyses bewerkstellig. Die probleme van die industriële samelewing het die kapitalisme se ideaal van 'n outomatiese samelewing verongeluk deur beheer en administrasie deur die regering al groter proporsies te laat aanneem. Die pluralisme wil die ideaal bereik deur beheer en administrasie uit die hande van die sentrale regering te neem en dit oor die hele spektrum van die samelewing te versprei. Die kompetisie tussen groepe lei tot 'n toestand van ewililibrium, wat niks anders is nie as 'n selfregulerende, outomatiese politieke gemeenskap. So het 'n kragtige neo-kapitalistiese publieke filosofie tot stand gekom (belangegroep-liberalisme), met die pluralisme as die intel-

lektuele kern daarvan.

Wat bedoel Lowi nou met "belangegroep-liberalisme"? Uit vrees vir 'n sentrale regeringsmag word die politieke mag gedeseentraliseer, dit is in die hande van die belangegroepes geplaas. Hierdie belangegroepes verkry dan so 'n mate van institusionele legitimiteit dat hulle as't ware privaat regerings vorm, met alleenseggenkap oor die belange van 'n bepaalde groep. Dit noem hy "parcelling out policy making power to the most interested parties" (1969, p.86). In plaas van gesagvolle besluite deur 'n sentrale regering oor 'n bepaalde saak, word die besluitneming gedoen binne 'n proses van konflik of kompetisie tussen die belangegroepes. Hierdie kompetisie of "bargaining" tussen groepe is nie net wenslik nie, dit is 'n noodsaaklike plaasvervanger vir outoritêre regeringsgesag en moet op alle regeringsvlakke geïmplementeer word (1969, p.144). Hy wys ook daarop dat dié regeringsvorm nie doelbewus deur die Amerikaanse regering ingevoer is nie, maar dat dit geleidelik deur die groot belangegroepes afgedwing is. Die staat is gedwing om sy soewereiniteit met die groot belangegroepes te deel in ruil vir hulle ondersteuning.

Dit geskied deur middel van *delegering* van magte. Die groot belangegroepes kry soewereiniteit oor bepaalde gebiede wat dan voortaan *privaat* gebiede is - soos die satrape in die feodale stelsel (1969, p.289). Daardeur verkry hulle soveel institusionele legitimiteit dat hulle grootliks gevrywaar is van die normale kontroleprosedures in 'n demokratiese staat. Met delegering van magte as sodanig vind hy egter nie fout nie. Die probleem is dat die delegering plaasvind sonder dat die regering enige standaard daarmee saam verskaf waarvolgens die ge-

delegerde magte uitgeoefen word. Daar is dus geen waarborg dat die gedelegerde magte nie arbitrêr gebruik sal word nie. Dit is niks anders nie as 'n blanko tjek aan die belangegroep, of soos hy dit stel: "... it is a tightly woven fabric of legitimized privilege" (1969, p.146), of "a general legalization of private monopoly" (1969, p.289). Op dié wyse word groot dele van die publieke domein vervreem.

2.3.2 Die bederwende uitwerking van belangegroep-liberalisme

Lowi toon vier fasette of vorme van die korrupsie van belangegroep-liberalisme aan (1969, p.288-293). In die eerste plek ondermyn dit die vertroue in die demokratiese regeringsinstellings omdat die besluitnemingsproses van die instellings af verskuif word na die buite-institusionele vlak van konflik tussen privaat belangegroep. In die tweede plek maak dit die regering kragteloos deur die regeringsgesag na belangegroep te verplaas. Dit bring mee dat die regeringsapparaat groter en groter word, maar nie probleme kan oplos nie omdat hy nie oor die gesag beskik om gesaghebbende besluite te neem nie. Die regering is die gyselaar van die belangegroep. In die derde plek demoraliseer dit die regering omdat geregtigheid ("justice") nie bereik kan word nie. Enige handeling wat enigsin aanspraak wil maak op geregtigheid, moet gebaseer wees op 'n algemene reël of morele beginsel. En in 'n demokrasie, wat die VSA voorgee om te wees, moet dié algemene reël deur die wetgewende liggaam verskaf word.

Wetgewing in die politieke stelsel van die belangegroep-liberalisme het egter geen algemene reël of morele beginsel nie. Die maak juis 'n deug daarvan om sulke reëls totaal te vermy; dit is die wese van die belangegroep-liberalisme. Deur "broad grants of power" aan die belangegroep bevind die regering homself buite die konteks van geregtigheid. Die enigste reël vir 'n belangegroep en dus die enigste grond vir die aanwending van die mag wat 'n belangegroep tot sy beskikking het, is sy eie *belang*. Daarom is die hele idee van geregtigheid in die belangegroep-liberalisme absurd (1969, p.290). Tereg tipeer Lowi die politieke stelsel van die belangegroep-liberalisme as "politics, without law" (1969, p.126). Nêrens is daar 'n objektiewe norm om die regmatigheid van handeling te toets nie. Dit bring hom tot die gevolgtrekking dat hierdie kenmerk van die belangegroep-liberalisme meer as enige ander iets tot die onregmatigheid en selfvernietiging van die Amerikaanse politieke stelsel bygedra het.

In die vierde plek bederf die belangegroep-liberalisme die demokrasie, in dié sin dat formele regeringsprosedure vervang word met informele besluitnemingsprosesse ("bargaining"). Formele prosedures wat demokraties vasgestel is, is die individuele waarborg teen willekeurige besluitneming. Belangegroep-liberalisme doen egter daarvan afstand omdat dit as formalisme beskou word. Regeringsprosedures word gebaseer op toegang ("access"). Administratiewe beslissings word nie deur formele prosesse geneem nie; dit word 'n kwessie van vrye onderhandelinge of bedinging van almal met die besluitnemer. Die willekeurigheid van besluite wat op dié wyse geneem word, ondermyn die integriteit van die regering (1969, p.291).

Volgens Lowi slaag die belangegroep-liberalisme eenvoudig nie daarin om die belangrikheid van formele strukture en prosesse vir die demokrasie raak te sien nie. Die demokrasie, sê hy, is 'n baie formele stelsel. Dit is die wese van die demokrasie dat strukture en prosesse ontwerp word om politieke mag formeel toerekenbaar en kontroleerbaar te maak (1969, p.188). En as hierdie formele karakter ondermyn word, spreek dit van self dat willekeurige gesagsuitoefening na vore sal tree. Dit maak van die belangegroep-liberalisme eerder 'n vyand as 'n vriend van die demokrasie. Hy sluit dan sy kritiese beskouing van die belangegroep-liberalisme af deur op te merk dat laasgenoemde miskien 'n ewililibrium mag bereik, maar die demokrasie sal hoe langer hoe onmoontliker word omdat al die grondreëls waarop die belangegroep-liberalisme berus, gebaseer is op 'n diepliggende wantroue in die demokrasie self. Dit beteken dat die Amerikaanse politieke stelsel wesenlik anti-demokraties is en al hoe meer so word, namate die belangegroep-liberalisme toenemend as publieke filosofie aanvaar word. Hy wys egter daarop dat die pluralisme-ideologie die eintlike oorsaak van die mislukking van die belangegroep-liberalisme is omdat die pluralisme sy swakhede op die politieke stelsel oordra.

2.3.3 Kritiek teen die pluralisme-ideologie

Lowi het die pluralisme-ideologie van verskillende kante gekritiseer. As finale perspektief sonder hy egter vier hoof sake uit (1969, p.294-297):

- * Die geloof dat 'n politieke stelsel wat primêr gebaseer is op groepkonflik, 'n volkome selfregulerende outomatiese stelsel kan wees, is 'n growwe dwaling.

Selfs al sou 'n toestand van suiwer kompetisie bereik kon word, sou dit hoogstens 'n politieke ewwilibrium bewerkstellig, maar nog geen regverdigde samelewing nie. Die ervaring van die afgelope jare het egter bewys dat so 'n ewwilibrium tot stand kom "far below an acceptable level of legitimacy and at a price too large to pay - exclusion of Negroes from most of the benefits of society" (1969, p.295).

- * Die konflik of kompetisie tussen groepe, wat die basiese uitgangspunt van die pluralisme is, vind in werklikheid nooit plaas nie, in ieder geval nie in die mate wat vereis word om 'n selfregulerende samelewing tot stand te bring nie. Hoewel dit aanvanklik lyk asof daar konflik rondom 'n bepaalde saak gaan plaasvind, loop dit in die meeste gevalle uit op akkommodasie in plaas van kompetisie.
- * Die pluralisme berus egter ook op 'n totaal verkeerde konsepsie van die groep. In die hele geskiedenis van die Westerse samelewing was die groep 'n soort noodsaaklike ewel wat geregleer moes word. Vir die pluraliste is groepe iets goeds. Trouens, hulle ag groepe sō hoog dat 'n hele politieke stelsel daarop gebou word. Daarmee word 'n patologiese verskynsel verhef tot die beginsel van 'n politieke stelsel.
- * Die pluralisme se geesdrif vir groepe en sy geloof in die natuurlike harmonie wat spruit uit groepkonflik, reduceer die regering tot net nog 'n belangegroep. Die pluralisme breek met die beginsel van die regering as 'n gesaghebbende, sentrale en regulerende mag ("separate government"), want dit stry teen die idee van

'n outomatiese samelewing. Die regering word geredu= seer tot 'n funksie en dienswillige dienaar van 'n nie- institusionele politieke proses. Daarmee saam word alles wat in die verlede met demokratiese regering ge= assosieer is, ondermyn: die dwangmatigheid, legiti= teit en administratiewe belangrikheid van regering.

So kom hy dan tot die gevolgtrekking dat die publieke filoso= fie van die Verenigde State - die pluralisme-ideologie sowel as die politieke stelsel wat daarop gebaseer is, onvoldoende is omdat dit die ideale van die demokrasie verongeluk. Die Ver= enigde State beskik wel oor die politieke strukture van 'n demo= krasie, maar die werking daarvan en uiteindelik ook die instel= ling self, word stelselmatig ondermyn deur 'n publieke filoso= fie wat op anti-demokratiese sentimente floreer. Dít is die krisis van die Amerikaanse samelewing vandag, maar dit word nie beseef nie. Daar word op allerlei plekke gesoek na die oorsaak van die krisis, behalwe by die eintlike bron daarvan, naamlik die publieke gesagstruktuur self.

Lowi ontken natuurlik nie dat verskynsels soos belangegroep, groepkompetisie, ens. werklikhede in die politiek is nie. Maar om al hierdie verskynsels as natuurlik en goed te beskou en daarmee as basis 'n politieke stelsel te ontwerp is 'n ander saak.

2.4 Samevatting

Die "klassieke" liberaliste se besware teen die pluralisme-ideologie is dus hoofsaaklik tweërlei. Die eerste is dat dit 'n *status-quo* ideologie is wat nie die probleem van verandering kan oplos nie. Daar word eenvoudig aahvaar dat die bestaande magsverhoudings en -instellings goed en reg is en dat dit so in stand gehou moet word. Op dié wyse word onregstoestande en maatskaplike wanbalanse bestendig en die moontlikheid van radikale verandering, dit is verandering aan die stelsel self, word in beginsel uitgesluit. Die tweede en belangrikste beswaar is egter dat die pluralisme-ideologie afwyk van wat vir baie eeue as die wesenlike voorwaardes vir 'n demokratiese samelewing beskou is, en dat dit inderdaad die demokratiese prosedures en instellings in die Verenigde State ondermyn. Sake wat die demokrasie kortwiek, ja, selfs onmoontlik maak, is veral die elitisme en die stelselbehepthheid onderliggend aan die pluralisme, die ongekwalifiseerde delegering van magte aan groot belangegroepes waardeur groot privaat privilegieë geskep word, en ook die informele besluitnemingsprosesse wat met die hele stelsel gepaard gaan. By implikasie word die demokrasie, in die klassieke sin van die woord, as onwenslik beskou. Die pluralisme-ideologie is dus nie net ondemokraties nie; dit is wesenlik ook anti-demokraties. Theodore Lowi het probeer aantoon dat dit juis die ondermyning van die demokrasie is wat die openbare gesag in die Verenigde State in 'n krisistoestand geplaas het. Die openbare gesag (die staatsowerheid) is kragteloos gemaak en sy integriteit en legitimititeit as owerheid is ondermyn. Presies dít is die kern van die krisis van die Amerikaanse samelewing, aldus Lowi.

Die kritiek betreffende die afwyking van die "klassieke" demokratiese teorie is dus wel ter sake. Die pluraliste wyk inderdaad van sommige van die basiese uitgangspunte daarvan af. Selfs 'n oppervlakkige studie van die werke van pluraliste soos Truman (1961), Berelson e.a. (1954) en Dahl (1961) bring aan die lig dat verskynsels soos die gebrek aan algemene politieke deelname vir hulle nie slegs empiriese werklikhede is nie, maar ook gewenste stande van sake. In terme van die "klassieke" demokratiese teorie openbaar die pluralisme-ideologie inderdaad sterk ondemokratiese gesindhede en moet Lowi gelyk gegee word dat die krisis van die Amerikaanse samelewing grootliks verklaar moet word uit die erosieproses wat die owerheid se gesag en sy legitimiteit ondermyn.⁴⁾ Lowi se uitspraak dat die regloosheid van die Amerikaanse politiek, die vervanging van die reg met belange en die verskynsel van "politics without law" die kern van die probleem is, is 'n besonder skerpsinnige diagnose, gesagvolle regshandhawing, dit wil sê ordening van die samelewing op die grondslag van die reg en ondersteuning van dié orde met dwanggesag, behoort tot die essensie van die staatsowerheid se taak. Afwyking van hierdie beginsel op die skaal wat dit in die Verenigde State plaasvind, moet noodwendig die tipe gesagskrisis oplewer wat sedert die sestigerjare in dié land voorkom.

Die konserwatisme-klag is 'n uiters ingewikkelde kwessie. Dit is die deel van die "klassieke" liberaliste se kritiek waaroor daar die minste teoretiese helderheid bestaan. Dit raak naamlik die algemene probleem van verandering in die sosiale wettenskappe. Die kritiek toon duidelik genoeg aan dat die ewilibrium-konsep inherent konserwatief is. Die vraag of die pluralisme slegs konserwatief is ten opsigte van 'n pluralis-

tiese politieke orde en of dit *enige* politieke orde, al is dit nie pluralisties nie, sal probeer behou, is egter geensins duidelik nie. Toburen (1974, p.2-3) is wel van mening dat die pluralisme *enige* politieke waardes wat op 'n gegewe moment dominant is, in stand sal hou. Hoe dit versoenbaar is met die pluralisme se eie politieke ideale, is egter nie duidelik nie. Ook die oplossing wat deur kritici aangebied word vir die probleem van verandering is in geen opsig duidelik nie. Sover vasgestel kon word, het nie een van hulle die probleem ooit *teties* aangepak nie.

3. Die *Berkeley School* se kritiek teen die Amerikaanse politieke tradisie

Gedurende die sestigerjare het die krisis waarin die Amerikaanse samelewing verkeer het, duidelik uitdrukking gevind in wydverspreide onluste op die kampusse van Amerikaanse universiteite en kolleges. Die onluste, waarin etlike mense dood en talle ernstig beseer is, het in 1964 begin met die sogenaamde "Berkeley protests"; dit was onluste op die Berkeley-kampus van die Universiteit van Kalifornië.⁵⁾ In hierdie tyd het daar die sogenaamde *Berkeley School of political theory* ontstaan onder leiding van John Schaar, Sheldon Wolin en Norman Jacobson. Hulle het begin om die politieke filosofie waarop die Amerikaanse samelewing berus en wat, volgens hulle, die oorsaak was van die studente-opstande, te kritiseer. Mettertyd het 'n groep jong politikoloë, onder wie Daryll Baskin, Bob Pranger, Kirk Thompson, Mason Druckman, Frank Marini, Paul Kress, John Gunnell en Peter Euben hulle by die drie *Berkeley School*-leiers gevoeg, en saam met hulle begin werk aan 'n kritiese teorie van die Amerikaanse politiek en die Amerikaanse

Staatsleer.⁶⁾ Hier sal slegs aandag gegee word aan hulle kritiek op die Amerikaanse politieke filosofie. En dan kan een saak uitgesonder word as fokuspunt van die *Berkeley School* se kritiek, naamlik dat die Amerikaanse politieke stelsel 'n ware politieke gemeenskap onmoontlik maak.

Tussen die kritiek van die "klassieke" liberaliste en dié van die *Berkeley School* is daar 'n mate van kontinuïteit. Hoewel die "klassieke" liberaliste hoofsaaklik wou illustreer dat die pluralisme-ideologie konserwatief en ondemokraties is, het hulle, hy monde van Goldschmidt (1967) en Walker (1967), ook probeer aantoon dat geen sinvolle politieke gemeenskap moontlik is op grondslag van die pluralisme-ideologie nie. Die rede daarvoor, het hulle gesê, is dat die radikaal-individualistiese uitgangspunt van die pluralisme-ideologie die bestaan van 'n substantiewe openbare belang, waarsonder geen ware politieke gemeenskap kan bestaan nie, ontken. Hierdie sienswyse, wat wysgerig swak begrond is deur die "klassieke" liberaliste, is deur die lede van die *Berkeley School* uitgebou en verdiep. Veral Baskin (1971) het die wysgerige en kultuur-historiese wortels van die individualistiese trek van die pluralisme noukeurig nagevors.

Die *Berkeley School* se kritiek is egter nie 'n blote voortsetting van die "klassieke" liberaliste se werk nie. Want behalwe kritiek vanuit min of meer tradisioneel liberaal-demokratiese gronde teen die pluralisme-ideologie, het die *Berkeley School* ook gekom met 'n siening van die tegnokratiese aard van die Amerikaanse samelewing, waarmee die fokus van die kritiek verskuif word van die tradisionele na die moderne. Hoewel dit nie noodwendig die geval hoef te wees nie, word hierdie soort

kritiek gewoonlik geassosieer met die maatskappykritiese denke van die neo-Marxisme. Of dit in die geval van die *Berkeley School* se kritiek daarmee geassosieer moet word, is nog 'n ope vraag. Feit is egter dat dit 'n belangrike klemverskuiwing in die post-behavioraliste se kritiek teen die Amerikaanse politieke filosofie verteenwoordig.

Daar sal nou eers aandag gegee word aan die *Berkeley School* se kritiek teen wat hulle tipeer as die "Lockean liberal society" van Amerika, en daarna aan Wolin en Schaar se siening van die gebreke van die tegnologiese samelewing.

3.1 Die "Lockean liberal society"

In die politikologiese literatuur bestaan weinig twyfel oor die ingrypende invloed van die wysgerige denke van Locke op die ontwikkeling van die Amerikaanse samelewing (Hartz, 1955; Wolin, 1960; Jacobson, 1963 en Thompson, 1969). Juis hierdie feit word in die kritiek van die *Berkeley School* verdiskonteer. Veral Baskin (1971) het hierdie sienswyse in terme van die *Berkeley School* se uitgangspunte die volledige uitgewerk.

3.1.1 Baskin se weergawe van die wysgerige grond van die pluralisme-ideologie

Baskin is daarvan oortuig dat die pluralistiese politieke stelsel van die Verenigde State sowel as die pluralistiese politieke teorieë van die Amerikaanse Staatsleer berus op 'n ideologie wat hy "the pluralist vision" noem. Hierdie ideologie, sê hy, is reeds deur die opstellers van die Amerikaanse konstitusie, veral John Adams en James Madison, uitgestippel, en

daarna het dit diep wortel geskiet in die Amerikaanse politieke kultuur (Baskin, 1971, p.54). Dit word gekenmerk deur 'n verwerping van die idee dat daar 'n "popularly defined public purpose" moet wees wat die Amerikaanse samelewing rig en lei. As beginsel is aanvaar dat die politieke gemeenskap nie 'n bepaalde publieke belang mag nastreef nie. Dit noem hy 'n "nondirective" politieke orde (Baskin, 1971, p.54).

Volgens hom berus die pluralisme-ideologie op die tipiese Locke-individualisme.⁷⁾ Hiervolgens word die mens in sy individuele, pre-sosiale hoedanigheid beskou as selfstandig, outonoom en volkome. Die mens het nie die gemeenskap nodig om hom te verbeter of te vervolmaak nie. Sy wese as mens staan los van sy lidmaatskap van die gemeenskap. Die mens se regte is natuurlik; hulle behoort tot hom soos sy arm of sy oog; hulle vorm 'n integrale deel van sy menswees. Daarom het hy ook 'n reg op alles wat nodig is om sy behoeftes te bevredig, byvoorbeeld vryheid en eiendom. Hierdie individualisme noem Baskin (1971, p.55) "possessive individualism" want die individu is nie alleen besitter van homself nie; hy is ook besitter van alles wat nodig is om sy behoeftes te bevredig.

Vir die grondleggers van die Amerikaanse konstitusie, wat hierdie Lockese individualistiese mensbeskouing aanvaar het, was die probleem nou die skepping van 'n politieke gemeenskap van individue wat vir hulle menswees nie van die gemeenskap afhanklik is nie. En 'n probleem was dit inderdaad, sê hy, want 'n spontane, outomatiese, selfgenererende politieke orde word prinsipieel uitgesluit deur die individualistiese mensbeskouing. Konflik en wanorde, en nie orde nie, is die resultaat van die besittende individualisme ("possessive individualism").

Die behoefte aan 'n politieke orde spruit dus direk voort uit die gevare wat die vryheid van die besittende, outonome mens vir die gemeenskap inhou. As die individualistiese en besittende aard van die mens in ag geneem word, is dit duidelik dat 'n politieke orde nie spontaan kan ontstaan nie; dit moet bewustelik geskep word (Baskin, 1971, p.57). Die vraag is net: hoe?

Baskin verduidelik die ratio van die pluralisme-ideologie verder: Om orde te bewerkstellig, is dit nodig om *mag* aan te wend ten einde botsende belange in bedwang te hou en te versoen. Magsaanwending vereis egter 'n standaard waarvolgens gehandel kan word en waarvolgens botsende belange beoordeel kan word. Gewoonlik word hierdie standaard die "publieke belang" genoem, maar die hele idee van 'n publieke belang is in stryd met die mensbeskouing van die pluralisme-ideologie. Die besittende individualisme ontken dat die staat die reg het om iets soos 'n publieke belang op die individue af te dwing. Daar kan dus nie sprake wees van 'n owerheid wat 'n gesagvolle politieke orde uitwerk en dit aan die politieke gemeenskap bedien nie. Dit sou beteken dat die belange van een groep verhef word tot algemene belang. Sodoende word inbreuk gemaak op die vrye wilsbeskikking van al die ander. Die eintlike probleem is dus hoe om 'n politieke orde te skep sonder om inbreuk te maak op die vryheid van die individu. So 'n politieke orde kan alleen bestaan indien daar geen standaard of objektiewe openbare belang is wat gebruik kan word om die individu se vryheid te beperk nie (Baskin, 1971, p.58).

Om dit te bewerkstellig, word die politieke orde geïnterpreteer in terme van natuurwetmatigheide. Die beginsel van Newton se meganika word as uitgangspunt geneem, naamlik die konsep van balans wat onder die druk van spanning bereik word. Die spanning bring 'n balans of orde tot stand wat niks anders op die oog het as sy eie interne ewililibrium nie en waarin elk van die deelnemende entiteite so vry is soos al die ander. Hierdie konsep word deur die pluralisme-filosofie aanvaar as morele basis van 'n goedgeordende samelewing. Na analogie van Newton se meganika, sê Baskin, wil die pluralisme-ideologie 'n politieke stelsel ontwerp "in which the individual's naturally reliable and legitimate pursuit of his own interests functions to contain, within its proper sphere, the pursuit of rival and opposite interests" (Baskin, 1971, p.59). Die oorsaak van konflik kan nie verwyder word nie; dit lê in die aard van die mens self. Die konflik kan egter *beheer* word deur die spanning wat dit opwek aan te wend om 'n "vrye balans" van die botsende partye te bewerkstellig. Dit is dus 'n stelsel waarin die botsing van belange van die individue gebruik word as beginsel waarop die gemeenskap berus. Die balans wat bereik word deur die vrye konflik van belange, vorm die politieke orde. So 'n balans hou die belange, wat 'n natuurlike neiging tot konflik het en wat vryheid sowel as orde in gevaar stel, in bedwang sonder dat die belange deur een of ander publieke belang buite orde gereël word. So 'n publieke orde is "nondirective", dit wil sê belange word nie deur 'n rigtinggewende dwanggesag in bedwang gehou nie, maar deur objektiewe interne prosedures.

In die praktyk word hierdie sienswyse gerealiseer deur ener= syds die politieke samelewing op te bou uit 'n groot aantal belangegroepe wat met mekaar in konflik verkeer, en andersyds deur die konstitusionele apparaat so in te rig dat die verskil= lende staatsmagte kontrolerend op mekaar inwerk (die sg. "checks and balances"). In hierdie verband is die leerstuk van die skeiding van die staatsmagte van besondere belang.

3.1.2 Kritiek teen die pluralisme-ideologie

Vir Baskin, maar ook vir die ander lede van die *Berkeley School*, is hierdie voorstelling van die politieke werklikheid onaanvaarbaar, omdat dit geen menslike gemeenskap tot stand bring nie, maar 'n institusionele meganisme (Thompson, 1969, p.565), of wat Wolin (1960, p.141) 'n "artificial polity" noem. Die kernprobleem is dus die gebrek aan en onmoontlik= heid van 'n ware politieke gemeenskap. En die individualis= tiese mensbeskouing is die oorsaak daarvan.

Hierteenoor stel Baskin (1971, p.173) die mens en die poli= tieke gemeenskap in 'n heel ander lig. Dit kom daarop neer dat die mens die gemeenskap nodig het om waarlik mens te word. Op sigself is die mens onvolledig; hy word egter getransen= deer deur 'n sosiale en morele geheel (d.i. die gemeenskap) wat aan hom sy identiteit gee (Baskin, 1971, p.55). Om waar= lik mens te wees, moet die mens deelneem aan die aktiwiteite in die publieke arena. Burgerskap bestaan in die vrye deel= name van gelykes aan die gemeenskaplike taak van die ordening en bedryf van die gemeenskapslewe. Politiek is juis die ak= tiwiteit vandie individue in die publieke arena, waar die pu= blieke belang gebruik word as standaard om die belange en ak=

tiwiteite van al die individue te beoordeel en te orden.

Dit is vir Baskin duidelik dat die politieke stelsel van die pluralisme-ideologie nie die behoeftes van die mens, wat spruit uit sy publieke aard, kan akkommodeer nie. In die eerste plek toon hy aan dat die Amerikaanse belangegroep wesenlik geen gemeenskappe is nie. Anders as die Europese opvatting van die groep, word die belangegroep in die Verenigde State nie beskou as 'n korporatiewe eenheid wat beskik oor sekere oorspronklike en inherente regte nie. Die Amerikaanse belangegroep word eerder beskou as 'n aggregraat wat 'n blote nuttigheidsfunksie het, naamlik die beskerming van sekere regte - nie van homself nie, maar van 'n aantal individue wie se regte onafhanklik van enige groep bestaan. "In this sense", sê Baskin (1971, p.102) "the American group is not a community. Its capacity to complete the lives of its members is denied". Binne die groepe self is daar weinig deelname aan die besluitnemingsprosesse. Die struktuur van die groepe is hiërargies en nie demokraties nie, en die mag is effektief in die hande van elite-groepe. Gesamentlik vorm die groepe ook geen organiese en geordende samelewing nie, maar 'n chaotiese slagveld waarop almal probeer om soveel mag as moontlik oor hulle onderskeie belangvelde te bekom (Baskin, 1971, p.103).

In die tweede plek is hy van mening dat 'n politieke stelsel wat slegs 'n ewililibrium van privaat belange tot stand wil bring, wesenlik geen politieke gemeenskap is nie. Die publieke belang word gereduseer tot die in stand hou van 'n stel formele prosedures waarmee privaat belange in 'n stelsel geakkommodeer word. Dit is 'n "nondirective" stelsel; dit

vind sy bestaansin in sy eie interne belangebotsings; dit is 'n blote funksie van die individu se belange, hoofsaaklik materiële belange. Van 'n publieke arena waar die mens deur middel van sy deelname gevorm en opgevoed word, is daar weinig, indien enige sprake. Die "publieke arena" wat deur die Amerikaanse pluralisme tot stand gebring word, kan kwalik kwalifiseer as die publieke arena wat in die Westerse tradisie beskou is as die plek waar mense bymekaarkom om selfbegrip en selfvervulling te soek deur in die openbaar saam met ander mee te ding en ondernemings aan te pak (Baskin, 1971, p.176).

In die derde plek wys hy daarop dat, volgens hierdie siening van die politieke lewe, die regering niks meer as 'n kunsmatige instrument vir die individu se outonome belang is nie. Hierdie kunsmatige en instrumentalistiese siening van die regering gee daartoe aanleiding dat dit (die regering) as iets bykomstigs, selfs vreemds beskou word, so asof dit nie werklik deel van die politieke gemeenskap is nie. Daarom kan dit soveel as moontlik ondermyn en omseil word. Daarbenewens word die regering ook beskou as iets wat gevrees moet word. Hoewel die stelsel ontwerp is om dit te voorkom, word die regering vereenselwig met "the many", wat sy wil op ander afdwing (Baskin, 1971, p.172).

Wat Baskin dus eintlik sê, is dat die pluralisme-ideologie nie die ideaal van 'n demokratiese politieke gemeenskap op prys stel nie. Hoewel hy nie eksplisiet vanuit die begrip *demokrasie* opereer nie, is dit tog duidelik dat hy die beoefening van ware politieke gemeenskap deur middel van deelname deur almal aan die publieke besluitnemingsprosesse as die essensie van die demokrasie beskou. Sy kritiek is in die

finale instansie daarop gemik om die kwaliteit van die demokrasie in die Verenigde State te beoordeel. En sy bevinding is dat die politieke stelsel van die pluralisme-ideologie nie daarin slaag om 'n aanvaarbare politieke gemeenskap tot stand te bring nie.

3.1.3 Samevatting

Dit is duidelik dat Baskin, net soos die "klassieke" liberaliste, opereer vanuit die liberaal-demokratiese tradisie in die politieke filosofie. Terwyl hulle die ondemokratiese karakter van die Amerikaanse politieke stelsel verklaar uit die meganistiese grondslag van die pluralisme-filosofie, voer hy dit terug na die individualistiese mensbeskouing wat die liberalisme van Locke ten grondslag lê en wat volgens hom ook skering en inslag van die Amerikaanse politieke stelsel geword het. Hy neem dus duidelik standpunt in teen die individualistiese liberalisme, wat volgens sy oortuiging noodwendig moet uitloop op 'n atomistiese, gemeenskapsverwoestende politieke stelsel. Hoewel sy standpunt nie as sosialisties bestempel kan word nie, is dit tog duidelik dat hy met 'n oorspanne begrip van die politieke gemeenskap werk. Sy beskouing dat die politieke gemeenskap of publieke arena die plek is waar die mens tot selfbegrip en selfvervulling kom, stem ooreen met die klassieke beskouing van die polis as alomvattende gemeenskap wat die menslike lewe in sy totaliteit behartig. In hierdie universalistiese samelewingsbeskouing word die politiek so wyd opgevat dat dit ál die sosiale verhoudings van die mens insluit. Dit is wat Dooyeweerd (1957, bd.3, p.167) sosiologiese universalisme noem. Hierdie onomlynde en ongedifferentieerde gemeenskapsbeskouing klop nie met die werklikheid

nie. Die politieke gemeenskap is nie die alomvattende menslike gemeenskap nie, maar een wat, naas vele ander, slegs een aspek van die menslike lewe behartig, naamlik die publieke ordereëling (Stoker, s.j., p.2-7).

Baskin wys tereg daarop dat 'n ware politieke gemeenskap nie moontlik is indien radikale individualisme die uitgangspunt is nie. Hy gaan egter weer in die ander uiterste op deur die politieke gemeenskap so hoog aan te slaan dat dit geïdentifiseer word met die gemeenskap as sosiale en morele geheel. Hy bly dus vasgevang in die bekende humanistiese spanning tussen individu en gemeenskap.

Dit is in ieder geval duidelik dat hy die Amerikaanse politieke stelsel wysgerig veel dieper as die "klassieke" liberaliste bevraagteken het deur die individualistiese mensbeskouing en meganistiese samelewingsbeskouing wat daaraan ten grondslag lê, te ontbloot.

3.2 Die tegnologiese samelewing

Naas die min of meer liberaal-demokratiese kritiek van sommige lede van die *Berkeley School* teen die Amerikaanse pluralisme, het daar in die geledere van die *Berkeley School* ook 'n soort kritiek ontwikkel waarvan die fokus heeltemal anders is as die van byvoorbeeld Baskin. In plaas van te konsentreer op die politiek-konstitusionele faset van die Amerikaanse samelewing, is die aandag verskuif na die sosiaal-ekonomies-tegnologiese konteks waarin die politiek-konstitusionele maar 'n deel vorm. Daar is naamlik aanvaar dat die probleme op politieke gebied

slegs verstaan kan word binne die groter problematiek van die tegnologiese samelewing. Dit kom daarop neer dat die Amerikaanse politieke stelsel self maar 'n instrument van 'n groter ideologie is, naamlik die tegnologiese ideologie.

3.2.1 Die "techno-scientific culture"

Wolin en Schaar (1970, p.106) se argumentasie begin met die stelling dat die Amerikaners waarskynlik die eerste nasie is wat die betekenis ervaar van te lewe volgens wat hulle noem "the fundamental postulates of the scientific and technological credo". Daarmee bedoel hulle dat die ganse Amerikaanse samelewing homself probeer inrig volgens wetenskaplike en tegnologiese kennis deur daardie kennis die grondslag van sy voortbestaan en veiligheid te maak. En as die tegnologie die grondslag is, is produksie en verbruik die dinamo. Soos geen ander samelewing in die verlede nie word die moderne Amerikaanse samelewing aangedryf deur die noodsaak van produksie. Produksie is op sy beurt verbind aan verbruik - wat as't ware die lewensbloed van die tegnologiese samelewing is. Die lede van die tegnologiese samelewing lewe primêr vir verbruik of konsumpsie; die kwaliteit sowel as die tempo van hulle lewe word wesenlik daardeur bepaal. Deur middel van konsumpsie het die tegnologie dus grootliks die mag om die samelewing te manipuleer in sy hande. Die resultaat van tegnologiese manipulasie is dat mense die beheer oor hul persoonlike lewens verloor. Weinig mense bekommer hulle egter oor dié verlies. Trouens, die meeste begryp daar min van, en die res skik hulle gewilliglik daarna (Wolin en Schaar, 1970, p.104).

Die tegnologiese samelewing is dus 'n samelewing wat materiële groei en materiële mag bo alle ander lewenswaardes stel en wat die wetenskap en tegnologie gebruik om dit te bereik. In die proses word die samelewing en al sy fasette geyk volgens die behoeftes van die tegnologie. Wolin en Schaar (1970, p.107) noem dit die "techno-scientific culture" of die "power culture".

3.2.2 Tegnokratiese dominansie

Die sosiale stelsel van die tegnologiese samelewing, sê Schaar (1970, p.302), is een van "autonomy of process". Die pre-tegnologiese samelewing het 'n duidelike sentrum van gesag en verantwoordelikheid gehad. Êrens was daar altyd iemand wat weet hoe die stelsel werk en wat daarvoor verantwoordelik is dat dit werk. Daardie vorm van identifiseerbare gesag bestaan nie in die moderne tegnologiese samelewing nie. Laasgenoemde het die vorm van 'n selfregulerende masjien aangeneem wat van sy menslike operateurs bloot verwag om kleiner verstellings te maak wat deur die masjien self versoek word. En hoe groter en ingewikkelder die stelsel word, hoe onmoontliker raak dit vir die individu om iets daarvan te verstaan en te beheer. "Autonomy of process" beteken dat die stelsel nie werk omdat een of ander herkenbare menslike gesagsbron in beheer daarvan is nie, maar omdat die stelsel se ideale en oogmerke en sy prosedures as vanselfsprekend aanvaar word en die samelewing daarmee ge-programmeer word. Dit vind konkreet uitdrukking in administratiewe stelsels en sosiale kontroletegnieke waarmee die samelewing "gestabiliseer" word, want enige onrus wat spruit uit probleme en enige aandrang op verandering word as onstabieleit beskou wat net herstel moet word na stabiliteit (Schaar,

1970, p.304).

Die beheerstelsel in die tegnologiese samelewing is burokratiese. Dis egter 'n illusie, sê Schaar, om te glo dat die burokrasie slegs 'n waardevrye instrument is. Die burokrasie is self gebaseer op die "technical rationality". Behalwe beheerstelsel is dit ook die tegnologiese samelewing se belangrikste instrument om die wêreld rasioneel en voorspelbaar te maak. Vas aan die burokrasie sit dus 'n bepaalde opvatting van kennis, wat Schaar (1970, p.305) sowel as Wolin en Schaar (1970, p.107) die "bureaucratic epistemology" noem. Die burokrasie is rasioneel; dit is in beginsel objektief en onpersoonlik; dit behandel alle gevalle eenders, sonder inagneming van persoonlike omstandighede. Almal moet in een ry staan. Van amptenare word verwag om hulle persoonlike gevoelens aan hulle werk te onttrek en om bloot volgens vaste reëls en prosedure te handel. Dit is 'n proses van rasionele en effektiewe berekening van die doeltreffendste manier om met "dinge" om te gaan.

Die resultaat van die geprosesseerde samelewing met sy burokratiese beheer, sê Schaar, is die ontmensliking van die mens en die verkleining van die veld van sy vryheid en verantwoordelikheid. Die toenemende voorkoms van irrasionele, nihilistiese geweld is niks anders nie as die mens se magtelose opstand teen die "instrumental rationality" van die tegnokratiese ideologie (Schaar, 1970, p.302). Die strewe na mag het uitgeloop op magteloosheid. Die magtigste nasie ter wêreld moes toesien hoe sy mag om 'n aanvaarbare samelewing tot stand te bring en in stand te hou minder en minder word, en hoe sy leefwyse al meer destruktief op die natuurlike omgewing in-

werk. Ten spyte van sy groot mag het hy 'n basiese onvermoë om te bereik wat hy homself ten doel stel, Wolin en Schaar (1970, p.12) noem dié verskynsel "the paradox of power".

Teen hierdie agtergrond verklaar Wolin en Schaar die studente-opstande van die sestigerjare. Dit moet gesien word, sê hulle, as 'n verwerping van die lewenswaardes en lewenstyl van "corporate, technological and imperial America" (Wolin en Schaar, 1970, p.14). Die studente het in die samelewing geen sinvolle werk- en bestaansmoontlikhede meer gesien nie. Vir hulle was die stelsel soos 'n groot fabrieksaanleg waarin menslike lewens verander word na grondstof vir die produksie van wapens. En die universiteit het vir hulle voorop gestaan as manipulasie-instrument van die tegnokratiese stelsel. 'On= der die besef van hulle magteloosheid binne die kaders van die bestaande stelsel het hulle gesoek na nuwe vorme van mag waarmee hulle *buite* die stelsel kon opereer: massabyeenkomste, stakings, ontwrigting van die prosesse van die universiteit en samelewing, kollektiewe geweld en "sit-ins". Kleredrag, taal, musiek en verdowingsmiddels is gebruik om die samelewing te terg en te spot. Op die lang duur het die samelewing se beheermeganismes egter die oorhand gekry en die studente ge= dwing om te konformeer. Die studente-opstande was dus net nóg 'n oefening in die magteloosheid van die mens van die teg= nologiese samelewing (Wolin en Schaar, 1970, p.18).

Die somtotaal van die probleme van die tegnologiese samele= wing is dus dat daar 'n progressiewe verlies van vertroue in sy instellings en ideale is. Op politieke gebied word dit gedemonstreer deur die feit dat die werking van die politieke stelsel afhanklik is van 'n elite-groep. In plaas van spon=

tane en algemene deelname aan die politieke proses is daar wydverspreide apatie, wanhoop en 'n gevoel van onmag by die grootste deel van die bevolking. Die gesag van politieke instellings word op 'n wye front gewantou en afgetakel. Die gevolg is dat "wet en orde" self die belangrikste probleem geword het. Al wat vir die tegnologiese samelewing oorbly, is om sy probleme met groter mag te onderdruk. By gebrek aan legitieme gesag om probleme op te los, is 'n strategie van overheersing die enigste uitweg. Dit is die tegnokratiese strategie, wat deur Schroyer (1973, p.34) beskryf word as "... an increasing utilization of state support for a permanent revolution of scientific and technological innovation to serve the specific purpose of mediating conflict and controlling social change".

3.2.3 Samevatting

Dit is duidelik dat Wolin en Schaar die fokus van die *Berkeley School* se kritiek op die Amerikaanse politieke tradisie grotelijks verskuif het. Die tipies liberaal-demokratiese kritiek van Baskin is vervang met kritiek vanuit die raamwerk van die maatskappykritiese denke.⁸⁾ Hulle visie op die Amerikaanse samelewingstelsel, waarvan die politieke maar 'n deel vorm, kan saamgetrek word in vier temas:

- * Die outodinamika van die tegnies-wetenskaplike kultuur wat op produksie en konsumpsie ingestel is.
- * Die rasonale en voorspelbare karakter van die samelewing.

- * Die rol van "tegniese rasionaliteit" in die funksionering van die samelewing.
- * Die rol van die universiteit as manipulasie-instrument van die tegnokratiese stelsel.

Onderliggend aan al vier hierdie temas is die veronderstelling dat die mens aan die stelsel opgeoffer word en sodoende sy vryheid en subjektiwiteit verloor.

Die belangrikheid van hierdie sienswyse is dat dit 'n veel omvattender visie op die Amerikaanse politieke problematiek moontlik maak. Deur die tegnies-scientistiese trekke van die Amerikaanse samelewing te ontmasker, het Wolin en Schaar 'n belangrike bydrae gelewer tot 'n dieper begrip van die Amerikaanse samelewingsproblematiek. Politieke probleme in wat nou al algemeen bekend staan as die post-industriële maatskappy, is eenvoudig nie te verstaan buite die konteks van die groter samelewingsproblematiek nie. Die politieke stelsel is onteenseglik deel van 'n tegno-scientistiese kultuur, wat op sy beurt die resultaat van die implementering van die sogenaamde wetenskaplike wêreldbeskouing is waarna in Hoofstuk 3 verwys is. Hierdie feit word beslis deur die (weliswaar maatskappykritiese) bydrae van Wolin en Schaar verdiskonteer.

4. Marxistiese kritiek teen die Amerikaanse politieke stelsel

'n Derde groep kritici onder die post-behavioraliste het die Amerikaanse politieke stelsel vanuit die Marxisme gekritiseer. Reid en Yanarella, wat self in die kategorie val, merk tereg op dat hierdie groep 'n voortsetting is van die rewolusionêre faksie van die *Caucus for a New Political Science* (Reid en

Yanarella, 1974, p.92).

Dit is opvallend dat Marxistiese perspektiewe op die Amerikaanse samelewing eers relatief laat in die Verenigde State ontwikkel het. Die Marxisme was nooit populêr in die Verenigde State nie, ook nie in die Amerikaanse Staatsleer nie. Dit is nogal 'n vreemde toedrag van sake, want die neo-Marxiste van die *Frankfurter Schule* het juis die Verenigde State uitgekies as verblyf gedurende hulle selfopgelegde verbanning uit Nazi-Duitsland. Enersyds kan dit egter toegeskryf word aan 'n baie sterk anti-filosofiese vooroordeel in die Amerikaanse kultuur.⁹⁾

Andersyds is dit ook die resultaat van 'n lang anti-kommunistiese tradisie in die Verenigde State, wat op sy beurt weer gegrond is in 'n liberale politieke tradisie. In die Staatsleer het dit die vorm aangeneem van die sanksionering van die bestaande orde en die liberale politieke filosofie van die bestaande orde. Gevolglik was die invloed van neo-Marxiste soos Marcuse, wie se belangrikste werke wel in Engels gepubliseer is, minimaal op die Staatsleer.¹⁰⁾ Franz Neumann, wat maar 'n randfiguur van die *Frankfurter Schule* was, se invloed op sy studente soos David Kettler en Shin'ya Ono kan beskou word as enigste direkte kontak tussen die Amerikaanse Staatsleer en die denkbeelde van die *Frankfurter Schule*. Kettler en Ono se werk is dan ook nie belangrik uit die oogpunt van kritiek nie. Behalwe die erg onduidelike ideaal van 'n sosialistiese samelewing as alternatief vir die pluralisme-filosofie en 'n sterk aandrang op 'n rewolusionêre veranderingsstrategie het dit nie veel opgelewer nie.¹¹⁾ Van 'n goedgefundeerde Marxistiese visie op die Amerikaanse samelewingstelsel en Staatsleer, byvoorbeeld op die vlak van Georg Lukacs se kritiek op die

Europese politieke denke, was daar nog geen sprake nie. Dit kan ook nie vergelyk word met die omvang en diepte van die kritiek wat deur die fenomenoloë op die metodologie van die behavioralisme, of die *Berkeley School* op Amerikaanse politieke tradisie ontwikkel is nie.

Sedert ongeveer 1972 het Herbert Reid van die Universiteit van Kentucky wêl probeer om so 'n gevorderde Marxistiese perspektief te ontwikkel. Aspekte van sy beskouings is uiteengesit in twee artikels van 1972 en 1973 onderskeidelik (Reid, 1972 en Reid, 1973). Die volledige weergawe daarvan word egter aangetref in 'n artikel wat hy in 1974 saam met Ernest Yanarella gepubliseer het (Reid en Yanarella, 1974). Reid en Yanarella verwys self na geen enkele Amerikaanse politikoog wat soortgelyke standpunte as hulle self handhaaf nie, hoewel daar waarskynlik wel meer Marxistiese politikoloë onder die post-behavioraliste is. Hulle verwys wel na Marxisties georiënteerde politikoloë soos David Kettler en Marvin Surkin, maar beskou dié twee juis as behorende tot 'n vorige fase van die post-behavioralisme wat getransendeer moet word omdat dit te polities van aard was en nie werklik na die wortels van die Amerikaanse samelewingsproblematiek kon deurdring nie (Reid en Yanarella, 1974, p.93). Dit is dus geregverdig om Reid en Yanarella se beskouinge onder die loop te neem.

4.1 Reid en Yanarella se sogenaamde post-moderne kritiek

Reid en Yanarella beskou 'n nuwe visie op die Amerikaanse politiek en Staatsleer noodsaaklik. Die rede daarvoor is dat die post-behavioralistiese rewolusie tot so ver misluk het, terwyl die konkrete lewensomstandighede in die Verenigde State

drasties versleg het, sê hulle.¹²⁾ In hulle hele argumentasie vorm die beskouing dat die post-behavioralisme misluk het 'n belangrike uitgangspunt. Laat ons dus kortliks hieraan aandag skenk.

Hulle twyfel nie daaraan dat die post-behavioralistiese rewolusie misluk en doodgeloop het nie. David Easton se beroep op die dissipline om die nuwe rewolusie te aanvaar en om dit binne die institusionele raamwerk van die dissipline te akkommodeer, het geslaag.¹³⁾ Die post-behavioralisme is deur die "establishment" van die dissipline gekoöpteer sodat dit nie sy rewolusionêre rol kon speel nie. Vir alle praktiese doeleindes, sê hulle, kan die post-behavioralistiese rewolusie as dood beskou word (Reid en Yanarella, 1974, p.92).

Die redes vir die mislukking is belangrik. In die eerste plek het die tipiese Amerikaanse belangegroep-politiek daarvoor gesorg dat die "belange" van die rewolusionêre groep geakkommodeer is. Net soos die groter politieke stelsel in die Verenigde State enige rewolusionêre beweging onderdruk deur dit in die stelsel op te neem en saam met ander belangegroepe in "balans" te plaas, so is die rewolusionêre beweging in die Staatsleer ook onderdruk deur dit te akkommodeer. In die praktyk het dit beteken dat "... much of its constituency would return to the fold as soon as their minimum expectations were fulfilled, and their respective sub-fields appeared to open up their research perspectives and professional norms in order to embrace a more pluralistic image of acceptable scholarship and legitimate professional activity" (Reid en Yanarella, 1974, p.92).

Die dieperliggende rede hiervoor, sê hulle, is dat die post-behavioraliste hulle *laat* akkommodeer het. En hulle kon hulle *laat* akkommodeer omdat hulle kritiek teen die behaviorisme en die Amerikaanse samelewing nie radikaal genoeg was nie, in die sin dat hulle nie na die wortels daarvan kon deurdring nie. In plaas van 'n diepte-aanval te loods op die fundamente van die behaviorisme, het die post-behavioraliste 'n uiters ambivalente houding teenoor die behaviorisme ingeneem. Soms is die metodologie van die behaviorisme van alle blaam onthef en is die skuld gepak op die ideologiese vooroordele van die behavioriste (die pluralisme); soms is die metodologie van die behaviorisme self aangedui as die sondebok. En selfs dan het die post-behavioraliste verval in die subjektivisme-objektivisme-dilemma (die kwessie van waarde-vrye of waarde-bepaalde wetenskap) wat so kenmerkend van die wetenskapsfilosofiese debat van die vyftiger- en sestigerjare was (Reid en Yanarella, 1974, p.124).

Die sogenaamde "two-pronged attack" op die behaviorisme is 'n dualistiese benadering. Dit besef wel dat daar 'n verband bestaan tussen die metodologie van die behaviorisme en die ideologie van die Amerikaanse samelewing. Dit begryp egter nie dat die verhouding tussen die twee dialekties is nie: "... it failed to relate dialectically its knowledge and critique of those aspects of American politics and culture which stimulated its dissent within political science to their material expressions and operation in the discipline itself" (Reid en Yanarella, 1974, p.93). Metodologie en ideologie is nie twee aparte sake nie; hulle is wesenlik één. Die scientisme wat onderliggend aan die behavioralistiese metodologie is, is die intellektuele kern van die nuwe vorm van

dominansie wat besig is om oor die Verenigde State uit te brei.

Reid en Yanarella wil dus die post-behavioralistiese rewolusie laat herleef deur 'n nuwe visie op die behavioralisme te ontwikkel wat dieper in die oorsake van die krisis van die Amerikaanse samelewing indring. Die bestaande kritiek van die post-behavioraliste moet verdiep word en waar nodig getransendeer word. Op dié wyse, hoop hulle, kan 'n egte post-behavioralistiese rewolusie, 'n post-moderne kritiek op die Amerikaanse Staatsleer en politiek, ontwikkel word (Reid en Yanarella, 1974, p.96, 124). Die herleefde rewolusie sou in een belangrike opsig van die vorige verskil: dit sou 'n geïntegreerde benadering wees. Die dualistiese basis van die rewolusie sou vervang word met een waarin die logiese eenheid van metodologie en ideologie goed begryp word.

'n Ware post-behavioralistiese rewolusie sou slegs moontlik wees op 'n nie-dualistiese grondslag, dit wil sê as daar geen skeiding tussen die politikoloog as wetenskaplike en die politikoloog as politieke akteur, en tussen metodologie en ideologie gemaak word nie. Die verwydering van die skeiding tussen wetenskap en politiek, wat deur die behavioraliste bely is, maar in die praktyk tog onmoontlik geblyk te wees het, word dus 'n uitdruklike uitgangspunt by Reid en Yanarella. En volgens hulle verskaf die fenomenologie met sy *Lebenswelt*-konsep die sleutel tot so 'n geïntegreerde benadering. Maar die fenomenologie alleen is nie genoeg nie. Dit kom nog die maatskappyskritiese dimensie kort. Daarom moet daar 'n verbinding of fusie bewerkstellig word tussen die fenomenologie en die kritiese Marxisme (Reid en Yanarella, 1974, p.122). In Europa,

sê hulle, is so 'n versmelting van die Marxisme met die fenomenologie reeds bewerkstellig en wel deur Maurice Merleau-Ponty en Enzo Paci.¹⁴⁾ Hierdie twee denkers, sê hulle, "... have independently tried to chart out the structure and requirements of a critical phenomenology grounding the post-modern ontology of concrete meaning within the interpenetrating horizons of the spatio-temporal dialectic of the life-world and socio-historical praxis" (Reid en Yanarella, 1974, p.123).

Hulle is egter van mening dat daar in die Verenigde State nog nie so 'n fusie van fenomenologie en Marxisme plaasgevind het nie. Hoewel dieselfde problematiek in die Verenigde State aanwesig was, het Marxisties-fenomenologiese perspektiewe daarop nooit ontwikkel nie (Reid en Yanarella, 1974, p.96). Die naaste wat daar aan sulke perspektiewe gekom is, is die sogenaamde *Berkeley School of political theory*. Hierdie groep post-behavioraliste het wel vanuit die fenomenologie as wetskapsfilosofie geopereer en daarmee 'n belangrike bydrae gelewer, maar hulle tekortkoming is dat hulle nog werk met die tradisionele Amerikaanse politieke filosofie. Hulle beoordeel die Amerikaanse samelewingskrisis dus nog steeds vanuit die liberalisme. Die belangrike van die *Berkeley School* is egter dat dit 'n inheemse, outentiek Amerikaanse kritiek begin ontwikkel het. Die inheemsheid van hul kritiek verskaf 'n noodsaaklike grondslag vir die herlewing van die post-behavioralistiese rewolusie, en die fenomenologiese fundering van die kritiek verskaf die potensiaal. Dit moet net verdiep word deur perspektiewe wat deur die fusie van die fenomenologie met die kritiese Marxisme verkry word. So kom Reid en Yanarella tot die slotsom dat, indien die kritiese Marxisme en die feno=

menologie die intellektuele basis verskaf vir 'n herlewing van die post-behavioralistiese rewolusie, dit die beste geïmplementeer kan word deur verder te werk op die grondslag wat reeds deur die *Berkeley School* gelê is (Reid en Yanarella, 1974, p.97).

Die vraag is nou: wat is die resultaat van die voortbouing op en verdieping van die *Berkeley School* se kritiek op grondslag van die kritiese Marxisme en fenomenologie? Watter konkrete insigte het Reid en Yanarella ontwikkel op die basis wat hulle so noukeurig verskaf het? Wat is die sogenaamde post-moderne visie op die behavioralisme en die Amerikaanse politieke tradisie?

4.2 Wetenskap as ideologie van dominansie

Uit die aard van die saak kon Reid en Yanarella slegs die breë riglyne van so 'n nuwe visie op die Amerikaanse politiek aandui. Dit is een ding om te sê aan watter vereistes so 'n nuwe visie moet voldoen. Om die nuwe visie self uit te stel, is 'n heel ander saak. Die kern van die saak is vir Reid egter duidelik: die Amerikaanse samelewing beleef 'n epogmakende oorgang van die liberalisme as samelewingsideologie na 'n ander ideologie. Die liberalisme is nie meer die kultuurmag waarin mag en voorregte in die kontemporêre industriële maatskappy gegrond word nie. Die ontologie van die Westerse demokrasie, wat gekenmerk word deur 'n mensbeskouing waarin die mens voorgestel word as 'n vrye outonome ontwikkelaar van sy eie persoonlikheid, word vervang met 'n nuwe ontologie waarin die mens voorgestel word as "essentially an infinite consumer and infinite appropriator" (Reid, 1972, p.351).

Hierdie mensbeskouing vorm die grondslag van die moderne tegnologiese samelewing en wat Reid (1972, p.351) noem "the techno-corporate society". Die eintlike mag agter die moderne tegnologiese samelewing, waarvan die nuwe mensbeskouing maar 'n deel vorm, is egter die *scientisme*.

Wat dus werklik op die spel is, sê hy, is nie die liberalisme nie, ook nie die pluralisme-filosofie nie, maar die scientisme, wat die "order-maintaining system of a brave new world" is (Reid, 1972, p.344). Die scientisme is 'n volledige wêreldbeskouing en kan getipeer word as dié wêreldbeskouing waarin tegnologiese doeltreffendheid as die hoogste waarde beskou word. Die krisis van die moderne samelewing moet teruggevoer word na hierdie "tegnokratiese ideologie" of "wetenskapsideologie" ("scientific ideology") (Reid, 1972, p.356). Die belangrikste kenmerk van dié ideologie, sê hy, is die skeiding tussen objektiewe bestaan en subjektiewe waardes waarop dit berus. Deur die subjektiewe waardes negatief te waardeer, word die objektiewe bestaan verhef tot beginsel van die wetenskap sowel as van die samelewing. Dit noem hy die "objectivist illusion" (Reid, 1972, p.358).

Die objektivistiese wêreldbeeld gee voor om 'n "wetenskaplike" wêreldbeeld te wees, dit wil sê een wat vrygemaak is van ideologiese vooroordele. Dit gee dus voor om anti-ideologies te wees (Reid, 1972, p.352). As gevolg hiervan, so redeneer hy, word die lewenswêreld van die mens afgebreek. Die mens verloor homself en sy identiteit, want die band tussen die mens en *Umwelt* word deurgesny. Die politieke dimensie van die mens se leefwêreld word buite orde gereël - dit is die sogenaamde "sublimation of the political" (Reid, 1972, p.356).

Die politieke grondslag van die sosiale lewe word ontken. Reid noem dit "... the withering of public space-time continuum of common involvements" (Reid, 1972, p.356). Al wat oorbly, is die objektiewe bestaan van die mens, soos die niemenselike verskynsels. Dit lei tot 'n samelewing waarin mense soos objekte behandel word en waarin slegs 'n minimale uitdrukking van subjektiwiteit toegelaat word. Dit laat die weg vir tegnologiese dominansie van die mens wawyd oop. Die mens wat van sy subjektiwiteit beroof is, is volkome manipuleerbaar deur middel van tegnologiese tegnieke. Die aanwending van hierdie objektiwistiese wêreldbeeld in die samelewing, hetsy deur middel van regeringsbeleid en administrasie, hetsy deur middel van teorieë van die politiek, noem Reid (1972, p.353) "social scientism" wat hy soos volg definieer: "Social scientism is the core ideological process of an expansive complex of objectivist programs and techniques that thrives on the enormous mental and social malleability of modern man which it has helped foster by affirmatively embracing the emancipation of amoral power. These projects promote the control and adjustment of human subjectivity to techno-structured situations through concepts derived from the same utilitarian type of spatialization and quantification of experience that had been secreted as major, alienating layer of the hard shell of the 'social problem' itself" (Reid, 1972, p.353).

Reid kom dus tot die slotsom dat die ou Amerikaanse samelewingsparadigma (die sg. "Lockean-liberal ethos") besig is om plek te maak vir 'n nuwe, naamlik die tegnologiese ideologie. Hoewel sekere elemente van die Lockese liberalisme in die nuwe ideologie opgeneem is, is die heerskappy van die tegnologiese ideologie oor die mens van 'n heel ander en ernstiger

aard. Die epistemologie van die tegnologiese ideologie voorsien die instrumente ter onderdrukking van die mens se subjektiwiteit. Deur middel van die "instrumental rationality" word die mens van sy leefwêreld vervreem, en so word hy manipuleerbaar ten behoeve van die ideaal van wêreld-oorheersing. Die hele nuwe ideologie berus dus op 'n bepaalde kennisleer en wetenskapsidee wat Reid "scientisme" noem. Daarom sien hy die wetenskapsbeskouing van die tegnologiese ideologie, ook soos dit uitdrukking vind in die behavioralisme, as die instrument van die tegnologiese ideologie. Die behavioralisme is maar net die manifestasie van die scientisme op die gebied van die politieke wetenskappe en vorm slegs die milieu waarin die transformasie na die nuwe ideologie plaasvind. Reid vat sy teorie saam deur op te merk: "I submit that behavioral political science needs to be examined as a major milieu manifesting an epochal transformation in American liberalism through the internalization and institutionalization of an *image of science* that is in fact the intellectual core of an increasingly pervasive *technocratic ideology*" (Reid, 1972, p.340). Dit is die rede waarom Reid glo dat 'n blote metodologiese kritiek teen die behavioralisme nie die dieper ontologiese gronde van die behavioralisme kan begryp nie. Om dieselfde rede is 'n blote kritiek op die Amerikaanse politieke stelsel nie vrugbaar nie. Metodologie en ideologie is wesenlik aspekte van dieselfde saak.

4.3 Samevatting

In die vorige hoofstuk is aangetoon dat Spragens die epistemologiese probleme van die behavioralisme terugvoer na die sogenaamde objektivistiese wêreldbeskouing. Reid doen dieselfde. Wat hy die "objectivist illusion" noem is klaarblyklik dieselfde as wat Spragens die "objectivist paradigm" noem. Anders as Spragens gaan hy egter in sy kritiek daarop die maatskappykritisiese kant uit. Daar is ook 'n parallel tussen die beskouinge van Reid en dié van die lede van die *Berkeley School*, veral Schaar en Wolin. Net soos hulle, soek Reid die oorsake van die probleme van die moderne samelewing in die tegnokratiese dominansie van die mens wat moontlik gemaak word deur die wetenskapsideologie. Sy baie duidelik neo-Marxistiese kritiek aksentueer die volgende sake:

- * Die manipuleerbaarheid van die mens wat moontlik gemaak word deur die ontkenning van die menslike subjektiwiteit en wat opgesluit is in die objektivistiese wêreldbeskouing.
- * Die ontmaskering van die scientisme as epistemologiese vergestaltung van die objektivistiese wêreldbeskouing en van die outodinamiese, orde-handhawende samelewingstelsel as die magstruktuur van die scientisme.
- * Die integrasie van metodologie en ideologie en die daaruit voortspruitende verwydering van die skeiding tussen die wetenskap en die politiek en tussen die politikoloog as teoretikus en as politieke akteur.

Hierdie perspektief op die Amerikaanse samelewing is, ten spyte van al sy verdienstes, natuurlik nie sonder probleme nie.

Onderliggend daaraan is 'n deur-en-deur utopistiese samelewingsbeskouing waarvolgens dit moontlik is om 'n gemeenskap op te bou waarin die mens, bevry van strukturele dominansie, vry is vir die volledige selfverwesenliking van sy persoonlikheid (Zuidema, 1970, p.24). Reid se kritiek op die tegnokratiese dominansie van die mens in die Amerikaanse samelewing veronderstel 'n samelewing wat die absolute teenoorgestelde daarvan is, naamlik een waarin die konsumpsie- en prestasiebeginsels plek maak vir die genotsprinsipe wat selfs 'n erger dwaling as die eerste is.

5. Die kritiek in perspektief

Die politieke filosofie wat in die behavioralisme inbegrepe is, word deur die drie groepe kritici wat behandel is, verskillend gekarakteriseer.

Vir die kritici wat vanuit die klassieke liberalisme dink, is die Amerikaanse belangegroep-liberalisme 'n onaanvaarbare afwyking van die klassieke demokratiese teorie, wat deur hulle as normatief beskou word. Vanuit verskillende hoeke is geargumenteer dat die pluralisme-filosofie, wat onderliggend aan die Amerikaanse politieke stelsel is, konserwatief en ondemokraties is. Veral Lowi het 'n prikkelende visie op die probleme van die Amerikaanse samelewing ontwikkel. Hy toon tereg die erosie van die staatsgesag deur die gebruikmaking van informele en buite-institusionele politieke prosesse ("politics without law") aan as die kern van die probleem. Soos reeds in Hoofstuk 2 aangetoon, moet so 'n miskenning van die formele en strukturele aspekte van die politiek op ernstige probleme uitloop. Die idee van 'n outomatiese samelewing, soos vervat in

die pluralisme-filosofie, is 'n illusie. Sonder 'n staatsowerheid wat op die basis van die swaardmag gesaghebbend optree om die staatsgemeenskap te orden met die oog op die algemene belang, sal enige politieke gemeenskap vir homself mettertyd ernstige probleme op die hals haal wat uiteindelik moet uitloop op die disintegrasie van daardie gemeenskap. (Dooyeweerd, 1936, p.47). In hierdie sin is Lowi se analise 'n waardevolle en verdienstelike visie op die Amerikaanse politieke filosofie.

Die kritici van die *Berkeley School* het by hierdie beskouing van die "klassieke" liberaliste aangesluit en dit selfs wysgerig verdiep deur af te steek na die individualistiese mensbeskouing wat die pluralisme-filosofie ten grondslag lê. In hierdie verband is Baskin se blootlegging van die meganistiese ontologie waarop die pluralisme-filosofie gebaseer is, van besondere belang.

Vir die kritici wat die Amerikaanse politieke filosofie vanuit die maatskappykritiese denke beoordeel, is die probleem geleë in die dominansie van die mens deur die tegnologiese samelewingstelsel. Vir hulle is dit nie so seer die politieke stelsel of die politieke filosofie wat die probleem is nie, maar die objektivistiese wêreldbeeld en die epistemologie wat daarmee saamgaan (die sg. "technical rationality"). Die politieke filosofie vorm maar net 'n deel van hierdie groter probleem, naamlik die verslawing van die mens deur die tegnologiese samelewingstelsel. Hoewel hierdie 'n tipiese neo-Marxistiese standpunt verteenwoordig, wat beskou kan word as 'n voortsetting van die rewolusionêre faksie van die *Caucus for a New Political Science*, moet toegegee word dat dit op besondere wyse die probleme van die gewone mens met die steeds

groter en magtiger samelewing waarin hy homself bevind, belig.

Word die kritiek teen die twee komponente van die behavioralistiese paradigma nou saam beskou, is dit duidelik dat daar ten spyte van die groot verskeidenheid beskouinge wat behandel is, tog ook 'n duidelike gemeenskaplikheid op te merk is. Die kritiek teen die behavioralistiese epistemologie sowel as dié teen die politieke filosofie wat in die behavioralisme geïmplementeër is, dui op 'n werklikheidsbeskouing wat verder op die agtergrond aanwesig is. Reid het hierdie werklikheidsbeskouing getipeer as die *scientisme* en Wolin en Schaar noem dit "the techno-scientific culture". Dié scientisme of wetenskapsideologie is 'n werklikheidsbeskouing waarin twee ontwikkelingslyne saamgetrek word, naamlik die matematies-fisikalistiese beskouingswyse van die werklikheid, wat met die positivisme en die logiese positivisme geassosieer word, en 'n meganisties-individualistiese, tegniese-wetenskaplike samelewingsfilosofie. Hoewel nie altyd ewe duidelik nie, word die scientisme as dieper ontologiese grond van die behavioralisme begryp en aangetoon deur die meeste kritici wat behandel is.

Spragens verklaar die krisis van die Amerikaanse Staatsleer uit die invloed op die Staatsleer van 'n wêreldbeeld wat sedert die 17e eeu baie algemeen deur die Westerse wetenskap aanvaar is en wat daardeur gekenmerk word dat dit die hele werklikheid in matematies-fisiese terme opvat. Ook die sosiale werklikheid word tot die matematies-fisiese gereduseer; die resultaat is 'n "humanly empty world". Ook Gunnell, maar veral Jung, betoog dat die leerstuk van die metodologiese eenheid van die natuur- en sosiale wetenskappe, wat een van die belangrikste metodologiese uitgangspunte van die behavioralis-

me is, vportvloei uit 'n werklikheidsbeskouing waarin alles tot die fisiese gereduseer word. Jung noem dit dan ook *fisi-kalisme*. Van die kant van die politieke filosofie toon Lowi aan dat die Amerikaanse belangegroep-liberalisme op die idee van 'n "outomatiese samelewing" berus. Laasgenoemde word deur Baskin verklaar uit die meganika van Newton. In plaas van 'n politieke gemeenskap waarin die owerheid gesaghebbende besluite vir die politieke gemeenskap neem, word die politieke gemeenskap gevisualiseer as 'n belangestelsel waarin die spanning wat deur die "natuurlike" belangekonflik opgewek word, aangewend word om 'n vrye balans van botsende partye te bewerkstellig. Die begrip *ekwilibrium* is in hierdie verband van besondere betekenis. Daardeur word die politieke gemeenskap beskou as 'n selfregulerende, outodinamiese stelsel waarin die mens net 'n objek is. Thompson (1969, p.565) noem dit dan ook 'n "institutional mechanism"; dit is geen sinvolle *menslike* gemeenskap nie. Die mens is dood, die stelsel lewe. Wolin en Schaar het op hierdie visie van Lowi en Baskin in verband met die meganistiese samelewingsfilosofie van die behavioralisme voortgebou. Hulle betoog dat die "scientific and technological credo" die basis vorm van die moderne Amerikaanse samelewing. Die mens en die samelewing is geprogrammeer volgens die behoeftes van die wetenskap en die tegnologie. Mense word in die outonome tegnologiese proses as *dinge* gehanteer; die samelewingstelsel is 'n selfgenoegsame, selfregulerende masjien. Die resultaat daarvan is 'n samelewing wat ontmenslik is, waarin die menslike en die politieke gesublimeer is. Die kritiek van die post-behavioraliste op sowel die epistemologie as die politieke filosofie dui dus op die scientisme of wetenskaplike wêreldbeskouing as die verborge ideologiese bagasie van die behavioralisme.

Die post-behavioraliste se kritiek is dus in ooreenstemming met wat in Hoofstuk 3 aangetoon is as die ontmaskering van die ideologiese geladenheid van die positivistiese wetenskap. Die scientisme is die sanksionering van die *status quo* omdat die metodologie neutraal gewaan word, terwyl dit voortspruit uit en gedra word deur dieselfde wêreldbeeld waarvan die bestaande orde die praktiese neerslag is. Dieselfde sanksionering van die *status quo* word by die behavioralisme aangetref in die vorm van die aandrang op balans en ekwilibrium soos gebaseer op die beskouing van die samelewing as 'n selfonderhoudende meganistiese sisteem.

A A N T E K E N I N G E

1. Die post-behavioraliste verwys deurgaans na die Amerikaanse politieke filosofie as 'n *ideologie*. Geen literatuur is egter raakgeloop waarin post-behavioraliste konkreet aantoon dat die Amerikaanse politieke filosofie inderdaad 'n ideologie is nie. Vir hulle betoog is dit in ieder geval ook nie noodsaaklik om te bewys dat dit 'n ideologie is nie, want of dit nou 'n ideologie of 'n filosofie is, maak geen verskil aan die argument as sodanig nie. In die positivistiese tradisie word alles wat nie streng tot die gebied van die wetenskap

behoort nie, as ideologie gebrandmerk. Die indruk word gewek dat post-behavioraliste na die politieke filosofie van die behavioralisme as 'n ideologie verwys juis om te demonstreeer dat die behavioralisme nie is wat hy voorgee om te wees nie. Dit wil egter nie sê dat daar nie kritici is wat die Amerikaanse politieke filosofie inderdaad as 'n ideologie beskou nie.

2. Hier sal aandag gegee word aan twee werke van Lowi: *The end of Liberalism* (1969) en *The politics of disorder* (1971).

3. Vir Lowi se verduideliking van die pluralisme, kyk Lowi, 1969, p.41-54.

4. Hierdie siening word ondersteun deur gesaghebbendes soos Molnar (sj.) en Nisbet (1976).

5. Wolin en Schaar (1970) toon aan dat die grens tussen die Universiteit van Kalifornië en die samelewing waarbinne dié universiteit bestaan het, byna geheel-en-al uitgewis is (p.9). As gevolg hiervan is die politieke kwessies en sosiaal-ekonomiese probleme van die samelewing oorgedra op die kampuslewe. Die rebellie op die Berkeley-kampus en ook op die ander kampusse moet dus direk verklaar word uit die krisis van die Amerikaanse samelewing. Hierdie samelewingskrisis was daarvoor verantwoordelik dat die studente gepolitiseer geraak het (i.e. "a growing awareness of and responsiveness to political issues by groups on campuses") (p.10). Dit het begin met 'n skeptisisme teenoor die waardes van die Amerikaanse kultuur en sy instellings. Dit het oorgegaan in 'n "profound revulsion against the main values and organizations which sustained the American quest for power" (p.14). En uiteindelik is daar begin soek na nuwe waardes en na metodes om dit te verwesenlik,

wat natuurlik begin met die verwerping van die waardestelsel en instellings van die bestaande orde en van die onderwysstelsel wat, so word beweer, ontwerp is om die bestaande orde in stand te hou.

6. Die belangrikste literatuur in hierdie verband is die volgende: Wolin (1960); Wolin (1968); Wolin (1969); Schaar (1970); Wolin en Schaar (1970); Jacobson (1963); Baskin (1971); Drukman (1971); Marini (1969); Thompson (1969); Kress (1966) en Pranger (1968).

7. Baskin wy ook 'n hele hoofstuk (p.101-124) aan die argument dat die individualisme van sowel Locke as die Amerikaanse politieke tradisie geïnspireer is deur die Calvinisme. Hy noem dit "Congregational antecedents of pluralism". Hierdie argument is egter nie hier ter sake nie.

8. Wolin en Schaar se argument in verband met die manipulasie van die mens deur middel van konsumpsie stem byvoorbeeld sterk ooreen met die standpunt van Marcuse (1955) en Marcuse (1964).

9. Sowel De Tocqueville (1956) as Hartz (1955) het hierdie anti-filosofiese tendens in die Amerikaanse kultuur opgemerk en probeer verklaar.

10. Vgl. Breines (1970) vir 'n behandeling van die redes vir die minimale invloed van Marcuse op die Amerikaanse Staatsleer.

11. Hierdie twee aspekte van die post-behavioralistiese alternatiewe word in Hoofstuk 7 in meer besonderhede bespreek.

12. Wat die verslegtende toestande in die V.S.A. betref, merk Reid en Yanarella (1974, p.92) op dat daar sedert 1969 'n groeiende onderdrukking in die Amerikaanse samelewing op te

merk is. Hy haal Taylor aan wat melding maak van "the breakdown of civility, the rise of alienation, which is translated into ever more destructive action" (Reid en Yanarella, 1974, p.103). Op hierdie toedrag van sake het selfs nie eens die post-behavioraliste 'n bevredigende antwoord verskaf nie.

13. Easton het in sy presidentsrede voor die jaarvergadering van die *American Political Science Association* die bestaan van wat hy genoem het die "post-behavioral revolution" aangekondig en die lede gevra om dié rewolusie in die geledere van die dissipline op te neem (Easton, 1969).

14. Reid en Yanarella gaan uitvoerig in op die fenomenologiese en Marxistiese tradisies in Europa en toon aan dat die fusie van die twee moontlik gemaak is deur die werk van Georg Lukacs. Hy het die Marxisme as't ware losgeruk uit die ortodoksie waarin dit verval het deur 'n nuwe Marxistiese visie op die laat-kapitalistiese en post-industriële maatskappy te ontwikkel. Adorno en Horkheimer het verder daartoe bygedra om die kritiese kern van die Marxisme te red deur van die fenomenologie gebruik te maak. Hulle het naamlik die fenomenologie, wat basies 'n wetenskapsfilosofie is, deur dit aan die Marxisme te verbind, omgebou na iets groters, na 'n hele lewensbeskouing: "... not only to do science but also to constitute a society of subjects in which exploitation and oppression are finally eliminated" (Reid en Yanarella, 1974, p.117). So het hulle die grondslag gelê vir 'n daadwerklike vereniging van die fenomenologie met die kritiese Marxisme wat eventueel deur Merleau-Ponti en Paci onderneem is (vgl. Reid en Yanarella, 1974, p.108-123.)

Hoofstuk 6

RESULTAAT VAN DIE KRITIEK: DIE BEHAVIORALISME FAAL AS WETENSKAP VAN DIE POLITIEK

1. Inleiding

In die vorige twee hoofstukke is die kritiek van die post-behavioraliste teen die wetenskapsfilosofiese en politiekfilosofiese grondslae van die behavioralisme ondersoek. Die kritici se beskouings van die belangrikste aspekte van die behavioralisties-pluralistiese paradigma is ontleed. Die ondersoek het drie hoofsaake aan die lig gebring. Eerstens die oortuiging van die post-behavioralistiese kritici dat die metodologie van die behavioralisme die politieke werklikheid reduceer tot die matematies-fisiese en die formeel-logiese. Tweedens dat waardevryheid in die sin waarin die behavioraliste dit visualiseer, onmoontlik is en dat die meeste behavioraliste, ondanks hulle aansprake op waardevryheid, inderdaad ingestel is op die aanvaarding van die filosofie van die bestaande politieke orde, dit is die pluralisme-filosofie. Derdens dat hierdie politieke filosofie as teoretiese vertrekpunt van die Staatsleer onaanvaarbaar is omdat dit ondemokraties en selfs anti-demokraties is.

Die implikasie van hierdie visie op die grondslae van die behavioralisme is dat die Staatsleer wat binne die behavioralisties-pluralistiese paradigma beoefen word, nie anders kan nie as om te faal as wetenskap van die politiek. Oor hierdie mislukking is die post-behavioraliste baie eksplisiet. Die oogmerk van hierdie hoofstuk is om die belangrikste fasette van

dié mislukking, soos die post-behavioraliste dit sien, aan die orde te stel. Terwyl die vorige twee hoofstukke op die kritiek teen die grondslae van die behavioralisme gefokus was, wil hierdie hoofstuk meer konkreet aantoon wat, volgens die kritici, die *resultaat* van die beoefening van die Staatsleer op daardie verkeerde grondslag is. Dit sal vanselfsprekend in noue samehang met sekere dele van Hoofstuk 2, waar die behavioralistiese politieke teorieë behandel is, gedoen moet word.

Die Staatsleer wat binne die behavioralisties-pluralistiese paradigma beoefen word, faal volgens die post-behavioralistiese kritici in drieërlei sin. In die eerste plek vertoon die behavioralisme 'n basiese onvermoë om die politieke werklikheid reg te verstaan; gevolglik klop die teorieë wat dit tot stand bring nie met die politieke werklikheid nie. Tweedens is die behavioralisme wetenskaplik irrelevant in die sin dat die kardinale politieke vraagstukke vermy word en dat sy navorsingsresultate triviaal en niksseggend is. Die derde rede vir die mislukking van die behavioralisme is sy dienstigheid aan die bestaande orde, as gevolg waarvan die dissipline 'n konserwatiewe in plaas van 'n kritiese rol speel ten opsigte van die politieke gemeenskap, en sodoende in die pad staan van noodsaaklike verandering en vernuwing van die politieke gemeenskap. Hierdie drie fasette van die mislukking van die behavioralisme hang ten nouste saam. Veral die kwessie van trivialiteit en irrelevansie kan direk met sowel die eerste as die derde faset in verband gebring word. Elk van die drie fasette, hoewel nie noodwendig afsonderlik nie, sal nou ondersoek word.

2. Die behavioralisme lewer 'n skewe beeld van die politieke werklikheid

Bewerings deur post-behavioraliste dat die politieke teorieë wat die behavioralisme tot stand gebring het, nie klop met die politieke werklikheid nie, dek uit die aard van die saak 'n baie wye terrein. Trouens, dit dek die hele spektrum van die behavioralisme se teoretiese werksaamheid. Vir 'n verduideliking van die post-behavioralistiese standpunt in hierdie verband sal dit voldoende wees om na 'n drietal teoretiese velde van die behavioralisme te kyk, naamlik die groepteorie, die nuwe demokratiese teorie en die behavioralistiese opvattinge van politieke mag.¹⁾

2.1 Die groepteorie (Vgl. par.3.1 van Hoofstuk 2)

Die post-behavioralistiese kritici is daarvan oortuig dat die groepteorie nie met die werklikheid ooreenstem nie en dat dié teorie as verklaaringsmodel van die politieke werklikheid dus ernstige gebreke het (Wilson, 1971, p.49). Petras (1967, p.97) noem dit 'n "misperception of reality".

Eerstens kom die beswaar dat die groepsbenadering tot die politiek 'n te beperkte benadering is. Die beskouing dat die politieke gemeenskap essensieel uit 'n aantal groepe bestaan wat met mekaar in konflik verkeer en dat politieke beleid bloot die resultaat van die konflik is, is volgens Petras (1967, p.93) 'n baie eng visie op die werklikheid. Dit kan op geen wyse die belangrike rol wat byvoorbeeld veranderende sosio-ekonomiese omstandighede en ideologiese oortuigings in die politieke proses speel, verreken nie. Deur *groepe* as basiese en self=

standige entiteite in die politieke proses te beskou, word hulle losgemaak van die sosiaal-ekonomiese struktuur van die politieke gemeenskap, en *belange* word losgemaak van hulle historiese en institusionele verbintenisse. Die groepsbenadering maak dus slegs 'n baie beperkte visie op die politieke gemeenskap moontlik: "The limited group conflict approach, by dealing with the formally organized interest group, cannot account for structural changes, since structure and institutions are not considered part of the group analysis" (Petras, 1967, p.94). Dit is dus volgens die kritici 'n skreiende verenging van die domein van die politieke proses, wat nie klop met die politieke werklikheid nie. Dit reduceer die politiek tot die najaag van persoonlike belange in die vorm van groepkonflik, terwyl die politieke proses in werklikheid veel meer as dit behels.

Oor die konflikonsep beweer die kritici dat konflik nie noodwendig eie is aan die politieke proses nie. Daar is ook nie-konfliksituasies wat ewe seer deel van die politieke proses uitmaak, byvoorbeeld gevalle waar konflik nie kan plaasvind nie omdat dit deur die reëls van die spel verbied word. Daar is ook die gevalle waar groepe saam besluit om oor 'n bepaalde saak nie te bots nie (die sogenaamde "mutual non-interference"), wat dikwels die reël is eerder as die uitsondering. Hier kry ons 'n goeie voorbeeld van 'n empiristiese metodologie wat teorievorming op 'n ingrypende wyse kan bepaal: slegs dié aspek van 'n saak wat empiries waarneembaar is, word as wetenskaplik relevant aanvaar, terwyl die onsigbare aspek van die politieke aktiwiteit, naamlik non-konflik, nie aan die orde kom nie en ook nie as wetenskaplik relevant beskou word nie

(Lowi, 1964, p.680).

Verder beweer die kritici dat daar in die praktyk nie veel van konflik sprake is nie. In plaas van om met mekaar mee te ding, kom groepe met mekaar ooreen om 'n beperkter realisering van hulle oogmerke te aanvaar: "... large, established interest groups tend to engage in logrolling on issues, so that no group loses and everyone gains a little bit" (Wilson, 1971, p.84). Voeg daarby die wyse van politiekvoering deur die groepe, wat alle sake, selfs prinsipiële kwessies, in ekonomiese terme omsit, en dis volgens die kritici duidelik dat die groepe se politiek beperk is tot die verdeling van ekonomiese voordele - die sogenaamde wie-kry-wat-politiek. Die groepe is ten enenemale nie toegerus en saamgestel om besluite te neem oor byvoorbeeld die radikale herverdeling van die materiële goedere van die bevolking nie; groepe kan geen regulerende beleidsrigting volg nie (Wilson, 1971, p.86).

Die konflik wat daar wel plaasvind, is marginaal. Daar is 'n leef-en-laat-leef-verstandhouding tussen die groepe. Die konflik is van so 'n oppervlakkige en 'n marginale aard dat dit geen belangrike uitwerking op die struktuur van die samelewing het, soos byvoorbeeld 'n klassestryd nie. Elke groep probeer maar net om so 'n groot moontlike sny van die spreekwoordelike koek te kry. Dit is in die groepe se belang om te sorg dat die stelsel in goeie orde voortbestaan (Petras, 1967, p.94). Die kritici wil dus sê dat daar in die politieke proses, soos deur die groepteorie gevisualiseer, nie werklik sinvolle konflik kan plaasvind nie en dat fundamentele probleme slegs gehanteer kan word indien dit vertaal kan word in ekonomies-mate-

riële terme. Hieroor merk Wolff (1965, p.21) sarkasties op:
"The genius of American politics is its ability to treat even matters of principle as though they were conflicts of interest".

Die groepteorie postuleer dat die belange van die individu die beste behartig kan word deur belangegroep wat dit kan verdedig teen ander belange. Hierdie rol van groepe veronderstel dat die lidmaatskap van die groepe vrywillig moet wees, dat alle relevante politieke belange in die groepe verteenwoordig word en dat groepe naastenby gelyk in mag moet wees. Volgens die kritici word daar in die praktyk aan nie een van hierdie voorwaardes voldoen nie.

Hulle wys byvoorbeeld daarop dat belangegroep eenvoudig van so 'n aard is dat hulle nie die individu se belange kan behartig nie:

- * In die eerste plek wys hulle daarop dat baie van die groepe 'n monopolie het in die verteenwoordiging van belange in 'n bepaalde veld, en dat hulle dus druk kan uitoefen op mense wat nie lid is van 'n bepaalde groep nie. Dit bring die vereiste van vrywillige lidmaatskap ernstig in die gedrang (Wilson, 1971, p.77).
- * In die tweede plek is dit 'n eenvoudige feit dat nie alle politiek-relevante belange in die groepe verteenwoordig is nie. Daar is byvoorbeeld miljoene mense in die Verenigde State wat nie aan een of ander belangegroep behoort nie. Die meeste van die wat wel daaraan behoort, kom uit die boonste ekonomiese lae van die bevolking (Wilson, 1971, p.77).

- * Dertens word beweer dat die groepe nie naastenby ewe sterk is nie en dat die balans of ekwilibrium wat wel bereik word, altyd in die guns van die bevoorregte groepe is. Trouens, die sogenaamde balans is weinig meer as 'n rookskerm om die ernstige wanbalanse in die samelewing te verberg (Petras, 1967, p.95).

Hierdie wanbalanse, byvoorbeeld rassediskriminasie en die dispariteite wat daar rondom ontstaan op die gebied van behuising en indiensneming, verwek volgens die kritici ernstige konflik in die samelewing. Om egter te dink in terme van die groepteorie met sy klem op balans en stabiliteit, word hierdie konflikte geminimaliseer en as probleme onderdruk. So word die wanbalanse "unproblems" omdat hulle nie binne die analitiese raamwerk van die groepteorie val nie. En as hierdie verskynsels wel op die een of ander manier opgevang word, word hulle as marginale verskynsels in die politieke stelsel gehanteer (Petras, 1967, p.96). Hierdie gebrek aan ooreenstemming tussen die groepteorie en die politieke werklikheid bring die kritici tot die gevolgtrekking dat belangegroepe nie die rol kan speel wat van hulle verwag word nie. Die moderne tegnologiese samelewing is die waarborg vir hulle mislukking. Die veranderinge wat deur die tegnologie aan die samelewing aangebring is, is onomkeerbaar en maak die groepteorie heeltemal irrelevant.

'n Laaste faset van die groepteorie wat deur die post-behavioraliste as onhoudbaar aangetoon word, is die funksie van regering wat deur die groepteorie geïmpliseer word. Hoewel dit hoofsaaklik op politiek-filosofiese gronde gedoen word, word daar geredeneer dat ook dié beskouing nie wetenskaplik houdbaar

is nie. Indien regeringsbeleid bloot gesien word as die resultaat van belangebotsings tussen groepe, so word geredeneer, word die funksie van die regering in baie eng terme gedefinieer en word die institusionele aspekte van regering nie verreken nie. Dit bring ook die kwessie van die legitimiteit van die regering en die gesag van sy besluite ernstig in die gedrang. Want as die regering maar 'n skeidsregter is en die openbare beleid maar 'n funksie van die belangekonflik, wat bepaal dan die gesag of die outoriteit van die regering? Belangrike aspekte in verband met die werklike rol en funksie wat regerings in moderne state vervul, word dus nie deur die groepteorie geakkommodeer nie (Wilson, 1971, p.72).

Samevattend kom die kritiek teen die groepteorie as analitiese instrument daarop neer dat dit as wetenskaplike teorie nie houdbaar is nie omdat dit in belangrike opsigte 'n skewe beeld van die politieke werklikheid reflekteer, en wel in die volgende opsigte:

- * die definisie van die politiek in terme van belangebotsings is 'n onaanvaarbare verenging van die terrein van die politiek;
- * in die praktyk kom daar nie veel van belangekonflik tereg nie;
- * die belangegroep akkommodeer nie alle relevante belange nie;
- * in die moderne tegnologiese bestel kan groepe nie die belange van die individu behartig nie;
- * die sogenaamde ekwilibrium verberg in werklikheid die

wanbalanse van die samelewing;

- * dit bring die legitimiteit van die regering en die gesag van sy besluite ernstig in die gedrang.

Daar is beslis meriete in die kritici se bewering dat die groepteorie 'n swak greep op die politieke werklikheid maak. Groepkonflik mag 'n kenmerk van die Amerikaanse politiek wees, maar om dit as algemene teorie van die politiek voor te hou, is onhoudbaar. Nêrens in die wêreld - ook nie in die Verenigde State - kan die politieke proses tot botsing tussen belangegroepes gereduseer word nie. Soos in Hoofstuk 2 aangetoon, kom dit neer op 'n flagrante betekenisvernouing van die politiek. Die politiek is veel meer en iets wesensliks anders as belangekonflik. Dit is naamlik daardie handelinge van die owerheid sowel as onderdane in die politieke gemeenskap wat gekwalifiseer word deur die publieke ordeningsfunksie van die staat as eiesoortige samelewingsverband. Daarbenewens verreken die groepteorie nie die strukturele dimensie van die politiek voldoende nie. Die politiek word in terme van sy dinamiese prosesse verklaar, terwyl die betekenis van politieke strukture onderwaardeer word. Dit blyk duidelik uit die ondergeskikte posisie wat in die groepteorie aan die regering toegeken word. Dit dui natuurlik op 'n dieper probleem, naamlik dat die groepteorie, soos die behavioralisme in die algemeen, geen begrip toon vir die normatiewe karakter van die werklikheid en dus ook van die politieke werklikheid nie. Daarvan is daar egter ook nie spore in die post-behavioralistiese kritiek nie.

2.2 Die nuwe demokratiese teorie (Vgl. par.3.2 van Hoofstuk 2)

Die post-behavioraliste betwis ook die wetenskaplike geldigheid van die sogenaamde nuwe demokratiese teorie.

Eerstens betoog die kritici dat die behavioraliste nie voldoende bewys gelewer het van die noodsaaklikheid van die hersiening van die "klassieke" demokratiese teorie nie. Hulle het naamlik nie bewys dat die "klassieke" teorie onbereikbare ideale stel nie. Hulle het ook nie bewys dat dit verkeerde ideale stel in die sin dat die teorie kontradiktories is of in die praktyk ongewenste resultate sal lewer nie. Sonder so 'n demonstrasie van ideologiese swakhede of praktiese onbereikbaarheid by die "klassieke" teorie, sê die kritici, is die gebruik van die empiriese werklikheid heeltemal onvoldoende om 'n hersiening van die "klassieke" teorie te regverdig. Dit kom in werklikheid daarop neer dat die empiriese werklikheid as norm gebruik word, wat vir die kritici totaal onaanvaarbaar is.

Duncan en Lukes (1967, p.170) wys daarop dat die "klassieke" demokratiese teorie 'n normatiewe teorie was. Dit het riglyne neergelê van hoe 'n samelewing behoort te wees, en waar dit nie aan hierdie behorensiese voldoen nie, is dit gekritiseer. By die nuwe demokratiese teorie vind ons niks van sulke behorensiese nie. As gevolg van sy empiristiese uitgangspunt is dit slegs geïnteresseerd in dit wat *is*. Pleks van om die Amerikaanse samelewing meer demokraties te probeer maak deur dit aan te pas by die norme wat die "klassieke" teorie neerlê, word die bestaande Amerikaanse samelewing aanvaar omdat dit

die feitlike stand van sake is (Walker, 1967, p.201-206).

So word die onbereikte ideaal van die demokrasie verruil vir die huidige stand van sake. Al wat oorbly, is om die huidige stelsel in stand te hou. McCoy en Playford (1967, p.4) merk hieroor sinies op: "For if 'what ought to be' already is, then the intellectual has no other function than to describe and celebrate the arrival of a Utopia." As wetenskaplike teorie het die nuwe demokratiese teorie, volgens die kritici, sy kritiese funksie totaal verloor. Dit het self deel van die *status quo* geword.

Tweedens betoog die kritici dat die alternatief wat die revisioniste vir die "klassieke" teorie aanbied, op sigself ontoereikend is.

Een van die redes vir die ontoereikendheid daarvan is die feit dat dit die individu opoffer aan die stelsel. Die kern van die "klassieke" teorie was die beskerming en ontwikkeling van die individuele burger. In die nuwe teorie is besorgdheid oor die individu vervang met kommer oor die behoud van die stelsel: "The most notable feature of this recent democratic theory is the shift in emphasis from the needs and potentialities of the individual citizen to the requirements of the system" (Duncan en Lukes, 1967, p.175). Die sentrale probleem van die nuwe teorie is nie hoe om 'n politieke stelsel te ontwerp wat groter burgerlike deelname stimuleer nie, maar eerder hoe om die mate van deelname wat wel aanwesig is, te versoen met 'n *stabiele* regering (Walker, 1967, p.205). Dit kom neer op 'n verwarring van die demokrasie met stabiliteit.

Die ander rede vir die ontoereikendheid van die nuwe teorie is dat die apatie tot deug gemaak word (Lipsitz, 1968, p.533). Teoretici van die nuwe demokratiese teorie beweer dat apatie enersyds 'n teken van tevredenheid met die stelsel en andersyds 'n noodsaaklike voorwaarde vir 'n moderne demokratiese stelsel is. Albei hierdie sienswyses word heftig deur die kritici bestry. Walker (1967, p.207) wys byvoorbeeld daarop dat politieke apatie by die Amerikaanse Negers kwalik as tevredenheid met die stelsel geïnterpreteer kan word. As teendeel stel hy die hipotese dat die Negers hulle politieke frustrasies verplaas na nie-politieke vlakke van die samelewing. Dit verklaar volgens hom die hoë misdaadsyfer onder Negers, en dit skyn bewys te word deur die skerp afname van die misdaadsyfer tydens die burgerregbetogings wat as uitlaatklep vir hulle politieke frustrasies kon dien (Walker, 1967, p.209-210). Op grond daarvan kom hy tot die gevolgtrekking dat apatie nie noodwendig 'n teken van politieke tevredenheid is nie, maar dat dit eerder beskou word as die resultaat van 'n bepaalde samelewingstruktuur wat die politieke proses vyandig gesind is, en wat dit vir sekere groepe onmoontlik maak om daaraan deel te neem (Walker, 1967, p.209).

Ook die aanname dat 'n mate van politieke apatie nodig is om 'n moderne demokratiese stelsel te laat vlot, word deur die kritici verwerp. Behalwe die valse mensbeskouing waarop dit volgens hulle berus, is daar ook die veronderstelling dat dit onwenslik is as alle burgers aktief aan die politieke proses sou deelneem, omdat die natuurlike fanatisme van die mens daarvoor sal sorg dat die demokratiese proses verongeluk word (Berelson, 1954, p.314). Dit is dus geen wonder nie dat die nuwe demokratiese teorie die naam gekry het van "the elitest

theory of democracy". Dit maak staat op die ongeïnteresseerdheid en onbetrokkenheid van groot (d.i. die laer) dele van die bevolking, terwyl dit die leidende, selfs dominerende rol van elite-groepe voorstaan.

Volgens die kritici sit die nuwe demokratiese teorie, net soos die groepteorie, ook vol ideologiese vooroordele. Die uitgangspunte van die nuwe demokratiese teorie is volgens hulle nie noodwendig resultate van die empiriese gegewens nie, maar wel die resultaat van die inwerking van bepaalde ideologiese voorkeure op die teoretisering van die revisioniste. Die beskuldiging van vooroordele is veral gemik teen die apatie-konsep, en net soos die groepteorie word ook die nuwe demokratiese teorie beskou as konserwatief en ten gunste van die behoud van 'n magsbalans wat die huidige elite-groepe bevoordeel.

Wat die apatie-konsep betref, so beweer die kritici, spruit die revisioniste se gewilligheid om 'n relatief hoë vlak van apatie te aanvaar uit 'n inherente vrees vir ekstremistiese (in hulle eie terme) politieke standpunte en uit 'n implisiete elitistiese tendens by die revisioniste. Massadeelname aan die politiek word gevrees omdat dit die ontwikkeling van onverdraagsaamheid en "doctrinaire fanaticism" sal bevorder (Morris-Jones, 1954, p.37). Die revisioniste gaan van die veronderstelling uit dat massabewegings en 'n hoë vlak van burgerlike deelname aan die politieke proses gevrees moet word, want dit is die eerste tree na 'n totalitêre samelewing en dit sal minstens 'n samelewing oplewer wat chaoties en onregeerbaar is (McCoy en Playford, 1967, p.6). Hier het ons 'n elitistiese teorie omdat dit 'n toestand aanvaar waarin die

meeste burgers 'n passiewe rol speel, terwyl die elite die pas aangee (Walker, 1967, p.227). Walker staaf die elitisme-aanklag deur die sienswyses van die eksponente van die nuwe demokratiese teorie via Michels met sy "iron law of oligarchy" te verbind aan Mosca en Pareto wat gepostuleer het dat die elite (d.i. diegene met die meeste politieke vernuf, dus die beste regeerders) altyd sal regeer (Walker, 1967, p.227).

Wat die konserwatisme-klag betref, beweer die kritici dat die nuwe demokratiese teorie "... a conservative preference for the status quo over the development of radically different and more democratic forms" openbaar (Goldschmidt, 1967, p.220). Stabiliteit en balans van die stelsel as geheel word as leidende beginsel aanvaar vir die politieke samelewing, in plaas van konsensus tussen die individue. Op hierdie wyse word die subtile dwang wat in die huidige magsbalans geïmpliseer is, asook die diep maar verborge verskeurdheid in die Amerikaanse samelewing, versteek. So word die *status quo* deur die nuwe demokratiese teorie gekamofleer.

Samevattend kom die kritiek teen die nuwe demokratiese teorie daarop neer dat dit hoogstens as 'n formele demokrasie beskou kan word. Die demokratiese ideaal word nog in naam nagestreef, maar die funksionering daarvan is so ontwerp dat die mag effektief in die hande van 'n paar elite-groepe is. Die demokrasie is herdefinieer om aan die vereistes van die bestaande orde te voldoen. Die stabilisering van die bestaande orde word gelyk gestel aan demokrasie. Die resultaat is dat mens te doen het met 'n samelewing waarin daar 'n minimum demokratiese instellings en prosedures lewe, maar wat voorgehou word as 'n navolgenswaardige voorbeeld van 'n demokratiese

politieke stelsel. Die nuwe demokratiese teorie word dus as onvoldoende beskou omdat dit eenvoudig nie klop met die werklikheid nie; dit hou iets voor as demokraties wat dit nie is nie. Duncan en Lukes (1967, p.180) stel dit skerp: "... no adequate empirical theory, still less a 'scientific' theory of institutional 'democracy' has been provided". Die slotsom is dat die nuwe demokratiese teorie eerder beskou moet word as 'n swak verbloemde konserwatiewe ideologie wat die data manipuleer om sy eie oogmerke te dien.

Die kritici se standpunt dat die nuwe demokratiese teorie nie met die werklikheid ooreenstem nie, is enigsins problematies. Die meriete van dié standpunt hang af van met watter opvatting van die demokrasie daar gewerk word. Die kritici werk met 'n bepaalde (die sg. klassieke) model, terwyl die behavioraliste die bestaande politieke orde as demokraties aanvaar. In terme van die klassieke model is die nuwe demokratiese teorie inderdaad, om dit sag te stel, 'n afwyking. Die vraag is egter: op watter gronde moet die "klassieke" demokratiese teorie as gesaghebbend aanvaar word? In watter mate is dit moontlik om in die omstandighede van die laat-twintigste eeu die voorwaardes na te kom wat in die negentiende eeu, en selfs vroeër, neergelê is? Afgesien van hierdie vrae is dit egter 'n feit - en die kritici moet krediet daarvoor ontvang - dat die nuwe demokratiese teorie die normatiewe eise vir 'n (demokratiese) politieke gemeenskap laat vaar het en hom geheel en al verlaat het op die empiriese gegewene. In daardie sin faal die nuwe demokratiese teorie as 'n wetenskaplike teorie. Enige wetenskaplike teorie wat voorgee om normloos te wees en dan tog sy norme uit die bestaande orde neem, moet uitloop op 'n skewe beeld van die werklikheid, want op dié wyse word normatiewe

beligting van die politiek onmoontlik gemaak.

2.3 Politieke mag (vgl. par.3.3 van Hoofstuk 2)

Wat die post-behavioraliste en besware teen die behavioralistiese opvatting van politieke mag betref, sal daar eers aandag gegee word aan die feit dat mag as sleutelkonsep in die Staatsleer gebruik word, en daarna spesifiek aan die kritiek teen die besluitnemingsmodel van politieke mag.

2.3.1 Mag as sleutelkonsep

Die kritici se besware teen die gebruik van mag as sleutelkonsep in die Staatsleer is hoofsaaklik tweërlei: dit wil die metodologiese beperkings van so 'n benadering aandui deur te betoog dat groot dele van die politieke werklikheid deur die magsbenadering uitgesluit word en, net soos by die groepteorie, wil dit ook die implisiete ideologiese verbintenisse van die konsep blootlê.

Oor die metodologiese beperkings van die magsbenadering is die argument dat, deur slegs te kyk na die *wyse* van politiekvoering, naamlik magsuitoefening, die ideale en eindpunte wat deur die magsuitoefening bereik moet word, uit die oog verloor word: "... by focusing on power, political scientists look only at the means and neglect the ends of politics" (Wilson, 1971, p.203). Net soos by die groepteorie is die beswaar dat die politiek primêr as konflik gesien word in plaas van as 'n proses of aktiwiteit van samewerking om gemeenskaplike oogmerke te bereik en om gemeenskaplike behoeftes te bevredig (Kariel, 1956, p.116; Bay, 1965, p.22-23). Die pluraliste

maak van mag 'n doel op sigself, sê die kritici, en Lasswell en Kaplan se opvatting van "political man" gee alle rede vir so 'n vrees. Hulle opvatting van *homo politicus* is iemand "... who demands the maximization of his power in relation to all his values, who expects power to determine power, and who identifies with others as a means to enhancing power, position, and potential" (Lasswell en Kaplan, 1950, p.78).

Bay (1965) se standpunt is 'n goeie voorbeeld van die verwerping van die definiëring van politiek in terme van mag. Hy onderskei naamlik tussen politiek en pseudopolitiek, en wel op grond van "human needs". Daarvolgens is *politiek* daardie handeling in 'n gemeenskap wat, ooreenkomstig 'n algemeen aanvaarde lys van voorkeure, gemik is op die skepping en beskerming van toestande waarin *menslike behoeftes* maksimaal bevredig kan word (Bay, 1965, p.15). Pseudopolitiek, aan die ander kant, is handeling wat soos politiek lyk, maar wat uitsluitlik ingestel is op die bevordering van persoonlike belange of belange van die eie groep, sonder kommer oor wat in die bepaalde omstandighede regverdig teenoor ander sal wees (Bay, 1965, p.15). Op grond van hierdie onderskeid is Bay van mening dat die meeste van wat in die moderne samelewing as politiek deurgaan, in werklikheid pseudopolitiek is en dat die behavioralistiese Staatsleer, deur nie hierdie pseudopolitiek aan die kaak te stel nie, self 'n a-politiese karakter aanneem het (Bay, 1965, p.22-23).

Die tweede beswaar is gemik teen die ideologiese vooroordele wat in die konsep *mag* opgesluit is. Die belangrikste van hierdie vooroordele veronderstel dat gelykheid van mag ondenkbaar is, dat daar altyd 'n verdeling tussen maghebbers en magloses sal wees en dat die bestaan van 'n mags-elite onvermydelik is (Lasswell en Kaplan, 1950, p.219). Daardeur word die bestaande magstruktuur in die samelewing geregverdig en versterk en die weg na die demokratiese ideaal van gelykheid van mag en algemene deelname aan die politieke proses word versper. In plaas van te strewe na magsgelykheid, word die mag toegeken aan 'n klein groepie besluitnemers wat wel verantwoordelik gehou kan word vir hulle besluite - maar in die praktyk kom daar niks van nie omdat die pluraliste juis staat maak op die apatie van groot dele van die bevolking en omdat die mags-elite soveel mag besit dat hulle maklik hierdie verantwoordelikheid kan ontduik (Bachrach, 1967, hoofstukke 2-3 en 5).

Daar is ook 'n derde beswaar teen die gebruik van mag as sleutelbegrip van die Staatsleer. Dit kom hoofsaaklik van die nie-radikale groep onder die post-behavioraliste wat meer aan die tradisionele Staatsleer georiënteer is, byvoorbeeld Theodore Lowi en Grant McConnell. Hulle beswaar berus op die argument dat die pluraliste nie die kardinale verskil tussen mag en gesag raaksien nie. Gevolglik sien hulle die regmatigheid van mag bloot daarin dat dit algemeen aanvaar word en kan hulle die genormeerdheid van gesag nie begryp nie. Hulle het dus geen waardering vir die rol wat formele konstitusionele strukture kan speel om die misbruik van mag aan bande te lê nie (Wilson, 1971, p.207).

Die kwessie van die onderskeid tussen mag en gesag is 'n belangrike saak omdat dit ons insiens die kern van die pluraliste se dwaling aansny. Aangesien dit nie 'n argument is wat tot die kern van die radikale kritiek behoort nie en grootliks 'n voortsetting van een van die strydpunte tussen die sogenaamde tradisionalistes en behavioralistes is, volstaan ons met enkele opmerkings.

Vir baie jare is die legitimiteit of regmatigheid van regeerings en politieke handelinge gebaseer op 'n onderskeid wat gemaak is tussen mag en gesag ("power and authority"). Komende van God of die Natuurreg, is *gesag* beskou as daardie hoedanigheid waarmee 'n persoon of instansie bekleed is wat aan sy handelinge onbetwisbare regmatigheid gee. Daarteenoor is *mag* beskou as daardie hoedanigheid wat effektief gevolg kan gee aan 'n handeling sonder dat die handeling noodwendig regmatig hoef te wees. Dit is 'n handeling wat gepaard gaan met dwang en/of geweld sonder dat dit noodwendig 'n regmatige handeling hoef te wees. Vir die grootste deel is mag deur die liberaal-demokratiese politieke filosofie as negatief en ongewens beskou.

Hierdie onderskeid tussen mag en gesag is in die behavioralistiese Staatsleer met sy positivistiese inslag ongedaan gemaak, of minstens verswak (Wilson, 1971, p.207). Die begrip *gesag* impliseer 'n normatiewe uitgangspunt; dit verwys na 'n waardestelsel wat essensieel is vir die aanwending van die term. Daarom is dit geen wonder nie dat die behavioralistiese Staatsleer, met sy aandrang op waardevryheid, met hierdie term wou wegdoen, dit wou omwerk na 'n suiwer deskriptiewe term. Dit is gedoen deur gesag by mag (wat wel empiries waarneembaar is)

in te lyf en wel op so 'n wyse dat gesag 'n vorm van mag ge= word het of, anders gestel, dat mag as die fondament van gesag beskou is (Lasswell en Kaplan, 1950, p.106, 137 en 140-141).

Vir die sogenaamde tradisionalistes in die Staatsleer (Leo Strauss, John Hallowell, Hans Morgenthau, e.a.) was hierdie opheffing van die prinsipiële verskil tussen mag en gesag heeltemal onaanvaarbaar. Gesag kan vir hulle gevoel nooit op dwang berus nie. Politieke gesag kan wel in bepaalde omstandighede vereis dat dwang gebruik word, maar dit beteken nie dat politieke mag gelyk is aan dwang nie (Arendt, 1961, p.102-103; Arendt, 1969, p.45 en Day, 1963, p.261).

Aansluitend by hierdie standpunt oor die noodsaaklike onderskeid tussen mag en gesag kom die groepie post-behavioralists wat aan die "klassieke" liberalisme georiënteer is, tot dié gevolgtrekking: "Power is an inadequate central concept for political science because most political relationships are ones of authority," wat uitgedruk word in formele juridiese en konstitusionele strukture (Wilson, 1971, p.212).

2.3.2 Kritiek teen die besluitnemingsmodel

Die kritici se beswaar teen die besluitnemingsmodel van politieke mag is dat sy resultate, net soos die elitistiese model, vooraf bepaal word deur sy besondere benadering (Wilson, 1971, p.241).

In die eerste plek word die seleksie van "belangrike" besluite bevraagteken. Sonder 'n betroubare maatstaf vir die bepaling van belangrikheid is daar geen waarborg teen 'n arbitrêre keuse van besluite nie (Bachrach en Baratz, 1967, p.148-149). Polsby het wel probeer om so 'n maatstaf op te stel, maar vir die kritici bly dit steeds 'n bevooroordeelde maatstaf: dit lê nie die onderliggende magstruktuur van die samelewing bloot nie en dit bring nie aan die lig wie die eintlike maghebbers in die gemeenskap is nie. Die pluraliste, sê hulle, "select only decisions made by formal political bodies or persons, rather than observing decisions made about the distribution of economic means in the society, which are held to be more fundamental and made by a small select group in private corporations" (Gitlin, 1967, p.137. Vgl. ook Bachrach, 1967, p.79-82).

Die strekking van hierdie beswaar is dat die werklik belangrike besluite, naamlik dié wat nie sigbaar word in formele besluitnemingsprosesse nie en wat deur 'n klein groepie ekonomies magtige mense geneem word sonder dat daar konflik by die besluitneming betrokke was, maar wat tog die lewens van miljoene mense direk raak, deur die besluitnemingsmodel nooit aan die bod gebring word nie. Veral Bachrach en Baratz (1967) het hierdie argument baie effektief gehanteer.

Wat die verwerping van mag as sentrale konsep van die Staatsleer betref, is daar onder die kritici dus twee standpunte. Die een groep is van mening dat die pluraliste mag met gesag verwar. Die normatiewe aspek van gesag en die daarmee saamhangende institusionele en juridiese aspekte van die politiek word nie onderken nie, en daarom is mag 'n te eng begrip en

heeltemal onvoldoende om as sentrale konsep in die Staatsleer gebruik te word. Die radikale groep se standpunt is dat die magskonsep onvoldoende is omdat dit die politieke gemeenskap laat konsentreer op hulle eie interne belangekonflikte, sodat daar in die proses niks tereg kom van die verwesenliking van gemeenskaplike ideale nie. Dit regverdig en versterk ook die bestaande magstruktuur in die land, wat deur die kritici as 'n onregverdig stand van sake beskou word. Vir hulle is die onderskeid tussen mag en gesag in ieder geval misplaas indien gesag in institusionele terme gedefinieer word.

Ook in hierdie verband moet met waardering van die post-behavioraliste se standpunt kennis geneem word. Deur politieke mag as sentrale teoretiese fokus van die Staatsleer te neem, word die politiek gereduseer tot 'n stryd om mag, wat natuurlik 'n direkte uitvloeisel van die groepteorie is. Die studie van politieke mag openbaar op sigself nog baie weinig van die politiek. Mag is slegs die basis van die politiek. Politieke mag bly instrumenteel. Dit is 'n werktuig van die politiek, maar om die politiek te verstaan, is veel meer nodig as kennis van magsuitoefening op die terrein van die politiek. Die politiek word, soos reeds gesê, gekwalifiseer deur die publieke ordeningsfunksie van die staat. Die magsbenadering is dus onvoldoende in die sin dat dit dit wat instrumenteel is in die politiek tot essensie verhef. Hierdie genormeerdheid van politieke mag en die belangrike onderskeid tussen mag en gesag wat daaruit voortvloei, is gelukkig deur enkele kritici begryp en as basis vir hulle kritiek teen die behavioralistiese magskonsep gebruik.

Bachrach en Baratz (1967) postuleer dat mag twee kante het: "two faces of power." Die kant wat deur die pluraliste raak= gesien word, is die een wat konkreet in besluitnemingsitua= sies sigbaar is; die ander kant is die area van die "non- decision-making", wat die pluraliste nie raaksien nie omdat hulle ingevolge hul empiristiese metodologie net geïnteres= seerd is in die waarneembare aspekte van mag (Bachrach en Baratz, 1967, p.147). Hulle glo dat van die belangrikste probleme van die samelewing nooit aan die lig kom as onder= werpe vir besluitneming nie, maar in die gebied van die "non- decision-making" bly. Die maghebbers voorkom naamlik dat be= sluite daaroor geneem word aangesien dit hulle magsposisie direk raak. Politieke mag word *indirek* gebruik deur die om= vang van die vraagstelling wat in die gemeenskap gangbaar is, te beheer. Hierdie beheer word verkry deur wat Bachrach en Baratz (1967, p.152) "mobilization of bias" noem. Daardeur word die gemeenskap se diepste waardes, politieke oortuigings en politieke instellings gemanipuleer ten gunste van die ge= vestigde belangegroepe.

Hierdie beskouing beteken dat elke gemeenskap sekere waardes en ideale het wat sekere probleemstellings relevant en an= dere irrelevant of ondenkbaar maak. Deur hierdie waardes en ideale te manipuleer, kan die maghebbers sorg dat sekere pro= bleme, hoe relevant en dringend hulle ook al mag wees ten op= sigte van die gemeenskap of groot dele van die gemeenskap, uit die besluitnemingsproses uitgesluit word. Politieke mag is dus, hoewel indirek, verantwoordelik dat oor hierdie probleme nooit besluite geneem word nie. Dit is die onsigbare kant van politieke mag waarmee die desisionistiese model nie reke= ning hou nie en wat hy ook nie kan hanteer nie omdat dit buite

die reikwydte van sy metodologie val.

In aansluiting by Bachrach en Baratz se beskouing beweer Parenti (1969, p.113) dat die besluitnemingsmodel nie die afwesigheid van laer-stratagroepe uit die magspel verreken nie. Hy wys daarop dat die fundamentele uitgangspunt van die besluitnemingsmodel van politieke mag die aanvaarding is dat slegs daardie groepe wat daadwerklik aan die besluitnemingsproses deelneem, deel in die uitoefening van mag. Die keersy van dié uitgangspunt, sê hy, is dat die groepe wat nie deelneem nie, nie deel in die uitoefening van mag nie. Die besluitnemingsmodel toon geen begrip vir hierdie toedrag van sake nie. Die nie-deelneming van groot groepe, veral groepe uit die laer strata van die samelewing, word deur die desisionistiese model as't ware geïgnoreer. Dit bring Parenti (1969, p.116) tot die gevolgtrekking dat die belange van die laer klasse, soos byvoorbeeld uitgedruk in die vele protesbewegings in die Verenigde State "... suffer liabilities within the political system of a kind not usually accounted for in pluralist theory." Die laer-stratagroepe se probleme word nie as probleme erken nie - 'n toedrag van sake wat in stryd is met die basiese uitgangspunt van die pluralisme, dat alle belange wat politiek relevant is, aan die politieke proses kan en moet deelneem.

Onderliggend aan hierdie kritiek teen die pluralistiese opvatting van politieke mag is die kritici se eie opvatting daarvan. Hulle verskuif naamlik die fokus van die dominerende karakter van mag na die koöperatiewe aard daarvan. Daarom noem hulle hul alternatief vir die belangegroep-demokrasie van die pluraliste 'n "participatory democracy", wat berus op massa-

deelname van ál die burgers aan die politieke proses.

2.4 Samevatting

Die post-behavioraliste se kritiek teen die houdbaarheid van die behavioralistiese teorieë dek bykans die hele veld van die Amerikaanse politiek. Die hoofsaak wat hulle na vore probeer bring, is dat die pluralistiese teorieë in so 'n mate beperk en onhoudbaar is dat hulle onvoldoende is as verklaringsmodelle van die politieke werklikheid. Soveel argumente is in die proses aangesny dat dit nodig is om hulle opsommend in oënskou te neem:

- * Deur die groep as basis van die politiek te neem, word die politiek gereduseer tot die najaag van persoonlike belange. Dit is 'n valse voorstelling van die wese van die politiek. Dit visualiseer 'n gemeenskap wat sy hoogste sin vind in interne belangebotsings en wat as gemeenskap nêrens heen op weg is nie.
- * Ook die konflikmodel is 'n valse voorstelling van die politiek. Daar word so 'n hoë premie op stabiliteit en ekwilibrium geplaas dat daar in die praktyk weinig, indien enigiets, van die konflik kom. Die konflik wat daar wel is, is marginaal; dit word nie toegelaat om die balans te versteur nie. Strukturele veranderinge in die samelewing is dus nie moontlik nie.
- * Die ekwilibriumkonsep is insgelyks nie werklikheidsgetrou nie. Onder dekking van die ekwilibriumkonsep word ernstige wanbalanse in die samelewing geïgnoreer.

- * Die samestelling en funksionering van die belangegroeppe is van so 'n aard dat dit nie die belange van die individu verteenwoordig en behartig nie en dit nie kan doen nie, omdat die groepe wesenlik nie inpas en nie 'n rol het om te vervul in die moderne industriële samelewing nie. Die groepsbenadering tot die politiek is 'n pre-tegnologiese benadering.
- * Die funksie van die regering word verlaag tot dié van 'n skeidsregter. Dit bring die hele kwessie van die legitimiteit van die regering ernstig in die gedrang.
- * Die gebruik van die magskonsep as sleutelbegrip in die Staatsleer gaan mank aan ernstige beperkings. Deur slegs te konsentreer op waarneembare aspekte van mag, word groot dele van die politieke werklikheid uit die oog verloor. Die groot gebied van die "non-decisions" kom nooit aan die bod nie.
- * Deur die meer tradisionalisties georiënteerde kritici, soos Theodore Lowi, word die uiters belangrike prinsipiële beswaar geopper dat die pluraliste se definisie van die politiek in terme van mag nie rekening hou met die fundamentele verskil tussen mag en gesag nie. Gevolglik word die formeel-juridiese en die normatiewe karakter van die politiek nie onderken nie.
- * Die "klassieke" demokratiese teorie word hersien sonder voldoende aanduiding van die noodsaak vir die verandering. Die revisioniste betoog dat die empiriese werklikheid nie klop met die "klassieke" teorie nie. Op grond daarvan alleen, sonder enige aanduiding van die prinsipiële onhoudbaarheid of praktiese onreali-

seerbaarheid van die "klassieke" teorie, word die teorie hersien om by die empiriese werklikheid aan te pas in plaas van dat die praktyk verander word om die norm te realiseer.

- * Die hersiene of "nuwe" demokratiese teorie is heeltemal onaanvaarbaar omdat dit inderdaad anti-demokraties is. Die individu word opgeoffer aan die stabiliteit van die stelsel. Stabiliteit word verwar met demokrasie deur eersgenoemde aan laasgenoemde gelyk te stel. Om van apatie by groot dele van die bevolking 'n deug te maak en dit te verhef tot 'n noodsaaklike voorwaarde vir die voortbestaan van die stelsel, is nie net ondemokraties nie; dit verraaï ook 'n valse mensbeskouing. Die elitistiese karakter van die "nuwe" demokratiese teorie is hoogstens formeel-demokraties. Die werklike demokratiese ideale is opgeoffer aan die stabiliteit-dogma en die belange van die bestaande orde.

Gesamentlik kom hierdie argumente van die kritici daarop neer dat die pluralistiese teorieë van die politiek 'n skewe of valse beeld van die politieke werklikheid skep.

Uit die kritici se argumente is dit duidelik dat die onhoudbaarheid van die behavioralistiese teorieë herlei word tot twee grondoorake: die behavioralisme se empiristiese metodologie en sy bepaalde (onerkende) ideologiese vooroordele.

Wat eersgenoemde betref, moet die kritici beslis gelyk gegee word. Die metodologie van die behavioralisme laat hom inderdaad toe om slegs 'n deel van die politieke werklikheid in die greep te kry, naamlik dié deel wat met sintuiglike waarneming bereik kan word. Die meeste probleme wat die kritici as probleme by die behavioralistiese teorieë identifiseer, spruit daaruit dat 'n bepaalde teorie gebaseer is op die verskraalde opvatting van die slegs sintuiglik waarneembare werklikheid.

Die tweede rede wat vir die mislukking aangedui word, naamlik ideologiese vooroordeel, is ingewikkelder. Die kritici se argument kom daarop neer dat die ideologiese vooroordele waarvandaan die behavioraliste uitgaan, hulle visie op die politieke werklikheid versper. Enersyds is die bewering korrek. Soos in Hoofstuk 2 aangetoon, is die pluralistiese politieke teorieë ideologies swaar belas. Andersyds is dit egter ook waar dat die post-behavioraliste in beginsel nie daarmee fout wil vind nie. Soos aangetoon in Hoofstuk 4 staan hulle juis onwrikbaar op die onontkenbaarheid van die rol van vooronderstellings in die wetenskap. Waar dit dus vir hulle om gaan, is die *meriete* van die politieke vooronderstellings waarmee die behavioraliste opereer. Hulle is naamlik daarvan oortuig dat die pluralisme-filosofie inherent ondemokraties is en dus 'n onbetaamlike en valse filosofie. Soos in Hoofstuk 5 aangetoon, bied die post-behavioraliste 'n verskeidenheid alternatiewe aan wat meer demokraties sou wees. Die kritici se standpunt kom dus basies daarop neer dat die politieke filosofie waarmee die Staatsleer opereer, vervang moet word met 'n ander, na hulle oordeel meer demokratiese, politieke filosofie. Maar dat die Staatsleer noodwendig met 'n bepaalde politieke filosofie moet opereer, lei vir hulle geen twyfel

nie.

Daarmee plaas die post-behavioraliste hulleself in presies dieselfde posisie as die behavioraliste wat deur hulle gekritiseer word. Die enigste verskil is dat die behavioraliste meesal onwetend en implisiet van 'n bepaalde politieke filosofie uitgaan, terwyl die post-behavioraliste dit openlik en eksplisiet wil doen. Prinsipieel bly die posisie presies dieselfde; die Staatsleer moet net van politieke meester verander. Die kritici dring nie aan op 'n onderkenning van die politieke vooronderstellings waarvandaan uitgegaan word met die oog op groter wetenskaplike objektiwiteit nie; hulle vereis bloot dat daar van 'n ander stel politieke vooronderstellings uitgegaan word, wat 'n ewe onaanvaarbare dienstigheid van die Staatsleer aan 'n bepaalde politieke filosofie tot gevolg sal hê. Hulle kan geen waarborg bied dat die gebruik van die alternatiewe wat hulle aanbied, tot houdbaarder politieke teorieë sal lei nie.

3. Die behaviorisme as apologet van die bestaande orde

Tot dusver is aangetoon dat die post-behavioraliste meen die behavioralistiese Staatsleer is nie waardevry nie en kan dit ook nie wees nie. Die kritici se betoog lui verder dat die behaviorisme die politieke filosofie van die bestaande orde aanvaar. 'n Tweede resultaat van die beoefening van die Staatsleer binne die behavioralisties-pluralistiese paradigma is dus, volgens die post-behavioralistiese kritici, dat 'n dissipline ontwikkel het wat volledig dienstig is aan die bestaande politieke orde. Dit het geen kritiese ingesteldheid teenoor die politieke samelewing wat bestudeer word nie. Ge-

volglik aanvaar dit die bestaande orde as goed en staan so=doende in die weg van noodsaaklike verandering. In daardie sin is die behavioralisme konserwatief, en word in hierdie verband verwys na die "conservative bias" van die behaviora=lisme. Soos Levinson (1970, p.65) dit stel: "... many of the core approaches of contemporary political science, such as 'pluralism', have turned out upon closer examination to be ideologies both justifying existing structures and distorting proper understanding of their biases". In die mate waarin die behavioralistiese Staatsleer die bestaande orde ondersteun in plaas van 'n kritiese visie daarop te ontwikkel wat kan lei tot 'n verbetering van die bestaande orde, faal dit as weten=skap van die politiek, aldus die kritici.

Hierdie sienswyse word baie algemeen by post-behavioraliste aangetref; die "conservative bias"-tema is een van die be=langrikste temas in die post-behavioraliste se kritiek.²⁾

Die vraag is egter hoe hierdie stelling gesubstansieer word, met ander woorde hoe die kritici konkreet aantoon dat die be=skuldiging van konserwatiewe vooroordeel inderdaad waar is en wat hulle as redes daarvoor aanvoer.

3.1 Konserwatiewe vooroordeel

Hoewel die behavioralisme volgens die kritici, soos later aan=getoon sal word, *inherent* konserwatief is, is Surkin en Wolfe (1969, p.46) van mening dat die konserwatisme van die behavio=ralisme omstreeks 1950 vir die eerste maal baie duidelik na vore getree het. In daardie jaar, sê hulle, het die *American Political Science Association se Committee on Political Par=ties* 'n verslag gepubliseer oor 'n ondersoek na die tweepar=

tystelsel in die Verenigde State.³⁾ Hierdie verslag het fout gevind met die nie-ideologiese karakter van die Amerikaanse politieke partye. Die aanbevelings van die Komitee, wat daarop gemik was om partyleiers meer verantwoordelik aan hulle volgelinge te maak en om partyeenheid op die Britse patroon aan te moedig, het groot teenstand uitgelok van 'n groepie jong politikoloë onder leiding van Austin Ranney, die toenmalige redakteur van die *American political science review*. Ranney (1962, p.161) se besware teen die verslag was tweërlei. Ener syds het hy betoog dat die Komitee se aanbevelings nie in orde is nie omdat dit sekere kenmerke van die Amerikaanse politieke stelsel nie in aanmerking neem nie. Hy het die oortuiging uitgespreek dat die Amerikaanse politieke stelsel baie beter is as wat die Komitee bereid was om te erken en dat dit oor eienaardighede beskik wat die stelsel beter laat werk as enige ander stelsel wat ingevoer of plaaslik gekonstrueer kan word. Andersyds het hy die standpunt ingeneem dat politikoloë nie aanbevelings vir die verandering van die Amerikaanse politieke stelsel moet maak alvorens hulle seker gemaak het dat hul eie modelle in orde is nie. Voorts beveel hy aan dat politikoloë liever oor die Amerikaanse politiek moet *teoretiseer* as om dit te probeer verander.

Daarmee, meen Surkin en Wolfe (1969, p.46), is die grondslag gelê vir die onkritiese aanvaarding van die *status quo* deur die behavioralistiese Staatsleer: "The result ... has been the institutionalization of a political science which justifies everything in the American political system as unique and workable and condemns any attempt to change it". Die taak van die Staatsleer, so het die behavioraliste gemeen, is om die Amerikaanse politieke stelsel te beskryf soos dit is en

nie om aanbevelings te maak oor hoe dit behoort te wees nie. Boonop is aanvaar dat die Amerikaanse politieke stelsel basies goed is en dat dit geen behoefte aan radikale, dit is strukturele, verandering het nie. Surkin en Wolfe (1969, p.47-49) noem 'n hele aantal voorbeelde van instellings en gebruike in die Amerikaanse politieke stelsel wat deur die behavioralistiese positief aanvaar word op grond van ideologiese vooroordeel eerder as op wetenskaplike gronde. Verwysend na Dahl (1967, p.138-139) en Lane (1965, p.890) se optimistiese beskouing oor die stand van die demokrasie in die Verenigde State en die vermoë van die Amerikaanse politieke stelsel om die rassevraagstuk demokraties op te los, konkludeer Surkin en Wolfe (1969, p.50): "... their predictions were based more on the ideological perspective out of which they were writing than the 'scientific' evidence they mustered in support of them". Wat deur behavioralistiese demokratiese prosesse geloof word, byvoorbeeld die verskillende fasette van die presidentsverkiezing, is vir enige objektiewe waarnemer voorbeelde van bedenklike demokratiese prosesse, aldus die kritici. Verder maak hulle melding van "... the new alliance between the military-industrial research and the academy" en van die feit dat die Amerikaanse Staatsleer amptelik verbind is aan navorsingsprojekte van die *Central Intelligence Agency* en die Departement van Verdediging. So laat die Staatsleer volgens hulle homself gebruik vir die bestendiging van die heersende institusionele en ideologiese belange in die Verenigde State.

Surkin en Wolfe se standpunt kom dus daarop neer dat die konserwatiewe vooroordeel van die behaviorisme daar is vir elkeen om te sien. Die vooroordeel bestaan daarin dat die behavioralistiese dink en werk binne die raamwerk van die aan-

vaarding van die *status quo*. Hulle gebruik behavioralistiese metodes om te bewys wat die ideologie van die bestaande orde wil hê hulle moet bewys, byvoorbeeld dat massademokrasie ongesond en onwenslik is en dat die bestaande vorm van pluralistiese elite-demokrasie verreweg die beste vorm van demokrasie is. Die pluralisme-ideologie se dogma van *stabiliteit* het ook die sentrale uitgangspunt van die behavioralistiese Staatsleer geword.

Bay (1965) illustreer hierdie beweerde konserwatiewe vooroordeel deur te verwys na die werke van 'n paar leidende behavioraliste. Hy bespreek naamlik onder andere Berelson e.a. se werk *Voting: a study of opinion formation in a presidential campaign* (1954). Mens sou verwag, sê hy, dat in 'n werk van hierdie aard en omvang die skrywers pertinente vrae sou stel oor die mate waarin die Verenigde State oor 'n demokratiese politieke proses beskik of ten minste oor die mate waarin die Verenigde State in staat is om demokraties te wees. Van so 'n vraagstelling is daar egter geen sprake nie: "Instead the authors make the happy discovery that the system of democracy that we have 'does meet certain requirements for a going political organization'; indeed, as it is said just before, 'it often works with distinction'" (Bay, 1965, p.43). Die skrywers evalueer die bestaande politieke stelsel positief, maar hulle gee geen aanduiding van die maatstaf wat hulle gebruik het om tot die gevolgtrekking te kom dat die bestaande stelsel dikwels met onderskeiding werk nie. Dat hulle egter die bestaande orde self as maatstaf gebruik het, blyk volgens Bay (1965, p.43) uit 'n oortuiging wat hulle aan die einde van die boek uitspreek. Op p.323 van hulle boek maak die skrywers die stelling dat die ontwikkeling van 'n houdbare demo=

kratiese teorie "... will arise only from hard and long observation of the actual world of politics." Die bestaande politieke wêreld is volgens hulle dus die enigste grond vir die ontwikkeling van 'n houdbare politieke teorie, ook in 'n normatiewe sin. Die bestaande orde word normatief, aldus Bay.

As dit is wat Berelson, Lazarsfeld en McPhee bedoel het - en uit die betrokke werk is dit duidelik dat dit die geval is - kan daar min twyfel wees dat die betrokke skrywers inderdaad vanuit die filosofie van die bestaande orde opereer en dat Bay se beskuldiging van konserwatiewe vooroordeel nie ongegrond is nie.

'n Ander voorbeeld wat deur Bay (1965) behandel word, is Dahl se bekende werk *A preface to democratic theory* (1965). Hy be= toog dat Dahl, in ooreenstemming met die behavioralistiese metode, voorgee dat hy bloot beskrywend te werk gaan en nie probeer bepaal of die Amerikaanse politieke stelsel 'n goeie of 'n slegte stelsel is nie. Aan die einde van die boek, sê hy, doen Dahl egter presies wat hy gesê het hy nie wil doen nie. Hy evalueer, hoewel op bedekte wyse, die Amerikaanse po= litieke stelsel, en wel positief. Dahl se metodologie maak egter nie daarvoor voorsiening nie; sy beskrywende metode vereis dat hy nie waarde-oordele uitspreek nie. Trouens, vol= gens die behavioralistiese metodologie is dit logies onmoont= lik om waarde-oordele uit feite af te lei. Tog sien Dahl kans om die waarde-uitgangspunte van twee tipes demokrasie (die Madison-tipe en die massademokrasie) negatief te waardeer en dié van "the American hybrid" positief te waardeer, aldus Bay (1965, p.43). Die redes vir sy keuse is egter deurgaans baie

vaag, ongemotiveer en implisiet. Dahl is nie bereid om sy eie normatiewe uitgangspunt, wat baie duidelik waarneembaar is, eksplisiet te maak nie. Dit bring Bay (1965, p.44) tot die gevolgtrekking "... that Dahl in this particular context behaves like most political behavioralists: he feels he can permit himself to write normatively about political purposes, it would seem, only if they are stated in terms of 'democracy' and are reasonably indeterminate, lest the suspicion should arise that he is pleading for some politically partisan position. Thus, a demeanor of scientific objectivity is maintained, and so is a persistently implied commitment to a certain political bias, which favors democracy roughly as it now exists in the West or in this country."

Bay se standpunt, wat met sy behandeling van enkele outeurs geïllustreer word, kom daarop neer dat die behavioraliste, ten spyte van hulle metodologiese uitgangspunt van waardevryheid, die filosofie van die bestaande orde aanvaar en op 'n bedekte wyse - soms ook nie so bedek nie - optree as apologete vir dié filosofie. Soos Bay (1965, p.42) dit stel: "It is paradoxical that some of the leading behavioral writers on *democracy* continue to write as if they want to have it both ways: to be rigorously value-neutral and at the same time be impeccable champions of conventional pluralist democracy". Hulle wil gelyktydig goeie positivistes en goeie demokrate wees. Ten einde die twee te versoen, word die vrae wat vir die positivistiese wetenskapsideaal 'n verleentheid sal wees, bloot van die agenda gehaal sonder om die demokratiese ideaal self prys te gee. Die resultaat is 'n dissipline wat onder dekking van die neutraliteitspostulaat optree ten behoeve van die heersende politieke stelsel en sy filosofie, naamlik die

belangegroep-liberalisme.⁴⁾

Voorbeelde van die dienstigheid van die behavioralistiese Staatsleer word deur die kritici opgestapel. Die vraag is egter: hoe verklaar hulle hierdie dienstigheid aan die bestaande orde?

3.2 Oorsake van konserwatiewe vooroordeel

Die post-behavioralistiese kritici voer verskillende redes aan vir die behavioralisme se beweerde konserwatiewe vooroordeel. By nadere ondersoek blyk dit egter dat al die redes wat aangebied word, met mekaar verband hou in die sin dat almal op een of ander wyse in verband staan met die behavioralisme se metodologie.

3.2.1 Trivialiteit en irrelevansie

Een van die belangrikste redes wat aangevoer word, is die beweerde trivialiteit en irrelevansie van die behavioralistiese navorsing. Die argument van die kritici lui dat navorsing wat triviaal en irrelevant is, nie-kontroversieel is, en nie-kontroversiële navorsing is geneig om die bestaande orde te ondersteun. Sulke navorsing, word gesê, laat dinge soos dit is omdat dit niks sê wat die moeite werd is om enige optrede op te baseer nie (Toburen, 1974, p.65).

Oor die kwessie van die trivialiteit en irrelevansie van die behavioralisme is die post-behavioraliste baie uitgesproke, en hulle toon dit aan as een van die belangrikste motiewe agter die stigting van die *Caucus for a New Political Science*.

Dolbeare (1970, p.86) vertolk die algemene gevoel van die kritici as hy opmerk: "Most of the empirical research done by political scientists in the last decades is irrelevant to the great policy problems of the twentieth century; a good proportion of it merely endorses the status quo and/or promulgates benevolent images of 'American democracy'". Die kritici wys daarop dat die behavioralistiese Staatsleer nie sy navorsing gerig kry op die werklik belangrike en kwellende politieke vraagstukke nie (McCoy en Playford, 1967, p.9). Behavioraliste bly vassteek in navorsing wat niksseggend en irrelevant is. Die rede hiervoor, sê Toburen (1974, p.62-65), is dat navorsingsprobleme gekies word op grond van die beskikbaarheid en kwantifiseerbaarheid van materiaal en nie op grond van wetenskaplike relevansie nie. Die behaviorisme se aandrag op metodiese presiesheid het die opvatting laat posvat dat 'n goeie navorsingsprojek een is wat uitloop op een of ander vorm van statistiese analise. Oor die samelewing kan dus niks wetenskapliks gesê word as dit nie in die vorm van syfers gesê kan word nie.⁵⁾

Verskeie kritici gebruik die behavioraliste se studies oor verkiesings om hierdie punt te illustreer. 'n Goeie voorbeeld hiervan is Edelman (1970), wat betoog dat verkiesingstudies die afgelope aantal jare 'n buitengewoon groot ontwikkeling beleef het, wat toegeskryf moet word aan die feit dat data in verband met verkiesings sigself leen tot statistiese ontleding. Dit bied baie ruimte vir die bevrediging van die behavioraliste se obsessie met kwantifisering. Gevolglik is die fynste denkbare formules en tegnieke in hierdie verband ontwikkel.

Edelman (1970, p.362) wys daarop dat behavioralistiese studies oor die stemgedrag van kiesers self aan die lig gebring het dat verkiesings nie so 'n belangrike rol in die politieke proses speel as wat in die verlede daaraan toegeskryf is nie. Hierdie studies het naamlik getoon dat daar ernstige bedenkinge bestaan oor die demokratiese sentimente, kennis en vlak van die politieke aktiwiteit van die gemiddelde Amerikaanse burger. Aan die ander kant ontstaan daar ook ernstige bedenkinge oor die regering se toerekenbaarheid: die wetgewende, uitvoerende en regsprekende organe steur hulle nie veel aan verkiesingsuitslae nie. Dit beteken dat verkiesings nie juis 'n belangrike faktor in die politieke proses is nie. Informele bedinging tussen belangegroepe speel in die Amerikaanse politieke stelsel 'n veel belangriker rol. Nogtans gaan die behavioraliste voort met die studie van verkiesings asof dit van kardinale belang is. Die resultaat hiervan, sê Edelman (1970, p.363), is tweërlei. In die eerste plek sorg dit daarvoor dat ander belangriker probleme die aandag van die behavioraliste ontsnap. Daarmee bedoel hy probleme soos die invloed van georganiseerde misdaad op die politieke besluitnemingsproses en die invloed van die groot geldmag ("big business") op die regering deur informele kanale. Tweedens, en dit is die belangrikste, volg dat die behavioraliste in hulle verkiesingstudies die naïewe weergawe van die Amerikaanse demokrasie aanvaar. Toburen (1974, p.69) stel dit soos volg: "In effect, if not in fact, the overemphasis on electoral research in political science accepts the civics book picture of American democracy". Daarmee word bedoel die opvatting dat regeringsbeleid inderdaad deur verkiesingsuitslae bepaal word, dat die kiesers inderdaad die laaste sê in beleidsbeslissings het en dat die Verenigde State die toonbeeld van die demokra-

tiese regeringstelsel is.

Die kritiek voer dus hier aan dat die behavioralistiese Staats= leer, met sy klem op verkiesingstudies, in belang van die be= staande magstrukture optree. En die rede is epistemologies: verkiesingstudies is gerieflik; dit is makliker om die uit= gangspunte van die stelsel te aanvaar en jou dan op die beson= derhede, wat kwantifiseerbaar is, toe te spits as om die uit= gangspunte self te bevraagteken. Dit is dus die behaviora= lisme se obsessie met feiteversameling, gekwantifiseerde data en metodologiese presiesheid wat uitloop op 'n konserwatiewe vooroordeel ten gunste van die bestaande orde. Steintrager (1971, p.319) som die situasie raak op as hy opmerk: "Viewed most generally, there is a constant movement between, on the one hand, a love of gadgetry and tinkering, an admiration for complex machines even if used for trivial purposes, and, on the other hand, a love of abstract, elegant, geometric theo= ries, which seem to many to have nothing to do with reality". Hierdie trivialiteit en irrelevansie dan, volgens die post= behavioraliste, lewer 'n dissipline op wat niks sê oor die werklike probleme van die Amerikaanse samelewing nie en in sy swye 'n apologet van die bestaande orde is.

3.2.2 Waardevryheid

Daar is volgens die kritici egter ook 'n ander rede vir die behavioralisme se konserwatiewe vooroordeel, naamlik sy ge= loof in waardevryheid. Die behavioraliste, so lui die argu= ment, glo dat waardevre wetenskap moontlik is en dat hulle empiristiese metodologie inderdaad die beoogde waardevryheid

realiseer. Tog vorm waarde-oordele 'n onontwykbare, hoewel on-
erkende, deel van die behavioralisme wat nooit openlik en kri-
ties ondersoek word nie.

Waardes wat onder die vermomming van waardevryheid en objek-
tiwiteit bedek en on-ondersoek bly, is geneig om die waardes
van die bestaande orde te reflekteer. In die afwesigheid van
algemeen wysgerige uitgangspunte verskaf die bestaande poli-
tieke orde daardie uitgangspunte in verband met die mens en
die samelewing wat die behavioralistiese navorsing rig. Der-
halwe is die goedheid van die stelsel veronderstel in enige
navorsing of teoretisering oor die stelsel (Wolin, 1969,
p.1064). Die behavioralisme het, op grond van die geloof in
die logiese verskil tussen feite en waarde-oordele, afstand
gedoen van alle morele en "ideologiese" kritiek. Dit lei
noodwendig tot wat Schaar (1970, p.280) noem "... the grossest
of all logical and practical errors, the idealization of the
actual". As daar geen norm erken word waarmee die bestaande
orde beoordeel kan word nie, is dit logies dat die bestaande
orde mettertyd self as norm sal dien. Daarmee is die weg na
en die denke oor alternatiewe vir die bestaande orde effektief
versper. Trouens, dit maak die soeke na alternatiewe irrele-
vant.

Hierdie argument kom daarop neer dat die behavioraliste se
uitskakeling van waarde-oordele hulle as't ware die gewillige
diensknegte van die bestaande orde maak, veral as die bestaan-
de orde oorvloedige finansiële steun vir hulle navorsing ver-
skaf (Steintrager, 1971, p.303).

Wolin (1968) gebruik Kuhn se paradigmatheorie om hierdie intieme verhouding tussen die behavioralisme en die bestaande orde te verklaar.⁶⁾ Hy is naamlik daarvan oortuig dat politieke teorieë deur die eeue (byvoorbeeld dié van Plato, Aristoteles, Machiavelli, Hobbes, Locke en Marx) die beste verstaan kan word as paradigmas.⁷⁾ Elk van dié teorieë was op sy tyd 'n nuwe wyse van kyk na die politieke werklikheid; elke een het 'n nuwe definisie verskaf van wat noodsaaklik is om die politieke werklikheid te verstaan; elkeen het sy eie metodes gespesifiseer vir die verstaan van die politieke werklikheid en elkeen het, eksplisiet of implisiet, slegs bepaalde antwoorde aanvaar op die probleme wat as legitieme probleme beskou is. Die studie van die politieke werklikheid is dus van die vroegste geskiedenis van die dissipline af op intieme wyse bepaal deur die politieke wêreldbeeld wat op 'n bepaalde tyd aanvaar is. Elk van die "groot" politieke teorieë het gedien as 'n soort meester-paradigma wat deur ander skrywers verder ontgin is op 'n wyse wat vergelyk kan word met Kuhn se idee van "normal science".

Hy is egter bewus daarvan dat die geskiedenis van politieke teorieë nie presies analoog is aan Kuhn se weergawe van die opeenvolging van natuurwetenskaplike teorieë nie. Die anomalieë en daaropvolgende krisis wat tot 'n "paradigm switch" lei, kom binne 'n gemeenskap van wetenskaplikes voor, terwyl die groot politieke teorieë ontstaan het uit werklike samelewingskrisisse.⁸⁾ Hoewel Wolin daarvan bewus is dat Kuhn se teorie vir 'n baie spesifieke konteks ontwerp is, is hy van mening dat dit tog toepasbaar op die Staatsleer is indien die politieke gemeenskap self as 'n paradigma van 'n operasionele aard beskou word. Die geheel van 'n bepaalde gemeenskap se

instellings, praktyke en gebruike vorm 'n paradigma in die sin dat die betrokke gemeenskap probeer om sy politieke lewe in ooreenstemming daarmee te reël. Die politieke gemeenskap beskik, soos die wetenskaplike gemeenskap, oor die instrumente wat nodig is om die paradigma af te dwing. Enige wetenskaplike studie wat nou in dié politieke gemeenskap onderneem word, sal beweeg tussen die bakens van die politieke wêreldbeeld waarop daardie gemeenskap gebaseer is. Normale wetenskap sal dan beteken dat die gemeenskapsparadigma uitgebrei word na die wyse waarop dié wetenskap die gemeenskap bestudeer.

Toegepas op die Amerikaanse situasie, sien hy die opvallendste kenmerk van die behavioralistiese Staatsleer as dié se aanvaarding van die heersende "politieke paradigma" as verwysingsraamwerk en bron van probleemstellings. Die meeste probleme waarmee die behavioraliste hulself besig hou, is slegs probleme omdat die heersende politieke paradigma suggereer dat dit probleme is.⁹⁾ Dit bring hom tot die gevolgtrekking dat "... political behavioralism, like normal science, proceeds by an understanding of the world as defined by the dominant paradigm" (Wolin, 1968, p.152). Hy beweer nie dat die heersende politieke paradigma die navorsingsmetodes van die Staatsleer eksplisiet spesifiseer nie, maar is tog van mening dat dit wel die "criteria of significance" van die dissipline beïnvloed, dit wil sê die riglyne neerlê vir wat as noodsaaklike, bruikbare en relevante navorsing aanvaarbaar is.

Wolin se standpunt, gegrond op Kuhn se paradigmatheorie, kom dus daarop neer dat daar 'n noodsaaklike verband tussen die behavioralisme en die bestaande orde is. Laasgenoemde se konserwatisme is dus logies noodwendig. 'n Konsekwensie van

dié standpunt is egter dat enige politieke wetenskap wat as "normal science" beoefen word, konserwatief sal wees omdat dit opereer binne die raamwerk van die aanvaarding van die heersende politieke paradigma. In tye van normale wetenskap is 'n politieke wetenskap wat krities teenoor die bestaande orde ingestel is, dus in beginsel onmoontlik. Of Wolin hier= die konsekwensie van sy standpunt begryp, is nie duidelik uit die geskifte wat van hom hanteer is nie.

Albei redes wat aangevoer word vir die konserwatiewe vooroor= deel van die behavioralisme, kan herlei word tot die behavio= ralisme se metodologie. Die beweerde trivialiteit en irrele= vansie van die behavioralisme spruit direk voort uit 'n be= hepthed met die sintuiglik waarneembare werklikheid en kwantifiseerbare data. En die behavioralisme se waardevr= heidsidee, wat berus op die logiese skeiding van feite en waarde-oordele, lei onvermydelik tot 'n implisiete aanvaar= ding van die bestaande orde omdat dit die vraag na die meriete van die bestaande orde opskort.

Daar kan min twyfel bestaan oor die feit dat die behavioralis= me (soms implisiet, soms eksplisiet) simpatiek staan teenoor die bestaande politieke orde. Die redes wat die post-behavioral= iste vir hierdie toedrag van sake aangee, is hoofsaaklik metodologies van aard. Enersyds is dit 'n gevolg van die irrelevansie van die behavioralistiese navorsing en andersyds as gevolg van die empiristiese metodologie waaraan die dimen= sie van kritiek ontbreek. Albei is op sigself grondige redes, hoewel dit 'n ope vraag is of relevansie in die sin wat hulle dit bedoel, 'n norm vir wetenskaplike navorsing behoort te wees. En, soos in Hoofstuk 2 reeds aangetoon, impliseer 'n

metodologie wat die primaat aan sintuiglike waarneming toeken, dat dit in beginsel onmoontlik is om langs wetenskaplike weg 'n totaal nuwe konsepsie van die politieke werklikheid te ontwikkel. Die werklikheid kan volgens dié beskouing slegs verstaan word soos dit is; hoe dit behoort te wees, val buite die reikwydte van die empiristiese metodologie. In die behavioralistiese Staatsleer is daar dus, vanweë die empiristiese metodologie, inderdaad 'n subtiële dog kragtige vooroordeel ten gunste van die bestaande orde aanwesig. Die afwesigheid van fundamentele kritiek is in hierdie geval sinoniem met die aanvaarding van die bestaande orde. Wat egter nie duidelik in die kritiek na vore kom nie, is die dieper ontologiese gronde van die behavioralisme se konserwatisme wat in Hoofstuk 2 aangedui is. Die behavioralisme is naamlik nie net die resultaat van 'n bepaalde werklikheidsbeskouing nie; dit is die resultaat van *dieselfde* werklikheidsbeskouing waarvan die bestaande orde die vergestaltung is, naamlik die sogenaamde wetenskaplike wêreldbeskouing of die scientisme. Die band tussen die behavioralisme en die bestaande orde is dus méér as metodologies.

3.3 Samevatting

Die post-behavioraliste is dus daarvan oortuig dat die behavioralistiese Staatsleer as wetenskap van die politiek faal in die sin dat dit die belange van die bestaande orde gewilliglik bevorder. In plaas van die bestaande orde krities te evalueer en die weg aan te dui na alternatiewe, laat die Staatsleer hom gebruik om die gevestigde belange in die Amerikaanse samelewing te rugsteun. Die behavioralisme kan maklik

die rol van lakei van die bestaande orde speel, want sy metodologie maak hom uitnemend geskik vir so 'n rol. Sy beheptheid met die sintuiglik waarneembare werklikheid wat uitgedruk moet word in gekwantifiseerde data, tesame met die waardevryheidsidee, lei onvermydelik tot aanvaarding van die bestaande orde. Die goedheid van die bestaande orde word voorveronderstel in die empiristiese metodologie.

Die implikasie van dié standpunt is dat die verhouding tussen die Staatsleer en die samelewing anders moet en kan wees. Hierdie verhouding is egter 'n erg problematiese saak. Daarvoor word ook verskillende standpunte onder post-behavioralistes aangetref. Dit is dus gerade om hierdie hele kwessie van die verhouding tussen die Staatsleer en die samelewing, soos die post-behavioralists dit sien, volledig te behandel - 'n taak wat in die volgende hoofstuk onderneem word.

4. Die kritiek in perspektief

Uit die standpunte van die post-behavioralists wat hierbo weergegee is, is dit duidelik dat hulle probeer om in te speel op die twee belangrikste uitgangspunte van die behavioralistiese Staatsleer, naamlik sy ideale van "wetenskaplikheid" en waardevryheid.

Deur die behavioralisme te konfronteer met sy eie resultate betoog die kritici dat die ideaal van wetenskaplikheid misluk, in dié mate waarin verkeerde metodologiese en politiek-filosofiese uitgangspunte sorg dat 'n skewe en onvolledige beeld van die politieke werklikheid geproduseer word. Soos

aangetoon, het die kritici meestal die wetenskaplike houdbaarheid van 'n hele aantal behavioralistiese teorieë nogal baie effektief bevraagteken. Deur die inherente aangetrokkenheid van die behaviorisme tot die bestaande orde bloot te lê, het die kritici ook heel duidelik geïllustreer dat die sogetoemde waardevryheid van die behaviorisme niks anders as 'n mite is nie. Onder dekking van die vlag van ideologiese neutraliteit, so word aangetoon, bevorder die behavioralistiese Staatsleer ywerig die belange van die heersende magte.

Die slotsom waartoe die post-behavioraliste geraak, is dat die mislukking van die behaviorisme op hierdie twee belangrike fronte daarvoor verantwoordelik is dat dit faal as wetenskap van die politiek. Die resultaat van die beoefening van die Staatsleer binne die behavioralisties-pluralistiese paradigma is dat 'n skewe en onvolledige beeld van die politieke werklikheid geskep word en dat die dissipline, in plaas van die weg aan te dui na 'n beter samelewing, optree as lakei en apologet van die bestaande ondemokratiese politiek-ekonomiese orde.

Hoewel hierdie sienswyse as immanente kritiek op die behaviorisme skitterende momente bevat, hang daar tog groot vraagttekens oor die post-behavioraliste se eie visie op die Staatsleer wat daarin geïmpliseer is. Daar is byvoorbeeld hierbo aangetoon dat die soort ideologies bepaalde wetenskap wat hulle kritiek by implikasie vereis, geen waarborg vir houdbarder wetenskaplike resultate verskaf nie en dat dit in beginsel nog presies dieselfde situasie oplewer as wat hulle by die behavioraliste kritiseer. Die vraag is ook gestel of 'n kritiese politieke wetenskap hoegenaamd moontlik is in terme

340

van die paradigma-konsep waarmee hulle so graag werk. Om hierdie en ander vrae meer afdoende te beantwoord, is dit egter noodsaaklik dat die post-behavioralistiese eie tetiese standpunt nou aan die orde gestel word.

A A N T E K E N I N G E

1. Hierdie behavioralistiese teorieë is in Hoofstuk 2 verduidelik.
2. Uitsprake in hierdie verband is legio. 'n Paar voorbeelde is die volgende:

- * "... not only does it (d.i. die skeiding tussen feite en waarde-oordele) make the discipline of political science 'irrelevant' but also induces it, directly or indirectly, to accept and support the existing arrangements of society" (Somjee, 1971, p.462-463).
- * "Political science ... was by and large devoted to perpetuating the dominant institutional and ideological interests of American society" (Surkin en Wolfe, 1970, p.3).
- * "Scientific political science, with its elitist theory

of democracy, is a lackey of the purportedly liberal democratic establishment" (Steintrager, 1971, p.301).

3. AMERICAN POLITICAL SCIENCE ASSOCIATION. Committee on Political Parties. 1950. Toward a more responsible two party system. New York, Rinehart.

4. Bay noem 'n aantal voorbeelde van instellings en gebruike van die bestaande orde wat deur behavioraliste aanvaar word: "... the political system of Chicago under Mayor Daley, the system of nominating the major party candidates for President, patronage, the internal structure of oligarchic interest groups, the committee system in Congress, the seniority system in Congress, the electoral college, the Central Intelligence Agency, low voter turnout in elections, the nature of the discussion in American political campaigns, malapportionment, and decision-making by large bureaucracies. As for the converse, political scientists have taken it upon themselves to criticize as destructive and unrealistic a variety of movements toward change in American politics, whether they be as ameliorative as the more responsible political parties mentioned above, as moderate as reform clubs in local areas, or as radical as movements designed to change the system." Elke voorbeeld word met 'n literatuurverwysing ondersteun.

5. Vir 'n ontleding en evaluering van hierdie toedrag van sake, kyk Marshall (1978).

6. Hieruit moet nie afgelei word dat Wolin van mening is dat die gebeure in die Staatsleer volledig in terme van Kuhn se paradigmatheorie verklaar kan word in die sin dat die behavioralisme 'n egte paradigma is nie. In die behavioralisme, sê hy, is daar geen dominante teoretiese paradigma soos deur Kuhn

se teorie vereis word nie. Daar is wel 'n aantal kompeterende teorieë, byvoorbeeld die stelselteorie, die funksionalisme, die groepteorie, ens. Tog is daar in die behavioralisme "some guiding assumptions or framework", wat Wolin (1969, p.1064) die "ideological paradigm" noem, dit is die politieke filosofie waarvan die politieke stelsel die uitdrukking is. Dit kan dus ook die heersende politieke paradigma genoem word.

7. Hulle is dus die teenhangers van Galileo, Harvey, Newton, Laplace, Faraday en Einstein wat Kuhn gebruik om die opeenvolging van paradigmas in die natuurwetenskap te illustreer.

8. Wolin (1968, p.148) merk in hierdie verband op: "... the paradigms of Machiavelli, Bodin, Harrington, Hobbes, Locke, Tocqueville, and Marx were produced by a profound belief that the world had become deranged... theories were offered as symbolic representations of what society would be like if it could be reordered."

9. Wolin (1968, p.512) noem voorbeelde van probleme waarmee behavioraliste hulle hoofsaaklik besig hou en wat slegs probleme is binne die konteks van die heersende politieke paradigma: "What determines the attitudes and preferences of voters? What accounts for the apathy of voters? What is the functional value of non-participation? To what extent do political élites dominate decision-making and to what degree are they responsive to the citizenry? What effect does membership in many and often conflicting groups have on the stability of the political system?" Hierdie vrae is, volgens Wolin, slegs relevante vrae in die konteks van 'n liberaal-demokratiese, pluralistiese politieke orde.

Hoofstuk 7

KONTOERE VAN DIE "NUWE" STAATSLEER

1. Inleiding

Die post-behavioraliste het nie net gekritiseer nie. Trouens, hulle was sterk oortuig van die beperkings van hulle kritiek teen die behavioralisme en van die noodsaaklikheid om iets nuuts tot stand te bring.¹⁾ Surkin en Wolfe (1970) proklameer byvoorbeeld die einde van die ortodokse (d.i. behavioralistiese) Staatsleer as noodsaaklike voorwaarde vir die totstandkoming van 'n "nuwe" Staatsleer. Kariel (1972) bied die eerste stappe aan van wat hy noem die "re-establishment of political science" en Spragens (1973) probeer die fondament lê van wat hy noem "a post-behavioral science of politics." Spragens (1973, p.138) praat in hierdie verband dan ook inderdaad van 'n paradigma: 'n nuwe paradigma wat vir die Staatsleer tot stand gebring moet word.

Om 'n alternatiewe metodologiese en wetenskapsfilosofiese grondslag - 'n nuwe paradigma in die algemene sin van die woord - vir die Staatsleer uit te werk, is geen maklike taak nie. Parallel met hulle kritiek teen die metodologiese en politiekfilosofiese grondslae van die behavioralisme, wat in Hoofstukke 4 en 5 behandel is, het die post-behavioraliste, hoe vaag en voorlopig ook al, egter begin om die weg na 'n alternatief te probeer aandui. Die "nuwe" Staatsleer vereis egter nie net metodologiese en politiekfilosofiese alternatiewe nie. Daar is ook, volgens die post-behavioraliste, 'n nuwe visie nodig op die taak of rol van die Staatsleer in die breër

politieke gemeenskap. Parallel met die kritiek teen die behavioralisme se beweerde dienstigheid aan die bestaande orde, wat in die vorige hoofstuk behandel is, het die post-behavioraliste ook bepaalde opvattinge in verband met die verhouding tussen die Staatsleer en die politieke samelewing ontwikkel. Hulle stel naamlik vir die Staatsleer 'n kritiese in plaas van 'n konserwatiewe rol ten opsigte van die samelewing in die vooruitsig. Die oogmerk van hierdie hoofstuk is om, naas die metodologiese en politiekfilosofiese alternatiewe, ook aandag te gee aan hierdie opvatting van 'n kritiese rol van die Staatsleer. Dit is waarskynlik die aspek van die post-behavioralistiese rewolusie waaroor daar die grootste mate van konsensus bestaan.

In hierdie hoofstuk sal daar dus sake aangesny word wat reeds aan die orde was. Dit kan ook nie anders nie, want die alternatiewe wat die post-behavioraliste aanbied, is reeds geïmpliseer in die kritiek wat in Hoofstukke 3 tot 6 behandel is. Dit is ook noodsaaklik om die drade as't ware saam te vat, want hierdie hoofstuk wil dien as 'n soort samevattende karakterisering van die positiewe standpunte van die post-behavioraliste met die oog op die beantwoording van die vraag of die post-behavioralistiese rewolusie inderdaad 'n oplossing vir die krisis in die Amerikaanse Staatsleer bied.

2. Metodologiese alternatiewe

Soos in Hoofstuk 4 aangetoon, is die kritici verenig in hulle verwerping van die behavioralisme se positivisties-empiristiese metodologie. Hoewel dié metodologie vanuit verskillende wysgerige rigtings beoordeel word, kan daar drie hoofaan-

valsfronte onderskei word, naamlik gedrag as basiese ontledingseenheid van die dissipline, die behavioralistiese metode in enger sin en, in verband daarmee, die besondere problematiek van wetenskaplike objektiwiteit. Dit is dus vanselfsprekend dat die post-behavioraliste se alternatiewe rondom hierdie selfde drie fasette gevind sal word.

Hoewel dit streng gesproke nie 'n metodologiese kwessie is nie, moet daar eers aan die voorvraag in verband met die keuse van 'n basiese ontledingseenheid vir die Staatsleer aandag gegee word.

2.1 Gedrag as basiese ontledingseenheid

Sover vasgestel kon word, is daar geen post-behavioralis wat gekant is teen die bestudering van politieke gedrag as sodanig nie. Daar kan in hierdie verband veral twee standpunte onderskei word. Die eerste is van diegene soos Christian Bay en Lewis Lipsitz, wat nie ongeneë is om politieke gedrag as deel van die politieke werklikheid te bestudeer nie, maar wat nie bereid is om dit as basiese ontledingseenheid vir die Staatsleer te aanvaar nie. In die plek van politieke gedrag wil hulle "human needs" neem as basiese vertrekpunt.²⁾ Tweedens is daar diegene wat bereid is om gedrag as basiese ontledingseenheid te aanvaar op voorwaarde dat gedrag nie bloot in empiristiese terme opgevat word nie. Die beste voorbeeld hiervan is die groepie post-behavioraliste wat aan die fenomenologie georiënteer is. Laat ons nou elk van hierdie twee tipes alternatiewe afsonderlik bekijk.

2.1.1 "Human needs" in plaas van politieke gedrag

Bay (1965, p.39) is nie gekant daarteen dat politieke gedrag bestudeer word nie. Hy is wel gekant daarteen dat politieke gedrag die fokuspunt of teoretiese kern van die Staatsleer vorm. Al wat hy wil hê, sê hy, is dat "an intellectually more defensible and a politically more responsible theoretical framework" gevind word as gids vir die dissipline se empiriese werk. Hierdie alternatiewe uitgangspunt kan, volgens hom, niks anders as "human needs" wees nie. Die grond van Bay se beskouing is sy besondere opvatting van die wese van *politiek*. Hy onderskei naamlik tussen wat hy noem "politics" en "pseudo-politics".

Politiek definieer hy as "... all activity aimed at improving or protecting conditions for the satisfaction of human needs and demands in a given society or community, according to some universalistic scheme of priorities" (Bay, 1965, p.40). Hiervolgens is *politiek* daardie aktiwiteit binne 'n gemeenskap wat gerig is op die verwydering van hindernisse wat in die weg staan van vrye menslike ontwikkeling. Die sin van die *politiek* is die maksimisering van individuele vryheid. Alle politieke gedrag en politieke strukture moet getoets word aan hierdie norm, wat die publieke belang genoem kan word.

Pseudo-politiek, aan die ander kant, is volgens Bay (1965, p.40) daardie aktiwiteit in die gemeenskap wat soos *politiek* lyk omdat dit in die *vorm* van politieke aktiwiteit is, maar wat wesenlik bestaan uit "... either the alleviation of personal neuroses or ... promoting private or private interest group advantage, deterred by no articulate or disinterested

conception of what would be just or fair to other groups". Pseudo-politiek word dus, volgens Bay, gekenmerk deur die geringheid van die aktiwiteit op privaat belange, terwyl egte politieke aktiwiteit dit is wat genormeer word deur die publieke belang.

Die sonde van die behavioralisme is nou volgens Bay (1965, p.41) dat, as gevolg van die skeiding tussen feit en norm, die publieke belang as norm vir politieke gedrag nie begryp en dus ook nie erken word nie. Die behavioraliste het die normatiewe basis van politieke gedrag heeltemal uitgeskakel uit die *scopus* van hulle wetenskaplike ondersoek. Daarmee verbind hulle hulself by implikasie aan die pseudo-politiek, want ook dié laat hom nie lei deur die norm van die publieke belang nie. Deur slegs die politieke toneel te beskryf soos dit is en dit nie normatief te benader nie, erken en bestendig die behavioralisme die heersende politieke orde in die Verenigde State, wat 'n uitdrukking van die pseudo-politiek is in dié sin dat die pluralisme of belangegroep-liberalisme gebaseer is op ontkenning van die publieke belang van die politieke gemeenskap.

Om politiek in sy volle betekenis te begryp, sê Bay (1965, p.41) is dit noodsaaklik om ook die normatiewe aspek van die politiek te ondersoek. Die feite van die politieke werklikheid (wo. ook politieke gedrag) moet bestudeer word in terme van die publieke belang. Politieke gedrag en politieke verskynsels in die algemeen moet geëvalueer word in terme van hul betekenis vir die verwesenliking van die mens se behoeftes in die sin van die publieke belang - dit is "... the study of the relation of political forms to basic needs and to li-

berty" (Bay, 1965, p.50). In hierdie sin moet "human needs" as die sentrale rigtinggewende faktor in die dissipline aanvaar word. Dit beteken dat die Staatsleer gefokus moet word op die studie van hoe die verskillende regeringsfunksies in verband staan met die bevrediging van menslike behoeftes³⁾ (Bay, 1965, p.50).

Hierdie sienswyse veronderstel natuurlik dat daar 'n duidelike teorie van "human needs" moet wees. En gelukkig is daar in die Psigologie, sê Bay (1965, p.48), reeds 'n begin gemaak met so 'n teorie. Daarmee bedoel hy die teorie van A.H. Maslow oor die hiërargie van menslike behoeftes.⁴⁾ Hoewel hierdie teorie nog vol gebreke is, meen hy dat dit tog uiters relevant en bruikbaar in die Staatsleer is. Vir die bepaling van die verhouding tussen menslike behoeftes en die regeringsfunksies is dit byvoorbeeld noodsaaklik om te opereer met 'n opvatting van die hiërargie van menslike behoeftes - al is dit dan 'n tentatiewe opvatting. Benewens ander spesifieke aanwendingsmoontlikhede van Maslow se teorie, kom hy tot die gevolgtrekking dat dit die Staatsleer in die algemeen in staat kan stel om weg te beweeg van die bekende clichés in verband met demokrasie, en om 'n betroubare evaluering te maak van die werklike waarde van demokratiese instellings vir menslike ontwikkeling.

Bay het besef dat die aanvaarding van 'n teorie van "human needs" 'n relatiewe saak is in die sin dat daar verskillende visies op die mens en sy behoeftes moontlik is. Wat gewoonlik egter gebeur, sê hy, is dat die politikoloog ongemerk oorgehaal word tot die aanvaarding van die heersende waardestelsel van die gemeenskap waarin hy leef. Dit veroorsaak dat politi-

koloë dikwels in diens staan van 'n waardestelsel en 'n opvatting van "human needs" waarmee hulle nie noodwendig saamstem nie. Dit bring hom tot die gevolgtrekking dat dit vir die politikoloog veel beter is om hom in die keuse van probleme en in sy teorievorming te laat lei deur sy eie waardestelsel, "... instead of acting willy-nilly on the supposedly neutral values impressed on them by the conventional wisdom of their profession" (Bay, 1965, p.42). As 'n politikoloog eers eenmaal 'n eie konsepsie van menslike behoeftes ontwikkel het, moet hy dit eksplisiet maak en sy visie op die politiek daarmee in ooreenstemming bring. As dit nie gedoen word nie, soos die geval is in die leerplanne van die meeste Amerikaanse universiteite, is die gevaar groot dat die politikoloog die instrument van ander se beskouings en ideale word.

Bay se standpunt kom dus daarop neer dat die aanvaarding van politieke gedrag as basiese ontledingseenheid die visie op die politieke werklikheid ernstig benadeel. Slegs deur politieke verskynsels in terme van die norm van die publieke belang, wat hy nader aandui as "human needs", te bestudeer, is dit moontlik om die politiek na sy ware aard te begryp. Elke politikoloog moet sy eie visie op menslike behoeftes ontwikkel, dit eksplisiet as uitgangspunt stel en politieke gedrag, regeringsfunksies en ander aspekte van die politieke werklikheid in terme daarvan evalueer, anders word hy onder die voorwendsel van waardevryheid deur die oogmerke van ander op sleeptou geneem. Hy is ten slotte van mening dat Maslow die grondslag gelê het vir 'n bruikbare teorie van menslike behoeftes.

Daarmee het Bay die (oënskynlike) normloosheid van die gedrag= benadering oortuigend gedemonstreer. Politieke gedrag, soos trouens alle menslike handeling, kan nie "koersloos" wees nie. Dit staan onder leiding van of word gekwalifiseer deur die le= wenswet van die politieke gemeenskap soos uitgedruk in die pu= blieke belang. Die vraag is egter of die publieke belang in terme van menslike behoeftes gedefinieer moet word.

Die publieke of algemene belang kan beskryf word as 'n rig= snoer vir die staatsbeleid. De Ruiter (1961, p.105) noem dit tereg 'n politieke integreringsbeginsel omdat dit deur die eeue in die staatkunde aanvaar is as die beginsel waarvolgens alle werksaamheid van die politieke gemeenskap geskied. Die probleem is net watter inhoud om daaraan te gee. Bay se be= gronding van die publieke belang in menslike behoeftes verraa= 'n eg humanistiese inhoudgewing van die regsbeginnsel. Wat hy klaarblyklik nie besef nie, is dat die publieke belang direk bepaal word deur die tipiese funksie van die staat as eiesoor= tige samelewingsverband.

Die staat kan beskryf word as 'n gemeenskap van owerheid en onderdane wat tot taak het om op die grondslag van die swaard= mag 'n publieke regsverband te organiseer (Dooyeweerd, 1936, p.48). Hierdie juridiese bestemming van die staat word kon= kreet tot uitdrukking gebring in die regsbeginnsel van die al= gemene belang. Laasgenoemde is dus nie 'n begrip wat vulbaar is met enige inhoud nie, ook nie met 'n willekeurige opvatting van die staatstaak, soos byvoorbeeld die bevrediging van mens= like behoeftes nie. Die algemene belang word fundamenteel begrens deur die struktuurbeginnsel van die staat, dit wil sê deur sy publiekregtelike bestemming (Dooyeweerd, 1957, bd.3,

p.444). Alle politieke aktiwiteit staan onder leiding van die tipiese funksie van die staat. Dit is nie die staat wat in menslike behoeftes voorsien of nie voorsien nie; die staat en die politieke aktiwiteit in die staat moet bloot die regsorde daarstel waarbinne dit vir individue en groepe moontlik is om in hulle eie behoeftes te voorsien. In die proses word daar natuurlik in 'n algemene sin in die *politieke* behoefte van die mens voorsien, maar 'n vae, onbegrensde opvatting van menslike behoeftes kan nie dien as kwalifikasie van die algemene belang nie.

Hoewel Bay dus tot die belangrike insig gekom het dat politieke gedrag nie normloos is nie, maar deur die norm van die algemene belang begrens moet word, is sy definisie van die algemene belang in terme van menslike behoeftes tog in stryd met die normatiewe gestruktureerdheid van die staat as publieke regsverband.

2.1.2 Politieke gedrag wyer gedefinieer

Benewens die post-behavioralists wat die metodologiese fokuspunt van die dissipline wil verskuif van politieke gedrag na menslike behoeftes, is daar ook kritici wat bereid is om politieke gedrag as fokuspunt te behou, maar die begripsbasis daarvan so wil verbreed dat dit mêr insluit as sintuiglik waarneembare gedrag of "overt behavior". Wat hierdie groep betref, het die fenomenologiese post-behavioralists die alternatiewe die duidelikste uitgestippel.

In Hoofstuk 4 is aangetoon dat daar in 'n formele sin belangrike raakpunte tussen die fenomenologie en die behavioralisme bestaan. Albei neem die empiriese werklikheid as vertrekpunt en albei is primêr in die menslike gedrag of handeling, soos die fenomenologie dit noem, geïnteresseerd. Wat laasgenoemde betref (dit is die probleem wat tans aan die orde is) het dit egter ook aan die lig gekom dat die fenomenoloë met *handeling* iets totaal anders in gedagte het as wat die behavioraliste met politieke *gedrag* bedoel. Hierdie verskil moet nou duideliker na vore gebring word ten einde die essensie waarop die fenomenologiese post-behavioraliste die Staatsleer wil fokus, uit die verf te laat kom.

Die behavioralisme neem die analise van politieke gedrag tot voorwerp van hulle ondersoek met die oog op die verklaring van die politieke werklikheid. Ten einde getrou te bly aan sy metodologie is die behavioralisme egter verplig om gedrag in terme van dit wat sintuiglik waarneembaar is, te definieer. Gedrag word dus vereenselwig met uiterlik waarneembare gedrag. En soos vroeër reeds aangetoon, is dít vir die fenomenologiese kritici 'n onaanvaarbare reduksie van politieke gedrag tot wat Jung (1973, p.142) noem "... the external components of action."

Die fenomenologie stel ook in gedrag belang, maar verkies om dit *handeling* ("action") te noem. En wat handeling betref, is hulle oogmerk om die *betekenis* van handelinge te begryp en nie, soos die behavioraliste, bloot die patrone van politieke gedrag soos dit empiries waarneembaar is nie. Volgens Jung (1973, p.143) is die behavioraliste se fisikalistiese opvatting van politieke gedrag totaal ontoeganklik en ongevoelig

vir die fenomenologie se opvatting van "intentional meaning". Handeling is volgens hom nie meganiese prosesse nie, maar bewuste, bedoelde ("intended") aktiwiteit.

Hierdie opvatting van handeling wat die sentrale studie-objek van die Staatsleer moet vorm, is die fenomenologiese post-behavioraliste se alternatief vir die behaviorisme se opvatting van politieke gedrag. Om dié opvatting beter in die greep te kry, moet kortliks aandag gegee word aan wat Jung (1973, p.140) "the structure of human behavior" noem.

Hy gaan van die veronderstelling uit dat mens eers moet weet wat "politieke dinge" is voordat kennis daaroor verkry kan word. "Politieke dinge" is menslike verskynsels, in teenstelling met natuurlike verskynsels. Soos skole, wiskundige simbole, kunswerk, ens. is politieke verskynsels menslike verskynsels, en as sodanig eintlik verlengingstukke of uitbreidings van die mens. Om te bepaal wat politieke verskynsels is, is dit dus noodsaaklik om eers te weet wie en wat die mens is. Alle politiek, maar ook alle wetenskap van die politiek impliseer dus, al is dit hoe eenvoudig en vaag, 'n opvatting van die mens en van die wêreld waarin die mens hom bevind. Voorts gee Jung (1973, p.144) 'n uiteensetting van die mensbeskouing waarmee die eksistensialistiese fenomenologie opereer en wat die grondslag vorm vir sy beskouing van die struktuur van menslike gedrag.

Op gesag van Sartre en Camus stel Jung (1973, p.144) dat die mens nie klaar of vas is soos 'n ding nie, maar dat hy steeds word. Die mens is die enigste wese wat weier om homself te aanvaar soos hy is en immer op weg is, dit wil sê besig om te

word wat hy graag wil wees. In hierdie proses van wording, soos die eksistensialisme dit sien, is die begrip *handeling* ("action") van fundamentele belang. Handeling is die wyse waarop die mens oorgaan van wat hy is na wat hy bedoel om te wees. Soos Jung (1973, p.144) dit stel: "By action, man 'extends' himself, remolds his own image, and determines his own destiny." Handeling is dus die uitdrukking van die mens se *intensie* ten opsigte van homself. Handelinge, ook politieke handelinge, kan dan nie begryp word as die *intensie* daaragter nie begryp word nie. Elke handeling het *betekenis* in die sin dat dit gerig is op iets, wat Jung (1973, p.146) 'n "project" of 'n "preconceived plan" noem. Hierdie op-iets-gerigtheid van menslike handeling, dit wil sê die betekenis-karakter daarvan, is die essensie van menslike handeling en onderskei dit van die handeling van diere. Saam met Merleau-Ponty poneer Jung (1973, p.145) dus dat die struktuur van handeling (en dus ook van gedrag) in betekenis ("meaning") te vind is. Dit beteken, eenvoudig gestel, dat die struktuur van handeling of gedrag bepaal word deur die betekenis wat deur die persoon wat handel aan die handeling geheg word.

Die beskrywing van hierdie "meaning structure of human action" is die oogmerk van die fenomenologie (Jung, 1973, p.145) - iets waarvoor die behavioralisme nóg in sy mensbeskouing nóg in sy metodologie enige ruimte het. Dit beteken egter nie, sê Jung, dat die fenomenologie bloot die teenoorgestelde van die behavioralisme is nie; die fenomenologie is nie 'n blote psigologie van introspeksie wat ontstaan het uit reaksie teen die suiwer eksterne, fisikalistiese benadering tot gedrag nie. Intensionele gedrag is nóg volkome uiterlik, nóg volkome innerlik. Die betekenis van gedrag word tot stand gebring deur

'n dialektiese spanning tussen die fisiese, die biologiese en die psigiese. Menslike gedrag is nie reduseerbaar tot een van hierdie drie faktore alleen nie. Slegs wanneer die betekenis van gedrag verstaan word as 'n proses waarin 'n verinnerliking van die uiterlike gelyktydig met 'n veruiterliking van die innerlike plaasvind, is dit moontlik om te begryp dat "... man *is* his action" (Jung, 1973, p.145).

Ongelukkig verskaf Jung geen verduideliking van wat hy onder *politieke* handeling verstaan nie. Hierdie leemte word egter gevul deur Kariel se opvatting van "political man". Hy definieer *politiek* as die mens se handeling in die publieke arena. Al die mens se handeling word politieke handeling, sê hy, sodra dit *publiek* gemaak word. "Their world becomes political", sê Kariel (1972, p.78), "insofar as they share their ideas, metaphors, concepts, and theories with others". Dit is dus duidelik dat ons hier te doen het met 'n grootskaalse uitbreiding van die begrip *politiek*. Kariel (1972, p.79) noem dit self "... enlarging of the arena of politics", wat beteken dat die grense van die Staatsleer as wetenskap van die politiek dienooreenkomstig uitgebrei word. Dit is dan ook geen wonder nie dat Kariel bereid is om, op grondslag van hierdie betekenisverruiming van die politiek, die Staatsleer te beskou as 'n "comprehensive master science" (Kariel, 1972, p.3).

Dit is dus duidelik dat, hoewel die fenomenologiese post-behavioraliste met naastenby dieselfde kernbegrip as die behavioraliste opereer, naamlik gedrag, dit in werklikheid beteken dat 'n veel ruimer grondslag vir die Staatsleer aangebied word omdat hulle onder gedrag veel meer verstaan as die behaviora-

liste. Hulle begryp goed dat 'n menslike handeling nie verstaanbaar is deur slegs die sintuiglik waarneembare faset daarvan te verreken nie. Hoewel onsigbaar, word elke menslike handeling gedra deur 'n hele wêreld van ideale, emosies, waardes, motiewe en intensies. Die mens kan ten ene male nie in terme van matematies-fisiese kategorieë alleen verstaan word nie.

Dat die verruimde opvatting van politieke gedrag op 'n bepaalde mensbeskouing berus, is voor-die-hand-liggend. En dit is juis die rede waarom die fenomenologiese post-behavioralistiese opvattinge van politieke gedrag ernstige bedenkinge na vore roep. Die mens word primêr as 'n wordende wese beskou wat deur middel van sy handelinge steeds besig is om homself te skep. Handeling is dus die instrument van die mens se selfskepping en daarom deur en deur *menslik* bepaald. So 'n mensbeskouing ontken die genormeerdeheid van menslike handeling. Dit is nie die mens wat die skepper van sy lewe en van die sosiale werklikheid is nie. Dié is reeds geskape en op 'n bepaalde wyse gestruktureer en wel in die vorm van 'n groot verskeidenheid samelewingskringe wat elkeen sy eie aard en funksie het (Dooyeweerd, 1957, bd.3, p.176-191). Menslike gedrag word fundamenteel deur die eieaard of struktuurbeginsel van hierdie samelewingskringe bepaal, en nie, soos Jung beweer, deur die betekenis wat die persoon wat handel aan sy handeling heg of deur 'n dialektiese spanning tussen die innerlike en uiterlike aspekte van gedrag self nie. Die persoonlike, die subjektiewe dimensie van gedrag moet verreken word, maar politieke gedrag word finalitêr tot politieke gedrag gekwalifiseer deur die struktuurbeginsel van die staat as publieke regsgemeenskap. Sowel Jung se versubjektivering

van gedrag as Kariel se verruiming van die begrip *politiek* kom neer op 'n ernstige skending van die normatiewe aard van politieke gedrag.

2.1.3 Evaluering

Albei alternatiewe wat deur die post-behavioraliste aangebied word om politieke gedrag as basiese ontledingseenheid van die Staatsleer te vervang, kan aangemerkt word as vordering en verbetering op die behavioralisme. Die idee dat politieke gedrag deur die openbare belang gekwalifiseer moet word en die weiering om politieke gedrag bloot in terme van die sintuiglik waarneembare aspek daarvan te verstaan, ondervang 'n belangrike leemte in die behavioralisme, naamlik sy redusering van die politieke werklikheid tot die uiterlik waarneembare.

Albei alternatiewe gaan egter self mank aan ernstige gebreke, wat steeds in die weg staan van 'n werklikheidsgetroue visie op die politiek. Albei verskaf volstrek humanistiese maatstawwe vir die politiek - Bay deur dit te grond in 'n onbegrensde idee van "human needs" en Jung deur dit afhanklik te maak van die betekenisgewende funksie van die bewussyn. Derhalwe bly albei in presies dieselfde dilemma as die behavioralisme, naamlik die miskenning van die gestruktureerdheid of genormeerdheid van die politieke werklikheid. Dit is dan geen wonder nie dat die behavioraliste se eng visie op die politiek by die post-behavioraliste uitloop op 'n uitbreiding van die politiek tot bykans alle publieke handeling van die mens. Daardeur word die hele sosiale werklikheid tot die politieke gereduseer en word die ganse leefwêreld van die mens verpolitiseer.

Benewens hierdie kwessie van die basiese ontledingseenheid van die dissipline is die vraag nou: watter alternatiewe word aangebied vir die behavioralistiese metode as sodanig?

2.2 Alternatiewe vir die behavioralistiese metode

Dit moet dadelik beklemtoon word dat die ontwikkeling van metodologiese alternatiewe geen maklike taak is nie. Dit is een saak om die onhoudbaarheid van die behavioralistiese metode aan die lig te bring; dit is gans 'n ander saak om iets anders in die plek daarvan te stel. En hoewel die post-behavioraliste die armoede van die behavioralistiese metode begryp en gekritiseer het, kon hulle, op enkele uitsonderings na, slegs die rigting van verandering aandui.

Die behavioralistiese metode het oor etlike dekades heen ontstaan en wel teen die agtergrond van 'n denktradisie van etlike eeue. Daarteenoor is die wetenskapsfilosofie(ë) op grond waarvan alternatiewe daarvoor ontwikkel kan word, van taamlik resente oorsprong. Nietemin het die post-behavioraliste probeer om die insigte van die nuwere wetenskapskole te begryp en om die houdbaarheid daarvan as alternatiewe vir die behavioralistiese metode te illustreer.

Daar kan twee belangrike bydraes in hierdie verband onderskei word. Die eerste is die fenomenologiese alternatief vir die behavioralistiese metode en die tweede is die sogenaamde kontekstuele benadering as alternatief vir die deduktiewe model van wetenskaplike verklaring, wat die dieper wetenskapsfilosofiese grond van die behavioralistiese metode is. Aangesien laasgenoemde 'n meer fundamentele probleem aansny, word dit

nou dadelik aan die orde gestel.

2.2.1 Die kontekstuele benadering

Gunnell het, soos in Hoofstuk 4 aangetoon is, tereg daarop gewys dat behavioralistes in die algemeen die deduktiewe model van verklaring, wat deur die logiese positivistes ontwerp is, aanvaar as verklaringsmodel vir die Staatsleer. Hy het egter ook betoog dat die deduktiewe verklaringsmodel om verskeie redes onhoudbaar is. Sy besware teen die deduktiewe model kom hoofsaaklik daarop neer dat wette nie as premisse funksioneer in deduktiewe argumente nie, en dat deduksie op sigself niks verklaar nie - wat beteken dat 'n verskynsel nog geensins verklaar is as dit onder 'n veralgemening of wet ingesluit is nie. Hierbenewens, en dit is die belangrikste deel van sy argument, het hy betoog dat 'n universele verklaringsmodel, 'n trans-kontekstuele standaard waarin die logiese struktuur van *alle* wetenskaplike verklaring vervat is (soos die deduktiewe model voorgee om te wees), in beginsel onmoontlik is vanweë die kontekstuele of paradigmadiese aard van die wetenskap.

Teenoor die deduktiewe model se strukturele, formeel-logiese visie op wetenskaplike verklaring stel Gunnell die kontekstuele benadering. Daarmee word bedoel dat daar nie 'n enkele, universele model as standaard vir alle wetenskappe aanvaar kan word nie, maar dat die maatstawwe vir wetenskaplike verklaring konteksgebonde is, dit wil sê bepaal word deur faktore soos die wetenskaplike gemeenskap waarin gewerk word, die vakgebied waarop gewerk word, die stof wat hanteer word, ens. Dit is nodeloos, sê hy, om te soek na 'n alternatief in

die sin van 'n standaard of model wat universeel geld. Daar bestaan volgens hom nie iets soos 'n universele verklaringsmodel of iets soos "die wetenskaplike metode" wat outomaties sou uitloop op onbetwisbare wetenskaplike resultate as dit streng nagevolg word nie. Elke vakgebied en selfs elke onderdeel van 'n vakgebied het sy eie maatstawwe vir verklaring (Gunnell, 1975, p.120). Teenoor die logiese positivisme se formeel-logiese opvatting van wetenskaplike verklaring stel hy dat geslaagde verklaring, dit wil sê verklaring wat daarin slaag om 'n verskynsel te *verstaan*, verskil van konteks tot konteks: "... it has no logical form peculiar to it ... for each type of explanation ... there is a way of deciding whether the explanation is a good one" (Gunnell, 1975, p.125). Die enigste gemeenskaplikheid of ooreenkoms tussen die verskillende wyses van verklaring is die feit dat hulle almal beoog om verskynsels te *verstaan*.

Gunnell se standpunt kom dus daarop neer dat elke wetenskap en elke gemeenskap van wetenskaplikes sy eie maatstawwe het wat binne die spesifieke konteks bepaal wat aanvaarbaar is as wetenskaplike verklaring. Dit beteken dat die Staatsleer moet ophou om, op grond van die pretensies van die deduktiewe verklaringsmodel, te aanvaar dat dié model die enigste wetenskaplike verklaringsmodel is. Wat in die Staatsleer as wetenskaplike verklaring geld, behoort objektief bepaal te word deur die spesifieke verklaringskonteks van die Staatsleer en deur die raamwerk van reëls wat geskik is vir die waarneming, rangskikking en interpretasie van feite in verband met die politieke werklikheid (Gunnell, 1975, p.126). Wat dié reëls presies is, het hy, sover vasgestel kon word, nie duidelik gemaak nie.

Gunnell waarsku dat die kontekstuele benadering tot die probleem van verklaring nie beskou moet word as 'n oorgawe aan wetenskaplike subjektivisme nie. Soos vroeër aangetoon kan Gunnell egter, net soos die Historiese Skool in die algemeen, geen waarborg verskaf teen die relativisme wat inherent in hierdie soort benadering is nie. Uit reaksie teen die logiese positivisme se oorskatting van die logiese struktuur van die wetenskap en van die universele geldigheid van wat hulle noem "die wetenskaplike metode", kies Gunnell vir 'n kontekstuele benadering wat, hoewel ruimer en meer getrou aan die aard van die wetenskap, tog nie daarin slaag om die betroubaarheid en sekerheid van die wetenskap *buite* die menslike kenproses te veranker nie.

Anders as die kontekstuele benadering is die fenomenologiese alternatief baie meer direk afgestem op die behavioralistiese metode as sodanig.

2.2.2 Die fenomenologiese metode

Hoewel die armoede van die behavioralistiese metode baie algemeen besef en gekritiseer is, is dit slegs die fenomenologiese post-behavioraliste wat met 'n duidelike alternatief na vore kon kom. Die fenomenologie is juis ontwerp as alternatief vir die positivistiese benadering tot die sosiale werklikheid; derhalwe is dit ook deur die fenomenologiese post-behavioraliste aangebied as alternatief vir die behavioralistiese metodes.

Die belangrikste beswaar wat die fenomenologiese kritici teen die behaviorisme het, is dat dit in sy metodologie sowel as in die wêreldbeskouing wat daaraan ten grondslag lê, menslike verskynsels reduceer tot natuurlike verskynsels. Hierteenoor maak die fenomenologiese kritici baie duidelik onderskeid tussen die natuurlike werklikheid en die werklikheid soos die mens dit beleef, dit wil sê die *Lebenswelt*. Eersgenoemde is die terrein van die natuurwetenskap; dit kan bestudeer word deur middel van natuurwetenskaplike metodes, wat berus op direkte sintuiglike waarneming. Die menslike werklikheid is anders; dit is die werklikheid wat gekonstitueer word deur die betekenisgewende aksie van die mens se bewussyn. Die verskynsel in die natuurlike wêreld is intensieloos, terwyl die menslike wêreld juis die resultaat is van die intensionele, betekenisgewende aktiwiteit van die mens se bewussyn (Gunnell, 1968, p.180-181).

Daar is dus 'n kwalitatiewe verskil tussen die natuurlike en die menslike werklikheid (Jung, 1973, p.151) in die sin dat die menslike wêreld gekenmerk word deur die betekenis wat die mens as akteur heg aan sy handeling, terwyl die dimensie van betekenis by natuurlike verskynsels ontbreek. Hierdie betekenis word op sy beurt tot stand gebring deur die bedoeling of intensie wat die mens aan sy handeling heg. Dit is die taak van die sosiale wetenskappe om hierdie betekenis van die menslike werklikheid te probeer verstaan, want dit is hierdie wêreld van betekenis wat menslike gedrag motiveer en inspireer en wat dit ten slotte ook kan verklaar.

As daar dan 'n kwalitatiewe verskil tussen die verskynsels van die natuurlike en dié van die menslike wêreld is, so lui die fenomenologiese standpunt verder, kan laasgenoemde nie verklaar word in dieselfde terme as wat natuurlike verskynsels verklaar word nie. Dit kan slegs deur middel van die fenomenologiese metode behoorlik begryp en verklaar word, want slegs daarmee kan die *betekenis* wat mense aan hul handelingne heg, verstaan word. Wat word dan bedoel met "die fenomenologiese metode"?

Die fenomenologie is ook empiries in sy uitgangspunt. Die slagkreet "Zu den Sachen selbst!" maak alle denke afhanklik van wat Biemel (1974, p.210) "positive data experience" of "directly lived experience" noem. Tog is die empirisme van die fenomenologie iets totaal anders as wat die positiviste en die behavioraliste daaronder verstaan. Vir die positiviste is empiriese waarneming die sintuiglike registrasie van sake in 'n kant-en-klaar geordende wêreld. Daarna word daar op grond van die "feite" wat so verkry is, formeel-logies deur middel van òf induksie òf deduksie beweeg na veralgemenings en uiteindelik tot die formulering van wette. Vir die fenomenologie is empiriese waarneming meer as net sintuiglike waarneming en die proses van verklaring iets heel anders as formeel logiese deduksie of induksie.

Die fenomenologiese post-behavioraliste ontken nie die belangrikheid van sintuiglike waarneming nie, maar dring eerder daarop aan dat wat van buite af waarneembaar is, gekombineer moet word met wat *bedoel* word deur die persoon wat die handeling verrig ten einde die betekenis van gedrag ten volle te verstaan. Jung (1973, p.149) maak die stelling dat die fenom=

menologie in die algemeen as doel het "a systematic analysis of meanings that are actively constituted by consciousness". Elders formuleer hy dit as: "a descriptive analysis of the meaning of that which is lived or directly experienced" (Jung, 1971, p.562). Hierdie betekenis ("meaning") waarvan hy praat, word moontlik gemaak deur die *intensionele* aard van die mens se bewussyn. Intensionaliteit is vir hom die aktiewe gerigtheid van die bewussyn op iets. Daar word byvoorbeeld gedink aan iets; verlang na iets, ens. Intensionaliteit is die hart van die bewussyn; dit is die bron wat betekenis gee aan die menslike ervaringswêreld (Jung, 1971, p.544). Om die betekenis van 'n handeling te begryp, moet die bedoeling of intensionele aard ("intentional meaning structure") daarvan begryp word. Jung (1971, p.561) konstateer dan ook dat die groot bydrae van die fenomenologie tot die Staatsleer bestaan in die "descriptive disclosure of the intentional meaning of human action and sociality." En die intensionele aard van politieke gedrag kan alleen deur die fenomenologiese metode geken word. Ongelukkig bied Jung self geen sistematiese verduideliking van wat hy onder die fenomenologiese metode verstaan nie. Daaruit kan afgelei word dat hy nie met 'n eie interpretasie van dié metode werk nie, maar volstaan by die algemene opvatting daarvan.

Die fenomenologiese metode kan as drie stappe verduidelik word. Die eerste staan bekend as *fenomenologiese reduksie*, waardeur die werklikheid gereduseer word tot 'n fenomeen, dit wil sê tot iets wat in en deur die bewussyn geken word. Die werklikheid moet as't ware tussen hakies geplaas word (die sg. "bracketing of existence") - nie opgeskort word nie! - en die kenner moet hom rig op die fenomene, dit is "... whatever

appears to us in immediate experience" (Schmitt, 1972, p.137). En met onmiddellike ervaring word onder andere ook bedoel intuïsie, herinnering, verbeelding, ens. Die fenomenologiese reduksie verskuif dus die kenner se blikrigting van die objek self na sy bewussyn van die objek (Biemel, 1974, p.212).

Die tweede stap van die fenomenologiese metode word genoem *eidetiese reduksie*, waardeur die essensies van die fenomene begryp moet word. Eidetiese reduksie (afkomstig van die Grieks *eidos*, wat essensie beteken) kan beskryf word as die verkryging van intuïtiewe insig in die essensie van 'n ding (Van der Hoeven, 1965, p.25), die wesenskou van die universele en onveranderlike struktuur van 'n ding (Biemel, 1974, p.212). Met die idee van intuïtiewe deurskouing bedoel Husserl niks misterieus nie. Trouens, die deurskouing moet op 'n streng metodiese wyse plaasvind. Presies hoe dit moet plaasvind, is egter nie so 'n eenvoudige saak nie. Dié kwessie was juis die oorsaak van baie botsings onder fenomenoloë. Erg eenvoudig, kan die kern van die kenproses van die eidetiese reduksie beskryf word as "free imaginative variation" (Schmitt, 1972, p.141). Hierdie "free imaginative variation" kan soos volg verduidelik word:

- * daar word begin by die konkrete dinge en handelingse soos die kenner dit ervaar;
- * die kenaktiwiteit word gefokus op die intensionele aspek van die fenomeen;
- * die fenomeen word so noukeurig as moontlik beskryf;
- * aangesien dit 'n fenomeen is wat beskryf word en nie die werklikheid nie, kan die beskrywing daarvan nie

dien as basis vir induktiewe generalisasie nie; dit dien slegs as voorbeelde;

- * die voorbeelde van dieselfde fenomeen word vermeerder, en deur hulle in besonderhede te beskryf, word daar gesoek na die onveranderlike gemeenskaplikheid tussen hulle.

Hierdie laaste stap vorm die kern van die proses van "free imaginative variation". Dié soort analise is dus 'n proses waarin, deur die betrokke handeling in sy verskillende moontlikhede te varieer, die individuele en die kontingente komponente daarvan uitgesif word totdat slegs die essensiële, die invariante, die universele oorbly (Van der Hoeven, 1965, p.25).

Die derde stap van die fenomenologiese metode word genoem *transendentale reduksie*. Daarmee word bedoel dat die veelheid van intensionele relasies wat in die vorige stappe tot stand gebring is, in die bewussyn verenig moet word en wel deur middel van 'n transendentale ego of bo-tydelike ekheid. Biemel (1974, p.212) verduidelik dat fenomenologie vir Husserl finalitêr beteken het dat daar teruggekeer word na die transendentale ego as die grond van alle betekenis: "Only when a person has reached this ground can he achieve the insight that makes his comportment transparent in its entirety and makes him understand how meaning comes about, how meaning is based upon meaning like strata in a process of sedimentation" (Biemel, 1974, p.212).

Die essensie van die fenomenologiese alternatief vir die behavioralistiese metode is dus dat dit die eieaard van politieke gedrag as menslike verskynsel onderken en weier om dit bloot in terme van die sintuiglik waarneembare verskyningsvorme daarvan te verstaan. Ten einde die dieper betekenis van politieke gedrag, dit wil sê die intensionele betekenis daarvan, te verstaan, is dit noodsaaklik om die weg van die fenomenologiese metode te volg, wat sintuiglike waarneming wel as essensiële element bevat, maar wat tog baie meer as dit vereis. Vanaf ervaring van politieke gedrag, waarmee ook bedoel word die gebruikmaking van intuïsie, herinnering, verbeelding en ander vorme van ervaring, word daar gekom tot die deurskouing van die essensie van 'n bepaalde verskynsel. Hoewel metodies te werk gegaan moet word, is formeel logiese prosesse, byvoorbeeld deduksie, nie die enigste of selfs noodsaaklike komponent van wetenskaplike verklaring nie. Die werklike betekenis van 'n bepaalde verskynsel kan slegs begryp word deur middel van die proses van eidetiese reduksie, waarmee bedoel word 'n proses waarin die individuele en kontingente komponente van 'n verskynsel uitgesif word totdat slegs die universele en die essensiële oorbly.

Die vraag is nou: in watter mate slaag die fenomenologiese metode daarin om die tekortkominge van die behavioralistiese metode te oorwin? Die antwoord op hierdie vraag het 'n positiewe sowel as 'n negatiewe kant. Die positiewe is dat ander wyses van kenne as sintuiglike waarneming en formeel logiese veralgemening daardeur moontlik gemaak word. Stoker (1967, bd.1, p.307) wys tereg daarop dat die fenomenologiese metode primêr op intuïsie berus. In teenstelling met sintuiglike waarneming, waarin die klem op die detail van 'n verskynsel

val, is dit moontlik om met *rasionele* waarneming van die onmiddellik gegewene, dit wil sê die intuïsie, deur te dring na die essensie van 'n verskynsel. Die werkwyse van die fenomenologiese metode is nie noodwendig logies nie en dikwels eerder toutologies. Dit is ook nie bedoel om logies te wees nie; dit moet slegs die intuïsie rig op die essensie van die verskynsel. Die meriete van die fenomenologiese metode is dus dat dit, beter as die positivisties-empiristiese metodes, rekening hou met die *menslike* aard van die sosiale werklikheid. Die kenproses word aangepas by die aard van die sosiale werklikheid sowel as by die aard van die kenner as mens.

Synde 'n reaksie teen die positivisme se oorskatting van sinuïglike waarneming en van die logiese karakter van die wetenskap, kom die fenomenologiese metode aan die ander kant weer as 'n onderskatting daarvan voor. Dit is goed en wel om verskynsels in hulle wese te deurskou en om deur te dring tot die essensie van 'n verskynsel, maar die vraag is: wat verder? Wat kom tereg van die "talige duiding van die wet"? Word die wetmatige karakter van die wetenskap nie daardeur onderwaardeer nie? Die belangrikste vraag is egter of die fenomenologiese metode nie neerkom op 'n radikale subjektivisme nie.

2.2.3 Evaluering

Enersyds is dit duidelik dat ons hier te doen het met twee wyd uiteenlopende alternatiewe vir die behaviorisme se opvatting van wetenskaplike verklaring. In die tradisie van die Historiese Skool is Gunnell daarvan oortuig dat daar nie iets soos 'n universeel geldige verklaringsmodel of "die wetenskaplike metode" is nie. Elke wetenskap en elke wetenskap=

like gemeenskap bepaal vir homself, binne die spesifieke konteks waarin hy opereer, wat as wetenskaplike verklaring sal geld en wat nie. Die fenomenologiese post-behavioraliste, aan die ander kant, is daarvan oortuig dat die fenomenologiese metode die enigste alternatief vir die behaviorisme is in die sin dat slegs met dié metode die betekenisstruktuur van politieke gedrag begryp kan word. Andersyds is dit ook duidelik dat daar tog 'n mate van ooreenkoms tussen die twee alternatiewe is. Albei is gebaseer op die uitgangspunt dat die verklaringsmetode wat gebruik word, geskik moet wees om menslike verskynsels mee te verklaar, in die sin dat die verklaring van die menslike werklikheid ander vereistes stel as die verklaring van fisiese verskynsels. Albei erken en verdiskonteer die rol wat vooronderstellings in die verklaringproses speel en albei het 'n afkeer van die geloof dat 'n formeel logiese denkproses, gebaseer op sinuïglike waarneming, outomaties tot die verklaring van politieke gedrag sal lei. Ten slotte glo albei ook dat, ten spyte van die erkenning van menslike, historiese en kontekstuele faktore in die verklaringproses, hulle alternatiewe nie 'n tersydestelling van wetenskaplike objektiwiteit en 'n oorgawe aan wetenskaplike subjektivisme is nie. Hierdie kwessie van wetenskaplike objektiwiteit is egter van só groot belang dat dit breedvoeriger bespreking verdien.

2.3 Waardebepaalde pleks van waarde-vrye wetenskap

As daar een saak is waaroor die post-behavioraliste dit roepend eens is, is dit die onhoudbaarheid van die behaviorisme se idee van wetenskaplike objektiwiteit en waarde-vryheid. En hoewel die waarde-vryheidsidee uit verskillende wys-

gerige hoeke aangeval word, is die post-behavioraliste - elk op sy eie manier - daarvan oortuig dat waardes, vooronderstellings, norme, teoretiese raamwerke, of wat dit ook al genoem word, 'n deurslaggewende rol speel in die wetenskapsproses, dit wil sê ook op die wyse waarop feite as feite herken en gesistematiseer word. Hulle weier om die logiese skeiding tussen feite en waarde-oordele te aanvaar, wat volgens hulle die grondslag vorm van die hele subjektivisme-objektivisme-dilemma. Hoewel uit verskillende wysgerige perspektiewe, poneer die post-behavioraliste die eenheid van feite en waarde-oordele - of anders gestel, die teoriegeladenheid van feite.

Toe die post-behavioraliste se kritiek teen die behavioralistiese idee van waardevryheid in Hoofstuk 4 behandel is, is die fenomenologiese post-behavioraliste se standpunt in hierdie verband volledig bespreek. Dit was toe nie moontlik om hulle kritiek van die alternatiewe te skei nie. Met die oog op 'n gebalanseerde beeld van die post-behavioraliste se alternatiewe in verband met die waardevryheidsprobleem sal daar nou weer opsommenderwys en sonder dokumentasie na die fenomenologiese post-behavioraliste se standpunt verwys word en daarna sal daar meer in besonderhede aandag gegee word aan Spragens se idee van die deskriptiewe funksie van norme.

2.3.1 Die wetenskap as menslike onderneming

In Hoofstuk 4, paragraaf 3.3 is aangetoon dat die leerstuk van die skeiding van feit en norm en die idee van objektiewe of waardevrye wetenskap wat daarop gebaseer is, vanuit die perspektief van die fenomenologie onhoudbaar is. Die belangrikste rede daarvoor is die ontkenning van die menslike aard van

die wetenskap. Die wetenskaplike is nie 'n onbetrokke toeskouer van 'n kant-en-klaar geordende wêreld nie. Die wetenskap is 'n *menslike* aktiwiteit, wat beteken dat die wetenskaplike met sy hele ervaringswêreld by die kenaktiwiteit betrokke is. Feite het nie 'n selfstandige bestaan nie; hulle is nie onafhanklik van die waarnemer nie, maar juis die resultate van die wetenskaplike se interpreterende, betekenisgewende begrype van dit wat hy waarneem. Die wetenskaplike se voorwetenskaplike kennis van die *Lebenswelt* speel in sy wetenskaplike waarnemings 'n deurslaggewende rol. Alle wetenskaplike kennis veronderstel en bou voort op die voorwetenskaplike en selfs voorlogiese kennis van die alledaagse leefwêreld. Dit is derhalwe onvermydelik dat die wetenskaplike se vooronderstellings in verband met die verskynsels wat hy bestudeer, die vertrekpunt van sy teoretisering sal wees.

Die intensionele aard van die bewussyn beteken volgens hierdie sienswyse dat die kenaktiwiteit gekenmerk word deur 'n subjektiewe sowel as 'n objektiewe moment. Jung, wie se standpunt in hierdie verband behandel is, wil in geen opsig die geldigheid van die ideaal van objektiwiteit in die wetenskap betwis nie. Hy wil bloot aantoon, sê hy, dat die behavioraliste se opvatting van objektiwiteit slegs die objektiewe moment van die kenaksie verdiskonteer en die subjektiewe aspek daarvan ontken. Volgens Jung verwys die begrip *subjektiwiteit* na die wetenskaplike se subjektiewe bewussyn van die verskynsel wat bestudeer word, en die begrip *objektiwiteit* verwys na dit wat van buite af van die verskynsel waarneembaar is. Om die objektiewe komponent ten koste van die subjektiewe komponent te kies, is 'n blatante miskenning van die rol wat subjektiwiteit in wetenskaplike waarneming speel. Daarom moet

dit wat van buite af waargeneem kan word, in verband gebring word met wat van binne af beleef word in verband met die verskynsel. Dit bring die wetenskaplike se vooronderstellings en sy waarde-oordele in die spel. Die intensionele aard van die bewussyn is dus daarvoor verantwoordelik dat wetenskaplike kennis 'n drieledige verhouding veronderstel tussen die persoon, die objek en die bewussyn van die persoon ten opsigte van die objek. Betekenis in die fenomenologiese sin van die woord kom eers tot stand in die ontmoeting van hierdie drie.

Hoewel Jung die beskuldiging ontken, is dit te betwyfel of hy aan die gevare van wetenskaplike subjektivisme kan ontkom. Teenoor die positivistiese opvatting van 'n objektiewe, direk waarneembare, inherent betekenisvolle werklikheid, wat sou dien as vaste grond vir betroubare kennis, neem Jung as fenomenoloog die menslike bewussyn as bron van betekenis. Jung aanvaar baie duidelik die primaat van die bewussyn oor die werklikheid. Die sosiale werklikheid is volgens hom 'n konstruksie van die bewussyn. Daaruit is dit duidelik dat hy wetenskaplike sekerheid in die mens self probeer begrond, in teenstelling met die behaviorisme wat dit in die wetenskaplike metode en uiteindelik in die objektiewe karakter van die werklikheid self soek. Net soos die behavioraliste begryp die fenomenologiese post-behavioraliste egter nie dat wetenskaplike sekerheid slegs in die onveranderlike wetsorde, waaraan God die kosmiese werklikheid ondergeskik gemaak het, te vinde is nie.

Die hele kosmiese werklikheid staan naamlik onder gesag van 'n wetsorde, wat die uitdrukking van God se wil vir die werklikheid is. Hierdie wetsorde bestaan uit 'n ryk verskeidenheid modale wette wat die eieaard van die dinge bepaal, byvoorbeeld numeriese, fisiese, biotiese, psigiese, estetiese en ander wette. Hierdie modale wette staan nie los van mekaar nie, maar vorm 'n wetsorde, dit wil sê 'n geïntegreerde en funksionele geheel (Dooyeweerd, 1955, bd.2, p.55-180). Wetenskaplike sekerheid is slegs moontlik in die mate waarin hierdie wetsorde erken word. Feite het nie, soos die fenomenologie tereg beweer, 'n selfstandige bestaan nie; daar bestaan nie iets soos "brute facts" nie. Feite is egter ook nie 'n funksie van die bewussyn nie. Feite is slegs feite in korrelasie met die wetsorde; hulle bestaan as feite word waargemaak deur die wetsorde. Dit beteken dat "An awareness of law-order is a prerequisite for the acquisition of any knowledge of the facts" (Olthuis, 1969, p.186). Ten diepste appelleer alle kennis op die wetmatige struktuur van die werklikheid wat voorwaarde is vir menslike kennisvorming en finalitêr slegs in die geloof benader kan word. Hierdie wetmatighede word in die wetenskap teoreties benader, maar kan ten diepste nie wetenskaplik deurgrond word nie.

Hoewel daar waardevolle momente in Jung se sienswyse is, byvoorbeeld die erkenning van die menslike karakter van die wetenskap, moet tog gekonkludeer word dat sy fenomenologiese alternatief die dilemma van wetenskaplike subjektivisme nie ontkom nie.

Die probleem van waardevryheid is van al die post-behavioral= liste die volledigste aangesny deur Spragens. Laat ons dus voorts aandag skenk aan die oplossing wat hy vir die probleem aanbied.

2.3.2 Die deskriptiewe funksie van norme

Soos in Hoofstuk 4 aangetoon, het Spragens die krisis waarin die Amerikaanse Staatsleer homself bevind, verklaar uit die valse skeiding tussen empiriese en normatiewe teorie. Hierdie skeiding is teruggevoer na wat hy noem die "objectivist paradigm", wat gekenmerk word deur 'n aantal dualismes waarvan dié tussen feit en norm die belangrikste is. Uit hierdie dualisme, sê Spragens, het 'n valse objektiwiteitsgeloof ontwikkel. Die geloof naamlik dat dit moontlik is om alle "subjektiewe" faktore uit die wetenskapsproses uit te skakel indien daar op die basis van "feite" en deur middel van formeel logiese denkprosesse gesoek word na die wette wat die werklikheid beheers. Hy toon ook aan dat hierdie objektiwiteitsgeloof een van die fondamentstene van die behavioralisme is en dat die toepassing daarvan reeds ernstige nadelige gevolge vir die Staatsleer gehad het en in 'n toenemende mate sal hê. Spragens is egter ook daarvan oortuig dat daar 'n ander uitweg is en dat die wetenskapsfilosofiese grondslag vir 'n alternatief reeds gelê is.

Die alternatief wat hy aanbied, is in beginsel reeds gegee in sy diagnose en kritiek. Die standpunt wat implisiet in sy kritiek teen die "objectivist paradigm" aanwesig is, is dat die skeiding tussen feite en waardes/norme nie moontlik is sonder om die visie op die werklikheid ernstig te verwing

nie. Eers moet die eenheid van die teoretiese aktiwiteit van die Staatsleer dus herstel word deur die valse skeiding tussen feite en norme op te hef; daarna moet 'n nuwe kenteoretiese model ontwerp word waarin die rol van norme erken en eerbiedig word.

Teenoor die opvatting van wetenskap as "utterly objective, normless description" poneer Spragens (1973, p.116) dat norme in enige teoretiese denke 'n deskriptiewe of beskrywende rol vervul.⁵⁾ Daar bestaan nie, soos Laplace beweer het, 'n ken-nende rede wat eenvoudig uit sy bepaalde situasie kan tree na 'n Archimedes-punt vanwaar dit die werklikheid klinies objektief kan registreer nie. En al sou so iets tegnies moontlik wees, sou dié rede ons niks kon meedeel wat polities relevant is nie. Die politikoloog bestaan binne, en is trouens self produk van die politieke werklikheid wat hy probeer verstaan. Waarneming van die tyd-ruimtelike koördinate van die politieke gedragspatrone rondom hom bring geen begrip van die politiek nie. Sy waarneming moet gepaard gaan met die ordenende werking van *norme*: "In order to perceive, to define, to appraise, and to explain political reality, the real-world mind must ascertain and employ organizing gestalten to find order in what would otherwise be an empty landscape" (Spragens, 1973, p.119). In die kenproses verskaf norme dus die "criteria of order" wat die kenner in staat stel om die skynbaar ordelose data in verband met verskynsels te verstaan.

Hy wys daarop dat norme wel in 'n *preskriptiewe* of voorskrywende sin gebruik kan word, naamlik as 'n bepaalde ordeningsmaatstaf as *ideaal* voorgehou word, maar dat dit verreweg nie hul enigste funksie is nie. Hulle funksioneer ook en veral

deskriptief, as ordeningskriteria in die kenproses. Dit beteken dat norme die organisatoriese raamwerk is waarbinne die data gesien en verstaan word, wat kenteoreties heeltemal iets anders is as die funksie van voorskrywing van 'n bepaalde oogmerk of stand van sake wat gewoonlik met norme geassosieer word (Spragens, 1973, p.119).

Die feit dat norme as ordeningskriteria 'n inherente deel van die kenproses is, beteken dat dit nie weggelaat kan word sonder om 'n daadwerklike verandering in die data self aan te bring nie. Dit is volgens hom presies wat met die moderne demokratiese teorie gebeur. Nes by die beskrywing van 'n tenniswedstryd waarin normatiewe terme soos *fout* uitgeskakel sou word, lewer die uitskakeling van alle normatiewe elemente uit die demokratiese teorie wel 'n tegniese akkurate weergawe van die gebeure, maar dit bied geen sinvolle beeld van die gebeure nie: "... the overall general impression seems partial, curiously focused, and in some ways misleading" (Spragens, 1973, p.122).

Spragens illustreer sy bedoeling met die idee van die deskriptiewe funksie van norme uitvoerig met voorbeelde uit die natuurwetenskappe sowel as die Staatsleer. Hy toon byvoorbeeld aan dat die struktuurnorm van *simmetrie* die grondslag vorm van die kristalteorie, dat die norm van *funksie* 'n deurslaggewende rol speel in die beskrywing van fisiologiese organe en dat die norme *potensialiteit* en *intensionaliteit* dieselfde rol speel in die definisie van basiese konsepte van die Staatsleer, soos *mag* en *demokrasie*. Die afleiding wat hy uit al dié voorbeelde maak, is dat hierdie terme (simmetrie, funksie, potensialiteit en intensionaliteit) nie "emotive expostulations" is wat van

die objektiewe data geskei kan word nie, maar "genuine perceptions of real patterns of order." As dit waar is, beteken dit die skeiding tussen empiriese en normatiewe teorie is 'n valse skeiding. En dit is presies die kern van Spragens se betoog: dat die dualisme met die konsepte objektief, empiries en deskriptief aan die een kant en subjektief, normatief en preskriptief aan die ander kant 'n mite is, en dat elke empiriese teorie tegelyk ook 'n normatiewe teorie is (Spragens, 1973, p.127). Dit beteken ten slotte dat die "... theoretical descriptions of political science, at least as much as those of other sciences, utilize, and logically must utilize, norms as they identify, appraise, and explain their subject matter" (Spragens, 1973, p.134).

Hy is daarvan oortuig dat slegs die erkenning van die noodsaaklikheid en regmatigheid van die deskriptiewe funksie van norme kan lei tot 'n herstel van die breuk in die Staatsleer se teoretiese werksaamheid en tot die oplossing van die konseptuele probleme waarin die dissipline vasgevang sit. En slegs op basis van dié erkenning, meen hy, is dit moontlik om 'n nuwe epistemologiese model of paradigma te bou vir die verklaring van die politieke werklikheid.

Hoewel hy dikwels die objektivisme met die Aristoteliese ontologie en epistemologie kontrasteer, is hy tog oortuig dat 'n blote terugkeer na Aristoteles net so futiel sal wees as om met die objektivisme voort te gaan. 'n Bevredigende ken-teorie vir wat hy 'n "postcritical political theory" noem, sal die positivistiese sowel as die Aristoteliese kenteorie moet transendeer. Albei aanvaar dat ware kennis onpersoonlik, presies, universeel, absoluut noukeurig en voorspelbaar in 'n

"univocal language" moet wees. Die ontologie waarop albei berus, is onhoudbaar. In die objektivisme se ruimtelike, een= dimensionele en homogene wêreld is daar geen plek vir die mens nie. En as daar nie plek vir die mens is nie, kan dié ontologie ook nie sinvol rekenskap gee van die mens se kenak= tiwiteit nie (Spragens, 1973, p.138-141).

Teen hierdie agtergrond ag Spragens 'n radikale herwaardering van die kenteorie noodsaaklik. Die kernprobleem van sowel die Aristoteliese as die positivistiese kenteorie moet oorkom word, dit wil sê die kontingente en historiese karakter van kennis moet verreken word. Die kenner kan hom nie aan sy si= tuasie en aan sy historisiteit onttrek om vanaf 'n Archimedes= punt perfekte kennis van 'n objektiewe wêreld te verkry nie.

Gelukkig, sê hy, is hierdie herwaardering in 'n belangrike mate reeds gedoen. Daarmee verwys hy na die werk van weten= skapsfilosowe soos Kuhn, Grene, Hanson, Collingwood en White= head en na die eksistensialisme en fenomenologie wat ook by= draes gemaak het, veral in die werk van Maurice Merleau-Ponty. Hy sonder egter vir Michael Polanyi uit as die wetenskapsfilo= soof wat probeer het om 'n fundamentele alternatief vir die objektivistiese kenteorie uit te werk. Terwyl hy steun op die werk van die wetenskapsfilosowe wat hierbo genoem is, maar veral op die insigte van Polanyi, trek Spragens die kontoere van 'n kenteorie waarin die kontingensie en histo= risiteit van kennis verreken word. Hiervoor is die begrippe "personal knowledge" en "tacit knowledge" van besondere belang.

Hy poneer naamlik dat alle kennis begin met 'n geloofshandeling ("an act of faith"). Daarmee bedoel hy dat die kenner, gewoonlik implisiet en op die vlak van die onderbewussyn, 'n besluit neem oor watter konsepte hy wil akkrediteer. Hierdie geakkrediteerde konsepte stel die kenner in staat, al is dit net tydelik, om die werklikheid te "sien". Alle kennis, sê hy, begin met "assumptions, preconceptions, and beliefs", wat as't ware deur middel van 'n osmoseproses vanaf die omringende wêreld in besit van die kenner kom. Alle waarneming is dus van die begin af teorie-gelade (Spragens, 1973, p.142).

Hierdie geloofsgrondslag ("fiduciary rootedness") van kennis impliseer volgens Spragens (1973, p.143) 'n "inescapable tacit component of knowledge". Sodra mens bewustelik probeer om iets te ken, kom daar onmiddellik onbewuste "subsidiary components of the knowing act" in die spel, dit is die persoonlike voorwetenskaplike opvattinge van die kenner. Daarvandaan word daar beweeg na meer sistematiese en eksplisiete kennis. Kennis het dus 'n van-na-struktuur: "We attend from particular existential-intellectual structures of order, which we implicitly accredit by imaginatively inhabiting them for the purpose of attending to a more comprehensive focus which makes sense of the subsidiary components by integrating them into a larger unity" (Spragens, 1973, p.143). Dit beteken dat kennis voortkom uit 'n bepaalde historiese lokaliteit, dit is die situasie en vooronderstellings van die kenner. Teenoor die objektiwisme se opvatting van kennis as "wholly explicit and impersonal", poneer hy dat "A knowing act, then, is a dialectic between a personal agent and an external reality upon which the person is contingent" (Spragens, 1973, p.146).

Hierdie visie op kennis, sê hy, is nie staties en geslote soos die Aristoteliese model van kennis nie; ook nie geheel en al onpersoonlik en objektief soos die model van die objektivisme nie: "Postcritical reason is the dialectic of genuine cognitive power and equally genuine limitations of a contingent person, striving responsibly to fulfil his obligation to understand a reality which transcends him" (Spragens, 1973, p.149). So 'n visie verskaf volgens hom die basis waarop dit moontlik is om die kunsmatige kloof tussen empiriese en normatiewe teorie in die Staatsleer te verwyder en waarmee die Staatsleer se konseptuele dilemmas opgelos kan word.

Spragens ontken nie dat die invloed van die objektivisme ook positiewe resultate opgelewer het, naamlik 'n omvangryke verfyning en sofistisering van die tegniese gereedskap van die dissipline, 'n verbreding van die intellektuele veld en die ontwikkeling van "some highly productive conceptual formats." Die nuwe begrip van wetenskaplike kennis wat deur onlangse ontwikkelinge op die gebied van die wetenskapsfilosofie bewerkstellig is, het egter die basiese uitgangspunte van die kontemporêre Staatsleer, soos dit deur die objektivisme gevorm is, ontmasker as aanloklike maar bedrieglike drome (Spragens, 1973, p.164-165).

Die erkenning van die deskriptiewe funksie van norme, sê hy, verklaar waarom dit nog altyd onmoontlik was, hoe hard daar ook al probeer is, om empiriese studies te vrywaar teen normatiewe implikasies, veral as die studie na 'n enigszins teoretiese diepte gevoer word. Objektiviteit in die sin van volkome waardevryheid is vanweë die innerlike struktuur van kennis self onmoontlik. Die erkenning van die ordenende

funksie wat norme ten opsigte van data vervul, maak die dualismes feit-waarde, objektief-subjektief en empiries-normatief in die praktyk totaal onmoontlik. Norme is nie ongewenste, obskure faktore wat na willekeur uitgeskakel kan word nie, maar wel 'n inherente deel van die kenproses self - as't ware die keersy van die data. Dit moet eerder eksplisiet gemaak word sodat die invloed daarvan bereken en verwerk kan word (Spragens, 1973, p.165). Die nuwe model van wetenskaplike kennis beteken ten slotte dat die soeke na 'n ontwyfelbare "grand theory of politics" 'n onbereikbare droom is. Die kontekstuele aard van die wetenskap maak die hele idee van een enkele groot wetenskaplike teorie van die politiek onhoudbaar. Hierin is die Staatsleer nie alleen nie; so iets lê nie in die aard van wetenskap nie (Spragens, 1973, p.164).

Hiermee het Spragens beslis 'n belangrike bydrae tot die oplossing van die probleem van wetenskaplike objektiwiteit gelewer. Van besondere belang in hierdie verband is sy insig in die deskriptiewe funksie van norme. Norme is inderdaad nie iets aparts wat weggelaat of bygevoeg kan word volgens die kenner se smaak nie. Die probleem is egter dat Spragens nog nie die normatiewe struktuur van die werklikheid raaksien nie. Vir hom is norme iets in die mens se verstand: "organizing gestalten", "criteria of order", "more a form of concept than it is a form of imperative ... a gestalt, a shape, a meaning" (Spragens, 1973, p.119). Wat hy *norme* noem, sou eerder vooronderstellings genoem kon word. Maar al sou mens nie oor terme struikel nie en die term *norm* aanvaar in die sin wat Spragens dit bedoel, naamlik 'n ordeningsmaatstaf in die verstand van die kenner, bly dit nogtans 'n feit dat sy alternatief geen voorsiening maak vir genormeerdheid van die werklik-

heid self en die betekenis daarvan vir die kenproses nie. Die klem val te veel op die kenner wat die ongeordende politieke werklikheid vir homself moet orden ("... the real-world mind must ascertain and employ organizing gestalts to find order in what would otherwise be an empty landscape") in plaas daarvan dat hy die orde van 'n reeds geordende politieke werklikheid ontdek. Net soos Jung soek hy wetenskaplike sekerheid in die subjek, in plaas van in die wetsorde, wat die enigste vaste grond vir menslike kennisvorming verskaf.

Afgesien van bogenoemde kritiek is dit egter belangrik dat hy 'n oorweegbare oplossing vir die valse skeiding van feite en norme aanbied deur te betoog dat "A prior act of commitment, then underlies the possibility of meaning anything ...". (Spragens, 1973, p.143), en dit voorts ook oortuigend illustreer.

2.3.3 Evaluering

Dit blyk dus dat albei alternatiewe vir die waardeevryheids- idee van die behavioralisme daardeur gekenmerk word dat dit die sentrale posisie van die mens in die kenproses erken. Derhalwe word die persoonlike vooronderstellings van die wetenskaplike erken as 'n onvervreembare deel van die wetenskapsproses. Die fenomenologiese standpunt van Jung gee ongelukkig aanleiding tot die ander uiterste van die behavioralistiese objektivisme, naamlik subjektivisme, want wetenskaplike sekerheid word in die finale instansie afhanklik gemaak van die betekenisgewende funksie van die mens se bewussyn.

Spragens, aan die ander kant, lê in die tradisie van die Historiese Skool, klem op die historiesiteit en kontingensie van wetenskaplike kennis, en betoog verder dat norme nie net 'n preskriptiewe nie, maar veral 'n deskriptiewe funksie in die wetenskapsproses vervul. Die wyse waarop hy hierdie norme definieer, naamlik as ordeningsmaatstawwe wat deel is van die bewussyn, wek die indruk dat ook hy die dilemma van die subjektivisme nie kan ontsnap nie. Ten spyte van hierdie leemtes het albei alternatiewe egter belangrike bydraes gelewer tot die besef in die Staatsleer dat waarneming teoriegelade en wetenskap in die algemeen waardegelade is.

2.4 Samevatting

Dit blyk duidelik uit die voorafgaande uiteensetting dat die post-behavioraliste nie slegs die metodologie van die behavioralisme kritiseer en dit onhoudbaar vind nie, maar dat hulle ernstige pogings aanwend om iets in die plek daarvan te stel of om dit ingrypend te verander. In die geval van die basiese ontledingseenheid van die dissipline is die voorstelle van die fenomenologiese post-behavioraliste daarop gemik om die behavioralisme se konsepsie van politieke gedrag (wat tot die finansiese gereduseer is) te verbreed tot die erkenning van die tipies menslike aard daarvan, soos uitgedruk in die begrippe *betekenis* en *intensie*. Christian Bay, aan die ander kant, is van mening dat politieke gedrag glad nie deug as basiese ontledingseenheid nie en dat "human needs" eerder geneem moet word as norm vir die dissipline se teoretiese werkzaamheid. Wat betref die behavioralisme se opvatting van wetenskaplike verklaring soos uitgedruk in die deduktiewe model, huldig Gunnell die oortuiging dat daar, weens die kontekstuele aard

van die wetenskap, nie sprake kan wees van een enkele verklaringsmodel wat vir alle wetenskappe kan dien as norm vir "wetenskaplikheid" nie. Daarteenoor bied die fenomenologiese post-behavioraliste die sogenaamde fenomenologiese metode aan as die enigste metode waarmee politieke gedrag werklik verstaan sal kan word. Die fenomenologiese metode hou volgens hierdie groep post-behavioraliste ook die oplossing van die behaviorisme se waardevryheidsprobleem in. Alle kennis, sê hulle, veronderstel en bou voort op die mens se ervaring van die *Lebenswelt*; dit kan nie neutraal wees in die sin wat die behavioraliste dit bedoel nie, want dit gaan deur die "sif" van die mens se ervaring. Die duidelikste, en onses insiens die aanvaarbaarste alternatief vir die waardevryheidsleer kom van Spragens, wat op grond van wat hy noem die van-na-struktuur van kennis, aantoon dat die wetenskaplike se "commitments" 'n deurslaggewende rol speel, selfs in dit wat hy as feite akkrediteer en in die wyse waarop hy feite orden. Slegs na die erkenning en die eksplisiet maak van hierdie "commitments," sê hy, is dit moontlik om dit te transendeer en sodoen= de wetenskaplike objektiwiteit te bereik.

Hoewel die besonderhede ontbreek, is dit dus duidelike riglyne wat getrek word - so duidelik as wat in die omstandighede verwag kan word.

3. 'n Nuwe politieke filosofie

Dit het nou al verskeie kere aan die lig gekom dat die post-behavioraliste nie van die Staatsleer verwag om sonder 'n politieke filosofie te opereer nie (dit is vanweë die aard van die wetenskap onmoontlik), maar dat hulle die behaviorisme

verkwalik dat hy met die *verkeerde* politieke filosofie ope= reer. In Hoofstuk 3 is aangetoon dat die *Caucus for a New Political Science* se oogmerk nie die blote verwydering van die ideologiese vooroordele van die behavioralisme was sodat die dissipline ideologies neutraal kon wees nie. Die *Caucus* het dit as sy taak gesien om die politieke filosofie van die beha= vioralisme te ontmasker as anti-demokraties en om dit te ver= vang met 'n ander en beter politieke filosofie. Die hele . Hoofstuk 5 is dan ook gewy aan hierdie sogenaamde ontmaske= ring. En in Hoofstuk 6 is verder aangetoon dat die post-beha= vioraliste daarvan oortuig is dat die pluralisme as politieke filosofie onhoudbaar is - dat dit trouens 'n baie negatiewe effek op die Staatsleer het indien dit as uitgangspunt aanvaar word. Die negatiewe effek bestaan veral in die skewe beeld van die politieke werklikheid wat dit oplewer en die konserwa= tisme wat dit by die dissipline veroorsaak.

Teen hierdie agtergrond spreek dit vanself dat die post-beha= vioraliste sou soek na 'n alternatiewe politieke filosofie wat kan dien as vertrekpunt of teoretiese raamwerk vir die Staatsleer. En die alternatiewe wat aangebied word, hang net soos in die geval van die metodologiese alternatiewe, weer ten nouste saam met die verskeidenheid wysgerige groeperings wat daar onder die post-behavioraliste bestaan. Daar sal voorts aandag aan twee van hierdie alternatiewe gegee word, naamlik dié van die sogenaamde klassieke liberaliste by monde van Theodore Lowi en dié van die links-radikale of Marxisties georiënteerde groep post-behavioraliste.

3.1 Theodore Lowi se alternatief

Die huidige politieke stelsel, sê Lowi, is gebaseer op die veronderstelling dat regering deur middel van die reg, wat via formele strukture en prosesse uitgeoefen word, onmoontlik en onwenslik is. Die reg as norm is uit die stelsel geneem en vervang met belange, wat langs die weg van nimmereindigende konflik geadministreer word. Dit moet egter duidelik gestel word dat Lowi nie ontken dat verskynsels soos belangegroep, groepkompetisie, ens. werklikhede in die politiek is nie. Maar om al hierdie verskynsels as natuurlik en goed te beskou, sê hy, en om op basis daarvan 'n politieke stelsel te ontwerp, is 'n ander saak: "... it is to doom the system to remaining always locked into the original causes and effects" (Lowi, 1969, p.155). Om die Verenigde State af te kry van dié ingeslane weg van selfvernietiging, daarvoor sal die funksie van die reg herstel moet word. Dit is die wese van die demokrasie dat magsuitoefening moet plaasvind volgens 'n vaste norm, wat deur die volksverteenwoordigers neergelê is. Wat dus nodig is, is 'n nuwe politieke paradigma, wat Lowi "juridical democracy" noem (Lowi, 1969, p.297).

3.1.1 Juridiese demokrasie

Die eerste en belangrikste stap in die rigting van 'n nuwe politieke paradigma sal wees die herstel van die soewereiniteit van die reg ("rule of law") in die politieke stelsel. Histories, sê hy, is regsoewereiniteit en meer spesifiek die wettereg, die essensie van demokratiese regering (Lowi, 1969, p.298). Ongelukkig het dit egter in die Verenigde State grootliks in onbruik geraak. Ten einde die belangegroep-li-

beralisme te akkommodeer het die Hooggeregshof sy goedkeuring geheg aan alle maatreëls wat deur die wetgewende orgaan aanvaar is - ook dié wat net 'n "broad grant of power" was, sonder enige standaard. So het die toetsingsreg van die Hooggeregshof as't ware in onbruik geraak. In die praktyk het dit egter beteken dat die Hooggeregshof die wetgewende, dit wil sê die normgewende funksie van die Kongres oorgeneem het. Ten einde 'n ongeldigverklaring van wette te vermy - wette wat op die wetboek geplaas is sonder "clear standards of implementation" - het dit die reël in die Hooggeregshof geword om self daardie standaard te verskaf. Dit beteken dat die Hooggeregshof voortdurend self 'n wetgewende funksie vervul, in plaas van om magsdelegering wat nie vergesel is van 'n duidelike toepassingstandaard nie, ongeldig te verklaar. So-doende sou die wetgewende orgaan immers gedwing word om sy eie werk te doen, naamlik om duidelike regsnorme neer te lê vir elke delegering van magte aan belangegroepe.

Politieke regering, dit is 'n regering wat berus op die beginsel van informele belangekonflik, moet dus vervang word met regering deur middel van die reg, dit is 'n regering wat gewillig is "... to directly and coercively use the legitimate powers of the state on society in a way that is unmistakably clear to all" (Lowi, 1971, p.57-58). Die groepsproses vereis wetgewing wat so vaag as moontlik is sodat regeringsbeleid geplooi kan word om die belange van die groepe te bevorder. Regering deur middel van die reg beteken duidelike regeringsbeleid wat vir geen manipulasie deur belangegroepe vatbaar is nie. Dit is dan in hierdie sin dat hy die vervanging van politieke regering deur middel van die reg sien as 'n noodsaaklike eerste stap tot die oplossing van die krisis

in die Amerikaanse samelewing. Daar is egter meer veranderinge nodig. Die demokrasie is 'n *formele* stelsel en die reg funksioneer langs *formele* kanale. Daarom moet die respek vir formele instellings en prosedures herstel word. Formele besluitnemingsprosesse moet die *ad hoc*, informele, "each case by its own merits"-metodes van besluitneming op alle vlakke vervang.

Lowi het ook ander voorstelle vir hervorming van die politieke stelsel: die instelling van 'n senior staatsdiens waarvan die lojaliteit by die regering lê en nie manipuleerbaar is deur belangegroepe nie, die herstel van ware streeksregering en 'n fiskale beleid as instrument van beheer. Dit alles is egter sekondêr ten opsigte van die hoofsaak: die herstel van die "rule of law" en van die formele kanale wat vir die goeie funksionering daarvan noodsaaklik is ("formalistic democracy and the rule of law") (Lowi, 1971, p.xix).

3.1.2 Republikeinse konstitusionalisme

Die alternatief wat hy aanbied, is dus niks nuuts nie. Dit is 'n blote terugkeer na 'n formele demokrasie, dit wil sê 'n politieke stelsel waarin alle besluite op grond van duidelik geformuleerde juridiese norme en langs die weg van formele prosesse geneem word. Dit is 'n politieke stelsel waarin die staatsowerheid die dwangmatigheid van sy gesag goed verstaan en aanwend langs wêë wat vooraf aan almal bekend en deurentyd kontroleerbaar is en wat nie toelaat dat dit ondermyn word deur magsgroepe wat binne die gemeenskap aanwesig is nie. Kettler (1970, p.36) wys tereg daarop dat ons hier, weens 'n besef van die gebreke by die pluralisme, te doen het met 'n

herlewing - die herlewing van 'n politieke filosofie wat baie bekend is in die Amerikaanse politieke tradisie, naamlik die republikanisme of die republikeinse konstitusionalisme.

Twee politieke tradisies moet in die Amerikaanse geskiedenis duidelik onderskei word. Die een is republikeins en is duidelik geformuleer deur *The federalist*, en die ander is liberaal en kan teruggevoer word na die radikale individualisme van Thomas Paine. Paine wou die idee van gesagvolle regering wat funksioneer deur middel van formele juridiese instellings en prosedures, vervang met die idee van 'n politieke stelsel, gebaseer op informele, broederlike samewerking (Jacobson, 1963, p.562). Die pluralisme het uit laasgenoemde tradisie ontwikkel. Die "klassieke" liberaliste se kritiek is 'n terugval op die republikeinse tradisie, en die werk van Lowi is 'n poging om die republikeinse tradisie in die Amerikaanse politiek te herformuleer en te laat herleef.

Die republikeinse tradisie, wat so ver teruggevoer kan word soos Hegel,⁶⁾ Cicero en Aristoteles, word daardeur gekenmerk dat dit die politiek beskou as 'n *leerskool* waardeur die mens tot deugsamheid kan ontwikkel. Die politieke lewe is dus 'n kanaal waardeur die ontwikkeling van dieper menslike waardes bewerkstellig kan word. Die liberale tradisie, aan die ander kant, beskou die politiek meer as 'n masjien of instrument waarmee 'n beskaafde en welvarende samelewingsorde geskep kan word. By die eerste val die klem op menslike ontwikkeling, by die tweede op die stelsel of die orde wat bereik en behou moet word. Dit verklaar grootliks die kritiek van die "klassieke" liberaliste teen die ontsegging van algemene deelname wat daar in die elitisme van die pluralisme opgesluit lê.

Lowi se aandrang op 'n formele juridiese demokrasie en op 'n gesagvolle regering is 'n goeie illustrasie daarvan.

Die "klassieke" liberaliste se verwerping van en alternatief vir die pluralisme-ideologie is dus direk terug te voer na botsende politieke tradisies wat van die begin af in die Amerikaanse politieke geskiedenis aanwesig is, maar wat opnuut na vore gebring is deur die klaarblyklike mislukking van die pluralisme soos gedemonstreer in die Amerikaanse samelewingskrisis van die sestigerjare.

Direk teenoor die republikeinse tradisie waarin Lowi sy alternatief geformuleer het, staan die Marxistiese tradisie waarin 'n ander groep post-behavioraliste hulle alternatiewe geformuleer het.

3.2 Die Marxistiese alternatief vir die pluralisme-ideologie

In Hoofstuk 3 is aangetoon dat 'n belangrike faksie van die *Caucus for a New Political Science* sterk linkse, in die sin van Marxistiese, sentimente gehuldig het. Hierdie gesindhede het na die dood van die *Caucus* voortgeleef en 'n belangrike faktor gebly in die post-behavioralistiese beweging. Die alternatiewe wat hierdie groep politikoloë aanbied, strek uit die aard van die saak wyer as net die pluralisme-filosofie, want die kern van die probleem is vir hulle nie so seer die pluralisme-filosofie nie, maar die Westerse kapitalistiese en tegnologiese samelewingstelsel in die geheel, waarvan die Amerikaanse belangegroep-liberalisme en elite-demokrasie maar 'n verskyningsvorm is. Die alternatiewe waarvan hier sprake is, is eintlik niks meer nie as 'n aandrang op wat genoem word 'n

"deelnemende demokrasie", en op 'n rewolusionêre verandering= strategie.

3.2.1 Deelnemende demokrasie

Ono (1967, p.118) merk op dat die sentrale probleem vir die pluraliste, en veral die elitiste onder hulle, die behoud van die politieke mag deur die elite-groep is. Vir hom en ander radikales, sê hy, is die probleem hoe om die politieke mag in die hande van die massa te herstel. Op sigself is hierdie demokratiese rewolusie wat bewerk moet word en die idee van 'n deelnemende demokrasie natuurlik geen eksklusief Marxistiese oogmerk nie, maar uit sy verdere uiteensetting lyk dit tog of hy hierdie deelnemende demokrasie in Marxistiese terme definieer.

Van die deelnemende demokrasie sê Ono dat die klassieke opvatting daarvan nie gerealiseer kon word nie weens bepaaldestrukturele eienskappe van die moderne samelewing. Ten einde dit wel te verwesenlik, is die opwekking van 'n sosiale bewussyn by die massas noodsaaklik. En as alternatief vir die magstruktuur van die bestaande orde stel hy voor dat daar baie duidelik aandag gegee word aan die klassekonsep van Marx en aan die gepaardgaande idee van 'n diktatuur van die proletariaat (Ono, 1967, p.119). Sy terminologie is duidelik Marxisties: "... our critical analysis of bourgeois democracy, and our strategy and tactics as well, must be such as to compel the recognition of the limits and irrationalities of bourgeois democracy, and thereby to muster the forces sufficient to go beyond these limits when the limits are reached" (Ono, 1967, p.119). Tog slaag hy nie daarin om die buitelyne van 'n al=

ternatiewe sosialistiese samelewing sigbaar te maak nie.

Kettler (1970) sluit meer direk by Marx aan. Eers verduidelik hy dat die jong Marx, hoewel krities, die republikeinse konstitusionalisme van Hegel aanvaar het. Daarna toon hy aan hoe dat Marx gaandeweg besef het dat Hegel se konstitusionalisme op 'n basiese fout berus, naamlik 'n mensbeskouing wat skeiding maak tussen die privaat en publieke sfeer van die mens se lewe, en dat geen houdbare samelewing op daardie grondslag moontlik is nie. Dié skeiding loop volgens Marx daarop uit dat daar 'n deel van die mens se lewe is (die publieke deel, wat die terrein van die politiek is) waarvoor die mens geen beheer het nie. Trouens, dié deel word gekenmerk deur "... fundamental arbitrariness, unjustifiable dominations by a few over the many" (Kettler, 1970, p.61-62). Dit is dié deel van die mens se lewe wat gekenmerk word deur dominansie, deur "... volitional control over the actions of men through coercive power and authority" (Kettler, 1970, p.61). Dis niks anders nie as 'n "democracy of unfreedom", aldus Kettler.

Hy stel homself volledig op Marx se sienswyse (Kettler, 1970, p.67). Soos Marx verwerp hy hierdie skeiding tussen privaat en publiek, en hy spreek die oortuiging uit dat die staat wat die verpersoonliking is van die publieke, vervang moet word deur 'n sosialistiese samelewing, dit wil sê 'n samelewing waarin 'n deel van die mens nie van homself vervreem is nie en waarin die slawemoreel vervang is met 'n lewe van broederskap. So 'n sosialistiese samelewing, sê hy, sal uit die aard van die saak die afskaffing van privaat eiendom vereis (Kettler, 1970, p.65). Daar moet volgens hom dus basiese veranderinge in die Amerikaanse samelewing aangebring word voor=

dat 'n "democracy of freedom" moontlik is, en hierdie veranderinge moet sentreer rondom die sosialisering van die samelewing in die egte Marxistiese sin van die woord. Daarom is veranderinge soos Lowi dit byvoorbeeld bedoel, vir hom onaanvaarbaar.

3.2.2 'n Rewolusionêre veranderingstrategie

Sowel Kettler as Ono is veel duideliker oor die veranderingstrategie wat nodig is om vanaf die huidige bedeling na die sosialistiese samelewing te beweeg. Veral die beskouing van Ono is vir ons van belang omdat dit 'n baie duidelike verantwoordelikheid op die skouers van die Staatsleer lê.

Kettler is 'n tipiese neo-Marxis. Hy is oortuig daarvan dat die sosialistiese samelewing nie vanself gaan kom, soos Marx op grond van sy historiese materialisme wou beweer nie: "... a socialist alternative is in no sense inevitable" (Kettler, 1970, p.68). Daar moet 'n strategie wees vir radikale sosiale en politieke verandering. Voorts vra hy homself af of daar in die Amerikaanse samelewing magte aan die werk is om die basiese patroon van die Amerikaanse samelewing te verander op die skaal wat vereis word deur 'n ware sosialistiese rewolusie. Nadat hy die aard van drie radikale bewegings (die "New Politics"-beweging, die "Revolutionary Action Movement" en die "New Left") behandel het, kom hy tot die gevolgtrekking dat die voorwaardes vir 'n suksesvolle sosialistiese rewolusie nie in die Verenigde State bestaan nie. Selfs die anti-Viëtnam-beweging, wat op die universiteite begin is en wat veel belofte ingehou het, is volgens hom besig om 'n vroeë dood te sterf omdat dit te veel op die politieke aspek van die verset

konsentreer en nie begryp dat die ware aard van 'n sosialistiese rewolusie *sosiaal* van aard is nie (Kettler, 1970, p.75).

Om sy standpunt in hierdie verband te verduidelik, val hy terug op Marx se onderskeid tussen die sosiaal-ekonomiese onderbou en die politieke bo-bou van die samelewing en die afhankelijkheid van die politieke bo-bou van die sosiaal-ekonomiese onderbou. Rewolusionêre politieke aksie het volgens dié beskouing geen betekenis indien dit nie in verband staan en ondersteun word deur 'n deurlopende sosiale beweging nie. Volgens hom bestaan daar in die Verenigde State nie so 'n sosiale beweging nie. Daarom is die sogenaamde radikale politieke aksie van allerlei radikale bewegings niks meer nie as 'n "hashish-dream of heaven: the politics of the trip" (Kettler, 1970, p.76). Dit is 'n oefening in futiliteit, sê hy.

Die sosialistiese rewolusie kan nie deur buitestaanders ("those who are altogether outside the system") bewerkstellig word nie, soos Marcuse beweer. Sosialistiese verandering, sê hy, kan slegs kom van sosialiste wat van binne die stelsel werk en wat in die konkrete situasies waarin hulle leef en werk hulleself en hulle medemenses herstel tot die ware menswees (Kettler, 1970, p.77). Wat dié ware menswees beteken, sê hy egter nie. Hy suggereer wel dat dit te make het met die herstel van die in-twee-gekeurde-mens: "Socialism is the struggle to make ourselves and others whole in the concrete circumstances ..." (Kettler, 1970, p.76). Maar wat dit presies beteken, laat hy aan Marx oor om te verduidelik.

Ook Ono is van mening dat die alternatiewe samelewing nie van self sal kom nie. Dit vereis noukeurige beplanning en organisasie. En wat dit betref, plaas hy 'n groot verantwoordelikheid op die Staatsleer. Wat in die eerste plek nodig is, sê hy, is dat die radikale Staatsleer 'n aanvaarbare model van die demokrasie moet uitwerk. Daarmee bedoel hy 'n model wat die sosiologiese sowel as die industrieel-tegniese problematiek van die moderne samelewing akkommodeer: "Since our task is to forge the noble ideal out of the vulgar reality, our practice must mediate the topia with the utopia" (Ono, 1967, p.121). Daarom moet daar in die tweede plek ook 'n duidelike veranderingstrategie wees.

Hierdie strategie dui hy nader aan as "the structural reform strategy". Die beginsel wat daaraan ten grondslag lê, sê hy, is dat "all tactics must be such as to facilitate the masses' ... perception of social reality, and this perception must be a perception within the perspective of the ideal". Dit beteken dat die radikale politikoloë sulke alternatiewe vir regeringsprogramme moet uitwerk dat die massas se begrip van die verskil tussen die konkrete werklikheid en die ideale toestand voortdurend verdiep word. En hierdie strategie moet aangevul word deur 'n teorie van organisasie. Fyn taktiese beplanning moet die uitvoering van die strategie vergesel. Dit help nie om onbepland aan te ploeter soos die bestaande radikale bewegings nie. Die werke van Amerikaanse en ander sosioloë oor organisasie moet 'n keer krities bekyk word, maar daar moet in hierdie verband veral aandag gegee word aan die werke van Marx, Lenin, Gramsci, Lukacs, Mao en Liu Shao-chi (Onon, 1967, p.122).

So kom Ono (1967, p.123) dan tot die gevolgtrekking dat "... only with a realistic strategy and theory of organization ... can we push and explore the limits of bourgeois democracy ever further, and make certain that when the limiting point is reached, we shall have mustered a sufficient force to transcend it". In hierdie hele proses speel die Staatsleer, of ten minste die radikale politikoloë, 'n leidende rol. Nêrens plaas hy eksplisiet 'n taak op die skouers van die Staatsleer as sodanig nie; hy praat namens homself en ander radikales. Hulle moet 'n nuwe model van die demokrasie ontwerp, hulle moet 'n behoorlike strategie ontwerp en dit implementeer, en hulle moet die sosialistiese rewolusie by die massas wakker maak. Dit vereis teoretiese werk op die gebied van die Staatsleer, maar gelyktydig ook praktiese politieke optrede.

Uit die betreklike vaagheid van visie op die aard van die alternatiewe maatskappy en die groter helderheid oor die rewolusionêre veranderingstrategie wat vir die bereiking daarvan nodig is, blyk dit dat die Marxistiese alternatiewe eintlik *neo-Marxistiese* alternatiewe is.

3.3 Samevatting

Die politieke alternatiewe van die post-behavioraliste lê tussen twee uiterstes. Aan die een kant is Lowi wat vanuit die republikeinse tradisie in die Amerikaanse politiek pleit vir 'n "juridiese demokrasie" waarin die informele onderhandelingspolitiek van die pluralisme ("politieke regering") vervang word met formele demokratiese regeringsprosesse ("regering deur middel van die reg"). Aan die ander kant is die

Marxistiese ideaal van 'n "deelnemende demokrasie" waarvan die oogmerk is om die huidige "bourgeois democracy" te vervang met 'n ware sosialistiese samelewing. Hierdie sosialistiese samelewing sal daardeur gekenmerk word dat die politieke mag wat nou in die hande van die elite-groepe is, in die hande van die massa herstel word en dat die dominansie van die mens, wat opgesluit is in die skeiding van die private en publieke sfere van die mens se lewe, beëindig word. Daarbenewens verskaf die Marxistiese post-behavioralste ook die breë riglyne vir 'n strategie wat gevolg moet word ten einde van die bestaande orde na die sosialistiese samelewing te beweeg. Tussen hierdie twee uiterstes, wat hulleself albei as demokraties aanbied, word 'n wye verskeidenheid politieke gesindhede onder die post-behavioralste aangetref. En hoewel geen statistiese bewyse aangevoer kan word nie, is die indruk tog dat die gewig nie aan Lowi se kant van die politieke spektrum lê nie. Soos in Hoofstuk 5 aangetoon, is die linkse politieke gesindhede - in die sin van die New Left en die Marxisme - beslis die sterkste onder post-behavioralste.

Vir die doel van hierdie studie is dit nie nodig om die meriete van hierdie politieke alternatiewe te probeer bepaal nie. Die rede waarom dit hier behandel is, is eenvoudig dat dit 'n belangrike lig werp op die post-behavioralste se politieke uitgangspunte. Hulle hele betoog kom daarop neer dat die Staatsleer nie sonder politiek-filosofiese uitgangspunte kan opereer nie, dat die politikoloog se eie politieke oortuigings 'n deurslaggewende rol speel in sy teoretisering oor die politieke werklikheid en dat die behavioralistiese Staatsleer dus ook nie daarsonder is nie. Nou is dit alleen maar konsekwent dat hulle in die lig van hierdie standpunt hulle

die politieke voorkeure eksplisiet maak. Elkeen probeer, sover moontlik, 'n politieke alternatiewe formuleer wat 'n aanneemliker vertrekpunt vir die dissipline se teoretiese werksaamheid sal wees as die filosofie van die bestaande orde in die Verenigde State. Dié politieke alternatiewe moet as't ware die kragssentrale wees waarvandaan die Staatsleer opereer om die bestaande politieke orde krities te beoordeel en om dit selfs te transendeer. Die politieke alternatiewe is slegs in hierdie epistemologiese betekenis vir ons van belang.

Die epistemologiese betekenis van die politieke alternatiewe is juis daarvoor verantwoordelik dat 'n ander probleemkompleks aan die orde gestel moet word, naamlik die verhouding tussen die Staatsleer en die politiek. Die fundering van die Staatsleer in hierdie nuwe politieke filosofieë impliseer 'n bepaalde kritiese funksie van die Staatsleer ten opsigte van die samelewing in die algemeen en die politiek in die besonder. Hierdie rol van die Staatsleer is reeds geïmpliseer in die verduideliking wat hierbo gegee is van die veranderingsstrategie wat die Marxistiese post-behavioralists in gedagte het. Die vraag is egter: wat word bedoel met die idee van 'n kritiese Staatsleer?

4. Die kritiese rol van die Staatsleer

Op grond van hulle geloof in die logiese skeiding tussen feite en waarde-oordele het die behavioralists ook aangedring op skeiding tussen die politiekoloog se rol as wetenskaplike en sy rol as burger, of soos Wolfe (1970, p.292) dit stel: "between acting politically and acting professionally". As die politiekoloog politiek optree, is hy gelyk aan enige iemand

anders wat polities optree. Politieke besluite en keuses het te doen met wat *wenslik* is in bepaalde omstandighede, en daaroor kan die politikoloog geen uitspraak lewer wat groter aanspraak op aanvaarding het as dié van byvoorbeeld 'n sweiser of 'n briewebesteller nie. Aangesien daar geen *logiese* verband tussen feite en waarde-oordele bestaan nie, kan die politikoloog se wetenskaplike kennis van die empiriese politieke werklikheid geen lig werp op wat wenslik sal wees in 'n bepaalde politieke situasie nie. As die politikoloog professioneel optree, dit wil sê as hy die politieke werklikheid empiries verklaar, maak hy aanspraak op *wetenskaplike* gesaghebbendheid wat op hierdie standpunt preskriptiewe oordele per definisie uitsluit.

Dit beteken dat die politikoloog in sy wetenskaplike werk die politieke werklikheid moet verklaar soos dit is en nie moet probeer om te sê hoe dit behoort te wees, of om op grond van sy wetenskaplike kennis die politieke werklikheid in 'n bepaalde rigting te stuur nie. Die politikoloog as wetenskaplike durf geen waarde-oordeel vel oor die soort politieke samelewing wat wenslik is nie. Eulau (in Charlesworth, 1966, p.115) waarsku byvoorbeeld: "... let us not confuse our role of responsible citizen with our role of scientist". En hy spreek die oortuiging uit dat die navorsingsresultate van die politikoloog tot die beskikking is van "whatever goals men pursue in politics" (Eulau, 1963, p.137). Die politikoloog word beskou as 'n "selfless instrument of impersonal knowledge" (Reid, 1972, p.349). Die neutraliteitsbeginsel geld dus nie net vir die wyse waarop die politikoloog met sy studiemateriaal omgaan nie, maar ook vir die verhouding tussen die Staatsleer as wetenskaplike dissipline en die poli=

tiese belange, ideale en instansies wat die voorwerp van sy studie is. Die Staatsleer is 'n sogenaamde "pure science"; dit beskik nie oor 'n *corpus* parate kennis wat praktiese probleme kan oplos nie. Daarom het die Staatsleer ook geen klante nie.

Die post-behavioraliste vind deurgaans hierdie standpunt onhoudbaar. In Hoofstukke 4 en 6 is aangetoon dat hulle baie effektief geïllustreer het dat daar in die praktyk weinig van hierdie neutraliteit tereg kom en dat die behavioralisme inderdaad optree in die belang van die heersende politieke magte. Daar sal nou verder betoog word dat die post-behavioraliste glo dat hierdie siening van die Staatsleer se rol in die samelewing verkeerd is en dat die Staatsleer, soos die wetenskap in die algemeen, 'n kritiese in plaas van dienstige rol ten opsigte van die samelewing te vervul het.

Hierdie beskouing kan van die begin van die post-behavioralistiese rewolusie af opgemerk word. Wolfe (1970, p.288) het dit byvoorbeeld ingesluit by die oogmerke van die *Caucus for a New Political Science*. Hy merk naamlik op dat die doel van die *Caucus* nie alleen is om die wyse waarop die politiek bestudeer word, te wysig nie, maar ook om die politieke werklikheid wat die Staatsleer bestudeer, te verander. In plaas van die houding in te neem dat die Staatsleer 'n sogenaamde "pure science" is wat aan geen politieke belang diensbaar wil en kan wees nie en dan tog by implikasie die belange van die bestaande orde dien, moet die Staatsleer openlik die meriete van die bestaande politieke stelsel ondersoek en die weg aandui na 'n verbetering daarvan. As alternatief vir die konserwatiewe vooroordeel en die politieke irrelevansie van die behaviora-

lisme stel Surkin en Wolfe (1969, p.45) voor dat die Staatsleer dit as sy taak aanvaar om sy wetenskaplike kennis te kanaliseer "... in the direction of progressive social development and change rather than in the direction of the power interests of the *status quo*". Hierdie sienswyse word ook gedeel deur Steintrager (1971, p.331) wat die vraag stel of dit nie die taak van die Staatsleer is om die geloofwaardigheid te ondersoek van diegene wat in die magposisies is nie. En Lipsitz (1970, p.8) vergelyk die taak van die Staatsleer met dié van 'n geneesheer: Die geneesheer moet in die eerste plek die oorsaak van die siekte by die pasiënt diagnoseer, dan moet hy die pasiënt daarvan oortuig dat 'n bepaalde behandeling noodsaaklik is, en eers dan kan die behandeling gegee word. Dit beteken dat die Staatsleer nie die rol van die dienswillige dienaar van die bestaande orde moet speel nie (al is dit onder die dekmantel van sogenaamde neutraliteit), maar dat hy op grond van sy wetenskaplike kennis 'n daadwerklike bydrae tot die verbetering van die politieke gemeenskap moet lewer.

Die vraag is egter: op watter gronde baseer die post-behavioraliste hierdie opvatting van die kritiese funksie van die Staatsleer? Vanselfsprekend kan dit uit verskillende hoeke gemotiveer word. Dit is byvoorbeeld 'n sienswyse wat dikwels met die Marxistiese denke geassosieer word. Dit is kenmerkend van die Marxistiese tradisie in die kontemporêre Westerse denke dat die grens tussen denke en handeling en tussen wetenskap en politiek afgebreek word. Sover vasgestel kon word, het die post-behavioraliste wat 'n Marxistiese visie op die Amerikaanse Staatsleer probeer ontwikkel het, die kwessie van die verhouding tussen die Staatsleer en die politiek egter

slegs sydelings aangeraak.⁷⁾ Indien hulle dit wel in enige diepte hanteer het, het die literatuur in hierdie verband skrywer se aandag ontsnap. Waarskynlik moet die oorsaak hiervan gesoek word in die feit dat die Marxistiese post-behavioraliste aanvanklik meer in politieke as in wetenskapsteoretiese kwessies geïnteresseerd was. En dit is miskien ook die rede waarom die meeste ander post-behavioraliste ook nie die gronde van hulle standpunte in hierdie verband duidelik gestel het nie. Sover vasgestel kon word, is dit slegs Kariel en tot 'n mindere mate Lowi wat enigsins in diepte op die wysgerige gronde van die idee van 'n kritiese Staatsleer ingegaan het. Derhalwe sal dié twee post-behavioraliste se opvattinge in hierdie verband nou agtereenvolgens bekyk word.

4.1 Die eksperimentele toetsing van die bestaande werklikheid

Kariel (1972, p.3) was daarvan oortuig dat 'n herdefinisie van die Staatsleer noodsaaklik en onvermydelik is. Die irrelevantie van die behavioralistiese Staatsleer moet omgeskep word in relevantie - en wel so dat die Staatsleer in 'n fenomenologiese sin die betekenis van die gebeure van die tyd probeer verstaan. Die grense en fokus van die Staatsleer moet so uitgebrei word dat dit die engheid van die positivistiese Staatsleer ophef. Die depolitisering van die Staatsleer wat inbegrepe is in die behaviorisme, dit is die vlug van die politikoloog van die politiek na sy studeerkamer, moet verander word met 'n definisie van die Staatsleer, "which fuses it with political practice" (Kariel, 1972, p.5). Die Staatsleer, nes ander wetenskappe, is vir hom nie suiwer denke nie; die politikoloog moet *handelend* betrokke raak by sy studieveld. In die proses skep hy nuwe moontlikhede en dra hy

by tot die transendering van die bestaande werklikheid. Die Staatsleer, soos denke in die algemeen, is 'n vorm van handel= ling. Daarom definieer hy die Staatsleer dan ook nie in terme van denke nie, maar in terme van handeling: "Political science (is) a social enterprise designed to give disciplined *expression* to the realities and possibilities of political life" (Kariel, 1972, p.14).

Hierdie beskouing van die Staatsleer, wat gekenmerk word deur die fusie van denke en handeling, berus op en is alleen ver= staanbaar vanuit 'n bepaalde mensbeskouing.

4.1.1 Denke as 'n vorm van handeling

Kariel sintetiseer aspekte van verskillende mensbeskouings. Die grondslag van sy opvatting van "political man" is die eksistensialisme se visie op die wordende mens: die mens is immer op weg; hy is besig om te word wat hy graag wil wees. En *handeling* is die wese van hierdie wording. Deur middel van handeling is die mens voortdurend besig om nuwe moontlik= hede te ontwikkel. Hierdie selfontwikkeling vind volgens hom in die *politiek* plaas. Die politiek is naamlik die plek waar die mens saam met ander mense werk om die dwang van noodsaak= likheid te ontsnap, om nuwe moontlikhede te realiseer en om die bestaande werklikheid te transendeer (Kariel, 1970, p.129).

Hoe dit presies kan gebeur, verduidelik hy deur gebruik te maak van Marcuse se beskouing in verband met menslike behoef= tes. Menslike behoeftes, sê hy, is daardie "unhappy con= sciousness" wat ontstaan uit die spanning tussen die werklik= heid en dít wat die mens graag wil wees. Dit is daardie

namelose dimensies van onself waarvan ons vervreemd is, daardie onerkende fasette van die lewe wat die bestaande samelewing voortdurend by ons onderdruk. Hierdie behoeftes kan slegs na vore tree as die repressie daarvan deur die samelewing verwyder word. Dit beteken dat die samelewing self verander moet word. En die samelewing kan alleen verander word deur denkbeelde handelend tot uitdrukking te bring, deur dit wat bedink word daadwerklik te gaan realiseer. Kariel (1970, p.130) stel dit so: "Taking risks, we must attempt to *violate* whatever is alleged to be reality, whatever equilibrium positivists certify to be real ... to the extent that we succeed in pushing back the coercive forces of the wilderness, we will have gained in manageable experience, in political space." Menslike behoeftes kan dus alleen vasgestel word in 'n nimmereindigende proses van bevraging en transendering van die bestaande samelewingstrukture. Dit is wat hy "experimental probing" van die bestaande samelewing noem.

Kariel stel dus geen bloudruk vir die samelewing voor nie; daar is nie een enkele alternatief wat in die plek van die huidige samelewing gestel moet word nie. Die sosiale werklikheid is vir hom "eksistensieel oop"; dit is 'n proses waarin die mens deur middel van eksperimentele toetsing die bestaan=de werklikheid voortdurend verander.⁸⁾

Vir kennis en wetenskap is hierdie mensbeskouing van deurslaggewende belang. Kennis is hiervolgens nie iets selfstandigs nie. Die skeiding van denke en handeling is verkeerd. Die mens skep die werklikheid deur sy denke (Kariel, 1972, p.66). Denke is dus wesenlik 'n vorm van handeling. Dit bring hom

dan tot die gevolgtrekking dat "... there is no way to know= ledge and power without bringing oneself into social acts, without making oneself appear" (Kariel, 1972, p.5). Kennis vereis dus dat die kenner handelend betrokke moet wees by sy veld van ondersoek.

Die vraag is nou: wat beteken hierdie visie op die mens en kennis konkreet vir die Staatsleer? Die antwoord op hierdie vraag is tegelyk ook Kariel se alternatief vir die sogenaamde neutrale Staatsleer.

Op grond van Kariel se omvattende beskouing van die politiek, naamlik as ál die mens se handeling in die publieke arena, is die wetenskap van die politiek vir hom "a comprehensive master science", die meesterwetenskap ten opsigte van die mens wie se taak dit is om vir die mens steeds nuwe uitdrukkingsmoontlik= hede te skep (Kariel, 1972, p.3). 'n Tweede kenmerk van die Staatsleer is dat dit geen suiwer denkaktiwiteit is nie; soos wetenskap in die algemeen, is dit 'n vorm van handeling (Kariel, 1972, p.105). Teen die agtergrond van sy mensbeskou= ing, waarvan die kern is dat die mens 'n onvoltooide, hande= lende wese is, beteken hierdie twee kenmerke dat die Staats= leer 'n instrument is vir die transformasie van die samelewing (Kariel, 1972, p.93). Dit is die taak van die Staatsleer om die kunsmatigheid en voorlopigheid van die bestaande stelsels en strukture te begryp en te herontwerp, "... so that they might maximize opportunities for developing our capacities" (Kariel, 1970, p.137).

Volgens hom moet die Staatsleer aan die lig bring dat die bestaande strukture en beleidsrigtings nie net oplossings is nie, maar ook probleme. Die politikoloog moet die bestaande politieke orde bevraagteken en hy moet die aandag vestig op belange wat deur die heersende beleidsrigtings buite rekening gelaat word of wat deur die regerende elites onderdruk word. Verontrus oor die sogenaamde orde van die dag moet die politiekoloog spekulêr oor alternatiewe en eksperimenteel bewys dat dié alternatiewe moontlik is (Kariel, 1973, p.120).

4.1.2 Samevatting

Dit is duidelik dat daar vir Kariel van neutraliteit in die sin van 'n politieke onbetrokke verklaring van die empiriese stand van sake geen sprake kan wees nie. Vanweë die aard van denke en wetenskap as 'n vorm van handeling, is die politisering van die Staatsleer onvermydelik en noodsaaklik. Die politieke wetenskap vind uitdrukking en resulteer in die eksperimentele verandering of transformasie van die bestaande politieke werklikheid. Die beginsel van die politieke neutraliteit van die Staatsleer is dus nie eens ter sprake nie. Soos reeds in verband met die *Caucus for a New Political Science* (Hoofstuk 3, par.5.2) aangetoon, kom dit in beginsel op presies dieselfde neer as die behavioralisme se dienstigheid aan die bestaande orde. Die heer-dienskneg-verhouding tussen die politiek en die Staatsleer bly behoue; die enigste verskil is dat Kariel diensbaar wil wees aan 'n ander politieke ideaal as dié van die bestaande orde. Anders as sy New Left-gesinde mede-lede van die *Caucus for a New Political Science*, wat die Staatsleer bloot in diens wou stel van 'n nuwe meester, die

links-radikale politieke filosofie, is sy standpunt egter baie meer gesofistikeerd. "Political man" in die eksistensialisties-fenomenologiese sin van die woord, en beslis nie 'n alternatiewe politieke ideaal nie, word die hoogste belang waaraan die Staatsleer homself moet verbind. Tog bly die beginsel dieselfde: politieke denke en politieke handeling word een. 'n Kritiese en radikale Staatsleer in die sin van "engaging in politics" is die ideaal wat die oorgrote meerderheid post-behavioraliste nastreef, ongeag ten behoeve van watter belang of ideaal daar deelgeneem word.

Kariel se opvatting van die kritiese rol van die Staatsleer is gegrond in die eksistensialistiese mensbeskouing en in die fenomenologiese opvatting van denke en handeling. Om daardie rede moet sy standpunt as verteenwoordigend van 'n beduidende groep post-behavioraliste beskou word. Dit moet egter ook aanvaar word dat nie al die post-behavioraliste sy sienswyse gedeel het nie. Soos reeds in Hoofstuk 3 aangetoon, het Theodore Lowi, stigterslid van die *Caucus for a New Political Science*, die taak van die Staatsleer ten opsigte van die samelewing heeltemal anders gesien.

4.2 'n Onafhanklike en radikale Staatsleer

Lowi is daarvan oortuig dat die Amerikaanse universiteite in die afgelope paar dekades 'n rewolusie ondergaan het wat die aard van hulle aktiwiteite betref. Die rewolusie bestaan daarin dat die universiteite op 'n ongekende skaal gepolitiseer geraak het ten gunste van die bestaande orde.

Soos Wolin en Schaar (1970), is Lowi van mening dat daar, vanweë die tegnokratiese aard van die moderne samelewing, 'n heer-dienskneg-verhouding tussen die samelewing en die universiteit tot stand gekom het. Die tegnokratisering van die samelewing het daartoe gelei dat die universiteit in rat ("in mesh") met die samelewing gekom het. Dit beteken eenvoudig dat die agenda van die universiteit bepaal word deur die behoeftes van die samelewing en spesifiek deur die beleidsbehoefte van die regering. Dat dit vir hom 'n hoogs onhoudbare situasie is, blyk uit sy konklusie dat "the universities have prostituted themselves" (Lowi, 1971, p.126). So 'n verhouding tussen wetenskap en samelewing is vir hom 'n verkragting van die *wese* van die universiteit.

4.2.1 Die politisering van die Staatsleer

Wat hom betref, vorm die Amerikaanse Staatsleer, maar veral die *American Political Science Association* as professionele organisasie, deel van hierdie patroon, en dít ten spyte van die algemeen aanvaarde beginsel van "ideologiese neutraliteit". Die ideaal om hierdie skynheiligheid van die behavioralistiese Staatsleer te ontmasker en om die situasie te bereedder was een van die belangrikste redes waarom Lowi lid van die *Caucus for a New Political Science* geword het.

Die behavioralistiese Staatsleer, sê Lowi (1973, p.66), begryp nie die fundamentele verandering wat die tegnokratisering van wetenskap en samelewing in hulle onderlinge verhouding teweeggebring het nie. Probleemgerigte navorsing, sê hy, is inherent konserwatief. Dit bring 'n hoë mate van ooreenstemming tussen navorser en beleidmaker, en die probleem

sowel as die oplossing word gelegitimeer deur die outoriteit van die wetenskap. Die belangrikste is egter dat die intellektuele agenda van die Staatsleer deur die behoeftes van 'n bepaalde politieke regime bepaal word in plaas van deur die outentieke wetenskaplike behoeftes van die dissipline self. Probleemgerigte navorsing, dit is navorsing wat op versoek van een of ander owerheidsinstansie gedoen word ter oplossing van 'n bepaalde maatskaplike probleem (bv. die opheffing van die arm swartes in die VSA), bring die Staatsleer in rat met die samelewing op 'n wyse wat direk ondermynend is vir die Staatsleer as wetenskap. Die bepaling van die Staatsleer se agenda deur die behoeftes van die regering kompromitteer die Staatsleer aan die filosofie en beleidsrigtings van 'n bepaalde regime, waardeur die onafhanklikheid en die kritiese funksie van die Staatsleer ten opsigte van die samelewing verknoei word (Lowi, 1973, p.67).

4.2.2 'n Radikale Staatsleer

Hierteenoor stel hy die ideaal van 'n outonome en radikale Staatsleer. Op grond van 'n uiteensetting van die aard en geskiedenis van die universiteitswese kom hy tot die gevolgtrekking dat die wetenskap 'n kritiese funksie in die gemeenskap te vervul het. Indien die dissipline se konsepte en teorieë polities onafhanklik en relevant bly, sal elke nuwe geslag studente die politieke werklikheid vanuit hulle eie visie beoordeel. Dit sal aan die dissipline die volgehoue vermoë verskaf om die politieke gemeenskap krities te beoordeel (Lowi, 1973, p.69). Tot die mate waarin die Staatsleer in staat is om dít te doen sal hy radikaal wees, want radikalisme het te doen met na die wortels van 'n saak gaan.

Hieruit maak Lowi die gevolgtrekking dat die radikalisme van die Staatsleer nie in die radikale politieke gesindhede en optredes van politikoloë gesoek moet word nie, maar in die konseptuele apparaat en in die politieke onafhanklikheid van die dissipline. Dit verklaar waarom hy sy sienswyse kan saamtrek in die stelling: "... my faith is that for educators education, not politics, is the appropriate calling and the effective technique for social control" (Lowi, 1973, p.viii). Die *skeiding* tussen denke en handeling is dus die wysgerige grond van sy beskouing.

4.2.3 Samevatting

Lowi se alternatief gaan teen die grein van die behavioralistiese Staatsleer sowel as teen dié van die oorgrote meerderheid post-behavioraliste wat op grond van die verwydering van die grens tussen denke en handeling, die Staatsleer wil omseep in 'n politieke aksiegroep. Die behavioraliste doen dit onwetend deur dienstig te wees aan die bestaande politieke orde en die post-behavioraliste doen dit openlik en skaamtelos deur die politisering van die Staatsleer in beginsel te aanvaar. Wat die kwessie van die verhouding tussen die Staatsleer en die samelewing betref, is daar volgens Lowi dus geen verskil tussen die behavioralisme en die post-behavioraliste soos Kariel nie. Dit is beslis 'n baie verdienstelike perspektief op die gebeure in die Amerikaanse Staatsleer waarvan Lowi self deel was. Hy toon oortuigend aan dat die post-behavioraliste die probleem van die politieke betrokkenheid van die Staatsleer nie oplos nie, maar eerder in 'n erger dwaling verval as die waarvan hulle die behavioralisme beskuldig. Die behavioraliste se dienstigheid aan die bestaande

orde is implisiet en dikwels onwetend; die post-behavioraliste s'n is eksplisiet en blatant.

Sy idee van 'n onafhanklike en kritiese Staatsleer berus op die *skeiding* van denke en handeling en bestaan hoofsaaklik daarin dat die wetenskap as iets wesenlik anders as die politiek beskou word. Die Staatsleer het wel 'n kritiese funksie ten opsigte van die politiek, maar dit is 'n *teoretiese* funksie; die eieaard van die wetenskap kan nie oorskry word om die Staatsleer in die vorm van 'n politieke aksiegroep in diens van 'n bepaalde politieke filosofie te stel nie. Soos nou hieronder aangetoon sal word, het Lowi daarmee baie naby aan die korrekte siening van die verhouding tussen die Staatsleer en die politiek gekom.

4.3 Evaluering

Uit die uiteensetting hierbo van die post-behavioraliste se alternatiewe vir die heer-dienskneg-verhouding (sy dit dan ook onbewustelik en implisiet) tussen die bestaande politieke orde en die behavioralistiese Staatsleer, blyk twee sake baie duidelik. Die eerste is dat, hoewel die idee van 'n radikale of kritiese Staatsleer baie algemeen onder post-behavioraliste voorkom, daar slegs enkeles is wat die wysgerige gronde van dié sienswyse duidelik gemaak het. Die tweede saak is dat daar onder post-behavioraliste ten minste twee opvattinge oor die kwessie van 'n kritiese Staatsleer bestaan. Daar moet egter op grond van die beskikbare getuienis aanvaar word dat die standpunt van Lowi 'n minderheidstandpunt is, indien hy nie die enigste is wat daardie bepaalde opvatting oor die onafhanklikheid en outonomie van die Staatsleer huldig nie.

Daar is ook aangetoon dat Lowi die inkonsekwentheid van die post-behavioraliste se standpunt treffend geïllustreer het: hulle aanvaar self as 'n beginsel dit wat hulle by die behavioralisme as 'n ernstige dwaling uitwys, naamlik sy ideologiese vooroordeel.

Seker een van die belangrikste insigte van die post-behavioraliste is hulle ontmaskering van die valse dualisme van denke en handeling en die idee van die skeiding van die Staatsleer en die politiek wat daarop gebaseer is. Die *fusie* van denke en handeling is juis die grondslag van Kariel se opvatting van die kritiese rol van die Staatsleer. Die vraag is egter of die alternatief wat hulle daarvoor ontwikkel het ten volle reg laat geskied aan beide en of dit 'n oplossing is vir die genoemde dualisme.

Hierbo is betoog dat menslike handeling gestruktureerd is, dit wil sê gekwalifiseer word deur die struktuur van die samelewingskring of situasie waarbinne dit plaasvind. Op grond daarvan is aangetoon dat politieke handeling gekwalifiseer word deur die struktuurbeginsele van die politieke gemeenskap of staat. Hierdie gestruktureerdheid van menslike handeling bring mee dat daar 'n groot verskeidenheid moontlike handeling onderskei kan word, byvoorbeeld liefdeshandeling, geloofshandeling, ekonomiese handeling, politieke handeling, ens. Al hierdie handeling is gegrond in die menslike denke, dit wil sê in die logiese onderskeidingsvermoë van die mens. In daardie sin is die handeling wat hierbo genoem is almal *denkhandelinge*. Teoretiese denke is egter denkhandelinge met 'n baie spesifieke karakter. Hulle het ten doel om deur middel van metodiese identifikasie en

onderskeiding te kom tot wetenskaplike en teoretiese insig in die werklikheid. Politieke handeling daarenteen, is handeling van 'n ander geaardheid; dit het te make met die bestaan van die mens in die politieke gemeenskap (Wolterstorff, 1978, p.5-12).

Nou is dit duidelik dat die onderskeid tussen hierdie twee soorte handeling ook ten nouste saamhang met die struktuur van die samelewingskring waarbinne dit plaasvind. Teoretiese handeling word medebepaal deur die feit dat dit plaasvind binne wetenskaplike instellings soos universiteite en navorsingsinstansies, terwyl politieke handeling saamhang met die eieaard van die politieke gemeenskap as publieke regsoorde.

Die vraag is nou: wat moet die verhouding wees tussen die *teoretiese* denke van die politikoloog en die *politieke* denke wat die handeling in die politiek bepaal? Kariel se antwoord op dié vraag kom neer op 'n skending van die eieaard van die twee soorte denke en dus ook van die twee samelewingskringe waarbinne hulle funksioneer. Sy insig dat denke 'n vorm van handeling is, is korrek. Die mens se rasonale vermoëns durf nie teenoor sy sedelike of handelingslewe gestel word nie. Die probleem is egter dat Kariel nie die eieaard van *teoretiese* denke onderken nie. Die teoretiese denkhandeling word aan die politieke denkhandeling gelyk gestel.

Die primêre funksie van die universiteit, wat die institusionele raamwerk is waarbinne die Staatsleer funksioneer, is opvoeding van studente met die oog op hulle roepingsvervulling (Van Riessen, 1963, p.13). Die opvoedingsproses van die universiteit word daardeur gekenmerk dat dit deur middel van *teoretiese denke* poog om so goed moontlik 'n wetenskaplike greep op die werklikheid te maak. Daarom is navorsing 'n onafskeidelike komplement van universitêre onderrig. Alle take wat die universiteit onderneem of verhoudings waarin hy hom betree, behoort deur hierdie opvoedingstaak bepaal te word. Hy durf nie die rol van 'n politieke party of politieke aksiegroep aanvaar nie; dit sou die verkragting van sy eie lewenswet wees.

Dit wil egter nie sê dat die universiteit niks met die politiek te doen mag hê nie. Intendeel. Dit is deel van die opvoedingstaak van die universiteit om die studente vir hulle politieke rol in die samelewing voor te berei. In hierdie verband is dit veral belangrik om kritiese denke oor die politiek en maatskappy by die studente te kweek. Botha (1978, p.13) stel dit so: "Critical thought, the acquisition of which is one of the most important goals of university education, implies the guidance of the student's power of discrimination in order to train him to be able to discern the scientific truth." Die maatskappykritiek wat die universiteit lewer, moet egter aan bepaalde vereistes, wat bepaal word deur die funksie van die universiteit, voldoen. Dié vereistes beperk egter nie die terrein wat gekritiseer mag word nie. Dit bepaal slegs die *wyse* waarop die kritiek gelewer mag word. Dié wyse moet ooreenstem met die aard van die wetenskap; dit moet gekenmerk word deur verantwoordelike en soveel moontlik

objektiewe analise, dit wil sê analise wat appelleer op die wetmatige karakter van die werklikheid. Alle ander buite-universitêre, take wat die universiteit in die samelewing aanpak en verhoudings waarin hy hom begeef, moet aan hierdie vereiste voldoen. Enige ander verhouding tussen universiteit en samelewing sal die eieaard van die universiteit sowel as dié van die politiek geweld aandoen.

Dit is dus duidelik dat die post-behavioraliste se standpunt in hierdie verband direk ondermynend is vir die aard van die Staatsleer as wetenskaplike dissipline. Soos die *Caucus* en Kariel die saak sien, word die grens tussen die Staatsleer as wetenskap van die politiek en die politiek self uitgewis. Slegs Lowi gee blyke dat hy die eieaard van dié twee lewenssfere erken en eerbiedig.

5. Die alternatiewe in perspektief

In hierdie hoofstuk is drie van die belangrikste fasette behandel van wat deur verskillende post-behavioraliste as 'n alternatiewe paradigma vir die krisis in die Amerikaanse Staatsleer beskou word. Uit die behandeling is dit duidelik dat die voorstelle van die fenomenologiese post-behavioralists te die omvattendste is. Die fenomenologiese standpunt in sy verskillende vorme (bv. eksistensialistiese fenomenologie en Marxistiese fenomenologie) is die enigste wat deurlopend in die alternatiewe aangetref word. Dit sal dus die moeite loon om die fenomenologiese visie op die "nuwe" Staatsleer, wat hierbo verspreid aangebied is onder drie afsonderlike temas, enigszins te konsolideer.

Op grond van die eksistensialisties-fenomenologiese mensbeskouing word *politiek* deur die fenomenologiese post-behavioralists baie wyer gedefinieer as deur die behavioralists - so wyd dat dit alle publieke handelinge van die mens insluit wat daarop gemik is om 'n beter leefwêreld vir hom en sy medemens tot stand te bring. Die grense van die Staatsleer as wetenskap van die politiek moet dan dienoooreenkomstig verskuif word. Gevolglik word die Staatsleer verander van 'n studie van gedrag rondom die vraag "who gets what, when, and how?" na 'n "... comprehensive master science ... an architectonic discipline concerned with relating ... the seemingly unrelated, untold interest of society" (Kariel, 1972, p.3). Hierdie wydgedefinieerde politieke werklikheid kan nie verstaan word langs die weg van die meganistiese metodologie van die behaviorisme, wat die geheel probeer verklaar uit die sintuiglik waarneembare gedrag van die dele nie. Politieke gedrag kan alleen voldoende verstaan word indien daar, naas die sintuiglik waarneembare, ook gesoek word na die intensionele betekenis daarvan, wat slegs deur middel van die fenomenologiese metode kenbaar is. In plaas van die politieke werklikheid te verklaar deur middel van formeel-logiese korrelasies tussen sintuiglik waarneembare entiteite te soek, of soos Kariel (1972, p.52) dit stel, deur middel van "unambiguous generalizations about neatly assorted variables", moet dit as *menslike* verskynsel verstaan word deur middel van fenomenologiese en eidetiese reduksie. Dit beteken dat daar van wetenskaplike neutraliteit, in die sin van 'n uitskakeling van alle subjektiewe faktore soos politieke vooronderstellings, geen sprake kan wees nie. Denke bestaan volgens die fenomenologiese sienswyse in 'n dialektiese verhouding tussen die objek self, dit wat waarneembaar is van die objek en die wetenskap=

like se subjektiewe beleving daarvan. Die wetenskap is geen suiwer denke nie; dit het ook 'n handelingsstruktuur. Wetenskap is alleen moontlik as die wetenskaplike *handelend* betrokke raak by sy veld van ondersoek. Denke is 'n vorm van handeling. Daarom is die Staatsleer as wetenskap van die politiek ook 'n vorm van politieke handeling. Van 'n neutrale verhouding tussen die Staatsleer en die sameleving kan daar dus ook geen sprake wees nie. Die Staatsleer moet daadwerklik (handelend) daartoe bydra om die sameleving te verander, om, soos Kariel (1972, p.123) dit stel, die "arenas for political action" te vergroot. Die Staatsleer as omvattende menswetenskap moet die meriete van die bestaande sameleving ondersoek en deur middel van "experimental probing" alternatiewe aandui vir die transendering daarvan. Die politisering van die Staatsleer is dus onvermydelik.

Naas die fenomenologiese post-behavioraliste het ook ander groepe post-behavioraliste belangrike, hoewel minder omvattende voorstelle vir alternatiewe gemaak.

Wat die politiek as studie-objek van die Staatsleer betref, het Bay voorgestel dat die politiek in terme van menslike behoeftes gedefinieer word, naamlik as daardie aktiwiteit wat gemik is op die verwydering van die hindernisse wat in die weg staan van die volle selfverwesenliking van die mens. Ook dit verteenwoordig 'n groot verskuiwing van die grense van die Staatsleer, soos bepaal deur die behaviorisme se definisie van politieke gedrag. Afgesien van hierdie grensverskuiwing het Bay met die belangrike insig gekom dat die politiek deur die publieke belang genormeer word. Dit beteken dat die politiek, soos in die geval van die fenomenolo-

giese standpunt, *publiek* gekwalifiseerd is.

Oor die vraag wat in die Staatsleer as wetenskaplike verkla= ringswyse aanvaar moet of kan word, is die alternatiewe maar skraal. Naas die fenomenologiese alternatief is daar eint= lik niks. Die post-behavioraliste wat aan die Historiese Skool in die wetenskapsfilosofie georiënteer is, het die on= houdbaarheid van die deduktiewe verklaringsmodel baie effek= tief aangetoon, maar van 'n alternatiewe model is daar geen sprake nie. Trouens, dit behoort juis tot die essensie van die Historiese Skool se beskouing dat daar nie so iets soos 'n universele verklaringsmodel kan bestaan nie, omdat weten= skap konteksgebonde is. Wat vir 'n bepaalde wetenskap as we= tenskaplike verklaring behoort te geld, hang van 'n hele aan= tal kontekstuele faktore af, wat beteken dat dit totaal on= houdbaar is om die model van die formele logika as verkla= ringsmodel vir die Staatsleer te aanvaar.

Wat die kwessie van wetenskaplike neutraliteit betref, is die post-behavioraliste oortuig, hoewel op verskillende gronde, dat die skeiding van feite en waarde-oordele, waarop die neu= traliteitspostulaat berus, totaal onhoudbaar is. Naas die fenomenologiese standpunt hieroor het veral Spragens 'n be= sonder verdienstelike bydrae gelewer. Met sy teorie oor die beskrywende funksie van norme (vooronderstellings) lewer hy 'n baie oortuigende pleidooi vir die erkenning van die ge= loofsgrondslag van kennis, en daarmee ook vir die waardege= ladenheid van feite. Dat (subjektiewe) vooronderstellings 'n onontkenbare en onontwykbare rol in die wetenskap speel, is dus onder die post-behavioraliste 'n punt van groot ooreen= stemming. Oor hoe daar met hierdie vooronderstellings omge=

gaan behoort te word, is daar egter belangrike verskille. Die oorgrote meerderheid post-behavioraliste is geneig om die rol van vooronderstellings bloot te aanvaar, wat beteken dat die bestaan van 'n Marxistiese, eksistensialistiese of liberaal-demokratiese Staatsleer in beginsel erken word. Spragens eis dat die vooronderstellings onderken en getransendeer word met die oog op die bereiking van die grootste moontlike wetenskaplike objektiwiteit.

Diegene wat eersgenoemde standpunt huldig, is dan ook oortuig dat die Staatsleer vanuit 'n bepaalde politieke filosofie moet opereer. In hierdie verband is die twee uiterstes op die politieke spektrum behandel, naamlik Lowi se republikeinse konstitusionalisme en die links-radikale ideaal van deelnemende demokrasie, met sterk Marxistiese ondertone. Op grond van Lowi se weergawe van die politieke gesindhede van *Caucus*-lede en op grond van die hoeveelheid literatuur wat oor die saak beskikbaar is, is die afleiding geregtig dat die links-radikale standpunt in hierdie verband verreweg die swaarste weeg onder die post-behavioraliste. Dit lyk asof daar, ook wat hierdie saak betref, 'n sterk verband is tussen die eksistensialistiese fenomenoloë en die post-behavioraliste wat aan die Marxisme georiënteer is.

Verskeie van hierdie alternatiewe vereis dat daar 'n ander verhouding tussen die Staatsleer as wetenskap van die politiek en die samelewing moet wees as wat deur die behavioralisme se neutraliteitsdogma vereis word. Naas die fenomenologiese post-behavioraliste se politisering van die Staatsleer, wat as die mees aanvaarde standpunt onder post-behavioraliste beskou moet word, is daar ook die sienswyse van Lowi, wat hom

verset teen hierdie politisering. Op grond van die skeiding van denke en handeling, is hy ten gunste van 'n onafhanklike, dog kritiese Staatsleer. Hy toon tereg aan dat die ander post-behavioraliste se standpunt, wat van die Staatsleer 'n instrument vir die verandering van die samelewing wil maak, op presies dieselfde neerkom as die dienstigheid aan bepaalde politieke belange wat hulle by die behavioralisme onaanvaarbaar vind. Die Staatsleer behoort in diens van *geen* politieke filosofie te staan nie - ook nie in diens van dié politieke filosofie(ë) wat die post-behavioraliste meen in die plek van die pluralisme-filosofie gestel moet word nie. Die Staatsleer moet die politieke gemeenskap, wat ook al sy filosofiese grondslag mag wees, tot in die wortels toe beoordeel. Dit is 'n radikale Staatsleer. En so 'n radikale dissipline is alleen moontlik as die wetenskap "uit rat" met die samelewing is.

Dit is dus duidelik dat die alternatiewe van die post-behavioraliste sterk uiteenlopend van aard is en dat daar eintlik nie gepraat kan word van 'n alternatiewe paradigma nie. Die situasie kan hoogstens getipeer word as een waarin daar gesoek word na 'n nuwe paradigma en waarin verskillende alternatiewe met mekaar meeding. Sekere opmerkings is reeds gemaak oor die houdbaarheid van hierdie alternatiewe en natuurlik ook oor die kritiek teen die behavioralisme. Aansluitend daarby moet die vraag of die alternatiewe 'n oplossing bied vir die krisis in die Amerikaanse Staatsleer nou ten slotte aan die orde gestel word.

A A N T E K E N I N G E

1. Surkin en Wolfe (1970, p.6) stel hierdie oortuiging baie duidelik: "... while the critique of pluralism is necessary, we must move beyond this critique insofar as it is limited by the pluralist paradigm itself". Kritiek alleen, of selfs die hersiening van die paradigma, sal nie deug nie. Dit sal beteken dat dit wat verwerp word tog stilswyend en implisiet aanvaar word. Die ortodokse Staatsleer moet dood en in sy plek moet daar iets anders tot stand gebring word. Daar moet egter ook dadelik op gewys word dat nie al die post-behavioralste hierdie radikale breuk met die behavioralistiese Staatsleer voorgestaan het nie. Sommige van hulle, byvoorbeeld Lowi (1973) en Spragens (1973), wek die indruk dat hulle met die term "post-behavioral" 'n voortbouing op die waardevolle van die behaviorisme in gedagte het, met uitskakeling van sy belangrikste gebreke.
2. In hierdie geval kan daar nie gepraat word van 'n basiese *ontledingseenheid* nie, omdat die begrip "basiese ontledings-eenheid" 'n tipiese positivistiese uitgangspunt is, wat Bay en Lipsitz nie bereid is om te aanvaar nie.
3. Bay (1965, p.50) illustreer hierdie sienswyse deur 'n aantal probleme te noem wat die Staatsleer op sy agenda behoort te neem: "What kinds of enduring satisfactions tend to be associated, for example, with particular participant and subject roles established by alternate forms of centralized or decentralized decision processes? Under what socio-cultural

and socio-economic circumstances are majoritarian decision processes, of given types, likely to produce substantive satisfaction of the basic needs of ... society's 'rejects'?" Albei voorbeelde handel dus oor die verband tussen die besluitnemingsproses en die bevrediging van menslike behoeftes.

4. Maslow (1943, p.370-396) bied volgens Bay (1965, p.48) die volgende kategorieë van menslike behoeftes aan in die volgorde van prioriteit: "(1) physical needs (air, water, food, etc.); (2) safety needs (assurance of survival and of continuing satisfaction of basic needs); (3) needs to love and to be loved; (4) need for esteem (by self and others); and (5) need for self-actualization and growth".

5. Vir hierdie standpunt oor die deskriptiewe rol van norme steun Spragens op die insigte van Norwood Hanson en Michael Polanyi. Hy betoog naamlik dat resente ontwikkelinge in die wetenskapsfilosofie aangetoon het dat daar nie so iets bestaan soos "Laplacean observables" nie; daar is slegs "perceptibles, which are data already selected and structured by criteria of order" (Spragens, 1973, p.119).

6. Vir 'n prikkelende uiteensetting van die Hegeliaanse grondslae van die republikeinse konstitusionalisme en van Lowi se standpunt daaroor in die besonder, kyk Kettler (1970, p.37-56).

7. 'n Goeie voorbeeld hiervan is Surkin (1970) wat 'n radikale Staatsleer in die vooruitsig stel op die grondslag van Marx se uitspraak dat dit nie daarop aankom om die wêreld te verklaar nie, maar om dit te verander. Soos ander Marxistiese post-behavioraliste (bv. Reid) toon hy glad nie aan wat die Marxisme, veral die kritiese Marxisme, presies oor hierdie

probleem te sê het nie. Soos Reid stel Surkin homself sterk op die standpunt van die eksistensialistiese fenomenologie in verband met denke en handeling ("a dialectical unity of thought and action which seeks the meaning of *praxis* for social existence" - Surkin, 1970, p.29), en spreek dan die oortuiging uit dat dit ook die standpunt van Marx was. Dit bring hom tot die gevolgtrekking dat: "This concern for social *praxis*, for the unity of thought and action, establishes existential phenomenology as a critical theory of radical political action, and represents a significant step toward reconciling Marxian socialism and existential humanism" (Surkin, 1970, p.29). Dit lyk dus asof Surkin van mening is dat die eksistensialistiese fenomenologie 'n weergawe van die verhouding tussen denke en handeling gee wat ook vir die Marxisme aanvaarbaar is en dat 'n afsonderlike Marxistiese verklaring dus nie nodig is nie. Reid en Yanarella (1974) gaan op dieselfde wyse te werk. Dit kan een van die redes wees waarom die post-behavioraliste nie rondom hierdie probleem 'n duidelike eie standpunt ontwikkel het nie.

8. So 'n benadering tot die werklikheid vereis vanselfsprekend 'n radikaal-kritiese ingesteldheid teenoor die bestaande samelewingsorde. Kariel (1970, p.132) stel die kritiese houding duidelik: "When we compell reality to accommodate our model of political man ... at least some of the practices and institutions commonly alleged to be real will emerge as changeable. As our environments then turn out to be less intractable than we thought (or have been instructed to think) our action will defy and jeopardize the prevailing order of commitments: a functional division of labor, the distinction between private and public sectors, the system of fixed social

and biological roles within hierarchical organizations, government by a plurality of elites, the market economy, the identification of security with military power, the separation of means from ends, and finally the organized repression - whether in the family, private associations, or public institutions - of action and pleasure, of politics and play".

Hoofstuk 8

SAMEVATTING EN EVALUERING

Noudat die belangrikste fasette van die post-behavioralistiese rewolusie in oënskou geneem is, is dit moontlik om die betekenis van hierdie kontemporêre verskynsel in die Amerikaanse Staatsleer te probeer evalueer. Met die oog daarop is dit noodsaaklik om die onderhawige verskynsel eers samevattend te karakteriseer. Eers sal 'n perspektiwiese skets van die post-behavioralistiese rewolusie gemaak word; daarna sal die belangrikste fasette van die rewolusie samevattend gestel word, met klem op die kernaspekte van die protes, en ten slotte sal dan gepoog word om te bepaal wat dié rewolusionêre beweging in die Amerikaanse Staatsleer nou eintlik opgelewer het.

1. Historiese perspektief op die post-behavioralistiese rewolusie

Die verskynsel wat bekend staan as die post-behavioralistiese rewolusie, moet beskou word as 'n intra-dissiplinêre poging om die Staatsleer, in die lig van die ernstige identiteitskrisis waarin dit verkeer, te herdefinieer.

Die krisis in die Amerikaanse Staatsleer moet in die eerste plek verstaan word in die breër konteks van die krisis in die Amerikaanse samelewing, wat veroorsaak is deur die wêreldbeskouing wat as die *scientisme* gekarakteriseer kan word. Die scientisme of wetenskapsideologie het daartoe gelei dat die samelewing aan die ideaal van wetenskaplike beheersing oorge-

gee is. Die oorspanning van die rol van die wetenskap (in natuurwetenskaplike sin verstaan) het op 'n ernstige krisis in die samelewing uitgeloop, wat daarin bestaan dat die mens hoe langer hoe meer die slagoffer geword het van wetenskaplike en tegnologiese manipulasie. Die samelewing het 'n teknokraties beheerde stelsel geword waarin die selfgenoegsaamheid en die selfaangedreweheid van die stelsel die verantwoordelike en beheersende rol van die mens progressief uitgeskakel het. Hierdie krisis, wat gemanifesteer word in die uitroeiing en ineenstorting van die bestaande orde op talle fronte, is tegelyk ook die krisis van die sosiale wetenskappe. Talle rebellies ontplof as't ware in die gesig van die bestaande samelewingsorde sonder dat die sosiale wetenskappe dit kon voorsien of dit indringend kan begryp. In plaas van die probleme van die bestaande samelewingsorde te diagnoseer en die weg na alternatiewe aan te dui, het dit gewoon niks te sê oor die *meriete* van dié orde nie, wat neerkom op die wetenskaplike sanksionering van die *status quo*, hoe sleg dit ook al mag wees. Die sosiale wetenskappe is dus nie net deel van die krisis omdat hulle deel van die samelewing is wat in die krisis verkeer nie; hulle is in 'n sekere sin ook mede verantwoordelik vir die krisis.

In die tweede plek bestaan die krisis meer spesifiek in die behavioralistiese Staatsleer se onvermoë om die politieke werklikheid voldoende te begryp en om homself betekenisvol besig te hou met die kwellende politieke vraagstukke van die huidige tyd. Daarby kom - en dit is van die uiterste belang - dat die behavioralistiese Staatsleer voorgee om ideologies neutraal te wees, terwyl dit in werklikheid optree as apologet van die heersende politieke magte. Sodoende bly dit

enersyds vasgevang in die problematiek van die bestaande orde en besit dit andersyds die inherente onvermoë om die weg aan te dui na betekenisvolle verandering van dié orde.

Die oorsaak van hierdie krisis moet gesoek word in die positivistiese grondslag van die behavioralistiese Staatsleer en die meganistiese en fisikalistiese wêreldbeskouing wat aan die positivisme ten grondslag lê. Daar kan drie belangrike komponente in die behavioralistiese paradigma onderskei word, naamlik 'n bepaalde beeld van die politieke werklikheid wat deur middel van 'n aantal politieke teorieë uitgedruk word, 'n bepaalde metodologie wat die politieke werklikheid probeer verklaar in terme van sintuiglik waarneembare politieke gedrag, en ten grondslag van beide, 'n bepaalde wêreldbeeld wat as meganisties, individualisties, outodinamies en scien-tisties gekarakteriseer is. Hierdie grondslag besorg aan die behavioralistiese Staatsleer 'n aantal eensydighede en onhoudbaarhede waarvan die belangrikstes die volgende is:

- * Die redusering van die politieke werklikheid tot sintuiglik waarneembare politieke gedrag, waardeur bepaalde dimensies van die politieke werklikheid, byvoorbeeld die strukturele aspek daarvan, buite die bestek van die dissipline se belangstellingsveld te lande kom.
- * Die erkenning van formeel-logiese denkprosesse, geskoei op die lees van die natuurwetenskappe, as die enigste grondslag van wetenskaplike verklaring, waardeur die sosiale werklikheid tot die matematis-fisiese gereduseer word. Deur politieke verskynsels op

dieselfde wyse te probeer verstaan as fisiese verskynsels, word die menslike aard van eersgenoemde misken en bly die behavioralisme finalitêr onbevoeg om die ware aard van politieke verskynsels te begryp.

- * Die oorbeklemtoning van *metode*, wat spruit uit die ideaal om 'n wetenskap te wees op die model van die natuurwetenskap. Die onophoudelike soeke na metodes van sintuiglike waarneming en van kwantifisering van data in verband met politieke gedrag het die behavioralistiese Staatsleer laat verval in 'n soort metodisme as gevolg waarvan die wetenskaplike relevansie van die dissipline tot 'n minimum gedaal het.
- * Die aanvaarding dat dit moontlik sou wees om die vooronderstellings en politieke vooroordele van die politoloog uit die wetenskapsproses te weer, wat daartoe lei dat die politieke filosofie van die bestaande orde by die "agterdeur" ingebring word en waardeur 'n politieke filosofie wat baie eng en in baie opsigte onaanvaarbaar is, vir die Staatsleer as teoretiese uitgangspunt aanvaar en gesanksioneer word.

Gesamentlik kom dit daarop neer dat die basiese uitgangspunte van die behavioralistiese Staatsleer hoogs aanvegbaar is en dat dit as wetenskap van die politiek ernstig onder verdenking staan. Dat daar mettertyd verzet teen ontwikkel het, is dus byna vanselfsprekend. Die eerste verzet, bekend as die anti-behavioralisme, het die behavioralisme bloot in metodologiese terme probeer verstaan. Die post-behavioraliste - die tweede vorm van verzet teen die behavioralisme - het ook die dieperliggende ontologiese gronde van die behavioralisme blootgelê

en bevraagteken. Hulle het besef dat enige wetenskapsfilosofie van die Staatsleer meteen ook 'n politieke filosofie is. In aansluiting by die anti-behavioraliste se metodologiese kritiek, maar geïnspireer deur die nuwere wetenskapsteorieë, het hulle aangetoon dat die Staatsleer nie ideologies neutraal of waarde-vry kan wees nie. Hulle het egter verder gegaan deur die politieke filosofie bloot te lê wat in die behavioralistiese Staatsleer inbegrepe is en dit geïdentifiseer as die filosofie van die bestaande orde. Dit beteken dat, pleks van ideologies neutraal te wees, die behaviorisme die bestaande orde sanksioneer. Hulle het dus die behavioralistiese paradigma veel beter verstaan as die anti-behavioraliste en kon derhalwe ook beter daarop reageer. In hierdie sin moet die post-behavioralistiese rewolusie beslis beskou word as 'n dieper en wyer reaksie as die anti-behavioralisme teen die behavioralistiese Staatsleer.

Die post-behaviorisme is egter nie uit ontwikkelinge in die Staatsleer alleen te verklaar nie. Dit moet ook verstaan word binne die konteks van veranderinge op twee ander terreine, naamlik die wetenskapsfilosofie en die Amerikaanse politieke filosofie.

Gedurende die sestigerjare is die verset wat sedert die begin van hierdie eeu vanuit die fenomenologie en later die Marxisme teen die positivisme ontwikkel het, tot 'n hoogtepunt gevoer deur belangrike ontwikkelinge op die gebied van die wetenskapsfilosofie. Vanuit verskillende wetenskapsfilosofieë, byvoorbeeld die Historiese Skool, die hermeneutiese en die kritiese of dialektiese wetenskapskole, is die positivisme in die algemeen en die logiese positivisme in die

besonder, ernstig bevraagteken. Daar is oortuigend aangetoon dat die positivistiese kennis- en wetenskapsteorieë erg simplisties en in baie opsigte onhoudbaar is. Dit was onvermydelik dat dié beskouings ook sou deurwerk na die sosiale wetenskappe, wat hulleself op die positivistiese wetenskapsbeskouing gemodelleer het. Die post-behavioralistiese rewolusie in die Staatsleer vorm deel van die verset wat in die sosiale wetenskappe vanuit die fenomenologiese, eksistensialistiese en Marxistiese tradisies en vanuit die nuwere wetenskapsteorieë teen die positivistiese wetenskap ontwikkel het. Wat in hierdie verband veral van belang is, is die ontmaskering van die positivisme se sanksionering van die bestaande orde. Die blootlegging van laasgenoemde ten opsigte van die behaviorisme is aangetoon as die onderskeidende kenmerk van die post-behavioralistiese rewolusie.

Hierdie blootlegging en verwerping van die politieke filosofie van die behaviorisme sou nie moontlik wees sonder groot verskuiwings op die gebied van politieke gesindhede onder Amerikaners nie. In die na-oorlogse jare, maar veral gedurende die sestigerjare, het daar politieke gesindhede in die Verenigde State ontwikkel wat as links en radikaal in terme van die geykte Amerikaanse politieke filosofie bestempel kan word. Verset teen die behavioralistiese Staatsleer se sanksionering van die bestaande politieke orde sou nie moontlik wees sonder die bestaan van hierdie politieke gesindhede en die afmetings wat dit in die Amerikaanse samelewing aaneem het nie. Hoewel die links-radikale gesindhede sekerlik dekades lank al in die Verenigde State aanwesig was, het bepaalde omstandighede in die jare sestig (byvoorbeeld die oorlog in Viëtnam en die opkoms van die Swartmag) daartoe meege-

werk dat dit 'n klimaks bereik het in 'n grootskaalse intellektuele fermentasie wat uit die aard van die saak vir die Staatsleer as wetenskap van die politiek van direkte belang was.

Saam met die wye wetenskapsfilosofiese verset teen die positivistiese wetenskap vorm hierdie verset teen die Amerikaanse politieke filosofie dus die intellektuele klimaat waarbinne die post-behavioralistiese rewolusie ontstaan het. Die verset teen die politieke verbintenisse van die behaviorisme is aangevul en verdiep vanuit die opkomende wetenskapsbeskouings.

Dit moet egter beklemtoon word dat die post-behavioralistiese rewolusie wysgerig beskou, nie 'n eenheid vorm nie. Trouens, 'n verskeidenheid wysgerige uitgangspunte word daar in aangetref. Minstens drie wysgerige tradisies kan onderskei word, naamlik die fenomenologie, die eksistensialisme en die Marxisme. Wat die wetenskapsteoretiese kritiek betref, speel die nuwere wetenskapskole wat geassosieer word met onder andere Apel, Feyerabend, Habermas, Hanson, Kuhn, Polanyi en Toulmin 'n deurslaggewende rol. Wat die politieke filosofie betref, lê die gesindhede tussen die Marxistiese aktivisme aan die een kant en die republikeinse konstitusionalisme aan die ander kant. Enige poging om die post-behavioralistiese rewolusie met een van hierdie uitgangspunte gelyk te stel, moet dus noodwendig uitloop op 'n karikatuurbeeld. Daar moet egter toegegee word dat, wat politieke filosofie betref, die gewig oorweldigend aan die linkerkant lê. Lowi se appèl op die republikeinse tradisie in die Amerikaanse politiek moet beslis as 'n uitsondering beskou word. Die

politieke wêreldbeeld waardeur die oorgrote meerderheid van die post-behavioraliste geïnspireer word, lê op die linkerkant van die politieke spektrum van die Verenigde State, dit wil sê "anti-establishment", anti-kapitalisties, sosialisties en Marxisties in verskillende skakeringe.

Met die oog op die bepaling van die betekenis van die post-behavioralistiese rewolusie is dit noodsaaklik om nou die sake wat deur die post-behavioraliste in hulle veelsydige protes teen die behavioralisme in die geding geplaas is, samevattend aan die orde te stel.

2. Kernaspekte van die rewolusie

As die verskeidenheid wysgerige benaderings en die detail van die post-behavioraliste se kritiek tot hulle essensies gereduseer word, kan daar slegs vier hoofsaake of kernprobleme onderskei word waarom die protes gegaan het. Hulle is: die behavioralistiese opvatting van die wese van die politiek, die metodologiese apparaat waarmee hulle die politiek wil verstaan, die meriete van die politieke filosofie waarmee die behavioraliste opereer en die rol wat die Staatsleer in die samelewing behoort te speel. Ten einde te probeer peil wat die betekenis van die post-behavioraliste se kritiek en alternatiewe is, is dit noodsaaklik om hierdie vier hoofsaake samevattend te bekyk.

2.1 Die wese van die politiek

Vir die Staatsleer is die vraag na die wese van die politiek 'n uiters belangrike vraag. Dit raak die kern van sy bestaan as wetenskap. Dit is deel van die krisis van die behavioralistiese Staatsleer dat dit hierdie vraag op so 'n wyse beantwoord dat slegs 'n beperkte deel van die politieke werklikheid, naamlik belangekonflik, binne die grense van die dissipline val. Bay en Kariel het dié eng opvatting van die politiek en die verskraling wat dit vir die bestek van die Staatsleer beteken, raakgesien en probeer herstel.

Bay sowel as Kariel verstaan onder *politiek* baie meer as belangekonflik. Vir Bay is politiek alle aktiwiteit in die gemeenskap wat gemik is op die verbetering en beskerming van wat hy noem "conditions for the satisfaction of human needs" en wat deur die publieke belang genormeer word. Politiek is vir hom dus alle handeling wat gerig is op die verwydering van hindernisse wat in die weg staan van vrye menslike ontwikkeling, solank dié handeling deur die publieke belang gerig word. In vergelyking met die behavioralistiese opvatting is dit 'n vergroting van die domein van die politiek. Nie net belangekonflik nie, maar alle handeling wat deur die publieke belang geïnspireer word, behoort tot die politiek - ook ander soorte konflik as belangekonflik en selfs handeling wat nie deur konflik gekenmerk word nie. Nie-konflik-situasies maak volgens hierdie beskouing ewe seer deel uit van die politieke proses. Kariel het selfs nog verder gegaan. Hy stel nie eens die kwalifikasie van die publieke belang nie. Vir hom is *politiek* sondermeer alle handeling van die mens in die publieke arena. Al die mens se hande-

linge is vir hom politieke handelingte sodra dit publiek ge= maak word. Die onderskeid tussen *privaat* en *publiek*, wat aan hierdie beskouing ten grondslag lê, loop daarop uit dat politiek as't ware gelyk gestel word aan die publieke sfeer. Dit is duidelik dat ons hier te doen het met 'n enorme uit= breiding van die begrip *politiek*. Dit sluit alle handelingte van die mens in sosiale verband in.

Veral Kariel se definisie van die politiek is egter erg pro= blematies. Waar die behavioralistiese opvatting die beteke= nis van die politiek verskraal, moet sy beskouing as 'n ern= stige oorspanning daarvan aangemerkt word. Die grense van die politiek word so versit dat die hele sosiale werklikheid daardeur ingesluit word. Daardeur word die ganse leefwêreld van die mens gepolitiseer. Dit is duidelik dat hy nie die gestruktureerdheid van die sosiale werklikheid en die impli= kasies wat dit vir die politiek inhou, begryp nie. Hy ope= reer baie duidelik met die *polis*-konsep waarin die politieke gemeenskap die totale gemeenskap is en waarin daar geen plek vir die selfstandige bestaan van ander samelewingskringe en vir ander vorme van politiek as net "staatspolitiek" is nie. Daar bestaan geen norm waardeur politieke handelingte van ander soort handelingte onderskei kan word nie.

In die lig van hierdie gebrek by Kariel is Bay se definisie van die politiek in terme van die publieke belang dus belang= rik. Daarmee het hy iets raakgesien van die politieke werk= likheid wat vir die behavioraliste sowel as vir Kariel onsig= baar gebly het.

Vir Bay is die norm wat 'n handeling tot politieke handeling stempel, die publieke belang en eg humanisties definieer hy die publieke belang in terme van menslike behoeftes ("human needs"). Politieke handelinge word volgens hom van ander handelinge onderskei deurdat dit op die basis van die publieke belang toestande skep waarin vrye menslike ontwikkeling moontlik is. Daaruit is dit duidelik dat Bay, hoewel hy 'n normatiewe eis aan die politiek stel, self nie voldoende rekening hou met die gestruktureerde karakter van die sosiale werklikheid nie. 'n Handeling word inderdaad tot politieke handeling gestempel deurdat dit voldoen aan 'n bepaalde norm. Die vraag is net: wat is daardie norm? Die publieke belang is, soos Bay tereg opmerk, in hierdie verband van deurslaggewende belang. Die probleem is egter sy definisie van die publieke belang in terme van menslike behoeftes. Die publieke belang is nie die grootste gemene deler van die publiek se alledaagse behoeftes nie; dit is nie 'n utilitaristiese "greatest happiness of the greatest number" nie. Die publieke belang as politieke integreringsbeginsel en as rigsgnoer vir die staatsbeleid word in 'n fundamentele sin bepaal deur die struktuurbeginsel van die staat, dit wil sê deur sy publiekregtelike bestemming. Die eintlike norm vir die politiek is geleë in die genormeerde aard van die politieke werklikheid self, en hierdie werklikheid is skerp omlyn as die vae, onbegrensde begrip van die *publieke belang*.

Hoewel Kariel en Bay die gebreke van die behavioralistiese opvatting van die politiek aangevoel en aan die lig gebring het, sit die alternatiewe wat hulle aanbied tog ook vol probleme. Daar moet dus gekonkludeer word dat, hoewel hulle insigte beslis waardevolle momente het, hulle ook nie die ware

aard van die politiek reg verstaan nie.

2.2 Metodologie

Die post-behavioraliste het teen veral drie aspekte van die behavioralistiese metodologie in verset gekom. Die eerste is die reduksie van politieke gedrag tot slegs sintuiglik waarneembare gedrag, die tweede is die verabsoluttering van die wetmatige karakter van die wetenskap wat in die metodologie opgesluit lê en die derde is die idee van waardevryheid in die wetenskap.

2.2.1 Politieke gedrag gereduseer tot sintuiglik waarneembare gedrag

Dit is veral die fenomenologiese post-behavioraliste wat in verset gekom het teen die behaviorisme se reduksie van politieke gedrag, wat 'n menslike verskynsel is, tot die sintuiglik waarneembare aspek daarvan. Hulle wys tereg daarop dat die behavioralistiese ideaal om 'n wetenskap volgens die model van die natuurwetenskap te wees, op die veronderstelling berus dat die natuur- en sosiale wetenskappe 'n metodologiese eenheid vorm. Daarteenoor stel hulle vanuit die fenomenologiese perspektief dat daar 'n radikale verskil tussen natuurlike en menslike verskynsels is. Hierdie insig beteken konkreet dat sintuiglike waarneming as primêre metodologiese uitgangspunt vir die Staatsleer onvoldoende is. Sintuiglike waarneming is noodsaaklik, maar die waarde daarvan is beperk. Naas die uiterlike komponent van politieke gedrag, wat wel deur middel van sintuiglike waarneming verstaan kan word, het dit ook 'n innerlike komponent wat deur die begrip *intensiona-*

liteit uitgedruk word en wat nie deur middel van sintuiglike waarneming alleen in die greep gekry kan word nie. Wanneer dit wel gedoen word, soos deur die behavioralisme, loop dit uit op 'n vorm van metodisme, waardeur die hele ervaringswêreld in die dwangbuis van een enkele vooraf gekose en begrensde metode ingedwing word. Dan word menslike gedrag behandel asof dit fisiese objekte is wat waargeneem word. Daardeur word 'n belangrike deel van politieke gedrag buite rekening gelaat net omdat dit nie sintuiglik waarneembaar is nie.

Die fenomenologiese post-behavioraliste het dit dus nie teen die feit dat politieke gedrag sintuiglik waargeneem word nie, maar daarteen dat aanvaar word dat politieke gedrag volledig deur middel van sintuiglike waarneming begryp kan word. Hulle verstaan onder waarneming veel meer as net *sintuiglike* waarneming en erken, op gelyke voet, ook nie-sintuiglike kennis wat byvoorbeeld deur middel van intuïsie, verbeelding, herinnering en ander vorme van ervaring verkry is. In die fenomenologiese metode word sintuiglike waarneming en formeel-logiese denkprosesse gekombineer met nie-sintuiglike waarneming en met denkprosesse wat nie noodwendig volgens die reëls van die formele logika geskied nie, byvoorbeeld eidetiese en transendentale reduksie. Die essensie van die fenomenologiese alternatief vir die behavioralistiese metode is dus dat die eieaard van politieke gedrag as *menslike* verskynsel onderken word.

Die fenomenologiese post-behavioraliste moet in hierdie kritiek teen die behavioralistiese metodologie gelyk gegee word. Die leerstuk van die eenheid van die wetenskappe misken inderdaad die eieaard van die sosiale werklikheid. En pogings

om politieke gedrag bloot op grond van sintuiglike waarne-
ming te verstaan, moet noodwendig uitloop op 'n verwronge
en onvolledige visie op die politiek. Die fenomenologiese
metode word aangebied in 'n poging om die eieaard van poli-
tieke gedrag as *menslike* verskynsel te verstaan. Dit moet
as 'n belangrike verbetering op die behavioralistiese meto-
dologie beskou word. Dit wil egter nie sê dat die fenomeno-
logiese alternatief sonder probleme is nie. Inteendeel.
Die kernprobleem is dat dit die objektiewe bestaan van die
sosiale werklikheid ontken, of dit ten minste relativeer.
Die bestaan van die sosiale werklikheid word van die bewus-
syn afhanklik gemaak. Volgens Jung skep die bewussyn as't
ware die sosiale werklikheid. Hy aanvaar dus die primaat
van die bewussyn oor die werklikheid. Dit is 'n growwe mis-
kenning van die reële bestaan van die sosiale werklikheid en
van die sosiale werklikheid as *geskape* werklikheid.

'n Heel ander soort verset teen die behavioralistiese meto-
dologie kom van die post-behavioraliste wat aan die Histo-
riese Skool in die wetenskapsfilosofie georiënteer is. Hulle
kom naamlik in opstand teen die verlogisering van die weten-
skap wat vervat is in die deduktiewe verklaringsmodel van die
wetenskap.

2.2.2 Die verlogisering van die wetenskap

Baie behavioraliste het die sogenaamde deduktiewe wetenskaps-
model, wat deur die logiese positiviste ontwerp is, aanvaar
as 'n universele, transkontekstuele standaard waaraan alle
wetenskap - dus ook die Staatsleer - moet voldoen om waarlik
wetenskaplik te wees. Vir Gunnell, wat in die tradisie van

die Historiese Skool staan, is dit 'n onhoudbare verabsoluttering van die logiese karakter van die wetenskap. Die reëls van een vakwetenskap, naamlik die logika, word as norm vir alle wetenskaplike verklaring aanvaar.

Teenoor hierdie verabsoluttering van die logiese en wetmatige karakter van die wetenskap stel Gunnell die sogenaamde kontekstuele benadering. Daarmee word bedoel dat die wyse van wetenskaplike verklaring van konteks tot konteks verskil. Die primêre oogmerk van die wetenskap is om te *verstaan*, en die wyses van verstaan verskil van een konteks na 'n ander. Daar is nie 'n enkele verklaringsmodel wat vir alle kontekste geld nie. Die *paradigmatiese* aard van die wetenskap bring mee dat historiese, sosiale, psigologiese en ander faktore ook 'n rol speel.

Hierdie insig in die kontekstuele en paradigmatiese aard van wetenskap is 'n belangrike verbetering op die behavioralistiese statiese, formeel-logiese wetenskapsbeskouing. Wetenskaplike verklaring is beslis histories en kontekstueel bepaald omdat die sosiale werklikheid self die produk van 'n historiese vormingsproses is en omdat die wetenskaplike self nooit buite die konteks van sy eie wetenskapstradisie, wetenskaplike gemeenskap en persoonlike situasie wetenskap kan beoefen nie. Die swakheid van die kontekstuele benadering is egter dat dit die gevaar loop om die wetenskaplike waarheid te relativeer. Daar moet besef word dat die sosiale werklikheid ook genormeer is. Dit is aan struktuurprinsipes, wat normatief is, en waaraan daar in die geskiedenis beheersend vorm gegee word, onderworpe. In die sosiale werklikheid is daar dus, naas die veranderlike, ook die vaste, onveranderlike komponent. Wanneer

die vaste komponent, dit wil sê die wetmatige karakter van die werklikheid, verabsoluteer word, lei dit tot rasionalisme, wat die dwaling van die positivisme is. Word hierdie wetmatigheid onderwaardeer en die historisiteit en kontekstualiteit oorbeklemtoon, voer dit onvermydelik tot wetenskaplike relativisme en irrasionalisme - 'n dilemma wat blykbaar inherent aan die benadering van die Historiese Skool is.

Baie nou verbonde aan hierdie hele kwessie van die relativisering vandie wetenskaplike waarheid, is die probleem van waardevryheid in die wetenskap.

2.2.3 Waardevrye wetenskap

Die behavioralistiese idee van waardevryheid of ideologiese neutraliteit in die wetenskap is die skyf van baie kritiek van die kant van die post-behavioraliste. Hulle standpunt in hierdie verband is tweërlei. Enersyds word aangetoon dat waardevryheid nie moontlik is nie en andersyds word geïllustreer dat die bestaande orde deur die behavioralisme gesanksioneer word, wat van alles behalwe ideologiese neutraliteit getuig.

Albei post-behavioraliste wie se standpunte in hierdie verband behandel is, Jung en Spragens is daarvan oortuig dat die skeiding tussen feite en norme, waarop die idee van 'n waardevrye Staatsleer berus, 'n valse skeiding is. Albei weier om te aanvaar dat die politikoloog 'n onbetrokke toeskouer kan wees wat bloot die stand van sake in die politiek objektief kan beskryf.

Wat die fenomenologiese perspektief betref, is die begrip *intensionaliteit* in hierdie verband van deurslaggewende belang. Hiervolgens het feite nie 'n selfstandige bestaan nie, maar is hulle die resultaat van die betekenisgewende funksie van die bewussyn. Omdat die politiekoloog onlosmaaklik deel is van die politieke samelewing wat hy bestudeer, is dit onvermydelik dat sy vooronderstellings in verband met daardie samelewing die vertrekpunt van sy teorievorming sal wees en dit om daardie rede grondig sal beïnvloed. Hierdie subjektiewe dimensie van die wetenskap behoort volgens die fenomenologiese post-behavioraliste egter tot die essensie van die wetenskap. Die begrip *intensionaliteit* impliseer dat subjektiwiteit en objektiwiteit momente van dieselfde verskynsel is. Die begrip subjektiwiteit, verwys na die wetenskaplike se subjektiewe belewing van die verskynsel wat bestudeer word. Die begrip objektiwiteit, aan die ander kant, verwys na dit wat van buite af van die verskynsel waarneembaar is. Om objektiwiteit ten koste van subjektiwiteit te kies, sou wees om bereid te wees om die verskynsel slegs gedeeltelik te ken; dit misken die rol wat die wetenskaplike se subjektiewe ervaring in die waarnemingsproses speel. Kennis van 'n verskynsel kom tot stand wanneer dit wat van buite af waargeneem word, in verband gebring word met dit wat in verband met die verskynsel van binne af beleef word. En dit bring die hele wêreld van vooronderstellings en waarde-oordele in die spel.

Die waardevolle van die fenomenologiese standpunt is dat dit die *menslike* aard van die wetenskap erken en waardeer. Dit verstaan goed dat die wetenskaplike nie 'n onbetrokke toeskouer is nie, maar dat hy as mens ten volle betrokke is by die werklikheid wat hy probeer verstaan. Wat ook gewaardeer

moet word, is die besef dat feite nie selfstandige "ietse" met 'n selfgenoegsame, objektiewe bestaan is nie, maar die resultaat van die interpreterende aktiwiteit van die wetenskaplike. Die probleem is egter dat die fenomenologie die feite volledig afhanklik maak van die mens en nie begryp dat feite in verband staan met die normatiewe struktuur van die werklikheid nie. Die betekenis van 'n feit is nie afkomstig van die bewussyn, soos die fenomenoloë beweer nie, maar van die verhouding waarin dit tot die kosmiese wetsorde staan. Van hierdie gestruktureerdheid van die werklikheid en die verhouding waarin dit tot kennis staan, begryp die fenomenologiese post-behavioraliste skynbaar weinig. Hoewel hulle die waardestrydsidee van die behavioralisme effektief bevraagteken, kan hulle dus geen aanvaarbare alternatief bied nie omdat hulle oorhel na die ander uiterste waar die wetenskaplike waarheid volledig gerelativeer word deur die sosiale werklikheid tot 'n funksie van die bewussyn te verklaar. In hierdie benadering word nie die wet oorbeklemtoon nie, maar die subjek.

Vanuit die wetenskapsfilosofiese perspektief van Polanyi kom Spragens veel nader aan 'n oplossing vir die probleem. Hy werk naamlik met die idee van die "deskriptiewe funksie van norme." Teenoor die idee dat wetenskap op onpersoonlike en waardestrye, dit wil sê normlose, beskrywing van die empiriese werklikheid berus, stel Spragens die oortuiging dat norme in enige teoretiese denke 'n beskrywende rol vervul. Norme tree naamlik op as ordeningsmaatstawwe wat die wetenskaplike in staat stel om die skynbaar ordelose data in verband met 'n verskynsel te verstaan. Dit beteken dat norme 'n integrale rol in die kenproses speel, wat nie weggelaat kan word sonder om 'n daadwerklike verandering in die data self aan te bring

nie. Die vraag is egter: wat bedoel Spragens met norme?

Ongelukkig is dit nie baie duidelik wat Spragens onder die begrip *norme* verstaan nie. Uit sy betoog is dit nie duidelik of dit verwys na kategorieë in die mens se bewussyn en of dit verwys na die reële synsorde nie. Indien dit eersgenoemde is, sou Spragens in beginsel met presies dieselfde dwaling as die fenomenologie sit, want dan is dit per slot van rekening nog steeds die mens wat die finale grond vir wetenskaplike sekerheid verskaf. Indien dit laasgenoemde is, beteken dit dat Spragens iets raakgesien het van die genormeerde aard van die werklikheid op grond waarvan dit moontlik is - al is dit nie in 'n absolute sin nie - om deur middel van die wetenskap iets van die universele wette en norme wat vir die werklikheid geld, teoreties in die greep te kry.

Jung sowel as Spragens het dus die onhoudbaarheid van die behaviorisme se idee van waarde-vrye wetenskap baie duidelik aan die lig gebring. Albei probeer die subjektivisme-objektivisme-dilemma waarin die behaviorisme vasgevang is vanuit sy eie kenteoretiese perspektief opklaar. Ongelukkig kan Jung egter nie vrygespreek word van wetenskaplike subjektivisme nie en is dit onduidelik of Spragens se opvatting van die regulatiewe funksie van norme in die proses van beskrywing werklik die genormeerde aard van die werklikheid verreken.

Die tweede deel van die post-behavioraliste se reaksie op die behaviorisme se waarde-vryheidsgeloof is die argument dat die behavioralistiese Staatsleer nie neutraal is nie en dat hy in werklikheid die bestaande orde sanksioneer. Spragens het oortuigend aangedui dat die geloof in 'n waarde-vrye Staats-

leer daarvoor verantwoordelik is dat die behavioralisme die bestaande orde en die ideologie van die bestaande orde sanksioneer. As ideologiese neutraliteit dan vanweë die aard van wetenskap onmoontlik is, so lui die argument, is dit vanselfsprekend dat die behavioralisme ook ideologiese verbintenisse sal hê. En dié verbintenisse is aan die bestaande orde. Die miskenning van die regulatiewe rol wat norme in die proses van beskrywing speel, wreek homself daarin dat die implisiete norme van die bestaande orde die wetenskaplike teorievorming subtiel infiltreer en so onherroepelik voer tot die wetenskaplike sanksionering van die norme ingebed in die bestaande orde. Deur die rol van norme in beskrywing te ontken, word die teenswoordige, die huidige stand van sake gedwing om die norme of "patterns of order" te verskaf. Die implikasie hiervan is onvermydelik konserwatief in die sin dat die bestaande orde die norme verskaf vir die sogenaamde empiriese teorie.

Op hierdie punt moet die post-behavioraliste beslis gelyk gegee word. Die behavioralistiese metodologie met sy skeiding van feite en waardes lei inderdaad tot die sanksionering van die bestaande orde omdat dit die vraag na die meriete van die bestaande orde opskort. Die ontkenning van die intrinsieke relasie tussen feitebeskrywing en genormeerde evaluasie in enige wetenskaplike teorie, skakel die kritiese dimensie uit die wetenskap uit en loop uit op die onkritiese aanvaarding van die bestaande orde. Dit is egter nie die enigste rede vir die behavioralisme se sanksionering van die bestaande orde nie. Die behavioralistiese metodologie het ook 'n ontologiese dimensie. Dieselfde werklikheidsbeskouing wat die intellektuele bron van die tegnologiese samelewing is, naamlik die scientisme, is ook die wysgerige grond van die behaviora-

listiese metodologie. Hierdie metodologie het dus 'n intrinsiek ideologiese karakter waardeur dit simpatiek gestem word tot en beweeg word om in diens van die bestaande tegnologiese samelewing te staan. Metodologie en ideologie is dus wesenlik één. Anders gestel: die behavioralistiese metodologie is 'n instrument, in die politieke wetenskap, van die ideologie van wetenskaplike dominansie van die wêreld.

Wat die kwessie van waardevryheid in die geheel betref, is dit dus duidelik dat die post-behavioraliste kostelike kritiek gelewer het op die idee van 'n waardevrye Staatsleer. Vanuit verskillende hoeke is gedemonstreer dat die skeiding tussen feite en waardes waarop dit berus, epistemologies en ontologies onhoudbaar is, en dat die skeiding, as dit afgedwing word, uitloop op die goedkeuring en aanvaarding van die waardestelsel van die bestaande orde, waardeur die behavioralisme kontra sy eie oogmerke verval in 'n onvergeeflike dienstigheidaan die belange van die heersende politieke magte. Dit is egter te betwyfel of die post-behavioraliste 'n oplossing het vir die subjektivisme-objektivisme-dilemma waarin die Staatsleer gedompel is. Spragens se siening in verband met die herstel van die digotomie in die Staatsleer op die basis van die erkenning van die regulatiewe funksie van norme, in beskrywing hou baie belofte in, maar die fenomenologiese alternatief, hoewel 'n ruimer aanpak, bied geen werklike vordering nie omdat dit onvermydelik op subjektivisme afstuur.

Die post-behavioraliste het egter nie net aangetoon dat die behavioralistiese Staatsleer nie neutraal is en dat dit in werklikheid verbind is aan die filosofie van die bestaande orde nie; hulle het ook die meriete van dié filosofie beoor-

deel en tot die gevolgtrekking gekom dat dit 'n ondemokratiese en daarom 'n onbetaamlike filosofie is. Uit hierdie oordeel blyk ook reeds hulle eie politiek-filosofiese keuse, naamlik die verwerping van die gangbare opvatting van demokrasie.

2.3 Politieke filosofie

Die kritiek teen en alternatiewe vir die politieke filosofie wat in die behavioralisme geïmpliseer is, lê versprei tussen twee pole. Aan die een kant is die sogenaamde klassieke liberaliste wat die pluralisme vanuit die liberaal-demokratiese tradisie kritiseer. Aan die ander kant is die Marxisties georiënteerde post-behavioraliste wat hulle in eg neo-Marxistiese terme verset teen die tegnokratiese dominansie van die mens en die samelewing deur die wetenskapsideologie.

Die sogenaamde klassieke liberaliste gaan van die veronderstelling uit dat dit in die demokrasie primêr gaan om menslike ontwikkeling wat moontlik gemaak word deur algemene deelname aan die politieke proses. Dié deelname is nie alleen noodsaaklik vir die vrye ontplooiing van die individu se persoonlikheid nie; dit is ook die enigste wyse waarop 'n sinvolle politieke gemeenskap moontlik is. Die "klassieke" liberaliste onder die post-behavioraliste is oortuig dat die pluralisme radikaal afwyk van hierdie demokratiese model en dit verruil vir 'n stelsel wat konserwatief en ondemokraties, selfs anti-demokraties is.

Met die konserwatisme-klag word bedoel dat die sleutelkonsep te van die pluralisme, *ekwilibrium* en *stabiliteit*, 'n politieke stelsel visualiseer wat die bestaande magsverhoudings bestendig. Die pluralisme-filosofie skryf nie, soos ander politieke filosofieë, bepaalde instellings en prosesse voor as sý opvatting van die ideale politieke gemeenskap nie. Dit aanvaar die bestaande en bou dit in 'n oorkoepelende stelsel in waarin elkeen se bestaan van sy eie magsuitoefening afhanklik is. Hierdie bestaande orde wat deur die pluralisme bestendig word, is verder vir die "klassieke" liberaliste onaanvaarbaar omdat dit, volgens hulle, die Amerikaanse samelewing op 'n ramp laat afstuur. Pleks van die politieke gemeenskap op die beginsel van algemene deelname te bou, aanvaar die pluraliste die politieke onbevoegdheid van die massa en neem hy sy toevlug tot elitisme, dit wil sê tot 'n politieke stelsel wat beheer word deur 'n klein groepie "politieke entrepreneurs". Die klassieke demokratiese ideaal word voorgestel as 'n leuen ten einde die magsposisie van die elite te regverdig. Die ideaal van menslike ontwikkeling deur middel van deelname aan die publieke lewe is laat vaar en vervang met die najaging van materialistiese eiebelang. Daardeur word, volgens die kritici, die hele idee van 'n politieke gemeenskap wat op gemeenskaplike ideale berus, ontken. Al wat oorbly, is die noodsaak om die stelsel ongeskonde te laat voortbestaan. Daar word aanvaar dat as die stelsel stabiel is, dit ook demokraties is. So word die stabilisering van die *status quo* verhef tot 'n demokratiese deug.

Die alternatief wat Lowi vir die pluralisme aanbied, is niks nuuts nie. Dit is die herlewing van die republikeinse tradisie in die Amerikaanse politieke geskiedenis. Die republikeinse konstitusionalisme vereis dat politieke besluite geneem word op grond van duidelik geformuleerde juridiese norme wat deur die volksverteenwoordigers neergelê is en dat die besluite langs die weg van formele prosedures uitgeoefen word. Dit is 'n politieke stelsel waarin die staatsowerheid die dwangmatigheid van sy gesag goed verstaan en aanwend langs die kanale wat vooraf aan almal bekend en deurentyd kontroleerbaar is en wat nie toelaat dat dit ondermyn word deur magsgroepe wat binne die gemeenskap aanwesig is nie. Dit is 'n politieke stelsel waarin die reg soewerein is en nie die materiële belange van belangegroepe nie. Dit is wat Lowi "juridical democracy" noem.

Die sogenaamde *Berkeley School* van post-behavioraliste het enersyds op die kritiek van die "klassieke" liberaliste voortgebou deur die individualistiese wortels van die pluralisme bloot te lê en dit as verklaring aan te bied vir die pluralisme se meganistiese opvatting van die politieke gemeenskap. Andersyds het die *Berkeley School* die Amerikaanse politieke stelsel ook in 'n meer moderne idioom gekritiseer, naamlik in terme wat gewoonlik geassosieer word met die maatskappykritisiese denke van die neo-Marxisme. In plaas van, soos Baskin, op die politiek-konstitusionele aspek van die Amerikaanse samelewing te konsentreer, het Wolin en Schaar die fokus verskuif na die ekonomies-tegnologiese konteks waarvan die politiek-konstitusionele maar 'n deel vorm. Hulle is naamlik oortuig dat die probleme op politieke gebied slegs verstaan kan word binne die groter problematiek van die tegnologiese same-

lewing. Die Amerikaanse politieke stelsel is volgens hulle maar 'n instrument van die tegnokratiese ideologie, waardeur die samelewing ontmenslik en die mens volledig gemanipuleer word.

Terwyl dit nie duidelik is tot welke mate Schaar en Wolin deur die neo-Marxisme beïnvloed is nie, opereer etlike post-behavioraliste eksplisiet vanuit die neo-Marxistiese tradisie. Reid betoog byvoorbeeld dat die Amerikaanse samelewing 'n epogmakende oorgang beleef het van die liberalisme as samelewingsfilosofie na 'n ander een, wat hy die wetenskapsideologie of die tegnokratiese ideologie noem. Die belangrikste kenmerk van die nuwe ideologie, sê hy, is dat dit skeiding bewerkstellig tussen subjektiewe waardes en objektiewe bestaan. Deur die subjektiewe waardes dan negatief te waardeur, word die objektiewe bestaan verhef tot beginsel van wetenskap sowel as samelewing. As gevolg hiervan, so redeneer Reid, word die leefwêreld van die mens afgebreek; die band tussen die mens en sy *Umwelt* word deurgesny. Die politieke en ander gevoelsdimensies van die mens word gesublimeer. Die politieke grondslag van die sosiale lewe word ontken. Al wat oorbly, is die objektiewe bestaan van die mens. Dit lei tot 'n samelewing waarin mense soos dinge behandel word en waarin slegs 'n minimale uitdrukking van subjektiwiteit toegelaat word. En die mens wat van sy subjektiwiteit beroof is, is volkome manipuleerbaar deur middel van tegnologiese tegnieke. Volgens Reid word die mens ook inderdaad gemanipuleer ten behoeve van die scientisme se ideaal van wêreldoorheersing.

In ooreenstemming met die patroon van die neo-Marxistiese denke bied die Marxisties georiënteerde post-behavioraliste ook 'n alternatief en 'n veranderingstrategie aan. Die alternatief is weliswaar onduidelik; daar word net vaagweg gespraak van "deelnemende demokrasie", waarin die politieke mag weer in die hande van die massa moet wees, en van 'n sosialistiese samelewingstelsel. Wat presies daarmee bedoel word, sê hierdie groep post-behavioraliste egter nie. Oor die veranderingstrategie wat nodig is om van die huidige na die sosialistiese samelewing te beweeg, is hulle heelwat duideliker.

In die beste neo-Marxistiese tradisie word aanvaar dat die verandering nie histories gedetermineer is nie, maar dat dit daadwerklik en noukeurig beplan moet word in ooreenstemming met die rewolusionêre idees van Lenin, Mao, Che en andere. In hierdie rewolusionêre veranderingstrategie word daar aan die wetenskap in die algemeen en aan die Staatsleer in die besonder 'n belangrike rol toegeken waarin die grens tussen wetenskap en politiek heeltemal uitgewis word.

Die vraag is nou: in watter mate is hierdie uiteenlopende kritiek op die Amerikaanse samelewingstelsel, wat almal appelleer op een of ander vorm van demokrasie, relevant? Daar moet dadelik toegegee word dat die Amerikaanse politieke filosofie en die politieke stelsel wat die uitvloeisel daarvan is, inderdaad problematies is. Die erosie van die staatsgesag wat veroorsaak word deur die gebruikmaking van informele en buite-institusionele politieke prosesse, is 'n belangrike oorsaak van die krisis. Sonder 'n staatsowerheid wat op basis van die swaardmag gesaghebbend optree om die staatsgemeenskap te orden met die oog op die publieke belang, sal

enige politieke gemeenskap vir homself ernstige moeilikheid op die hals haal, wat uiteindelik moet uitloop op die disintegrasie van daardie gemeenskap. Baskin het tereg aangedui dat die pluralisme se opvatting van 'n outomatiese politieke stelsel teruggevoer moet word na die individualistiese en meganistiese mens- en wêreldbeskouing wat dit ten grondslag lê. Spragens se beskrywing van die "objectivist paradigm" is in hierdie verband besonder waardevol. 'n Ware politieke gemeenskap is moeilik versoenbaar met die grondstellings van die pluralisme-filosofie. Ook die Marxistiese post-behavioraliste se kritiek is nie sonder meriete nie. Trouens, tegnologiese manipulasie van die mens en die totalitêre oorheersing wat daarmee saamgaan, het reeds skrikwekkende afmetings in die Westerse samelewing aangeneem.

In die konteks van die post-behavioraliste se argumentasie het hierdie kritiek 'n spesifieke epistemologiese betekenis. Dit het die konsekwensie dat, indien die politieke filosofie van die behavioralisme deur die Staatsleer as uitgangspunt aanvaar word, dit noodwendig moet uitloop op 'n verwronge beeld van die politieke werklikheid. Die vraag wat nou onmiddellik na vore tree, is of die meriete van die post-behavioraliste se alternatiewe sodanig is dat dit 'n beter visie op die politiek moontlik maak? Hoewel hierdie vraag uiteraard nie uitputtend behandel kon word nie, is een sentrale tema in die alternatiewe van die post-behavioraliste relevant, naamlik die feit dat die post-behavioraliste hierdie politieke alternatiewe wil laat dien as maatstawwe waarmee die Staatsleer die bestaande politieke orde krities moet beoordeel en as ideaal waarheen die Staatsleer die bestaande orde moet help stuur. Dit beteken dat hierdie alternatiewe

'n normatiewe funksie vervul in die post-behavioralistiese beskouing van die kritiese rol wat die Staatsleer ten opsigte van die samelewing moet speel.

2.4 Die kritiese rol van die Staatsleer

Voortspruitend uit die post-behavioralistiese kritiek teen die idee van waardevryheid en die behavioralistiese Staatsleer se sanksionering van die bestaande orde, is hulle siening van die kritiese rol wat die Staatsleer ten opsigte van die samelewing moet vervul. Pleks van te aanvaar dat die Staatsleer 'n sogenaamde "pure science" is wat aan geen politieke belang diensbaar wil wees nie en dan tog by implikasie die belange van die bestaande orde dien, word van die Staatsleer verwag om die meriete van die bestaande politieke stelsel krities te ondersoek en om die weg aan te dui vir die verbetering daarvan.

Op grond van 'n deur die eksistensialistiese fenomenologie geïnspireerde fusie van denke en handeling verwag Kariel van die politikoloog om handelend by te dra tot die transendering van die bestaande politieke orde. Die Staatsleer moet volgens Kariel aan die lig bring dat die bestaande strukture en beleidsrigtings nie oplossings is nie, maar probleme. Die aandag moet gevestig word op belange wat deur die heersende beleidsrigtings verontagsaam of onderdruk word. Verontrus oor die sogenaamde orde van die dag moet die politikoloog speku-leer oor alternatiewe en eksperimenteel bewys dat dié alternatiewe moontlik is. Dit beteken dat daar van neutraliteit in die sin van politiek onbetrokke verklaring van die empiriese stand van sake geen sprake kan wees nie.

Hierdie sienswyse van Kariel is in ooreenstemming met die standpunt wat in die oogmerke van die *Caucus for a New Political Science* vervat is. Dit het geblyk dat die *Caucus* méér in die oog gehad het as net die ontmaskering van die politieke ideologie van die behavioralisme maar dat hy die Staatsleer in diens van 'n ander, links-radikale, ideologie wil stel. Die nuwe ideologie moet die grondslag vorm van die dissipline se pogings om 'n beter samelewing tot stand te bring. Deur van die Staatsleer 'n politieke aksiegroep te maak - en Kariel se standpunt kom op dieselfde neer - het die *Caucus* dus in dieselfde slaggetrap as die behavioralisme, naamlik dienstigheid aan 'n spesifieke ideologie. Die *Caucus* wou net 'n ander ideologie dien as die *American Political Science Association*. Die sogenaamde kritiese Staatsleer is net krities ten opsigte van die bestaande orde. Al wat gebeur, is dat die post-behavioraliste nou epistemologiese gronde verskaf het vir die skaamtelose politisering van die Staatsleer, wat in die geval van die behavioralisme implisiet en bedek plaasgevind het.

Lowi het hierdie dwaling van die *Caucus* gou raakgesien en daaruit padgegee. Ongelukkig verteenwoordig hy 'n minderheidstandpunt in die geledere van die post-behavioraliste. Sy standpunt kom egter baie naby aan 'n juiste siening van die verhouding tussen die Staatsleer en die politiek. Op die basis van die *skeiding* van denke en handeling en van teorie en praktyk stel hy die idee van 'n kritiese, dog polities onafhanklike, Staatsleer voor. Indien die dissipline se konsepte en teorieë polities relevant, dog onafhanklik bly, sal elke nuwe geslag studente die politieke werklikheid vanuit hulle eie visie beoordeel. Dit sal aan die dissipline die

vermoë gee om die politieke gemeenskap voortdurend tot in sy wortels te bevraagteken sonder om die lakei van een of ander ideologie te word. Hoe so 'n onafhanklikheid moontlik is in die lig van die waardegeladenheid van wetenskap is egter nie duidelik uit Lowi se betoog nie.

Hoewel Kariel geen geringe bydrae gelewer het tot die ontmaskering van die valse neutraliteitstandpunt van die behavioralistiese nie, is dit tog duidelik dat sy eie standpunt ewe onhoudbaar is. Sy insig dat denke 'n vorm van handeling is, is beslis waardevol. Die probleem is egter dat hy nie teoretiese denkhandelinge van ander denkhandelinge onderskei nie. Daarmee saam hang die feit dat hy nie rekening hou daarmee dat menslike handelinge deur die struktuurbeginsel van die samelewingskring waarin die handeling plaasvind, gekwalifiseer word nie. Teoretiese denke in die konteks van die Staatsleer, waar gesoek word na wetenskaplike waarheid in verband met die politieke werklikheid, is wesenlik anders as politieke denke wat in diens van 'n bepaalde politieke ideaal staan. Kariel definieer die funksie van die Staatsleer in sulke duidelike politieke terme dat die eieaard van beide daardeur geskend word.

Daar moet dus gekonkludeer word dat die post-behavioraliste (Lowi uitgesluit) ten spyte van waardevolle kritiek op die behavioralistiese dienstigheid aan die bestaande orde, die Staatsleer op presies dieselfde afgrond afstuur deur die dissipline op onbehoorlike wyse te politiseer.

Wat nou opmerklik is wanneer die post-behavioraliste se benadering tot die wetenskaplike bestudering van die politiek met dié van die behavioraliste vergelyk word, is die feit dat daar in al drie kernelemente van die behavioralistiese paradigma 'n duidelike fokusverskuiwing aangebring is. Die positivisties geïnspireerde metodologie met sy implisiete scientistiese ideologie word ingeruil vir 'n ander metodologie waarin die grondliggende digotomieë van die behavioralisme bekritiseer en vervang word met 'n ander metodologie, wat weer sy eie ideologiese lading dra. Die ontmaskering van die scientisme as die ideologie van die bestaande orde en van die wetenskappe van die bestaande orde laat 'n ideologiese vakuum wat die post-behavioraliste op hulle beurt met 'n eie, anti-scientistiese ideologie vul.

Wat dié ideologie presies is, is nog nie duidelik nie. Dit wissel ook van een groep post-behavioraliste na 'n ander. Die feit dat die meeste post-behavioraliste onder 'n soort samesmelting van die fenomenologie, die eksistensialisme en die Marxisme tuisgebring kan word, dui egter daarop dat die nuwe ideologie sterk irrasionalistiese en utopistiese wortels het. Wat dus wesenlik skyn te gebeur in die proses van ont-nugtering met die politieke filosofie van die behavioralisme is dat een politieke filosofie vir 'n ander ingeruil word, naamlik die pluralisme van die bestaande orde in die Verenigde State vir dié van 'n utopisme van verskillende skakerings. Die metodologie wat daarby pas, is sterk subjektivisties, met die klem op die fusie van denke en handeling. En dit vereis onder andere dat die Staatsleer 'n kritiese funksie vervul in die proses van die transformasie van die samelewing.

Dit is dus duidelik dat ons hier te doen het met twee verskillende visies op die wetenskap: die sogenaamde "adjustment science" en die sogenaamde "critical science". Albei streef tevergeefs om die samelewing van sy probleme te verlos, want albei soek die norme vir die wetenskap en die samelewing in die mens en die samelewing self, in plaas van in die onveranderlike wet van God.

3. Betekenis

Die kwantitatiewe krag van die post-behavioralistiese rewolusie is moeilik bepaalbaar. Die *Caucus for a New Political Science* as eerste konkrete vergestaltung van die protes, het gou doodgeloop, maar die intellektuele verset teen die behaviorisme gaan steeds voort. Hoewel geen statistiek beskikbaar is in verband met die aantal politikoloë wat tans in die gees van die post-behavioralistiese rewolusie werk nie, is dit duidelik dat die kwalitatiewe bydrae van die post-behavioraliste van so 'n aard is dat dit steeds 'n beduidende faktor in die Amerikaanse Staatsleer is. Die geskiedenis van rewolusionêre bewegings het geleer dat kwantitatiewe evaluering daarvan maklik misleidend kan wees. Daarom is dit noodsaaklik om, al is dit net in breë trekke, 'n kwalitatiewe evaluering van die post-behavioralistiese rewolusie te maak. So 'n waardebepaling is op grond van die beperkte greep wat in hierdie studie op die verskynsel gemaak is, natuurlik slegs in 'n beperkte mate moontlik. Gevolgtrekkings kan uit die aard van die saak slegs gebaseer word op die standpunte van die beperkte aantal post-behavioraliste wie se standpunte behandel is. Vir sover hulle egter verteenwoordigend van die hoofaksente in die post-behavioralistiese rewolusie is, is dit

egter wel moontlik om uitsprake oor die behavioralisme in die algemeen te maak. 'n Eenvoudige balansstaat van die post-behavioraliste se bydraes kan dien as 'n bondige opsomming van die situasie.

Aan die kredietkant moet aangeteken word dat die post-behavioraliste daarin geslaag het om die vinger op die belangrikste gebreke van die behavioralisme te lê. Die blote feit dat hulle die behavioralisme in terme van sy wetenskapsfilosofiese én politiek-filosofiese dimensies verstaan en gekritiseer het, moet as 'n belangrike bydrae beskou word. Wat die meriete van hierdie kritiek betref, moet waardering vir die volgende sake betuig word:

- * Dat die engheid van die behavioralisme se opvatting van die begrip *politiek* aan die kaak gestel is.
- * Dat aangetoon is dat die behavioralisme die politieke werklikheid reduseer tot die sintuiglik waarneembare aspekte daarvan.
- * Dat die behavioralisme se deur die positivisme geïnspireerde verabsolutering van die wetmatige karakter van die wetenskap verwerp is.
- * Dat die feit-waarde-digotomie en die idee van 'n waarde-vrye Staatsleer wat daarop gebaseer is, as 'n illusie ontmasker is.
- * Dat die inherente ideologiese geladenheid van die behavioralisme en die sanksionering van die bestaande orde wat daaruit voortvloei, doeltreffend aan die kaak gestel is.

- * Dat die basiese swakhede van die pluralisme-filosofie en die onhoudbaarheid van die politieke stelsel wat daaruit voortvloei, aangetoon is.

Van besondere belang is die feit dat verskillende post-behavioraliste die probleme van die behavioraliste terugvoer na die wêreldbeeld wat as die scientisme geïdentifiseer is en wat as die dieper ontologiese grond van die behavioralisme aangetoon is. In hierdie sin het die post-behavioraliste 'n belangrike bydrae tot 'n oplossing vir die krisis in die Amerikaanse Staatsleer gelewer.

Aan die debietkant moet daar ongelukkig ook 'n hele paar inskrywings gemaak word:

- * Terwyl die behavioraliste die betekenis van die begrip *politiek* vereng en verskraal het, is dit deur die post-behavioraliste na die ander uiterste toe vergroot. Hoewel dit nie van al die post-behavioraliste gesê kan word nie, is die hooftendens om die politiek só wyd te definieer dat die hele sosiale werklikheid verpolitiseer word.
- * Die post-behavioraliste se reaksie op die verabsolutering van die wetmatige karakter van die wetenskap loop uit op 'n ewe onhoudbare wetenskaplike relativisme, veral by die fenomenologiese post-behavioraliste.
- * Hulle antwoord op die objektivisme van die behavioralisme loop die gevaar van ernstige subjektivisme.

- * Terwyl die behavioralisme gekritiseer word vir sy dienstigheid aan die bestaande orde, kan die post-behavioraliste self dié dilemma nie ontsnap nie. Die idee van 'n "kritiese" Staatsleer berus duidelik op 'n uitwissing van die grens tussen wetenskap en politiek.
- * Hoewel die post-behavioraliste die probleme van die behavioralisme in die finale instansie - en met terugvoer tot die scientistiese werklikheidsbeskouing, kan hulle self tog nie 'n oplossing bied nie omdat hulle self ook nie die ware aard van die werklikheid verstaan nie. Die skeppingskarakter en die normatiewe gestruktureerdheid van die werklikheid bly hierdie humanistiese en gesekulariseerde groep politikoloë steeds ontwyk.

Die balansstaat toon enersyds dat die post-behavioraliste welkome klanke laat hoor. Hulle kritiek is gerig op die kernprobleme van die behavioralisme. Die hele selfkonsepsie van die behavioralisme as wetenskap van die politiek is onder die vergrootglas geplaas. In Kuhniaanse terme het die post-behavioraliste anomalieë na vore gebring wat nie in terme van die behavioralisme se bestaande uitgangspunte opgelos kan word nie. Dit is eenvoudig 'n feit dat dit 'n onontwykbare uitdaging bied aan die uitgangspunte waarop die Amerikaanse Staatsleer homself die afgelope aantal dekades gevestig het. Aan die ander kant toon die balansstaat egter ook dat die post-behavioralistiese rewolusie self nog nie 'n houdbare alternatief vir die behavioralistiese paradigma opgelewer het nie. Daarvoor is die beweging nog wysgerig te los en uiteenlopend.

Daar kan eerder gepraat word van 'n hele aantal prototipes van paradigmas wat met mekaar meeding om aanvaarding. Hoewel sommige post-behavioralistiese kostelike insigte in die politieke werklikheid verwerf het, bestaan daar egter 'n wesenlike gevaar dat die rewolusie in die geheel gesien, die Staatsleer afstuur op nuwe eensydighede wat inherent aan sy bepaalde benadering tot die werklikheid en die wetenskap is en wat hierbo aangedui is.

Ten spyte van hierdie tekortkominge is dit egter duidelik dat die post-behavioralistiese rewolusie 'n belangrike fase in die ontwikkeling van die Amerikaanse Staatsleer verteenwoordig. Sedert die sogenaamde behavioralistiese rewolusie teen die helfte van hierdie eeu is dit die eerste aanduiding van 'n werklike koersverandering in die dissipline. Meer en meer behavioralistiese politikoloë begin die beperkinge van die behaviorisme raaksien en raak sodoende krities ingestel teenoor die uitgangspunte wat hulle voorheen as vanselfsprekend aanvaar het. As die anti-positivistiese ontwikkelinge op die gebied van die filosofie en die wetenskapsfilosofie as simptome van die kontemporêre wetenskapsontwikkeling aanvaar word, lyk dit onvermydelik dat die post-behavioralistiese rewolusie meer as van verbygaande betekenis vir die Staatsleer gaan wees.

Dié rewolusie is egter nie net vir die Amerikaanse Staatsleer van belang nie. In die mate waarin die Staatsleer elders in die wêreld op die fundamente van die positivisme gebou is, is dit van wêreldwye betekenis. Ook vir die Staatsleer in Suid-Afrika het dit belangrike implikasies.

Die Suid-Afrikaanse Staatsleer verkeer tans nog in die greep van die positivisme. Onvoldoende reformatie van die positivistiese wetenskap skep, soos die post-behavioraliste ten opsigte van die Verenigde State tereg aangetoon het, ook in Suid-Afrika die gevaar van die wetenskaplike sanksionering van die bestaande orde. Die vraag wat nou reeds dringend gestel moet word, is: in watter mate het die wetenskap in Suid-Afrika, en veral die Staatsleer, al so gekompromitteer geraak aan die huidige politiek-ekonomiese orde dat die onafhanklike en kritiese funksie daarvan reeds verlore geraak het. Daarmee word natuurlik nie bedoel dat die Staatsleer in Suid-Afrika die soort kritiese funksie moet vervul wat die post-behavioraliste daaraan toeken nie. Dit is egter 'n feit dat die Staatsleer 'n politieke verantwoordelikheid het. Hierdie verantwoordelikheid moet net ooreenkomstig die eieaard van die wetenskap gestruktureer word.

'n Tweede vraag wat gestel moet word, is in watter mate die Staatsleer in Suid-Afrika reeds voorbereid is op die koms van 'n eie post-behavioralistiese rewolusie. Die bestaanswaardes daarvan skyn steeds gunstiger te word. Die opkoms van radikale politieke gesindhede wat duidelik aan die irrasionalisme en die Marxisme georiënteer is, en waardeur die hele bestaande orde in Suid-Afrika ernstig bevraagteken word, is vinnig besig om die politiek-filosofiese grondslag te verskaf vir 'n dergelike ontwikkeling in Suid-Afrika.

Vir die politikoloë in Suid-Afrika wat in die reformatoriese tradisie werk en wat die stryd teen die positivistiese wetenskap tot dusver nog hoofsaaklik rondom die probleem van waardevryheid gevoer het, het die post-behavioralistiese rewolusie

die waarde dat dit 'n belangrike verbreiding en verdieping van die aanval op die positivistiese Staatsleer teweeggebring het. In die finale instansie bied dit egter geen oplossing vir die dilemmas van die behavioralisme nie en is die reformatories gesinde politikoloë geroepe om nie 'n makker in die stryd teen die positivisme as 'n geesgenoot en medestander te aanvaar nie.

B I B L I O G R A F I E

- AKE, C. 1972. The scientific status of political science. *British journal of political science*, 2(1) Jan 1972:109-115.
- ALKER, H.R. e.a. 1973. Mathematical approaches to politics. Edited by H.R. Alker, K.W. Deutsch and A.H. Stoetzel. San Francisco, Jossey-Bass.
- ALMOND, G.A. en GENCO, S. 1977. Clouds, clocks, and the study of politics. *World politics*, 29(4) Jul 1977:489-522.
- ALMOND, G.A. en VERBA, S. 1963. The civic culture: political attitudes and democracy in five nations. Boston, Little, Brown and Co.
- ARENDT, Hannah. 1969. On violence. New York, Harcourt, Brace and World.
- ARENDT, Hannah. 1966. The origins of totalitarianism; 10th ed. Cleveland, World Publishing Co.
- ARENDT, Hannah. 1961. What is authority? (*In Haar Between past and future; six exercises in political thought.* New York, World Publishing Co. 1961.)
- ARENDT, Hannah. 1958. The human condition. New York, Doubleday.

- BACHRACH, P. 1967. The theory of democratic elitism. New York, Little, Brown & Co.
- BACHRACH, P. en BARATZ, M.S. 1967. Two faces of power. (In McCoy, C. en Playford, J., *reds.* Apolitical politics. New York, Crowell, 1967:146-157.)
- BAKER, K.L., e.a. 1972. A note on behavioralists and post-behavioralists in contemporary political science, by K.L. Baker, S.G. Hajjar and A.E. Schenker. *Political sciences*, 5(3) 1972:271-273.
- BARNARD, A.L. 1973. Moderne teoretiese benaderings van internasionale verhoudinge. Ongepubliseerde verhandeling - Universiteit van die Oranje Vrystaat.
- BASKIN, D. 1971. American pluralist democracy: a critique. New York, Van Nostrand Rheinhold.
- BASKIN, D. 1970. American pluralism: theory, practice and ideology. *Journal of politics*, 32, Feb 1971:71-95.
- BAY, C. 1965. Politics and pseudo-politics; a critical evaluation of some behavioral literature. *American political science review*, 59, 1965:39-51.
- BENTLEY, A. 1935. The process of government; a study of social pressures. Evanston, Principia Press of Illinois.

- BERELSON, B.R. 1952. Democratic theory and public opinion. *Public opinion quarterly*, 16, 1952:313-330.
- BERELSON, B.R., e.a. 1954. Voting: a study of opinion formation in a presidential campaign, by B.R. Berelson, P.F. Lazarsfeld and W.N. McPhee. Chicago, University of Chicago Press.
- BERSTEIN, R.J. 1976. The restructuring of social and political theory. Oxford, Blackwell.
- BIEMEL, W. 1974. Phenomenology. (*In* The new encyclopaedia Britannica in 30 volumes: Macropaedia, V.14:210-215. Chicago, Benton.)
- BOM, P.C. 1976. Academocracy; American scholarship and statemanship in the sixties. Proefskrif - Vrije Universiteit, Amsterdam.
- BOTHA, M. Elaine. 1978. School in society. Ongepubliseerde lesing gelewer voor die 2e Internasionale Konferensie van Gereformeerde Instellings vir Christelike Hoër Onderwys, Grand Rapids.
- BOTHA, M. Elaine. 1976. Die wending in die nuwere wetenskapsteorieë en in die sosiale wetenskappe. *Perspektief*, 15(1) Mrt 1976:15-61.
- BRECHT, A. 1959. Political theory. Princeton, N.J., Princeton University Press.

- BREINES, P. 1970. From guru to spectre: Marcuse and the implosion of the movement. (*In Breines, P., red. Critical interruptions: New Left perspectives on Herbert Marcuse. New York, Herder and Herder, 1970:1-22.*)
- BREWER, G.D. en HALL, O.P. 1972. Policy analysis by computer simulation; the need for appraisal. Santa Monica, Calif., Rand Corporation.
- BRODBECK, May, *red.* 1968. Readings in the philosophy of the social sciences. New York, Macmillan.
- CAPP, G.R. 1967. The great society; a sourcebook of speeches. Belmont, Calif., Dickenson Publishing Co.
- CHARLESWORTH, J.C., *red.* 1966. A design for political science: scope, objectives and methods. Philadelphia, American Academy of Political and Social Science.
- CHARLESWORTH, J.C., *red.* 1962. The limits of behavioralism in political science. Philadelphia, American Academy of Political and Social Science.
- COMTE, A. 1956. Discours sur l'esprit positif. I. Fetscher, editor. Hamburg, Meiner.
- COMTE, A. 1896. The positive philosophy of Auguste Comte. Freely translated and condensed by Harriet Martineau. London, Bell.

- CONNOLLY, W.E. 1973. Theoretical self-consciousness.
Polity, 6(1) 1973:5-35.
- CONNOLLY, W.E., *red.* 1969. The bias of pluralism. New York,
Atherton.
- CONNOLLY, W.E. 1967. Political science and ideology. New York,
Atherton Press.
- CORNELIS, A. 1973. De crisis in de sociale wetenschappen;
het probleem der vooronderstellingen. *Mens en maatschap=*
prij, 48(2) 1973:151-186.
- CRICK, B. 1960. The American science of politics. Berkeley,
Calif., University of California Press.
- DAHL, R.A., *red.* 1969. Political oppositions in Western de=
mocracies. New Haven, Yale University Press.
- DAHL, R.A. 1967. Pluralist democracy in the United States;
conflict and consent. Chicago, Rand McNally.
- DAHL, R.A. 1966. Further reflections on "The elitist theory
of democracy". *American political science review*, 60,
Jun 1966:296-305.
- DAHL, A. 1963. Modern political analysis. Englewood Cliffs,
N.J., Prentice-Hall.

- DAHL, R.A. 1963A. Cause and effect in the study of politics.
(In Lerner, D., *red.* Cause and effect. New York, Free Press, 1963.)
- DAHL, R.A. 1961. Who governs? Democracy and power in an American city. New Haven, Yale University Press.
- DAHL, R.A. 1961A. The behavioral approach in political science; epitaph for a monument to a successful protest.
(In Eulau, H., *red.* Behavioralism in political science. New York, Atherton Press, 1969.)
- DAHL, R.A. 1958. A critique of the ruling elite model.
American political science review, 52, Jun 1958:463-469.
- DAHL, R. 1956. A preface to democratic theory. Chicago, Chicago University Press.
- DAHL, R.A. en LINDBLOM, C.E. 1953. Politics, economics, and welfare. New York, Harper.
- DALLMAYR, F.R. 1973. Phenomenology and Marxism. (In Psathas, G., *red.* Phenomenological sociology. New York, Wiley, 1973:305-356.)
- DALLMAYR, F.R. 1972. Existential phenomenology and social science; and overview and appraisal. (In Casey, E. en Carr, D., *reds.* Explorations in phenomenology ... The Hague, Nijhoff, 1972.)

- DAY, J. 1963. Authority. *Political studies*, 11, Okt 1963: 257-271.
- DE RUITER, A.C. 1961. De grenzen van de overheidstaak in de antirevolutionaire staatsleer. Kampen, Kok.
- DE TOCQUEVILLE, A. 1956. Democracy in America. Edited by R.D. Heffner. New York, New American Library.
- DEUTSCH, K. 1953. National and social communication. New York, Wiley.
- DOLBEARE, K.M. 1970. Public policy analysis and the coming struggle for the soul of the post-behavioral revolution. (In Green, P. en Levinson, S., *reds*. Power and community. New York, Pantheon Books, 1970:85-111.)
- DOOYEWEERD, H. 1953-'58. A new critique of theoretical thought. Translated by D.H. Freeman and W.S. Young. 4 bde. Amsterdam, Paris.
- DOOYEWEERD, H. 1936. De Christelijke staatsidee; 2e dr. Rotterdam, Libertas Drukkerijen.
- DRUKMAN, M. 1971. Community and purpose in America. New York, McGraw-Hill.
- DUNCAN, G. en LUKES, S. 1967. The new democracy. (In McCoy, C. en Playford, J., *reds*. Apolitical politics. New York, Crowell, 1967:160-184).

- DUVENAGE, S.C.W. 1973. Die opstandige student; 'n analise en evaluerings van studenteaktiwisme in die V.S.A. Potchefstroom, Pro Rege.
- EASTON, D. 1969. The new revolution in political science. *American political science review*, 63(4) 1969:1051-1061.
- EASTON, D. 1968. Political science. (In *International encyclopedia of the social sciences*, V.12:282-298. New York, Macmillan.)
- EASTON, D. 1965. A systems analysis of political life. New York, Wiley.
- EASTON, D. 1965A. A framework for political analysis. Englewood Cliffs, N.J., Prentice Hall.
- EASTON, D. 1962. Introduction: the current meaning of "behavioralism" in political science. (In Charlesworth, J.C., *red.* The limits of behavioralism in political science. Philadelphia, American Academy of Political and Social Science, 1962:1-25.)
- EASTON, D. 1953. The political system; an inquiry into the state of political science. New York, Knopf.
- EDELMAN, M. 1970. Research orientation; some pitfalls and some strategic suggestions. (In Kariel, S., *red.* Frontiers of democratic theory. New York, Random House, 1970.)

- EKSTEEN, M.C. 1973. The limitations of the behavioral approach in political science. Alice, Fort Hare University Press.
- ESTERHUYSE, W.P. 1971. Filosofie van die revolusie; die kritiese teorie van Herbert Marcuse oor maatskappy en wetenskap. Johannesburg, De Jong.
- EUBEN, J.P. 1970. Political science and political silence. (In Green, P. en Levinson, S., *reds.* Power and community. New York, Pantheon Books, 1970.)
- EULAU, H., *red.* 1969. Behavioralism in political science. New York, Atherton Press.
- EULAU, H. 1963. The behavioral persuasion in politics. New York, Random House.
- EULAU, H., *red.* e.a. 1956. Political behavior; a reader in theory and research. Edited by H. Eulau, S.J. Eldersveld and M. Janowitz. Glencoe, Ill., Free Press.
- EVANS-PRITCHARD, E.E. 1970. The sociology of Comte; an appreciation. Manchester, Manchester University Press.
- FEIGL, H. 1970. The "orthodox" view of theories; remarks in defense as well as critique. (In Radner, M. en Winkler, S., *reds.* Analysis of theories and methods of physics and psychology, Minneapolis, University of Minnesota Press, 1970:3-16). (Minnesota studies in the philosophy of science, V.4.)

- FRIEDRICH, C.J. 1973. Phenomenology and political science. (In Natanson, M.A., *red.* Phenomenology and the social sciences, v.2:175-195. Evanston, Northwestern University Press.)
- FROHOCK, F.M. 1967. The nature of political inquiry. Homewood, Ill., Dorsey Press.
- GITLIN, T. 1967. Local pluralism as theory and ideology. (In McCoy, C. en Playford, J., *reds.* Apolitical politics. New York, Crowell, 1967:124-145.)
- GOLDSCHMIDT, Maure L. 1967. Democratic theory and contemporary political science. (In McCoy, C. en Playford, J., *reds.* Apolitical politics. New York, Crowell, 1967: 220-230.)
- GOODE, S. 1974. Affluent revolutionaries; a portrait of the New Left. New York, New Viewpoints.
- GOULDNER, A.W. 1970. The coming crisis of Western sociology. New York, Avon Books.
- GRAHAM, G.J. en CAREY, G.W., *reds.* 1972. The post-behavioral era; perspectives on political science. New York, McKay.
- GREEN, P. en LEVINSON, S., *reds.* 1970. Power and community; dissenting essays in political science. New York, Pantheon Books.

GROSS, B.M. 1968. A Great Society? New York, Basic Books.

✓ GUNNELL, J.G. 1975. Philosophy, science and political inquiry. Morristown, N.J., General Learning Press.

GUNNELL, J.G. 1973. Political inquiry and the concept of action; a phenomenological analysis. (In Natanson, M.A., *red.* Phenomenology and the social sciences, v.2: 197-275. Evanston, Northwestern University Press.)

GUNNELL, J.G. 1971. Political science and the philosophy of science; an overview and argument. Chicago, American Political Science Association.

GUNNELL, J.G. 1969. Deduction, explanation, and social scientific inquiry. *American political science review*, 63, 1969:1233-1262.

GUNNELL, J.G. 1969A. The idea of the conceptual framework; a philosophical critique. *Journal of comparative administration*, 1, Aug 1969:140-176.

GUNNELL, J.G. 1968. Social science and political reality; the problem of explanation. *Social research*, 35, Mrt 1968:159-201.

HABERMAS, J. 1973. Technik und Wissenschaft als "Ideologie". 6. Aufl. Frankfurt am Main, Suhrkamp Verlag.

- HABERMAS, J. 1972. Knowledge and human interests. Translated by J.J. Shapiro. Boston, Beacon Press.
- HARTZ, L. 1960. Democracy; image and reality. (In Chambers, W.N. en Salisbury, R.H. Democracy in the mid-twentieth century; problems and prospects. St. Louis, Washington University Press, 1960:13-29.)
- HARTZ, L. 1955. The liberal tradition in America. New York, Harcourt, Brace & World.
- HEIDEGGER, M. 1962. Being and time. Translated by J. Macguarrie and E. Robinson. New York, Harper.
- HEMPEL, C.G. 1970. On the "standard conception" of scientific theories. (In Radner, M. en Winokur, S., *reds.* Analysis of theories and methods of physics and psychology. Minneapolis, University of Minnesota Press, 1970: 142-163.)
- HEMPEL, C.G. 1965. Aspects of scientific explanation. New York, Free Press.
- HOBBS, T. 1839. English works. Edited by W. Molesworth. London, Bohn.
- HORKHEIMER, M. 1937. Kritische theorie. (In Hoefnagels, H., *red.* Sociologie en maatschappijkritiek. Alphen aan den Rijn, Samson Uitgeverij, 1971:66-82.)

- HAROWITZ, I.L., *red.* 1973. The rise and fall of Project Camelot; studies in the relationship between social science and practical politics. Cambridge, Mass., M.I.T. Press.
- HOSELITZ, B.F. 1959. A reader's guide to the social sciences. Glencoe, Free Press.
- HUNTER, F. 1953. Community power structure; a study of decision makers. Garden City, New York, Doubleday Anchor Books.
- IHARA, H. 1972. The coming crisis of American political science; an overview. *Review of social theory*, 1, Sept 1972:53-74.
- IHARA, R.H. 1971. The inadequacies of analytic political science; a phenomenological critique of Lester Milbrath. *Helderberg review*, 3, Herfs 1971:21-36.
- INSTITUT FÜR SOZIALFORSCHUNG. 1956. Wat verstaan wij onder sociologie? (In Hoefnagels, H., *red.* Sociologie en maatschappijkritiek. Alphen aan den Rijn, Samson Uitgeverij, 1971:54-65.)
- ISAAK, A.C. 1969. Scope and methods of political science. Homewood, Dorsey Press.
- JACKSON, M.W. 1972. The application of method in the construction of political science theory. *Canadian journal of political science*, 5(3) 1972:402-417.

- JACOBSON, N. 1963. Political science and political education. *American political science review*, 57, 1963: 561-569.
- JANGAM, R.T. 1970. Logical positivism and politics. Delhi, Sterling Publishers.
- JODAITIS, E.R. 1974. Rational-empirical theorizing in political science; a justification and an exemplification. Proefschrift - University of Connecticut, 1974.
- JUNG, Hwa Yol. 1973. A critique of the behavioral persuasion in politics: a phenomenological view. (In Natanson, M.A., red. Phenomenology and the social sciences, v.2: 133-173. Evanston, Northwestern University Press.)
- JUNG, Hwa Yol. 1971. The political relevance of existential phenomenology. *Review of politics*, 33, Okt 1971:538-563.
- JUNG, Hwa Yol. 1969. Confucianism and existentialism: intersubjectivity as the way of man. *Philosophy and phenomenological research*, 30, Des 1969:186-202.
- JUNG, Hwa Yol. 1967. Leo Strauss's conception of political philosophy: a critique. *Review of politics*, 29, Okt 1967:492-517.
- KALLEBERG, A.L. 1960. An analysis of the nature and validity of the idea of a science of politics in recent political theory. Proefschrift - University of Minnesota, 1960.

- KAPLAN, A. 1964. The conduct of inquiry; methodology for behavioral science. San Francisco, Chandler.
- KARIEL, H.S. 1972. Saving appearances; the reestablishment of political science. Belmont, Calif., Duxbury Press.
- KARIEL, H.S. 1972A. Possibilities. (In Graham, G.J. en Carey, G.W., *reds.* The post-behavioral era. New York, McKay, 1972:124-143).
- KARIEL, H.S., *red.* 1970. Frontiers of democratic theory. New York, Rondon House.
- KARIEL, H.S. 1970A. Creating political reality. *American political science review*, 64, 1970:1095-1098.
- KARIEL, H.S. 1969. Open systems: arenas for political action. Itasca, Ill., Peacock.
- KARIEL, H.S. 1967. The body politic and the promise of a new diagnostics. *Social research*, 34, Somer 1967:303-321.
- KARIEL, H.S. 1961. The decline of American pluralism. Stanford, Stanford University Press.
- KARIEL, H.S. 1956. Political science in the United States: reflections on one of its trends. *Political studies*, 4, Jun 1956:113-127.

- KETTLER, D. 1970. Beyond republicanism: the socialist critique of political idealism. (In Surkin, en Wolfe, reds. An end to political science. New York, Basic Books, 1970:34-81.)
- KIM, K.W. 1965. The limits of behavioral explanation in politics. *Canadian journal of economics and political science*, 31(3) 1965:315-327.
- KIRKPATRICK, E.M. 1962. The impact of the behavioral approach on traditional political science. (In Raney, A., red. Essays on the behavioral study of politics. Urbana, University of Illinois Press, 1962.)
- KISIEL, T. en JOHNSON, G. 1974. New philosophies of science in the U.S.A.; a selective survey. *Zeitschrift für allgemeine Wissenschaftstheorie*, 1, 1974:138-191.
- KOLAKOWSKI, L. 1968. The alienation of reason. New York, Doubleday.
- KONINGSVELD, H. 1977. Wetenschappelijkheid als ideologie. *Wijsgerig perspectief op maatschappij en wetenschap*, 16(4) 1976/'77:197-217.
- KORNHAUSER, W. 1959. The politics of mass society. New York, Free Press.
- KOUWENHOVEN, A. 1975. Wijsbegeerte en politiek. *Beweging* 75, 39(2) Apr 1975:22-25.

- KRESS, P. 1966. Self, system, and significance: reflections on professor Easton's political science. *Ethics*, 77, Okt 1966:1-13.
- KUHN, T. 1970. The structure of scientific revolutions. 2nd ed. enl. Chicago, University of Chicago Press.
- KUHN, T. 1964. The structure of scientific revolutions; 2nd printing. Chicago, University of Chicago Press.
- LANDAU, M. 1972. Comment: on objectivity. (Kommentaar op: Miller, Eugene. Positivism, historicism, and political inquiry. *American political science review*, 66(3) 1972: 796-817). *American political science review*, 66, 1972: 846-856.
- LAPALOMBARA, J. 1966. Decline of ideology; a dissent and an interpretation. *American political science review*, 60(1) 1966:5-16.
- LASSWELL, H. 1950. Politics: who gets what, when, how. 2nd ed. New York, Smith.
- LASSWELL, H. en KAPLAN, A. 1950. Power and society; a framework for political inquiry. New Haven, Yale University Press.
- LATHAM, E. 1952. The group basis of politics; notes for a theory. *American political science review*, 46, Jun 1952:376-397.

- LEVINSON, S. 1970. On "teaching" political "science". (In Green, P. en Levinson, S., *reds*. Power and community; dissenting essays in political science. New York, Pantheon Books, 1970:59-84.)
- LIPSITZ, L. 1971. The Wolfe who cried Caucus; reform and the political science profession. *Politics and society*, 1, Aug 1971:539-541.
- LIPSITZ, L. 1970. Vulture, mantis & seal; proposals for political scientists. *Polity*, 3(1) 1970;3-21.
- LIPSITZ, L. 1968. If, as Verba says, the state functions as a religion, what are we then to do to save our souls? *American political science review*, 62, 1968:527-535.
- LOTHSTEIN, A., *red*. 1971. "All we are saying ..."; the philosophy of the New Left. New York, Capricorn Books.
- LOWI, T.J. 1973. The politicization of political science. *American politics quarterly*, 1(1) 1973:43-71.
- LOWI, T.J. 1971. The politics of disorder. New York, Basic Books.
- LOWI, T.J. 1969. The end of liberalism: ideology, policy and the crisis of public authority. New York, Norton.

- LOWI, T. 1967. The public philosophy; interest group liberalism. *American political science review*, 61, Mrt 1967:5-24.
- MCCLOSKEY, H. 1964. Consensus and ideology in American politics. *American political science review*, 58, Jun 1964: 361-382.
- MCCOY, C. en PLAYFORD, J., eds. 1967. Apolitical politics; a critique of behaviorism. New York, Crowell.
- MACKENZIE, B.D. 1972. Behaviorism and positivism. *Journal of the history of the behavioral sciences*, 8, 1972:221-231.
- MARCUSE, H. 1969. The responsibility of science. (In Krieger, L., red. The responsibility of power. Garden City, N.Y., Doubleday, 1969.)
- MARCUSE, H. 1964. One dimensional man; studies in the ideology of advanced industrial society. Boston, Beacon Press.
- MARCUSE, H. 1955. Eros and civilization; a philosophical inquiry into Freud. Boston, Beacon Press.
- MARINI, F. 1969. John Locke and the revision of classical democratic theory. *Western political quarterly*, 22, Mrt 1969:5-18.

- MARSHALL, P. 1978. A consideration of the utility and limits of mathematical technique in political analysis. Paper presented at the International Conference on "The relevance of Christian studies", Toronto, August 1978.
- MASLOW, A.H. 1943. A theory of human motivation. *Psychological review*, 50:370-396.
- MASTERMANN, Margaret. 1970. The nature of a paradigm. (In Lakatos, I. en Musgrave, A., *reds.* Criticism and the growth of knowledge. Cambridge, Cambridge University Press, 1970.)
- MAYO, H. 1960. An introduction to democratic theory. New York, Oxford University Press.
- MEEHAN, E.J. 1971. The foundations of political analysis; empirical and normative. Homewood, Dorsey Press.
- MEEHAN, E.J. 1965. The theory and method of political analysis. Homewood, Dorsey Press.
- MELANSON, D.H. 1973. The dominant normative paradigm and political science. *Political science (Wellington)*, 25(1) 1973:49-57.
- MILL, J.S. 1861. Considerations on representative government. Edited with and introduction by C.V. Shields. New York, Liberal Arts Press, 1958.

- MILLER, E.F. 1972. Positivism, historicism, and political inquiry. *American political science review*, 66(3) 1972:796-817.
- MOLNAR, T. 1971. The American dilemma; a consideration of United States leadership in world affairs. Potchefstroom, Potchefstroom University for C.H.E., Centre for International Politics.
- MOLNAR, T. s.j. Authority and its enemies. Cape Town, Valiant Publishers.
- MORGENTHAU, H.J. 1972. Science: servant or master? New York, New American Library.
- ✓ MORGENTHAU, H.J. 1962. The decline of democratic politics. Chicago, University of Chicago Press. } *bde*
- MORRIS-JONES, W.H. 1954. In defence of apathy. *Political studies*, 2, 1954:25-37.
- NAGEL, E. 1961. The structure of science. New York, Harcourt, Brace & World.
- NEURATH, O. 1973. Empiricism and sociology. Edited by Marie Neurath and R.S. Cohen. Dordrecht, Reidel Publishing Co.
- NICHOLLS, D. 1974. Three varieties of pluralism. London, Macmillan.

- NISBET, R. 1976. *Twilight of authority*. London, Heinemann.
- OLSON, R., *red*. 1971. *Science as metaphor; the historical role of scientific theories in forming Western culture*. Belmont, Calif., Woodsworth Publishing Co.
- OLTHUIS, J.H. 1968. *Facts, values and ethics; a confrontation with twentieth century British moral philosophy in particular G.E. Moore*. Assen, Van Gorcum.
- ONO, S. 1967. *The limits of bourgeois pluralism*. (In McCoy, C. en Playford, J., *reds*. *Apolitical politics*. New York, Crowell, 1967:99-123.)
- PARENTI, M. 1970. *Power and pluralism*. (In Surkin, M. en Wolfe, A., *reds*. *An end to political science*. New York, Basic Books.
- PENNOCK, J.R. 1950. *Liberal democracy; its merits and prospects*. New York, Rinehart.
- PERRY, J.M. 1968. *The new politics; the expanding technology of political domination*. London, Weidenfeld and Nicolson.
- PETRAS, J. 1967. *Ideology and United States political scientists*. (In McCoy, C. en Playford, J., *reds*. *Apolitical politics*. New York, Crowell, 1967: 76-98.)

- PLAMENATZ, J. 1958. Electoral studies and democratic theory. *Political studies*, 6, Mrt 1958:1.9.
- POLANYI, M. 1966. The tacit dimension. New York. Anchor Books.
- POLANYI, M. 1958. Personal knowledge. Chicago, University of Chicago Press.
- POLSBY, N.W. 1963. Community power and political theory. New Haven, Yale University Press.
- POLSBY, N.W. 1962. Community power; some reflections on the recent literature. *American sociological review*, 28, Des 1962:838-841.
- POLSBY, N.W. e.a. 1963. Politics and social life; an introduction to political behavior. Edited by N.W. Polsby, R.A. Dentler and P.A. Smith. Boston, Houghton Mifflin.
- PRANGER, R.J. 1968. The eclipse of citizenship. New York, Holt Rinehart & Winston.
- PROTHRO, J.W. 1956. The nonsense flight over scientific method; a plea for peace. *Journal of politics*, 18, 1956:565-570.
- PROTHRO, J.W. en GRIGG, C.M. 1960. Fundamental principles of democracy: bases of agreement and disagreement. *Journal of politics*, 22, Mei 1960:276-294.

- RADNITZKY, G. 1970. Contemporary schools of metascience; 2nd rev. ed. Göteborg, Akademiförlaget.
- RANNEY, A. 1962. The doctrine of more responsible party government. Urbana, University of Illinois Press.
- RAPOPORT, A. 1974. Games theory as a theory of conflict resolution. Boston, Reidel.
- RASKIN, M. 1970. The violence colony. (In Surkin, M. en Wolfe, A., *reds.* An end to political science; the Caucus papers. New York, Basic Books, 1970.)
- REID, H. 1973. American social science in the politics of time and the crisis of technocorporate society: toward critical phenomenology. *Politics and society*, 3, Winter 1973:201-243.
- REID, H. 1972. Contemporary American political science and the crisis of industrial society. *American journal of political science*, 16, Aug 1972:339-366.
- REID, H. en YANARELLA, E. 1974. Toward a post-modern theory of American political science and culture; perspectives from critical Marxism and phenomenology. *Cultural hermeneutics*, 2(2) 1974:91-166.
- RICCI, D.M. 1970. Democracy attenuated: Schumpeter, the process theory, and American democratic thought. *Journal of politics*, 32, Mei 1970:239-267.

- RICOEUR, P. 1967. Husserl: an analysis of his phenomenology. Translated by E.G. Ballard and L.E. Embree. Evanston, Ill., Northwestern University Press.
- RICOEUR, P. 1965. Fallible man. Translated by Charles Kelbley, Chicago, Regnery.
- RIKER, W.H. en ORDESHOOK, P.C. 1973. An introduction to positive political theory. Englewood Cliffs, Prentice Hall.
- ROSE, A. 1967. The power structure. New York, Oxford University Press.
- ROTHMAN, S. 1960. Systematic political theory; observations on the group approach. *American political science review*, 54(1) 1960:15-33.
- RUDNER, R.S. 1972. Comment: on evolving standard views in philosophy of science. *American political science review*, 66, 1972:827-845.
- RUSH, R.H. 1972. The wrecking operation; phase one. Canterbury, Anglo-American Publications.
- SARGENT, L.T. en ZANT, T. 1970. Techniques of political analysis; an introduction. Belmont, Calif., Wadsworth.
- SARTORI, G. 1962. Democratic theory. Detroit, Wayne State University Press.

- SARTRE, J.-P. 1956. Being and nothingness. Translated by H. E. Barnes. New York, Philosophical Library.
- SCHAAR, J.H. 1970. Legitimacy of the modern state. (*In* Green, P. en Levinson, S., *reds.* Power and community. New York, Pantheon Books, 1970.)
- SCHAAR, J.H. 1968. The American biases of American political science. Washington, D.C., American Political Science Association.
- SCHAAR, J.H. en WOLIN, S. 1963. Essays on the scientific study of politics: a critique. *American political science review*, 57, 1963:125-160.
- SCHEFFLER, I. 1967. Science and subjectivity. Indianapolis, Bobbs-Merrill Co.
- SCHMITT, R. 1972. Phenomenology. (*In* The encyclopedia of philosophy; repr. ed., v.6:135-151. New York, Macmillan.)
- SCHUMPETER, J. 1950. Capitalism, socialism and democracy; 3rd ed. New York, Harper.
- SCHUTZ, A. 1962. On multiple realities. (*In* *Sy* Collected papers, I: The problem of social reality. Edited by M. Nathanson. The Hague, 1962.)

- SCRIVEN, M. 1969. Logical positivism and the behavioral sciences. (In Achinstein, P. en Barker, S.F., *reds.* The legacy of logical positivism; studies in the philosophy of science. Baltimore, Hopkins Press, 1969:195-209.)
- SCHROYER, T. 1973. The need for critical theory. *The insurgent socialist*, 3, Winter 1973:29-40.
- SHIVELY, W.P. 1974. The craft of political research; a primer. Englewood Cliffs, N.J., Prentice Hall.
- SIBLEY, M.Q. 1962. The limitations of behavioralism. (In Charlesworth, J.C., *red.* The limits of behavioralism in political science. Philadelphia, American Academy of Political and Social Science, 1962.)
- SIMON, H. 1966. Political research: the decision-making framework. (In Easton, D., *red.* Varieties of political theory. Englewood Cliffs, N.J., Prentice-Hall, 1966.)
- SKOLNICK, J.H. 1969. The politics of protest; a report. New York, Simon and Schuster.
- SOMJEE, A.H. 1971. Pluralist-behavioralist paradigm in political science. *Political studies*, 19(4) Des 1971:462-464.
- SPRAGENS, T. 1973. The dilemma of contemporary political theory; toward a post-behavioral science of politics. New York, Dunellen.

- STEINTRAGER, J. 1971. Prediction & control versus the Narcissus trance of political science. *Polity*, 3(3) 1971:299-333.
- STOKER, H.G. 1967 Oorsprong en rigting, bd.1. Kaapstad, Tafelberg.
- STORING, H.J., *red.* 1962. Essays on the scientific study of politics. New York, Holt, Rinehart & Winston.
- STRAUBER, I.L. 1971. Paradigms: behavioralism, phenomenology and the philosophy of science. Saratoga Springs, N.Y., North Eastern Political Science Association.
- STRAUSS, L. 1959. What is political philosophy? Glenco, Ill., Free Press.
- STRONG, T.B. 1970. "Hold on to your brains"; an essay in meta-theory. (*In* Green, P. en Levinson, S., *reds.* Power and community. New York, Pantheon Books, 1970: 328-356.)
- SUPPE, F., *red.* 1974. The structure of scientific theories. Urbana, University of Illinois Press.
- SURKIN, M. 1970. Sense and non-sense in politics. (*In* Surkin, M. & Wolfe, A., *reds.* An end to political science. New York, Basic Books, 1970:13-33.)

- SURKIN, M. en WOLFE, A., *reds.* 1970. An end to political science; the Caucus papers. New York, Basic Books.
- SURKIN, M. en WOLFE, A., *reds.* 1969. The political dimension of American political science. *Acta politica*, 5(1) 1969:43-61.
- THOMPSON, K. 1969. Constitutional theory and political action. *Journal of politics*, 31, Aug 1969:655-681.
- TOBUREN, R.K. 1974. Toward a development social science: implications of the rejection of conservative bias. Proefskrif - University of Kansas.
- TOULMIN, S. 1971. Rediscovering history. *Encounter*, 36(1) Jan 1971:53-64.
- TOULMIN, S. 1961. Foresight and understanding. Bloomington, Indiana University Press.
- TOULMIN, S. 1958. The uses of argument. Cambridge, Cambridge University Press.
- TRUMAN, D. 1965. Disillusion and regeneration: the guest for a discipline. *American political science review*, 59(4) Des 1965:865-873.
- TRUMAN, D. 1955. The impact on political science of the revolution in the behavioral sciences. Washington, D.C., Brookings Institution.

- TRUMAN, D. 1951. The governmental process. New York, Knopf.
- TUFTE, E.R. 1974. Data analysis for politics and policy. Englewood Cliffs, N.J., Prentice-Hall.
- UNDERHILL, D. 1970. Death at a later stage: political science versus the Columbia rebellion. (In Surkin, M. en Wolfe, A., *reds*. An end to political science; the Caucus papers. New York, Basic Books, 1970:245-287.)
- VAN DE HULST, H.C. en VAN PEURSEN, C.A. 1953. Phaenomenologie en natuurwetenschap; bezinning op het wereldbeeld. Utrecht, Bijleveld.
- VAN DYKE, V. 1960. Political science; a philosophical analysis. Stanford, Stanford University Press.
- VAN RIESSEN, H. 1970. Wijsbegeerte. Kampen, Kok.
- VAN RIESSEN, H. 1963. The university and its basis. St. Catherines, Ont., Association for Reformed Scientific Studies.
- VAN RIESSEN, H. 1949. Filosofie en techniek. Kampen, Kok.
- VAN DER HOEVEN, J. 1965. The rise and development of the phenomenological movement. Hamilton, Ont., Association for Reformed Scientific Studies.

- VOEGELIN, E. 1952. The new science of politics. Chicago, University of Chicago Press.
- WALKER, J.L. 1967. A critique of the elitist theory of democracy. (In McCoy, C. en Playford, J., *reds.* Apolitical politics. New York, Crowell, 1967:199-219.)
- WILSON, C. 1971. The contemporary radical challenge to American political science. Proefskrif - University of Illinois at Urbana - Champaign.
- WOLFE, A. 1970. Unthinking about the thinkable; reflections on the failure of the Caucus for a New Political Science. *Politics and society*, Mei 1970:393-406.
- WOLFF, R.P. 1965. Beyond tolerance. (In Wolff, R.P., Moore, B., en Marcuse, H. A critique of pure tolerance. Boston, Beacon Press, 1965.)
- WOLFINGER, R.E. 1960. Reputation and reality in the study of community power. *American sociological review*, 25, Okt 1960:636-644.
- WOLIN, S.S. 1969. Political theory as a vocation. *American political science review*, 63(4) 1969:1062-1082.
- WOLIN, S.S. 1968. Paradigms and political theories. (In King, P. en Parekh, B.C., *reds.* Politics and experience. Cambridge, University Press, 1968:125-152.)

WOLIN, S.S. 1960. Politics and vision. New York, Little, Brown & Co.

WOLIN, S. en SCHAAAR, J. 1970. The Berkeley rebellion and beyond. New York, New York Review Book.

WOLTESTORFF, N. 1978. Theory and praxis or theory and commitment: II. Ongepubliseerde lesing gelewer voor die 2e Internasionale Konferensie van Gereformeerde Instellings vir Christelike Hoër Onderwys, Grand Rapids.

ZUIDEMA, S.U. 1970. De revolutionaire maatschappijkritiek van Herbert Marcuse. Amsterdam, Buijten & Schipperhijn.

S U M M A R Y

In September 1967, during the annual meeting of the *American Political Science Association*, a group of American political scientists organized themselves into a group called the *Caucus for a New Political Science*. The main aim of this *Caucus* was to expose the political bias of American Political Science which had prided itself on being neutral and scientifically objective. A protest was registered against the political subservience of American Political Science to the interests of the existing order. Instead of assuming a politically neutral stance, *Caucus* argued, American Political Science was acting as an apologist for the existing political order in the United States.

The *Caucus for a New Political Science* was organized to function as an organized insurgency. By infiltrating the organization and functioning process of the *American Political Science Association* (APSA), the members of the *Caucus* wanted to expose the political bias of the APSA and to redefine American Political Science on the basis of other, mostly leftist political ideals. The *Caucus* could not succeed in realizing this aim, as it was accommodated by the APSA in a manner which did not allow much rebellion. In the course of 1972, *Caucus* petered out. In spite of its failure, however, it heralded a movement of revolt in American Political Science which soon became known as the post-behavioral revolution, because it questioned basic tenets of American Political Science over a wide front. American Political Science defines itself in terms of behavioralism - this new movement came with suggestions for alternatives, for a "new" Political Science.

In contrast to the so-called anti-behavioral school, which constituted an earlier form of revolt, the post-behavioral group had a clearer concept of behavioral Political Science. They realized that behavioral Political Science could not be understood merely in methodological terms, but that the behavioral paradigm has two components which should be perceived and understood in their essential coherence. Behavioralism is founded on a particular methodology and philosophy of science, but also operates from a particular political philosophy, viz. pluralism. A specific world view constitutes the foundation of both, a view which can be described as individualistic, mechanistic and scientistic. The post-behavioral group has shown a good understanding of this somewhat complex nature of the behavioral paradigm. Their criticism resides in the fact that the validity of the two components or facets of the behavioral paradigm has been studied and gravely questioned as a theoretical point of departure for the study of Political Science. This criticism stems from a number of philosophical traditions. Special attention has been paid to those post-behavioral viewpoints oriented towards the existential phenomenology, Marxism and the so-called Historical School in the philosophy of science.

The criticism of the methodological facet of behavioralism has indicated above all that behavioralist stress of empirical methods has reduced politics to a matter of sensory perception, and that the deductive scientific model used by behaviorists implies an unacceptable logicalization of science, as well as the fact that the idea of moral neutrality in the sense of the exclusion or suppression of the scientist's personal biases and political preferences from the scientific process

is a myth. This latter point implies that behavioral Political Science *cannot* be politically neutral, and in fact is not neutral. With the hard fact of this non-neutrality of behavioral Political Science, the post-behavioral group, however, has no quarrel. They have merely intended to demonstrate that behaviorists, contrary to what they would like to pretend, are not politically neutral. The important point, however, is that post-behavioralists reject the *merits* of the political philosophy implied in behaviorism. They regard as undemocratic or even anti-democratic, the pluralism currently accepted as the public philosophy of the United States - this philosophy is therefore not regarded as a suitable theoretical basis for Political Science. This point constitutes the criticism directed against the second facet of the behavioral paradigm.

Post-behavioralists have further contributed the important insight that the two components of the behavioral paradigm are grounded together in the world view known as scientism, or the so-called scientific world view. This means that behavioralist Political Science is an instrument of control utilized by scientific ideology which is endeavouring to attain mastery of Western civilization by means of a technocratic manipulation of society.

This criticism has led post-behavioral thought to the conclusion that behavioral Political Science fails to be a valid science of politics. This implies also that Political Science accords a distorted vision of reality insofar as it is practised within the behavioral paradigm, and that it has become the lackey of the existing order instead of fulfilling its

essential function of criticism of society. They attempt to rectify this situation by means of suggestions aimed at radical shifts in the points of departure - political, philosophical and methodological - of this particular discipline, as well as in the role played by Political Science within society. The alternatives once again can be linked to the philosophical diversity to be discerned within the ranks of the post-behavioralists.

The methodological alternatives demand, generally speaking, that politics should be perceived in a more comprehensive manner than merely sensory perceptible political behaviour, and that the science of politics should be based on an acknowledgement of the human, historical and contextual nature of the science. The political alternatives range from the one extreme (Marxist socialism) to the other (the old republican tradition of American politics). Whatever the exact nature of the alternatives, however, *all* post-behavioralists demand that the role of Political science in society should be drastically altered. On the basis of a fusion of thought and action, most post-behavioralists demand that Political Science should fulfil an active political function by pointing out a way in which existing society can transcend itself. In principle this would imply that Political Science, as is the case with behavioral science, should put itself at the service and disposal of one specific political philosophy; the only difference being that this should be a philosophy different to the one adhered to by the behavioral vision.

The so-called post-behavioral revolution in American Political Science has to be seen in the context of the wider protest which has been developing in the past decades against the positivistic vision of science. This constitutes, as seen in the context of important trends in the philosophy of science, and the emergency of leftist political attitudes in the United states, an intra-disciplinary effort to redefine American Political Science. It is an effort to solve a crisis situation created within the discipline by the influence of positivism. The question remains, however, as to the extent to which the post-behavioral revolution contributes to the solution of this crisis.

The answer to this resides in the dual fact that it contributes significantly to the exposure of the inherent inadequacies of behavioral views, but that it still does not succeed in offering a valid alternative. In the light of new insights gleaned during the past decades, post-behavioral criticism of behavioral Political Science is relevant and successful. It is of especial significance that various post-behavioralists have succeeded in linking the problems of behavioral views to the scientific world view, which would seem to constitute the ontological foundation of behavioral science. In that sense they offer a direct challenge which cannot be evaded to the point of departure assumed in the past few decades by American Political Science. Unfortunately, however, post-behavioral alternatives themselves are seriously defective. Although some post-behavioralists have achieved valuable insights in political reality, there is still the very real danger that this movement, on the whole, is aiming Political Science in new simplistic directions inherently be-

longing to its particular approach to science and reality. In the same way as the behaviorists, they also do not perceive truly the real nature of reality and particularly of political reality.

In spite of its deficiencies, however, it is clear that the post-behavioral revolution constitutes an important phase in the development of American Political Science. This has been the first indication of a real change in direction in Political Science since the so-called behavioral revolution at mid-century. Should one accept anti-positivistic developments in the fields of philosophy and the philosophy of science as symptomatic of contemporary scientific development, it would seem to be inevitable that the post-behavioral revolution should have more than passing significance for Political Science.
